

KATEGISMUSPREKE

Twée-en-vyftig preke oor die

Heidelbergse Kategismus.



Uitgegee deur die Calvin-Jubileumboekefonds, Posbus 2004,
Pk. Noordbrug, Potchefstroom, 1957.

KATEGISMUSPREKE

**Twee-en-vyftig preke oor die
Heidelbergse Kategismus**

Uitgee deur die Calvyn-Jubileumboekefonds,
Posbus 2004, Noordbrug 2522, Potchefstroom

Inhoud

VOORWOORD	4
SONDAG 1	5
SONDAG 2	9
SONDAG 3	13
SONDAG 4	18
SONDAG 5	22
SONDAG 6	27
SONDAG 7	32
SONDAG 8	37
SONDAG 9	43
SONDAG 10	48
SONDAG 11	54
SONDAG 12	59
SONDAG 13	64
SONDAG 14	69
SONDAG 15	75
SONDAG 16	80
SONDAG 17	86
SONDAG 18	92
SONDAG 19	98
SONDAG 20	104
SONDAG 21	108
SONDAG 22	112
SONDAG 23	116
SONDAG 24	120
SONDAG 25	125
SONDAG 26	128
SONDAG 27	131
SONDAG 28	135
SONDAG 29	139
SONDAG 30	142
SONDAG 31	146
SONDAG 32	150
SONDAG 33	154
SONDAG 34	158
SONDAG 35	162
SONDAG 36	166
SONDAG 37	170
SONDAG 38	174
SONDAG 39	180
SONDAG 40	185
SONDAG 41	190
SONDAG 42	195
SONDAG 43	199
SONDAG 44	203
SONDAG 45	207
SONDAG 46	212
SONDAG 47	217

SONDAG 48.....	221
SONDAG 49.....	225
SONDAG 50.....	228
SONDAG 51.....	231
SONDAG 52.....	235

VOORWOORD

Dit is vir die C.J.B.F. Deputaatskap aangenaam om in opdrag van die Sinode hierdie Kategismuspreekbundel aan die lesers aan te bied.

Daar was baie vertraging in die verskyning as gevolg van allerlei oponthoud i.v.m. die kopie.

Ons wil 'n woord van besondere dank rig aan alle skrywers wat tussen al hulle ander gewone werksaamhede tyd gemaak het om die gevraagde preke in gereedheid te bring en te lewer.

Aan ds. I. D. Kruger ons dank vir die bereidwilligheid om al die preke te lees asook aan dr. J. L. Steyn wat dit taalkundig nagesien het. Wat die laaste betref, het ons afgewyk van die metode wat meermale by 'n versamelwerk gevolg word om alles in dieselfde styl en vorm te giet. Sover enigsins moontlik is die taal en styl van elke skrywer gehandhaaf en ons hoop dat ons hierdeur die meeste reg aan die skrywer laat geskied het.

Ons bede is dat hierdie bundel preke tot geestelike opbou van die lesers mag meewerk en elkeen op die pad na die ewigheid tot geloofsversterking en heiligmaking mag dien, bo alles mag strek tot eer en verheerliking van die Drie-enige God aan wie toekom alle lof, eer en aanbidding in alle ewigheid.

September 1957.

T. T. Spoelstra
(Voorsitter).

SONDAG 1

Ds. J Postma

Lees: Romeine 8:26-39.

Sing: Pss. 36:2; 144:1; 119:11; 73:10, 11.

Geliefde gemeente, wanneer daar oor die kategismus gepreek word, dan hoor ons dat sekere mense sê dat dit nie reg is nie. Baie vroom word dan gesê dat hulle kerk toe gaan om die Woord van God te hoor en nie om te luister na die verklaring van 'n boek wat deur mense opgestel is nie. Hulle verklaar dan dat hulle heeltemal genoeg het aan die Bybel en daarom eintlik suiwerder staan as ons. Dit wil dan ook voorkom asof hulle gelyk het, maar by nadere ondersoek blyk dit egter dat hulle op die dwaalspoor is. Want die kategismus is nie 'n boek naas die Bybel nie; intendeel, alles wat in die kategismus staan kom uit die Bybel. Die kategismus is een van die belydenisskrifte van die kerk. Die Woord van God is so oneindig ryk en diep dat elke gelowige afsonderlik nooit die rykdom van die Skrif kan deurgrond en peil sonder die hulp van medegelowiges nie. Daarom is die kategismus 'n hulpmiddel om die Woord van God reg te verstaan, want daarin is, soos in alle belydenisskrifte, saamgevat die vrug van die worsteling van die kerk deur die eeue heen met die Skrif om die ou goud daaruit op te diep. Daarom kan ons die kategismus vergelyk met 'n landkaart. As ons ons eie land wil bestudeer, dan maak ons dankbaar gebruik van landkaarte wat deur navorsers opgestel is nadat hulle die hele land opgemeet het. Dit sou tog onmoontlik wees vir elkeen om van nuuts af weer die land te gaan opmeet. Die landkaart gee egter aan ons koers. So is die kategismus ook as 't ware 'n landkaart van die Woord van God. En nou weet ons dat niemand ooit so dwaas sal wees om die landkaart aan te sien vir die land self nie. Immers die landkaart lei altyd weer terug na die land. So lei die kategismus ons ook weer altyd terug na die Woord van God en leer ons ook hoe ons die Woord van God moet verstaan.

Die kategismus is egter nie net 'n leerboek nie, dit is ook 'n troosboek. Daarom, wanneer die kategismus begin, dan gaan staan dit ook midde in die lewe van ellende, moeite en stryd. Daarom begin dit met die vraag wat die mensdom maar elke dag besighou, nl. die vraag na troos. Want wie kan ontken dat daar veel in die lewe is wat beangs, wat verontrus en wat smart veroorsaak? Hoeveel waaroms en probleme is daar nie? Daar is eerstens die groot probleem van die lewe self. Die mens word gebore, groei op, ondergaan lyde en smart, en eindelijk gaan die graf oop en daarin verdwyn die mens. Dit is alles so 'n ystere kringloop. En by die oordenking van hierdie droewe verskynsels, kom daar troosteloosheid in die hart, 'n gevoel van vergeefsheid? Waar vind ek 'n ruspunt, waarop kan ek bou in die lewe? Dit is daardie vraag waarmee die mens besig is, wat die kategismus as 't ware uit die hart uithaal, en teenoor daardie groot troosteloosheid wil hy die ware troos stel, dit wat weer 'n gevoel van sekerheid gee, wat weer sin gee aan die lewe wat anders so ydel en vergeefs lyk. Dit is die antwoord van die eenvoudige, kinderlik-gelowige wat egter ook spreek van ryke geloofservaring: My troos in die lewe is dat ek die eiendom is van Jesus Christus; ek behoort aan my getroue Saligmaker. In hierdie antwoord word dus saamgevat wat ons aan ons godsdiens het. Alle belangrike leerstukke van die Woord van God is in die antwoord opgeneem, maar almal word hier vanuit die gesigspunt gesien dat hulle saamwerk om aan ons troos, sekerheid en rus te skenk.

Die middelpunt van die hele antwoord is: Ek is die eiendom van Jesus Christus. Alles wat verder nog in die skone antwoord gesê word, is dan ook niks anders nie as net uitvloeisel van hierdie grondwaarheid. Teenoor alles in die lewe stel die kind van die God dit: Ek is die eiendom van Jesus Christus. Hierdie troos word nou aan ons geteken in die volgende:

- (a) die verlossing waardeur ons die eiendom van Jesus word;
- (b) die bewaring waardeur ons die eiendom van Jesus bly;

(c) die verandering waardeur ons die eiendom van Jesus wil wees;

(d) die lewe uit die enige troos.

(a) In die menslike lewe is daar veel wat ons smart. Alles kan saamgevat word in die woord "sonde". Wat is sonde dan? In die eerste plek raak dit ons verhouding teenoor God en dan is sonde skuld. As gevolg van die verkeerde verhouding teenoor God word ons siel ook ontwig, en daar neem die sonde dus die vorm van smet aan. Die sonde werk egter ook deur in ons liggaam en daarom is die uiterlike openbaring van sonde die ellende. Daarom bring sonde dood vir liggaam en siel, tydelik en ewig, ja dit bring die dood vir alles in die wêreld. En wat troos ons wat so in die bande van sonde gevang is nou? Met spanning wag ons op die antwoord. Luister dan: Ek is die eiendom van Jesus Christus. Die vraag wat dadelik opkom is: kan dit werklik troos? Lyk dit nie net maar na 'n verandering van heer nie? Kan dit nou werklik troos as ons soos slawe gebind is aan Jesus Christus? Hiervan wil die wêreldling dan ook niks weet nie, want hy wil niemand se slaaf wees nie, maar hy wil sy eie baas wees, want hy dink dat vryheid dieselfde is as om vry te wees van alle bande. 'n Mens moet volkome oor jouself kan beskik. En as die wêreldling nou hoor dat Christen-wees beteken kneg-wees van Jesus Christus, dan ag hy dit geensins voortreflik nie, want dan beteken die diens van Christus die verlies van sy vryheid. Die mens in sy dwaasheid redeneer: ek wil my eie heer en meester wees!

Die gelowige bely egter: ek is verlos van die bande van die sonde om die eiendom van Christus te wees. En nou is dit nie dieselfde diens as waarin ek verkeer het nie. Die diens waarin ek nou gestel word, is presies die teenoorgestelde van die waarin ek was. As burgers van 'n land uittrek in die oorlog en hulle word dan krygsgevangenes gemaak, dan is dit vir hulle bitter swaar in die vreemde. As hulle eie generaal nou kom en hy bevry hulle uit die gevangenskap, is dit dan nie verlossing nie? Sou die burger dan sê: ek was in die gevangenskap van die vyand, nou is ek weer in diens by my eie generaal en dit is alles maar dieselfde? Seer seker nie. Net so min sal die Christen sy verlossing uit die bose soos die wêreldling sien. Die mens tog is geskape as dienskneg van God, geroepe om die aarde te bewerk en ook te bewaak teenoor die vyand van God en mens, nl. die Satan. Satan was die mens egter te magtig en het hom krygsgevangene gemaak. Die mens het 'n slaaf van die Satan en van homself geword. En wat het Christus nou anders gedoen as om ons uit die vyandige hande te verlos en ons terug te bring in ons oorspronklike diens; dit wil sê dat ons weer ingelyf word in die strydende magte van God, weer in ons eie vaderland teruggebring word.

Maar iemand mag vra: sou dit nie veel heerliker gewees het nie as verlore mense vry was van alle bande en elke diens? Laat ons as antwoord weer die beeld van die soldate gebruik. Wat is heerliker vir die burgers wat in die krygsgevangenskap was as om weer terug te wees in hulle eie land en weer in hulle eie leër te dien? Sou hulle sê: ons wil vry wees en wil niks met ons vaderland te doen hê nie? Ewe ondenkbaar is dit dat die Christen ook sal sê dat hy vry wil wees van Christus. Ja, dit is nog meer ondenkbaar. 'n Mens kan jou tog iemand voorstel wat sonder vaderland wil lewe, maar in die geestelike lewe is so iets heeltemal onmoontlik, want die mens is geen god nie wat onafhanklik in homself kan bestaan, maar 'n skepsel, en daarom is hy altyd afhanklik van Iemand bo hom. As hy nie van God afhanklik is nie, dan is hy van die satan. Die mens is nie selfgenoegsaam nie. Hy is òf gehoorsaam aan God òf aan homself en mitsdien aan satan. En nou is daar geen hoër vreugde en eer vir die mens nie as dat hy wat deur sy eie dwaasheid die gemartelde slaaf van homself en satan geword het, weer bevry is van daardie slawediens en gemaak is tot dienskneg van Christus. Daarom is dit ware vrymaking om van onself en van die satan verlos te word. Die diens van satan bring oneer en onheil. Dit vloek met die mens se oorspronklike aanleg. Sy diens is lewensbederf en die loon van sy diens is die dood. Maar nou, u is verlos uit die mag van Satan; u staan weer in die diens van God. En hierdie diens pas aan by ons oorspronklike aanleg en in sy diens ontplooi ons heerlikste kragte en talente. Die loon is die lewe, vir liggaam en siel, vir die aarde en die mensheid. Nou weet ons dat hier op aarde die gevolge van die Satansdiens nog nawerk. Die wonde wat ons opgedoen het, doen nog pyn. In krankheid en honger, in ons eie sterwe en die van ons dierbares werk die

gevolge van die sonde nog na. In hart en lewe ondervind ons nog so dikwels die nawerking van die sonde. Inderdaad is die leed op aarde nog groot ondanks die verlossing van Christus. Maar teenoor al die smarte bied die eiendom-wees van Christus tog so 'n groot troos. Ons behoort nie meer aan die sonde nie en daarom ook nie meer aan die vloek en die dood nie. In wese het die sonde ons vreemd geword en daarom ook die vloek en die dood. Satan se mag is in beginsel oor ons gebreek, en eenmaal sal dit volkome wees, want ons is diensknegte van Jesus, ja sy onvervreembare eiendom!

(b) Maar ons troos is nog ryker. Ons is nie net verlos nie, nee ons ontvang nog veel meer. As die Here ons na ons verlossing weer aan ons self oorgelaat het, wat het dan van ons geword? Waar sou ons weer beland het? Wie is immers listiger as die Satan? Ja, ons weet ook dat hy magtige bondgenote het in die wêreld wat ons omring, en in ons hart het hy die oue mens wat met hom saamwerk. Die Satan doen hom dan selfs ook nog voor as 'n engel van die lig! As ons onself moes bewaar, dan sou ons reeds lankal verlore gewees het.

Maar daar is geen nood nie. Christus het ons nie alleen verlos nie, Hy bewaar ons ook. Deur sy bewarende krag bly ons sy eiendom. Het Hy ons met sy kosbare bloed gekoop om ons maar weer verlore te laat gaan? Wat 'n hoë prys het Hy nie vir ons betaal nie? Elkeen van ons stel groot prys op 'n artikel waarvoor ons veel betaal het. So is die prys wat Hy vir ons betaal het ook die waarborg dat Hy sy reg op ons sal handhaaf. Die sekerheid van die toekoms lê nie daarin dat Christus ons eiendom is nie, maar dat ons sy eiendom is. Ons het Hom nie vasgegryp nie, maar Hy het ons regterhand gevat om dit nooit weer los te laat nie. As 'n kind saam met sy vader oor 'n hoë brug loop, dan sal die kind wanneer hy die dieptes aanskou, vanweë vrees nie meer in staat wees om sy vader se hand vas te hou nie. Maar die vader het sy hand vasgegryp en dit maak dat die kind se hand ook weer kan gryp. So ook ons. In dae van teëspoed en stryd dan voel ons dat ons hand ook los; o maar wat 'n salige vertroosting om dan te voel:

"U het my regterhand gevat, U sal my lei deur u raad en daarna opneem in u heerlijkheid."

Sy bewarende sorg stel ons in veiligheid. Sy sorg oor ons is baie groter as ons sorg vir onself. Wie van ons let ooit daarop of daar 'n haar van ons hoof val? Maar onse hemelse Vader, wat deur onse Here Jesus handel, tel ons hare en sorg vir elkeen. Geen haar kan van ons hoof val sonder sy wil nie!

Daarom weet ons dat wanneer leed en teleurstelling ons tref, alles noukeurig bereken en bepaal is. Die Here gaan nooit onverskillig met ons leed en smart om nie. Dit kom nie oor ons as 'n mag wat buite Christus omgaan nie, maar Jesus self, ons goeie Leidsman, ons Versorger, stuur dit wat nodig is vir ons saligheid. Al die rampe en teëslae is soveel middels waarmee Hy ons vir die saligheid bewaar!

(c) Maar ons Verlosser doen nog meer. Hy het nie net vir ons iets gedoen aan die kruis nie, Hy doen ook iets in ons. Want as ons verlos is uit die mag van die Bose, maar ons hart sou nog nie verander wees nie, dan sou daar seker 'n innerlike verset gewees het teen die feit dat ons nou die eiendom van Christus is. Want waar die sonde heers, daar is Christus nie. Maar nou verander Hy ook deur sy Gees ons hart. Hy maak die verlossing ook van krag in ons hart. Hy het nie alleen die mag van die sonde oor ons gebreek nie, Hy breek ook die mag van die sonde in ons. Hy wil nie alleen reg op ons verkry nie, maar ook mag oor en in ons. Dit is nie genoeg dat ons net sy eiendom genoem word nie, maar deur sy Heilige Gees verander Hy ons ook inwendig sodat ons ook waarlik as sy eiendom leef. Die Gees verlig ons en leer ons die heerlijkheid van die diens van God insien. Hy buig ons wil om en verander ons begeertes en luste. God in Christus word ons hoogste goed, die Voorwerp van ons sterkste verlange. Ons smag om deur Hom as sy eiendom beskou te word, met Hom te lewe, Hom te dien, dit word ons lewensgenot. Daarom val die diens van God vir die Christen nie swaar nie. Om met 'n onwillige hart te dien, is onmoontlik, want God vra allereers die hart. Maar Hy maak ons van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te lewe! Die Gees verander ons innerlike na die beeld van Christus sodat die eenheidsverlange na God ook in ons hart ontwaak!

Ja, ons weet hier is dit nog nie volmaak nie. Telkens moet ons nog maar kla: die goeie wat ek wil, dit doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek. Maar ek weet dit is maar net vir 'n tyd. In beginsel is die sonde nou al in my gebreek, eenmaal sal dit heeltemal uitgeban wees, want ek is die eiendom van my getroue Saligmaker Jesus Christus! Daarom kan ons elke dag ook weer opnuut die stryd teen die sonde aanbind!

(d) Groot is ons rykdom in Jesus Christus. Wie kan dit ooit ten volle peil! Maar nou is die groot saak nie om net die troos te besit en niks meer nie, om net 'n skat te besit en daarby hou dit op. Die groot kuns is ook om uit die rykdom te lewe. U weet dat 'n gierigaard die kuns nooit geleer het nie. Hy besit nie sy geld nie, maar die geld besit hom. By al sy oorfloed, gaan hy tog ten gronde! So kan dit ook gaan al het 'n persoon die ryke skat van troos. Daar is mense wat die troos behandel as 'n skat in die argiewe van die kerk, dit is iets moois wat in die vertoonkas in die sitkamer van die lewe geplaas is, maar wat nooit gebruik word nie. Dit is die mense wat hulle belydenis wel glo, maar hulle geloof nie bely en beleef nie, wat nie daardie ryke skat aanwend in die daaglikse lewe nie. Daarom is dit seer seker nie oorbodig nie dat in die tweede vraag in hierdie Sondagsafdeling gevra word na die salige lewe in hierdie troos. In die genade van God word daar nie gerantsoeneer nie. Ons moet ten volle daaruit lewe. Om egter vol daaruit te kan lewe, is daar wetenskap nodig. Dit is egter geen geleerdheid nie, geen boekgeleerdheid nie, maar 'n geheiligde verstand. Die troos kry eers waarlik sy betekenis in ons lewe as ons weet hoe groot ons sonde en ellende is, ten tweede as ons weet hoe ons daarvan verlos word en ten derde hoe ons God daarvoor dankbaar moet wees! Dit is wysheid wat die Heilige Gees ons leer en hier bly ons leer tot die dag van grysheid. Ja, selfs ook hulle wat verder gevorder is in die geestelike lewe, die bemark maar altyd weer tot hulle grote beskaming hoe weinig hulle nog van die eerste beginsels weet. Hoe diep die sonde is, peil niemand ooit ten volle nie, hoe groot die verlossing is, kan al die heiliges saam nie uitspreek nie en so min as die bruid kan uitspreek hoe lief sy haar bruidegom het, kan die verlose uitspreek hoe dankbaar hy God is vir die verlossing.

Maar tog moet ons iets van die kennis hê. Want hoe sal ons ooit behoefte kry aan verlossing, aan troos, as ons nie ons ellende ken nie; hoe sal ons getroos wees as ons nie weet dat ons verlos is nie; hoe sal ons getroos wees as ons nie weet hoe ons ons dankbaarheid teenoor God moet betoon nie!

Nooit kan die een sonder die ander nie! Die stuk van die ellende sonder die verlossing is soos 'n put sonder opening. Altyd moet ons al drie vashou. Die satan poog natuurlik voortdurend om eensydigheid te veroorsaak. Hy lê of vreeslik klem op die ellende en wil u so tot wanhoop dryf: u het te diep geval; daar is geen hoop vir u nie. Of hy beklemtoon weer die verlossing ten koste van die ellende. Dan laat hy u lig oor die sonde dink. U is tog verlos, waarom kwel u u oor sonde? Moet dit nie te nou neem nie! So wil hy van u 'n ligvaardige mens maak. Of ten koste van die dankbaarheid sê hy: dit maak nie saak hoe jy lewe nie, jy is verlos. En sodoende kom daar niks tereg van die dankbaarheidslewe nie. Of hy beklemtoon weer die dankbaarheidslewe teenoor die ellende en verlossing. Dan word al die klem gelê op die goeie werke. Dit is dan alles en die verlossing uit die ellende is maar 'n bykomende saak. Sodoende dryf hy u weer op die pad van werkheiligheid en gaan die troos ook weer vir u verlore. Daarom as ons gebalanseerd wil lewe, dan is dit altyd weer nodig om aan al drie vas te hou, dan sal ons ook werklik die krag van die troos in ons daaglikse lewe en stryd ervaar!

Amen.

SONDAG 2

Ds. J Postma

Lees: Lukas 18:18-30.

Sing: Pss. 19:4; 19:6; 119:1; 119:20.

Drie stukke is vir ons nodig om te weet as ons getroos wil lewe en sterwe. Hoe dieper hierdie kennis is, des te dieper sal ook ons troos wees. Hierdie kennis is egter nie blote verstandskennis nie, dit is hartekennis wat ons hele persoon raak en waarmee ons lewe gemoeid is. Watter saak sal dit nou eintlik aan my maak as ek weet hoe groot 'n sekere klip is, maar dit word 'n ander saak as die dokter aan my sê dat ek kanker het. Daardie kennis gryp my dan ook aan. So is ook die geloofskennis. Dit raak my hele bestaan.

Hierdie kennis bestaan uit drie stukke, naamlik die kennis van ons ellende, die kennis van ons verlossing en die kennis van ons dankbaarheid teenoor God. Nou moet ons dit egter nie so begryp dat die een stuk in tydvolgorde na die ander kom nie, en dat hulle los van mekaar staan nie. Nee, die kennis van die drie sake is gelyktydig en hulle *is* baie nou aan mekaar verbind. Verdieping in die een bring vanself ook verdieping in die ander mee. En ons ganse lewe deur word ons steeds dieper in die kennis van al drie stukke ingelei.

In hierdie Sondagsafdeling begin die kategismus nou met die leer van ons ellende en dit loop tot en met Sondag 4. Hierdie Sondagsafdeling leer ons die bron van die kennis van ons ellende. Sondag 3 handel oor die oorsprong van ons ellende en Sondag 4 oor die onafwendbaarheid van ons ellende.

Hier word nou die vraag aan die gelowige gestel: waaruit ken jy jou ellende? Vanselfsprekend sal die antwoord van die gelowige hierop anders wees as die van die ongelowige en wêreldling. Dat daar ellende in die wêreld is, kan niemand ontken nie en daaraan is almal onderworpe. Die beslissende vraag is egter: waar is die oorsaak van die ellende? As die oorsaak gevind is, dan kan daar ook middels beraam word om die ellende te bestry en teë te gaan. Solank daar nie die regte kennis is van die oorsaak van die ellende nie en van die ware toestand van die mens nie, bly alle middels tot redding en verbetering dan ook tot mislukking gedoem. Hoeveel verklarings is daar nie al gegee van die ware toestand van die mens nie? 'n Baie algemene opvatting is dat dit eintlik maar net 'n gebrek aan ontwikkeling is. Met die loop van die jare sou die mens dan al verder ontwikkel en sou geleidelik 'n beter mens verskyn. Maar daarvoor is nodig meer en beter kennis. Hoe meer ons weet, des te minder sal die ellende word en des te gelukkiger sal die mens word. Daarom kan opvoeding die ellende van die mensdom wegneem. Deur doelmatiger onderwys en deur 'n suiwerder beskouing van die lewe sal dit vir die mens op die duur moontlik word om die kwaad te oorwin en 'n beter lewe te verwerf! Ander sê weer dat ons beter maatskaplike toestande moet kry. En so word dan wonderlike drome gedroom oor beter sosiale omstandighede en sodoende oor 'n gelukkige lewe. Ander sê weer: die mens se liggaam moet ontwikkel word. 'n Gesonde gees in 'n gesonde liggaam! Daarom moet daar baie meer gedoen word aan liggaamsopvoeding! So kan ons voortgaan om die menslike teorieë op te stapel aangaande die ellende van die mens! En tog, na die toepassing van al die teorieë is die wêreld vandag ellendiger as ooit te vore. Die mens se kennis het vandag geweldige afmetings aangeneem, en tog bloei die wêreld uit duisend wonde en gaan daar 'n gekerm op na die hemel. Twee wêreldoorloë in ons eeu het alle idealisme platgeslaan. Die mens is teleurgestel en het wanhopig geword. Daarom is die gees weer vandag: laat ons eet en drink, want more sterwe ons! Inderdaad, wie nie die lig van die Woord van God aanskou nie, die gaan in 'n ewige nag onder.

Daarom vra die leermeester hier aan ons: waaruit ken jy jou ellende? Dan word die antwoord gegee wat rus op die Woord van God: Uit die wet van God. Dit is 'n eenvoudige en kort antwoord, maar so diep in sy betekenis. Dit is egter die enigste antwoord wat lig versprei in die duisternis en die mens in sy ellende bring tot waaragtige

selfkennis. Die wet van God stel die mens, dit stel elkeen van ons voor die aangesig van God en so alleen kry ons die ware selfkennis. Want ons is die maaksel van sy hande. Dit gaan met die wet net soos 'n sonstraal wat in 'n donker kamer inskyn. Wanneer 'n kind dit sien, dan dink hy dat die sonstraal die stof in die kamer inbring, maar ons weet dat die sonstraal alleen maar die stof belig wat daar in die donker kamer is wat ons in die donker nie kan sien nie. So sien ons in ons self geen sonde nie, maar as die lig van God se wet in ons harte instraal, dan word openbaar hoe vuil ons van die sonde-stof van binne is.

Die wet van God nou is die openbaring van die wil van God. Nou weet ons dat God se wette oor alles in die skepping gaan. Vir alles het God sy wette gegee; dit is die manier waarop elke skepsel moet bestaan en lewe. Hy is tog die Skepper van alles en Hy alleen het vir elke skepsel sy lewens- en bestaansmanier neergelê. So is daar die wette vir die sterre, vir die atoom, vir die diere, elk in sy soort, vir die planteryk, maar ook vir die mens in sy liggaamlike en geestelike lewe. Vir elke saak is daar die ordinansies van God en daaraan word die lewe verbind. Solank daar in ooreenstemming met en volgens die ordinansies van God gelewe word, is daar lewe, geluk en voorspoed, maar as die ordinansie verontagsaam word, dan volg verbreking, ellende, verwoesting en dood. Die wet van God is dus die lewensvoorwaarde. Iets kan nie op 'n ander wyse bestaan nie as alleen volgens die wil of wet van die Skepper. Daarom is die wet nie maar iets wat buite ons staan en waarvan ons net kennis kan neem nie en dan maar weer verder kan voortlewe sonder om ons daarvoor te bekommer. Die wet van die Here is dus nie net 'n spieël waarin 'n mens jou beeld kan sien nie en dan maar weer kan voortlewe nie. Die wet van God, dit is die geopenbaarde wil van God, is 'n mag waarvan ons nie kan loskom nie. Om dit met 'n enkele voorbeeld te verduidelik. 'n Vis is sodanig geskape dat hy in die water moet bly as hy wil lewe. Solank as wat die vis dan ook in die water bly, is daar geen gevaar nie en bly hy lewe, want dit is die ordinansie van God vir die lewe van die vis. As die vis egter op die droë grond beland, dan word daardie lewenswet nie opgehef nie, maar dit bly 'n krag en 'n mag en juis daarom sterf die vis op die droë grond. Die lewenswet van die vis nl. dat hy in die water moet bly, die wet maak hom dood wanneer hy op die droë grond kom. Die wet word dus nie gebreek nie, maar die wet breek en maak die ongehoorsame dood. En dit is nou die ellende van die vis op die droë grond. So het die Here in die Tien Gebooie vir ons die wet vir ons geestelike lewe neergelê. Dit is egter nou nie net soveel gebooie op papier buite ons waarvan ons maar net kan kennis neem sonder meer nie; nee, dit is die lewensmanier en lewenswyse wat God ons Skepper vir ons geestelike lewe verorden en bepaal het. Solank ons in ooreenstemming daarmee handel, dan is daar lewe, vreugde en blydschap. Wanneer egter van die wet afgewyk word, dan maak daardie selfde wet wat ons lewe was ons dood. Want nog nooit het iemand die wet van God gebreek nie, maar elke keer loop die mens hom te pletter teen die wet van God. Vir hom wat afwyk van die wet, word die wet die grootste en dodelikste vyand. Want agter die wet is die Here God en Hy handhaaf sy wette elke oomblik. Verset teen die wet is dus niks anders nie as verset teen God. Dit is die diepste oorsaak van ons ellende, daaruit kom al die jammer en die wee voort, ja ook die dood. Die wet word ook nooit opgehef nie en met alle mag kan ons dit ook nie van ons afskuif nie omdat dit die wesentlike voorwaarde van ons lewensbestaan is. Daarom dring die wet met onverbiddelikheid op die oortreder aan. Dit word vir die sondaar soos 'n monster met oopgesperde kake wat hom wil verswelg. Die wet wat vir die mens die lewe was, het vir die sondaar die dood geword. Daarom, as die wet tog maar weg geneem kan word, dan kan daar uitkoms wees. Maar dit is onmoontlik, want dan moet God weggeneem word. Die man wat tot die dood veroordeel is, voel die vreeslikheid van die wet. Dieselfde wet wat hom beskerm het, word nou die oorsaak van sy dood omdat hy die wet verontagsaam het. In Jesus Christus leer God ons ook die verskriklikheid van die wet sien wat oortree is toe Hy aan die kruishout genael is! Die wet is daarom 'n geweldige mag en so moet ons deur die genade van God die wet ook meer en meer leer ken.

Ons leer dus ons ellende ken as ons die wet van God in sy geweldigheid leer ken. Ons sal ons ellende nie leer ken as ons ons self met ander mense gaan vergelyk nie. Dan bly ons

altyd wonderlik-goeie mense. Hoeveel anders sal die lewe word as ons onself weer meer en meer in die lig van die wet van God gaan sien. Hoeveel minder hoogmoed en fariseïsme sal daar nie wees nie. Laat ons maar elkeen by ons self begin. Want die kategismus vra nie: waaruit ken julle jul ellende nie, maar waaruit ken jy jou ellende?

Die tweede vraag en antwoord van die Sondags-afdeling bring ons nou by die vraag: wat is die lewens-manier, die lewenswyse wat God vir die mens in sy geestelike lewe gestel het? Kort saamgevat kom die antwoord daarop neer dat die mens moet liefhê, God bo alles en die naaste soos jouself. Liefde is dus die groot *lewenswet* van die mens. Die kategismus gee hier nie elkeen van die gebooie afsonderlik nie, omdat die wet hier in sy eenheid en sy kern aan ons voorgehou word, sodat dit innerlike beslag mag kry. Dit moet egter nooit by ons die indruk wek nie dat omdat die wet hier as liefde gestel word, dit daarom minder streng is as die Tien Gebooie in sy besonderhede. Immers ons is so geneig om die gebooie van die Here as soveel losstaande verordeninge te beskou wat eintlik niks met mekaar te doen het nie. En dan troos ons onself daarmee dat solank ons nog nie iemand vermoor het nie of iemand se goed gesteel het nie, ons nog onskuldig is. Solank as wat ons ook maar uitwendig die pligte nakom, dan is dit mos wel met ons. Die gevolg is dan dat ons in 'n soort gerustheid verval. Luister maar hoe die ryk jongman gesê het: Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. Hy het homself dus as volmaak beskou en gereken dat hy daarom reg het op die ewige lewe. Dit is die fariseïstiese standpunt wat alleen na die uitwendige kyk, maar nie na die hart nie, en dit is 'n sonde waaraan ons ons ook dikwels skuldig maak. Uitwendig was daar niks aan te merk op die jongman nie, want hy het alles nagelewe. Maar dit is nie waar die wet van God u raak nie. Die *lewenswet* gaan nie op in uiterlike pligpleginge nie. Daarom het Christus ook vir die jongman gesê: Een ding ontbreek jou — gaan en verkoop alles wat jy het en verdeel dit onder die armes en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier en volg my. En daarmee het Christus die gesindheid, die innerlike gesteldheid van sy hart aangeraak. In sy hart het die liefde vir sy besittings en vir homself oorheers. Daar in die binneste van die hart moet die wet sy beslag kry. En dit is wat die kategismus hier doen as hy die wese van die wet, van ons lewensmanier aan ons voorhou as liefde. So bring die eis van die liefde ons tot onself, en stel ons voor God. Die strenge eis is: liefde tot God en liefde tot jou naaste. En dit moet nie net maar 'n vroom gevoel wees vir 'n oomblik nie, of 'n vrome gedagte af en toe aan God en ons naaste nie, maar dit moet die beheersende beginsel van ons ganse lewe wees, afgesien daarvan wat u ouderdom is. So moet dit wees vanaf u eerste ademtog tot in alle ewigheid. Ook mag dit nie 'n geleidelike toeneem in die liefde wees of 'n poging om die ideaal te bereik nie. Die mens wat homself wil verlos die redeneer so dat God darem die goeie poging in aanmerking sal neem. As ek maar net my bes gedoen het! Nee, so is dit nie. Jy moet God liefhê met jou **hele hart**, met jou **hele siel** en met jou **hele verstand** en met jou **hele krag**. Volmaakte liefde moet daar heers in ons hart elke oomblik van ons lewe. Dit is die lewenswet wat God vir ons siel gestel het. Daarom het u nog glad nie volgens die wet gelewe as u nie u naaste doodgeslaan het nie of nog nie openlik gesteel het nie. Die lewenswet van God is veel meer: u moet elke oomblik van u lewe 'n liefdelewe lei'

Dit is die lewensmanier wat die Here vir ons gestel het. Dit is die hoë adel van die mens se siel dat hy God mag liefhê bo alles en sy naaste soos homself. Dit is ook die wil van God vir elkeen van ons, nie een uitgesonderd nie, oud of jonk, ryk of arm. En nooit word hierdie eis verswak nie en nooit word die eis versmaad sonder rampsalige gevolge nie. Nooit mag ons egter goed doen net om van die straf vry te kom nie, maar u moet God liefhê omdat dit die hoogste begeerte in u lewe is om een met God te wees. Met jou hele hart, met jou verstand, met jou hele krag! Dan pas sal ook die naasteliefde reg wees! Siedaar die adel van die mensesiël soos God dit geskape het en nog altyd verlang dat dit moet wees!

Maar nou kom die vraag: Kan jy dit alles ten volle onderhou? Hoedanig is dus u lewensmanier? Is dit volgens die wil van God soos Hy dit in sy wet aan ons geopenbaar het? Met skaamte bely die gelowige wat deur die Gees van God geleer is: Nee, want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat. Dit is die smartlike en vernederende

ervaring van elke gelowige. Solank as wat ons ons toets aan menslike norme, aan die publieke opinie, solank ons ons vergelyk met ons medemens, dan is ons nog goeie mense, maar wanneer ons, deur die Gees van God geleer, gestel word teenoor die lewensreël wat God vir ons neergelê het, dan is die vernederende ervaring: Ek is 'n hater in myself. In my lewe heers die teenoorgestelde beginsel as wat daar moet wees: haat in plaas van liefde. So antwoord die gelowige en dan is dit nie net met die lippe nie, maar sy droewe lewenservaring. En wat die belydenis nog soveel sterker maak, is die woorde: van nature. My ganse wese is sodanig. En wie kan sy wese verander? Wie het beheer oor die diepste roersele van sy hart? Teenoor die helderheid en heerlikheid van die lewensmanier wat God van ons eis, is u en my lewe in homself 'n groot donker nag! As die Here sy genade aan my ontnem, dan is my ganse wese net haat en nyd. Laat ons tog aan hierdie waarheid vashou en nie dink dat dit oordrewe is nie. Immers so sê die Woord van die Here: Hulle keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe.

Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid. Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie en die weg van vrede ken hulle nie. (Rom. 3:13-17).

Bevestig die hele wêreldgeskiedenis nie aan ons hierdie ontsettende waarheid nie? En is die leuse van die kommunisme, wat die sterkste ontplooiing van die ongeloof is, nie die woorde: Haat almal as jy vooruit wil gaan! Maar nou is die kommunis nie net in Rusland nie, maar van nature is ons almal kommuniste, met die geloofsbelydenis van die haat in plaas van die liefde! Baie mense sê dadelik aan ons dat dit nie so erg is nie. Daar is nog soveel goeds in die lewe en soveel liefde. Laat ons egter onthou dat dit alleen maar die algemene genade van God is wat die roofdier in die hart van die mens nog teëhou. Die algemene genade is soos die tralies wat die roofdier vaskeer. Maar as dit vir 'n oomblik sou weggeneem word, dan skiet die roofdier uit die hart en verslind net waar hy kan. Het u al opgelet dat mense nog goed is solank u hulle nie teëstaan nie, of solank hulle nie deur God beproef word nie. Maar wat gebeur wanneer God ingryp met sy oordele? — hoe kan die haat dan nie opvlam in die mens se hart nie? En solank ons ons medemens kan gebruik, gaan dit goed, maar hoe maklik vlam die haat nie op wanneer hy nie meer 'n dienaar wil wees van my eie gekroonde "ek" wat dan altyd reg is.

As ons tog maar onder die besef van ons diepe verdorwenheid wil lewe. Want dit is ons groot ellende, ook van ons tyd dat daar geen sondekennis en sondebeseft meer is nie? En wanneer u die diepte van u ellende leer ken en die pyn van u gewete voel, dan moet u nie wanhopig word nie, maar wees dan dankbaar! Want dit is dan 'n teken van God se genadewerk in u, anders sal u uself nooit kwel oor die sonde nie! Maar weet dan ook dat Christus die vloek wat op u gerus het, gedra het. Van uself is daar geen heil te wagte nie, maar alleen van die genade van God in Christus wat die wet wat u wil vermoor in al sy verskriklikheid op Christus laat neerkom het. Christus self het weer volmaak gelewe volgens die lewensmanier wat God vir ons bepaal het. Nie net vir Homself nie, maar ook in u plek. Ja Hy het ook die straf gedra vir u verkeerde lewenswyse.

Die gelowige mag dan nou ook bely: Ek is van nature geneig. Dit is my natuur! Maar deur die genade van God vind ek egter ook nou reeds, al is dit in beginsel, 'n ander wet in my, wat nie uit myself opkom nie, maar wat God aan my skenk! En daarom bid die gelowige altyd weer: Neig my hart, wat tot die sonde neig, tot die vrese van u Naam. Daarom verlang die gelowige ook na die dag wanneer die woorde in volle vervulling sal gaan: Kyk, Ek maak alle dinge nuut!

Amen

SONDAG 3

Ds. J Postma

Lees: Romeine 5.

Sing: Pss. 8:3, 4; 51:3; 103:6; 32:1.

Geliefde gemeente, die vorige Sondagsafdeling het ons geleer dat ons uit die wet van God ons sonde leer ken. Die slotsom waartoe die wet van die Here ons gebring het, is dat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat. Ons is nie alleen boos nie, maar ook verkeerd. Ons is nie alleen afkerig van die lewensmanier wat' God in sy wet aan ons voorhou nie, maar daar is doelbewuste verset teen die lewensmanier. Die uitgang van die lewe is nie liefde nie, maar haat!

So teken die Woord van God die mens! Vir die hoogmoedige sondaar is hierdie kennis vernederend en daarom soek hy al dadelik 'n uitvlug, al is dit net in sy hart. Dit is eie aan die sondige mens om homself altyd te probeer verontskuldig. Adam het die skuld eenmaal op Eva gewerp en Eva weer op die slang. Dit vind nog elke dag plaas. Dit is dan nooit my skuld nie, maar altyd iemand anders s'n. So gaan dit ook in geestelike opsig. Wanneer ons nie meer 'n medemens kan beskuldig nie, dan wil die mens nog sy uitvlug soek deur alle verantwoordelikheid van hom af te skud. Dan sê die mens: Ek kan dit nie help dat ek so ellendig is nie. So rys dan die goddelose gedagte in die hart dat God ons so geskape het, en so word die skuld dan afgeskuif op God. Om nou hierdie uitvlug van die hart af te sny, stel die kategismus hierdie pertinente vraag: Het God dan die mens so boos en verkeerd geskape? Des te meer kom die vraag na vore wanneer ons glo dat alles van ewigheid af deur die Here bepaal is. Die gevaar is dan nie denkbeeldig dat ons God tot die outeur van die sonde gaan maak nie. En as dit nog so was dat 'n kindjie onskuldig en sonder sonde sou wees, dan sou die goddelose gedagte ook nie so maklik opgekom het nie. Want dan sou elkeen geweet het dat hy eers nadat hy grootgeword het, homself in die sonde gestort het. Maar nou merk ons alreeds by die kleinste kindjie dat die sonde openbaar word. En waarvandaan kom dit dan? So word die uitvlug as 't ware voorberei sodat die mens gaan sê: Ek is so gebore, ek kan dit nie help nie! En ek is deur God geskape! Dan dink die mens self verder en trek sy konklusie!

Die kategismus sny egter hierdie uitvlug af op grond van die Woord van God. Daarom die suiwere antwoord: Nee, maar God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape. Die skuld berus dus nie by God nie. God het die mens nie so boos en verkeerd geskape nie. So immers getuig die hele Woord van God. Dwarsdeur die Skrif heen word aan ons die heiligheid van God geteken? En hoe sou God dan 'n behae kan hê in sonde? As u 'n kind teen die grond sou neergooi, dan is u die oorsaak van die val van die kind. Maar God het ons nie neergewerp of tot sonde gedwing nie. Maar dan kan iemand nog beweer: U hoef nie die kind sonder meer neer te gooi nie, maar u kan aan die kind ook 'n las gee om te dra wat vir hom te swaar is. Dan moet hy ook as gevolg daarvan val. En dan bly u tog maar die oorsaak van sy val. Sommige mense beweer dan ook: Het God dan nie op ons mense 'n gebod gelê nie wat te swaar was en daarom het die mens geval? Maar ook op hierdie uitvlug antwoord die Woord van God: nee! maar die mens was ten volle toegerus om daardie taak ten uitvoer te bring. Eintlik mag ons ook nie spreek van 'n las wat die mens opgelê is nie. Want die enigste wat God van die mens geëis het, was dat die mens hom soos 'n mens moes gedra, dat hy tot openbaring sou bring wat God in hom gelê het. Die eis van God kom nie alleen ooreen met die aard van die mens nie, maar die vervulling van die eis sou vanself uit die aard van die mens voortkom. God het van die mens geëis dat hy profeet, priester en koning moet wees. Hy moes die gedagtes van God denk en spreek (profeet), eenwillend met God wees (priester) en die werk van God op aarde tot stand bring (koning) deur in sy Naam te regeer. En dit alles kon en wou die mens omdat hy so geskape is.

God het aan die mens nie 'n leë verstand gegee om nou met die vermoë sy eie gedagtes te dink nie, maar Hy het dit bevolk met sy eie gedagtes. En nadat God so aan die mens die waarheid gegee het, het God van hom geëis: laat die leuen nie toe nie! Was die eis

onbillik of te swaar?

Die Here het aan die mens 'n priesterlike hart gegee sodat hy vanself begeer het om een met God te wees. En God het niks anders van die mens geëis nie as dat hy na die drang sou handel! God het geëis: Jy moet My liefhê! Was dit te veel?

God het die aarde aan die mens onderwerp en aan hom mag daarvoor gegee. Kon God nou wel iets anders of iets minder vorder as: Lewer my ryk nie uit aan die vyand nie, maar regeer dit in my Naam!

God het die mens dus goed geskape d.w.s. dat hy aan sy doel sou beantwoord! God het hom na sy ewebeeld geskape: dit is in ware regverdigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kan ken (profeet), Hom van harte kan liefhê (priester) en met Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys (koning). In Christus sien ons hoe hoog God die mens gestel het. Maar in Christus sien ons ook hoe groot die toorn van God teen die sonde is, naamlik dat Hy eerder as om dit ongestraf te laat bly dit aan sy liewe Seun met die bittere en smadelike dood van die kruis gestraf het.

Daarom is dit influisteringe van die Bose wat u klein wil laat dink van die sonde. Daarom is dit influisteringe van die Bose wat u laat sê: Ja, ek wil van die sonde loskom, maar God help my nie. U hoor ook so dikwels die vreeslike taal: ek wil glo, maar ek kan nie. En daarmee word eintlik maar weer die skuld op God gelaai. Hy sou my dan so gemaak het! Nee, God het 'n diepe afkeer van die sonde en nooit mag ons God beskou as die oorsaak van ons ellende nie!

Maar waar kom ons ellende en ons verdorwe aard dan wel vandaan? Hier word ons deur die Woord van God gewys op 'n gebeurtenis wat eenmaal in die geskiedenis van die mensdom plaasgevind het: uit die val en die ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva, in die paradys, waar ons natuur so verderwe is dat ons almal in sondes ontvang en gebore word. Die oorsprong van ons sondes moet dus by ons eerste voorouers gesoek word. Nou kom egter vanself die groot vraag na vore: wat is nou die verband tussen ons ellende en die val van ons voorouers. Hoe kan dit dan wees dat **ons** in die ellende is as gevolg van **hulle** dade? Watter invloed oefen hulle dan op ons uit. Ons weet dat baie mense die verband nie wil erken nie, maar die Skrif leer ons dat God Adam gestel het as 'n hoof oor ons almal.

God het die mens in 'n verbondsbetrekking tot Hom gestel. 'n Verbond is wanneer twee persone of partye welbewus ooreenkom om iets saam te doen. Wanneer so 'n verbond gesluit is, dan het elk van die partye sekere verpligtinge teenoor die ander party. 'n Verbond berus dus op wedersydse trou en erkenning van sekere verpligtinge. So het God ook met die mens 'n verbond, 'n ooreenkoms gesluit. Hy het Hom in 'n besondere verhouding tot die mens gestel sodat die mens met Hom gemeenskap mag oefen. Daarom is godsdiens nie net 'n afhanklikheidsgevoel nie, maar ook gemeenskapsgevoel, nie net eerbied nie, maar ook liefde. Omdat die mens nou 'n redelik-sedelike wese is, verplig God hom nie sonder meer nie, want dwang sou stry met die aard in die beeld van die mens. God wou dat die mens uit vrye wil en liefde met hom sou saamlewe en nie uit dwang nie. In die proefgebod kom die verbondskarakter nou baie duidelik uit. Daarin word die hele verhouding tussen God en die mens saamgetrek. Die mens mag kies wat hy wil doen. Die mens moet nou self besluit of hy gehoorsaam aan God wil wees of nie! Die mens kon as hy wou aan die verpligtinge voldoen van die verbond, maar hy kon dit ook weier. Hy kon meewerk met God of hom verset teen God.

Die tweede party in die verbond was Adam, maar dan nie Adam as enkeling gereken nie, maar as verteenwoordiger van die hele menslike geslag. Tussen Adam en al die mense bestaan daar dus 'n band. Ten eerste is daar die band van die bloed. Daarom is Eva ook nie 'n afsonderlike skepping nie, maar is sy uit Adam geneem. Nou is uit Adam en Eva alle mense gebore. Die eenheid van die menslike geslag wortel dus in die eenheid van sy oorsprong. Tog verklaar hierdie bloedverwantskap met Adam en Eva nog nie ten volle ons gemeenskap aan hulle sonde nie. Want sonde is nie iets wat ons in die bloed oorerf nie, soos oorerflike siektes. Ons aandeel en gemeenskap met die sonde van Adam en

Eva moet gesoek word in die erfsonde. Want sonde is nie in die eerste plek 'n toestand van die siel nie, maar is in die eerste plek 'n saak wat ons verhouding teenoor God raak. Skuld is immers iets wat ons verhouding tot iemand anders raak. Dit is iets regterliks en nie sedeliks nie.

Daarom is ons regsverhouding teenoor Adam van groter betekenis as die bloedband. Adam is nie net ons vader nie, maar hy is ook ons hoof. Wat hy as hoof gedoen het, het dieselfde krag asof ons elkeen dit persoonlik gedoen het. Die verbond van God met Adam omvat in Adam almal wat nog uit hom gebore sou word. Daarom is Adam se daad beslissend vir almal. Dit is 'n verhouding wat ons oral in die wêreld opmerk. Neem die voorbeeld van 'n volk. 'n Volk stam tog nie almal van hulle koning af nie. 'n Volk is dus nie 'n bloedgemeenskap nie, maar 'n regsgemeenskap. Wat die vors van die volk nou teenoor 'n ander volk doen, dit geld vir sy hele volk. Hy tree op in naam van sy volk. Verklaar hy oorlog, dan is die hele volk in die oorlog. Elke burger afsonderlik hoef dit nie te doen nie. Sy oorlogsverklaring maak al sy onderdane tot vyande van die ander volk. Selfs die kinders wat na die oorlogsverklaring gebore word, word as vyande van daardie ander volk gebore. Die vors bepaal en beheers dus die posisie van sy volk teenoor die buiteland. Net so het Adam ons posisie teenoor God gereël. Die beslissing van vrede of oorlog met God was in die hande van Adam. Deur die verbond het Adam 'n bondgenoot geword van God. As Adam nou verkies het om in ooreenstemming met die verbond te leef, dan sou al sy nakomelinge ook gedeel het in die seëninge van die verbond. Verbreek hy die verbond, dan word die skuld aan almal toegereken en daal die vloek van die verbond op almal neer.

Adam het egter willens en wetens daardie verbondsverhouding verbreek. Hulle het hulle hand uitgesteek na die verbode vrug, en dit terwyl hulle al die seëninge van die verbond geniet het. Hulle het verkies om nie vrywillig aan God gehoorsaam te wees en die verbondsverplichting na te kom nie, maar om met Satan 'n ooreenkoms te sluit. So het sy oortreding geword die val van sy geslag. Daarom word ons gebore met skuld belaaï, word ons gebore as vyande van God, in 'n verkeerde verhouding teenoor God en dit is die erfsonde. Hierdie verkeerde verhouding waarin ons gebore word, werk nou ook deur in al ons lewensuitinge en besmet dit.

Dit is dus die wet van "een vir baie". Deur die ongehoorsaamheid van Adam is ons almal skuldig. Nou weet ons dat die mens in sy sonde hierteen in verset kom. Die goeie gevolge van die regsreël wil die mens wel aanvaar. Ons staan op die skouers van ons voorgeslag en erf hulle stoflike en geestelike kapitaal in alle opsigte. Ons ontvang vele dinge sonder dat ons daarvoor iets gedoen het. Niemand het beswaar om die goeie te erf nie, maar die slegte wil ons nie. Die mens is soos 'n seun wat wel al sy vader se besittings wil erwe, maar weier om die skulde van sy vader ook te aanvaar. Die Here vra egter nie of ons dit wil erken of aanvaar nie. Hy het ons almal in Adam besluit en volgens die een Adam oordeel Hy ons. Daarom sê Dawid in Ps. 51:

Dis nie die sonde alleen wat roep om straf:
ek is in ongeregtigheid gebore,
en lê voor u in doemskuld gans verlore
al van die uur van my ontvang'nis af.

As ons so ons skuld ook as erfskuld sien, dan begin ons ook insien wat 'n dwaasheid dit is dat elke mens probeer om homself te verbeter. As u verbetering wil aanbring, dan moet u Adam eers verbeter want God reken almal in Adam. Dit help tog nie dat u die ongesonde water uit 'n fontein probeer regmaak nie. Die fontein sal maar aanhou om giftige water te laat opborrel. So is dit ook met ons lewe. Adam is die giftige wortel en ons die giftige takke!

Maar juis hierin waar ons groot ellende geleë is, is ook ons redding geleë. God het nou 'n Tweede Hoof vir die menslike geslag verorden wat in die plek van Adam kan gaan staan. Jesus Christus is die Tweede Adam wat God gestuur het. En soos God in Adam alle mense reken, so reken God nou ook in Christus al sy gelowiges. Alles wat Christus gedoen het, geld ook vir hulle, al is hulle nog so vuil van die sonde. God oordeel sy

gelowiges nie op hulleself nie, maar volgens Christus. Daarom, geliefde is daar net een Naam onder die hemel onder mense deur wie ons gered kan word en dit is Jesus Christus. Aanvaar daarom Christus as u Hoof, as die Versoener van al u sondes, wat die verhouding teenoor God weer reggemaak het!

In die derde vraag wat nou nog oorbly, wil die kategismus ons aandag bepaal by die diepte en omvang van ons verdorwenheid. Dit word dan gedoen met die vraag: Maar is ons so bedorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad? Van hierdie antwoord hang soveel af want dit bepaal ook die suiwerheid van ons belydenis. By hierdie grondwaarheid begin ook menige dwaling, die dwalinge van die Pelagiane, Remonstrante en Metodiste en so meer. En as ons hier die spoor byster raak, dan word ons ook alle troos en versekerdheid in die lewe ontnem.

Die antwoord wat die kategismus hier gee op grond van die Woord van God is dan ook verskriklik hard: Ja, tensy ons deur die Gees van God wedergebore word. In enkele woorde word hier die swartheid en verdorwenheid geskilder: nooit geneig tot die goeie nie, altyd tot die kwaad. Dit spreek vanself dat die mens hom teen die vernietigende oordeel sal verset. Want, sê die mens, as dit so is, dan verbrysel dit alle idealisme. Waarom is daar dan nog opvoeding en onderwys? Moet ons dan nie maar liever op die ashoop gaan sit nie, want dit is tog alles tevergeefs. Dit is die een reaksie van die menslike hart daar op. Die ander reaksie is dat die mens allerlei poginge aanwend om die waarheid te ontken of om daaraan te ontkom. Hulle sê dan dat dit nie so erg kan wees nie want hoeveel mense wat buite die Christendom gelewe het, heidene, het ontsaglik baie goeie dinge gedoen. Ja selfs in die laaggesonke mens vind ons selfs ook nog verrassende goeie trekke. Dink verder aan al die groot heidense skrywers en wat hulle gesê het. Nee, sê hulle, hierdie Gereformeerde belydenis rym glad nie met die werklikheid nie. Hoeveel liefde is daar bv. ook by heidene, van ouers vir hulle kinders en omgekeerd, en tussen vriende.

Dit is dus baie noodsaaklik dat ons hier baie duidelik moet onderskei. Die groot saak draai hier om die betekenis van die woord "goed". Wat word daaronder verstaan. Dan is dit seker duidelik dat daaronder verstaan word die **geestelike goeie**, d.w.s. dit wat voor die aangesig van God kan bestaan en volkome voldoen aan die eise van God. Nou is dit wel waar dat die mens vir die ander vorms van goed nog in staat is deur die algemene genade van God, maar vir die geestelike goeie is hy heeltemal onbekwaam en daarvoor maak die algemene genade hom ook nie geskik nie. Ons belydenisskrifte erken dan ook albei, nl. dat die mens totaal verdorwe is, maar dat daar tegelykertyd ook nog wel enige goed in hom is. In art. 14 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lees ons: "En in al sy weë goddeloos, verkeerd en verdorwe, het hy al die uitnemende gawes verloor wat hy van God ontvang het en niks anders daarvan oorgehou as net klein oorblyfsels wat genoegsaam is om die mens alle verontskuldiging te ontnem". In die Dordtse Leerreëls bely ons ook: Daar het wel na die val in die mens nog enkele straaltjies van die lig van die natuur gebly waardeur hy enige kennis van God behou, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen wat betaamlik en onbetaamlik is, terwyl hy ook enigszins 'n strewe openbaar na deug en uiterlike tug". Dit aanskou ons dan ook daagliks in die wêreld. Dit is egter genadegawes wat God nog aan die verdorwe mens verleen. Daardeur word die volledige uitbarsting van die sonde weerhou en 'n lewe hier op aarde moontlik gemaak. Hierdie genade word die algemene genade genoem want dit word aan alle mense geskenk. Daarom is daar nog natuurlike liefde, geskiktheid en bekwaamheid tot arbeid en so meer. Dit mag ons nooit misken nie. Deur die genade is die mens nog geskik vir die aardse dinge, want die mens bly nog mens na die sondeval. Sy oorspronklike gawes gebruik die mens egter nie meer tot eer van God nie, maar tot sy eie verderf, om homself of Satan daarmee te dien. Die Dordtse Leerreëls sê dan ook verder: "Maar so onmoontlik is dit vir die mens om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer, dat hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie; ja dit veel liever — hoedanig dit ook al mag wees — op verskillende maniere geheel-en-al besoedel en in ongeregtigheid onderdruk".

Die oorblyfsels van die goedheid kan dus hoegenaamd nie tot die krediet van die mens wees nie, want die goedheid van 'n onwedergebore mens staan gelyk aan dit wat 'n hond sou doen as hy iemand se lewe red. Daar is geen geestelike waarde in die daad van die hond nie, so is daar ook geen geestelike wortel vir die sogenaamde goeie daad van die onwedergebore mens nie. Calvyn noem dit "blinkende" sondes. Hulle kan nie voor die aangesig van God bestaan nie. Want die onwedergebore mens beweeg met sy ganse natuur altyd verder weg van God af. Ook die oorblyfsels wat hy nog deur die algemene genade van God ontvang, gebruik hy nie reg nie. Hy erken ook nie dat God dit aan hom skenk nie, want die lig in hom het duisternis geword.

Daarom moet ons onself ook nooit mislei nie, menende dat as ons maar aan al die eise voldoen wat die publieke opinie aan ons stel, ons dan goed is nie, of as ons 'n amp in die kerk beklee, dat ons dan goed is nie. Want wat vir die aarde goed is, is nog nie vir die hemel goed nie. Die groot vraag is: wat is die doel van al u daad: Doen ons dit omdat ons God liefhet, of doen ons dit omdat ons onself liefhet! Ja, so besoedel ons selfs die goeie gawes wat ons ontvang uit die hand van God.

Nee, die mens kan uit homself niks doen om homself by God aanneemlik te maak nie. Tewens hy wil ook nie. Die Skrif vra daarom: Kan 'n Kusiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat gewend is om kwaad te doen! En bevestig die lewe dit nie elke dag rondom ons nie! Hoeveel namelose ellende is daar nie, en is die agtergrond daarvan nie die aanhoudende stroom van menslike sondes, van sadisme en brutaliteit, van nalatigheid, van bedrog wat niks in aanmerking neem nie, solank as die sondaar maar sy eie selfsugtige "ek" kan bevredig. Waarlik die wetenskap het in ons tyd ontsettend hoë vlugte geneem en tog teister die grootste ellende die wêreld sedert menseheugenis!

Want om goed te doen, is nie om mense tevrede te stel nie of om vir jouself 'n naam op te bou nie, maar om alles in ooreenstemming met die wet van God te doen en dan nie uit gehoorsaamheid omdat dit nie anders kan nie, maar gehoorsaamheid wat spruit uit die geloof dat alleen dit wat die Here beveel, goed is.

Vir hierdie goedheid, nl. om die lewe op God te rig, daarvoor is die mens geheel-en-al onbekwaam. Die kategismus sê dat ons dood is vir die goedheid tensy ons weergebore word. Daar is nog 'n wil in die mens, maar die wil ken alleen die kwaad, weg van God af. En die mens kan daaraan self geen verandering bring nie, so min as wat 'n luiperd sy vlekke kan verander. So min as wat 'n mens kan spreek voordat hy gebore is, so min kan 'n sondaar die goeie voor God doen alvorens hy wedergebore is. Alle eie pogings slaan dan ook bot terug. Van buite moet daar ingegryp word. Die mens is soos 'n masjien wat sonder bestuurder 'n afgrond tegemoetjaag. Die masjien kan self nie tot stilstand kom nie, tensy van buite ingegryp word. So ook die mens. Hy gly af op pad na die verdoemenis! Van buite af moet ingegryp word om hierdie hellevaart te stuit anders is daar geen einde nie.

Daar is alleen een uitweg uit die ellende en dit is die weg van God wat aan ons in sy Woord geteken is: Jesus Christus. Die bevel aan die man met die verdorde hand om sy hand uit te steek, is dwaasheid op die lippe van enige mens, behalwe op die lippe van Jesus Christus. Want toe Christus gespreek het, het Hy ook die krag en geloof geskenk om dit te kan doen. Voorwaar, wat by die mense onmoontlik is, is moontlik by God. Vir sondaars geheel-en-al verlore, is daar volkome redding in Christus. Jesus Christus wederbaar en breek die hardste sondaarshart deur sy Heilige Gees.

Amen.

SONDAG 4

Ds. J Postma

Lees: Romeine 2:1-16.

Sing: Pss. 51:1; 65:2; 90:4; Skrifberyming 24:6, 7.

Nadat die kategismus in Sondag 2 die wet behandel het as die bron van ons kennis van ellende, word in die derde Sondagsafdeling gehandel oor die oorsprong van ons ellende en word die aandag verder bepaal by die diepte van ons ellende. In Sondag 4 word die ellende nog verder behandel en nou word aandag gegee aan die straf en oordeel waaronder die mens verkeer. Eers word in die 9de vraag en antwoord 'n moontlike teëwerping behandel wat die mens kan opwerp teen die feit van die ellende waarin hy verkeer. Die teëwerping kom daarop neer dat dit onregverdig sou wees van God om nog die volmaakte onderhouding van sy wet te eis, terwyl Hy weet dat die mens daartoe onbekwaam is. In vraag 10 word die onafwendbaarheid van die straf oor die sonde gestel en in vraag 11 word die ellende van die mens bespreek soos dit openbaar word in die straf wat die mens bedreig. Die mens is nie net met sonde besmet en geheel-en-al onbekwaam tot enige goed nie, maar op hom rus ook die straf en die oordeel van God vanweë die sonde. Die waarhede wat in hierdie Sondagsafdeling behandel word, wil ons dan vanuit tweërlei gesigspunt beskou:

- a) Die mens is, nieteenstaande sy onmag, nogtans verplig om die wet van God te hou, en
- b) die straf van God oor die sonde.

(a) Die mens nog verplig om die wet van God te onderhou.

Gewoonlik word die onmag van die mens om die wet van God te onderhou as 'n verskoning en 'n uitvlug gebruik. Die mens redeneer dan so: as my trekdier al vier sy bene gebreek het, dan sou dit tog baie onredelik van my wees om nou die dier te slaan om nog die wa of die ploeg te trek. Of as die burgers van 'n land in 'n oorlog krygsgevangenes gemaak is, dan sou dit tog onredelik wees as die generaal 'n eis uitvaardig dat die krygsgevangenes op 'n bepaalde oomblik terug moet wees. Hoe kan hulle dit immers doen? Die Here weet tog dat ek nie meer die wet kan volbring nie, en is dit nou nie onregverdig dat die Here dit nog van my eis nie? Eerder moet ek bejammer word as dat ek gestraf moet word. Hoe mooi die redenasie ook mag klink, dit is vals en berus op verkeerde gronde. Dit is hierdie ontvlugting wat die kategismus nou in die 9de vraag wil ontsenu. Die volgende gedagtes word dan beklemtoon:

1. ons onmag is nie in ooreenstemming met ons aanleg nie;
2. ons onmag is ons eie skuld;
3. ons onmag is onwil.

1. Die kategismus antwoord dat God die mens geen onreg aandoen nie omdat God die mens so geskape het dat hy dit kon doen. Die Here het aan die mens al die gawes gegee wat nodig is om sy wet volkome te hou. Adam is na die beeld van God geskape in ware kennis en geregtigheid. Ons oorspronklike aanleg was dus sodanig dat ons die wet van God volkome kon onderhou. Om dit te verduidelik: Die bestuurder van 'n groot handelsaak gee aan een van sy klerke 'n bedrag geld om sekere rekenings te vereffen. Die klerk ontvang die geld, maar hy gaan betaal nie die rekenings daarmee nie, maar verkwis die geld. En nou sal ons tog geredelik toestem dat die bestuurder die reg het om van die klerk te eis om nog die rekenings te betaal of die geld terug te gee. Of as die winkelier aan my ware uit sy winkel verskaf het waarvoor ek later sal betaal en ek gebruik dit op, maar is daarna nie in staat om die rekening te betaal nie, ontnem my onmag om die rekening te vereffen nou aan die winkelier die reg om die gelde nog van my in te vorder? Dit is tog duidelik dat die winkelier die reg het om dit van my te eis, al kan ek nie meer betaal nie. Sodanig is ook ons verhouding teenoor God. Die Here het

ons toegerus met al die gawes wat nodig was om in al ons lewensuitinge God lief te hê bo alles en ons naaste soos onself. In die wet van God word nou van ons geëis daardie liefde, daardie gawes wat God aan ons geskenk het. Ons het egter deur ons ongehoorsaamheid daardie gawes verkwis, nou is dit nie 'n vraag of ons kan of nie kan nie, maar waartoe ons verplig is. Die geregtigheid van God eis dat ons aan die Here, onse God, al ons liefde sal bring omdat Hy ons daartoe bekwaam gemaak het. Ons onmag hef tog geensins die geregtigheid van God op nie. Ons bly dit alles skuldig aan God. Daarom is ons in die eerste plek skuldiges en nie bejammerenswaardige skepsels nie. Ons onmag is dus nie in ooreenstemming met ons oorspronklike aanleg nie.

2. Ons onmag is ons eie skuld.

Die vraag ontstaan nou waar hierdie onmag vandaan kom. As die onmag toegeskrywe kan word aan oorsake wat buite ons beheer was, dan was daar wel nog enige verontskuldiging. Maar die vreeslikheid van ons onmag is juis dat ons ook die oorsaak daarvan is. Daarom sê die kategismus dit ook so duidelik: maar die mens het homself en al sy nakomelinge deur die ingewing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof. Dit maak ons onmag nog 'n groter skuld voor God. Opsetlik het ons die gawes waarmee ons versier was, gaan vermors. Wie sy onmag so begryp en insien, die sal nie meer langer sy onmag as 'n voorwendsel voorhou nie maar des te dieper sy skuld voor God besef. So kom daar in die hart die ware skuldbesef. Hoedanig is dit met ons gesteld? Laat ons dit met 'n voorbeeld probeer verduidelik: 'n Vader stuur sy seun van die huis af na 'n groot stad. Vooraf waarsku sy vader hom om sekere plekke te vermy, want dit kan die vernietiging van sy toekoms beteken. Die seun vertrek. 'n Vreemdeling kom hom op die pad teë en maak hom wys dat dit nie waar is wat sy vader aan hom gesê het nie. Die seun heg nou geloof aan die woorde van die vreemdeling wat hy van geen kant geken het nie, en slaan die goeie raad van sy vader wat hy goed ken en wat nog altyd in liefde oor sy welsyn bekommerd was, in die wind. Die gevolg is dat die seun nou die verkeerde plekke besoek en sy lewe ruïneer. Hoedanig moet die seun nou teenoor sy vader voel. Is dit nie die toppunt van dwaasheid om so sy vader se raad in die wind te slaan en is sy ondergang nou nie sy eie skuld nie?

So het ons ook gehandel. Adam en Eva het die Woord van God agtergestel by die woord van Satan. Moedswillig het hulle hulself van die gawes beroof. Hoeveel groter is daarmee nie hulle skuld nie. Hoe verskriklik dwaas is die sondedaad nie, en hoe hemeltergend is dit dan nie om nog die gedagte te koester dat God onreg doen om van my te vorder om sy wet te onderhou. Maar, helaas, dit is die neiging van die sondaar om homself maar altyd te probeer verskoon.

Maar, werp sommige mense dan nog teë: Adam en Eva het daardie ongehoorsaamheid begaan en hulle is die oorsaak van my onmag en dit kan daarom nie my toegereken word nie. Ook dit is maar net weer 'n uitvlug. Want mense is nie soos sandkorrels wat los langs mekaar lê nie, maar ons is met bande aanmekaar verbind. Ons weet tog dat as ons Eerste Minister vandag 'n oorlog verklaar, dan is ons almal, groot en klein, en selfs die wat nog gebore sal word, in 'n staat van oorlog met die ander staat. Ons is dan almal vyande van daardie staat. So het Adam, uit wie die ganse menslike geslag gebore is en wat ons verbondshoof is, vir al sy nakomelinge gekies. Adam het gekies vir die Bose en daarmee is die keuse vir eens en vir altyd vir sy nakomelinge gedoen. U **weet** dat as die vader van 'n huisgesin 'n dronkaard is, dan dra al die kinders van daardie huis die smet dat hulle kinders van 'n dronkaard is. Ons is onlosmaaklik aanmekaar verbonde. Ons staan nie elkeen op homself nie. Daarom wat Adam gedoen het, geld vir al sy nakomelinge.

3. In die derde plek kom ook nog by dat ons onmag tegelyk ook nog onwil is. As iemand wat in groot skuld verval het, en nie kan betaal nie, tog nog berou sou hê daarvoor en poog om die skuld terug te betaal, dan sou ons nog medelye met so 'n persoon hê. Dit sou wel nie die skuld vereffen nie, maar die goeie wil om te betaal, sou dan tog 'n enigins ander kleur aan die saak gee. Maar nou is dit nie so met die mens gesteld nie.

Daar is nie berou by hom oor die onmag nie, daar is nie 'n wil om te vergoed nie, nee, daar is selfs onwil by die onmag. Ons onmag om die gebooie van God te onderhou, is ook onwil om die gebooie te onderhou. Die sonde is nie net 'n mag buite wat ons dwing nie, maar ook 'n mag in ons wat ons beheers. Dit beheers ons wil en ons lewensuiting. Dit is dus nie net dat ons onmagtig is om God lief te hê bo alles en ons naaste soos onself nie, maar van nature wil ons dit ook nie doen nie. Van nature is ons gewillige slawe van die sonde.

Ons onmag is dus nie in ooreenstemming met ons aanleg nie; ons onmag is ons eie skuld en dit is tegelyk ook onwil!

Maar waarom laat God nou sy wet so skerp aan ons spreek? Beteken dit nou dat God van ons eis om dit te onderhou! Nee, die wet word so skerp aan ons gepreek sodat ons meer en meer ons onmag sal leer ken as 'n skuld, sodat ons in diepe ootmoedigheid ons skuld voor God sal bely en alleen ons toevlug sal neem tot Jesus Christus, sodat ons altyd meer en meer sal besef dat ons skuldig staan voor God en alleen van Hom genade sal verwag. Daartoe moet ons ook gebring word deur die bediening van die Woord: dat u u sondeskuld sal bely en nie na Satan sal luister nie wat u influister: u kan dit nog wel doen. Nee, die wet moet ons tot beskaming lei, en hoe dieper die selfkennis word, des te sterker sal die verlange ook na Jesus Christus uitgaan!

(b) Die straf van God oor die sonde.

Die tweede groot saak wat die kategismus in hierdie Sondagsafdeling behandel, is die oordeel oor die sonde. Dit is die tweede groot stuk van ons ellende. Ons is nie net met sonde besmet en daarom onmagtig en onwillig om die wil van God te doen nie, maar die onmag en die onwil word deur die oordele van God getref. Dit wil die kategismus by ons tuisbring met die vraag: Wil God die ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly? Hierop is die stellige antwoord dan ook: "Nee, sekerlik nie, maar Hy vertoorn Hom verskriklik oor die aangebore sowel as die werklike sondes." Daar is dus nie opening vir so 'n gedagte dat God maar die sonde oorsien of straffeloos toelaat nie. Want hier het ons met die senuwee van alle godsdiens te doen. As God die sonde nie sou straf nie, dan hou dit in dat die sonde nie verkeerd is nie en dat die wet wat **God** vir die menselewe gestel het eintlik niks is nie. Dit sou dan beteken dat God nie meer God is nie, en dat die mens sonder God kan lewe want hy kan mos straffeloos die wet van God opsyskuif. Dan sou die mens die soewerein word in die wêreld en die mens sou dan uitmaak wat geluk en wat ongeluk is. Die uiterste konsekwensie sou dan wees dat die mens dan god is, en dat hy neerlê wat reg en wat verkeerd is. Dan was daar ook geen godsdiens meer nie. Om te verduidelik: as 'n vader in sy huisgesin sekere reëls neerlê en die kinders steur hulle nie aan die reëls nie, maar oortree dit voortdurende en die vader laat dit maar toe, dan sou dit beteken dat die vader nie meer die huis regeer nie, maar dat die kinders nou die rol van vader speel. As die vader egter 'n vader is, sal hy die reëls handhaaf en die kinders tugtig. So ook is ons verhouding teenoor God. Ons kom tog nie êrens anders vandaan in hierdie skepping in nie dat ons kan voorskryf wat God moet doen, maar Hy is ons Skepper en daarom soewerein, en daarom straf Hy almal wat nie aan sy wet gehoorsaam is nie. Elkeen wat dan ook reken dat die Here die sonde ongestraf laat bly, hy wil homself tot God maak en ondermyn daarmee alle godsdiens.

Wat is nou die onafwendbare vonnis wat die Here uitspreek oor die sondaarmens? Die kategismus druk dit so uit: met die ewige straf na liggaam en siel. Dit is die ewige dood.

Dit is vir ons moeilik om enigsins 'n begrip te vorm van wat die ewige dood is. Ons kan dit alleen maar by benadering aandui. Ewige dood is die teenoorgestelde van die ewige lewe. Lewe is die saambidding; dood is ontbinding. Nou word die menselewe deur vier bande gebind en wanneer die bande volkome is, dan is daar volle lewe en as die bande ontbind word, dan heers die dood. Eerstens is daar die band tussen siel en liggaam. Die *liggaam* is die *instrument* van die siel en *wanneer* die band volkome is, hoe gelukkig is die mens dan nie. Maar as die liggaam nou krank word, dan veroorsaak dit pyne en wat 'n vreeslike saak is dit nie wanneer liggaam en siel van mekaar geskeur word of wanneer iemand sterwe? In die ewige dood sal die mens altyd besig wees om te sterwe,

liggaam en siel sal voortdurend uitmekaartrek en tog sal hy nooit klaar sterwe nie. Die liggaam sal alle diens weier aan die siel. 'n Been wat afgesit is, is minder pynlik as 'n been wat nog daar is en vol pyn is. Hoe ondraaglik kan senuweepyne nie word nie, wanneer liggaam en siel as 't ware teen mekaar gespanne is. En dit is maar 'n floue voorsmaak van daardie band wat in die ewige dood altyddeur losgemaak word, maar ook nooit klaar losgemaak word nie.

Maar daar is ook 'n band tussen die liggaam en die aarde. As die band volkome is, dan lewer die aarde alles wat die liggaam nodig het en die klimaat van die aarde is ook so dat die mens gelukkig daarop lewe. Maar wanneer die vloek op die aarde rus, dan weier die aarde voedsel vir die mens. In die ewige verderf sal daardie band altyd ontbreek! Die honger van die mens sal nooit gestil word nie en sy dors nooit geles word nie. Die derde band is die band tussen mens en mens. Ons het ons ouers, broers en susters en vriende. Ons het ons familiebetrekkinge. En wanneer die verhoudinge reg is, wat word ons lewensgeluk dan nie verhoog nie! Maar hoe vreeslik word dit nie as die verhouding reeds hier op aarde versteur word. Dit is net soos dood wat intree. En dit is maar 'n floue voorsmaak van die ewige dood. Daar sal geen liefdesbande wees nie; daar sal elkeen eensaam wees en smag na liefde, maar dit nooit vind nie. Almal se hand sal teen almal wees. Daar sal die een mens die ander mens giftige haat toebloef en 'n ewigdurende vyandskap sal daar heers — vereensaamde wesens!

Maar die verskriklikste nog sal wees dat die band tussen die mens en God volkome deuresny sal wees. In hierdie wêreld leef die mens dikwels voort sonder om aan God te dink, maar in die ewige verdoemenis sal dit nie moontlik wees nie. 'n Floue voorsmaak van wat die mens daar ervaar, word ondervind wanneer ons gewete ons hier reeds verteer en aankla, wanneer ons die oordele van God oor ons voel dreig. In die ewige verdoemenis sal die mens elke oomblik die verskriklikheid van die toorn en haat van God voel brand sonder ooit 'n greintjie van liefde. God sal daar in die verdoemenis wees, maar dan nie in sy liefde nie, maar in sy ontsettende toorn. Verskriklik is die ewige dood, die doodvonnis wat deur God gevel is oor alle sondaars!

Hoe dieper u nou u skuld aanvoel en die verskriklike veroordeling besef, des te groter is u blydschap in Christus vanweë die verlossing. Die regverdigheid van God bring die volkome straf oor die sondaar, maar die liefde van God lei ook tot 'n volkome verlossing van die sondaar. Sonder die kruis op Golgota sou die geskonde reg van God nie herstel kon word nie. Want in der ewigheid kan die sondaar nie voldoening gee aan die reg van God nie. Die sondaar kan geen skuld afbetaal nie. Maar op Golgota is elke eis en vloek van die wet vervul. Toe Christus uitgeroep het: "Dit is volbring", was dit 'n loflied dat alle straf gedra en alle regskenning goedgemaak is. Christus het volkome aan die reg van God voldoen en aan God weer die ere toegebring. Die liefde van Christus was in staat om die wet te vervul.

Laat die straffende geregtigheid van God ons onder diepe indruk bring. Laat ons daarvan seker wees dat God sal straf, omdat die straf noodsaaklik is. En as daar nog enige twyfel daaroor is, let dan op die kruis van Golgota. Is dit dan nie dwaasheid om te dink dat ons die straf kan ontgaan waar dit aan Christus nie gespaar is nie. As dit met die groen hout gebeur, wat dan van die droë hout?

Maar die kruis van Christus is ook die bewys van die hoogste liefde van God. Hy gee sy Seun aan die ewige dood prys vir sondaars. Dit is liefde sonder grens en sonder maat! Jesus Christus, die Gekruisigde sodat ons skuldige sondaars sy reg en sy liefde mag prys! As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons in die dood oorgegee het?

Amen.

SONDAG 5

Dr. SCW Duvenage

Lees: Markus 8:27-38. Teks: Markus 8:37.

"Wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?"

Ons kom nou tot die behandeling van die tweede deel van die kategismus wat die leerstuk van die verlossing aan die orde stel. Dit is eintlik geen logiese voortsetting van die leerstuk van die ellende nie, want lg. was die naspeuring van die deur ons veroorsaakte werklikheid, 'n werklikheid van sonde wat moet uitloop op die ewige dood. En nou gaan die kategismus oor die verlossing handel, dit is oor die ondenkbare feit van die uitredding uit die dood-staat. Ondenkbare en ongehoord byna is dit want nooit sou die mens self dit kon bewerk nie. Dit moes van bo af, vanuit die hemel bewerk word.

Verder moet ons vooraf daarop let dat die val in die diepte kort was, en die behandeling daarvan deur die kategismus was ook kort. Die weg na die hoogte egter is lank. Die genade wat red, moet oorfloediger wees as die misdaad wat laat sterwe. So sal die kategismus ons ook langamerhand opvoer na die hoogte. Dit sal 'n lang onderwysing wees om ons die volle omvang van die oorweldigende genade in Christus te laat besef.

In Sondag 5 word 3 sake aan die orde gestel:

1. Die vraag na verlossing.
2. Die voorwaarde vir die verlossing.
3. Verskillende moontlikhede.

1. Die vraag na verlossing.

Dit is 'n bekende waarheid dat die mens soek na 'n middel om uit die ellende verlos te word. Op alle gebiede, trouens, soek die mens na uitredding uit die nood. Dink maar aan die stryd van die mensheid om verlos te word uit die greep van krankheid of armoede of misdaad of oorlog. En dit alles geld nog nie die kern van die ellende nie. Maar die ontrembare ywer, die idealistiese wil, die geniale inspanning wat sigbaar is by die moderne mens moet ons sien as 'n uiting van die verdronge maar tog in die onderbewuste altyd werksame begeerte om die verlore posisie te herower en om allerweë aan die dreigende doodstrikke te ontkom.

Is dit dan 'n wonder dat die mens wat sy sonde as ellende en skuld voor God leer ken het, gaan vra: Hoe kan ek verlos word uit my ellende? of in die taal van Jesus Christus in Markus 8:37: "Wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?"

Met die woorde bedoel Jesus; wat sal 'n mens gee om jou lewe te red of te verlos? in die sin van "red uit die gevangenis" of "red uit die mag van die dood". En werklik die mens sit in 'n gevangenis, in die gevangenis van die sonde. In die koue kerker is die mens opgesluit en daar is geen ligstraal van redding te sien nie, geen sprankie van hoop op verlossing nie. Voor die kerker staan die gevreesde regterstoel en daaragter dreig die hel in al sy grusaamheid.

Dit is in hierdie toestand waarin die mens 'n losprys soek vir sy lewe, iets of iemand wat sy straf kan uitkoop of wat vir hom borg kan staan. Ja, die mens is van nature soos iemand wat skuldig en doemwaardig in die gevangenis sit. Dit was die droewige slotsom van die leerstuk van die ellende. Paulus teken die toestand van so 'n mens as volg in Rom. 2:8 en 9: "Grimmigheid en toorn, verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek."

Dit is woorde vol verskrikking. Ons huiwer as ons dit oordink. En dan, ons klein verstand is maar 'n nietige peillood wat in hierdie afgrond van geen grond weet nie.

Vreeslik is die toestand van die mens dus en afgryslik die oordele wat hy vanweë die sonde op sy hals gehaal het. Want hoe anders was dit nie in die Paradys nie waar ons

die toestand vind van rus en vrede en Godsgemeenskap.

Maar nou, die sondaar wat voor die regbank van die hoogste Regter staan, kan nie eers die woord "onskuldig" op die lippe neem nie want Paulus eindig sy onweersware woorde met die donderstem: "Elke mond is toegestop en die hele wêreld is voor God doemwaardig."

Wat dan? Hoe kan die sondaar voor die gerig van God bestaan? Is daar enige middel, soos die kategismus vra, waardeur ons van hierdie straf kan vrykom? Wat sal die mens dan gee as losprys vir sy siel as verlossingsprys vir sy lewe?

As die kategismus erken het dat die regverdige oordeel van God oor die sonde wag, as dit die mens gebring het tot die diepe besef van sy doemwaardigheid, bly hy dus nie onder die feit onbewoë nie. Hy sien die sondaar nie as iemand wat nou maar soos die hond gaan neerlê om die straf te ontvang nie.

Nee, die man wat tot die besef en die belydenis van sy skuld gekom het, het geen rus of duurt vir sy gemoed nie. Die gevangene wat in die kerker van die dood sit, soek met al die inspanning van sy kragte na 'n uitweg. Hy vra die vraag: "Is daar enige middel om die straf te ontgaan?" "Hy het hom dus nie teen die regverdige oordeel van God soos teen 'n muur te pletter geloop nie. Hy het ook nie versink in 'n duistere poel van wanhoop nie. Nee, midde in die erkenning van skuld en verlorenheid gaan hy vra na 'n middel tot verlossing. Toegemuur tussen die wande van die gevangenis bef hy die oog omhoog. Daar word in die kategismusrvraag gebid, geroep: dit is 'n angskreet, 'n geskreeu om hulp, 'n worsteling in die doodsnoed om die straf te ontgaan. Dit is as 't ware 'n gehamer aan die gegrendelde deur van die gevangenis met die uitroep: Hoe kan ek, hoe kan *ék* tog vry kom?"

2. Die voorwaarde vir die verlossing.

Op die geroep kom daar wel 'n antwoord: "God wil dat aan sy geregtigheid voldoen moet word; daarom moet ons daaraan of deur onself of deur 'n ander ten volle betaal." Daar is dus wel reaksie op die gehamer op die kerkerdeur. Die deur word as 't ware wel op 'n skrefie geopen. Maar dit word alleen geopen om voorwaardes te stel, om vereistes te stel. Daar is gesmeek om genade en hier is nou sprake van voldoening aan Gods geregtigheid. Kwytskelding in losprys is gevra en hier is sprake van betaling, volkome betaling selfs.

Die ewige Regter van hemel en aarde handhaaf sy geregtigheid. Sy reg kan nie gekrenk word nie. As God geen reg meer doen, dan is Hy geen God meer nie. Die misdaad moet geboet word, die geskonde reg moet herstel word, die straf moet gedra word, die skulde moet betaal word of deur onself of deur 'n ander.

En tog merk ons reeds hier dat ons met die leerstuk van die verlossing te doen het. Tog kraak reeds hier die swaar gevangenisdeure en die lig val van buite af deur om die duisternis aan die binnekant te deurboor. Ons is nou haastig om die volgende vraag en antwoord van die kategismus en die volgende te behandel. Ons wil as 't ware die onderwyser vooruitloop. Ons wil kom by die Ander, wat wel die losprys sal betaal.

Ons is ook geneig om by die beantwoording van die vraag reeds veel meer te sê: Ons wil dadelik vooruitsnel na die volle openbaring van die genade in Jesus Christus. Maar die kategismus is leerboek. Dit wil ons van stap tot stap leer en onderrig. Dit het bowendien ook nou tyd om dit langsaam te doen wat aan die begin reeds, by die eerste vraag en antwoord oor ons enigste troos, het die volle son van genade reeds geskyn. Nie maar enkele strale nie maar die volle lig van die genade het toe oor ons geskyn en nou kan die kategismus langsaam die leer van die verlossing opbou. Hy praat nou immers nie met onkundiges nie. Om die leerstuk nou stadig en trapsgewyse en logies op te bou, moet net dien om ons in ons oortuiging te versterk. En daarom wil hy hier in die vraag na die verlossing uit die ellende alleen handhaaf die volstreekte erkenning van die reg van God. Die kind van God wat God immers uit sy Woord ken, mag die vergewing nie anders as in die weg van die reg en geregtigheid soek nie. "Sion sal deur strafgerig

verlos word." Geen versoening sonder voldoening nie.

Die gelowige weet maar te goed dat die genade van God nooit sy geregtigheid ongedaan kan maak nie. En daarom die antwoord: "God wil dat aan sy geregtigheid voldoen word."

Dit is wel sterk gestel, dit is verpletterend en verdoemend vir 'n sondaar wat met leë hande staan. Maar dit is die wese van die verlossingsleer. Hier is 'n heilige moet kragtens Gods heilige wese. Hy is nie maar 'n God van slappe toegeeflike liefde nie, maar Hy is die God van heilige geregtigheid. Eenmaal het Hy in die werkverbond gesê: "Doen dit en jy sal lewe" en "Die mens wat sondig, moet sterwe."

En vir die sondaar staan die eis en die voorwaarde, onversetlik soos die berge, dreigend soos die gebrul van 'n leeu. Ons beluister hier die harde klank soos die staal van gevangenskettings; "Voorwaar, Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie."

"Daarom moet ons daaraan of deur onself of deur 'n ander ten volle betaal."

Hierdie moontlikhede word nou verder deur die kategismus ondersoek.

3. Verskillende moontlikhede.

"Wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" Hoe sal die mens vry kom uit die gevangenis? Deur wie sal hy sy skuld kan betaal? Dit is die vrae wat ons nog steeds besig hou. En nou word die moontlikheid van selfbetaling ondersoek. Sal die mens dan nie self kan betaal nie? O, weet u, deur die eeue heen het die sondige mens altyd weer pogings aangewend om self te betaal. Die heidene het van die vroegste tye af selfbetaling beproef op die mees gevarieerde wyse. Wat is die rituele pligpleginge, die baie kultiese handelingte waaronder ook selfpyniging (Baäl en Astarte), die tallose offer-seremonies, waaronder selfs die wrede gebruik van kinderooffers (Molog) anders as pogings van die heiden om die godheid gunstig te stem en om die toorn van die afgode af te weer?

Wat is die groot verskeidenheid van denkstelsels vanaf die Griekse filosofie tot die moderne wysbegeerte in die grond van die saak anders as 'n worsteling om selfhandhawing en selfverlossing? Wat is die ewolusieteorie en die rewolusiepraktyk anders as pogings tot selfbehoud? Wat is die nihilisme en modernisme en morele herbewapeningsbeweging anders as kragtige pogings om vanuit die self die verlossing te bewerkstellig?

Ek dink aan die Roomse kerk. Die hele akseptilasie-teorie van die Roomse teologie wat in die grond van die saak 'n ingebeelde of skynbetaling is en die hele verwerde aflaatpraktyk van dieselfde kerk met al sy metodes van boete in die vorm van geld en goed, van skenkinge aan kloosters en armes, van deelname aan bedevaart- en kruistogte, van vaste en gebede en aalmoese, van kastyding en goeie werke is niks anders as 'n stimulering en bestendiging van die gedagte van selfbetaling by die lede van die Kerk nie. Die Kerk laat die sondaar die offers van geld en van selfverloëning bring met die versekering dat daarmee die skuld voor God versoen is en die straf gedra is.

O, wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel? Sal die mens homself nie maar gee nie? Sal hy trane stort en sy talente inruil of sy liggaam kneus en vermink, ja sy eie bloed afstaan om sy skuld voor God te betaal? Sal die Regter dit nie aanneem en die gevangenisdeure oopstoot nie?

Nee, met trane alleen, al het hulle hoe warm gevloei, spoel 'n mens die toorn van God nie af nie. Dit is verfynde brutaliteit om te dink dat God trane-offers ter vereffening van ons ewige skuld sou aanvaar. Selfkwelling is bowendien baiekeer niks anders as selfstreling nie. Die gebod van God wat elke oomblik tot ons kom is nie: "Kwel jouself" nie, maar "bekeer jou en glo". Geen eiewillige bad in die springvloed van die gevolge van Gods toorn nie, maar 'n ontvlugting van die toorn self, dit is die konkrete gebod.

Die kategismus is volkome reg, ons maak ons skuld nog daaglik meer. Die geskiedenis

self is 'n vonnis wat ons moet leer om ons mond te hou as daar sprake is van betaling teenoor God. Hoe kan iemand wat in 'n diep put geval het homself wil uittrek? Of hoe kan iemand wat bankrot is tjeks wil uitskryf aan sy skuldeisers.

Ons almal is van nature bankrot en daarom kan ons ons selfverlossing nie bewerk nie. As ons dit tog maar wil besef! Want dit is ongelooflik hoeveel ons telkens weer in rekening wil bring by God. Ons gebede, ons bydrae vir die kerk en die armes, ons trou, ons ywer vir Gods Koninkryk, ons mooi karakter, ons edele inbors, ons suiwere beginsels, ja, selfs ons tollenaarsgestalte — uit dit alles trag ons bedektelik munt te slaan, ons meen dat dit tog as verdienste gereken kan word. En hoe bedrieg ons onself. "Ons is onverdienslike diensknegte want ons het alleen gedoen wat ons verplig was om te doen."

Op ons soektog na verlossing het hiermee 'n swaar deur vir ons toegeval. Die moontlikheid van selfverlossing is uitgesluit. Die kategismus ondersoek egter nog 'n tweede moontlikheid nl. die moontlikheid van verlossing deur ander skepsele.

Daar is tog die engele, daar is die diere, daar is die medemens. Kan een van hierdie skepsele van God dan nie dien as losprys vir die siel nie?

Nee die engel kan die skuld nie dra nie. God straf aan geen mens die skuld van die gevalle engel nie. Maar omgekeerd straf God ook aan geen engel die skuld van die mens nie, "want die siel wat sondig moet sterwe," volgens Eseg. 18. Bowendien besit die engel geen liggaam nie, terwyl daar vir die sondes ook liggaamlike straf gedra moet word. Nee, die engele kan ons skuld voor God nie betaal nie. Ook hierdie deur ter verlossing word in ons gesig toegeslaan.

En wat die diere betref, God het wel die dierebloed op die altare van Israel aangesien, maar nie omdat dit self enige reinigende of versoenende krag het nie. Dit kan alleen as skadu en as sinnebeeld dien van die onbevleete bloed van die Lam van God wat sou kom om die sondes van die wêreld weg te dra. Bowendien besit die diere geen siel nie, terwyl daar vir die sondes ook straf na die siel gedra moet word. Nee, die skrywer van die Hebreërbrief laat ook hierdie deur dig toeslaan: "want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem." (Hebr. 10:4).

Maar wat dan van die medemens? Miskien sal die Regter van hemel en aarde een uitstaande mens neem om as losprys te dien. Dit is dan tog vlees van ons vlees en been van ons been. Kan dan geen Moses vir ons optree nie, terwyl hy tog bereid was om sy naam uit die Boek van die lewe te laat delg ter wille van sy volk? Kan geen Jesaja dit doen nie? Of 'n Paulus wat ter wille van sy broeders hom uit Gods gemeenskap wou laat ban? Nee, ook die deur gaan toe by die deurlees van Psalm 49: "Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie want die losprys van hulle lewe is te kosbaar en vir ewig ontoereikend."

Die kategismus is reg: "geen enkele skepsel kan die las van die ewige toorn van God dra en ander skepsele daarvan verlos nie."

Maar wat dan? Die sondaar sit nog in die donker koue gevangenis. Die vraag wat nog steeds op sy lippe bewoog is: "Wat kan ek gee as losprys vir my siel?" Is daar dan geen moontlikheid om my te kan verlos en weer genade te verkry nie? Hoedanig 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek? Nou is daar nie net meer sprake van middel nie maar van middelaar. Daar is maar een moontlikheid en dit is 'n Middelaar wat waaragtige en regverdige mens is en tegelykertyd waaragtige God. Ons wat die Evangelie van verlossing ken, weet dus dat daar wel 'n deur van hoop en verlossing is vir die boetvaardige sondaar. In die volheid van die tyd het God self die antwoord gegee op die angswekkende vraag. Ja, die antwoord moes van bo kom, heeltemal van bo, vanuit die hemel. Dit was die antwoord van die daad. 'n Engel uit die hemel het aan skaapwagters die antwoord gegee op die vraag na die losprys: "Kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is, die verlosser wat Christus die Here is."

God self het die deure van die gevangenis oopgewerp deur sy eie Seun in die gevangenis te plaas en die straf te laat dra. So ontmoet Gods geregtigheid en Gods genade mekaar. Op die vraag na die verlossing kom 'n antwoord. Aan die swaer vereiste van Gods geregtigheid word voldoen. Alle moontlikhede vanuit die skepsele bereken, word onmoontlikhede. God alleen skep die enigste moontlikheid, nee die werklikheid: Hy stuur sy Seun, Hy wys met uitgestrekte vinger na Hom en op die vraag: "Wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?" kom sy goddelike, sy afdoende en genadige antwoord: "Daar is die losprys vir die siel."

Amen.

SONDAG 6.

Dr. SCW Duvenage

Lees: 1 Kor. 1: 17-31.

Teks: 1 Tim. 2:5.

"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus."

Ons het in hierdie Sondagsafdeling van die kategismus te doen met die heilgeheim, die ondeurgrondelike wonder: "Die Woord het vlees geword" of soos Paulus dit stel: "Die verborgenheid is groot, God is geopenbaar in die vlees." Ons het te doen met die alles-beslissende vraag: "Wat dink u van die Christus?" Die antwoord op hierdie vraag bepaal die lewens- en wêreld-beskouing van die mensheid. Die Christusvraag is die mees kardinale vraag vir die hele mensheid, maar veral vir die gemeente van God, vir die strydende Bruidskerk wat nooit moeg word om te verneem van haar Middelaar nie. Dit het die opstellers van die kategismus ook baie goed geweet. Daarom voer hulle ons van die tweede Sondagsafdeling af geleidelik op na 'n hoogtepunt. Eers word ons oortuig van ons ellende en ons skuld. Dan word ons gewys op ons doemwaardigheid voor die gestrenge Regter. Daarna word ons onmag om onself te verlos asook die onmag van alle skepsele aangedui. En dan nader die kategismus die klimaks van sy redenasie deur te soek na 'n Middelaar, iemand wat, soos Job dit uitgedruk het, sy hand kan lê op die mens en ook op God.

En eindelijk op die hoogtepunt van sy prediking wys die kategismus in vraag 18 met uitgestrekte vinger die Christus aan as die Middelaar om in die volgende vraag Hom aan te dui as die Christus van die Skrifte.

As ons die vrae en antwoorde van hierdie Sondag aandagtig bestudeer, dan sien ons dat die sentrale inhoud daarvan Jesus Christus, ons Middelaar, is. Soos in 'n groot skitterende diamant word die naam ten toon gestel om telkens weer 'n ander kant, 'n ander faset van die glinsterende steen aan ons verbaasde oog voor te hou. Dit is asof die kategismus die diamant omhooghou. en dit om en om draai sodat talloos skitterende strale daaruit te voorskyn skiet en ons oog byna verblind.

Waar ons gewys word op ons Middelaar let ons agtereenvolgens daarop

1. Hoe Hy moet wees.
2. Wie Hy is.
3. Waaruit Hy geken word.

1. Hoe moet die Middelaar wees?

Hy moet mens wees en God.

Die ware mensheid van die Middelaar is in die loop van die eeue deur die Kerk vasgehou. Die Heilige Gees het die Kerk so gelei dat dit daaraan vasgehou het. En hoe dankbaar moet ons nie wees nie? Want hier is gewigtige dinge op die spel. Hiervan hang ons verlossing en saligheid af. Die kategismus bely immers: "Die regverdigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal." Die regverdige God het dus sy eis gestel teen die mens wat gesondig het en hy wat middelaar wil wees en aan die eis van God wil voldoen, hy mag hier nie buite bly staan nie. Hier is 'n heilige moet, 'n goddelike noodsaak, 'n onwrikbare eis van God se geregtigheid.

Die middelaar moet vlees wees van ons vlees en bloed van ons bloed, uit 'n vrou gebore; een wat 'n stamboom kan toon en 'n geslagsregister kan aanwys; een wat ook opgroei soos elke ander kind; een wat ook trane van droefheid kan stort, wat ook honger en dors kan hê; 'n mens dus wat optree in en val binne die kader van dieselfde drama van tyd en ruimte waarin Adam en u en ek deel gehad het en nog het. Soos in die O.T. die *losser* bloedverwant was so moet hy ook nabestaande wees en

bloedverwant.

God eis ter versoening van die sondes nie net bloed nie maar mensebloed, nie maar sweet en tranen nie maar mensesweet en mensetrane, nie maar gehoorsaamheid nie maar menslike gehoorsaamheid. God eis dat daar 'n mens moet veg om lewe en dood voor sy aangesig. Hoe diep is die gedagtes van God nie! Die middelaar, so eis God, moet met beide voete op ons bodem staan, niks mensliks mag aan hom vreemd wees nie; ja, sy broeders in alle opsigte gelyk.

Maar daar is ten opsigte van sy mensheid nog 'n vereiste. Hy moet wees: sy broeders in alle opsigte gelyk, maar sonder sonde, regverdig mens dus. Wie vir eie persoon in die skuld staan, kan nie as borg optree vir ander nie. Besoedelde offerande sou voor God hier niks baat nie. Die groot Hoëpriester van die Nuwe Testament moet, soos die Hebreërbrief dit stel, heilig wees en onbesmet, onskuldig en afgeskeie van die sondaars, een wat nie elke dag nodig het om vir eie sondes offers te bring en dan vir die van die volk nie.

Om middelaar te kan wees is daar egter nog 'n vereiste. Om aan die eis van die ewige geregtigheid van God te kan voldoen, om die vlamme van die ewige gramskap en toorn van God oor die sonde te kan blus, moet Hy nie alleen mens wees nie want geen mensekrag is daartoe in staat nie. Wie is daar onder ons wat by 'n verterende vuur kan woon? Hy moet dit doen uit krag van sy godheid. Hy moet dus ook waaragtig God wees.

Mens en God — en dit in een persoon verenig, so 'n Middelaar het ons nodig. Ons kan Hom dan aanbid want Hy is God en Hy is dan na aan ons hart want Hy is mens. Hy kan dan vir ons sondes ly en sterf want Hy is mens en Hy kan die toorn van God daarvoor dra, want Hy is God. Na so een soek Job as hy byna wanhopig uitroep: "Daar is geen skeidsregter tussen God en mens wat sy hand op ons twee kan lê nie."

Hierdie uitroep van Job kan ons egter nie beaam nie. Trouens, hyself het later as hy weer op die hoogte van die geloof wandel, bely dat sy Verlosser leef. Ons kan by die lig van die Nuwe Testament jubel: "Daar is een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus."

2. Wie is die Middelaar.

Op die vraag wie die Middelaar is, is daar maar een antwoord. Alleen een kan aan die swaare vereistes ten volle voldoen. Dit is ons Here Jesus Christus wat deur God aan ons geskenk is tot wysheid, regverdigheid, heiligmaking en verlossing.

Hoe heerlijk skitter hier die een straal na die ander van die kostelike diamant wat die kategismus ons wil voorhou?

Heerlik klink die antwoord van die kategismus. Dit is die hoogtepunt van die hele boek. Dit kom soos 'n blye boodskap, soos 'n gesang van verlossing, soos 'n kreet van geloofsverrukking na die worsteling van die sondaar om gered te word. Dit klink soos 'n heldere basuinstoot die ruimtes in en dit laat die hemele juig, dit laat drie uur duisternis op die aarde toesak, dit laat 'n eeue-oue voorhangsel skeur, dit laat die satan terugdeins want hy het die stryd verloor — God en mens is weer versoen. Daar is 'n Middelaar.

By die behandeling van die vraag wie Hy is, moet dit vir ons nie in die eerste plek te doen wees om sy gawes nie maar om Homself. Dit moet ons om die Gewer te doen wees en nie om die gawes nie. Hy is trouens die grootste gawe "deur God geskenk." Hy is Gewer en gawe tegelyk. Hy het Homself gegee.

Hier word Jesus Christus die middelpunt van ons hele bestaan, die brandpunt van ons lewe. Hier is alles intiem persoonlik. Hy is onse Here Jesus Christus en Hy beteken vir ons so onberekenbaar veel.

Ten eerste is Hy ons wysheid.

Wat die begrip wysheid en wat Christus as ons wysheid vir ons beteken, word eers duidelik as ons daarteenoor stel die jammerlike dwaasheid van die moderne mens

netsoos wat dit vir die Korinthise gemeente duidelik was in teenstelling met die ydele dwaasheid of waan-wysheid van die Grieke.

Hoe hoog was die Griekse wysheid nie aangeprys in die tyd van Paulus nie en hoe klein het daarteenoor nie vertoon die eerste Christelike Kerk nie. Maar met die wete dat Christus die opperste Wysheid is, verdwyn daardie Griekse waanwysheid voor die oog van die gelowiges in die niet. Diegene wat staan in die geloof, diegene wat in Christus is, het ook deel aan die opperste Wysheid.

So word ook die wysheid van hierdie eeu aan die kaak gestel as dwaasheid by die lig van die opperste wysheid. Die wysheid van hierdie eeu is immers, as ons dit ontleed die mees konkrete sonde voor God. Dink daaroor na, dit is aanbidding van geweld, staats- en partyvergoding, leiersideologie, rasse-hartstogte, mags-verheerliking, mammon-diens, verabsoluttering van die tegniek, die skending van die eerbied vir die medemens, kortom die hoogty van die uiterste vorme van egoïsme en selfsug.

Hierteenoor staan die Christus as die opperste Wysheid wat 'n felle streep trek deur al die 20ste-eeuse waan-wysheid en die liefde teenoor die naaste stel in die plek van die selfsug.

O, weet u, as die Christendom van vandag maar wil leef by die wysheid van Christus, dan sal dit ook in die ontwigte waanwyse wêreld rigting kan gee, koers kan aandui, ja, kan ingaan teen al die dwaasheid met die werklikheid van die krag van Christus wat ons wysheid is.

Maar Christus is ook ons geregtigheid, en dit is iets wat die kinders van die 20ste eeu maklik behoort te verstaan na die aanskouing van soveel onreg in die eeu. Die begrip geregtigheid het weer waarde en inhoud bekom deur die ervaring van soveel matelose, brute ongeregtigheid wat in hierdie eeu reeds gewoed het. En vir die gelowige skitter daar altyd die heldere lig van die geregtigheid van Christus en meer nog: die gelowige het deel aan die geregtigheid van Christus. Hy is bekleed met die kleed van geregtigheid wat Christus vir hom verwerf het. Hy staan as 'n regverdige voor God danksy die soenverdienste van Christus. Christus is sy geregtigheid.

Hoe heerlik skitter hierdie kant van die diamant.

Maar daar is nog 'n kant. Jesus Christus is ook ons heiligmaking. Ook hier geld die woord van ons Middelaar: "Sonder My kan julle niks doen nie." Net so min as wat 'n loot vrug kan dra as dit van die wynstok afgesny is, net so min kan daar iets goeds in ons groei en bloei as ons nie in Christus is nie. Los van Jesus Christus vermag ons niks op die weg van heiligmaking nie. Hier word elke trotse hart gebreek. Ja, ons mag miskien baie mooi woorde spreek en pragtige programme opstel en groot ideale koester. Ons mag groot en goed vertoon en geweldige dinge tot stand bring maar sonder aansluiting aan en die geloof in Christus Jesus, is dit alles ten slotte niks. Daarom is die moderne wêreld so rusteloos te midde van sy hoë ontwikkeling, innerlik so kragteloos by al sy uitwendige kragontploffing, so hol en leeg by al sy grootpraterij.

Alleen die gemeenskap met die lewende Christus self gee krag en glans en kleur aan ons lewe; eers as Hy gestalte in my gekry het, is die wet van God geskrywe in my hart en is dit vir my 'n lus om na sy wil te handel. Nee, werklik, die kategismus en Paulus is reg: Christus Jesus is aan ons geskenk tot heiligmaking.

Kan die skittering van die kosbare kant van die diamant wel in u lewe gesien word?

Maar ook is Christus ons verlossing. Eintlik is dit die samevatting van al die genadeskatte. Hier sien ons die diamant as 't ware in sy geheel. Dit stel ons voor oë die heerlike feit dat Christus met sy dierbare bloed ons losgekoop het uit die ellende van die sonde, uit die afhanklikheid en heerskappy van satan, uit die dreigende straf van die ewige dood. Ons staan in die vryheid van die kinders van God.

En laat ons dit goed besef: ons het hier nie te doen met 'n betowerende ideaal of 'n glansvolle fantasiebeeld nie maar met die proklamasie van 'n nuwe werklikheid. As ons

dit alles hoor, dan sê ons siel daarop: amen. Dit behoort ook alles aan my. Ek is ook daarin betrek. God het dit ook oor my geproklameer. Ek hoor daarin 'n in die kruisdood van Christus gefundeerde vryspraak oor my, arme sonder. En daarmee behoort ek tot Gods aristokrasie, tot 'n adeldom wat nie uit my spruit nie, maar wat ek in Christus geërf het, ja, wat my geskenk is uit 'n ewige goddelike testament.

3. Waaruit word die Middelaar geken?

Op hierdie vraag is die antwoord van die kategismus ondubbelsinnig: "Uit die heilige Evangelie wat God self eers in die Paradys geopenbaar het en daarna deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offerandes en ander seremonies van die Wet vooraf laat afbeeld het en eindelijk deur sy eniggebore Seun vervul het."

Die ryke genadelig van God kom nêrens heerliker tot openbaring nie as in daardie duistere dag van die sondeval toe die moederbelofte weerklink het deur die paradys: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt." Hier vind ons die wesenlike elemente van die openbaring van die goddelike genade in Christus op die heerlikste wyse saamgevat.

As hierdie eerste Evangelieverkondiging van Godswê noukeurig ontleed word, dan bemerk ons daarin die bron van alle verdere Evangelie. Van hieruit ontspruit verskillende lyne wat ons deur die hele O.T. kan volg en wat uiteindelik uitloop op die koms van Jesus Christus in die vlees.

Ons onderskei die lyn van die afstamming van Christus; die lyn van die lyde van Christus; en die lyn van die heerlikheid van Christus.

(a) Die lyn van die afstamming van Christus.

In die moederbelofte is sprake van die komende Verlosser as die "saad van die vrou" en reeds met die geboorte van haar eerste seun het Eva verkeerdelik gemeen dat dit die belofde Verlosser is. Al duideliker sal Gods Woord die geslagslyn van die komende Messias aantoon. By die geboorte van Noag sê sy vader: "Dit is hy wat ons sal troos." Met die roeping van Abraham word die kring nog nouer getrek as die Woord van die Here duidelik tot hom kom: "in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word." Daarna word **Isak** en dan **Jakob** en dan **Juda** aangewys as die linie waaruit Christus na die vlees gebore sou word. Treffend en duidelik sien Jakob die sterwende aartsvader, in die geslag van Juda, die koms van Silo, die Christus, aan wie die volke gehoorsaam sal wees. Duidelik is die lyn sigbaar, maar in verskillende profesieë aangekondig word dat die Christus sal voortkom uit die geslag van Dawid. Maria word uiteindelik aangewys as die begenadigde vrou. En dan kom Hyself die "saad van die vrou" op wie die eeue in spanning gewag het.

Sien u hoe duidelik is die lyn van die afstamming van Christus vanuit die Paradys?

(b) Die lyn van die lyde van Christus.

In die moederbelofte is 'n stryd aangekondig, 'n felle, dodelike stryd tussen slangesaad en vrouesaad waarin bloedige wonde geslaan sal word en werklik, die lyde van die Christus was vir die O.T. gelowige geen onbekende saak nie. Dink maar aan die hele seremoniële diens in tabernakel en tempel. Die lyde van die komende Messias ter versoening van sondes word daarin op treffende wyse simbolies afgebeeld. Die altaar van die offerande, die wasvat van die reiniging, die stralende kandelaar, die opstygende wierook, die heerlike priester gewaad, die duisende lammers, die strome en strome van rooi dierebloed, die bok wat na die woestyn gestuur word —dit was een groot aanskoulike prediking van die Evangelie — dit was alles een afskaduwing in beeld van wat Christus eenmaal in volle werklikheid sou wees en veral sy lyde kom daarin aan die lig.

Van die ontsettende stryd en lyde van die komende Verlosser is ook die profesieë en die Psalms vol. Die Profete en digters sien Hom en kondig Hom aan as die **Vernederde**, as

die **Lam van God**, as die **Man van smarte** wat bekend is met krankheid, verag en deur die mense verlaat. Bemerkt u die lyn van die lyde van Christus? As Hy kom, dan gaan dit alles in vervulling. Die N.T. is een aangrypende beskrywing daarvan.

(c) Die lyn van die heerlijkheid van Christus.

In die moederbelofte word reeds die triomf van die vrouesaad oor die satan aangekondig. By die verwagting van Lamech, die profesie van Noag en in die beloftes van Abraham, Isak en Jakob word die triomf geteken as "seën," d.w.s. as die teendeel van die deur die sonde bewerkte vloek. Al helderder word hierdie lyn sodat die Psalms, Jesaja, Jeremia en Esegël wys op die koms van die grote Koning wat op die troon van Dawid sal sit en wie se heerskappy 'n ewige heerskappy sal wees. Jesaja roem in die komende Koning en noem Hom "Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers." Kan dit treffender en duideliker? Die Lydende Knecht van die Here is ook Oorwinnaar, Triomfator. Die beloftes van God in die Paradys was geen leë beloftes nie. Die lyn van die oorwinningsheerlikheid van die Christus lê soos 'n goue draad dwarsdeur die O.T.

En eindelijk kom die vervulling van dit alles in die volheid van die tyd.

Na eeue van wag en hoop en profeteer kom Hyself, die grote Christus, die ewige Lig. Die N.T. kondig Hom op elke bladsy aan. Die Evangelie, die blye boodskap, word tot 'n brief van die Bruidgom aan sy bruid, 'n brief waarin Hyself ons oortuig van sy nooit-volprese liefde, en waarin Hy die rykste beloftes vir ons nagelaat het.

Dra dan die brief van u Bruidgom op u hart, o bruid van Christus, en berei u voor vir sy wederkoms op die wolke wanneer u u Bruidgom, u Middelaar, sal kan sien van aangesig tot aangesig.

Amen.

SONDA 6 7.

Dr. SCW Duvenage

Lees: Joh. 3:22-36.

Teks: Joh. 3:36.

"Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie maar die toorn van God bly op hom."

Die mensheid, die hele mensheid, konings en vorste, hoogontwikkelde en fynbeskaafde, Roomse heiliges en Gereformeerde predikante ingesluit, ja, die hele mensheid het *deur en in Adam onder die toorn van God* gekom. Die kategismus erken op grond van vorige ondersoek dat alle mense deur Adam verdoem is. En Johannes die Doper spreek in ons teksvers van die toorn van God wat op iemand bly as hy die Seun ongehoorsaam is.

Daar is egter 'n moontlikheid om uit te kom onder die toorn van God. Ook dit het die kategismus reeds duidelik geleer. Daar is deur God in die Middelaar, Jesus Christus, 'n weg ontsluit om die verdoemenis te ontkom.

En ons sou verwag dat die ganse wêreld, ja, die hele verlore mensheid, begerig na redding, die smekende hande na die Middelaar sou uitstrek. Mens sou verwag dat die diepgesonde, ten dode gedoemde wêreld die Middelaar met oop arms sou ontvang, maar in stede daarvan sien u hoedat die konings van die aarde en die vorste beraadslaag teen die Here en sy Gesalfde. Hier doem voor ons op 'n verskriklike teenstrydigheid wat ons ondersoek verg. Daarom vra die kategismus ook: "Word alle mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verdoem is?"

U voel hier word 'n besonder belangrike vraag aan die orde gestel. Hier word gehandel oor die ewige wel of wee van die mens, die ewige lewe of blywende toorn van God. Hier moet ons gaan grawe om by die kern te kom en dan kom ons te staan voor die magtige leerstuk van die geloof.

Graag wil ons in verband daarmee drie sake aan die orde stel.

1. Verkieping as grondslag van die geloof.
2. Kennis en vertrouwe as wese van die geloof.
3. Skrif en belydenis as inhoud van die geloof.

1. Die verkieping as grondslag van die geloof.

Op die vraag of alle mense weer in Christus salig word soos hulle in Adam geval het, was daar in die loop van die eeue baiekeer bevestigend geantwoord. Dit is die uitgesproke oordeel van elke rigting wat Arminius as vader het. Die Arminianisme of Remonstrantisme waarteen die Dordtse vaders so 'n suiwere standpunt ingeneem het, antwoord op die vraag: Ja, natuurlik, alle mense word in Christus salig. Is God dan nie 'n God van liefde nie? Is Christus se offer dan nie algenoegsaam nie? Nee, Christus pro omnibus (Christus vir almal). Alle mense word salig.

Hoe mooi en aanloklik ook hierdie standpunt oor die grootheid van Gods liefde en genade is, nie die mens kan antwoord gee op hierdie allerbelangrikste vraag nie. Alleen God kan dit doen. En Hy het dit gedoen in sy Woord.

God voer ons, wat hierdie saak betref, in sy Woord terug tot die ewigheid. God sê aan ons dat Hy in die ewigheid reeds sy gedagtes vasgelê het in 'n plan. Sy voorneme in verband met die wêreld en die mensheid en u ewige wel en wee is vasgelê in sy ewige Raad; dit is opgeteken in sy Boek. In die Boek van die lewe het hy die name opgeteken van hulle wat in Christus ingelyf word, van hulle wat sy weldade aanneem, van hulle wat, soos Johannes die Doper dit stel, in die Seun glo. God sien sommige dus aan in die

soenbloed van sy Seun en die ander nie.

Hier is die grondslag van ons geloof: die ewige uitverkiesing van God in Christus Jesus. 'n Geheimenis is dit, 'n ondeurgrondelike misterie.

Ons staan hier as 't ware voor 'n hoë bergkrans waarteen ons in eie krag nie kan opklim nie. Steil en regaf is die bergkrans, hier aan die voorkant, maar weet u, daar agter, agter die rotse in die groen bergvallei hoor ons wel die stroompies klater in duisend stemme en daar sal ons vry kan beweeg. Daarbo is die hoë berg-plato waar ons sal kan staan en waar ons oog ver sal kan sien en wyd. God sal ons daar bring al is dit langs 'n ander meer begaanbare weg, al is dit van die kant van die bergvallei.

Maar hier waar ons nou nog staan voor die krans, steil en onverbiddelik, hier kan geen Remonstrant of Roomse ons help nie. Hier spreek God alleen sy onverbiddelike taal: Alle mense word nie salig nie! Daar is sommige op wie die toorn van God bly. Daar is duisende wat wegsterf in hul sonde en die ewige tabernakel nooit sal binnegaan nie.

Opvallend is dan ook as die kategismus op die vraag of almal verlos word in Christus moet antwoord, dan is dit kortaf: "nee." Moet dit egter nie interpreteer as 'n juigkreet nie; dit is eerder 'n snik. Daardie "nee" is die korte felle smartkreet van die liefde tot die baie wat die dood liewer het as die lewe. Daardie "nee" spreek die taal van Ps. 95: "Ag, as julle maar na sy stem wou luister!" Dit verkondig egter ook die steil regaf bergkrans. Ons Kan daarteen nie op nie.

Maar wat veral opvallend is, is dat die kategismus hom haas om die bergtop van die ander kant af te benader: "Diegene wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is en al sy weldade aanneem," hulle word salig. Die geloof in Christus was nog nooit 'n steil bergkrans maar dit was 'n begaanbare weg deur die valleie na die berg-plato en die hoë rotsrug. En dit is ook heeltemal Skriftuurlik: "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe."

Die verkiesing is grondslag van die geloof. So het ook die Dordtse vaders dit in die bekende Leerreëls gestel. Daarmee word die saak van die verkiesing nie alleen vir ons duidelik nie, maar daardeur word die geloof ook in die eerste plek aan ons voorgehou as 'n gawe van God. Die kategismus spreek dan ook van "ingelyf word." Alle nadruk val op die "word." Die mens dien homself nie aan en dring homself nie op en skryf homself nie in in die lewensboek nie maar hy word ingelyf. God, die Vader, die Almagtige, lyf uit vrye genade mense in in die liggaam van Christus. Jesus spreek self ook in Joh. 6 van "hulle wat die Vader My gegee het." Met ander woorde alle mensewerk is hier uitgesluit. Daar is maar een wat werk nl. God en hierdie werk is die werk van goddelike alvermoë. Dit het deur God self geskied. Ons sien dit maar deurgrond dit nie.

Ons "word ingelyf." Dit is ons onmag. Dit is ons volstreckte onbevoegdheid om mee te spreek in hierdie diepe en hoogsbelangrike saak.

O, laat ons dit tog toestem, Geliefdes in die Here, ook die geloof is Gods werk. As u dink aan u eie geloofslawe, aan u deelgenootskap aan die koninkryk van God dan word u altyd weer terugverwys na die God van die verkiesing en die verkiesing van die God wat sondare in Christus uit genade verlos.

Dit is die passiewe, die lydelike kant van die geloof — die geloof is gawe. Maar daar is ook 'n aktiewe kant en dit mag ons ewemin veronagsaam. Die geloof is ook opdrag aan en taak van die mens. Daar is nie alleen 'n "ingelyf word" nie maar daar is ook "sy weldade aanneem." Daar is ook 'n stryd wat gestry en 'n wedloop wat geloop moet word. Ons teksvers stel dit ook as 'n taak van die mens: "Hy wat in die Seun glo." En op 'n ander plek: "Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word." Hoe moet ons dit verstaan? Aan die een kant sê ons, God gee alles. Aan die ander kant sê ons die mens moet ook verwerf en aanneem en werk en stry.

Ons is in onself onmagtig, dis volkome waar, maar waar is ook wat Johannes in hoofstuk 1 van sy Evangelie reeds aangekondig het: "Almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo."

Die onmag word mag. Die onmag om onself te verlos, word mag om te glo in die verlossing. Dit is die Heilige Gees, so stel die Dordtse Leerreëls dit weer so uitnemend, wat die verstand so verlig en die hart so vermurwe en die wil so ombuig dat daar nou die wil is om te glo. As Paulus in Fil. 2 die Filippense toeroep:

"Werk julle eie heil uit met vrees en bewing," dan laat hy onmiddellik daarop volg die magtige openbaringswoord, wat die gawe van God ontsluit en wat ewigheidslig laat val oor die opdrag: "want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae."

So gesien word die geloof 'n organiese krag in my lewe wat groei en bloei en wat veel vrugte voortbring. So gesien word dit die geweldige dinamiese faktor in my lewe wat my laat jubel in die sekerheid dat ek aan Christus behoort en Christus aan my.

2. Kennis en vertroue as wese van die geloof.

Die ware geloof is nie alleen kennis nie. As dit so was dan het die duiwel ook geloof besit. So 'n geloof wat alleen uit kennis sou bestaan, is kil en koud. Dit redeneer wel maar getuig nie. Dit is liefdeloos en hoogmoedig. Dit is die geloof van die Fariseër. Aan die ander kant moet die geloof ook nie alleen 'n saak van vertroue wees nie. Dit sou vervloei in 'n oppervlakkige aandoenlikheid. Nee, die ware geloof neem die ganse mens in beslag met al sy funksies van hoof en hart.

Die ware geloof kan nie maar net hier en daar 'n woordjie inkry nie, maar dit het alles te sê. Daar is geen plan wat ons bedink en geen onderneming wat ons op tou sit en geen woord of daad in ons lewe of dit moet geskied uit die geloof.

Dat die ware geloof in die eerste plek kennis vereis, beteken soos die kategismus dit kostelik stel, dat ek alles vir waaragtig hou wat God in sy Woord geopenbaar het. Dit lyk nie so moeilik nie omdat ons tog as gelowiges Gods Woord as die waarheid aanvaar.

God het die mens goed geskape. Adam het geval. Abraham is uit Ur geroep. Jesus is gebore in Bethlehem. Paulus was in die gevangenis in Rome. Maar dit is nie al nie. In die antwoord van die kategismus lê ook opgesluit dat ons die objektiewe waarhede van die Skrif, subjektief vir waaragtig hou, d.w.s. in ons weg en werk dit uitlewe! En hoe staan ons daarteenoor as ons kom by die Bergrede? O, weet u, ons aanvaar net wat ons pas, ons skeur hele bladsye uit die Woord van God. Ons moet alles vir waaragtig hou, met al die liefde van ons hart ken en aanvaar.

Maar daar is ook die vertroue. Dit werk die Heilige Gees voortdurend in my hart. Vertroue is dus nie 'n kapitaal waarop ons kan teer nie, maar dit besit die organiese element soos 'n boom wat uit die sap van die aarde groei. Dit Heilige Gees gee die vertroue! Hy rig die struikelende weer op; Hy maak die slap hande sterk; Hy maak die onrustige hart stil.

Het u dit al ervaar, daardie voortdurende werking van die Heilige Gees in die hart? O, wat sou ons swakke mensies sonder God die Heilige Gees' kan doen? Waar het u die krag vandaan gehaal toe u dierbare ernstig siek was of toe u moes aanskou hoedat u vrou of man of kind of ouer die vallei van die dood moes ingaan? Wie het u die moed en die stilheid van hart geskenk toe donkere dae u gesinslewe bedreig het?

Die ware geloof sê amen op die boodskap dat nie alleen aan andere maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid van God geskenk is uit loutere genade om Christus ontwil.

Dit is hierdie geloof in die hart van Johannes die Doper wat hom ook die kostelike woord van ons teks laat uitspreek het: "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe."

3. Skrif en belydenis as inhoud van die geloof.

"Wat is dan vir 'n Christen nodig om te glo?"

Met hierdie vraag kom ons te staan voor die baie aktuele saak van die inhoud van die ware geloof en in sy antwoord noem die kategismus die Skrif en die belydenis.

Die geloof, so leer die Skrif ons ook, reken met die Woord. Dit sit alle ander oorweginge opsy. Dit is die bron waaruit die geloof gevoed word. As gesprek word van dit wat in die Evangelie beloof word, dan dui dit geensins op 'n beperking nie maar alleen op die feit dat die sentrale gedagte van die ganse Woord van God die heilsbeloftes in Christus is.

Nooit kan dit genoeg beklemtoon word nie: die geloof rig hom op die Woord en die Woord voed die geloof. Maar die ware geloof duld dan ook geen verzet teen die gesag van die Woord nie. Dit erken dat die hele Bybel Gods Woord is wat met goddelike gesag tot ons spreek.

Ag, hoe het die geleerdes deur die eeue nie gaan knaag aan hierdie belydenisstuk nie? Hoe het hulle nie die gesag van die Skrif probeer ondermyn en dit gaan verlaag tot 'n bundel gewone, menslike, feilbare en gebrekkige geskifte nie? Ander het weer gaan skif en keur en alleen sommige gedeeltes in die Bybel gaan proklameer as die Woord van God. So word die gesag van die Skrif verlê vanuit die objektiewe in die subjektiewe, vanuit die Skrif self in die persoonlike geestelike lewe van die mens. Hoe verwaand, of sal ons sê hoe duiwels dat die mens Gods werk wil gaan beoordeel!

Nee, die ware geloof buig voor die goddelike, die absolute gesag van die Woord. Wie waaragtig glo, hou die Bybel vir die Woord van God. Wie waaragtig glo, tree buite die kring van die gewone natuurorde en ook buite die kring van klein menslike spekulasies en gryp God aan, die ewige God wat Homself in sy Woord geopenbaar het. Wie waaragtig glo erken dat die Skrif in sy absolute gesag heers oor die hele mens vir tyd en ewigheid. Hier staan ons in krygsdiens. Ons hoor die bevel van onse God en Koning weerklink uit sy Woord en daardie bevel lê beslag op ons hele persoon, ja, self op ons gewete.

Maar die kategismus noem ten opsigte van die inhoud van die geloof ook nog die belydenis, die twaalf artikels.

En werklik, as ons die Christelike Kerk beskou as 'n leër wat opmars deur die eeue onder aanvoering van hul ewige God en Koning, dan is ons geloofsbelydenis te vergelyk met die banier of die vaandel wat vooraan gaan en wat die inspirasie is. So het die Gereformeerde vaders dit ook bestempel. Bastingius bv. het dit genoem die veldteken van Christelike ridderskap.

Vir baie eeue kon die Christelike Kerk reeds voortsleutel onder die vaandel. Dit word dan ook genoem die apostoliese geloofsbelydenis as aanduiding dat dit in die apostoliese kerk reeds sy oorsprong het en wel in die bekende doopformule.

In hierdie twaalf artikels nou is ons geloofsinhoud in hoofsaak saamgetrek. Dit bring egter nie mee dat ons daaraan dieselfde gesag mag toeken as aan die Skrif nie. Die Bybel is Gods Woord, geskrywe deur die Heilige Gees en verg daarom absolute gesag. Die belydenis van die Kerk is en bly mensewerk en dit behoort dus tot 'n ander kategorie as die Skrif. So gesien het die ware gelowige met sy waardeskatting dan ook geen moeite nie. Skrif en belydenis, Woord en dogma dra nie dieselfde gesag nie. Eersgenoemde het goddelike gesag. Laasgenoemde het Kerklike gesag. By die belydenis is hoër beroep op Gods Woord dus toelaatbaar. Dit is nie onfeilbaar nie. Ons mag dus nooit die belydenisskrifte van die Kerk oorskat en verabsoluteer nie.

Maar aan die ander kant moet ons ook waak teen onderskatting. Daar is sekere sektariese strominge wat niks met die belydenis te doen wil hê nie en wat alleen sogenaamd wil leef by die Bybel. Ons mag egter nie vergeet nie dat die belydenis die vrug is van die geloofsarbeid van die Kerk van baie eeue. Ons mag nie vergeet nie dat dit gedra word deur die fondament en geput word uit die fontein van die Woord. Ons mag nie vergeet nie dat dit voortgebring is deur die Kerk van Christus wat deur Paulus genoem word 'n pilaar en grondslag van die waarheid.

Daarom, gelowiges in Christus, omklem die vaandel met alle krag wat in u is, hef die banier omhoog en leef uit u geloof wat gevoed word deur Skrif en belydenis.

Dan is die geloof vir u nie 'n eienaardige voorwerp van stryd en sorg, wat dag na dag,

jaar na jaar gekoppel word aan die angsvraag: Besit ek dit wel of word ek wel salig nie. Dan is dit vir u nie 'n rentelose kapitaal waaraan u niks het nie.

Dan is dit geen onvrugbare boom wat nutteloos die aarde beslaan nie.

Maar dan is u geloof die organiese, ja, die dinamiese krag in u lewe wat u in voortdurende verbinding stel met die Koning van die konings, die Here van die heerlikheid. Dan is u geloof die anker wat vas lê in die oseaan van die ewige onveranderlike beloftes van God. Dan leef u uit die sekerheid: "Dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin, naamlik ons geloof."

Amen.

SONDAG 8.

Dr. SCW Duvenage

Lees: 1 Joh. 5:1-13.

Teks: 1 Joh. 5:7.

"Daar is drie wat getuig in die hemel, die Vader, die Woord, en die Heilige Gees en hierdie drie is een."

Ons teksvers sowel as Sondag 8 van die kategismus skuif voor ons oog die gordyne van die tyd oop en vergun ons 'n blik in die onbegryplike ewigheid voor die grondlegging van die wêreld.

Dit handel oor die ewige en drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

Ons moet in die prediking handel oor Hom wat geen oog nog ooit gesien het nie en wat tog op geestelike wyse deur ons geken moet word, van Hom wie se wese verborge is vir die sondige mens, en wat tog homself aan ons geopenbaar het — van Hom wat genoem word die Lig van die wêreld terwyl Hy tog in donkerheid woon.

Dit is of ons hier wil terugdeins want ons staan voor 'n ondeurgrondelike misterie. Tog mag ons die geheimenis in die geloof benader, want die geloof is meer 'n aksie van die hart as van die verstand, die liefde aanvaar waar die verstand nog nie kan begryp nie.

Werklik die saak aangaande die bestaan van God is 'n saak van die **geloof** en daardie geloof gee God.

Hier pas dit ons om gelowig die woorde van Moses na te stamel wat hy in Psalm 90:2 in heilige geesverrukking geuiter het.

"Voordat die berge gebore was, en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God."

Want dit is by hierdie woorde asof die hand van die Godsmen vanuit die lae vlaktes van ons aardse lewe, wat in die teken van die tyd staan, heenwys na die ewige berge. En dit is asof die siel van die gelowige by die na-stameling van hierdie woorde omhoog gebeur en ingelei word in die majestueuse stilte van die ewigheid waar die hoë en verhewe God troon.

Ons sê dit is 'n saak van die geloof. Ons kan God nie begryp of omvat met ons verstand nie.

Hoe sou ons Hom met 'n eindige verstand kan begryp terwyl die hemel van die hemele die Oneindige nie kan bevat nie. Die heilige engele bedek hul gelaat met hul vlerke as hul in Gods teenwoordigheid verskyn, en hoe sou ons dan van Hom selfs kan spreek met onreine lippe?

Ons noem dit dwaas om met 'n skulp wat op die seestrand lê, die waters van die oseaan te wil uitskep, maar hoe sou ons met ons beperkte vermoëns die hoë God kan deurgrond en begryp?

Ons is 'n skaduwee wat verby gly, en Hy is die Ewige.

Ons is bowendien sondaars en as sodanig verduister in die verstand; Hy is die Heilige, 'n ewige onbegryplike Wese.

Nietemin moet ons Hom leer ken, want geloof is tog ook kennis. En ons kan Hom alleen waarlik leer ken uit sy **Woord** wat Hy aan ons geopenbaar het.

Ons slaan die Skrif oop en laat ons deur God onderrig aangaande Homself. Wie anders sou dit kon doen? En dan erken ons dat die hele Skrif vol is van sy heerlikheid. Oral is sprake van die eenheid en die drie-eenheid soos dit op kostelike wyse weerspieël is in ons teksvers.

"Daar is drie wat getuig in die hemel, die Vader, die Woord en die Heilige Gees en hierdie

drie is een."

Twee sake volg uit ons teksvers:

1. Daar is 'n God.
2. Daar is 'n drie-enige God.

1. Daar is 'n God in die hemel.

Dit is die belydenis van die gelowige. Slegs die geloof kan sê: Daar is 'n God.

Bepeinsing en aanhoudende nadenke van filosowe en geleerdes buite die Skrif om kon hulle nie tot God bring nie.

Die ongelowige, hoe geleerd ook al, kan nie sê, wie en wat God is nie.

Wêreldse wysheid wat nie uit God is nie, kan God nooit ken nie.

Wêreldse wysheid lei eintlik tot ongeloof en die ongeloof tot dwaasheid:

In Psalm 14:1 lees ons: "Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God."

Hierdie godloëning is die uiterste, die toppunt van die sonde.

Dit is byna ondenkbaar dat so iets bestaan, want Paulus sê dat selfs die heiden die wet van God in sy hart omdra waarvan ons belydenis sê dat dit genoegsaam is om hom alle verontskuldiging te ontnem.

Ja, werklik, hy wat sê: Daar is geen God, hy is 'n dwaas — hy het laer gesink as die duiwels in die hel want hulle weet dat daar 'n God is in die hemel en hulle sidder.

En tog vind ons sulke verregaande dwaasheid onder mense wat hulle daarop beroem dat hulle so ontwikkel is dat hulle nie meer aan 'n God glo nie.

In hulle waanwysheid vertel hulle u dat die geloof aan 'n persoonlike God bots met die wetenskap, dit bots met die vooruitgang van die tyd, dit rym nie met die ewolusie, die ontwikkelingsleer nie.

Watter dwaasheid!

Dieselfde dwaasheid sou ons vind by iemand wat op die middag as die son helder skyn hom toesluit in 'n donker kamer en sê: "Daar is geen son nie."

Sien so 'n mens dan nie dat alles rondom hom, die natuur, die mens, die gewete getuig van 'n God nie.

As daar 'n huis voor hom staan, dan moet hy erken dat daar ook 'n bouer was wat die huis opgerig het.

Vir hom geld die woorde wat die Here tot Job gespreek het in die hoofstuk 38: "Gord dan as 'n man jou heupe — dan sal Ek jou ondervra en onderrig jy My.

Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het? Wie het 'n kanaal gesplyt vir die stortvloed en 'n pad vir die onweerstraal om te laat reën op 'n land waar geen mens is nie, op 'n woestyn waar niemand woon nie? Het die reën 'n vader? Of wie verwek die doudruppels? Kan jy jou stem verhef na die wolke, sodat 'n oorvloed van water jou oordek? Kan jy die bliksems uitstuur? Wie het wysheid neergelê in die wolke? Of wie het verstand gegee aan die wolkgevaarte? Die watersakke van die hemel. Wie giet dit leeg?"

Antwoord op die vrae, o dwaas, jy wat aan geen God glo nie!

Aanskou die water, die sneeu, die wind, die sterre; sien jy daarin geen Werkmeester nie? Sien jy nie daarin goddelike kuns en oneindige heerlike wysheid nie? Dink aan die jaargetye, somer en winter, herfs en lente, dag en nag, sien jy nie daarin 'n goddelike regering nie?

Dink aan die son — is daar enige mens wat dit vir die eerste keer aan die brand kon steek sodat dit nou daar hang soos 'n gloeiende kool?

Job moes uitroep by die aanskouing van dit alles: "Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van die Here dit gemaak het nie?"

En die gewete van die mens kan jou ook sê dat daar 'n God is.

Wat is dit anders wat Kain laat vlug het? Wat het Farao met trane vir Moses laat sê: "Ek het gesondig teen die Here, u God."

Waarom het Judas homself om die lewe gebring na sy verraad?

En waarom het die stadhouer Felix bevrees geword?

Dit is almal gevalle waar die gewete getuig het dat daar 'n God in die hemel is wat 'n wreker is van die ongeregtigheid.

Ja, die dwaas sê in sy hart daar is geen God nie, miskien omdat hy in die waan verkeer dat daar dan ook geen oordeel en geen regter is wat hom sal vonnis en al sy werke sal bring in die gerig nie.

Wat 'n voorreg is dit dat ons die openbaring van God self in die Skrif besit!! En wat 'n genade is daar nie in ons hart uitgestort nie, geliefdes, dat u en ek die openbaring gelowig aanneem!

Die gelowige Christen redeneer dan ook nie oor die bestaan van sy God nie. Hy het dit nie nodig nie. Hy het sy God gevind. Hy sien Hom. Hy bemin Hom; hy aanbid Hom en verheerlik Hom.

Met die geloof het Israel as 'n wonder van wysheid geskitter te midde van die verdwaasde mensheid. Deur hierdie wetenskap was *dit* 'n unieke volk tussen baie ander volke wat op velerlei gebiede tog Israel se meerderes was.

Al spot die ongelowige, en al verwerp hy in sy dwaasheid God, die gelowige buig hom in geloof en vertroue voor sy God neer en hy aanbid.

2. Maar die God in wie ons glo is 'n drie-enige God. Daarop let ons vervolgens.

Daar is drie wat getuig in die hemel, die Vader, die Woord en die Heilige Gees.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. VIII, lees ons:

"Ons glo volgens die Woord van God in 'n ewige God, 'n ewige wese waarin drie persone is, inderdaad en werklik en van ewigheid onderskeie volgens hulle onmededeelbare eienskappe: nl. die Vader, die Seun en die Heilige Gees."

Hier ook word vir ons die gordyn van die tyd opgelig en ons blik die ewigheid, die hemele in. Met die oog van die geloof sien ons heen na die volheid van die lewensgemeenskap tussen Vader, Seun en Heilige Gees, die drie persone van die een goddelike wese, die algenoegsame, volsalige en volheerlike God.

In die nooit begonne ewigheid is daar 'n goddelike saamlewe van die drie persone, Vader, Seun en Heilige Gees in die heiligste harmonie, in algehele eenswillendheid, in volsalige innigheid.

Die hoogste en die suiwerste verbondslawe bestaan daar tussen die drie goddelike persone van ewigheid tot ewigheid. Die volsalige lewe van God lê vas in die ewige goddelike verbond.

Maar waaruit weet ons dit? Waaruit leer ons die drie-enige God ken?

Die antwoord van die kategismus is: "uit die Woord van God."

En in artikel 9 van die geloofsbelydenis lees ons ook: "Die getuienisse van die heilige Skrifte wat ons leer om aan hierdie heilige Drie-vuldigheid te glo, is in baie plekke van

die O.T. beskrywe, wat nie hoof getel te word nie maar alleen met onderskeid of oordeel uitgekies moet word.

In Gen. hoofstuk 1:26-27 sê God: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis En God het die mens na sy beeld geskape." Ook in Gen. 3:22 "Nou het die mens geword soos een van ons."

Duidelik blyk hieruit dat daar meer as een Persoon in die godheid is as Hy sê: "Laat Ons mense maak na ons beeld," en daarna wys Hy die eenheid aan as Hy sê: "God het geskape."

Weliswaar sê Hy nie hoeveel persone daar is nie, maar wat vir ons enigsins duister is in die O.T., is baie duidelik in die Nuwe. Want toe die Seun gedoop is in die Jordaan toe het die Gees neergedaal in die vorm van 'n duif en die Vader se stem is gehoor waar Hy sê: "Dit is my geliefde Seun."

Verder is ook die doopbevel vir alle gelowiges in hierdie vorm deur Christus vasgestel: "Doop al die nasies in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."

Ook in die seën wat oor die gemeente uitgespreek word, te vinde in 2 Kor. 13:13, vind ons dit: "Die genade van die Here Jesus Christus, die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal" en dan veral ons teksvers: "Daar is drie wat getuig in die hemel: Die Vader, die Woord en die Heilige Gees en hierdie drie is één."

"In al hierdie plekke word ons ten volle geleer," so gaan die Nederlandse Geloofsbelydenis voort, "dat daar drie persone is in een Goddelike wese!"

Hierdie woorde neem die Christen gelowig aan. En die Christen, u en ek, word ook meer en meer van die waarheid oortuig as ons ons rekenskap gee van die verhouding waarin ons tot God staan.

Drie vrae styg dan in ons hart op:

Die eerste vraag is dit: Van wie hang ons bestaan as skepsele af? Wie het ons in aansyn geroep? Wie staan daar ver bo ons in wie se hand ons soos klei is?

Het ons vanself ontstaan, of is ons geskape sodat daar 'n Kunstenaar is wat weet wat die roersels van ons hart is, omdat Hy dit self geformeer het?

Is daar 'n Maker, 'n Skepper wat agter die hele skepping staan?

Ons teksvers en die kategismus gee die antwoord.

Dit is God die Vader, onse Skepper. Ons is geen toevallige verskynsels op aarde, geen golwe van 'n see wat doelloos op en neer gaan nie, maar ons is die maaksel van sy hand, die ewige en almagtige Skepper wat ook onse Vader is.

Daar kom ook 'n tweede vraag op: Ons het deur ons sonde 'n kloof tussen die God en ons hart geskep. Ons is sondare en daarom verwerplik voor die Heilige. Is daar 'n middel om die kloof te oorbrug en weer tot die Heilige te nader?

Die antwoord van ons teks verwys ons andermaal na die ewige wese maar hierdie keer insonderheid na God, die Seun, wat ons verlossing teweeggebring het deur sy bloed.

Hierdeur het die God **bo** ons weer 'n God **met** ons geword.

Maar daar bly nog 'n derde vraag in ons oor: Ons het nie alleen nodig 'n God **bo** ons en 'n God met ons, maar ook 'n God **in** ons. Dan eers kan die gemeenskap tussen God en mens volkome wees.

Die Heilige kan egter nie woon in 'n onreine hart nie, tensy dan dat Hy dit heilig tot sy tempel.

Dit geskied, so sê die kategismus, deur God die Heilige Gees.

As die Heiligmaker suiwer Hy ons hart van die besmetting van die sonde en herskep dit tot 'n woonstede van God in die Gees.

Die Vader, wakende in die hemel, is God **bo** ons.

Die Seun, lewende op die aarde, is Immanuel, God **met ons**.

Die Gees, wonende in ons hart is God in ons.

En wie sal sê watter van die drie werkinge van die ewige God die grootste, die luisterrykste, die roemenswaardigste is?

Onvergelyklik is die daad van God, die Vader, die Almagtige wat die aarde geskape het. Hy gebied en dit staan daar; Hy spreek en dit is daar. Hoe heerlik is die skepping van die Vader. Geen wonder dat die gesaligdes op die nuwe aarde die skeppingsheerlikheid van die Vader besing: "U, Here, is waardig die heerlikheid en die eer en die krag; want U het alle dinge geskape en deur U is hulle geskape."

Sowel in hierdie as in die toekomstige lewe is die skepping van die Vader die grote boek waarin Gods kinders lees en waaruit hulle sing, die paleis waarin hulle woon, die tempel waarin hulle kniel.

En *met* diep *ontslag* kyk die gemeente rond in die wondervolle wêreld en opwaarts na die skitterende sterre en sê met eerbied: Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde.

Maar daar is ook die werk van die God, die **Seun**. Waar is die pen wat dit kan beskryf, die tong wat dit kan beroem? Die neerdaling uit die gemeenskap van die Vader, die indaling in 'n kranke, jammervolle, van God vervloekte wêreld. Die wegwerping van eie glorie en die opneming van smaad en kruis.

Die vergadering van wat verlore, die genesing van wat verbreek, die lewendmaking van wat gestorwe is? Die verbreking van die sondekettings, die opening van grafdeure, die verbanning van hellesmarte.

Ja, dit is groot, dit is bewonderingswaardig! En dit laat die belydenis oor die lippe vloei: Ek glo in Jesus Christus, Sy eniggebore Seun, onse Here.

En dan die derde, die werk van die Heilige Gees. Dit is die uitdraging van die skatte van Christus na die arme, die indra van die lewe in die dode, die toeëiening van wat ons in Christus besit, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe onbevlek gestel sal word.

En hier sê die gemeente: Ek glo in die Heilige Gees.

Ja, dit word 'n intiem-persoonlike belydenis. Ons het hier immers nie net te doen met objektiewe waarhede nie, maar ook met lewende, kragtige en persoonlike ervaring. Die Vader toon dat Hy ons versorg. Die Seun bewys dat Hy ons was in sy bloed, en die Gees laat ervaar dat Hy in ons woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig.

Om dieper in te dring in die grote verborgenheid van die Drie-eenheid baat ons niks.

Ons kan dit eenvoudig nie begryp nie en daarom sê ons belydenis dat ons moet wag totdat ons die volkome kennis en vrug daarvan sal geniet in die hemel. **Dan sal ons siel verbly word deur 'n heilige en hemelse kennis waarvoor ons nou nog ongeskik is. Geloof word dan aanskouing.**

Maar bedink tog, o broeder en suster, hoe u staan ten opsigte van die ewige, heilige en hoogheerlike Wese. Vanweë die sonde is u van nature geneig om God te haat.

Lê dan tog die wapens neer in u stryd teen die drie-enige God. Erken Hom as die God wat alles geskep het tot sy eer.

Erken Hom as die God wat u verlossing teweeggebring het in Jesus Christus. Erken Hom as die God wat deur sy Heilige Gees u hart bewerk en vernuut.

En verbly u in die Here, u God, in die Vader as u Skepper, in die Seun as u Verlosser, in die Heilige Gees as u Heiligmaker, en leer die enige en drie-enige God prys vanweë die

werke van Sy hande.

Aan Hom kom toe die eer en heerlijkheid en aanbidding en danksegging tot in ewigheid.

Amen.

SONDAG 9

— VRAAG 26.

Dr. SCW Duvenage

Teks. 1 Kor. 8:6.

"Tog is daar vir ons maar een God, die Vader, uit wie alles is en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom."

Die Apostoliese Geloofsbelydenis of die 12 artikels is meer as eens 'n lied genoem, 'n psalm van blye geloofsverrukking. Heeltemal in ooreenstemming met hierdie waarheid geskied ook die **verklaring** van die belydenisstuk deur die kategismus. Hier blyk dit weer so duidelik dat die kategismus troosboek wil wees. In die uiteensetting oor die eerste artikel: "Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde," moet ons dan ook nie wetenskaplike teorieë verwag oor die skepping van alle dinge en oor die ewige generasie van die Seun, oor die onderhouding van alle dinge nie, nee, die bedoeling van die kategismus is om die belyer van die Naam van die Vader te troos met 'n heerlike wetenskap. Dit is om in sy hart 'n lofsang te laat ontwaak en oor sy lippe te laat vloei die jubellied van 'n kind wat hom uitermate verheug in sy kindskap.

Dit is in die gewone lewe reeds tragies as ons geen vader meer het nie, d.w.s. as ons hom nie meer het tot wie ons as kind wenend kan gaan met ons gebreekte speelgoed en tot wie ons ook as volwassene kan gaan met ons sorg en ons nood nie. En in geestelike opsig is dit veel erger as ons geen Vader het en erken in ons lewe voor wie ons ons gebroke lewens en geluk kan stel en tot wie ons kan bid om uitkoms nie.

Maar omgekeerd, wat 'n ryke wetenskap is dit in die gewone lewe as ons nog 'n vader het. En hoeveel ryker is die geestelike wete: ek het 'n Vader in die hemel. Hy sorg, Hy bewaar, Hy troos en versterk.

Dit is hierdie wete waarin die kategismus hom **beroem. Ja, beroem.** Net soos 'n kind op aarde soms sy beroemde vader in blye verrukking in teenwoordigheid van sy speelmaats kan loof: kyk, dit is nou my vader! So moet Gods kinders ook iets van die blye verrukking beleef as dit saam met die kategismus dit wil uitsing: Die ewige Vader van ons Here Jesus Christus, Hy wat alles geskape het, wat ook alles onderhou en regeer deur sy krag — Hy is ook my God, Hy is my Vader!

Hierdie aksent van roem en lof ontdek ons ook by Paulus wat teenoor die Korintheërs die nietigheid van die baie afgode beklemtoon en dan daarteenoor in geloofsblydskap dit as 't ware uitjubel: "Tog is daar vir ons maar een God, **die Vader**, uit wie alles is en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom."

Ons wil nou dus met u handel oor die **Vaderskap van God**. Op drie aspekte van die heerlike waarheid laat die kategismus die klem val.

1. Die vaderskap van God t.o.v. Jesus Christus.
2. Die vaderskap van God t.o.v. die skepping.
3. Die vadersskap van God t.o.v. u en my.

1. Die vaderskap van God ten opsigte van Jesus Christus.

Die vaderskap behoort tot die wese van God. Dit is onafskeidelik aan Hom verbonde. God was altyd Vader gewees en Hy sal dit altyd bly. God kan nie gedink word sonder die gedagte aan sy vaderskap nie. Die kategismus spreek van die ewige Vader.

Nie Adam in die paradys is die eerste vader nie en nie Kain as seun van Adam is die eerste seun nie. Ons kennis van vaderskap en kindskap vind dus nie sy oorsprong in die paradys nie. Nee, in die ewigheid reeds was God self Vader gewees, en in die ewigheid reeds was Jesus Christus Seun gewees van die ewige Vader. Die egte, die eintlike, die

oorspronklike vaderskap is dus die van God, en die vaderskap onder die mens is maar 'n floue afbeelding van daardie ewige vaderskap.

Onbegryplik is dit vir ons menslike verstand as die Skrif sê dat God ewige Vader is en dat Jesus Christus dus van ewigheid af Seun is. Maar so is dit aan ons geopenbaar en die misterie aanvaar ons in die geloof. God het van ewigheid af sy Seun gegenereer.

Die Heilige Skrif leer ons dat God voor die skepping van die wêreld nie werkeloos was nie, maar dat Hy ewig werksaam was omdat Hy ewiglik die Seun voortgebring het. Hierdie ewige generasie is veel grootser, ontsagwekkender en heerliker as die skepping van die wêreld en van die mens. Want in die skepping en veral in die mens, laat God sy beeld wel te voorskyn tree; Hy bring daarin iets van sy krag en sy wysheid aan die lig. Maar in die Seun beliggaam God Homself, geheel en al, sy volle krag en sy totale wysheid, ja, sy ewige godheid.

Dit is dus nie sonder rede dat die kategismus by die behandeling van die vaderskap van God hierdie feit dat Hy die ewige Vader is van Jesus Christus vooropstel nie. Dit is die belangrikste, dit is die fundamentele. Daarop rus immers ook Gods vaderskap ten opsigte van ons mense.

Ag, ons is so geneig om vanuit onself te redeneer. Onself vorm veelal die sentrum van ons gedagte-wêreld, ook as ons dink aan God en aan die vaderskap van God. Ons verbeel ons dat God eintlik maar alleen Vader kan wees omdat ons bereid is om kind te speel. Ons verbeel ons dat Gods vaderliefde alleen maar 'n voorwerp het omdat ons bereid is om in die koesterende strale daar van te staan. Maar, my broeder en suster, niks is verder van die waarheid nie en nêrens kom ons verwaandheid en ons sondige hoogmoed meer aan die lig as wanneer ons so dink of redeneer nie.

Hoe gouer ons besef dat ons nietige aardwurms, werklik nie so veel beteken in onself nie, hoe beter. Gods eer en majesteit, Gods vaderskap en vaderliefde is nie afhanklik van u en my denke en houding nie. God kan sonder die wêreld, God kan sonder u en my ook wel klaarkom. Al was die hemel en die aarde nie daar nie, al het die engele nie bestaan nie en ook nie die mense nie, dan was God tog net so ryk en volslag — want in die Seun het Hy alles. Die Seun is die voorwerp van Gods ewige verlustiging. Die Seun is die voorwerp van Gods ewige vaderskap en vaderliefde.

God is in die eerste plek dus Vader van ons Here Jesus Christus en eers daarna deur Christus is Hy Vader van die skepping en om Christus ontwil is Hy Vader van u en My.

2. Die vaderskap van God ten opsigte van sy skepping.

Die gelowige wat in die verhewe roemtaal en lofspraak die vaderskap van sy God wil besing, het nie maar een enkele tema tot sy beskikking deur middel waarvan hy dit kan doen nie. Nee, hier is 'n ryke verskeidenheid. Hy kan dit reeds uitjubel: My Vader is die ewige Vader van ons Here Jesus Christus en nou gaan hy voort "My Vader het hemel en aarde, met alles wat daarin is, uit niks geskape"; "My Vader onderhou en regeer ook nog dit alles met sy ewige krag en voorsienigheid!"

Die woord "vader" in sy rykste, ruimste en volste betekenis dui aan die oorsprong waaruit lewe voortkom. Die benaminge wat ons vir God in die Skrif vind soos "Fontein van die lewe," "Bron," "Wortel," "Alfa," ens. bevestig die waarheid. Vader in sy mees algemene sin beteken ook Skepper. Paulus bely dit ook in ons teksvers: "Tog is daar vir ons maar een God, die Vader, **uit wie alles is.**"

Die gelowige roem dus daarin dat die uitgangspunt, die diepste oorsaak, die wortel, die fontein van alle dinge, nie in die mens gesoek moet word nie maar in God sy Vader; Hy is Vader ook van geheel die skepping. Daar is geen ander verklaring vir die oorsprong van alle dinge; daar is geen ander rede vir die ontstaan en bestaan van stof en plant en dier en mens as die ewige God uit wie alles is nie. Hy het die onafsienbare oseane te voorskyn geroep, Hy het die see en die strowe, die aarde en die hemel bevolk met

reature van die mees uiteenlopende aard en karakter. Hy het die miljarde van sterre en planete en komete voortgebring deur die almagtige woord van sy krag. Hy wys die wind en die wolke hulle koers aan.

Ag, as ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het — wat moet my bewondering groot wees!! O Here, ons Here, hoe heerlik is u Naam in die ganse skepping !!

Sterrekundiges beweer: wat 'n enkele stofdeeltjie is in die stad Londen, dit is die aarde in die heelal! Hoe groot moet die heelal dan wees!

En hoe groot is God wat aan wêreld gedink het, en dit was daar? Hier is die grondslag van die suiwere Calvinistiese wêreldbeskouing. In die opbou van 'n wêreldbeskouing is dit meestal so, dat die mens uitgaan van die werklikheid van die wêreld om dan eers die werklikheid van die Skepper aan te toon; in die belydenis van die Kerk daarenteen, gaan mens eers uit van die werklikheid van God, die Vader van ons Here Jesus Christus, om jou dan daarna te verdiep in die werklikheid van die wêreld en die mens. Geen suiwere wêreldbeskouing sonder 'n suiwerige belydenis aangaande God nie. En ons belydenis stel dit so duidelik: die ewige God het alles uit niks gescape. Uit niks, ja. Hy is onafhanklik van die stof. Elke aardse kunstenaar is gebonde aan sy materiaal waaruit hy iets wil formeer. Maar God skep uit niks deur sy magswoord, deur sy ewige Woord die Logos, die Seun. En dit alleen is in die volle sin van die woord skepping. En verder dra Hy en versorg Hy en onderhou Hy ook alles, 'n waarheid wat in die volgende Sondag van die kategismus breed uitgewerk word.

Hoe groot is onse Vader!! Hoe heerlik is sy Naam en hoe hoog moet ons lofsang nie opklim tot verheerliking van die God nie!!

Werklik, broeder en suster, wie in alles wat bestaan, die maaksel sien van Gods hande, sien ook in die skepping 'n magtige orkes wat die lof van die Vader verkondig. Die gefluit van die winde, die gesang van die voëls, die geruis van die opgesweepte golwe van die see, die gedonder en geknetter van die wolkgevaarte — dit alles vorm te saam die één groot orkes, en as die mens met sy harp en siter, met sy mond en hart die Here opreg prys, dan verander die hele skepping tot een magtige simfonie van glorieuse lof-akkoorde tot eer en verheerliking van Hom uit wie alle dinge is.

En as die mens verder deur genade leef in die wetenskap dat die wêreld van moment tot moment, in al sy wisselende gebeurtenisse, in al sy magtige hoogtes en angswekkende dieptes staan onder die vaste leiding van Hom, die Vader van ons Here Jesus Christus wat hemel en aarde uit niks gescape het, dan het hy rus gevind, en dan het hy altyd 'n hoopvolle uitsig op die toekoms. God, die Vader laat nie vaar die werke van sy hande nie.

3. Die vaderskap van God ten opsigte van die mens.

As die kategismus hom uitspreek oor die vaderskap van God ten opsigte van die mens, dan bereik hierdie lied sy crescendo. Ontroerend is die werklikheid van die vaderskap van God ten opsigte van u en my. Of ontroer dit u nie dat die grote Skepper van alle dinge voor wie se voete die sterre opgaan soos dun stof, onder die miljoene en miljoene van skepsele, gedink het aan u wat minder is as 'n druppel aan die emmer of as 'n stoffie aan die weegskaal; aan u, in onderskeiding van andere, aan u wat skuldig is en doemwaardig vanweë u sonde — ja, dat Hy gedink het aan u, nie om u te vertree, maar om u te behou, om in heel besonder sin **u Vader** te wees deur aanneming tot kinders, deur die bloed van sy eniggebore Seun? Vervul dit u nie met ontroering dat die Skepper en Onderhouer van alle dinge **u Vader wil wees, deur u in Christus die kinderreg te skenk**, SY vaderlike liefde u te betoon, aan sy vaderhand u te lei en u bekwaam te maak om eenmaal deel te hê aan die erfenis van die heiliges nie?

Broeder en suster, dit is tog 'n aandoenlike skoutoneel as 'n kind wat ver, eindeloos ver weggedwaal het van die vaderhuis weer tuis kom en dan moet uitvind dat die vader se

hart altyd brandende was, ja, dat sy vader altyd aan hom verbind was met onsigbare bande, en dat hy bo verwagting en bo verdienste om die hals geval en gekus word. So was dit met die verlore seun. So is dit met elke verlore seun en dogter in Adam wat in Christus genade ontvang om na die Vader te gaan, ook met u en my. As ons dit eers so gaan sien, dan kry die vaderskap van God vir ons 'n nuwe aksent. Dan sien ons in die vaderskap van God nie maar net die algemene vrymagtige regering kragtens sy almagtige soewereiniteit, waaronder ook die mens moet buig soos 'n slaaf onder sy meester nie, maar ons sien in die vaderskap van God die intiem persoonlike bewoëndheid, die liefdevolle en die besondere sorgsaamheid van 'n vader oor 'n kind vir wie Hy reeds alles opgeoffer het.

Die Vader het Jesus Christus opgeoffer, letterlik opgeoffer om u te behou, om u tot sy kinders te maak. Paulus sê dit ook: "Daar is vir ons maar een God, die Vader, en een Here Jesus Christus deur wie alles is en ons deur Hom." Ja, deur Hom, deur Jesus Christus is ons wat ons is. Deur hom het ons kinders geword en erfename en kan ons bely: "ons het maar een God. Ons het 'n Vader."

Hierdie vaderskap om Christus ontwil bied die rykste troos en bemoediging wat 'n mensekind in hierdie aardse jammerdal seker kan ontvang.

Want by hom wat deur die geloof in Jesus Christus kind geword het van die hemelse Vader, die Vader van Jesus Christus, die Skepper van alle dinge, by hom verstom die kritiek en die klaaglied, by hom maak die twyfel plek vir heerlike sekerheid en kom daar in alle omstandighede berusting. Want Vader sorg, Vader voorsien in alle nooddruf na die liggaam en na die siel. Vader het sy eniggebore Seun gegee en met Hom gee Hy ook alle dinge.

Hy plaas soms wel swaar en smart op my lewensweg; ja, hy beskik soms oor my die kwaad of dinge wat vir my soos kwaad lyk in hierdie jammerdal, maar ook daarmee het Hy 'n verhewe en heerlike doel. Want alles werk vir my mee ten goede, ja, ten beste. Hier het die kategismusopstellers sekerlik geput uit 'n ander woord van Paulus, nl. uit Rom. 8 waar Paulus besig is om die lyde van die teenwoordige tyd op te weeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word.

Paulus sê: alles werk mee ten goede vir Gods kinders. Die kategismus daal af in besonderhede: selfs die kwaad wat oor my beskik word, werk mee ten goede vir my, Godskind.

Die goeie wat Paulus op die oog het, is die heerlijkheid wat daar was. Dit is die ewige doel wat die Vader op die oog het vir sy kinders. En op daardie doel stuur God af. Alles werk daartoe mee, alles stu daarheen voort.

As hier alleen sprake was van die gedeeltelike goeie, van die betreklike of aardse goeie, dan is hier maar weinig belofte. As dit slegs aardse herstellinge en aardse vergoeding was wat hier aangebied word, sou ons menigmaal teleurgesteld gewees het. Want baiekeer, u weet dit, bly reeds die aardse herstel en vergoeding uit en nogtans werk dit mee ten beste.

Nee, elkeen wat die dieptes van die lewe ondervind het, sal toestem dat daar soms trane op hierdie aarde vloei wat deur al wat die aarde bied, nie gedroog kan word nie. Daar is soms wonde wat op hierdie aarde altyd oop en seer sal bly. Daar is verliese wat verliese sal bly indien dit nie meewerk tot 'n hoër wins, ja, tot die hoogste goed nie.

Alles werk mee ten goede.

Die skynbaar kwade werk mee ten beste.

So word ons hele lewe as 't ware uit die duisternis van die aardse bestaan opgehef en 'n hemelse lig val daaroor heen — die lig van ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat alles laat heenstu na sy ewigheids- en heerlijkheidsdoel.

Ons hele lewe as kinders van die Vader kom so te staan in 'n hemelse perspektief, in 'n ewigheidsperspektief. Ons klein nietige bestaan is dan per slot van rekening tog nie so

nietig as wat ons dink nie. Dit is in Christus van ewigheidsbetekenis.

En die dinge wat daar in ons lewens gebeur, wat dit ook al mag wees, gaan nie spoorloos by ons verby soos wat 'n skip deur die water gaan sonder om 'n spoor na te laat sodra die rimpeling weggegoef het nie. Nee, elke lewenservaring, ook die skynbaar onverstaanbare dinge, is die druk van die vinger van die hemelse Pottebakker waardeur die voorwerp nader aan sy voltooiing kom.

Het u nie ook behoefte aan die ryke troos van hierdie woord nie, my broeder en suster? Dit is die sekerheid wat u kindskap u bring: alles werk mee ten beste: u tranes van droefheid, u rou en lyde, u teleurgestelde verwagtinge vir persoon en huis, u vervloë ideale, u huislike leed en verborge smart oor 'n kind wat teleurstel, alles werk mee ten beste: die swaar en die smart van u volk, die veragting wat dit moes smaak, die stryd vir behoud van taal en kultuur en godsdiens. Die stryd van Gods Kerk op aarde, die hoon en smaad wat dit moet verduur, die opkoms van die antichristelike magte, die suksesse van die Kommunisme — alles werk mee ten goede vir Gods volk. Alles stu heen na die ewige heerlijkheid. U Vader gee u daarvoor die sekerheid; Hy kan dit doen; Hy is tog almagtig; Hy wil dit doen; Hy is tog u Vader.

En noem my nou maar één wêreldbeskouing, een lewensuitsig wat meer verheffing en tegelyk meer rus gee as hierdie sekerheid.

Werklik nou verstom my kritiek en my klaaglied geheel en al! Nou verhef ek my hart opwaarts in die hemel.

Daar is Jesus Christus aan die regterhand van sy Vader. Deur Hom het ek kind geword. En dáar is my Vader. Hy is die Almagtige; Hy is die Skepper van hemel en aarde; Hy is so oneindig groot en verhewe, en tog!!! Hy het Hom na my neergebuig en my toegefluister: "Jy is my Kind ! "

Ek kan dit nou uitsing:

"Hy kan en wil en sal in nood
selfs as ek sidder vir die dood
volkome uitkoms gewo ! "

Amen.

SONDAG 10.

Dr. SCW Duvenage

Lees: Hebr. 1.

Teks: Hebr. 1:3.

"Hy dra alle dinge deur die woord van sy Krag."

Dit lyk werklik of die belydenis van die voorsienigheid van God deur talryke gebeurtenisse van die eeu in die smeltkroes gewerp word. Nie dan wanneer die menselewe soos 'n rustige see daar uitsien sonder heftige branders en skuimende golwe nie, maar dan wanneer die storm in die wêreldsee losgebreek het, wanneer dit bruis en raas en kook op die watervlak — dan betwyfel en ontken die mens die regering van God oor alle dinge. In tye van allesomvattende krisis van chaotiese verwarring en wanhopige lewensgevoel, draai die mens sy rug op God.

En veral in sulke tye, soos ons tans ook belewe, is dit die vraag of die Kerk van Jesus Christus nog werklik die moed het om in diepe onskokbare geloof en in 'n grenslose vertroue die voorsienigheid van God te preek. Sal die Kerk nou nog kan spreek van Gods regering oor alle dinge, van sy heilige teenwoordigheid in hierdie wêreld, van sy onbegrensde bestel oor wêreld en lewe, oorlog en vrede, Ooste en Weste, heidene en Jode? En sal die Kerk sy belydenis kan uitspreek met geopende oë en met egte geloof in die hart in die aangesig van sulke skrikwekkende feite wat die ongeloof in die hand werk?

Ja, broeder en suster, as Kerk van Jesus Christus bely en getuig ons vandag nog: **"Ek glo en aanvaar God se voorsienigheid."** En met die geloof in die voorsienigheid van God sien ons as gelowiges dan ook baie meer in die wêreld as ander mense.

Agter al wat in hierdie wêreld beweeg, en agter al wat leef, agter al wat smart gee en agter al wat vreugde verskaf, sien die gelowige **God**. Ja, hy sien Hom die Almagtige Skepper van hemel en aarde. Hy sien vandag ook in hierdie uiteengeslane wêreld, die werke van die Here en dit is baie groot.

Drie sake wens ek met u te behandel:

1. Wat die voorsienigheid van God beteken, of die inhoud daarvan.
2. Waaroor die voorsienigheid van God gaan, m.a.w. die omvang daarvan.
3. Hoe die voorsienigheid van God ons lewens beïnvloed, m.a.w. die vrugte daarvan.

1. Wat verstaan ons onder die voorsienigheid van God?

Ons glo in die ewige waaragtige God wat alle dinge dra deur die woord van sy krag. Die kategismus stel dit so duidelik: Die voorsienigheid is die almagtige en alomteenwoordige Krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele met sy hand onderhou en regeer. Onderhou en regeer, ja.

Dit lê ook voor die hand. Nadat alles deur die skepping **tot stand gekom** het, moes alles ook **in stand gehou** word, of soos die teksvers sê "gedra word," met die betekenis van voortdurende aandag.

Die horlosiemaker lewer sy kunstige meganisme in so 'n staat af dat dit deur die staalveer wat daarin is vanself loop as die opgewen is.

So 'n onafhanklike bestaan het God nie aan sy skepping geskenk nie. Die skepping bly nie in stand nie, maar Hy hou dit in stand.

God het sy skepping van die eerste oomblik af met sy moëndheid vasgehou en Hy dra dit nog steeds in sy almagtige Hand. Opvallend is dit dat in hierdie Sondagsafdeling tot drie maal van Gods hand gespreek word. Dit dui baie duidelik op die onderhouding van

alle dinge. God hou die skepsele deur sy almagtige en alomteenwoordige krag in stand.

Hulle wandel almal willens of onwillens aan die leiband van God, en skrei voort na die doel wat Hy in sy Raad bepaal het. Dit is 'n gedagte wat tot groot kalmte stem dat ons nie aan 'n grillige toeval oorgelewer is nie, maar dat alles onder Gods wyse en heilige bestuur en regering staan, sodat daar niks gebeur nie of sy hand kan daarin bespeur word.

Niks geskied by toeval nie, al hoor ons dit nog daaglik uit die mond van baie Christene. Nee, God hou die koesterende sonstrale en die reënswaare wolke en die dou van die hemel in sy besturende hand; lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank — dit hang alles van sy regering af. Skepping en voorsienigheid staan in onlosmaaklike verband met mekaar.

Maar ook die herskepping en voorsienigheid het verband.

Die onderhouding en regering van die gevloekte aarde en mensheid kan ons nooit verstaan as ons dit nie stel in die lig van die koms van Jesus Christus nie. Wie buite Christus om wil rus vind in 'n voorsienigheidsgeloof, sal in wanhoop verval.

Wie buite Christus om die hand van God in alles wil sien, sal dit nooit as 'n "Vaderlike hand" kan aanskou nie.

Wie buite Christus om die verbysterende in die wêreldgebeure wil deurgrond, sal in vertwyfeling beland.

Nee, die voorsienigheid van God en die herskepping staan in noue verband met mekaar. Want God het langs die eerste Adam die tweede Adam gestel. Onmiddellik na die sondeval het gevolg die reddende genade van God in Christus Jesus. In en deur Hom stel God Hom weer in gemeenskap met die gevalle mensheid. In en deur Jesus Christus word die aarde en die mensheid weer die voorwerp van God se verlustiging.

En deur Christus dra God alle dinge. Opvallend dat in ons teksvers sprake is van Jesus Christus. Die skrywer van die Hebreeërbrief het dit in die hoofstuk oor die voortreflikheid van die Christus van God. Van Hom word daar gesê: "Hy dra alle dinge deur die woord van sy krag." Ons geloof in die voorsienigheid van God is dus ook Christelike geloof. Christus vorm ook daarvan die middelpunt. In en deur Christus het God die Almagtige vir ons God die Vader geword en het sy voorsienige hand 'n Vaderhand geword.

Dit gee nis, nie waar nie broeder en suster?

2. Waaroor die voorsienigheid alles gaan.

Dit blyk uit die voorgaande dat die voorsienigheid oor alles gaan. Daar kan niks aan onttrek word nie — geen engel in die hemel, geen fladderende voëltjie, geen gedagte van ons hoof, geen enkele sug van ons hart nie. In die taal van ons kategismus gesprek, gaan dit oor hemel en aarde en al die skepsele en kom alle dinge uit sy vaderlike hand ons toe.

Ons teksvers sê ook baie uitdruklik: "God dra **alle** dinge deur die Woord van Sy krag." Ons kan niks buitesluit nie en sê: "Hier lê nou die grens van God se voorsienige bestel." Ons bespeur in alles sy besturende hand. Dit werk dus nie slegs in die skokkende wêreldgebeurtenisse nie, nie slegs in die opkoms van koninkryke en die val van vorstetrone nie, nie slegs in aardbewegings en oordele of in stormwind en vuur nie, maar ook in die gesuis van die sagte stilte, in die alledaagse gang van die lewe. Ons geboorte- en sterfuur is gewis in sy mag, maar die hare van ons hoof is ook deur Hom getel. Die pyl wat die man uit die boog laat vlieg, word netso deur Hom gelei soos die bliksem wat in grillige spronge deur die hemel flits.

Ja, die kleinste dingetjie ontgaan nie sy aandag en wil nie.

Want wie maak ten slotte uit wat gewigtig en groot is en wat klein en van minder betekenis is. Die grote is vir God klein en die kleine vir Hom groot. Wie die Bybel ken,

weet dat die wêreldgeskiedenis soms op die punt van 'n naald rus.

Selfs die sogenaamde vrye daade van die mens gaan nie buite Gods voorsienigheid om nie. Die mens wil maar God beskik. Ons denke, ons besinning, ons bepeinsing, ons doen dit seker met inspanning van al ons geesteskrag, maar God het daarvan die innerlike leiding in sy hand.

Soos die landbouer die waters na sy goëddunke oor die akker lei, so wend en keer God ook die stroom van ons gedagtes na sy welbehag. Keiser Augustus vaardig 'n bevel uit dat die hele wêreld ingeskryf moet word — dit is 'n vrye daad van homself — maar van agter blyk dit dat die eintlike bevel van die Koning van die konings en die Here van die here uitgegaan het.

Die broers van Josef verkoop hom aan 'n karavaan wat na Egipte trek — dis 'n vrye daad van die broers — maar Hy wat in *die hemel sit*, weet dat so sy Raad en wil met Josef en met sy volk vervul word.

Die voorsienigheid van God maak die mens dus nie tot 'n stok en 'n blok nie. Nee die verantwoordelikheid van die mens moet daarnaas ten volle gehandhaaf word. Ons vaders het gespreek van die concursus, die medewerking. Die mens word deur God as instrument gebruik.

Die vraag kom nou nog net ten slotte op: Hoe staan ons teenoor die voorsienigheid van God in die praktyk van die lewe? Hoe dink ons daaroor en hoe praat ons daaroor? Ag, mens huiwer om dit te sê, maar ek dink dat ons hierin al eg wêrelds is.

Ons het al so veroppervlakkig en verwêreldlik in ons lewens- en wêreldbeskouing dat ons dit te oordrewe vind om Gods hand in alles te sien.

Ja, ons dink en spreek nog daaroor as daar donkere wolke van oordeel oor die wêreld hang of as die dood een van ons dierbares weggeneem het of as ons die silwerjubileum van ons huwelik vier. Maar al die ander dinge en veral al die klein dingetjies en die gewone dinge van die lewe — om daarin altyd aan God te dink!! Dit kan tog nie. Wie dink nou aan God as hy in 'n motorkar sit wat een stuk meganiek is, produk van mensehande, of wanneer hy sy kantoordeur streng volgens elke dag se roetine, oopsluit, of as hy die badkamer se kraan oopdraai? Hoe kan Paulus selfs nog eet en drink hierin betrek?

O, my broeder en suster, dit is so gevaarlik as ons so weg van God af lewe in ons alledaagse bestaan. Weldra sien ons dan ook nie meer sy hand in die groot en buitengewone dinge wat die kategismus nie eers noem nie: in die storms en pestilensies, in die oorloë en hongersnood, in die aardbewings en rewolusies.

U weet hoe dit ook in ons eeu gaan met die hooggeroemde Christendom van die Weste. Toe die oorlog gekom het en die verwoesting en die chaos, toe was oog en hart gevestig op oorlogstuig en mannekrag; op tegniese vermoëns, op strategie en taktiek, maar wie van die grotes en wie van die gewone burgers het nog gedink aan Gods hand?

Ek dink as God soos onder die ou verbond deur 'n profeet 'n woord moet spreek tot die westerse beskawing, dan sou Hy tot ons gesê het: "Ek het dit teen julle dat julle my hand nie meer erken in julle lewe nie. Julle sien my nie meer raak as Koning van die konings wat alles onderhou en regeer nie. Julle het My, die ewige God uitgeskakel uit julle alledaagse bestaan."

Van die ware gelowige word egter nog meer verwag. Nie alleen moet ons Gods hand sien in alles nie maar ook moet ons Gods hand en Gods handdruk voel in alle dinge. Dit kos miskien nie soveel geloofskrag om van Gods vaderhand te spreek wanneer daar lig gesaai is op ons pad nie, wanneer daar gesondheid, rykdom, vrugbare jare is nie.

Baie moeiliker is dit egter as die nagsy van die lewe kom: die krankheid, die armoede, die onvrugbare jare.

Om dan ook te sê soos die kategismus: al hierdie dinge kom nie by toeval nie maar uit

sy vaderhand ons toe!! Armoede uit Gods vaderhand! Siekte en teëspoed uit Gods vaderhand!! Trane en rou uit Gods vaderhand! Om dan ook die warmte handdruk van die Vader te voel en Hom te hoor sê: "My Kind, Ek vergeet jou nie, neem al die swaar en smart uit my Vaderhand aan as 'n teken van my liefde". O, dit kan die natuurlike mens nie doen nie. Dit kan alleen deur die geloof geskied.

Dit is alleen die opregte gelowige wat die belydenis ook kan belewe. Daar gebeur so ontstellend veel in hierdie wrede wêreld, veel meer as wat enige een van ons besef. Die verskrikkinge van die godevyandige magte sal in die toekoms self nog toeneem en dit sal blyk watter groot mag die satan, onder die toelating van God, kan ontwikkel. Maar een ding is seker.

Daar is 'n God in die hemel wat die uitvoering van sy Raad gelê het in die hand van sy Seun Jesus Christus en Hy dra alle dinge deur die Woord van sy Krag.

3 Hoe die voorsienigheid van God ons lewens beïnvloed, m.a.w. die vrugte daarvan.

Die kategismus as die troosboek vir die gelowige stel herhaaldelik die vraag as dit een of ander leerstuk behandel het: Wat baat dit jou of watter nut is daarin geleë dat jy hierdie of daardie waarheid bely. Ook hier waar die voorsienigheid van God aan die orde was, is dit nou die vraag: wat baat dit jou? Ons moet dus ook met hierdie waarheid iets doen. Dit moet iets beteken vir die praktyk van ons lewe. As dit vir ons geen waarde het nie, dan is dit smakeloos en kan dit maar weggewerp word.

Die vraag is dus: is die belydenis van die voorsienigheid, die belydenis van Gods regering oor en Gods onderhouding van alle dinge vir u iets werd? Broeder en suster, leef u daarby? Put u troos en krag daaruit? Is al die voordele werklikheid in u lewe? Of is dit alleen maar 'n muurteks in u slaapkamer: "God dra alle dinge deur die woord van Sy krag," of "Alles werk mee ten goede," of "As God vir ons is, wie kan teen ons wees?"

Laat ons sien hoe dit u lewens beïnvloed. Onvergelyklik is die antwoord van die kategismus op die vraag:

(a) Geduldig in teëspoed.

Wat 'n veelomvattende woord? Solank ons die weg van die voorsienigheid van God nog nie ken en aanvaar as die weg waarin vir ons alles ten goede meewerk nie, staan ons vreemd teenoor hierdie seën van die lydsaamheid. Ons verstaan dan nog nie die beeld van die skaap wat stom is voor sy skeerders nie. Ons verstaan dan nog nie die eerbiedige swye van Aäron onder die snerpende slae van die roede nie, maar ons vervul dan nog die oor van God met ons ongeduldige klagte. As ons egter weet dat in die hoogte van die hemele 'n God woon van wie altyd bely kan word: die Here sal voorsien, dan word ons offeraars — offeraars wat ons die dierbaarste wat ons besit, nie laat ontroef nie, maar dit met eie hand na die altaar bring.

Van elke verlies maak ons dan 'n offer. By elke smart bou ons dan 'n altaar. Aan God gee ons dan wat Hy neem.

Die ware geduld sien in al die teëspoede Gods vaderhand, wat alles ten beste bestuur. Rom. 8:28. En hierdie egte Christelike geduld bring heilige aktiwiteit mee. Ons sleep dan nie meer ons kruis agter ons aan nie maar ons dra dit — vrolik en bly — nie omdat dit nou eenmaal nie anders kan nie, maar omdat God dit nie anders wil nie en omdat God in die teëspoed ook so onuitspreeklik goed is.

Om geduldig te wees, beteken dus baie meer as om maar net te swyg. Agter die swye kan daar nog soveel opstandigheid wees. Nee, die ware geduld bring tot roemtaal en tot lofsange in die nag.

Ken u die leerskool van die lyde, my broeder en suster? En wat het u daarin geleer? Gehoorzaamheid? geduld? lydsaamheid? volharding? As dit so is, weet dan dat Gods

naam daarin verheerlik is. Hy sal u ook eenmaal toon dat die lyde van die teenwoordige tyd nie op te weeg is teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

(b) In voorspoed dankbaar!

Sommige beweer dat dit eenvoudig is, veel eenvoudiger as om in teëspoed geduldig te wees, maar dink u nie dit gaan met die dankbaarheid by ons Christene soos met die onvrugbare vyeboom: die tuinier kom elke jaar vrug daaraan soek maar hy vind dit nie. Of gaan dit daarmee soos met die tien melaatses wat genees is en waarvan maar een teruggekome het om God te dank? Miskien is een uit die tien glad te hoog gestel. Want u moet ook weet wat die dankbaarheid inhou. Dit is nie maar 'n gevoelige opwelling as ons bemerk dat God sy seëninge oor ons uitstort sodat ons skuit byna sink vanweë die oorfloedige visvangs nie; dit is nie maar 'n stemming van erkentlikheid nie. Nee, dankbaarheid beteken veel meer. Dit is nie net gedagtes of woorde nie. Wat hier verlang word is 'n hele lewenshouding, 'n positiewe lewenshouding waarin die Naam van God erken en verheerlik word. Die vernaamste is dan nie die dankbare woord of die dankbare daad nie maar die dankbare mens. Om waarlik dankbaar te wees beteken die offer van die ganse persoonlikheid, ja die hele mens. As die kategismus later met die leer van die dankbaarheid begin, dan behandel dit die eerste die saak van bekering. Bekering het te doen met die afsterwe van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens. Die hele mens is daarin betrokke. Nie sonder rede nie. En daarna word gehandel oor die geboorte van die Here en oor die vervulling daarvan. Ja, dit is eintlik dankbaarheid.

Deur te dank bring ons weer die seëninge waarmee die Here ons bekroon het aan Hom terug tot sy eer.

Dankbaarheid is offerande en dit is gehoorsaamheid aan die God wat oorvloedig gee sonder om ooit te verwyte.

Welgeluksalig is dan ook die mens wat in sy voorspoed met sy gevulde hande die eerste na sy God snel en in verleentheid uitroep:

"Wat kan ek die Heer vir al sy guns vergeld? Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade? "

(c) Maar die kategismus stel nog 'n derde vrug wat daar volg op die belydenis van die voorsienigheid van God. En dit is dat ons in die toekoms 'n vaste vertroue op God het. Geen skepsel sal ons van sy liefde skei nie aangesien alle skepsele so in sy hand is dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie.

Die geloof in die voorsienigheid van God maak ons dus rustig en kalm. Hier is nie maar slegs sprake van optimisme nie, — o nee, dit is veels te goedkoop want dit is maar weer 'n "isme", dit is maar weer op sy beste 'n wêreldbeskouing — maar hier is sprake van 'n vaste vertroue, 'n diepgewortelde hoop dus. Dit is nie maar 'n vae begeerte na goeie kanse nie, maar dit is vas, dit is gevestig in God, die deur en deur vertroubare God. En verder die hoop, ons koester dit nie maar nie, maar ons het dit. Dit is ons onvervreembare besit — dit is die onaantasbare in ons lewe.

Voor ons lê die onbekende toekoms en daar kan in die toekoms so ontstellend veel gebeur. Die Bybel self laat ons hieromtrent nie in die onsekere nie. Die komende tye word nie aan ons geteken as dae van sonnige vreugde nie — veeleer as donker nagte.

Maar wie waaragtig aan Gods voorsienigheid glo, hy gaan die donkere toekoms tegemoet en hy sê: "wat daar ookal gebeur, niks sal my skei van sy liefde nie.

Veel kan ons ontnem word, maar nie die liefde van God in Christus nie. Daar kan geen skepsel ooit tussenin kom nie. Die band kan nooit deurgesny word nie, inteendeel, die band word al nouer gebind, totdat ons eenmaal altyd by die Here sal wees, Hom sal sien en voortdurend ongestoord van sy liefde sal kan geniet.

Hier vind ons dus die bron van ons vertroue: "Sy liefde, sy liefde bly in nood en dood vir ons, sy volk, oneindig groot."

Laat ons dan tog lewe volgens ons belydenis, geliefdes in die Here. Laat ons lewe soos geduldige, dankbare vertrouende Christene, mense wat lewe met God in Christus. Te midde van die so gejaagde lewe, te midde van die onrus wat daar in die wêreld heers, te midde van die duisende vrae wat uit die nood van hierdie aardse bestaan opstyg, is die gelowige Christen rustig en kalm. U weet in die hemel is u Vader.

As u kyk na die voëls van die hemel weet u: die hemelse Vader voed hulle. As u kyk na die lelies van die veld wat groter heerlikheid as Salomo besit, weet u die hemelse Vader bekleed hulle met die heerlikheid. En gaan Gods kinders in Christus die voëls en die lelies dan nie ver te bowe nie?

Amen.

SONDAG 11

OOOR GOD DIE SEUN EN ONS VERLOSSING

Ds. ID Kruger

Lees: Matth. 1:18-25; Luk. 2:8-20.

Sing: Ps. 118:13; Skrifberyming 154:3, 5; 166:1, 2, 3; Ps. 72:6.

Geliefde leser en medereisiger, kom laat ons dit weer van harte en vir die soveelste maal bely: "Ek glo in Jesus Christus, God se eniggebore Seun, onse Here." Watter Belydenis! Heerlike voorreg om dit deur God se genade te mag bely op aarde! Wat lê daar in die paar woorde nie alles vir ons opgesluit nie: Ons Heiland se **roeping**; sy **ampstitel**, sy **verhouding tot God**; sy verhouding tot die mens. Hierdie belangrike heilswaarhede word nou in 9 Sondagsafdelings agtereenvolgens nader behandel. Volgens Sondag 11 let ons —

- I. op die term **Naam**
- II. op die Naam **Jesus** en
- III. op die **enigste** Naam, Jesus.

1. Die term: Naam:

Die Bybel heg groot betekenis aan 'n naam, omdat 'n naam oorspronklik die **wese** van die dinge uitgedruk het. In die geval van plante, diere of mense word vandag nog ondersoek ingestel na hulle aard en karakters. Op grond daarvan word dan wetenskaplik min of meer vasgestel **hoedanig** hulle innerlike wese, gewoontes, ens. is. Dienooreenkomstig word hulle dan **genoem**, kry hulle hul naam. Mag ons dit nou ook doen in die geval van Jesus Christus?

Hierop word nogal verskillend geantwoord. Sommige ondersoekers antwoord: Ja! Waarom nie? Andere is nie so danig oortuig van hulle standpunt nie. Maar die Christen antwoord met 'n besliste "Nee"! Jesus is vir ons die Christus, die Seun van die lewende God. Hy is self God. En as sodanig kan en mag die mens Hom nie gelykstel met die skepsel nie. As tweede Persoon in die goddelike Wese kan Hy nie soos 'n kreatuur, voorwerp van ondersoek gemaak word nie. Ons plek voor Hom moet wees op die knieë, diep ootmoedig onder die besef van ons **skepsel-wees**. Hy is as God altyd Bowerp en nooit Onderwerp nie. Na Hom moet die mens opsien altyd en oral! Ook dan as ons vra na sy Wese en werke, of Naam. Te meer pas eerbied ons, waar Hy Homself aan ons geslag **geopenbaar** het. Deurdat Hy van Homself laat profeteer het, en in die volheid van die tyd in lewende lywe op aarde verskyn het, gespreek het, vele wonderwerke gedoen het. In duidelike taal het Hy ook verklaar **wie** Hy is, en wat sy **Naam** is. Daarom is die houding van die kant van die ongeloof om vir eie satisfaksie ook nog eers weer seker te maak, op grond van persoonlike ondersoek, of Jesus **wel of te nie** die Christus sou wees, — pure vermetelheid, selfs majesteitskennis! O, mag ons die Here bid om tog nie met hierdie gees besmet te wees of te bly nie. Dit is die gees van die moderne wêreld, en van die Antichris, wat die getuie van God aangaande sy Seun, Jesus Christus, hooghartig in twyfel trek ... en verwerp. Dit is die bose gees wat God tot 'n leuenaar maak, en wat Jesus Christus voortdurend kruisig. Ja, hierdie gees is besig om homself te verhef bo al wat God genoem word. Maar, Goddank — hy is in beginsel reeds deur Christus oorwin en uitgewerp!

Nee, laat ons bekleed wees met ootmoed in die teenwoordigheid van ons Heiland. Laat ons veel liever **leerlinge** van Christus wees, en nie leermeesters nie. Veral dan, as dit aankom op die groot vraag **wie** die Middelaar is. En waar Hyself sy **Naam** bekendgestel het, daar moet ons dit kinderlik aanneem uit sy mond. Die Naam dankbaar leer ken, en bely voor teenstanders. Elke gelowige moet die **heilige Skrifte** ook naarstiglik lees en ondersoek met die doel om Hom daaruit beter te leer ken. Hierdie ondersoek moet

biddend en in die geloof geskied. Menslike wysheid, mensegeskrifte, ondermaanse navorsing kan nooit **bronne** wees waaruit ons die Here Jesus reg kan leer ken nie. Nee, — nie alleen gaan die kennis van God ver — ver uit bokant ons beperkte vermoëns nie, daarby het die sonde ons oorspronklik suiwer kennis van God ook nog vervals. Hoe sal ons, nietige wesens, Hom, **die Onbegryplike** dan ooit uit eie vermoë kan vind en ken! En Hom ooit met die regte Naam kan noem? Die ootmoedige toon vind ons aanwesig by die opstellers van die kategismus, Ursinus en Olivianus. Nie hulle het 'n sekere iemand ontdek, aan wie hulle eiemagtig toe ook 'n Naam gegee het nie; intendeel, hulle het **die Jesus-Naam** in die Bybel **gevind** en aanvaar. Dit is die regte orde: God die Here verklaar Self wie Hy is — nie ons nie! Die kerk mag **vra** wie Hy is, maar **nie** uit sigself sê wat sy Naam is nie. **Leerlinge** moet ons wees van Christus en geen **leermeesters nie!**

Sy Naam is ryk!

Dit bestaan nie in leë klanke nie. Dit is nie maar 'n blote onderskeidingsteken nie. Nee, dit is gevul met **heerlike waarhede** wat deur God die Here bekendgemaak is aan Israel en aan die wêreld, waarhede wat God gewil het dat die gevalle mensdom dit moet hoor en weet deur openbaring uit die Hemel. Die som en inhoud van hierdie geopenbaarde dinge word Naam genoem. 'n Naam het, volgens Bybel oorspronklik die **wesensaard** van elke skepsel uitgedruk. Soos Adam die dinge genoem het, so was hulle ook wesenlik en werklik. Dit is tans nie meer die geval met ons hedendaagse naamgewings nie. **Naam en wese** dek mekaar nie meer nie. Behalwe in die geval van skeld- en byname. Hier wys die skeldnaam nog op iets wat wesenlik aanwesig is in die bedoelde persoon. Maar origens het **name** geword blote onderskeidingstekens en niks meer nie. Op hierdie reël is die Jesus-naam vandag nog 'n volstreekte uitsondering. **Sy Naam wys heen op alles wat van en aangaande Hom geopenbaar is** in die loop van die eeue. Hy is alles wat **Hy** genoem word. Tussen Sy innerlike **Wese** en Sy uiterlike **verskyning** bestaan geen teenstrydigheid nie! Vir **sover** sy heilige wese nie na buite aan die mense geopenbaar is nie, hoort daardie nie-geopenbaarde ook **nie tot** sy Naam nie. Verder sal ek hier nie op ingaan nie. Dit is genoeg vir ons om te weet dat dit die Vader behaag het om sy Seun Middelaar te noem voor mense-ore. En dat die rykdom van menigerlei genade in die Jesus-Naam tot ons kennis gekom het uit die stille ewigheid. Sonder die benoeming of Naamgewing sou ons geslag niks tewete gekom het van die hoogte, die diepte, die breedte en die lengte van God die Here se ewige sondaars-ontferminge in Christus Jesus nie. Laat ons die geloofshand kinderlik uitsteek na **die Naam** toe, sonder om te twyfel, en sonder om vermetel te gaan ondersoek of alles wel waar sou wees wat daar aangaande die Naam in die Bybel geskrywe staan. Laat ons ootmoedige en blymoedige **leerlinge** van Jesus wees! Dan sal ons dieper-en-dieper ingelei word in die verborgenhede van die Godsaligheid, en ons sal

II. Die betekenis van die Naam "Jesus" ook beter verstaan.

Heg die Heilige Skrif groot waarde aan 'n naam in die algemeen, hoeveel te meer nie aan die besondere **Jesus-Naam** nie! Uit Engelemond het Josef dit verneem: "Jy moet Hom **Jesus** noem!" Jesus! **Verklarend** word daarby gevoeg: "Want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." Matth. 1:21.

Jesus is eintlik dieselfde as die Ou-Testamentiese Josua en Hosea. Hierdie persone se name het destyds profeties vooruit gewys op die **ware** saad van Dawid. 'n Duidelike bewys hoe alles aangaande Jesus eeue tevore reeds bepaal was in die Raad van die Vader.

Die **Jesus-Naam** lê dus vas in God se Raad. Ook sy groot **lewensroeping** lê daarin uitgedruk: Sondeverlosser en Saligmaker van Sy Volk!

Het die eerste Adam nie **in sonde** geval nie, sou die tweede Adam nie vlees geword het nie. Sy koms en sy Naam is dus onafskeidelik verbind aan die feit van **die sonde** in die wêreld. Die **doel** van sy vleeswording moet dus nie in allerlei bykomstighede gesoek word nie, byvoorbeeld om vir ons 'n uitstaande en navolgenswaardige Voorbeeld op

aarde te wees nie, die **ideale** Mens, 'n verbindingskakel tussen die goddelike en menslike natuur, ens., met opsyskuiwing van elke gedagte aan die feit van die sonde nie. Nee, al hierdie en soortgelyke bygedagtes word vierkantig weerspreek deur die toevoeging: "**Jesus**, want dit is Hy wat sy volk van **hulle sondes** sal verlos."

In die eerste plek is Hy **sondeverlosser!** "Verlos" beteken eintlik iemand verlos wat in benoudheid of in bande geknel lê, — in die bande van die sonde! As ons geslag dus daardie bloeiende sondewonde nie opgedoen het nie, sou Jesus voorwaar ook nie neergedaal het in die onderste dele van die aarde, nie ... om in diepe vernedering in 'n stal gebore te word. Alle ontkenners van so-iets as "sonde" in eie hart en in die wêreld het, volgens Bybel, vanselfsprekend ook geen deel aan Jesus nie. Hoe sulke mense hulle harte ook al mag oopstel vir Jesus, Hom hartlik welkom mag heet as 'n baie hoogstaande godsdienstigter, of mag erken as 'n persoon wat veredelend inwerk op al sy navolgers, — dit alles sal hulle niks baat nie. Hulle verstaan die Jesus-Naam en roeping nie! Blindelings gaan hulle dit verby! Hierdie feit self getuig egter teen diesodaniges. Getuig van hulle sondige eiewysheid en van hulle skreiende behoefte aan die Verlosser, Jesus Christus. O, hoe diep het die sonde ons wese aangegryp, skeef getrek en verdonker!

Ewig dank aan God die Vader dat Hy nie met vlees en bloed te rade gegaan het in sy Vrederaad nie. Maar die Verlosser verordineer en gestuur het na ons toe!!

Maar Jesus verlos nie net uit die mag van die sonde nie om dit dan daarby te laat nie. Die Verlosser, Jesus, is ook Saligmaker. In die woord lê die betekenis van "vol"-maker, 'n betekenis wat nog in die woord rampsalig ook aangetref word — vol rampe!

So vul Jesus die van-sonde-ontledigde hart andersyds met sy genade as Saligmaker. Hy reken ons sy borg-geregtigheid toe — Hy skink ons sy heiligheid, sy vrede en blydschap deur die Heilige Gees. Hy maak ons hoof vet met olie, maak ons lewensbeker vol geluk in sy gemeenskap, en laat ons deel in sy menigerlei genadegawes. Daarom mag ons nie swyg van sy verlossing en ryke seëninge nie.

Sy Naam, bo alle Naam verhewe,
Sy uit eerbiedenis
Die volle roem en eer gegewe
Solank daar wêreld is.
En laat sover die sonlig bewe,
Sover die sonpyl skiet,
Sy heerlikheid die aarde oorswewe
En "Amen," sê my lied!

III. Geen ander Naam nie!

"Die verlossing," sê die Bybel, "is in niemand anders nie, want daar is **ook** geen ander Naam onder die hemel, wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." Hand. 4:12. En tog is daar mense, kerke en godsdienste, wat die Saligheid en welsyn by die heiliges, by hulleself, of êrens anders as by Jesus soek! Of, soos Jesaja dit ook eeue gelede vragend gestel het: "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie . . ."? Laat ons daarop let dat hier van die **Naam** en nie van Jesus se **Persoon** gespreek word nie. Dit moet so wees volgens die Openbaring. Want nie die Persoon nie, maar die Naam van Jesus is die **geopende Bron** vanwaaruit die goeie van God se huis u toevloei. Alles wat in Hom: **Naam heet, kom sy volk ten goede**, en word hulle deel deur die geloof. In die sin is die **Naam** van Jesus die **enigste** wat verlossing van sonde bewerkstellig, wat ware rus en vrede aanbring vir die hele mens. Hy is 'n volkome Verlosser en Saligmaker — Hy alleen!

O mag hierdie waarheid tog ten volle ingang vind in u hart, geliefde leser!

Die menslike hart gaan voortdurend uit na baie dinge in die daelikse lewe. Dit hunker na die liefde van vrou en kinders, na 'n goeie en winsgewende betrekking, na die

waardering en agting van ons medemense en . . . na soveel meer. Dit alles is opsigself nie verkeerd nie. Maar die Naam van Jesus stel daarby hierdie eise en beperkings dat dit alles **nie** mag wees **ten koste van die liefde tot die Enigste Naam nie**. En wie hierdie beperking dan tog oorskrei, sal weldra uitvind dat hy sy ware geluk verspeel het en dat sy kortstondige genot alte gou verbygesnel het.

Daarom verklaar die Heiland: "Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie werd nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie werd nie . . ." **Matth.** 10:37. Die Jesus-Naam eis dus alles en almal op vir Hom en veroordeel daarenteen alle **gedeeldheid** van hart en wandel. Wie verklaar: "Met die oog op my geluk hiernamaals lewe ek vir Jesus, — maar met die oog op myself, my familie of my volk voer ek nog 'n aparte lewe" — so 'n persoon het reeds afgedwaal. Hy het ongemerk al die enigste Naam om **voor** te lewe, prysgegee, **geheel** of gedeeltelik.

Hy het die tweede gebod oortree, en daarmee ook die ander gebooe van die Wet.

Jesus alleen! Die onderwyser beklemtoon hierdie feit reeds in die 30ste vraag waar hy gewag maak van "die soek van welsyn by homself of êrens anders." Dit mag en moet uitsluitend en alleen by Hom gesoek word wat dit ook alleen kan skink. Sondag en Maandag, tydelike en ewige geluk mag nie van mekaar geskei word nie! Volgens die Skrifte bestaan daar maar net een Trooster in lewe en in sterwe vir die mens. Dit is Jesus Christus!

Daarom verbied Hy ons om ons saligheid gedeeltelik by Hom en gedeeltelik by die wêreld te soek, of by die Kerk of by onself. Hier moet telkens weer tussen die een en die ander gekies word. Dit is: òf Jesus geheel-en-al, òf geen Jesus hoegenaamd nie! Hy is 'n jaloerse Verlosser. Hy wil alles of niks wees vir u, sowel in hierdie as in die toekomende eeu.

Hierdie volstrektheid van die Jesus-diens werp dan ook alle menslike inbeelding omver as sou ander godsdienste naas die Jesus-godsdien, tog ook op hulle manier die sondaar kan verlos. Nee, dit is pure inbeelding en selfmisleiding. Nog die diens van die skaduwee van oud-Israel nog die van bygeloof of van ongeloof in die Islam of Boeddha, of van watter sogenaamde Geloof ook, kan die mens van sonde verlos of waarlik gelukkig maak. Net EEN NAAM kan dit doen! Hy alleen is die Bron van alle heil ooreenkomstig ... die Wil van sy Vader. Daarom weier die Christelike Geloof **alle** vergelyking met die nie-Bybelse Godsdienste, omdat daar, wat die wese betref, hoegenaamd geen **vergelykbaarheid** bestaan nie.

Ook al daarom alleen, aangesien **Jesus** die enigste van sy soort in hemel en op aarde is. Ook van Hom as Middelaar geld die vraag van Jesaja: "By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees?" Waarop die antwoord vanselfsprekend is: By niemand nie, u alleen is die Christus, die Seun van die lewende God!

Hiermee word dan as vanself alle ander godsdienste of vorme van Godsdien as **vals** 'veroordeel. Ook die godsdienstvorm van die Roomse kerk, wat op **verdienstelike** werke aanspraak maak.

Naas die **ware** Josua bestaan daar dus nie ook nog 'n Moses wat die volk uit die Egipte van sonde kan oorlei in die land van ewige vryheid en vrede nie. Nee, in die nuwe Bedeling bly die Leidsman deurgaans een-en-die-selfde Josua wat alles doen wat nodig is tot verlossing en volle saligheid.

Paulus verklaar: "Daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het tot 'n losprys vir almal ... 1 Tim. 2:5, 6.

Eindelik, die kategismus skakel hulpbetoon van die kant van "die heiliges" ook uit waar dit die verlossing van sondaars geld. In hulle mag hoegenaamd geen Saligmakertjies deur ons gesien word nie, soos wat dit in die praktyk by Rome wel die geval is. Wie hulle tog inroep, **verloën** daarmee met die daad die enigste Heiland, Jesus, ofskoon hulle met die mond in Hom roem.

Want dis Jesus alleen, of geen Jesus nie!

Geagte leser, hou volle rekening met hierdie absolute beslag wat die Naam op elke gedoopte mens lê. Nooit mag ons self bepaal of ons wel of te nie die heiliges se hulp sal inroep nie. In die hele Heilige Skrif bestaan geen enkel voorbeeld of voorskrif wat aan ons die reg verleen om hulp-saligmakers benewens Jesus te erken nie. Nêrens word aangaande aartsvaders of profete of heiliges van die Ou-Testament geleer dat hulle na hul dood nog priesterlike voorbidding uitgeoefen het vir nog lewende gelowiges nie. Daarom pas dit ons ook nie om van die afgestorwe heiliges priesters of hulp-saligmakers, naas onse enigste Verlosser, te maak nie. En laat ons hierby tog nie net aan die Roomse Kerk as die enigste sondebok dink nie. Nee, die afdwalinge onder ons Protestante is op hierdie punt ook al menigvuldig. Hoeveel is daar vandag in ons eie gereformeerde kringe wat die enigste Saligmaker met die daad al verloën het, of nog verloën! Dink hierby nou aan uself, my leser. Gaan **u** onskuldig uit? Was of is dit nie soms die geval met u dat u wel in Jesus **u** Saligmaker sien, maar streng geneem tog nie in Hom **alleen** nie! Was dit nie soms **Jesus**, maar . . . **tog nog iets** of **iemand benewens Hom**! Jesus **plus** uself? Jesus **plus** u verdienstelikheid? Jesus **plus** u onmisbaarheid in die gemeente! Jesus **plus** u dierbare vrou se hulp! Jesus plus u gebedsgawe, u gereformeerdeheid, u wysheid, u goed?

O, die sondige hart is so arglistig. Straks gaan dit verder, en word die voorrang nie meer aan Jesus nie maar wel aan daardie verraderlike plus gegee. Dan word die orde, soos professor Muller dit so na waarheid geskets het, omgekeer, en kom Jesus agter die plus te staan. Dan is dit daardie een of ander iets plus Jesus! Die grootdoop plus Jesus! Die Sewende dag plus Jesus! Maria plus Jesus! My Kerk plus Jesus! Die Ek-voel, of Ek-voel-nie-so-nie plus Jesus! Die eiewilligheid plus Jesus! Die sonde lê listig, soos 'n dier by die poort van u hart, gereed om enige oomblik in te sluip. Altyd daarop bedag om die liefde van u hart tussen Jesus en daardie Iets te verdeel. En kan dit, om die hart dan geheel-en-al te verower, sodat dit kan word: u hart plus geen Jesus nie!

O laat ons tog nie redeneer: Ek weet wat die kategismus leer aangaande Jesus en die betekenis van Sy Naam. Meer as een lidmaat weet, maar, weet tog nie! Weet, maar doen nie! Maak geen ware erns met Jesus Christus nie. Wel met ander mense en dinge! Maar skuiwe die kennis van die daadwerklike geloof in die Enigste Saligmaker vereers nog opsy . . . om later . . . later met Jesus volle rekening te hou. Maar, helaas . . . vir meer as een het daardie later geword 'n EWIGE TE LAAT ! !

"Josef, seun van Dawid ... jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy, wat sy Volk van hulle sondes sal verlos." Matth. 1:21.

Medereisiger, mag u en ek deur God se grote genade in hierdie enigste en algenoegsame Verlosser en Saligmaker glo, waarlik glo, soos 'n mosterdsaad, dan sal dit met ons welgaan! Ons sal bevoorreg word om sy geseënde Naam ook op die nuwe aarde deur diens te verheerlik. Daar begenadig wees met 'n Saligheid na liggaam en siel, wat nog deur geen oor op aarde gehoor, in die hart van geen mens opgeklim het nie, maar wat God berei het vir die wat Hom liefhet in onverderflikheid.

Amen.

SONDAG 12.

WAAROM WORD JESUS: CHRISTUS GENOEM; EN JY 'N CHRISTEN?

Ds. ID Kruger

Lees: Pss. 2 en 72 of Heb. 7.

Sing: Pss. 2:6; 72:1; 2:3; 132:10, 11.

Sondag 12 bepaal ons by die ryke inhoud van Jesus se **ampstitel**, en by die vraag waarom jy, medebroeder/suster 'n Christen genoem word.

Voor ons hierop let, is dit nodig om met ons gedagtes terug te gaan na die begin. Die Bybel leer ons dat die mens na God se beeld geskape is. Daardie beeld sien ons onder meer in die suiwere **Godskennis** wat Adam ingeskape was. Ook in die ingeskape **liefde tot** sy Skepper wat in toewyding aan die Here se diens tot openbaring gekom het. En veral ook in die **heerskappy** wat Adam van God ontvang het oor al die geskapene.

Adam het in **regstreekse** gemeenskap met sy Skepper verkeer. Daar was geen skeidsmuur nie. Niks het hom van sy God geskei nie. **Vaardig** was hy om God die Here **te dien**, om die **gegewe roeping** of **amp** te vervul, om naamlik die aarde te onderwerp, om die tuin van Eden te bewerk en **te** bewaak, om so te staan voor God, altyd gereed, orals bereidvaardig om die wil van God te doen en die **Diens van God** uit te voer. Adam het aldus gestaan as **dienaar voor God en van God**, gestaan as hoof van die mensheid, belas met 'n goddelike opdrag van diens. Ons konfessie verklaar so mooi dat God nou nog alle skepsele onderhou en regeer om die mens te dien **"sodat die mens sy God kan dien."** Dienaar van God! **Ampsdraer** in diens van sy sender. Sy amp word ook genoem die **algemeen menslike amp**.

Die sonde! Die sonde . . . ! Hierdie duister mag het egter sy verskyning in die Paradys gemaak deur bemiddeling van Satan. Adam het daarvoor beswyk, en ... **in** hom ook alle Adamskinders. En . . . die gevolge was . . . ellende!

Adam was nie meer dienaar van God nie! Maar . . . 'n dienaar moet daar wees. Die tweede Adam, **Jesus**, sal God die Here se wil kom doen! Hy sal die **gevalle** dienaar van sy sondes verlos. Hy sal dit doen as die **nuwe Ampsdraer**, — as die **Christus**.

Na hierdie inleidende woord, kan ons nou met meer vrug luister na die heerlike betekenis, wat opgesluit lê in die **ampstitel** van Jesus, naamlik **Christus**. Op die kategismus se vraag na die betekenis van die Christus-titel lui die antwoord: "Omdat Hy deur God die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, wat ons die verborge raad en wil van God aangaande ons Verlossing ten volle openbaar; en tot ons enigste Hoëpriester, wat ons met die enige offerande van sy liggaam verlos het en vir ons met sy voorbeding gedurigdeur intree by die Vader; en tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer, en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar".

Laat ons nou nader let op die betekenis van Jesus se ampstitel, van Christus se drievoudige amp en van die amp van Christen.

I. Jesus se ampstitel "Christus".

Ons wil u weer herinner, geliefde leser, dat **Jesus** tot taak gehad het om die wêreld te verlos uit die geweld van Satan, maar tegelyk ook daaraan dat Hy daartoe verordineer en geroep is deur sy Vader. Self het Hy Hom nie voorbeskik of opgewerp om die taak van wêreldverlossing deur sondeversoening te vervul nie. Dit het God die Vader gedoen. Meer nog: die Vader het Jesus ook tot hierdie groot werk **bekwaam gemaak**. Deur Hom **te salf** met die Heilige Gees. En nou is dit kragtens hierdie goddelike **roeping en salwing** dat Hy, ons Here Jesus, die **Christus-titel** ontvang het. Dit wys ons op sy **geroopenheid** en **middelaarsbevoegdheid**. As Jesus, die vleesgewordene, die Seun van die mens, is Hy, deur aanstelling en salwing, nie met olie nie, maar met die Heilige Gees, ook **die Christus** by uitnemendheid. Van Hom en van Hom alleen geld die Vader

se woord: "Ek tog het my Koning gesalf, oor Sion (kerk), my heilige berg." Hy bevestig dit met hierdie woorde: "Die gees van die Here, Here is op My, omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die sagmoediges ..."

Deur hierdie salwing verklaar Jesus eeue later: "is aan My gegee alle Mag in hemel en op aarde." En toe die vraag uit Engelemond weerklink het: "wie is waardig om die boek (van God se Raad) oop te maak en sy seëls te breek, — was die antwoord: Hy, die Wortel van Dawid is waardig ..."

Aldus, langs die weg van voorverordining en van salwing sonder maat met die Heilige Gees, het Jesus **die Christus**, die bevoegde Ampsdraer, die Kneg van die Here, Here geword. Om wat te maak? Om God Drie-enig te dien as die tot profeet-Priester-Koning-Gesalfde van die Vader.

Dat ons Verlosser hierdie offisiële Christus-titel dra, en wel van Godswē, dit moet metterdaad ons geloofsvertroue opwek en versterk. Hy is as **die Christus** dus die Volwaardige en volkome bevoegde Saakgelastigde. Wie op Hom vertrou, word in ewigheid nie beskaam nie.

II(a). Die Hoogste Profeet.

Hy dra nie net die **titel** van Gesalfde nie maar ook die **daad**. Want in die staat van vernedering het Hy, as ons **hoogste Profeet** God se verborge raad en wil aangaande ons verlossing ten volle geopenbaar aan die mense. Hy het nie net toekomstige gebeurtenisse voorspel nie. Ook het Hy nie net opgetree as 'n harde bestawwer of aankondiger van God se oordele nie. Hy het meer as dit gedoen. Hy het die boek van God se Raadsbesluite geopen, en daaruit aan sondaars bekendgemaak alles wat tot hulle verlossing en saligheid nodig is, sodat ons die ware God weer sou kan ken en dien.

Die profeet is dus aankondiger van wat die Here hom in hart en mond lê, dit is tolk van God. Daarby moet egter onderskei word tussen profeet en profeet. Tussen die Profeet Jesus Christus en die onder- of hulp-profete. Alleen Jesus Christus is die ware, **die Hoogste Profeet**. Onder Hom dien die hulpprofete. Hy heet die Hoogste Profeet en Leraar omdat Hy die volle Raad van God aan die gunsteling van die Here bekend maak, die teenwoordige en die toekomstige dinge.

Waar Christus in die Ou Testament, by monde van een van sy profete verklaar: "Ek is van ewigheid af gesalf . . ." en die kategismus ons leer "dat Christus die verborge Raad van God geopenbaar het . . ." en ons aangaande die Kerk bely, dat dit reeds sinds die paradys-dae bestaan, — daar moet ons tot die vaste oortuiging kom dat Christus reeds onder die ou verbond, voor sy vleeswording, sy Middelaarsamp bekleed het.

As Engel van die Verbond, of Engel des Here, het Hy die hulp-profete besiel, innerlik verlig en die boodskap van behoudenis laat verneem. Ja, reeds die moederbelofte: "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou . . ." is die Evangelie van verlossing. Hierdie goddelike onderwys in die verborgenhede van die Vader het Hy deur die diens van sy profete aan Israel verskaf deur gebruik te maak van allerlei seremonies en wondere. Eindelik het Hy Self in die vlees verskyn, drie jaar lank het Hy die heilige land deurkruis, die volk geleer aangaande die Koninkryk van die hemele en allerlei gelykenisse uitgespreek.

Hy het twaalf apostels geroep en hulle toegerus met kennis en wysheid. Hulle het die geopenbaarde waarhede in geskifte opgeteken en nagelaat vir die volgende geslagte. Telkens wanneer u die Bybel ter hand neem en lees, moet u bedink: dit is nie woorde of wysheid van mense nie, maar die Woord van die Hoogste Profeet en Leraar, Jesus Christus. Hy spreek daarin tot u met goddelike gesag. Luister na Hom, en wees gehoorsaam!

Ook wanneer daardie Woord in die kerk verkondig word volgens die mening van die Heilige Gees, dan is dit die gesalfde Profeet se boodskap aan u, geliefde leser. Onderprofete en leraars bring dit wel, maar ... in sy Naam en op sy Gesag. Hyself is daarvan die Toepasser deur sy Gees. Hy is die hoogste Profeet, deur God self gestuur en

gesalf! Paulus laat Hy plant, Apollos natmaak, maar die wasdom gee Hy, die verordineerde van die Vader. Laat ons die Bybel dan altyd biddend ter hand neem en lees, juis omdat die gesalfde, Christus daarin tot ons kom en met ons spreek. Laat ons sy profetiese stem daarin beluister, en dit ook gehoorsaam. As Hy eenmaal lewendes en dooies sal oordeel, sal Hy dit doen volgens **hierdie** Bybel wat ons met ons hande tas en wat ons elke dag sien.

Hierin openbaar Hy vir ons die weg na die hemel ten volle. Die geveinsde of ongehoorsame of onkundige naam-Christen sal geen verontskuldiging hê voor die regterstoel van Christus Jesus nie. Telkens beluister ons in die Evangelies die stem van die Vader aangaande hierdie hoogste Profeet: "dit is My geliefde Seun, **luister na Hom!**" Mag ons as Christene altyd en oral na sy heilige **Wil** luister en wandel, en so ook toeneem in die ware kennis van God. Om God te ken, beteken die ewige lewe. Die saligheid hiernamaals sal onder meer ook daarin bestaan dat die aarde weer vol sal wees van die kennis van die Here. Dit sal ook 'n vrug wees van Christus se profetiese arbeid op aarde. Maar Christus is ook gesalf tot ons enigste Hoëpriester.

(b) **Ons Enigste Hoëpriester** — Die werk van die aardse hoëpriester was om te offer en te bid, maar Christus is die **hemelse**, die verordineerde, ons **enigste** Hoëpriester.

Hy en Hy alleen het ons met die enige offerande van sy eie liggaam verlos van die sonde. Daarby hou hy nie op om vir u en my te bid nie. Voortdurend tree Hy met sy voorbidding vir ons in by die Vader.

Dit is veral as Priester waarin Jesus se borgtogtelike arbeid so aanbiddelik openbaar geword het. In ons menslike natuur het Hy ingegaan en geword offeraar en offer tegelyk in ons plek. Op ondeurgrondelike wyse het Hy vir God gebring, namens die uitverkorenes, 'n **dubbele** offer. Die offer van **liefde** en die offer van **versoening** in sy bloed. Hierdie laaste het nodig geword vanweë die val en ongehoorsaamheid van ons voorouers in die paradys. Kragtens hierdie volmaakte offer het Hy die **skuld** van sy volk vir ewig uitgedelg en ook die gehele wet ten volle vervul, sodat diesynes daardeur enersyds ontvang **vryspraak** van skuld en andersyds **aanspraak** op die volle, ryksewige lewe. En aangesien Hy Hoëpriester was, nie in die plek van enkele los persone nie, maar van die **menslike Natuur** wat aan die hele mensheid eie is, daarom geld sy een en eenmalige offerande ook as genoegsame betaling vir die sonde van al die uitverkorenes. Daarby bely ons dat hierdie offer van **terugwerkende** krag is, en tewens van krag, vir **die hede** sowel as vir die **toekoms**. Wie in Hom glo, **het** die ewige lewe, **is** 'n verlostes. Weliswaar word die nuwe lewe nog nie, of nie altyd in die verlostes se doen en late waargeneem nie. Tog sien God die Here diesynes nou reeds aan in Christus Jesus as sy duurgekoopte kinders. Vandaar dat ons in die briewe voortdurend lees van "die heiliges in Christus Jesus", die "geroepe heiliges", "groet al die heiliges", ens. Dit is die vrug, enig en alleen van ons enigste Hoëpriester se Self-offerande. Wat dierebloed nie kon bewerkstellig nie, **dit** het die heilige Lam se versoeningsbloed gedoen: 'n volkome verlossing van Sonde!! En nog bid Hy vir ons daarbo by sy Vader — daarom het Hy deur hemelvaart in die hemelse Heiligdom ingegaan, om aldaar, pleitend op sy verdienste, ons **voorspraak** te wees by die Vader. Laat die oog van u geloof dan altyd op Hom, u Enigste Borg, gevestig wees. Aanskou Hom in die lig van die Skrifte as u Voorbidder daarbo. Aangesien ons dan hierdie groot Hoëpriester oor die huis van God het, laat ons met vrymoedigheid toetree om **in sy teenwoordigheid** besig te wees met ons daelikse werk. Die weg tot die genadetroon is nie versper met allerlei seremonies nie.

U hoef nie meer soos Aäron met dierebloed **versoening** te doen nie. Nee, die Christen se offer is waar, soos weleer in die Paradys, die **offerande van die liefde**, van **algehele toewyding** van u verlostes lewe aan die Vader, en van **lof- en danksegging** deur Jesus Christus. Deur u Hoëpriester is die pad tot gemeenskap volkome ope! Maak dankbaar gebruik daarvan. **Ken** die Here; soek sy aangesig. **Dien** die Here met die kragte waarmee u Heiland elke gelowige toerus. Hy **wil** die offers van u hart en mond! Wees weer **priester** in diens van Hom wat sy eie lewe vir u geoffer het aan die vloekhout, van Hom wat nou nog vir u intree by die Vader!

(c) **Christus is ook ewige Koning.** Ook hiertoe is Hy gesalf, om "ons met sy **Woord en Gees** te regeer, en om ons by die verworwe verlossing te beskut en te bewaar." Oor Sion, die nuwe mensheid, is Hy tot Koning gesalf. Die Kerk van die Here het baie vyande. Maar hierdie Kerk het die Vader nie **weerloos** gelaat nie. Jesus Christus **regeer** oor Sion. Ook **beskut en beskerm** Hy sy geestelike liggaam teen elke vyand. Ook **vergader** Hy sy kerk uit alle volke en tale. Oor hierdie Bruidkerk is Hy alleen Koning, Wetgewer en Regter. Koning was Hy reeds voor sy Vleeswording. Koning was Hy in die krip van Bethlehem. Koning oor sy Kerk, ook toe Hy voor die regter Pontius Pilatus gestaan het. Ook, o, ondeurgrondelike wonder, nog Koning toe Hy aan die kruishout gehang het. Koning nadat Hy opgestaan het uit die dood. Ewig is en bly Hy Koning! O, aanbiddelike Vors, Jesus Christus!

Die Bybel spreek van die Christus enersyds as Koning en andersyds as Hoof. Hieruit leer ons hoe wonderlik Jesus Christus tot diesynes in betrekking staan. Wil die Bybel wys op Christus se magsposisie, dan word Hy Koning genoem. As Koning heers en regeer Hy van bo en van buite af oor sy volk deur sy Woord. Hy is die enige en ewige Koning in sy Kerk. Elke kerkregering wat strydig is met die beginsels van God se Woord deug nie. Niemand mag naas Koning Jesus Christus 'n pouslike stoel beklee in die Kerk nie. Ook nie in die Staat nie. God die Here is Koning, en die mens is onderdaan en moet gehoorsaam. Die landsowerheid is dienaars van God. Die voorgangers in die kerk is onder-ampsdraers, is dienaars van Christus in die kerk. Hy alleen is Koning! Maar die Bybel noem Christus ook Hoof van sy gemeente. Hier het ons dan te doen nie meer met die uitwendige nie, maar met die intieme, warme, inwendige betrekking van die Hoof tot sy liggaam (die Kerk). Dink slegs aan die warme, tere bande wat die mens se hoof met die ander dele van sy liggaam verbind en u besef die onderskeie betrekkings waarin Christus nou as Koning, en dan weer as Hoof tot diesynes staan.

As Koning regeer Hy oor sy volk deur sy Woord met mag en gesag. Maar as Hoof woon sy Gees in sy gemeente. Verlewendig, verwarm, koester, verlig en lei Hy sy kindere lieflik heen na waters waar rus is en na groen weivelde. — So, langs die weg van goddelike voorverordining en salwing met die Heilige Gees, het Jesus dan geword die Christus, ons groot Profeet, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning. In Hom sien en erken ons die gevolmagtigde Knecht van die Here. "Ek, die Seun van die mens," verklaar Hy, "het gekom nie om gedien te word nie, maar om te dien en my siel te gee tot losprys vir sondears"! In Hom sien die gelowige die tweede Adam, die Hoof van die nuwe mensheid. In die versoeking het Hy nie soos die **eerste** Adam beswyk nie. Hy het nie ontrou geword in sy **Middelaarsdiens** nie. **As** die **Christus** het Hy sy Vader geëer, die gevalle ampsdraer herstel in sy oorspronklike amp van profeet-priester-koning en Satan verneder.

Geliefde leser, mag sulke liefdediens onbeantwoord bly van ons kant? Nee, duisendmaal nee! Ek weet u stem hierin saam. Wat moet ons dan doen? Laat ons sy navolgers wees, sy toegewyde dissipels! **Christene** wees! Maar, so vra die kategismus tereg, "waarom word jy 'n

III. Christen genoem?

Dit is 'n baie belangrike vraag. Volgens Hand. 11:26 word die dissipels in Antiochië vir die eerste keer **Christene** genoem. 'n Christen is 'n mens wat deur die Gees van Christus gesalf is tot 'n **nuwe** lewe in Hom. 'n Christen is 'n **wedergebore** mens. Ek kom later weer hierop terug. Vooraf wil ek u aandag vestig op die skrikwekkende **misbruik** wat van die **naam** "Christen" gemaak word. In die ou Verbond word die Naam "Israeliet" eweneens misbruik, sodat met klem herinner moes word dat **nie** almal Israel is wat uit Israel afkomstig is nie. Die Heiland verklaar ook êrens: "baie sal in die dag van benoudheid Here, Here" roep wat Hom egter nie geken het in die dae van hulle voorspoed nie.

Die Bybel maak egter heilige erns met hierdie Christen-naam. As mens jou dan nogtans klakkeloos "Christen" noem, soos dikwels op die sensusvorms gebeur, dan is dit niks minder nie as misbruik van die heilige naam. As woorde **mense** was, sou juis "Christen"

van ontsettende mishandeling kon getuig. Dit is 'n vermoorde term; die siel is daaruit weggeskeur! Dit het **ontaard** tot in die ergste graad toe. Hoe jammer tog! Watter skade word die koninkryk van die hemele nie daardeur aangedaan nie! As die oorsaak hiervan aangewys word, sou ons die kwaad beter kan bestry.

Een van die vele oorsake moet seker gesien word in die feit dat ons die "Christen-naam" gaan **veralgemeen** het, sonder om na die **Skriftuurlike** betekenis daarvan te vra. Onder die miljoene wat vandag **Christen** of **Christelik** genoem word, is daar mense wat openlik **veragters** is van Jesus, die Nasarener. Om iemand 'n "dief" te noem, trek vandag meer aandag as om hom "Christen" te noem! Suid-Afrika word ook nog 'n Christenland genoem. Maar hoe weinig word van daardie Christelikheid gesien of gehoor in die daelikse samelewing, veral as ons let op die nalewing van die Here se ordinansies vir die huwelik, die gesinslewe, die Sondagsheiliging, kerkbesoek, ens. 'n Ander oorsaak moet gesien word in die laksheid van die Christelike kerke. Die kerk het die Christelike Tug gaan verwaarloos. Die heilige Sakrament van die doop is maar klakkeloos toegedien. Die verbondskinders groei op sonder kennis van hulle Belydenis. Die slegte gevolge kan en sal nie uitbly nie! Vandaar die misbruik van die mooi naam! Baie Christene . . .!! en, tog . . . tog so weinig Christene wat die Here se diens waarneem!

* * * *

Volgens Bybel, so vertolk die kategismus dit, is 'n "Christen" 'n gelowige lid van die liggaam van Christus, wat deel het aan sy salwing. Die ware Christen is dus 'n lewende persoon en nie 'n geestelik-verstorwe mens, los van Christus af nie. Nie 'n niksseggende wese nie, maar 'n gesalfde belyder van die Naam Jesus Christus, 'n toegewyde liefhebber van Hom wat sy lewe aan die kruis geoffer het vir sondaars, 'n getroue stryder teen die sonde en die duiwel, om namaals met Christus oor alle skepsele te regeer.

Die boom word aan sy vrug geken — die Christen aan sy werke!

Liewe leser, soek die Here, u God. Ken Hom. Bely sy Naam! Verkondig sy deugde van ewige sondaars-ontferming. Hy het u uit genade geroep uit die duisternis tot die wonderbare lig! Dit is as gesalfde profeet, 'n heerlike roeping om God weer te mag ken — en die aangesig van Jesus Christus, ons hoogste Profeet en Leraar. Maar laat dit wees 'n kennis wat gedoop is in die priesterlike liefde van ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus. Want alleen die ware liefde verleen waarde aan ons geloofswerke. Sonder die liefde is alle offers koud en dood in die oog van God. Lees wat 1 Korinte 13 verkondig. Sonder die heilige liefde kan u geen priesterdiens verrig nie, kan u uself nie verloën nie, kan u Christus nie navolg nie.

Die geloof ontleen sy strydkrag aan die warmgloed van die liefde tot God en die naaste. Stry dan ook as gesalfde van die Here, medereisiger! U Koninklike amp moet ook daarin openbaar word dat u sonde en Satan en eie sondige self op lewe en dood beveg, en hulle nie toelaat om oor u as verlore kind die baas te speel nie. Bestee al u gawes, talente en lewenskragte in sy Diens! Ons is in Christus Jesus tot Diens geroep en ook weer bekwaam gemaak. O, watter verbeurde voorreg om weer te mag wees gesalfde diensknegte en diensmaagde van Jesus Christus, onse Here! Om in die salige hoop te mag lewe dat ons eenmaal met Hom oor alle skepsele sal regeer.

"Ag, Heer, ek is, o ja, ek is u kneg,
Seun van u diensmaag, in u diens gebore:
My bande is los; vir hoër diens verkore
bring ek die offers, aan U toegeseg."

Amen.

SONDAG 13.

GOD SE ENIGGEBORE SEUN — ONS HERE

Ds. ID Kruger

Lees: *Pss.* 2 en 45.

Sing: *Ps.* 45:1, 6; *Skrifber.* 160:1, 2; *Ps.* 99:1, 5; *Ek Geloof* vs. 1.

Sondag 13 bepaal ons aandag nog verder by die benaming van onse gesalfde Verlosser. Maar nie weer by die naam **Jesus**, of by sy ampstitel, **Christus**, nie. Dog by wat u hierbo lees: Seun en **Here**. Die terme wys heen op die verhouding waarin Hy staan, eerstens tot sy Vader en tweedens tot ons, mense. Sulke bepaalde verhoudinge is sake van groot gewig. Trouens, die hele lewe staan in die teken van relasies. Dink maar aan die verhouding van man tot vrou, van ouer tot kind, of omgekeerd, van werkgewer tot werknemer, van Skepper tot Skepsel, van mens tot die wêreld om hom heen, ens.

In **Sondag** 13 het ons met baie **besondere** verhoudinge te doen, naamlik I tussen Vader en Seun; II tussen Vader en gelowiges; en III tussen Here en verlostes (onderdane).

I. Die Bybel spreek voortdurend van Jesus Christus as synde die **Seun van God**. Die apostel Johannes verklaar byvoorbeeld: "Hierin is die liefde van God jeëns ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun gestuur het in die wêreld, opdat ons deur Hom sou lewe." Jesus sê van Homself: "Niemand is opgevaar in die hemel as die wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die Mens wat in die hemele is." "U is My Seun, verklaar God, hede het Ek U gegeneer." Vir Maria sê die Engel: " . . . die Heilige, wat uit u gebore sal word, sal God se Seun genoem word." By die doop deur Johannes hoor ons die stem van die Vader: "dit is My Seun . . ." Petrus bely: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

Christus salf Hom as die Seun van God voor die Joodse Raad. So het die Jode Hom ook verstaan. Dit word as beskuldiging teen Hom ingebring. Hierdie waarheid het mede sy doodvonnis veroorsaak. Nooit egter word Jesus 'n Seun van God genoem nie, altyd die Seun. Dit bevestig wat die kategismus leer.

Let ons nog nader op vraag en antwoord 33, dan skyn dit of daarin iets teenstrydigs voorkom. Dit word egter aldus deur die kategismus opgelos: Christus word God se eniggebore Seun genoem "omdat Hy alleen die ewige, natuurlike Seun van God is, terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is."

Albei verklarings is waar. Laat ons die Here daarvoor ook hartlik dank, want die feit van ons Saligheid is inderdaad met hierdie belydenis gemoeid. Die leer dat Christus Jesus die natuurlike Seun van God is, is vanouds af deur Ariane, Sosiniane, en later deur die Etiese rigting bestry. Sommige het dit uit eerbied, ander weer uit onkunde, en nog andere het die waarheid uit haat bestry. Konsekwent deurgevoer, het hierdie onbybelse standpunt van die teenstanders van die ware Godheid van Christus altyd uitgeloop op nuwe ketterye. Onder meer op die uitwissing van die grense wat God daar gestel het tussen plant en dier, dier en mens, Skepper en skepsel. Dit is die aloue dwaling van die algodedom. Die leer naamlik, dat God se wese vloeibaar is, net soos by baie hoë hittegraad metaal en vuur as 't ware in- en deurmekaar vloei. 'n Oorblyfsel van hierdie dwaling tref ons nog aan in die leer van Rome aangaande brood en wyn in die Nagmaal. Dit verander, beweer die Roomse kerk, onder die seënspreuk van die priester wesenlik in die liggaam en bloed van Christus.

Dit is 'n verderflike leer wat op aanbidding van die brood en wyn uitloop. Ons vaders het so 'n leer tereg genoem "'n vervloekte afgodery". Hierdie leer wis die grens tussen God en mens uit. Daardeur word tekort gedoen aan die majesteit van God, en tegelyk word aan die skepsel 'n eer gegee wat hom nie toekom nie. Hierdie standpunt wis ook die onderskeid tussen die Seunskap van Christus en die kindskap van God, waartoe sondaars verwerdig word, volkome uit. Verder word omvergestoot die enigste fondament

van die Saligheid wat rus in die waaragtige Godheid van die Eniggebore Seun,

Dit is dus volstrek nodig om onverbiddelik vas te hou wat die Heilige Skrif leer, naamlik die volstreckte en wesenlike onderskeid tussen die Seunskap van Christus en die kindskap van die gelowiges.

Wat leer die Skrif ons aangaande hierdie belangrike punt? Wat Adam betref, dat hy in Luk. 3:38 genoem word: "die Seun van God." En wel omdat hy geen ander vaders gehad het nie, maar regstreeks deur God geskape is, na sy beeld en gelykenis. Dit was 'n seun- of kindskap uit krag van regstreekse skepping, van oorsprong, en ook kragtens sekere trekke van ooreenkoms en gelykvormigheid. Maar nie deur wesensmededeling uit krag van ewige generasie nie. Want die Wese van die Drie-enige God en die wese van die mens was wat die soort (aard) betref, geheel-en-al onderskei van mekaar, en het dit ook gebly. Nooit was daar opsmelting of in-mekaar-vloeiing van wesens nie. Van huisuit was die mens Adam 'n geskape wese. Nooit was hy ooit 'n God of Skepper nie! Met Christus is dit volstrek anders gesteld. Hy is en word God se natuurlike eniggebore Seun genoem, juis in onderskeiding van God se aangenome seuns en dogters. Waarom? Bestaan Jesus se Seunskap ook uit krag van skepping, van geskape-wees? Of, soos sommige dwaalgeeste dit wil, net daarin dat Hy op wonderbaarlike manier uit Maria deur die Heilige Gees gebore is?

Wie hierop "Ja" antwoord, is verkeerd, want dan laat hy die Christus as 'n louter-mens voortkom uit 'n goddelike Wese en laat Hom in en by sy ontvangenis en geboorte ook volstrek lydelik wees, soos enige ander kind in die geval is. Op die wyse word Jesus nog meer beroof van sy enigheid en godheid. Met name, van sy Almag, van sy ewige bestaan en van sy natuurlike Seunskap. Hy is dan wel die Vader se allereerste skepsel — die Mens by uitnemendheid, die ideale mens of die Model-mens, of die god-mens, of met watter verhewe name Jesus dan ookal genoem mag word. Maar, in al die gevalle is Hy dan tog nog nie God se natuurlike, se eie Seun nie. Ja, nie self God nie! Nee, — 'n Seun van God wat nie almagtig, nie ewig is nie, wat nie uit-en-deur-en-tot-Homself bestaan as die 2de Persoon in die een goddelike Wese nie, geen waaragtige God nie, maar is — om dit so uit te druk — 'n geskape God, en . . . juis daarom dan ook geen God nie!!

Hierom mag ons, volgens Bybel, die grond vir Christus se Seunskap nie en nooit seek in sy wonderlike, bonatuurlike ontvangenis deur die Heilige Gees of geboorte uit Maria nie. Maar die egte grond daarvan enkel-en-alleen sien in sy waaragtige goddelike Natuur. En daardie Natuur is Hy deelagtig deur generasie. Dit is, die Vader deel sy eie Wese en lewe ewiglik mee aan die ewige Seun, sodat Hy die lewe ook in Homself het, en daardeur ook is die uitgedrukte Beeld van die Vader se selfstandigheid. So en so alleen is Hy sy Vader se Natuurlike Seun, God uit God, een Wese uit die Vader en die Heilige Gees. Ook is die Seunskap enig, aan Hom alleen eie sonder weerga. Dit gaan nooit onder nie; dit word ook nooit minder nie; in die ewige Hede word Hy deur die Vader gegenereer (wesensmededeling). "Hy was gebore toe die afgronde daar nog nie was nie, toe daar nog geen fontein swaar van water was nie." "Soos die Vader die lewe het in Homself, so het Hy ook aan die Seun gegee *om* die *lewe* in Homself te hê" (generasie). Daarom heet Hy die natuurlike Seun van God, die Eniggebore Seun, want niemand anders deel met Hom in die ewige generasie nie. Ook word Hy genoem God se Eie Seun aan wie die Vader sy Wese meedeel in teenstelling met die aangenome kinders. Hy was die Seun van God reeds voordat Hy ons menslike natuur aangeneem het. Hy het nie eers later God se Seun geword nie. Johannes verklaar: "Hierin is die liefde van God jeens ons geopenbaar, dat God sy Eniggebore Seun gegee het in die wêreld, sodat ons sou lewe deur Hom." Van Homself sê Jesus: "Niemand is opgevaar in die hemel as Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens, wat in die hemele is." Die Middelaar, Jesus Christus, is dus volgens die Skrifte die ewige Seun, wat, net soos die Vader en die Gees al die volheid van die goddelike wese besit. "In Hom, sê die Apostel, woon al die volheid van die godheid liggaamlik." In die Heilige Drie-eenheid bestaan geen grade nie, geen meerdere of mindere nie. "Drie is daar wat getuig in die hemel, die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een."

Om verder te betuig dat Jesus Christus, wat sy heilige Wese betref, waaragtig God is, word deur die Skrifte aan Hom ook toegeken (1) goddelike name, (2) goddelike eienskappe, (3) goddelike werke, en (4) goddelike eer, net soos aan die Vader en die Gees.

GODDELIKE NAME — Jesaja noem die Messias: Wonderlik, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.

GODDELIKE EIENSKAPPE word aan Hom toegeken, soos ewigheid, almagtigheid, alomteenwoordigheid, alwysheid en veel meer nog.

Ook GODDELIKE WERKINGE EN WERKE. "Want, lees ons, sonder die Woord is geen ding gemaak, wat gemaak is. Alle dinge bestaan tesame deur Hom." Dit is Hy, wat, deur sy goddelike krag, sy skape vergader, en "also bewaar, dat niemand hulle uit sy hand sal ruk nie."

Dit is Hy wat ons verstand open opdat ons die Skrifte kan verstaan. Dit is Hy wat met die Heilige Gees en met vuur doop, wat op aarde mag het om die sonde te vergewe, wat ons van alle ongeregtigheid verlos, en vir Homself 'n eie volk toeberei, tot alle goeie werke bekwaam, sonder wie ons geen vrug kan dra nie of iets kan doen nie.

Ook is Hy die verhoorder van ons gebede, volgens sy belofte: "as julle iets begeer in My Naam, sal Ek dit doen." Aan sy skape gee Hy die ewige lewe.

Eindelik, GODDELIKE EER word aan Hom eweneens gegee daar Hy eenmaal as Regter sal kom om lewendes en dooies te oordeel. Die Vader het die gerig aan Hom gegee opdat almal die Seun sal eer, soos wat hulle die Vader eer. Saam met die Vader en die Heilige Gees is ook die Seun-Middelaar voorwerp van ons Christelike Geloof. Ook is ons in sy Naam gedoop. Volgens Hebr. 1:6 word al die Engele opgeroep om Hom te aanbid. Maar genoeg!

Uit die voorgaande het reeds duidelik geblyk dat die hele Bybelboek Jesus Christus uitroep as die eie en natuurlike Seun van God en daarom as God self.

II. Maar nou: ons **Verhouding**?

Die uitdrukking: "aangenome kinders van God" wys daarop dat die gelowiges in 'n ander sin as Christus kinders van God is. Ons kindskap lê opgesluit in die salige betrekking waarin God ons tot Hom gebring het, by wyse **van** aanneming of adopsie. En wel uit krag van Jesus Christus se middelaarswerk. **Aangenome** kinders is ons, Hierin lê die gedagte opgesluit dat ons eens op 'n tyd **geen kinders van God was nie**. Al was ons dit ideëel in Gods Raad wel, tog was daar in die wêreld 'n tyd waarop ons dit as sondaars **feitelik** nie, of nog nie was nie. Maar veeleer was kinders van die toorn vanweë ons sondes. Dog so sou dit nie bly nie. Want die Here het die mens, ook die **gevalle mens**, nog lief. Hy is genadig. Ooreenkomstig sy goedertieren wil sou ons uit ons sondige staat oorgeplaas word in 'n staat van heerlike vryheid, naamlik in die **van Kindskap**. Met die gevolg dat die gelowiges vir ewig ook sou deel in die regte en voorregte wat sulke kindsbetrekking as vanself meebring. Maar die Here neem nie net sondaars aan nie, **noem** hulle nie slegs kinders nie. Hy is ook magtig om te doen wat geen ouerpaar ooit vir hulle aangenome kinders kan doen nie. Hy gee aan hulle ook 'n **ander aard** deur die heilige Gees. Dit het die Here Jesus aan 'n ontelbare skare al gedoen en dit doen Hy nog in die magsdaad van die **wedergeboorte**. Hy het sy kinders tevore verordineer om aan die beeld van sy Seun gelykvormig te word. Die Bybel gebruik die terme "aanneming tot kindere" en "wedergeboorte" om as 't ware twee kante van een en dieselfde saak aan te wys. Enersyds neem die Here die voorgekendes in sy huis en aan sy tafel, dit is **in sy gemeenskap** op, om hulle andersyds innerlik **te verander deur Wedergeboorte**.

Hierdie weldaad geskied enkel uit genade en wortel in die skuldvergewende ontferminge van die Here God. "Ek, Ek", sê die Here, "is dit, wat julle oortredinge uitdelg, en Ek gedink julle sonde nie meer nie! Ek, God maak julle regverdig! Ek bekleë julle daarop

met die klere van geregtigheid . . ." So bewerk Hy die weldaad en **wonderdaad** van die **aanneming** van sondaars **tot kinders**, so, dat sy goddelike geregtigheid ten volle bevredig word deur die enige Middelaar, Jesus Christus. Deur sy lydelike en daadlike gehoorsaamheid het Hy alle **skuld** betaal en tewens alle geregtigheid verwerf.

* * * *

In die weinig woorde van vraag en antwoord 33 word groot waarhede aan ons geopenbaar. Eerstens, dat Jesus Christus die Vader se **eie en natuurlike Seun is. En** dus self ook **waaragtige God is**, in en deur wie ons verlossing vir ewig gewaarborg is. As Hy dit alles nie was nie, kon Hy ook nie ons Borg en Middelaar wees nie. En sonder Middelaar was daar geen Verlosser van sonde nie. En 'n wêreld sonder so 'n Verlosser beteken 'n verlore massa sonder God en sonder hoop . . .

Maar Goddank, Hy was waardig! Hy het die Boek van God se Raad geopen. Deur sy bloed het Hy ons vrygekoop en **tot Kinders aangeneem!**

Liewe leser, is u een van hulle? Wat is u antwoord? Sê u, ek . . . weet nie; ek is nog nie seker daarvan nie of ek sal later erns maak met die Here Jesus of 'n mens hoef sulke dinge nie te weet nie, dit is die Here se saak.' My broeder/suster, hierdie en dergelike antwoorde is almal verkeerd. Lidmate wat so praat, moet bid en worstel met God. Moet ontwaak uit hulle onsekerheid, of uit hulle onverskilligheid, of sluimering, of diepe slaap van **valse** gerustheid. Die saak van die ewige wel of wee is tog op die spel. Die **genadetyd** gaan ook verby net soos elke dag verbysnel. Paulus herinner die Korinthiërs aan die vreeslike waarheid dat ons **almal** voor die regterstoel van Christus **moet** verskyn om straf of loon te ontvang, volgens wat ons gedoen het (2 Kor. 5:10). En **buite** Christus is daar enkel straf vir 'n arme sondaar.

" Paulus sê verder: "omdat ons die skrik (gedugtheid) van die Here ken, probeer ons (hy met sy medewerkers) om die mense te oortuig ..."

Dit is die ding: elke sondaar, ook die wat in onverskilligheid omtrent eie sielstoestand voortlewe, **moet oortuig word van eie verantwoordelikheid voor God.** Die **Vaderskap** van God **en die kindskap van die gelowiges** bestaan nie in hol klanke nie, bestaan nie lewenslank **sonder** dat ons dit weet nie. Nee, dit is 'n **lewende** verhouding waarin elke gelowige tot God staan. Van die feit dat God weer **u Vader** is in Christus en **u sy** kind, moet u weet, aanvoel, ervaar in die daelike lewe, in die Kerk, in die binnekamer, — anders is dit nie of nog nie in orde met u geestelike lewe nie.

Dwarsdeur die Heilige Skrif heen weerklink die eis in verskillende toonaarde: mensekind, verbondskind, "maak vas jou roeping en verkiesing!" Maak seker van jou **persoonlike kindskap!** Eindelik, die derde verhouding:

III. "Waarom" vra die onderwyser aan sy leerling, noem jy Hom onse Here? "Omdat Hy ons met liggaam en siel van al ons sondes, nie met goud en silwer nie, maar met sy dierbare bloed gekoop en van alle heerskappy van die duiwel verlos het, en ons tot sy eiendom gemaak het."

Hier word gewys op ons Heiland se Verhouding tot sy vrygekoopte volk. Deur **adopsie** is God weer ons **Vader** om Christus wil, maar deur **loskoping** is Christus onse **Here**. "Here" moet hier geneem word nie in die sin van Jehova nie, maar van Koning, Beskermheer, Baas. Psalm 45 vermaan: "Omdat Hy u Here is, so buig u voor Hom neer." As 2de Persoon is die Seun van alle ewigheid af Here oor alle skepsele aangesien alles deur Hom gemaak is. Maar die kategismus wys hier op 'n Heer-syn, wat aan Jesus as Middelaar deur die Vader gegee is. As sodanig is selfs die duiwels aan Hom onderdanig, hoewel nie gewilliglik nie; ook die goddelose moet swig voor sy Mag as Here.

Maar volstrek anders is dit gesteld met ons, sy verbondsvolk. Vir ons is Hy nie net: Here nie, maar: My Here en onse Here. Salige voorreg en lieflike verhouding is dit vir sy vrygekooptes!

Hier, in ons geloofskringe, is dit nie meer die geroep van die besetene nie: "Wat het ons

met u te doen, Jesus Seun van God! Het U hier gekom om ons te pynig voor die tyd? " Nee, hier word Hy weer reg geken as die groot Vrymaker van sy verknegte volk. Ja, verkneg onder Satan se valse heerskappy. Maar ook verkneg onder die mag van die sonde en belade met die toorn van God vanweë die ongeregtigheid van Adam en al sy nakomelinge.

Omdat die Middelaar dan sy dierbare bloed as losprys aan God vir ons sondes betaal het (nie aan Satan nie, want die is 'n valse indringer !) daarom is Hy "onse Here!"

Hierdie uitdrukking "onse Here" lê beslag op ons, broeder en suster. Dit is nie 'n woord sonder betekenis vir u en my nie. Een van twee: Jesus Christus is "u Here" of Hy is dit nie! En as **Hy** dit nie is nie, dan is 'n ander gewis en seker u Baas. En **wie** is daardie ander een? Voor wie buig u, en wie dien u? Ja, wie? Dit kan die Self wees! Die groot Self in die mens, wat alles is in eie oog en alles vir sigself opeis in eie kring. Is die mens nie soms so ongemerk slaaf van iets of iemand waarvan hyself nie, of nog nie weet nie? Ja, 'n dienaar van homself, 'n slaaf van een-of-ander sonde . . . van hebsug, van die bose? Die Woord vermaan hierdie groep om hulself los te laat en die Seun te kies. Te kies voordat sy toorn oor hulle verder ontbrand en hul vir ewig vergaan. Hy alleen is hulle regmatige Here en Meester! Broeder en suster, verklaar oorlog teen die ongehoorsaamheid en begeerlikheid van die vlees. Hulle is struikelblokke op die pad van die onderdane van die Here Jesus. Sê vir die groot self in u binneste: nie jy nie, maar Jesus Christus is my Here! Hy het my vrygekoop met sy bloed. Hom bid en smee ek — nie soos die besetene om weg te gaan van my nie — maar om my aan te neem as sy kind en my deur sy Woord en Gees te regeer, sodat ek my hoe langer hoe meer aan Hom kan onderwerp. Liewe lesers, laat ons, as verlostes van die Here, altyd volle rekening hou met die bloedprys wat vir ons betaal is. Laat ons standpunt beslis wees teen die Bose, die wêreld en die ou mens.

Dit sal u meer en meer maak tot waardige kinders van u hemelse Vader. Dit sal ook u Christenstryd makliker maak. Verklaar die heilige oorlog teen al die vyande van u Koning. Sê vir hulle: ons wil nie langer eiendom en skolier van Satan wees nie; ons wil nie meer slaaf van die sonde wees nie; ons wil die ou mens nie verder dien nie. God is ons Vader, Hy het ons tot sy kinders aangeneem. Jesus Christus is onse Here, Hy het ons duur gekoop! Hom wil ons dien! Onder sy vleuels vernag! Van Hom verwag ons heil en ewige Saligheid ! "Want die Koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid."

Amen.

SONDAG 14:

ONTVANG VAN DIE HEILIGE GEES. GEBORE UIT DIE MAAGD MARIA

Ds. ID Kruger

Lees: Hebreërs 2.

Sing: Skrifberyming 151:1, 6; 152:1; Ps. 40:4; Ps. 32:1.

Die derde artikel, wat handel oor die ontvangenis en geboorte van ons Here Jesus Christus, is ook uiters belangrik, onmisbaar vir ons Verlossing. Daarmee bely die kerk: "Dat die ewige Seun van God, wat waaragtige en ewige God is en bly, 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees, aangeneem het, sodat Hy ook die ware nakomeling van Dawid sou wees, aan sy broeders in alle opsigte gelyk, uitgesonderd die sonde." Dit is inderdaad 'n moeilike deel van ons belydenis omdat ons gedagtes sondig is, ook dan wanneer ons met die heilige dinge besig is, moeilik omdat hierdie waarheid onbegryplik is vir ons verstand. Hier moet ons kinderlik aanneem en dankbaar bely wat aan ons geopenbaar is. Dit moet ons ook nie verbaas nie aangesien die kerk hier te doen het met 'n groot verborgenheid. Laat ons dan byvoorbeeld alle aardse, onkuise, vleeslike gedagtes uitban, anders kan ons by die lees en bepeinsing van die artikel geen seën verwag nie.

Kom ons let op

- I. die tweërlei staat van die Middelaar;
- II. die feit, dat Hy ook gedurende sy vernedering waaragtig God gebly het;
- III. sy wonderlike ontvangenis en geboorte, en
- IV. wat dit vir ons beteken.

I. Tweërlei Staat.

Hierdie onderskeiding is nie deur die Kerk uitgedink nie, maar is in die Skrifte geopenbaar. Daar word tussen verskillende trappe van vernedering onderskei. Dit begin met die Middelaar se vleeswording en eindig met sy neerdaling na die hel, terwyl die staat van sy verhoging 'n aanvang neem by die Heiland se opstanding uit die dood en eindig met sy wederkoms ten oordeel. Wat betref die staat van vernedering — daarop wys die profeet Jesaja in baie duidelike taal as hy profeteer van die Knecht van die Here: "Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gesig verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie." Jes. 53:3.

Die Nuwe Testament bevestig die Ou Testament as Paulus eeue later aan die Filippense skrywe dat alhoewel Christus Jesus in die gestalte van God was, Hy dit geen roof geag het om aan God gelyk te wees nie, "Maar Hy het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en in die gelykenis van mense te kom; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja die dood van die kruis . . ." Filip. 2:6-8.

Duideliker as in bogenoemde tekste kan op die staat van die Middelaar se vernedering moeilik gewys word. Maar **andersyds** word ook weer met net soveel woorde op sy verhoging gewys. Dit doen sowel Jesaja as Paulus. "Daarom, sê die Here by monde van Jesaja aangaande die Messias, — "om sy arbeid sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met die magtiges sal Hy buit verdeel . . ." Jes. 53:12.

Weer bevestig Paulus Jesaja se profesie, wat eeue later vervul is, en wat deur Paulus self gesien is: "Daarom het God Christus ook uitermate verhoog en Hom 'n Naam gegee, wat bo elke naam is . . ." Filip. 2:9. Hierdie waarheid aangaande die staat van Christus se vernedering en verhoging is dus in die Heilige Skrif self gegrond. Sondag 14 bepaal ons

nou by die 1ste trap van ons Middelaar se vernedering.

Inderdaad was die **vleeswording groot vernedering** vir ons Heiland. Om die hemel van heiligheid te verlaat, na 'n sondige aarde af te daal om hier ons beperkte en verswakte menslike Natuur aan te neem — dit het inderdaad vir Hom, die ewige Seun van God, die diepste vernedering ingehou!

Hierdie leerstuk het teen die middel van die 19de eeu teenstand ontmoet in Europa. Godgeleerdes soos Strauss en ander wou liever spreek van "'n lewe Van Jesus," as van die state van sy vernedering en verhoging. Maar agter hierdie teenkanting het 'n motief geskuil, naamlik die neiging om die waaragtige godheid van Christus te loën.

Hierteen het die Gereformeerde Kerk posisie ingeneem deur ons Belydenis op Skriftuurlike gronde te verdedig. Daarby het die Gereformeerdes volgehou dat geen geleerde ooit in staat sou wees om 'n lewensbeskrywing van Jesus Christus te gee nie. Dit sou neerkom op 'n poging om die Onverklaarbare, "waaragtige God en waaragtige regverdige Mens" te wil verklaar. Nee, van Hom bestaan geen private berigte en gegewens soos van ander mense wel, geen boustowwe waaruit 'n lewensbeskrywing sou kan opgebou word. Ook het Hy nie soos gewone mense invloede van buite af ondergaan waardeur 'n karakterstudie moontlik sou wees nie. Daarom wou die Christelike Kerk glad niks weet van 'n verhaal van Jesus se lewe nie, asof Hy een uit die massa was nie.

Alle navorsing is volstrek misplaas waar dit gaan om die suiwer kennis van Jesus Christus. Hier is op sy plek enkel en alleen die Selfopenbaring van God in sy Woord. Altyd was dit meer bepaald die vier Evangelies wat ons Saligmaker en sy Middelaarslewe vir ons geopenbaar het, wat sy aanbiddelike beeld diep in die besef van die Christelike Kerk laat indring het. En waar die Bybel ons so duidelik die vernedering en verhoging van ons Middelaar voor oë hou, daar bely die Kerk dit heelhartig as die geopenbaarde waarheid.

Dit is nou nodig om daarop te wys dat daar 'n groot verskil bestaan tussen iemand se staat en sy toestand. 'n Persoon se staat of status in die lewe sien op sy regsposisie. Hy kies dit nie self nie, maar dit word hom/ haar toegeken van owerheidsweë. Ons dink aan die mondige of onmondige staat waarin ons kinders verkeer, aan die van man en vrou, ens. So het ons Heiland toe Hy in die vlees verskyn het ook 'n status gehad. Het Hy as God of in die staat van 'n mens verskyn? Die Skrif verklaar dat Hy gekom het in die gestaltenis van 'n mens, van 'n dienskneg, sonder eer of aansien by die edeles op aarde. Aan hierdie regsposisie of status het die eenvoudige toestand waarin Hy by sy geboorte verskyn het, geheel-en-al beantwoord. Nie in 'n paleis nie maar in 'n krip (armlike toestand) is Hy gebore, juis omdat sy staat, volgens God se beskikking, die van 'n dienskneg was. In die beskikking het Hy, as tweede Persoon, saam met die Vader en die Heilige Gees mee beskik.

Hierdie feit dat Hy op aarde, alhoewel God, tog in die staat van 'n skuldige, eerlose, versonke mens, verskyn het, dit op sigself was reeds ontsettende vernedering vir Hom. Hy, na sy heilige Wese die waaragtige God, Hy word as 'n eerlose, as 'n skuldige aangesien en bejeën! ? Kan groter onreg, dieper vernedering iemand aangedoen word? Die vernedering, trouens alle vernedering bestaan nie in wat ons is, innerlik is, maar daarin dat ons gereken of beskou word om te wees wat ons in wesenlike werklikheid nie is nie. Dit was juis die diep smadelike vir ons Heiland dat Hy met die oortreders gereken is terwyl Hy dit werklik nie was nie. So'n knegtlike, skuldige staat of posisie was volstrek onverdiende vernedering vir Hom, die Regverdige! Maar, O wonder van genade! Vrywillig het Hy sy heerlikheid verlaat. Vrywillige het Hy uit sy goddelike status oorgegaan in ons sondige, menslike posisie. Sodat, omgekeerd, dit deur sy borgskap ook vir die sondaar moontlik sal wees om uit sy sondige staat uit te kom. Hy is sonde vir ons gemaak sodat ons sy heiligheid deelagtig kon word. Hy is deur God en mens onder die armes en ellendiges gereken sodat ons, die wesenlike armes, ryk gemaak kan word Hy het in die gevalle Adam se plek kom staan om ons weer uit daardie eerlose plek en staat op te hef. Hy het die straf van God oor ons sonde kom dra sodat die vrede van God weer op ons kan neerdaal. Sy kruiswonde het ons sonde-wonde genees. So diepwerklik het

Hy, as Borg in ons posisie, in ons staat voor God gaan staan om ons in sy staat van onskuld oor te plaas. Uit hierdie omruiling van staat blyk sy middelaarsliefde weergaloos te wees. Geen hoon of smaad of vernedering of sielesmart was vir ons Heiland te groot om in ons plek en vir ons verlossing te bring nie! ! Dit is vir 'n sondaar byna ongeoorloof om oor die **heilige selfvernedering** te stamel, om aan die priesterlike liefde wat dit bewerkstellig het, waardiglik te dink. Dit is alles so volmaak heilig en onbaatsugtig by ons Heiland dat 'n gelowige met sy nog ingekankerde ondankbaarheid en liefdeloosheid wil wegsink voor die hemelse Alwetenheid.

Ons kan maar net saam met derduisende verlostes wat ons reeds voorgegaan het, uitroep:—

"wat kan'k die Heer vir al sy genade vergeld?
wat kan'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy Verlossingsdade
En by die kelk van heil sy naam vermeld."

II. Bly ondanks vernedering God!

Nadat ons u aandag op die **tweërlei staat** van ons Verlosser gevestig het, sal die tweede punt van oordenking nou ook vir u duideliker wees, naamlik "dat die ewige Seun van God . . . ook terwyl Hy 'n ware menslike natuur aangeneem het . . . tog nog waaragtige en ewige God is en bly."

Die kategismus bestry met hierdie woorde 'n dwaling wat destyds begin veld wen het. Die mening, naamlik, dat die vleeswording 'n einde sou gemaak het aan Jesus se **waaragtige Godheid**. Omdat so'n beskouing alweer 'n **aanslag** was op Christus se waaragtige Godheid (algodendom) daarom is dit deur die kategismus teengestaan. En wel in bogenoemde woorde. Onder alle omstandighede **ondanks** vleeswording of lyde of dood . . . , het onse Here Jesus Christus "**waaragtig ewige God gebly!**"

Hy het wel die ware **menslike natuur** aangeneem. Dit het bestaan in siel en liggaam, waardeur die mens in aanraking kom met sowel die onsigbare as met die sigbare (die geestelike en stoflike) wêreld. Maar in hierdie aangenome liggaam en siel (natuur) het die goddelike Ek van Immanuel kom inwoon, dit is die 2de Persoon van die Heilige Drie-eenheid. Vir ons, mense, 'n ondeurgrondelike, maar daarom aanbiddelike verborgenheid!

En so **bely ons kinderlik** dat ons Heiland die ewige Seun van God **gebly het**, ook na sy koms in ons natuur. In hierdie belydenis en geloofsoortuiging rus en berus die saligmakende geloof as op die enigste vaste fondament: **God** is Immanuel van alle ewigheid, maar ook waaragtige ewige God in die krip, aan die kruis, te midde van helse smarte en tot in en oor die dood toe ! Want as daar maar net een enkele oomblik was waarin Hy sulks nie sou gewees het nie, dan was die verlossingswerk verydel, ook vir u en vir my! Dan kan die Vader, met eerbied gesê, geen enkel sterweling **regverdig verklaar** op grond van die Borg se versoeningswerk nie. En sonder so'n **vryspraak** van sondeskuld is daar geen **oorgang moontlik uit die staat van ongeregtigheid in die van geregtigheid van God nie**.

Hieruit blyk die groot betekenis ook van **hierdie** gedeelte van ons belydenis. Daarsonder sou geen saligheid moontlik gewees het nie. Dankbaar mag ons dit bely. In die vaste oortuiging dat dit eg en waar is, nie alleen vir **ons bewussyn**, maar ook buite ons, voor God se troon ! Dit is beseël met die bloed van die Borg, Jesus Christus !

III. Sy Ontvangenis en Geboorte.

Die onderwyser vestig ons aandag verder op die **heilige ontvangenis en geboorte** van ons Saligmaker. "Hoe?" so vra die godvrugtige maagd—en vele na haar! Waarop die antwoord lui: "ontvang van die Heilige Gees en gebore **uit** die maagd Maria, sodat Hy ook die ware nakomeling van Dawid sou wees, aan sy broeders in alle opsigte gelyk,

uitgesonderd die sonde."

In die eerste plek sny hierdie antwoord 'n ernstige dwaling op die punt van Christus se geboorte kort af. Aanhangers van hierdie onskriftuurlike beskouing is "docete" genoem, afkomstig van die Griekse woord **dokein**, wat **skyn** beteken. Hierdie bewering, afkomstig van mense wat reeds gedurende die eerste eeue van die Christelike Kerk gelewe het, kom daarop neer dat Christus maar 'n Skyngestalte en geen werklik bestaande mens was nie. Soos die Engel van die Verbond in die ou bedeling soms in **skyngestalte** verskyn het, so was dit ook die geval met Christus in die Nuwe Testament. As ons dit toegee, en verder so deuredeneer, dan moet daaruit volg dat Jesus ook eintlik nie **werklik gesterf** het nie, dan was sy dood **net 'n skyndood**, sy opstanding pure **skyn en so** ook **sy** hemelvaart, ens. . . . Maar, meer nog, dan kan die **vrug** van sy lyde en sterwe tog ook niks meer as enkel skyn wees nie! Waar beland die kerk dan eindelik?

Geen wonder dat die Skrif so duidelik op hierdie punt waarsku teen elkeen **wat nie bely dat Jesus Christus werklik vlees geword het nie**. So een noem Johannes: die **Antichris**, is die Bose, en is vervloek. Maar die woorde "ontvang en gebore" is duidelik en hulle weerspreek bogenoemde **docetiese** dwaalleer op ondubbelsinnige wyse. In hierdie uitdrukking: "ontvang van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria" lê die belydenis van die waaragtige vleeswording onwrikbaar vas teenoor genoemde kettery. In hierdie formulering het die kerk duidelike taal gespreek. Almal kan die betekenis daarvan verstaan. **"Ontvang en . . . gebore"** — die twee woorde sê nie dieselfde nie. "Ontvang" is elke kind in die moederskoot en maande daarna word hy eers **"gebore."**

Wat Jesus betref — Hy is anders as ons, sondaars, **ontvang**. Nie is Hy ontvang uit die wil van 'n man nie, maar deur die ondeurgrondelike werking van God, die Heilige Gees. Ook wat sy **geboorte** betref, is dit anders as by ons. Hy is nie uit 'n **vrou** gebore, wat, om **moeder** te word, opgehou het om **maagd** te wees nie. Maar gebore uit 'n **maagd** wat, ondanks daardie geboorte, tog nog maagd gebly het. Ook ons Heiland is "ontvang en gebore," maar o, so goddelik anders!

Die verskil word nog groter.

As daar uit 'n ouerpaar 'n kind in die wêreld gebore word, dan het daar in daardie kind 'n nuwe wese ontstaan, iemand wat daar tevore nie was nie.

Met Christus is dit anders geleë.

Toe Hy in Bethlehem se krip gebore is, het daar geen **nuwe Wese** die wêreld binnegekom nie. Maar was dit **dieselfde** Wese wat van oudsaf reeds bestaan **het, wie** se uitgange uit die dae van die ewigheid was (Micha 5:1; Jes. 9:5; Spreuke 8:22 v.v.) Daarby bely ons, volgens Bybel, dat Christus volstrek nie **lydelik** was by sy ontvangenis en geboorte nie. Dit is elke mensekind wel. Maar Jesus Christus was, as Tweede Persoon, self **aktief** in hierdie onbegryplike vleeswording. **Self** het Hy die menslike natuur **aangeneem en** dit nie net **ontvang** nie.

Hyself het meegewerk, ook in die keuse van die moeder-maagd Maria. Dit kan van geen blote mens gesê word nie.

Die kategismus verklaar dat "dit was 'n ontvangenis van die Heilige Gees." Dit het die Engel aan Maria gesê op haar vraag: "hoe sal dit wees aangesien ek geen man het nie."

Meer is hiervan nie geopenbaar nie. Alle lewensoorsprong is 'n verborgenheid, hoeveel te meer die oorspronge van hierdie Heilige I Ons buig die hoof saam met Maria in ootmoedige aanbidding! Ook dan wanneer die nuwe lewe van die wedergeboorte deur die Heilige Gees in ons gewek en gewerk word.

'n Tweede belangrike punt hier is die belydenis dat die Middelaar uit Maria gebore is en nie maar net, soos deur die Dopers beweer is, "deur haar liggaam heengegaan het nie."

Hy word wesenlik deelagtig "haar vlees en bloed, en het aldus geword die ware nakomeling van Dawid."

Derdens bely ons "dat Hy aan sy broers in alle opsigte gelyk geword het, behalwe in hulle sonde." Hy het die menslike natuur aangeneem, net soos al wat mens heet dit vandag nog besit, aangeneem soos wat dit deur die sonde geword en verword het, behalwe die sonde self, ons natuur, soos wat dit aan swakheid, sterflikheid, ens. onderhewig geword het. Daarom het ook Hy ondervind die nood, die smart en al die gebreke van ons natuur en . . . kon Hy ook sterf!

Hy is dus 'n Hoëpriester wat volkome medelyde kan hê met ons sondige swakkelinge omdat Hyself ook versoek is, soos ons. Net soos ons natuur vatbaar is vir alle soorte van aandoeninge en wederwaardighede, so ook syne, maar ... nie vir die sonde nie! Dit is 'n vierde baie vername punt van ons Belydenis. In Hom was van huisuit geen sondebeginsel aanwesig nie, net so min soos in die eerste Adam voor die val. Sy Persoon of Ek was ook die Ek van sy menslike natuur en as sodanig was Hy, die Heilige, geheel-en-al onvatbaar vir die sonde. Hierdie feit het die ontstaan van sonde in Hom onmoontlik gemaak; vandaar dat al satan se pogings volstrek misluk het.

So bely ons dan ootmoedig, maar tewens dankbaar, die heilige ontvangenis (1) deur die werking van die Heilige Gees, (2) **uit** (nie **deur**) Maria, (3) aan sy broeders in alle opsigte gelyk en (4) uitgesonderd die sonde omdat Hy God is en bly ook in sy vleeswording.

IV. Die betekenis hiervan vir ons.

Vraag 36 doen nou ondersoek na die **nut** van hierdie belydenis vir ons. Waarop geantwoord word: "Dat Hy ons Middelaar is en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde, waarin ek ontvang en gebore is, voor die aangesig van God bedek."

Van **wanneer** af bedek Hy so my sonde? Seker nie eers vanaf sy lyde in Getsemane nie, want reeds by die vleeswording word daar al 'n versoenende mag aan Hom toegeken. Die kategismus gaan hier terug tot die wortel van die sonde en van die versoening, met ander woorde tot die **erfsonde** waarin die mens ontvang en gebore word, en dan ook terug tot daardie ander heilige ontvangenis en geboorte, naamlik tot die van Christus self. Hieruit lei hy die mag van die Middelaar af om met sy onskuld en volkome heiligheid te bedek voor God se aangesig ook selfs ons **erfsonde**.

Hieruit is dit duidelik dat Christus se plaasbekledende lyde nie eers met die kruisiging of by die doop begin het nie maar reeds lank tevore was Hy ons aanbiddelike Hoëpriester gewees. Dit lê opgesluit in die Ou-Testamentiese profesie "dat Hy sou opskiet soos 'n wortel uit droë grond." Van toe af het Hy reeds as die **ware** Versoendeksel ons sonde voor die Vader se aangesig bedek.

O, watter onuitspreeklike nut skuil **hierin** nie vir ons nie! Wie kan so'n weldaad na waarde skat? En tog, hoe baie duisende leef daar onder God se hemel wat van die heilige ontvangenis en geboorte van die Middelaar wel gehoor het, maar dit vergeet of selfs skouerophalend aanhoor ! Die oorsaak lê daarin dat die mens **geestelik dood** is in sonde, en van nature geen kennis dra van sy eie doemskuldige ontvangenis en geboorte nie. Vir sulke siele steek daar, volgens hul mening, geen nut hoegenaamd in die heilige geboorte van Christus nie. "Vermoeid en belas" voel hulle ook nie. Daar is mos geen stryd by hulle teen die sonde nie. Van erfskuld en erfsmet weet hulle nie. Waarom sal hulle na 'n **Middelaar** soek om met sy onskuld en volkome heiligheid hulle sondes waarin hulle ontvang en gebore is, voor God se aangesig te bedek?

O, dat ons dan tog maar heilige erns mag maak met die Middelaar in die tyd van genade wat die Here ons skenk. Daar is nog so baie "Christene" wat uit blote vorm nog die kerk besoek maar vir wie die heilige ontvangenis van die Middelaar geen nuttigheid het nie, dog wel 'n vreeslike oordeel inhou. Hulle sonde is nie bedek nie, en dit sal ope bly, as daar geen ware bekering kom nie, tot op die dag van hulle dood toe. Om dan namaals as onbedekte en onvergewe sondes voor almal se oë blootgestel te word! En, as God die Here ontdek, wie sal dan bedek!!

Aan die anderkant is die nut onuitspreeklik groot vir die ware gelowiges. Die oordeel word deur die Middelaar se ontvangenis en geboorte vir diesynes weggeneem. In die plek daarvan kom al die voordeel hul ten goede sodat ons erfsonde, ons daelikse sonde met onskuld en volkome heiligheid vir ewig uitgewis en weggedaan word voor die aangesig van God ! Hemelse blydschap word hieroor by voorbaat al op aarde uitgejubel. Hoe skoon sal die lied namaals nie gesing word nie:

"Welsalig wie van skuld en straf onthewe, Die Woord mag hoor: jou sondes is vergewe, Want God wat groot is in barmhartigheid, Het hom vergeween skeld die skuld hom kwyd. Wel salig, wie die Heer geen enkel stonde Toereken wil die boosheid van die sonde En wie se gees, van alle valsheid vry , Voor God ootmoedig al die skuld bely."

Amen.

SONDAG 15.

JESUS CHRISTUS HET GELY EN GESTERF

Ds. ID Kruger

Lees: Jesaja 53.

Sing: Psalms 40:26 70:1; 27:1; 124:3, 4.

Dit is goed om daaraan te herinner dat die kategismus duidelik onderskei tussen die trappe van Christus se vernedering. Sy koms in die vlees is die eerste trap. Hieroor handel Sondag 14. Sondag 15 wys op die tweede trap, want Hy het geword die man van smarte. Terwyl Sondag 16 die derde trap behandel waar Christus eindelijk die vloekdood ingegaan het. Sy lyde het dus al swaarder geword. Hy het gely aan liggaam en siel. Sy hele lewe lank was een stuk lyde gewees. Dit was deurgaans vreeslik, maar veral aan die end het die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag onbeskryflik swaar gedruk. Daarvan sê die kategismus dat dit bestaan het in onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling.

I. Die Middelaar se lyde.

(a) Volgens die Skrifte het ons Heiland dwarsdeur sy lewe heen net gely. Dit wil nie sê dat daar hoegenaamd geen graadverskil tussenin bestaan het nie, inteendeel, Hy was eers kind van smart om daarna te word man van smart.

Hieruit blyk dit duidelik dat Hy van kindsbeen af verskyn het nie in die staat van Regverdige nie maar van skuldige. Van sy ontvangenis en geboorte af reeds belade met die vloek van God weens die sonde van die ganse menslike geslag. Aan sy veragtelike geboorte, aan sy onbegeerlike gestalte, aan sy vervolg-word was dit te sien dat Hy gekom het in die staat van 'n eerlose burger van 'n skuldige wat gebuk gegaan het onder die goddelike vonnis van 'n misdadiger. **Vrywillig** het Hy so op aarde in ons plek gekom. As oornemer van ons sondeskuld is Hy dan ook deur die Vader gereken en gevonnissen. Hy is met die oortreders gereken van sy geboorte af; vandaar sy posisie, sy dienskneggestalte, sy vreeslike lyde. Ondanks die feit dat Hy, as die Seun van God die Heilige was. Nooit mag ons egter uit die oog verloor nie: die las wat Hy gedra het as offerlam, was 'n vreemde las, 'n vreemde skuld, aan Hom van buite af deur God opgelê maar tog ook vrywillig aanvaar. Daardie las van God se toorn het op die gevalle menslike natuur gerus. Daarvan getuig Psalm 90: "Ons vergaan deur U toorn en deur U grimmigheid word ons verskrik." "Van nature," sê Paulus, "word ons as kinders van die toorn gebore." En as Borg het Hy onder hierdie toorn ingekom. Toorn is by God die Here iets glad anders en baie ontsagliker as by ons, mense. Ons onderskei tussen 'n billike en 'n onbillike toorn. Billik ontsteek ons toorn, warm word ons bloed in ons as ons getuie moet wees van iets laags, slegs of gemeens, dit wil sê as sulke dinge gebeur, neem die regskepe mens daarmee geen genoë nie, inteendeel, dit prikkel sy menslike gevoel en regsbesef sodat hy teen sulke onreg ingaan met al die vuur van sy siel en woord. Dit is maar 'n flou beeld van wat die toorn in God is.

Dink bietjie na, liewe leser, as ons, wat ver van heilig is, tog ook al bitter gekant kan raak teen gepleegde onreg en in toorn daarteen kan ontvlam, hoeveel styg God se heilige toorn dan nie bokant die van ons, sondaars, uit oor alle boosheid nie? Verskerp en vermeerder moet sy toorn ook nog word deurdat Hy, as skepper, self al sulke boosheid en ongeregtheid dra. Want sonder sy sparende en bewarende krag kan niemand in die lewe bly nie. In God leef en beweeg elke sondaarmens. As die goddelose sondig, dan doen hulle dit met kragte wat **God** aan **hulle** gee, met 'n liggaam wat Hy geskepe het en in stand hou van oomblik tot oomblik. Alle kwaad word daagliks dus vlak voor God se heilige oog gedoen, en dit met gawe en talente wat Hy self gee aan elke mens, onophoudelik skenk uit genade!

O, as u naaste u so sou misken in u eie huis, u so sou hoon en belaster met goed en

geld wat hy uit u hand ontvang, hoe veel te meer sal u nie daardeur tot **billike toorn** geprikkel word nie? U sal die ban oor so'n deugniet uitspreek! U sal in toorn verklaar: van my kry hy geen pennie meer nie! Hy is geen weldaad werd nie! So'n gesindheid en gedrag by mense gee ons 'n flou denkbeeld van die maat waarin God se heilige toorn billikerwyse moet onsteek oor die boosheid en goddeloosheid op aarde. Die Bybel noem God se toorn 'n **verterende vuur** waarby niemand kan woon nie. Sy toorn is geen aandoening maar goddelike reaksie of terugwerking teen al wat onreg, onwaar, onheilig is. Sy heilige **Wese** wil met geen sonde in aanraking kom nie. Hierdie heilige reaksie of billike toorn brand soos 'n vuur voort teen elke siel en bring eindelijk die ewige dood oor alle mense. Hierdie dood-aanbrengende toorn van God het gaan rus op die hele menslike natuur in sy gevallenheid. En waar Christus hierdie gevloekte natuur aangeneem het as syne, het Hy daardeur ook te staan gekom onder die verterende strale van hierdie heilige toorn. Vandaar dat Hy van sy geboorte af "die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het!" En, net soos die dood wat sy oorsaak in God se toorn het, in ons groei van die wieg tot die graf toe, en daardeur voortdurend lyde en smart veroorsaak, so het die dood ook voortgewoeker in die menslike natuur van die Middelaar. Daarom het Hy gedurende sy 33 jarige lewe in lyde verkeer, liggaamlik en geestelik. Maar al groter en swaarder het dit geword hoe nader Hy aan die end gekom het. **Ontslaglik** was die goddelike verbolgenheid wat oor Hom as Borg uitgestort is vanweë al ons ongeregtigheid.

(b) Maar, **sy lyde** — hoe moet ons dit verstaan?

Allereers moet ons daarop wys dat onse Here Jesus Christus alleen na sy menslike natuur gely het en nie ook na sy goddelike nie, want die Godheid kan nie ly nie. Ewenwel het Christus nie bloot na die liggaam gely nie maar ook na die siel. Die menslike natuur bestaan tog uit liggaam en siel. Op hoedanige manier die Seun van God met die lyde van sy menslike natuur in aanraking gekom het, dit weet ons nie. Dit is 'n verborgenheid waarop die Skrif geen verder lig werp nie. **Persoonlik** egter staan die Middelaar in verband met die aangenome menslike natuur wat gely het. Maar **wat** Christus se Godheid hierby gedink en gedaan het, weet ons nie. Dit weet ons egter dat sy Godheid Hom ondersteun het in sy smartlike lyde as Borg en ook dat ons geen Hoëpriester het wat nie volkome medelyde kan hê met ons swakhede nie omdat Hyself in alles versoek was, soos ons.

Maar, waarin het Jesus se lyde dan voor sy **openbare** optrede as Saligmaker van die wêreld bestaan? Daarin dat Hy in 'n stal gebore en in die krip gelê het? Of dat Hy met sy ouers moes vlug na Egipte? Of daarin dat Hy soms honger gely het? Ja, want dit alles was vir Hom, die Heilige, vernederend. Maar daar was veel meer. Sy lyde, afgesien van Getsémané en Golgotha, het deurgaans daarin bestaan dat Hy 'n gestalte gedra wat volstrek nie by Hom gepas of behoort het nie. Dit, dit was vir Hom, die driemaal Heilige, 'n groot smaad gewees. Dit was lyde! Want, bedink tog, Hy, die Volmaakte en Volheerlike heilige Seun van God, het in ons **ontaarde** natuur ingegaan soos wat dit deur die sonde verwring en verkrom en verswak is. Soos wat dit, volgens **Psalm 22**, in die stof neergeplof het. "My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; U lê my neer in die stof van die dood."

Dr. A. Kuyper gebruik die volgende beeld in hierdie verband ter opheldering. U is 'n man of vrou van fyne beskawing, goed ontwikkel, toegerus met kennis, besittende die menslike natuur in baie edeler vorm as 'n onbeskaafde Hotnot. Stel u nou voor dat u plotseling ingelyf word in daardie verdierlikte natuur van die onbeskaafde, en dat u daarby tog nog die herinnering aan u edeler verlede sou bly behou, hoe sou so 'n verlaging u nie aangryp nie! Sou dit u nie beklem soos iemand wat in 'n vuil sel opgesluit sit nie? Sou dit nie een deurlopende benouing vir u beteken nie? Een stuk lyde! Sou u nie onophoudelik bid om tog so spoedig moontlik weer herstel te mag word in u edeler natuur en omgewing nie?

Hierdie is maar 'n swak beeld van die werklikheid. Maar dit gee tog enigsins 'n idee van wat die toestand vir Christus in ons vlees moes gewees het. As dit vir 'n hoogbeskaafde

mens swaar lyde beteken om 'n laagstaande Hotnot te word, hoeveel te meer lyde vir Christus om te wees in die ou natuur van die gevalle sondaar! Om sy lewe lank op aarde in 'n gestalte te verkeer wat onbeskryflik ver onderkant die heerlijkheid staan wat Hy voorheen by sy Vader geken het! Daarop het dit tog, volgens Bybel, metterdaad neergekom. Die dra van ons menslike natuur in die gelykheid van ons sondige vlees was vir ons Heiland niks minder nie as een deurlopende beklemming. Dit het Hom benou, beperk, as 't ware ingekerker. Die hele toestand in ons verlaagde natuur was vir Hom, die Heilige, weersinwekkend en pynigend. Dit het Hom innerlik geskud en seergemaak. Sy heilige wese het telkens vir die aangenome natuur teruggekrimp, soos die hand wat 'n koue lyk aanraak. Hy is die Lewe en wat Hy as Middelaar aangeneem en gedra het, het Hom elke oomblik met die vesels van die dood in aanraking gebring. Daarom was rus en vrede vir Hom in ons natuur onmoontlik op aarde; intendeel die toestand het sy aardse lewe in 'n see van lyde gedoop. Die lyde word verswaar deurdat Hy voortdurend ook met die wêreld in aanraking gekom het. Sy wêreld was die Hemel van die Hemele voor sy vleeswording. Daar was enkel heiligheid, skoonheid en waarheid. Daarom het inwoning hier benede Hom seergemaak! Uit hierdie wêreld het die wind van die sonde teen Hom gewaai, die ruik van die dood! Dit was soos 'n walm uit 'n bedompige vertrek! Die kranke self merk niks van die bedorwe lug nie maar ... die besoekers van buite wel! So het die peswalm vanuit hierdie wêreld onse Here Jesus Christus voortdurend in die aangesig gewaai! Moeilik kan ons, sondige geslag, iets besef van die lyde wat die aanneem van ons natuur die verblyf in hierdie wêreld vir Jesus moes gewees het. Ons praat daarvan, ons dink daaroor, maar met dit al skiet ons oneindig ver te kort in ons verstand en hart om daardie diepgang van Middelaarslyde te kan peil. O, watter teenstrydigheid, watter belediging vir sy volkome heilige bestaan, watter gestadige verwonding van sy teerste gevoelens!

As ons verder bedink dat die Heiland in hierdie omstandigheid as Hoof van die hele mensheid opgetree het, dat Hy nooit in valse gerustheid ingesluimer het nie, dat Hy alleen alle denkbare sorge geken het, sorge, wat nooit in die mens se hart opkom nie, dat die angste van die hele wêreld op sy siel gedruk het . . . O, dan kry ons enigsins 'n denkbeeld van die deurlopende lyde van ons Borg, Jesus Christus.

Dit is dus iets geheel-en-al anders as waaraan ons gewoonlik dink wanneer ons hoor of lees van die Heiland se lyde om ons ontwil. Die verlossing is nie goedkoop nie! Ons Borg het duur betaal, grusaam duur! Ons lees so maklik "dat ons Middelaar met sy lyde as met die enigste soenoffer ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis verlos . . . ". Maar laat ons daarvan sidder omdat ook u en my sonde sulke lyde veroorsaak het.

(c) Hierdie lyde was egter vrugbaar! Dit was, Goddank, nie ydel nie. Die hele mens word daardeur gered van die ewige verdoemenis. Jesus Christus is 'n volkome Saligmaker. Sy werk is ook afgerond en volkome. Hy verlos die hele mens, liggaam en siel van die ewige verdoemenis. Dit is 'n verskriklike woord. Dit verkondig die sondaar se doemskuldigheid voor God en sy ewige rampsaligheid!

Maar . . . daarnaas weerklink ook die blye boodskap van volkome verlossing deur Jesus Christus vir almal wat in Hom glo. Die ongelowige wat bly volhard in die sonde, sal daarin eindelijk die ewige dood sterwe. Dan sal hy ontwaak om te besef teen Wie hy sy lewe lank gesondig het, ondanks baie vermanings en waarskuwings.

Maar Christus verlos nie net dog skenk bowendien "die genade van God, die geregtigheid en ewige lewe." Dit het Hy deur sy "daadlike gehoorsaamheid" gedoen. Hierdie gawe het Hy verwerf deur sy Middelaarslyde, bepaald verdien vir sy kindere. As tweede Adam het Hy die Wet van die lewe deur volmaakte gehoorsaamheid vervul en daardeur genade, geregtigheid en die ewige lewe verwerf. Hierdie skat kan Hy uitdeel aan wie Hy wil. Ook maak Hy die geroepenes innerlik geskik om hierdie heilsgoedere te kan ontvang deur 'n waaragtige geloof in Hom. Hoe onuitspreeklik groot is dan die deur ons Borg verworwe genade, nie waar nie! Tereg vra die apostel êrens: "hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam . . ."? Ja, hoe sal ons! Waar sal die goddelose in die groot dag van God se toorn 'n veilige staanplek vind? Die genade van God wat verkondig,

aangebied word, is so onnoemlik groot — die lydensprys deur Christus betaal so onbeskryflik duur! Hoe vreeslik is die skuld van almal dan wat dit verontagsaam? wat hierdie genade tog eendag sal moet erken, maar dan te laat! Dan sal hulle juis deur die grootheid daarvan verteer word! Mag ons voortdurend ons roeping as gelowiges vasmaak deur geloofsgehoorsaamheid! Christus se **lyde** was nie alleen swaar en vreeslik nie maar sowel die saligheid as die rampsaligheid wat daarop volg, is ewe groot. Want Hy is of 'n ruik ten dood of 'n ruik ten lewe!

II. **Onder Pontius Pilatus het ons Heiland** gely en aan die kruishout het Hy gesterf. Hierdie beide sake is baie belangrik.

(a) Aangaande die lyde juis toe Pontius Pilatus regter was, verklaar die kategismus dat dit vir ons bevryding van God se oordeel nodig was. Die Borg moes nie maar net sterf nie. Ook nie maar onverskillig watter soort dood nie; intendeel, Hy moes op wettelike wyse as 'n **gevonnisste** sy lewe laat vir diesynes. Sy dood moes as 'n straf Hom tref in ons plek. Hy moes "onder die wet" gebore word om voor die wet, en nie deur die swaard van 'n moordenaar te beswyk nie. God is 'n God van Orde. Aangesien die Owerheid deur God om die sonde se ontwil op aarde ingestel is, en Pontius Pilatus aldus in God se Naam oor Jesus vonnis gevel het, daarom was sy uitspraak wettig en geldig in die oog van God. Daarby kom dat daar destyds geen ander volk bestaan het waarby die regswetenskap en regspraak so hoog ontwikkel was as juis by die Romeinse volk nie. Alles het dus volgens God se ordinansies met ons Middelaar Jesus Christus verloop. Maar kom, laat ons die vonnis oor Jesus uitgespreek nader besien. Telkens hoor ons Pilatus verklaar: "Ek vind geen skuld in die mens nie!" Maar tog is die Heiland gekruisig! Was Jesus dan albei skuldig en onskuldig in een asem?

Waarvoor het die Heiland dan beswyk? **Voor die mag in die regter.** Vandaar dat Jesus vir Pilatus gesê het: "U sou geen mag teen My hê as dit U nie van bo gegee was nie . . ." Hieruit blyk dat God die Here in die menslike regsbedeling wel genoegsaam helderheid gegee het om skuld en onskuld te onderskei. Maar dit blyk dat die mens wat as regter optree, te bedorwe is om **sy mag as regter** ook na reg en geregtigheid uit **te** oefen. Pilatus sien, en sê ook, dat Jesus onskuldig is, **maar die mag van die sonde is vir hom te sterk.** Hy laat die reg **uit** sy hande glip, en laat toe dat die Onskuldige gekruisig word. Jesus het Hom aan die vonnis onderwerp, wetende **dat dit gevel was in die Naam van die** Keiser, en mitsdien in die Naam van die Here God. Aldus het die **Here Self** deurmiddel van Pilatus as regter ons oordeel op die Borg gelê. Die Here het, volgens Jesaja se profesie eeue tevore, "ons almal se ongeregtheid op Hom laat neerkom," — ook by wyse van hierdie regterlike uitspraak!

Maar, is hierdie onregverdige vonnis nie terselfderuur deur God weer ongeldig verklaar nie? Geensins! Want die Here eerbiedig die ingestelde owerheidsampte op aarde orals en altyd. Daarom moes Jesus as wettig gevonnisste ook sterf . . . maar streng volgens reg beskou, moes hierdie oordeel oor Jesus eintlik oor ons, menslike geslag, gegaan het. Dit het ewenwel nie gebeur nie ... en daarom mag ons, die ware skuldiges, nou vry uitgaan, terwyl Hy, die onskuldige, die ewige oordeel in ons plek gedra het! En dit bedoel die kategismus as hy sê: "om ons, deurdag Hy onskuldig onder die wêreldlike regter veroordeel is, te bevry van die strenge oordeel van God wat oor ons moes gaan."

O, hoe wonderlik is die weg van die Here ook op hierdie besondere punt van die verlossingsleer! Ons lees daarvan, ons glo dit ootmoedig, ons verheug ons in die plaasvervangende lyde en sterwe van ons Middelaar, maar . . . ons deurgrond dit nie. Goddank, dit is vir ons verlossing ook volstrek nie nodig nie. Wat wel nodig is, is om saam met alle ware gelowiges van vroeër en later eeue aanbiddend te betuig: "O Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë . . .!"

(b) Hierdie lyde is tydens Pilatus se ampsbediening aan die kruishout beëindig. Daaroor net 'n enkel woord, liewe leser. Die kategismus vestig die aandag tereg op die feit dat die kruisdood iets geheel anders as 'n gewone dood is. In Deut. 21:23 lees ons dat "een wat opgehang is, deur God vervloek is." Dit is beskou dat hy draer geword het van God

se toorn. Eeue later skryf Paulus hieroor aan die gemeente van Galasië: "Christus het ons verlos van die vloek van die wet, en het 'n vloek vir ons geword, want daar staan geskrywe: vervloek is elkeen, wat aan die hout hang." (Gal. 3:13). Uit hierdie waarheid volg die **versekering** vir elke ware gelowige dat Christus die **vervloeking** uit die lewe en dood van sy kindere weggedra het. As mense in sonde ontvang en gebore wat die heilige wet van God nooit kan vervul nie, verkeer ons dus onder die vloek van daardie wet. (Gal. 3:10.) Maar nou het Hy in ons plek kom staan!

O, watter ontsettende liefdevolle Weldaad! Vrywillig het Hy ons Borg geword en daardeur kom staan in die plek van 'n eerlose en diepskuldige mensheid, maar juis om langs hierdie weg van lyde, van smart en vervloeking ons geslag te verlos van die toorn van God.

Wat die Skrif in ander verband noem, kan ons ook hier van toepassing maak en saam jubel met die verlostes uit die Ou Verbond:

Geloofd sy God: Hy het ons vrygemaak; die woedende ondier het ons nie geraak; God het die dodelike sprong gestuit En ons nie oorgelewer tot 'n buit. Dus loof ons God: Hy het ons vrygemaak!

Amen.

SONDAG 16.

DIE UITERSTE VERNEDERING VAN CHRISTUS EN DIE NUT DAARVAN VIR DIE GELOWIGES

Ds. ID Kruger

Lees: Jona 2; Matth. 26:36-46.

Sing: Pss. 16:1 en 5; 22:1; 88:4, 6; 22:9.

Geliefde leser, laat ons die Heiland verder aanskou in die diepgang van sy borgtogtelike lyde. Hoe meer Hy die end van sy aardse lewe benader het, hoe dieper het die weg van smart geword, hoe groter die sielsbenouing.

I. Waarom moes Christus Hom tot in die dood verneder?

"Omdat," so lui die antwoord, "weens die geregtigheid en waarheid van God nie anders vir ons sondes betaal kon word nie as deur die dood van die Seun van God nie." Nie anders nie as **deur die dood** nie! Die dood van die Borg! Sonde is skuld en smet. Sonde kan en mag nie deur die vingers gesien word nie. Sonde is aanranding van God en die doodsvyand van die mens, God se beelddraer.

Sondag 4 en 5 het reeds die aandag op hierdie punt gevestig. Hier in Sondag 16 word dit weer gedoen, in effens ander verband.

Dit is broodnodig. Ons tydgees hou geen of weinig rekening met die feit van die gruwel van die sonde in ons hart en huis, in staat en maatskappy nie. Weinig rekening omdat ons lewe in 'n eeu van Godvergetelheid. God waak egter oor sy **geregtigheid en waarheid** wat reeds deur die eerste Adam geskend is.

Maar was Christus **se** lyde **van die** wieg af tot in Getsémané toe dan nie genoegsame betaling vir ons sondes nie? "Nee," sê die Woord van God. Volle betaling is die goddelike eis, en dit is die dood van die Borg, Jesus Christus.

Skending van sy heilige Reg is majesteitskending. Dit verdien die hoogste, die ewige dood na siel en liggaam. En waar die Here God eenmaal die dood as straf bepaal het vir die oortreder, daar sal Hy dit ook uitvoer! Hy is die Waaragtige wat nooit sy Woord ontrou word nie. Daarom moet die Borg tot in die dood verneder word. Daar is verskil tussen borg en borg.

Onse Here Jesus het nie 'n voorwaardelike of inspringende Borg geword nie. Dit wil sê nie 'n borg wat net nou en dan inspring as dit besonder noodsaaklik word nie. Hy was ons volle, plaasbekledende Borg by God, sonder enige voorwaarde. Nie deelyds nie maar heelyds. En dit was Hy van ewigheid af vir al die uitverkorenes. Toe reeds was Hy Immanuel, God met ons en vir ons! Of ons, arme mensekinders, dit ook kan begryp, maak geen saak nie. Want God se Raad is wonderlik. Eer die wêreld was, het Hy reeds ingestaan vir ons by God om al ons skuld en straf op Hom te neem: "Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe. Ek het lus, o my God, om U welbehae te doen . . . Ps. 40:8, 9.

In die volheid van tyd is Hy as Borg ook gebore in ons menslike natuur. Gebore juis om Borg te wees, ons Borg by God, en nie omgekeerd nie. Want ons geslag is die oortreders, die skuldiges, die troueloses wat God se heilige Verbond verbreek het. Daarom moes Jesus Christus, die Regverdige, vir ons saak instaan en goed-staan by God die Here wat genoegdoening eis. Daarom moes Hy as Borg alles ly wat die uitverkorenes weens hulle gevallenheid in die eerste Adam moes gely het. Die eenmaal opgelegde lyde tot in die dood moes Hy na siel en liggaam ondergaan, volgens God se geregtigheid en waarheid.

Hoe het Hy dit ondergaan?

Nie as slaaf nie, maar as Seun van die mens het Hy die opgelegde straf vorstelik gedra. Daarom het Hy daarmee klaar gekry. Die magte van die duisternis kon Hom nie onder hou nie, nie in die ingewand van die graf vashou nie. Hy het as oorwinnaar opgestaan uit dood en graf. En daardeur die sondeskuld vir diesynes afbetaal by God. In die tyd van 33 jaar het Hy aan die geregtigheid en waarheid van God genoegdoening laat geskied. Sy lyde was intens, nie in die lengte nie maar in die diepte het Hy ingegaan. In een enkele nag kan meer reën op die aarde val as in vyf of tien maande van die jaar. So het Christus gedurende sy aardse lewe net soveel gely as waarvoor die verlorene 'n ewigheid nodig het. In sy lyde en dood was Hy Koning en nie slaaf of martelaar nie!

Liewe leser, laat ons nie moeg word om die geloofsoog voortdurend op hierdie heilsverborgenheid gevestig te hou nie. Want daardeur is ons verlore lewe weer opgehaal uit die kuil van die ewige dood. Vrywillig het Hy, ons Borg, daarin neergedaal. Gedwing deur die volmaakte liefde het Hy niks en niemand ontsien nie maar Homself vir ons in die vloekdood gestort. O, wie is 'n Borg soos Hy! 'n Enigste! Die volkome Borg wat alle geregtigheid vervul het, die Vader bevredig het en die wêreld verlos het! "Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, — en het ons Konings en Priesters vir onse God gemaak, en ons sal as Konings op die aarde heers." (Openb. 5:9, 10.)

II. Waarom is Hy begrawe?

"Om daarmee te betuig, dat Hy waarlik gesterf het." Die werklikheid van Christus se dood moes bokant alle verdenking vasstaan. Veral in 'n sondige wêreld wat die feitelikheid daarvan graag wil ontken. Sy versoeningsdood was inderdaad die enigste aanneemlike betaalmiddel by God. Die enigste waardeur ons sondeskuld kon uitgedelg word, waardeur 'n ewige verlossing vir ons bewerkstellig kon word. Alleen op hierdie wyse kon die geskonde Werkverbond volkome vervul word.

Begrawe dus om die wesenlike werklikheid van sy dood te bevestig. Was dit maar 'n skyndood, soos deur ketters weleens beweerd is, dan kon alles per slot van rekening in skyn opgaan wat ons verlossing betref, nie waar nie? Sy borglyde, ons geloof in Hom, ons sonde en skuldvergewing, ja, alles kon dan pure skyn wees? Maar, verklaar die kategismus, Hy het nie alleen gesterwe nie maar is ook begrawe waardeur die feit van sy dood nog meer beklemtoon word.

Dink ons aan alles wat die begrafnis voorafgegaan het, dan word die werklikheid van sy dood nog meer bevestig. Die dissipels was daarvan volkome oortuig, anders sou hulle Hom nie begrawe het nie. So ook die krygsknegte, daarom het hulle sy bene nie gebreek nie. Die bloed en water uit die speerwond afkomstig het hulle nog meer van sy dood oortuig. Pilatus self was blykbaar oortuig. Eindelik, sy liggaam is afgehaal van die kruis en in doeke toegedraai ... en begrawe! Meer bewyse vir sy dood is volstrek oorbodig! Soos die koringkorrel het Hy in die skoot van die aarde geval en gesterwe. Soos Jona in die vis was Hy drie dae en drie nagte in die skoot van die aarde. Groot was die Vernedering!

Om te sterf en dan nog begrawe te word — watter diepe vernedering. Reeds vir 'n blote mens is die dood 'n groot smaadheid. Vir hom, die gevalle grootheid, die eertydse vors onder die skepsels van God. Vir die mens met rede en wil begiftig ver bokant die dier, 'n vernedering om te moet sterf!

Maar hoeveel groter vir onse Here Jesus Christus wat nooit sonde geken of gehad het nie. Vir Hom, die Heilige en Regverdige! deur Wie alles geskape is en wat oor die stof geheers het. Om nou self onder die stof as 'n ontsielde lyk te lê!

In dood en graf sien ons duideliker as anders wat die sonde oor die mens en ook oor die Borg gebring het. Hierdie diepvernederende, huiweringswekkende Gods-oordeel wat ons ten dele maar kan raaksien in die dood met sy ontbinding ... dit moet ons tot nadenke

stem, moet ons laat besef wat sonde en wat God se toornende geregtigheid is. Hierdie gedugtheid van God moet ons beweeg tot 'n lewe van dankbaarheid op aarde!

Al hierdie smaad en onbeskryflike vernedering het die Seun van God welbewus ondergaan, soos Jona binne in die vis.

Christus se Godheid was ook in sy dood en begrafnis nie afgeskei van sy siel en liggaam nie. Met volle bewustheid het Hy al die afgrysing tot in die grafkuil toe Hom laat welgeval. 'n Nuwe graf was dit, maar dit was die graf van die Heilige Borg waarin die dampruik van God se vloek oor die sonde van die hele mensdom Hom aangeklewe het! Vreeslike vernedering, aanbiddelike Borg, wat so liefgehad het!

III. As Christus dan vir ons gesterf het — werklik gesterf het, "hoe kom dit dat ons ook moet sterwe? "Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie, maar alleen 'n afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe." Hierdie antwoord neem die afgrysgelikheid van dood en graf vir alle gelowiges weg! Die dood van die gelowige sondaar word deur die soendood van die Borg tot 'n poort van ewige saligheid. Die vloek is daaruit deur Christus weggedra.

Maar tog, die feit is daar; u en ek moet vandag of môre na die liggaam nog sterwe! Hoekom dan? Het ons Borg God se geskonde reg en sy waaragtigheid dan nie ten volle bevredig en gehandhaaf nie? Sal Hy, die regverdige Regter, dieselfde sonde dan tweemaal besoek en straf? Soos reeds hierbo aangestip, antwoord die kategismus, "dat ons dood geen betaling is vir ons sondes nie, maar alleen 'n afsterwing is van die sondes, en 'n deurgang tot die ewige lewe."

Dit wil sê die gelowiges se dood het deur Christus se sterwe aan die kruis 'n absoluut ander karakter gekry. Ons liggaamlike dood (let daarop die gelowige se siel lewe hier op aarde reeds, sterf glad nie meer nie, ook nie namaals nie) maar die liggaamlike dood of skeiding van die siel is nie meer 'n betaling vir die sonde nie. Dit wil sê God se toorn brand nie meer op sy sterfbed nie. Sy sonde is volkome versoen, eenmaal! Die Here besoek dit nie twee maal nie. Wel is en bly die tydelike skeiding van siel en liggaam nog altyd 'n koning van verskrikking vir elke mens. Altyd is dit nog 'n diepe vernedering. Maar, en hierop kom dit aan, van God se kant brand sy toorn nie meer teen sy verlore kind nie. Van sy kant het die dood nie meer die bedoeling of strekking om aan sy kinders hulle sondes te vergeld nie. Of om hulle nog op die een of ander wyse voldoening vir gedane sondes te laat aanbring nie, inteendeel, van God se kant het die dood van sy kinders 'n vaderlike bedoeling tot heiligmaking gekry. Alle kwaadaardigheid of vloekwaardigheid het daaruit verdwyn. Nie so vir die goddelose wat sonder Christus lewe en sterwe nie. Hulle dood bly die ou-dood, die vloekdood, die begin van die ewige betaling van hulle onbedekte sondes. Presies anders in die geval van die nuwe-dood soos dit deur die Borg verander het van karakter. Hulle liggaamlike dood is juis die laaste of genadeslag wat aan die nog oorblywende sonde-in-hul toegedien word. Hier word die dood self ook tot niet gedaan. Hulle sterf soos die koringkorrel maar om dan eers reg en volwaardig te lewe. Om ten volle die langgekoesterde wens te verkry. Om heilig, sonder vlek of rimpel in God se gemeenskap te verkeer. Deur die dood van die Borg word Satan se strydwapens uiteindelik nie net verbreek maar selfs **diensbaar** gemaak aan God die Here se Heilsraad! Daarom mag en kan die kind van die Here jubel: "Al gaan ek ook in 'n dal van **doodskaduwee**, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: U stok en U staf die vertroos my!" Die dood het skadeloos soos 'n skaduwee geword.

Wat vir die goddelose en geveinsde die deur is na die verderf, het vir die gelowige geword die poort na die ewige lewe. Daar sal hulle hand gevat word om heengelei te word na groen weivelde en na waters waar rus is, om in ongestoorde gemeenskap met God hulle te verlustig. Die paradyslewe, deur die eerste Adam verbeur, word deur die tweede Adam nie alleen herstel nie maar in sewevoudige heerlijkheid terugbesorg aan die nuwe mensheid. Laat ons die Here dank vir die salige voorreg om eenmaal ons sondes geheel-en-al te mag **afsterwe** aan die end van ons aardse reis na die ewigheid.

IV. **Watter verdere nut** is daar vir ons uit Christus se offerdood aan die kruis?

"Dat deur sy krag ons oue mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word, sodat die bese lyste van die vlees in ons nie meer regeer nie, maar dat ons onself aan Hom as 'n offerande van dankbaarheid kan toewy."

Uit die antwoord op vraag 40 het reeds geblyk dat die dood van Christus 'n volle betaling was vir ons sondes. Maar sonde is nie net **gepleegde onreg** wat ons **skuldig stel** voor God nie. Dit is ook 'n **aanklewende smet** wat uit ons siel en liggaam verwyder moet word.

Hierdie wegneming of heiligmaking is 'n verder nut of voordeel, wat ons ontvang as vrug van Christus se kruisdood.

Laat ons baie goed onderskei tussen ons heiligheid in die oog van die wet en die onderwerplike heiligheid. Die 10 geboorte het nog niks van sy gestrenge eis, die eis van die werkverbond om heilig, **volkome** rein te wees voor God, laat vaar nie. Net soos die volkome **geregtigheid** het Christus ook die **volkome heiligheid** as Borg vir sy uitverkorenes verdien.

Daarom heet alle ware gelowiges "heiliges en bemindes in Christus." So sien die Vader al sy kinders in die Hoof, Christus ook aan, selfs van voor hulle geboorte of wedergeboorte af. Oor hierdie kant van die heiligheid handel vraag en antwoord 43 nie, maar wel oor u en my **persoonlike**, onderwerplike heiligheid, in die beweging van ons sielelewe. Ook hierdie reinheid is vrug van Christus se offerdood. Van Christus en sy Gees gaan daar voortdurend krag uit. Krag wat op ons siel inwerk, soos die sappe van die wingerdstok wat in die lote opstoot.

Hierdie krag van die Heilige Gees is hemels. Hy neem dit uit Christus se verdiende genadeskatte en skenk dit aan die uitverkorenes. Die gevolg is: die aanwesigheid van **twee soorte krag in een** mens. Hier ook genoem die oue mens. Twee kragte: die een van huisuit aanwesig in die oue mens of ou natuur of adamskind, en die ander afkomstig van die Gees van Christus. Wat gebeur? Daar kom nuwe lewe in die ou mens! Daar ontstaan botsing. 'n Stryd op lewe en dood word ontken! Op hierdie punt volstaan ek met enkele opmerkinge aangesien Sondag 33, wat handel oor die bekering, verder daarop ingaan. Tot hierdie stryd van **persoonlike heiligmaking** word elke gelowige in die Naam van Jesus Christus opgeroep.

Die **sonde** mag nie meer ongestoord in die huis van u siel sy gang gaan en aldaar die baas speel nie. As verbondskind, duurgekoop deur sy heilige bloed, moet u soldaat van u Koning wees, moet u die heilige oorlog voer, moet die ou natuur in u beveg word in die krag van Christus en van sy Gees. Die bese lyste moet saam met Christus gekruisig, gedood en begrawe word. **Hierdie** stryd sal en wil nog Christus nog 'n ander in u plek stry. Dit moet u self doen! Hiervan sê die Heilige Skrif: "wees heilig, want Ek is heilig! Stry die goeie stryd van die geloof! My broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.

Trek die volle wapenrusting van God aan! Rig die slap hande en die verlamde knieë weer op, maak reguit paaie vir julle voete . . . Jaag die vrede na met almal, en die **heiligmaking** waarsonder niemand die Here sal sien nie"! Kyk, daar is u persoonlike plig en voorreg tewens, die nog inwonende sonde beveg met die nuwe krag van Christus! Maar andersyds "onself dan ook aan Hom as 'n offerande van dankbaarheid toewy!"

Hy gee die krag, maar u en ek moet self stry en lewe tot sy eer. Hy verwek in u die regte gesindheid en die goeie wil, maar u moet persoonlik die goeie najaag. Hy berei die goeie werke in en vir u voor, maar u moet *dit self doen!* *Groot is die stroom van krag wat ons toevloei uit sy offerande!* Gebruik dit, lieve leser. En stel u liggaam tot 'n lewende, heilige en vir God welbehaaglike offerande. Dit is u redelike godsdiens. Dit kos stryd! Maar daarin het die borg ons voorgegaan. Mag ons in sy voetstappe volg!

V. Waarom volg daar: Neergedaal na die Hel?

Wat anders kan dit beteken as aanwysing van die **vreeslikheid** van ons Middelaar se vernedering in sy worstelstryd? Luister eerbiedig! Dit beteken: "Dat ek in my swaarste aanvegting seker kan wees en myself volkome kan vertroos, dat my Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyde (maar veral aan die kruis) versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het."

In die antwoord op vraag 44 word twee uiterstes saam verbind, naamlik "**volkome vertroosting**" en "**helse smarte**". Ons vra "hoe is dit moontlik?" Is dit nie ook so in die natuur daarbuite nie. Versprei die **gekneusde roos** nie die lieflikste geure nie? Juis dan eers! So ook met ons dierbare Heiland. In en onder sy grootste smarte is sy Middelaarsliefde die geurigste, en dra dit die heerlikste vrug vir diesynes. Die Heilige Gees sê dit op onverbeterlike wyse: "die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom." "Hy het **neergedaal na die hel**," so bely die Christelike kerk dit al die eeue deur. Laat my u eers wys hoe die Gereformeerde kerke die woorde **nie** opvat nie. Die Roomse, en deels ook die Lutherse, kerk lees daarin die mededeling dat Christus werklik tydens sy dood in die graf, na die hel, die plek van die verlorene, sou neergedaal het. Met die doel

- (a) om die Evangelie daar aan die **onbekeerde afgestorwenes** te gaan verkondig;
- (b) om hulle, wat in die voorburg of portaal van die hel gevange sit, te gaan verlos; en
- (c) om sy oorwinning op publieke wyse te gaan vier oor die magte van dood en verdoemenis.

Met ander woorde hierdie **neerdaling** sou dan al uitmaak die eerste trap van sy verheerliking. Hierdie beskouing word nie gedeel deur die Gereformeerde kerke nie. En so moet die **neerdaal** ook seker **nie** verklaar word nie. Dink net daaraan hoe sou Christus se besoek aan die hellegeeste, **sonder sy liggaam**, die indruk van 'n oorwinnaar kon maak?

Maar, **wat leer die Heilige Skrif** ons op die punt?

Die volgende tekste word deur die ander kerke aangevoer om hulle standpunt te regverdig. Maar, die verband in ag geneem, leer hulle iets anders, soos ons sal probeer aantoon.

In Efese 4:8, 9 is nie sprake van 'n hellevaart van Christus nie maar van sy geboorte uit die moederskoot, van hemelvaart en van **gawes** wat Christus aan sy Kerk uitdeel nadat Hy reeds opgevaar het. Die verband van die verse wys duidelik heen op sy hemelvaart. Vergelyk ook Psalm 68:19. Die uitdrukking: "onderste dele van die aarde" sien sowel in Psalm 139:15 as hier in Efese 4:9 op die **moederskoot** en wys onteenseglik aan die **eerste trap** van Christus se vernedering deur geboorte uit Maria." Ook 1 Petr. 3:14-20 bied geen steun aan die Roomse standpunt nie. Die verband wys uit dat Petrus die gemeente hier vermaan om vas te staan in die gees. So het Christus self ook oorwin deur die Gees. Hy, Christus, het ook deur die Gees, by monde van Noag tot die mense van destyds, voor die sondvloed, gespreek. Maar hulle het hul nie bekeer nie en **tans** (toe Petrus sy brief geskryf het) is hulle in die **gevangenis**, dit is in die hel.

Petrus noem hulle "geeste", dit is afgestorwenes nog sonder hulle liggame. Ons mag nie vergeet nie Petrus skrywe hier oor mense wat, in sy tyd reeds meer as 2,000 jaar gesterf het, en al die tyd gevangenes was in die plek van rampsaligheid.

En nou waarsku hy sy leser om tog nie ook dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid na te volg nie sodat hulle nie ook in dieselfde oordeel val nie. Hier is dus geen sprake van Evangelie-verkondiging aan die dooies deur Christus **tydens sy verblyf in die graf nie**. In 1 Petr. 4:6 staan: "want daarom is ook aan die dode die Evangelie verkondig, sodat hulle wel kan geoordeel word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die

Gees."

"Die dode" beteken hier die voorgeslagte wat **tans** (toe Petrus sy brief geskrywe het) reeds onder die dode verkeer het. Toe hulle destyds nog lewendes was, is die Evangelie ook aan hulle verkondig sodat hulle wel na die mens in die vlees ondergaan maar geestelik sou triomfeer. Dit is sodat die ou mens almeer gekruisig word en die nuwe mens al sterker sal opleef in die Gees van lewendmaking.

In al die skrifture hierbo genoem, vermaan die skrywers die tans — (in hulle tyd) lewendes om in die hede van genade erns te maak met die Evangelie-aanbod. Aangesien baie duisendes dit in hulle dag versuim het en daarom verlore gegaan het. En waar was hulle toe Petrus so vermaan het? In die **gevangenis**, die plek van ewige duisternis. Waar die Evangelie nie meer verkondig word nie!

"Neergedaal na die hel" beteken vir ons, volgens Bybel, dus geen **plaaslike neerdaling** van Christus na die oord van die rampsaliges toe nie.

Maar wat beteken dit dan wel?

Jesus, ons Borg se hel was hier op die aarde! Sy hele lewe **was lyde**, soos reeds voorheen aangetoon. Maar daardie lydensvuur het al hoër en vreesliker opgelaaie totdat dit hom eindelijk in een brandpunt toegespits het. En wel gedurende sy laaste lydensweek. Voor die Joodse en Heidense geregshoue, in Getsémané, op Golgotha, in die graf van vervloeking! Ons kan van hierdie lyding nie sonder die grootste ontroering lees nie: toe Hy begin het om bedroef en baie benoud te word, toe dit was asof Hy die "my-siel-is-diep-bedroef tot-die-dood-toe" as 't ware uit sy heilige bors geskeur het, toe Hy die dissipels versoek het: bly hier en waak met my, toe sy sweet geword het soos bloeddruppels wat op die aarde tap, toe Hy geworstel het of die drinkbeker van helse smart tog nie mog verbygaan nie, en toe Hy die "My-God, My-God, waarom het U my verlaat?" eindelijk uitgegil het . . .

Nee, ons kan van dit alles nie lees of ons moet erken: ja, dit was die allervreeslikste oomblikke vir Hom, die Seun van die Mens! Toe het Hy, my Heiland, **die lyde van die hel, van die verdoemdes gely!**

Hierdie lyde is toe nog as 't ware gekroon met die graf! Tussen die dooies, onder die dooies, ja, self 'n dooie, 'n gevloekte dooie! Daarby kom: Hy het dit alles **geweet**, ervaar as die verbolgenheid van God se Vloek oor Hom, die Borg! Dit, ons stamel maar daaroor, maar tog dit is iets van die helse smarte wat ons Heiland vir ons gely het. Dit uitdrukking: "neergedaal na die hel" is dus 'n kort saamvatting van wat Christus gely het, veral aan die kruis!

Liewe leser, — dink daaraan, vergeet dit nooit nie, peins daaroor: in U Heiland se helle-lyde is u grootste troos gewaarborg en veranker! As u stryd teen die sonde, die bose luste in u vlees, teen boesemsondes swaar word, gaan heen, vlug na die kruis van Golgotha toe! Word daar getroos en versterk! Sy stryd was oneindig swaarder! Sy neerdaal-na-die-hel is die bron van alle vertroostinge. Die **onuitputlike** bron waaruit God, die Heilige Gees, voortdurend sy geestelike voorrade trek om die uitverkorenes te laaf, staande te hou, toe te rus in die stryd tot heiligmaking. En om aan hulle die volle eindoorwinning te waarborg tot eer van God, tot prys van ons getroue Borg en tot hulle ewige saligheid.

Amen.

SONDAG 17.

DIE NUT VAN CHRISTUS SE OPSTANDING

Ds. ID Kruger

Lees: Rom. 5; vgl. Efese 2:1-10.

Sing: Pss. 9:8, 13; 16:4, 5; 69:13, 14; 118:13.

Die onderwyser wil nou weet watter nut ons kry uit die opstanding van Christus. Waarop die antwoord lui:

"Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid deelagtig sou kan maak, wat Hy deur sy dood vir ons verwerf het. Ten tweede word ons ook deur sy krag opgewek tot 'n nuwe lewe. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n gewisse pand van ons salige opstanding."

Geliefde leser, dit is opmerklik dat die onderwyser die feit van die opstanding glad nie bespreek of bepleit nie. Dit word gewoonweg as egte geskiedenis aanvaar: Christus het opgestaan! En daardeur het Hy die dood oorwin!

Hier word niks in twyfel getrek nie, waarom sou die werklikheid van die opstanding dan nog bevestig moet word?

Kinderlike geloof het destyds nog geheers onder Christene toe die onderwysboek in 1563 opgestel is. Twyfel aan die waarheid van Christus se opstanding het drie eeue later eersy kop in Europa uitgesteek. Dit was onder invloed van die toenemende gees van materialisme in die jare 1850-60 en verder. Al meer het die mens sy oog afgetrek van die lewe hiernamaals om dit op die teenwoordige te gaan vestig. Tereg het 'n skrywer verklaar dat die algemene prysgawe van die geloof aan Jesus se opstanding uit die dood die vreeslikste val van die 19de eeu was.

Wat ons in Suid-Afrika betref, laat ons die Here dank dat ons volk nog vir "Christelik" in die goeie sin van die woord wil deurgaen. Ons volk vier nog Paasfees! "Die Here het waarlik opgestaan . . ." weerklink nog uit menige hart en mond.

Maar **algemeen** kan die paasvreugde helaas nie meer genoem word nie. Daar is al 'n groot skare in die stad en op die platteland wat swyg omtrent die Christus van die Bybel. Alhoewel die opstanding nie, of nog nie openlik, deur hulle ontken word nie, tog heers die stilte van die graf daaromtrent in hulle binneste. Daar is louheid, koudheid van gees! Laat ons bid dat die Here deur sy Gees nuwe lewe en liefde wek in alle koue harte. Dan sal die heilswaarhede weer na waarde geskat word.

In die leerstuk van Christus se opstanding bely ons, goed besien, enersyds die **wesenlike verbreking** van Satan se mag oor die mens en andersyds die geboorte van 'n **nuwe, Christelike Wêreld!** Wat anders is dit as vrug van Christus se glorieuse opstanding!

Volgens Sondag 17 is daar drieërlei vrug:—

- I. Deelagtigmaking van Christus se geregtigheid.
- II. Ons geestelike opstanding uit die Sonedood.
- III. Ons liggaamlike opstanding tot Saligheid.

I. Deel aan Christus se geregtigheid!

Watter heerlike voordeel vir ons geslag! Dit is nodig om met ons gedagtes na die eerste mens, ons verbondshoof, voor die sondeval, terug te gaan. Alle Adamskinders Was voor hulle geboorte **reeds in Adam** aanwesig. Net soos die hele boom alreeds in die pit is, dit wil sê in kiem aanwesig, alhoewel nog ongeboore. Daarom word Adam hoof van die hele mensegeslag, van alle nasies op aarde, genoem. Nou leer die Bybel ons dat Adam en

Eva **goed geskape** was. Hulle was "**kinders van God se guns en welbehae**." Maar hulle het **deur ongehoorsaamheid** geword, saam met hulle nog ongebore saad, "**kinders van God se toorn**."

Hulle het uit die **staat van geregtigheid** (hulle oorspronklike goeie status) in die staat **van ongeregtigheid voor God** beland. God het hulle weens hul oortreding van die proefgebod gevonniss, die **doodvonniss** oor hulle uitgespreek. En **hieronder** moes hulle regtens bly totdat God die Here dit eendag weer sou ophef, hulle vry van skuld sou verklaar.

Dit **het** gebeur! U vra wanneer?

Volgens Bybel het dit geskied allereers in die ewigheid en later ook in die tyd. God se werke dra deurgaans die stempel van die ewigheid op hulle omdat Hy self die Ewige is.

Maar hoe kan Hy 'n mens wat nog nie bestaan nie reeds in die ewigheid al **vry van sonde en skuld** verklaar? Hy kan omdat Hy God is. En omdat u en ek maar mense is, daarom kan ons so-iets glad nie begryp nie. En daarom mag ons God ook nie kritiseer nie, want wie is jy, o nietige sterweling! Lees Job 38-41 en Rom. 9.

Maar, vergeet nie, God die Here sien sy "geroepenes en uitverkorenes" altyd in (verband, gemeenskap met) die **Hoof**, Christus, aan. (Efese 7.) In Christus is God te prys tot in ewigheid! Die wat God "geroep het", verklaar Paulus, die moet of sal Hy nie nog regverdig nie, maar die **het** Hy reeds geregverdig! Die Drie-enige God het met die **onskuldigverklaring** van sy kinders dus nie gewag tot die Borg se bloed eers op Golgotha sou vloei nie. Die **beginpunt** van daardie **vryspraak** moet nie gesien word in die mens of in die kruis nie maar in die **ewige welbehae van God**. Vergelyk Luk. 10:20, 21.

Maar al het daardie **regverdigverklaring** van die sondaar deur God sy ankers in die ewige Raad en welbehae, dit vind sy **beslag ook in die tyd**, in die soenverdienste van Christus. Hy is as tweede Adam en **Verbondshoof** oorgelewer om ons sondes en **opgewek** tot ons regverdigmaking sodat niemand wat Jesus Christus nie as sy **geestelike Hoof** besit nie, daardie nuwe Geregtigheid van God ooit kan ontvang.

Presies so het dit ook by die sondeval gegaan. Adam was die **hoof** van sy geslag en **sy skuld** is ook die skuld **van sy geslag**. In die geval van die 2de Adam gaan dit ook langs die weg van **toerekening**. Christus is die **Hoof** van sy geslag (die gelowiges) **en sy geregtigheid is ook die van sy geslag**. Word **Adam skuldig** verklaar so ook sy geslag **in hom**. Daarteenoor: word Christus regverdig verklaar so ook sy geslag in Hom. Wat is duideliker en konsekwenter?

Adam het as hoof vir sy geslag **doemskuld** verwerf deur sy werke. Christus het weer as Hoof vir sy geslag **geregtigheid** verdien deur sy werke. En al het Christus dit eers in ons 20ste eeu gedoen, dit sou aan die **regverdigverklaring** van diesynes hoegenaamd niks verander het nie. Wat egter onwrikbaar vas moes staan, was die feit dat Hy as Borg **in die tyd** genoegdoening sou verskaf aan die heilige regseise van God.

Maar juis dit het ewig vasgestaan. Daarvoor was Christus se Godheid Borg by God. Tot hierdie daadwerklike betaling in die tyd van die losprys vir ons sondeskuld **het** dit op Golgota ook gekom. Hy het **wesenlik** gesterf Maar daar was 'n onverbiddelike eis waaraan ons heilige Borg moes voldoen voor en aleer Hy die geregtigheid vir sy volk kon verdien. Hy moes naamlik ook weer uit die grafkuil opstaan!

En u weet, broeders en susters, u weet dit reeds hoe Hy die Dood in sy geheelheid oorwin het **as Hoof** van sy geslag. Deur sy opstanding het Hy die dood aan sy voete onderwerp. Daardeur het Hy **die geregtigheid as sy geregtigheid** verdien en het dit verder as Hoof ook aan sy lede (gelowiges) laat toekom.

Met ander woorde as geestelike Hoof laat Hy sy vrygekooptes nou deel in die regte en voorregte wat hulle regtens toekom, wat verbind is aan die posisie of status van 'n regverdige of reghebbende. Sy **opstanding** self kom dus neer op 'n regverdigverklaring

van die Middelaar deur God-drie-enig in die tyd. As Regverdigverklaarde tree Hy nou ook op as ons Hoof en ons, as regverdigverklaardes **in Hom**, tree weer op as Christus se liggaam. "Hy is oorgelewer om ons sondes en opgewek tot ons regverdigmaking". Hy, Immanuel, is onse geregtigheid! Watter heerlike vrug van sy vorstelike opstanding!

Regverdiges, verhef die Heer, Dit pas opregtes God te lowe, En uit te jubel tot sy eer!

Maar, daar is 'n tweede vrug, naamlik

II. Ons geestelike opstanding uit die sondedood.

Dit geskied deur sy krag! Deur Christus se krag word sondaars, dood in sonde en misdade, opgewek, lewend gemaak. Paulus verklaar: . . . "as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die **gees is lewend** vanweë die geregtigheid" (Rom. 8:10). By hierdie 2de punt is sprake van die opstanding, nie van die mens se liggaam nie; dit kom later aan die beurt. Hier vestig die onderwyser ons aandag op die **Siel en opstanding**. Toe Adam gesondig het in die paradys, het sy **siel eerste gesterf**, ofskoon sy liggaam eeue en eeue daarna nog gelewe het op aarde.

As Adamskinders kom elke mens dus met 'n **geestelik gestorwe siel** in die wêreld. Of, soos die Skrif dit uitdruk: met 'n siel "dood in sonde en misdade." Dit word op ander manier in die natuur ook gesien. Elke blom, wanneer dit van die stengel afgesny word, verwelk en verdor. So ook elke loot wanneer dit nie meer met die wingerdstok verbind is nie. Hoe sou die mens, en hier met name **sy siel**, dan in lewe kan bly wanneer dit afgesny is van die geestelike gemeenskap met God, die Lewensbron? Van nature is **elke** Adamskind se siel dus **dood**!

Betekén dit dat die Siel van Adam na die val, en die van alle gevalle Adamskindere, opgehou het om te bestaan, geheel-en-al vernietig sou wees? Glad nie! Volgens die Heilige Skrif weet ons dat die mens wel 'n **begin** het, maar **geen end nie**. Hy is eenmaal geskape, ook vir **die ewigheid** geskape. Op God se roepstem sal almal in die laaste dag weer opstaan uit die graf om vir ewig voort te bestaan. Maar **juis hier** tref ons die verskil tussen gelowiges en ongelowiges aan. Almal sal wel opstaan en namaals voortbestaan, maar nie almal sal in daardie voortbestaan ook lewe, volwaardig lewe en bloei nie. Dit wil sê, om 'n beeld te gebruik, nie almal sal soos 'n masjien in goeie orde wees en werk nie. So harmonies en goed werk soos wat God die Here die mens oorspronklik saamgevoeg het nie.

Die geestesvermoëns, gawe, kragte, funksies, of, om by die beeld van 'n masjien te bly, — die vere, ratte en spilletjies van **die siele** van die rampsaliges sal nog daar wees en ook nog bly voortwerk (glad nie vernietig nie), maar goed en glad sal dit volstrek nie meer werk nie; intendeel, hulle sal soos ratte en spille uit posisie geruk, teenmekaar inwring, kras en breek. Die gevolg sal wees groot verwarring, verspilling van kragte, pleks van suiwer ontwikkeling en doeltreffende besteding van die ingeplante vermoëns. Met ander woorde die lewe van die rampsaliges hiernamaals sal wees wanorde, verbreking, selfverwoesting en geesteswroeging wat nooit ophou nie.

Lewe kan so 'n toestand tog volstrek nie meer genoem word nie. Vernietiging ook nie ... maar nog wel 'n soort **bestaan en voortbestaan** wat ewig duur, 'n altoosdurende dood!

En, vra ons nou waarom en vanwaar sulke wanorde, verkeerde en verdraaide sielswerking, — ja, so 'n ellendige en onophoudelike dood van die siel op aarde? Dan antwoord, die Skrif deur te verwys na die val van ons **bondshoof**, Adam. Hy, die natuurlike en geestelike **hoof** van die hele mensheid, het sy bestuur en bestuursmag oor sy liggaam, (mensegeslag) kwytgeraak. Waarom? Omdat hy sy God losgelaat het. Deur sy ontsettende val van Bo na benede het daardie een liggaam van die mensheid (organisme) sy natuurlike, sy **geslagshoof**, Adam kwytgeraak. Daardeur het die mensheid geword 'n liggaam sonder hoof, 'n **onthoofde mensheid**. Die gevolg hiervan was op sy beurt weer 'n nog verder ontbinding in die mensheid (liggaam van die onthoofde mensheid) self. Vergelyk die ontwrigting (rewolusie) wat in die liggaam van 'n

volk (burgerlike lewe) plaasvind, as die regering (hoof) uit beheer raak ... dan volg verwarring, moord en doodslag.

Presies dit is die geval met die **liggaam van die mensheid**. Die **saambindende** verbondshoof is daar nie meer nie. Die mensheid het as liggaam (organisme) ontbind in los persone, gesinne en volke, in individualistiese Kains en Kainsgroepe wat by elke irriterende geleentheid weer vra: "**is ek my broer se wagter?**" (Gen. 4:9).

By hierdie stand van sake het die mense alle **ware** selfbeheersing en liefde in eie siel ook kwytgeraak. Die siele het individualisties gaan ageer, funksioneer, ens. Vandaar die verkeerde sielswerkinge en kragverspillinge van elke veer en rat van die gees. Die harmonie het verdwyn ... die ratwerk van die siel is ontwig. Hierdie verkeerde funksionering van u sielskragte, hierdie werking los van God, en los van die band met die mensheid en sy hoof, Adam, daarin juis bestaan **die dood** vir u en my siel van nature. Hierdie werking los van God, los van die mensheid en los van die hoof, Adam, loop gewis uit op die hel, dit is op 'n sielstoestand waarin alles in u sielsbestaan en beweging onderling met mekaar bots en veg en worstel, teen mekaar vryf en skuur tot alles eindelik daarbinne in gloed en vlam ontbrand as uit die hel (Jakobus 3:6).

Uit wat ons na vore gebring het in verband met die hoofskap, sowel van die eerste as van die tweede Adam, staan een ding vas. Dit: wie sy **hoof** verloor het, het ook sy **lewe** verloor. Maar ook die omgekeerde is net so waar: die hoof terug, dan ook weer die **lewe** terug! Hieruit blyk baie duidelik die **nou verband** wat die Heilige Skrif lê tussen die **opstanding van ons Hoof**, Christus, enersyds en die **opgewek word van ons siel tot 'n nuwe lewe** andersyds. Met die val van ons eerste hoof het ons siel ook sy eerste lewe verloor. Sal ons **verstorwe** mensesiel dus ooit weer tot 'n **nuwe lewe** geraak, dan moet dit weer 'n hoof kry, 'n **nuwe Hoof**. En, Goddank! in Christus Jesus wie se Gees die dooies lewend maak, besit ons so 'n nuwe Hoof!

Waar die Here God die **ou siel** weer bring onder die mag van die Nuwe Hoof, daar herstel Hy daarmee nog 'n band, naamlik die tussen u siel en die nuwe mensheid, dit is die liggaam van Christus. Maar verder ook weer die aller-onmisbaarste band, die tussen **u siel en u God!**

Hieruit is duidelik hoe ons Borg en Hoof die skeur deur die val veroorsaak, weer heel deur die kragtige werkinge van sy Heilige Gees. Ja, ook weer die lewens- en **liefdebande** lê tussen elke lid en die nuwe Liggaam, tussen die lede van die liggaam onderling (naaste en naaste, gelowige en gelowige, 1 Kor. 12:12-31) en tussen **kind en hemelse Vader!** U besef, broeder en suster, ons het hier inderdaad met **nuwe lewe vir en in u siel te doen**, maar wat enkel en alleen afhanklik is van u Hoof wat opgestaan het uit die dood, want as Hy nie opgewek was nie, sou daar van Hom geen **lewendmakende krag** op verstorwe siele uitgegaan het nie.

Maar nou, Hy is opgewek; Hy leef en daarom, deur sy opstandingskrag, word ook u en my ou siel weer tot 'n splinternuwe lewe opgewek!

"Hoe groot is, Heer, u seënstrome
Hoe groot die vreugde van die vrome
As almal klaar bemerk het
Die heil wat U bewerk het."

III. **Ons liggaamlike opstanding tot saligheid** is 'n derde vrug van Christus se opstanding uit die dood. Voor ons die punt verduidelik, moet daarop gewys word dat die twee reeds behandelde punte oor **die regverdigverklaring** in Christus en die **geestelike opstanding** in die nuwe Hoof in Sondag 17 voorkom as goddelike openbaring waaraan ons moet glo. Dit is hiermee gesteld soos met die son aan die hemel: **dit is daar**, of u dit noual glo ofte nie. Die en dergelike geopenbaarde **waarhede** van God se Verbond bestaan absoluut **onafhanklik** van ons.

Maar hulle is **vir sondaars bedoel**. Bedoel vir u en my, liewe leser, om gelowig

aangegryp en toegeëien te word eer dit te laat is!

"**Salig**," sê die Skrif, "is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby." (Openb. 1:3). En diegene wat hier op aarde glo sal gewis namaals ook nog deel in die **derde vrug** van Christus se opstanding, naamlik die **liggaamlike opstanding tot saligheid**! Want, verklaar die kategismus, sy opstanding is vir ons 'n **gewisse pand van ons salige opstanding**. Ook hier moet ons aan Christus dink as aan ons **opgestane Hoof**, die Hoof van die **nuwe mensheid**, dit is sy geestelike of mistieke Liggaam. Hierdie liggaam bestaan uit "lewende stene". Hierdie nuwe mensheid word uit Hom as Hoof gebore. Hy is onafskeidelik aan sy liggaam verbonde, en omgekeerd presies so. Wat met die een gebeur, sal ook met die ander gebeur. Daarom het sy liggaam saam met Hom gesterf, maar dit is ook weer saam met Hom as Hoof opgewek. Lees onder meer Rom. 6:3-5 en Efese 2:4-7. Want sonder **u hoof** kan u **natuurlike liggaam** tog seker ook nie opstaan nie. Dit is vanselfsprekend. Die hoof is primêr in ons lewe. **Die hoof sluit die liggaam in**. Die liggaam word altyd beskou of gereken as integrerende deel van die hoof. Ons hoof is, kort gesê, **die baas**!

Dit laat ons die uitspraak van die Heilige Skrif des te beter verstaan, "dat God u, d.i. Christus se liggaam, **saam opgewek het, toe Hy Christus uit die dode opgewek het**."

Duideliker word Ook hierdie woord deur Paulus eenmaal tot die kerk gerig: "As Christus nie opgewek is nie . . . dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore . . . Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het." (1 Kor. 15:17-20.)

Om die saak nog meer te verduidelik, het dr. Kuyper die beeld van 'n **skyndooie** gebruik. Hy stel daarby die vraag: as so 'n weggelegde straks sy hoof weer sou gaan beweeg, en oor die rand van die doodkis loer, lê hierin dan nie die stellige waarborg dat die ander ledemate van die doodgewaande ook weer sal gaan beweeg en gaan lewe nie?

Die antwoord op die vraag hoef ons sekerlik nie te raai nie. Dit is maar net 'n oortuigende bewys dat die **hoof** altyd en oral **eersteling** (primêr) is. Dit gaan altyd voorop en word oral heen deur die **liggaam** gevolg.

Dink ons nou weer aan Christus as **opgestane Hoof** wat deur mistieke bande, deur die Heilige Gees gewerk, aan diesynes verbonde is, dan word Hy terug hulle **EERSTELING** genoem. Ja, **eersteling** het Hy geword in die opstanding van Sy dode! (1 Kor. 15:20). Hoe kan dit, in die lig van wat hierbo aangevoer is, anders of die lede van sy liggaam **moet** Hom ook volg in sy opstanding? Of sou dit miskien vir die Hoof, Christus, moontlik wees om **sonder** sy geestelike liggaam êrens heen te beweeg, sonder dat daardie liggaam ook meegaan? Is hoof en liggaam in die daelikse lewe dan nie **lotgemeen** nie? Ja, seker, daarom dit geld ook van Christus en sy liggaam waar die Een gaan ook die ander.

En dit is juis die **derde vrug**, volgens die kategismus, wat ons toekom **kragtens die opstanding** van onse Here Jesus Christus uit die dood. Die Hoof se opstanding is 'n **gewisse pand** van die liggaam se salige opstanding!

Hier word — laat ons dit goed verstaan — nog nie gehandel oor hoe en wat ons opstanding eenmaal sal wees nie. Dit kom later, in Sondag 22, eers ter sprake. Wat die kategismus hier beklemtoon, is die **waarborg** wat daar vir ons **salige** opstanding opgesluit lê in die opstanding van Christus. Ons mag Christus se opstanding dus nie aanvaar as 'n **bewys** vir die onsterflikheid in die algemeen of vir 'n lewe na hierdie lewe nie. Dit lê hier voor die hand, maar die kategismus vermy so 'n misvatting opsetlik deur sy duidelike bewoording. Hy bely dat Christus se opstanding vir ons is 'n waarborg **nie van 'n lewe na die dood nie**, maar wel van 'n **salige opstanding**. Ook **sonder** en **buite** Christus sal almal weer opgewek word. Al wat mens heet en eenmaal gesterf het, sal opstaan uit die graftes. Maar met hierdie waarheid het Sondag 17 niks te doen nie; wel met die **feit en waarborg** van 'n **salige opstanding** vir die wat in Christus

ontslaap het. Dit is dan die goeie en gewisse boodskap hier aan God se uitverkorenes. Hulle opstanding sal wees 'n opstanding **tot die lewe**; die wat buite Christus is, sal opstaan **tot verdoemenis**. O, watter troosvolle waarborg **het** ons dus nie maar in die opstanding van Christus nie! Hy moet nie nog opstaan nie. Hy **het** opgestaan! "Die Here het waarlik opgestaan, en **het** aan Simon verskyn." En daarom, ons **het** hierdie onwrikbare waarborg dat ons op die dag deur God bepaal, tot saligheid sal opstaan!

Eeue het reeds verbygegaan sinds die eerste gelowiges ontslaap het: Abel, Set, Noag, Abraham, Dawid, Paulus, Augustinus, Luther en soveel duisende, nie waar nie? Die vraag word soms gedoen, sal die teleurstelling eendag nie onbeskryflik wees nie? Sal die groot, die lang gekoesterde verwagting aan die end wel ooreenkom met die **salige** hoop van die kinders van God?

Hierop antwoord die Woord van God met 'n ondubbelsinnige "ja". Ja, dit sal, want die opstanding van Christus waarborg die salige opstanding bo ons bidde of denke! U **Hoof**, broeder, suster het opgestaan in heerlikheid, en die dag kom seker dat sy mistieke Liggaam na die **vlees sal opstaan** tot ewige heerlikheid. In daardie dag sal daar 'n finale end kom aan al ons vrees, aan alles wat "ten dele is" in ons verlossing om plek te maak vir die **volheerlike verlossing** na siel en liggaam, tot ewige saligheid. "Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is." (1 Joh. 3:2.) Aan Hom gelykvormig! Kyk, dit is die groot verwagting wat ons toewenk! Aan Hom gelyk in staat en in glorie! Die vyande van God nie meer soos "drywers" agter ons nie maar as vertraptes en soos stof onder ons voetsole! (Maleagi 4:3.)

Alle doodsmagte en ellende sal geen vat meer hê op ons nie. Die sonde en alle gruwel van verleiding sal ontwapen wees. Daarenteen sal ons, die opgestanes, ingelyf in die nuwe organisme van die wedergebore mensheid, **welig lewe** deur ons verheerlikte Hoof, Christus Jesus!

Die opstanding van Christus! Onbeskryflike oorwinning oor die Bose en sy ryk! Daardeur het Christus sy banier tussen die vyande van die kruis geplant.

Geen wonder nie dat daar in die loop van die eeue die geweldige teenstand ontwikkel het ook teen die **opstandingsfeit** van Christus uit die dood. Die vyande het al meer gaan besef dat die Christelike Belydenis sy **kragbron** besit juis in die opstanding van die Hoof! Die lewens-psalm: "die Here het waarlik opgestaan . . ." moet volgens hulle in die ban gedoen word!

Ons verstaan daardie kreet want dit is tegelyk die doodsteek vir die vyande maar die oorwinningskreet van die strydende kerk.

Laat ons hierdie pêrel in ons Belydenis dan na waarde skat en al meer ook gaan besef hoe juis in die verrysenis van Christus ons glorie gewaarborg is.

Met die heilige Apostel wil ons roem in sy genade en sing: "wie is dit, wat veroordeel?" "Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree!" (Rom. 8:34).

Amen.

SONDAG 18.

DIE HEMELVAART VAN CHRISTUS

Ds. ID Kruger

Lees: Ps. 24 en Hand. 1:1-13.

Sing: Pss. 68:9; 47:3; 118:13; 73:10.

Die kategismus is nogal breedvoerig op die punt van die hemelvaart van onse Here Jesus Christus. Veel uitgebreider as oor die opstanding in die vorige Sondag. Daar het reeds in die begin van die Hervormings-eeu verskil van opvatting in die verband ontstaan. En wel tussen Lutherse en Gereformeerdes.

Ursinus en Olevianus, die twee kategismus-opstellers, was hulle bewus van die bostaande verskilpunte. Vandaar dat vier vrae aan die leerstuk van die hemelvaart gewy word teenoor slegs een aan die oor die opstanding.

Op al die punte van verskil sal ek nie ingaan nie. Tog mag ons nie almal stilswyend passeer nie. Om 'n Skriftuurlike opvatting van die belangrike leerstuk te hê, moet tog wel op een en ander gewys word. Want ook hier lê die ou dwaling van die **algodendom** voor die hand.

Ons wys ten eerste op die hemelvaart as feit. En ten tweede op die betekenis van Christus se aanwesigheid in die hemel.

I. Die Hemelvaart as feit.

"Wat verstaan jy onder: Wat opgevaar het na die hemel? Dat Christus voor die oë van sy dissipels van die aarde na die hemel opgevaar het, en dat Hy ons ten goede daar is totdat Hy terugkom om te oordeel die lewende en die dode." Handeling 1 vers 9 verklaar dieselfde: "En nadat Jesus dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem."

Wat is die hemel?

Dit is hier 'n baie belangrike vraag. Jesus het van die aarde na die hemel opgevaar. Wat die aarde is, weet ons. Ook weet ons wie Jesus was toe Hy opgevaar het. Maar, — wat moet ons onder die woord "hemel" verstaan? Die antwoorde hierop gegee, verskil nogal baie.

Sommige beweer dat die hemel meer 'n **toestand** as 'n **plek** aandui. Die Etiese rigting, soos in Europa bekend, het die verkeerde opvatting sterk bevorder. Deur **hemel** so op te vat, verloor dit baie van sy betekenis. Dit is wel jammer. Omdat so 'n vae, onbestemde opvatting vir 'n **plek** soos die hemel volstrek **onbybels** is. Hoe strelend sulke wasige voorstellings van die bonatuurlike skrifwaarhede vir menige mens ook mag wees, hulle is ewewel verwerplik. Ons moet of mag nie vra wat streel my gemoed, maar wel, wat leer die Bybel my? Volgens die heilige Skrif is die hemel 'n **bepaalde plek** net soos die **aarde** dit ook is. Nog die hemel nog die aarde mag as 'n **soort toestand** opgevat word. Daar bestaan tussen beide ook vaste grense. Die een is nie die ander nie. Die Skrif leer dit reeds vir ons in Gen. 1:1: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape." Hy het geen **toestand** geskape nie.

Die Bybel spreek oor die hemel as van 'n **afsonderlike wêreld**, met 'n eie bestaan, met 'n eie lewe, met eie vorme en hoedanighede. Die aarde is hier benede en die hemel daarbo. Elkeen *met* 'n eie gebied, 'n eie volheid en eie kragte. Hulle vloei dus nie inmekaar nie, maar is geskei en onderskei. Nie in die sin dat hemel en aarde niks met mekaar te doen sou hê nie, maar in die sin dat hulle twee kante of dele is van die een groot Skepping van God. Uit een Godsraad het hulle voortgevloei. Albei word hulle ook diensbaar gemaak aan die volvoering van een groot aanbiddelike Godsplan.

In die hemel is God se troon gevestig; die aarde is sy voetbank. Albei is skepsele van God en is daarom ook aan tyd en plek verbind, terwyl God alleen **oralomteenwoordig** is met sy volle Wese. En al kan ons, mense, die **plaaslikheid** en hoedanigheid van die hemel nie aanwys of beskrywe nie. Die Here God sê dit vir ons: So is die hemel: daar op die plek is die hemel!

Alleen op grond daarvan bely ons met die kategismus, "dat Christus van hierdie aarde na die hemel opgevaar het; dat Christus die **hemel** deurgegaan het, en vandaaruit ons regeer en op ons inwerk deur sy Gees. Met sy hemelvaart het Hy dus nie in 'n **sekere toestand** ingevaar nie, maar het Hy van die een plek (aarde) weggevaar na 'n ander plek (hemel).

En om ons twyfelsug te bestry, voer die Skrif oorfloedige getuienisse aan om ons van die waarheid van hierdie heilsfeit te verseker. Ons lees dat Christus met sy dissipels die Olyfberg bestyg het, op die berg met hulle gespreek het, daarna afskeid van hulle geneem het, toe opgevaar het terwyl hulle dit sien, deur 'n wolk voor hulle oë weggeneem is, deur twee Engele in daardie oomblikke aangespreek is, terwyl hulle ook van Christus se wederkoms op die wolke geprofeteer het.

Watter getuienisse het ons nog meer nodig? **Met** liggaam en siel het Hy also wesenlik en werklik **ten hemel gevaar**. Verder gaan Sondag 18 nie in op die vraag hoedanig die hemel der hemele daar uitsien nie. Die naaste doel is om vas te stel dat Christus na volbragte arbeid as Seun van die mens werklik van die aarde na die Vaderhuis opgevaar het. Hierdie hemelvaart is 'n **wonder** van Gods almag, wat **geskiedenis** geword het net soos sy opstanding uit die dood. In die hemelvaart sien die Gereformeerde kerk die tweede trap van sy verhoging. Nadat Hy Homself verneder het tot in die dood toe, nadat Hy alle geregtigheid as Borg vervul het, . . . daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n Naam gegee wat bo elke Naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel, en die wat op die aarde, en die wat onder die aarde is, en elke tong sal bely, dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader." (Fillipp. 2:8-19.)

* * * *

Nou volg hierdie belangrike vraag:

"Is Christus dan nie by ons tot aan die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie? "Christus is waaragtige mens en waaragtige God. Na sy menslike natuur is Hy nie meer op aarde nie; maar na sy Godheid, majesteit, genade en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie." Op grond van die Skrif word hier duidelik tussen Christus se **twee nature** onderskei. En net so duidelik word ook gesê waar Hy nou na die hemelvaart is. Enersyds nie meer op die aarde nie. Dit het die Heiland ook duidelik aan sy dissipels voorspel, nie waar nie? "Ek gaan na My Vader". "Die armes het julle (Jode) altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; **maar My het julle nie altyd nie.**" Mark 14:7.

My nie **altyd by julle** soos die armes nie! Die **menslike natuur** van Christus was "Skepsel van God," en as sodanig aan **tyd** en **plek** gebind. **Oral** kan dit nie tegelyk wees nie, dan sou dit moet ophou om die kenmerke van 'n kreatuur te besit. En dit kan in ewigheid nie gebeur nie, oormits Hy ons natuur vir goed aangeneem het, en daarmee ten hemel gevaar het. Nogtans het Christus sy belofte om **met en by** sy volk te wees tot aan die einde van die wêreld, nie verbreek nie. Want Hy is ook God. En met sy **goddelike natuur** bly Hy ewiglik by diesynes. As **Seun van God** is Hy oral en altyd Immanuel, "God met ons", en wandel Hy tussen die sewe goue kandelare (gemeentes) Openb. 2:2. As **verhoogde Heiland** besit Hy groot glans, majesteit en heerlijkheid. As sodanig beskut en beskerm Hy sy gemeente as **maghebbende** Majesteit!

Ook met sy **genade** gee Hy nooit pad van sy kinders af nie. Voortdurend sweef sy Gees oor hulle, skenk Hy hulle deur sy Gees menigerlei gunste en gawe van wedergeboorte, geloof, bekering, vrede, vreugde en vele ander weldade. Ja, **woon Hy selfs in hulle**. Deur Christus se vleeswording, se offerande, Hebr. 9:14 en sy verhoging het Hy in eie Persoon geword tot 'n "**lewendmakende Gees**", 1 Kor. 15:45. Nog sterker druk Paulus

hom in 2 Kor. 3:17 uit waar staan: "**die Here** nl. die opgevare Christus,— **is die Gees.**" Dus, al mag Christus **na sy mensheid** nie meer onder ons teenwoordig wees nie na sy Godheid, dit is, met sy **Gees** wyk Hy nooit meer van sy uitverkorenes nie! Watter onuitspreeklik vertroosting om van hierdie majesteitlike **alomteenwoordigheid** van ons dierbare Heiland vas oortuig te mag wees!

* * * *

Hier volg nog 'n vraag van groot betekenis. Ook dit staan in verband met die hemelvaart. As Christus se mensheid tans daarbo in die hemel is, en nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

"Stellig nie, antwoord die kategismus, want aangesien die Godheid deur niks ingesluit kan word nie, en oral teenwoordig is, moet daaruit volg dat dit wel buite sy aangenome mensheid is en ewenwel tog "ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly."

Met hierdie 48ste vraag en antwoord word 'n tweede beswaar van Lutherse kant ondervang en weerlê. Hulle sê Christus se twee nature *is* met mekaar verenig, en hulle strek hul ook ewe ver uit. Dit wil sê: orals waar Christus se Godheid is, daar is ook sy mensheid. Nee, sê die Gereformeerde rigting, dit kan nie wees nie! Maar, so werp die Lutherane teë, dan word die twee nature van mekaar geskei! Om hulle standpunt te verduidelik en tewens te verdedig, wys die Lutherane op die groot verandering wat met Christus se mensheid plaasgevind het. 'n Verandering wat reeds by sy geboorte al begin het, maar eers by sy hemelvaart tot volle ontplooiing gekom het.

Dit het daarin bestaan dat Christus se **menslike natuur** allengs **verheerlik, vergoddelik** is. Soos vuur 'n warm yster eindelijk geheel-en-al deurgloei, so het die **godheid** van Christus sy **mensheid** absoluut deurtrek en deurdring. Daarom is Christus na siel en liggaam nou sowel op aarde as in die hemel. Ook na sy mensheid en menslike eienskappe is Hy **oral tegelyk** teenwoordig net soos die godheid. Daar bestaan hoegenaamd geen skeiding of afstand tussen die twee nature nie, so beweer die Lutherane. — Die Gereformeerdes het hierdie probleem anders opgelos as die Lutherane. Sonder om egter saam met hulle in die aloue dwaling van die algodendom te verval. Want in artikel 19 van ons Konfessie waar gehandel word oor die **twee nature van Christus**, word duidelik verklaar dat "elke natuur sy onderskeie eienskappe behou." En verder: "Alhoewel Christus daaraan (mensheid) deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy tog die waarheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons Saligheid en opstanding ook van die waarheid van sy liggaam afhanklik is. Die Lutherse standpunt kom dus neer op 'n **vermenging** van die twee nature van Christus wat uitloop op **vergoddeliking** van sy mensheid en van sy menslike eienskappe van beperktheid, plaaslikheid, ens. Erger nog, die opvatting beteken die **vernietiging van Christus se aangenome mensheid**. Want, indien sy mensheid deur sy godheid as verswelg word, dan het Christus tog inderdaad opgehou om nog **waaragtige mens** te wees, opgehou om ons Middelaar en Voorspreker by die Vader te wees. Waar hierdie verkeerde beskouing dan so diep op ons Christelike Belydenis ingryp, moet dit **verwerp** word aangesien ons saligheid en selfs die eer van God daarmee gemoeid is. Nee, die Skrif laat nie toe dat die grenslyn tussen Skepper en skepsel uitgewis word nie. Hierop kom ek later weer terug.

Wel is Christus deur sy hemelvaart verhoog en verheerlik, maar na sy mensheid seker nie vergoddelik nie!

Maar, as dit die geval nie is en mag wees nie, moet ons dan toestem dat die twee nature sinds en vanweë die hemelvaart geskei van mekaar bestaan? Dit is volgens Bybel nie nodig en ook nie geoorloof nie. Artikel 19 verklaar: "Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik verenig en saamgevoeg is met die menslike nature, sodat daar nie twee Seuns van God of twee persone is nie, **maar twee nature in een persoon verenig . . .**" Die twee nature in Christus is deur die hemelvaart nie van mekaar geskei nie, — verklaar ook die kategismus — "aangesien die Godheid deur niks ingesluit kan word nie en oral teenwoordig is, moet daaruit volg dat

dit wel buite sy aangenome mensheid is, en ewenwel tog ook daarin is **en persoonlik daarmee verenig bly.**"

Deurgrond sal ons hierdie verborgenheid wat skuil in die twee nature van Christus nooit nie. Dit was en is ook nie ons roeping nie. Alleen is dit pligmatig om elke dwaling op hierdie punt te bestry. Beelde en voorbeelde sal ook geensins hierdie aanbiddelike verenigingsband tussen ons Middelaar se twee nature kan verklaar nie. Maar 'n bietjie verduideliking verskaf sulke beelde soms wel. Dink byvoorbeeld aan die son en sy strale. Hoe verweg is die strale nie maar van daardie hemelbol, nie, en tog is die een geensins van die ander **geskei** nie. Ook **versmelt** die een nie in die ander nie. Die son bly **onderskei** van sy strale, maar **afgeskei van mekaar** is hulle ook nie.

Nog 'n beeld. Ons liggaam en siel. Die liggaam is beperk, het grense en kan maar **net op een plek** op hierdie of daardie oomblik wees. Maar ons siel wat binne in die liggaam woon, kan hom ook ver buitekant die liggaam openbaar. Ons kan met ons gedagtes jare teruggaan, of aan ver-verwyderde lande dink, **sonder** dat ons **liggaam** daarheen saam hoef te gaan. En tog, in al die gevalle het hoegenaamd **geen** skeiding tussen liggaam en siel ontstaan nie. Veelmeer is dit waar van die **voortdurende persoonlike vereniging** van die twee nature van Christus, ondanks sy hemelvaart. Waar ons nie verstaan nie, veel minder kan begryp, daar is dit die gelowige se voorreg om te mag aanbid ons verhoogde en verheerlikte Heiland. Nooit wyk Hy van ons nie. Hy is tans, na sy mensheid hoog en ver van ons af, maar tog ook Immanuel, God met ons!

Agter die poging om Christus se twee nature met mekaar te vermeng, het bepaalde motiewe bestaan. Sommige daarvan moet verklaar word uit die **drang van die siel** om naby God te wees. Dit is ook heeltemal volgens Bybel. Lees maar Psalms soos 25, 42, 73, 84 en baie ander.

"Soos 'n hert in dorre streke
Skreeuend dors na die genot
Van die helder waterbeke,
Skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die Heer,
Na die Lewensbron; wanneer
Sal 'k na swerftog en benouing,
God weer sien in klare aanskouing?"

Maar hierdie drang mag nie **ontaard** nie. Daarvoor moet die gelowige altyd op sy hoede wees. Die mens, hoe vroom en opreg ook al, hoever gevorderd op die pad van heiligmaking, **bly altyd waaragtige mens**, net soos Christus ook na sy **menslike natuur** die Seun van die Mens gebly het. Nooit vind daar dus samesmelting plaas tussen die **vrome** en sy Saligmaker nie! Laat ons die Here egter dank vir die wonderlike mistieke gemeenskap wat daar wel kan en inderdaad ook bestaan met God deur onse Here Jesus Christus. Hierdie gemeenskap is deur die hemelvaart van ons Heiland nie geskaad nie maar gebaat. Want deur sy heengaan het die Heilige Gees sy woning in die gelowiges op aarde kom maak.

III. Op die nut van die Hemelvaart wys die kategismus vervolgens in die antwoord op vraag 48. Meer bepaald nog net op die nut van **Christus se blote aanwesigheid in die hemel.**

Die eerste vrug of voordeel bestaan daarin dat Hy aldaar ons Voorspreker is. Dit sê oneindig veel vir sy beklemde kindere wat hulle soms so **ver** en **vreemd** gevoel teenoor die heilige Vaderhuis daarbo. Net die feit dat sy **aanwesigheid** daar, as ons Hoof voor die aangesig van sy Vader, kom die gelowiges al ten goede, verander hulle **posisie** teenoor die hemel en die aarde. Laat ons die punt nader besien. Wat is ons instelling van nature ten opsigte van die hemel en die aarde? In die hemel is God, daar is al ons sondes bekend; uit die hemel sal die mens eenmaal geoordeel word. Op aarde is dit beter. Hier weet ons tog wat ons het. Mens kan jou hier self help, tuismaak, ens. So dink

baie mense oor toestande aangaande hemel en aarde, vir sover daaroor nog nagedink en geredeneer word. Duisende praat liever nie oor die namaals nie. Gaan die gesprekke egter oor die aarde en aardse, oor mense en dinge, dan spring die tonge los. So ongemerk word dus spontaan openbaar hoe **vreemd** selfs kerkmense staan teenoor die hemel, maar hoe dik bevriend hulle is met die wêreld, om van openlike vyandskap met God nie te spreek nie. Hoe kan hierdie verkeerde, sondige instelling of sielsgesteldheid by die mens weggeneem word?

God die Here alleen weet dit! Hy het ook **verandering** aangebring in die volheid van die tyd deur die sending van die Middelaar en sy uiteindelijke hemelvaart.

Die feit van sy aanwesigheid daar as ons Hoof het groot betekenis vir sy mistieke liggaam (kerk). Sy aanwesigheid as ons Hoof het die hemel as 't ware nader na ons gebring, gee vrymoedigheid aan die gelowiges om anders as voorheen oor die hemel te dink aangesien Christus daar ons Voorspreker is by die Vader. Hy neem die verskrikking vir ons weg waar sy aanwesigheid aldaar in ons natuur 'n bedekking is van God se toorn teen ons sondige natuur.

'n **Tweede** vrug is "dat ons ons vlees in die hemel as 'n gewisse pand het, dat Hy as die Hoof ons, sy lede ook tot Hom sal neem." Hierin vind ons die **versekering** dat die ware gelowiges die Vaderhuis eenmaal **siel en liggaam** sal betrek.

Die **liggaam** sal dus nie ewig in die stof bly die wurms ten prooi nie! Sal ook nie opstaan tot ewige pyniging, soos diegene wat Christus nie as hulle Hoof besit nie. Ons siel en liggaam sal dus weer saamgevoeg word en saam ingaan tot ewige vreugde in die hemel van God se heerlijkheid. Daarvan is Christus ons waarborg.

Daar is nog 'n derde vrug.

Kragtens SY hemelvaart "stuur Christus ons sy Gees as 'n teëpand deur wie se krag ons soek wat daarbo is, waar Christus is aan die regterhand van God, en nie wat op die aarde is nie."

Die woorde: **pand** en **teëpand** is ontleen aan die gebruik wat van ouds af tussen vriende bestaan het, vriende wat mekaar lief het soos 'n Dawid en Jonathan, wat mekaar by geleentheid van hulle afskeid iets oor en weer saamgee as 'n blyk of pand van **wedersydse trou** aan mekaar.

Die kategismus stel dit nou hier so voor asof ons aan Christus by sy hemelvaart **ons vlees** meegee het na die hemel, en dat Hy daarvandaan weer aan ons **sy Gees** gestuur het. Ons vlees, die menslike natuur, is die pand wat Hy van ons meegeneem het, terwyl die Heilige Gees weer die teëpand is wat ons van Hom terug ontvang het, naamlik, op Pinksterdag volgens Handeling 2:33. Hier verklaar Petrus in sy pinksterrede "nadat Christus deur die regterhand van God verhoog is, en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy (Christus) dit (naamlik die Gees) uitgestort, wat julle nou sien en hoor." Petrus wys hier bepaald op die uitsending van die Heilige Gees om voortaan in Christus se Liggaam op aarde **in te woon**. Hierdie **inwoning** beteken ook **inwerking** op die lewe van die afsonderlike lidmate van die kerk. Deur die bewerking van die Gees gaan die oog van die siel oop vir die lieflikheid van die hemel, en begin hulle alhoemeer insien dat op aarde tog geen "blywende stad" vir die gelowiges is nie. Namate die hemelse dinge aan belangstelling wen, na dieselfde mate verloor die wêreld sy eertydse bekoring vir die geestelike mens.

Volgens Sondag 18 bestaan die nut van Christus se hemelvaart onder meer dan daarin dat Hy **daarbo** voor die aangesig van sy Vader ons Voorspreker is. En wel op grond van sy reeds gestorte bloed, toe Hy vir ons gesterf het op aarde. Deur sy hemelvaart het Hy alle Ou-Testamentiese skeidsmuur afgebreek, gordyne laat skeur, en in die **binneste**, dit is die **ware** Heiligdom ingegaan. Aldaar toon Hy Hom aan die Vader en eis Hy die Saligheid vir diesynes. Hy doen dit daar in ons vlees wat Hy as pand meegeneem het tot 'n bewys dat sy gelowiges eenmaal **siel en liggaam** sal ingaan tot die Vaderhuis. En as 'n **teenpand** het sy Gees **intrek geneem** in die duurgekoopte bruidskerk op aarde.

Hartverblydende Evangelie, nie waar nie? Maar nou, 'n belangrike vraag vir elke lidmaat! Het u al die Heilige Gees ontvang?—

Hy het na die aarde gekom om by elke verlore **in te woon**. Om te sing: die Here is 'n Herder, en die Here is my Herder, maak 'n wêreld van verskil, nie waar nie? En so ook om te bely: God, die Heilige Gees woon in die kerk beteken nog glad nie **dat Hy ook by u persoonlik intrek geneem het nie**.

En daarom gaan dit juis. En moet u telkens weer kom tot ware selfondersoek. 2 Kor. 13:5; 2 Petr. 1:10.

Ondersoek uself by die lig van God se heilige woord, of u **in die Geloof is**. Dit is of daar iets van Christus, van sy Gees en van die opregte godsvrese in u hart en wandel te bespeur is. As dit wel die geval, deur genade mag wees, dan sal die Saligmakende geloof ook in u wees! En waar die geloof is, daar is ook die Gees. Want Hy is om Christus wil die **Verwekker** van die Geloof. Hy neem alle geestelike skatte van Christus en pas dit as **gawes** toe in die harte van God se uitverkore kindere. Hy maak **lewend** uit die geestelike dood. Hy maak Christusgesind, hemelsgesind. Hy laat die mens bedink die dinge wat bo is. Hy laat die mens honger en dors na die geregtigheid. Hy gee krag om te **soek** die onsiglike dinge daarbo waar Christus is. Aldus berei die Heilige Gees wat **inwonende** is elke ware gelowige op aarde reeds voor vir die salige toekoms wat ons wenk.

Liewe leser, — nogmaals, het u **persoonlik** deel aan die vrug van Christus se hemelvaart? Die boom word aan sy vrug geken, die geloof aan sy werke (Matth. 12:33; Jakobus 2:17, 18, 24). Ons mag nie in **onsekerheid** rus vind vir ons onsterflike siele nie. Ondersoek uself of u deel het aan die lieflike, vrugbaarmakende inwoning en inwerking van die Heilige Gees. O, watter verbeurde voorreg is dit om die Heilige Gees as 'n onderpand hier op aarde in kerk en hart te mag hê. Want deur sy Woord wys die Gees die vermoeide reisiger voortdurend na vorentoe en na boontoe, op Christus by wie ons hemelse erfenis in onverderflikheid bewaar word in die krag van God. Die wat die Gees van Christus het, kom Hom toe in ewigheid en sal versadig word met sy beeld!

Amen.

SONDAG 19.

CHRISTUS, AAN DIE REGTERHAND VAN GOD

Ds. ID Kruger

Lees: Pss. 47 en 110.

Sing: Pss. 47:4; 110:1, 2; 89:7; 98:4.

Liewe leser, ons bely die opstanding van onse Here Jesus Christus uit die dood! Ons bely dit met 'n juig- en danktoon in die hart. Ons bely sy hemelvaart van die Olyfberg af na die hemel der hemele. Ons doen dit eweneens met jubel in die siel. En ons bely ook sy sit aan die regterhand van God. Na volbragte arbeid op aarde is Hy verhoog — vir die derde maal! Kom, vestig ons die aandag

I. op die sit van Christus aan God se regterhand; II. op die werking wat vandaar op sy Kerk uitgaan; en III. op sy wederkoms ten oordeel.

I. Christus aan God se Regterhand.

Dat Christus daar sit, is geen bykomstigheid nie. Dit staan met die hemelvaart wel in die nouste verband, maar het tog ook 'n eie betekenis. Dit beklee 'n selfstandige plek, die derde trap is dit in die verhoging van Christus.

Henog is opgeneem sonder om te sterwe; Elia het eweneens lewend opgevaar. Haar by geen een van hulle is sprake van 'n "sit aan God se regterhand" nie. Hierdie besonderheid hoort dus klaarblyklik nie somer vanself by elkeen wat ten hemel vaar tuis nie.

Maar waar aan Christus se hemelvaart toegevoeg word die "sit aan God se regterhand," daar moet dit wel van besondere belang wees, 'n eie betekenis hê.

Wat is dan die sin daarvan?

Die kategismus antwoord: "Omdat Christus daarom na die hemel opgevaar het dat Hy Hom daar sou betoon as die Hoof van sy Christelike Kerk, deur wie die Vader alle dinge regeer."

"Die sit aan God se regterhand" wys op die **Hoofskap** van Christus oor sy kerk in die hemel en op die aarde. Dit is op die **regeermag** oor sy liggaam, op die Koninklike heerskappy oor sy volk. Deur Hom wat, weens die moeilike arbeid van sy siel, vir Hom 'n Naam bo elke naam verwerf het, wat opgestaan en ook opgevaar het — deur Hom regeer God Drie-enig nou alle dinge in die hemel en op die aarde.

Om daardie rede sit Hy nou aan God se regterhand. Hierdie uitdrukking "sit aan God se regterhand" is geen vrug van menslike vernuf om daardeur die Middelaar **se mag en majesteit** oor sy kerk aan te dui nie, nee, dit is deur God self in die Heilige Skrif aan sy kerk gegee. "Sit" — so lees ons in Psalm 110 — "sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete." Die bevel lui nie: sit of staan naas of agter My nie, maar baie nadruklik: "sit aan my regterhand." Hierby word nie net aan 'n **ereplek** vir Christus gedink nie. Daarvoor sou die Vader se linkerhand ook goed genoeg gewees het.

Juis die **regterhand** word genoem. Omdat dit spreek van mag, van gesag. Dit wil aan Christus toeken **goddelike majesteit** saam met die Vader.

Onder mense is die regterhand sinnebeeld van krag. Die regterhand is gewoonlik sterker as die linker. Konings hanteer die septer met die regterhand.

In gevegte speel die regterhand 'n groot rol. Wie sy voet in plaas van die hand gebruik om te veg, verlaag homself. Selfs die gebruik van die hand is afkeuringswaardig. Baie hoër staan die mens wat die woord as wapen gebruik. Maar nog hoër staan Hy wat krag op die medemens uitoefen sonder hand en sonder woord.

Dit doen God, die Almagtige. Alle instrumente val hier weg. Die Here God kan en werk

dikwels **regstreeks in op die mens** sonder enige instrument. Onmiddellik.

God die Here het geen regterhand nie. Hier word, soos so baiekeer, op **mensvormige** wyse van God se regterhand gepraat. Die bedoeling daarmee is om ons te laat weet **dat daar krag van God op die skepsel uitgaan** sonder enige instrument. In die verband is dit die bedoeling om aan die bruidskerk op aarde te laat weet dat Christus, as verheerlikte Koning, nou ook deel in die **goddelike regeermag** vir sover God se krag tot die geskapene uitgaan. Christus beklee dus die setel of plek **van al die mag** in hemel en op aarde. Die Vader het dit aan Hom gegee as loon op sy Middelaarswerk.

Weens die arbeid van sy siel is Hy aldus bekleed met Majesteit ooreenkomstig die Raad van God se ewige Welbehae. Deur Christus as die Weg of Kanaal vloei alle kragwerking van die Vader en die Gees die gemeente toe. Die Vader is daardeur nie werkeloos gestel nie. Hy bly die ewige Bron van die gawes en kragte. Al wat gebeur is dat hierdie weldade God se volk toekom nie anders nie as net deur die Middelaar heen aan wie alle mag gegee is in die hemel en op die aarde. Van die Vader gaan die Mag en majesteit uit op die Middelaar om also deur Hom weer na die Kerk uit te gaan. Toe Hy op aarde was, was Hy volgens Psalm 22 "'n wurm en geen man nie, 'n smaad van die mense en verag deur die volk." Dit het voorgekom asof Hy geen mag hoegenaamd besit het nie. Sy vyande het Hom gevang, mishandel en . . . uiteindelik gedood. Maar dit alles moes so vervul word, volgens die heilige Skrif. Na sy opstanding het alles egter verander. Toe is Hy verhoog. Aan Hom is sinds al die mag gegee. Hy is nou die verheerlikte Hoof wat sy kerk vanuit die hemele regeer.

Die woord "Hoof" moet hier nie in organiese nie maar in oordragtelike sin verstaan word. Dus anders as in Sondag 17 waar die organiese verband tussen Christus en sy kerk op die voorgrond getree het. Hier in Sondag 19 word Christus "**Hoof van sy Christelike kerk**" genoem om Hom aan te wys as **Maghebbende** oor sy kerk, as magbesittende om te beslis hoe alles in sy Liggaam bestuur moet word.

Hier word sy **Koningskap** verkondig! Koning van al die Konings en Here van al die here is Hy tans aan die Vader se regterhand! Voor Hom moet elke knie van die wat in die hemel en van die wat op die aarde en van die wat onder die aarde is, hom buig. En elke tong moet bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader. Filipp. 2:10, 11.

Christus besit as Koning volstreckte **regeermag** oor sy kerk op aarde en in die hemel. Die Christelike Kerk besit geen ander Hoof of bestuursmag nie. Daarom verwerp die gereformeerde leer elke vorm van kerkregering wat die verhoogde Hoof nie ook as **Enigste** Hoof van sy volk bely nie. **Die Roomse kerk** mag hier wel die grootste sondebok genoem word. Soos bekend staan die Pous van Rome aan die hoof van die kerk. Volgens Roomse leer regeer Christus wel oor 'n deel van die kerk. Oor daardie deel wat reeds in die hemel is, maar nie ook oor die strydende kerk wat nog op aarde verkeer nie. Hierdie gedeelte sou dan te ver van Christus verwyderd wees!!(?)

Oor die aardse gedeelte sou Christus Petrus dán indertyd aangestel het. Petrus en sy wettige opvolgers beklee hier die rang van **Stedehouer** van Christus, van onderkoning, van Pous (vader) wie Rome tot setel het.

Maar hierdie leerstelling druis vierkantig in teen die volstreckte en algenoegsame Koningskap van Jesus Christus oor sy kerk. Aan Hom alleen het die Vader al die mag in die hemel en op aarde gegee. Ja, ook **op aarde** waar Hy na Sy Godheid, **Majesteit**, genade en Gees **persoonlik** teenwoordig is volgens belofte: "Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Matth. 28:20.

En waar Hy, die grote Koning, self teenwoordig is, daar kan en mag geen regent of wie ook **in sy plek tree**, om bestuursmag uit te oefen nie. Uit Rome se hiërargiese kerkstelsel vloei inderdaad voort 'n loëning van Christus se volstreckte Koningskap, 'n loëning aldus van die Bybelse betekenis van die woorde, "sittende aan die regterhand van God." Lynreg teenoor die **Roomse** staan die **Presbiteriale** vorm van kerkregering. Sonder enige voorbehoud bely die gereformeerde kerke dat Christus opgevaar het en in

die hemel aan God se regterhand alle mag en majesteit besit. Vandaar regeer Hy en Hy alleen oor sy hele kerk sowel oor die **strydende deel** wat nog op aarde is as oor die **triomferende deel** wat reeds juig voor Gods troon. Die aarde is nie te ver van Hom af nie. Hy is 'n God van ver, maar ook 'n God en Middelaar van naby! 'n Plaasvervanger soos die Pous het Hy nie nodig nie. Hyself is in eie Persoon, die Pous van sy duurgekoopte kerk.

Van Hom sing sy kerk daarom en van Hom alleen:

"U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag,
Wat hul beklee met sterkte en onverwingbre mag.
Uit vrye guns alleen, uit ewige mededoë,
Hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods Vermoë,
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe;
En onse Koning is deur Isr'els God gegewe."

II. Ten tweede let ons nou op die **werking wat van die verhoogde Christus** uitgaan op sy Christelike kerk hierbenede.

Die kategismus wil weet watter nut die heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons bring. Die eerste is "dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitgiet . . ." Dit sien op die **regstreekse gemeenskap** tussen Christus en ons innerlike wese. Hy is hoog en ons is hier onder op die aarde. Maar in sy hoogheid vergeet Hy diesynes nie. Ook kan die groot afstand tussen Hom en ons geen beletsel wees vir toegang tot ons hart nie. Ewenwel **hoe** daardie inwerking op en gemeenskap met sy kinders geskied — dit kan ons nie vasstel nie. Die mens staan in hierdie lewe telkens weer voor raaisels, nie waar nie? Ons kan nie eens verklaar hoe die magnetiese werking in die telegraafdraad hom van wêrelddeel na wêrelddeel voortplant nie, hoe sal ons dan die nog veel meer wonderlike kan oplos: die gemeenskap naamlik, wat bestaan tussen Christus en die menslike hart!

Laat dit vir ons genoeg wees om te mag weet van die werklike bestaan van sodanige **inwerkinge uit die hemele** — vonke wat in ons hart ontsteek, trillinge wat in ons verwek word — nuwe lewe uit God! Die kategismus verklaar nou dat Christus uit die hemel hiervan die outeur is. Anders sou ons dit nie geweet het nie.

Op hierdie punt moet tegelyk ook tot versigtigheid gemaak word. Om naamlik nie sommer elke soort inwerking, aandoening of beweging van die gemoed aan Christus toe te skryf nie. Want in die loop van die eeue is daar al soveel vir ingewing of openbaring gehou wat dit tog wesenlik beskou, nooit was nie. Baie van die soort bevindinge het agterna geblyk niks anders te wees as die terug- of neerslag van eie sielsopwellinge of ... van sataniese drywerye nie. Die Bose aap die goeie van en uit Christus graag na! Daarom moet alle geestes-beweginge goed onderskei word of hulle al-dan-nie uit God is.

En waar sulke **selfmisleiding** altyd moontlik is, moet ons die Here onse God onafgebroke dank betuig vir die gawe in sy **heilige Woord** aan sy Kerk geskenk. In die Bybel besit ons die lamp vir ons voet en die lig vir ons pad — ook die vaste maatstaf waaraan die Christen sy gemoedsbeweginge en geestelike ervarings kan toets. So alleen kan u teen dwaling beveilig word. Wat was menige sonder se ontnugtering nie al smartlik gewees toe sekere gewaande goeie ingewinge opeens openbaar geword het as influistering van verleidende geeste nie.

Nooit mag u, geliefde leser, dus uit die oog verloor hierdie feit naamlik, dat daar steeds 'n onverbreekbare verband bestaan tussen Woord en gawes nie. Onlosmaaklik lê die **inwendige ontvangs** van gawes saamgevoeg met die **uitwendige bewerking** deur die Woord van God, die Bybel.

Dit is dus een-en-dieselfde Christus wat tot ons kom in die diens van die Woord om ons enersyds te leer en vir dwaling te bewaar en andersyds ons innerlik te bewerk deur sy Heilige Gees. Dit doen Hy as ons ewige Koning, geset aan die regterhand van God, bekleed met Mag en Heerlikheid!

Die woord "uitgiet" wys op die **oorvloed** waarmee God sy kerk bejeën in Christus Jesus. Die Heiland verklaar in Joh. 10: "Ek het gekom, dat hulle (sy volk) lewe en oorvloed kan hê." Dink aan die skare wat reeds deur Hom begenadig is in die eeue wat verby is. O, hoe breed het die stroom van sy genade-weldade nie reeds van omhoog gevloei oor sy uitverkorenes nie! En nog giet Hy gawes uit op alle vlees opdat hulle tot **nuwe lewe** sal kom tot heerlijkheid van God Drie-enig. So is en bly Christus die alleen-geseënde en seënende Hoof van sy Christelike Kerk op aarde en in die hemel. Mag elke leser van hierdie woorde tog getel word onder die ingelyfdes in Christus. Want alleen hulle wat deur 'n opregte geloof in Hom ingeplant is, is ook deelhebbers aan sy oorvloedige genade!

Maar as verheerlikte Hoof doen Hy nog iets.

"Hy beskut en bewaar ons met sy mag teen alle vyande." Die vyande van die gelowiges is sterk, maar ons Verhoogde Heiland is sterker. Vir ons wat klein van moed en swak van kragte is, skuil daar magtige vertroosting in hierdie versekering uit God se Woord.

Ja, om te mag weet die Bewaarder van Israel wat nie slaap of sluimer nie, is tegelyk ook **my Beskermheer**, dit laat ons die hoof omhoog hef. Reeds in die ou Verbond het Hy beskutting en veiligheid aan sy Kerk beloof: "al val daar duisend aan jou sy, en tien duisend aan jou regterhand — na jou sal dit nie aankom nie, . . . geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie." Ps. 91.

Die **lewe** op aarde word voortdurend bedreig. Meer nog die lewe van Gods kind! Menigeen verklaar dat hy die **duiwel**, die **wêreld** en eie **vlees** al op die vingers as vyande ken. Die vraag is egter nie net of u hulle name ken nie, maar het u hulle ook reeds **in u eie harte** as vyande van u God en van u liggaam en siel leer ken? Leer ken aan hulle bose en wrede versoekinge en aanvegtinge? So alleen kan Christus se beskutting en bewaring vir u 'n troosleer wees. Wanneer u naamlik weet dat daar 'n wapen vir satan gereed lê in u eie hart.

O, die eie Vlees en hart . . . Watter vyand in eie huis! Vyand van God en van die nuwe mens! Dink aan daardie onheilige opwellinge, die selfsugtige en eersugtige neiginge . . .! Beweginge wat ons gedurig wil gevange neem en ons geloof vasbind sodat dit ophou om te werk waardeur ons losraak uit die gemeenskap met Christus en ons in vuile sondes verlustig! Dit spreek vanself dat Satan 'n bereidwillige bondgenoot vind in so 'n hart!

Daar is nog die ander gedugte vyande ... die wêreld! Dit is 'n Godevyandige mag. In die onwedergebore mensheid met sy kultuur, kuns, tegniek, wetenskap, grootsheid, ens. skuil 'n vir vlees en bloed onweerstaanbare mag. In "die wêreld" skuil 'n verloklikheid, 'n wegslepende en vernielende mag wat alle verstand te bowe gaan. Dit kry in ons medesondaars 'n mond, 'n hoorbare spraak waardeur "die wêreld" op menslike manier ons siel benader. En hier sit die versoeking! Verskriklik groot is die mag van verleiding wat op hierdie wyse van die kant van "die wêreld" op die Christen uitgaan. Sag fluister hy u in die oor: laat u Christelike geloof en die wêreld gelykvormigheid maar gerus naasmekaar speel. Dit maak geen saak nie. Veel en veelsoortig is die versoekinge wat van die kant van die sondige wêreld uitgaan op die lewe van Gods kind. Nie altyd ontkom hy daaraan nie. Vandaar dat Christus ons leer bid het: Vader, lei ons nie in versoeking nie.

Daar is nog die duiwel, die mensemoordenaar!

Die derde vyand met sy duister magte en owerhede in die lug! (Efese 6:12), die teenstander en aanvegter by uitnemendheid wat, as listigheid en sagtheid nie meer baat nie, u openlik aansê: jou geloof in die Christus moet uitgeroei word; jou gemeenskap met Christus moet 'n end kry; jou sogenaamde geloof is pure inbeelding! O, hoe kan sulke aanvegtinge die gelowige dikwels neerwerp en innerlik verbrysel! Maar dit is ook dan juis dat woorde soos in Sondag 19 vervat, is soos koue water op 'n vermoeide siel. Dan juis word die stellige versekering "dat Christus my met sy Mag **teen alle vyande** beskut en bewaar" as hemelse versterking ondervind en gesmaak. Met volle teue word dit ingedrink, onder stille aanbidding van die Verhoogde Heiland wat nie net heil nie

maar ook hulp beskik teen die doodvyande.

Die Heiland weet presies wat en wanneer sy kindere die of daardie bystand nodig het. En altyd voorsien Hy deur aan die Vader se regterhand vir diesynes te bid, deur hulle uit- en inwendig te bewerk deur sy Woord en Gees, hulle sy nabyheid te laat voel in die stryd, hulle moed en krag in te stort, en hulle so op wonderlike wyse te beskut en te bewaar teen alle vyande.

Om hierdie dinge te weet is goed, veel beter en troosryker is dit egter om **persoonlike ervaring** van sulke versterking te hê. Dit is dus volstrek nie so dat ons Here Jesus Christus sy bloed eenmaal vir ons gestort het, om daarna verweg van sy worstelende Kerk op aarde selfgenoegsaam by die Vader in te woon in hemelse heerlijkheid nie; intendeel, van oomblik tot oomblik is Hy besig in ons belang, besig om vir ons die vrug van sy soenoffer deelagtig te maak, om vir ons te bid, om ons in die lewe te bewaar, om hemelse gawes in ons uit te giet, besig om **vir** en **met** ons te stry. Immanuel sluimer of slaap nooit nie! Eindelik let ons op

III. Christus se wederkoms ten oordeel.

Dit is ook die **afsluiting** van Christus se groot middelaarswerk. Christus sit aan die Vader se regterhand as Koning maar ook as Regter van lewendes en dooies. Daarom is dit verkeerd om sy verlossingswerk by die hemelvaart as afgedaan te beskou.

Op Golgotha was die **voorwaarde** "volbring" waarop die verlossing mog volg, maar die **verlossing self** was nog glad nie volbring nie. Vandaar dat Christus se wederkoms ten oordeel ook nog tuishoort by sy verlossingswerk.

Eers die **wederkoms** bring vir ons die volle ontknoping van die middelaarsdrama. Dan sal ook die krenkende drama, daardie aangrypende bloedige toneelspel van Golgotha, in die lig van God se geregtigheid verklaar word. Dan wanneer Christus self as Regter sal sit oor 'n wêreld wat sy hande besoedel het met die bloed van die Regverdige.

Daar bestaan nog 'n tweede rede vir sy wederkoms as Regter.

Christus het 'n groot skare van dissipels in hemel en op aarde. Deur sy genade het hulle Hom liefgekry en het hulle sy saak ook hulle saak gemaak.

Hierdeur het sy hoon ook hulle hoon en smaad geword! Die profesie uit Christus se mond: hulle het My gehaat, hulle sal julle ook haat, het nog eeu na eeu in vervulling gegaan.

Die gevolg hiervan was dat die gelowiges dit op aarde dikwels swaar moes ontgeld om Christus ontwil. Lees maar Hebreërs 11 en u word opnuut weer aangegryp deur die lyde van die **geloofshelde** in die loop van die eeue. Nameloos smartvol was die folteringe wat derduisende van martelaars ondervind het ter wille van hulle geloof in Jesus Christus. Breed en diep het hulle bloed gevloei op aarde, onder alle volke tot op ons tyd toe.

Dit is krenkend! Ons geheiligde regsbesef vind geen rus in so 'n toestand nie. Sowel die onskuldige vloekdood van Christus as die bloed van **die martelare** skreeu na die Hemel, roep om wedervergelding.

Hieraan sal voldoen word!

"Hy kom, die Regter van die volke,
Omstraal deur reg en majesteit;
Hy span sy vierskaar in die wolke
En oordeel in regmatigheid."

Na hierdie laaste, groot publieke oordeel werk alles heen! Daarna sien die gedrukte kerk met groot verlange uit. Op daardie Dag sal die waarheid vir ewig van die leuen afgeskei word. Dan sal Christus in sy heilige onskuld skitter met al diesynes wat gewas is in sy bloed. Dan sal sy geskonde reg gewreek word aan al sy en ons vyande. Dan sal Hy voor die hele wêreld openbaar word as die wesenlike Seun van God, as die ware Koning van

Israel, bekleed met Mag en Majesteit. Dan sal nie alleen die Kerk as geheel nie maar ook elke gelowige se goeie reg in Christus openbaar word tot ewige vertroosting.

Aangrypend mooi antwoord die kategismus op vraag 52: "Dat ek in alle droefenis en vervolging met 'n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker, wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel-en-al van my weggeneem het, as 'n Regter uit die hemel verwag, wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydschap en heerlikheid sal neem."

Hierdie komende oordeel is 'n bron van krag vir die wagtende en verwagtende Kerk, vir elke gesmade Christen. Die stem: "Hy kom . . ." is 'n belofte wat die gelowige met krag vervul, met hoop besiel om te volhard!

En wat die laaste oordeel betref —

dit moet nie beskou word as 'n oordeel van eie gewete nie. Ons mag dit ook nie vervaag of onseker stel nie. Die Skrif leer duidelik dat Christus as Regter op die wolke sal kom. Dieselfde Saligmaker wat die vloekdood op aarde gesterf het in ons plek sal as Regter die wêreld oordeel. Dit sal ook op **'n bepaalde dag geskied**. Rom. 2:16. Dan sal God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus oordeel! Dit sal wees die dag van grote glorie en triomf in Christus, ons Borg en Middelaar. Die dag van onuitspreeklike vertroosting vir die verlose volk des Here waarin elke traan in 'n pêrel verander sal word. Die dag van glorie vir God, die Almagtige Skepper en Herskepper van hemel en aarde wie se Raad sal bestaan in ewigheid.

Waak en bid, broeder en suster, dat u sy wederkoms met 'n "ja, kom Here Jesus, kom gou!" kan begroet.

Amen.

SONDAG 20

OOR GOD DIE HEILIGE GEES EN ONS HEILIGMAKING

Ds. A Duvenage

Lees: Efese 1.

Sing: Ps. 43:3, 4; 2 Arts. 4 [Sb. 27:4]; Pss. 143:7, 8; 119:19.

Die behandeling van die leerstuk oor die Heilige Gees is baie kort in vergelyking met die oor die Vader en die Seun. Tog spreek die kategismus op meer ander plekke oor sy werk. In vraag 8 word genoem die werk van die wedergeboorte. In vraag 21 dat Hy die geloof in die hart werk. En so is daar meer ander plekke waarin op Hom en sy werk gewys word. Sondag 20 is dus nie die enigste plek in die kategismus waarin oor Hom gehandel word nie. Tog kan ons nie ontken dat daar 'n leemte is in die behandeling van hierdie leerstuk deur die kategismus nie. 'n Enkele woord oor die werk van die Heilige Gees in die natuurlike lewe sou seker in ons tyd van pas gewees het, gesien die bekoring wat die leer van die materialisme selfs vir baie Christene het.

Maar laat ons maar die behandeling deur ons leerboek volg. Hier word gehandel:

- I. Oor die Heilige Gees as die derde Persoon in die Heilige Drie-eenheid en
- II. Oor sy werk in die lewe van die gelowige.

I. Sy Persoon.

Van die vroegste tye af het daar al dwalinge bestaan oor die Persoon van die Heilige Gees. Die dwalinge kom almal daarop neer dat Hy minder is as die Vader of die Seun. Bekend is ook die latere dwaling dat Hy maar net 'n krag of invloed is wat van God uitgaan op die mens. Soos daar van die ouer of onderwyser 'n geheimsinnige invloed uitgaan op die kind as gevolg waarvan die kind onbewus die ouer of onderwyser gaan naboots in sy handeling, so is die Heilige Gees maar net 'n invloed wat van God op die mens uitgaan as gevolg waarvan die mens hom tot God aangetrokke gevoel.

Die Heilige Skrif leer ons egter dat Hy **God** is. Hy word maar net derde genoem in die orde van die goddelike huishouding en nie omdat Hy minder *is* in waardigheid as die Vader of die Seun nie. Wel word Hy soms die krag van God genoem. Vir Maria sê die engel dat die krag van die Allerhoogste haar sal oorskadu. (Luk. 1:35). Onse Here Jesus is deur God gesalf met die Heilige Gees en met krag. (Hand. 10:38). Maar dat daarmee nie geleer word dat Hy nie 'n Persoon is nie, is duidelik as ons daaraan dink dat sy werk ook vergelyk word met die van vuur, van die dou en van die reën. Verder leer die Skrif dat Hy sug en bid (Rom. 8:26), dat Hy ons verseël (Ef. 1:13), dat Hy die kerk in al die waarheid lei, en dat Hy oortuig van sonde (Joh. 16:8, 13). Teen Hom kan gesondig word (Mark. 3:28); ons kan Hom teëstaan en droefheid aandoen (Hand. 7:51; Ef. 4:30). Alles sake wat alleen van 'n persoon gesê kan word. By ons is daar dan ook nie die minste gedagte om te ontken dat Hy **God** is nie. Tog is dit 'n vraag of ons ook so met Hom en sy Werk rekening hou soos wat ons volgens die Skrif moet doen. Ek het hier die oog veral op die gewone daelikse lewe. Wat die nuwe lewe in Christus betref, bely ons almal dat die Heilige Gees die wedergeboorte werk, die geloof in ons werk en ons daarin laat volhard tot die end toe. Ons bely almal die onmiskenbaarheid van die Heilige Gees vir daardie lewe. Maar as ons by die natuurlike lewe kom, dan is dit tog heeltemal anders. Dan word in die gunstige geval miskien nog gesprek van God, van sy Wil, veral as sake teëloop. Ander, en hulle getal is baie groot, vergenoeg hulle om in vae bewoordinge te praat oor die Voorsienigheid of die Liefde. Ander het nog verder gedaal en praat van die Noodlot of die Geluksgodin. Veral in die sportwêreld is die terme al ingeburger. En gaan ons nog verder, dan kry ons die belydenis van die "natuur" wat so goed vir sake sorg. En nog verder kry ons die belydenis van die materialisme. Alles is maar stof. Verbinding en ontbinding van stofdeeltjies. Ook die mens. Daar is nie so iets soos Gees nie. Dit is die

belydenis wat deur 'n groot deel van die eertydse Christelike wêreld aangehang word. Alles is maar stof. En ons bestaan maar op 'n wêreld waarop ons nie verkies het om te woon nie.

Tog leer die Heilige Skrif ons dat daar 'n nou verband is tussen God die Heilige Gees en hierdie lewe. By die skepping sweef Hy op die waters. (Gen. 1:2). As God sy Gees uitstuur in die voorjaar dan word die gelaat van die aarde nuut. (Ps. 104:30). God het Besaleël en Oholiab met sy Gees vervul met wysheid, met verstand en met kennis en bekwaamheid vir allerhande werk aan die tabernakel en om kunstige planne uit te dink, om dit uit te voer in goud en silwer en koper, en deur snywerk in stene wat ingelê moet word — om werksaam te wees in allerhande kunstige werk. Hy het dit ook in sy hart, gegee om ander te onderrig. (Ex. 35:31-34). Vir 'n skrifgelowige is dit nie nodig om meer uitsprake aan te voer om die belangrikheid van hierdie belydenis vir die daelikse lewe aan te toon nie. Die Heilige Skrif ken geen kuns of wetenskap, geen onderwys of handel of boerdery waarvan nie bely word: "in U lig, alleen sien ons die lig." Daar is nie so iets soos 'n wetenskap uit die mens nie of 'n handel of boerdery vir die mens, maar alles is gawes van God wat Hy deur die Heilige Gees werk en uitdeel aan wie Hy wil. En dit alles tot grootmaking van sy Naam. Tot erkenning van Hom uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is. En elkeen wat sy dagtaak aanvaar sonder die gebed dat God deur sy Gees hom die dag sal lei, maak van die wêreld 'n Godlose wêreld, van sy taak 'n Godlose taak en lewe 'n goddelose lewe. Die Heilige Gees is onmisbaar nie net om die saligheid te beërwe nie, maar ook om in hierdie lewe as mens van God so te lewe en so te werk dat ons lewe 'n prediking is van die onmisbaarheid van die Heilige Gees. Sonder Hom kan die koning nie goed en reg regeer nie, kan die kunstenaar geen goeie kuns voortbring wat ons verhef en veredel nie. Sonder Hom kan die onderwyser nie die regte onderwys gee en die kind nie reg studeer nie. Sonder Hom kan die boer nie reg boer nie. Sonder Hom mag ons wel die gebeurtenisse van ons lewe ken en die van ons volk se geskiedenis, maar verstaan ons dit nie.

Dit is ons volk se sonde dat daar vir die Heilige Gees geen plek is in die openbare lewe nie. Wel in die kerk, maar nie daarbuite nie. Wel om die ewige lewe te beërwe (hoewel vir baie maar net as Helper en nie as die enigste Werker nie), maar nie om die aarde op Godwaardige wyse te besit nie. Dit is ons ellende dat ons die kommunis met sy materialisme as belydenis verafsku en dat ons in dieselfde sonde gevangene sit, al is dit nie in dieselfde graad nie.

Dis hierdie stryd vir die eer van die Heilige Gees in die openbare lewe wat ons volk nog nooit verstaan het nie. Daarom was hy nog altyd tevrede met 'n neutrale onderwysstelsel, 'n neutrale handelswêreld. Dit is ons aanklag teen 'n volk wat gedoopt is ook in die Naam van die Heilige Gees dat hy sy openbare lewe inrig asof die Heilige Gees nie bestaan nie. Oor hierdie miskenning van God die Heilige Gees mag ons nooit swyg nie.

II. Sy Werk.

Vervolgens handel die kategismus oor die werk van die Heilige Gees in en aan die gelowiges. Hy sê: "ten tweede dat Hy ook aan my gegee is om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly."

Ons moet op daardie woorde let, "dat Hy ook aan my gegee is." Nie dat Hy aan my gegee sal word as ek deugsam lewe of as ek my bekeer nie, of as ek na die Pinksterbiduur gaan nie, maar dat Hy aan my **gegee is**. In die Genadeverbond het ek Hom saam met die Vader en die Seun ontvang as my God. Toe ek gedoopt is, is ek ook in die Naam van die Heilige Gees gedoopt wat toe alreeds aan my die versekering gegee het dat Hy in my wil woon en my tot 'n lidmaat van Christus wil heilig. Op grond van sy belofte is ek seker dat ook die oorblywende sonde my nie kan skei van die liefde van God wat in Christus Jesus is nie. Die taal van die ware geloof is dus: "ek weet en is versekerd" en nie: "ek hoop darem so" nie. Die taal van die geloof is nooit wat by so

baie gereformeerdes gehoor word: "ons kan nooit verseker wees nie." Lidmate wat so praat, let te veel net op hulle eie hart en hulle let nie op die vastheid van Gods verbond nie. Hulle moet weer leer om te luister na wat God self sê: "Want berge mag wyk en heuwels wankel maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die Here, jou ontfermer." (Jes. 54:10).

So het die Here aan ons belowe toe ons gedoop is en op grond van die belofte bely ons dat die Heilige Gees aan ons gegee is, nie omdat ons uit vroom voorouers stam nie. Ook nie omdat ons op bepaalde manier laat doop of bekeer het nie, soos die Wederdoper beweer, maar op grond van Gods belofte self.

Die Heilige Gees woon dus in ons. Ons moet Hom daarom nie bedroef of weerstaan nie, want Hy het 'n heerlike werk om in ons te voltooi. Die werk is nie om ons te lei buite die Woord om nie, soos die mense van die Buchman-beweging beweer nie. Die Heilige Gees lei altyd deur die Woord en nie daarsonder nie. Sy werk is ook nie om ons dan sogenaamd vreemde tale te laat praat, soos die Wederdoper beweer nie, maar dit is om ons deel te gee aan Christus en al sy weldade. Dit is wat ons nodig het om ewig te lewe. Ons moet in Christus wees soos die rank in die wingerdstok. 'n Regsinnige belydenis alleen, of afstamming uit vroom voorgeslagte baat ons niks as ons nie persoonlik deel het aan die Heiland nie. Dan verswaar dit nog ons oordeel. Dit kan gebeur dat iemand in die Verbond gebore is, soos Kain, dat hy selfs in die Naam van die Here gespreek het soos Judas, en dat hy tog nie deel het aan die Here nie. Dan is hy tog vir ewig rampsalig. Ons moet dus in Christus ingeplant word. En dit is die werk van die Heilige Gees.

Let nou daarop dat ons deel moet hê nie net aan die weldade van Christus nie, maar allereers aan **Homself** en daardeur aan sy weldade. Bileam het wel begeer om soos die opregtes te sterwe, maar hy het darem vir Balak die raad gegee wat daarop neerkom dat die Christus, menslikerwyse gespreek, nooit gebore kon word nie. So is ons arglistige hart, broeder en suster. Dit wil die gawes sonder die Gewer. Dit begeer die saligheid by die Vader maar nie die Christus wat die weg is na die Vader nie. Van nature is die mens se hart rower, vrybouter. Dis daarom nie onnodig dat die kategismus ons daaraan herinner dat ons eers deel moet hê aan Christus en dan in en deur Hom deel aan sy gawes van regverdigmaking, skuldvergewing, heiligmaking en heerlikmaking. Deel ook aan sy salwing. Deel aan al die weldade wat die liggaam ontvang van die Hoof. Deel aan die genadeverbond. Deel ook aan die gawe van 'n Christelike opvoeding, van 'n goeie naam, van lidmaatskap aan sy kerk.

Die tweede werk van die Heilige Gees wat die kategismus opnoem, is dat Hy my troos. Het die mens wat deel het aan Christus dan nog troos nodig, gedurige troos? Die metodis sê: "net eenmaal, daarna nie meer nie. Die verlore seun is vir altyd tuis." Die Woord van God leer ons egter dat ons dikwels struikel. (Jak. 3:2). Oor die struikeling maak die gelowige hom besorg. Hy sê nie dat dit maar net die werkinge van die ou mens is waarvoor hy nie meer verantwoordelik is nie. Nee, dit vervul hom met droefheid dat hy die liefde van sy Vader vertrap het deur sy sonde. Nou troos die Heilige Gees hom deur hom by Christus te bring en hom te oortuig dat die sonde vergewe is. Hy troos hom met die beloftes van God wat in Christus so vas en seker is ook vir hom. Hy troos hom ook as hy ly onder die smaad en vervolging van mense. Hy troos hom onder die bediening van die genademiddels. Altyd deur is die Heilige Gees so moederlik besig om die tranes van die oë af te vee. Die wêreld sê: "mens jy het hardheid nodig. Weg met al die gevoeligheid." Die kind van God sê: "ek kan sonder die troos van die Heilige Gees nie lewe nie." En hy dank God vir sy Woord wat die troosboek is op die lange pelgrimspad. Hy dank God dat Hy deur sy Gees uit daardie fontein die verkwikkende waters vir sy vermoeide siel laat put.

Eindelik word hier van die Heilige Gees bely dat Hy ewig **by my** bly. Ja, dit is ook so 'n heerlike waarheid om te bely: "Hy bly ewig. Ook by my." Elke gelowige het sy tye van geestelike dorheid. Dis swaar tye. Dit is of ons dan in die Woord van God geen behae het nie. Die gebedslewe kwyn. 'n Onverskilligheid heers in die hart. Dis winter in ons siel. Daar is geen bloeisel en ook geen vrug in nie. Soms gaan daar nog erger dinge in die

binneste om. Dis meestal die gevolg van sonde. Dink maar hoe wreed en hard Dawid was na sy sonde met Batseba. Dan trek die Heilige Gees Hom vir 'n tyd terug. Ons het Hom dan bedroef. Sulke tye is daar ook in die kerklike lewe. Tye van geestelike dorheid, van valse gerustheid en selfvoldaanheid. Daar word gepreek en gepraat oor geloof, maar daar gaan geen krag van die kerk uit nie. Die kerklike lewe is soos 'n dammetjie water, helder en skoon, maar dit word nie meer gevoed uit die fontein nie en moet noodwendig opdroë.

Goddank dat sy verbond nooit tot niet gemaak kan word nie. Ook nie deur ons geestelike dorheid nie. Die Heilige Gees laat sy werk nie vaar nie. Hy werk altyd weer opregte berou en terugkeer tot God in die hart. In die kerk werk Hy nuwe en sterk geloofslawe. Die waters wat geys was, begin weer loop. In die woestyn laat God dennebome groei en Hy laat riviere in die wildernis stroom. Ons sien dit, maar deurgrond dit nie. Dis die werk van die Heilige Gees wat ewig bly as Raadsman, as Lewendigmaker, as die versierder van Gods werk wat die poorte van Jerusalem van karbonkels maak, sy borsweringe van robyne en sy hele ringmuur van edelgesteentes. (Jes. 54). Die Here laat nie vaar die werk wat Hy begin het nie. Onse Here Jesus kan nooit sonder onderdane wees nie. Daarvoor sorg die Gees van God in elke eeu.

Amen.

SONDAG 21.

DIE HEILIGE, ALGEMENE, CHRISTELIKE KERK

Ds. A Duvenage

Lees: Joh. 10:1-21.

Sing: Pss. 48:1; 84:1-3; 87:1-5; 133:1, 2; 130:1, 2.

Ons handel hier oor die Kerk van God. Die Kerk bestaan van die begin van die wêreld af. As die Here na die sondeval van Adam en Eva hulle opsoek en aan hulle die Verlosser belowe, dan het ons in beginsel daar die eerste openbaring van die Kerk. Immers God bedien die Woord daar. En die Kerk sal op aarde voortbestaan tot op die wederkoms van die Here Jesus, al verhef Satan en sy handlangers hulle in al die eeue ook daarteen, en al sal dit in die dae van die Antichris byna uitgeroei word. 'n Deel van die Kerk is alreeds in die hemel. Dis die triomferende Kerk. 'n Deel is nog op aarde. Dis die ware Christusgelowiges wat in al die verskillende kerke gevind word. Dis die strydende Kerk. Die ander deel moet nog gebore word.

Van die Kerk bely ons dat dit heilig is. Dit beteken nie dat dit sonder sonde is nie, maar dat dit in Christus geheilig is, dat dit die nuwe menslike geslag is wat eenmaal verheerlik op die nuwe aarde sal lewe. Die Kerk word ook algemeen genoem omdat dit oor die hele aarde versprei is en die lidmate daarvan getrek is deur God uit al die lae van die bevolking van die aarde, afgesien van die stand wat hulle beklee of die mate van ontwikkeling of beskawing wat hulle bereik het (Openb. 5:9). Ook word die Kerk Christelik genoem, omdat Christus die Hoof daarvan is en sy Woord die hoogste gesag daarin het.

I. Die Kerk.

As ons nou die antwoord van die kategismus ontleed, dan word ons oorweldig deur die groot hoeveelheid van stof. Hoe geweldig baie het ons ou vaders nie te sê gehad oor die Kerk nie? En hoe welluidend klink hierdie belydenis nie! Dis 'n lied op die Kerk. Waarlik beskamd vir ons wat so min in vervoering kan geraak oor die Kerk. Hier beluister ons die taal van die geloof. Dis 'n jubel op die Kerk. En dit in 'n tyd van vervolging toe daar voorwaar geen uitwendige heerlikheid van die Kerk uitgestraal het nie en geen voordele aan verbonde was om lidmaat van die Kerk te wees nie! Aan die een kant uitwendige praat en magsvertoning in die Roomse kerk maar innerlike doodheid, en aan die ander kant 'n Kerk teen die grond gewerp, vervolgd en belaster. Rokende brandstapels en gekerm in vuil gevangenis. Waarlik, waarlik, die Kerk het in die dae geen gestalte of heerlikheid gehad dat dit aangesien sou word, en geen voorkomste dat dit begeer sou word nie. Tog het ons ou vaders deur die geloof oor die Kerk gejubel omdat dit die Kerk van God is. Met daardie Kerk het God Hom in genade verbind. Hy het

(a) Daardie Kerk tot die ewige lewe uitverkies.

Dis die vaste rots waarop die Kerk staan — Gods ewige verkiesing wat onberouelik is, onveranderlik en onherroepelik. Daarvolgens het Hy voor die grondlegging van die wêreld 'n sekere menigte van mense uit die hele menslike geslag uitverkies in Christus, alhoewel hulle nie beter of waardiger is as die ander nie, maar in die gemeenskaplike ellende saam met die ander lê. Dit doen God om sy barmhartigheid te bewys. Terwyl Hy die ander as 'n bewys van sy regverdigheid in die ellende laat waarin hulle hulself gestort het en hulle eindelik oor hulle ongeloof en ander sondes sal veroordeel.

Hierdie leer word genoem die hart van die Kerk. Waar dit verwerp word, daar word die Kerk in sy hart getref. Ons kan dan ook verstaan dat Satan veral teen hierdie belydenis sy aanvalle maak, want dit gee al die eer vir ons verlossing aan God en ontnem aan die mens alles. Dit maak die gelowiges ook klein en ootmoedig voor die Here en die mense. Almal sake wat vir die fariseër in ons natuurlike hart diep vernederend is. Daar is baie

Christene wat van hierdie leerstuk niks wil hoor nie. Hulle sê dat God daardeur tot oorsaak gemaak word van die mens se sonde en van sy ewige ondergang in die verdoemenis. God sou ook onregverdig wees as Hy so handel. Daarop antwoord ons met die Skrif: "O mens wie is jy wat teen God antwoord?" (Rom. 9:20). Al kan ons met ons verstand hierdie saak nie so beredeneer dat ons alle besware daarteen kan ondervang nie, en al kom ook die gevoel daarteen in opstand tog neem ons dit aan omdat die hele Skrif dit duidelik leer. In Adam se gesin is daar al 'n Kain. Abraham alleen word deur God uit sy vaderland geroep. Van Jakob en Esau sê die Skrif: "Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat." (Rom. 9:13). Van die heidene in Antiochië word gesê dat op Paulus se prediking gelowig geword het almal wat verordineer was tot die ewige lewe. (Hand. 13:48).

Die belydenis is vir ons 'n krag omdat dit ons saligheid vas laat rus in God. Nie ons veranderlike en onbetroubare hart gee ons sielsvrede nie, maar die onveranderlike en onherroepelike verkiesing van God. Hy het ons van ewigheid af verkies tot die saligheid hoewel Hy geweet het watter sondaars ons is.

(b) Hierdie Kerk word deur die Seun van God self vergader uit die hele menslike geslag. Geen volk mag van die evangelieprediking uitgesluit word nie hoe diep hy ook gesink mag wees, en geen sondaar hoe groot sy sonde ook mag wees nie. So kom die onsigbare Kerk tot openbaring. Die Here wil nie net dat daar 'n Kerk sal wees nie, maar Hy wil ook dat dit gesien sal word. Waar gelowiges so deur die Here vergader word, moet hulle hul ook laat vergader. Hulle moet tot gemeentestigting kom, die ampte instel sodat die bediening van die genademiddels van Woord en Sakrament kan plaasvind. In die boek Handel ingelees ons altyd weer dat die wat gelowig geword het eendragtig bymekaar was en dat hulle eendragtig volhard het in die leer. Helaas daardie eendragtige saamkom, word op die meeste plekke 'n seldsaamheid. Daar is baie lidmate wat hulle net met "grootkerk" so laat vergader deur die Seun van God. En dit terwyl hulle in die geleentheid is om te kom. Maar die diens op gewone Sondae is glo dan maar nie eintlik kerk nie.

Verder word gesê dat die Here die Kerk beskerm en onderhou. Vir ons ou vaders wat onder vervolging gelewe het, was dit 'n hartversterkende gedagte dat die Seun van God self sy Kerk beskerm. Ook vir ons is dit 'n troos. Want al wou die openlike vervolging nie in ons dae nie, tog duur die oorlog van satan teen Gods Kerk nog voort. Ons moet tog nie dink dat hy ooit die stryd opgee of die Kerk nie haat nie. Daar is vandag die gevare van wêreldgelykvormigheid, van geestelike doodsheid en liefdeloosheid, van verwaarloosing van die opgroeiende geslag, van 'n valse wetenskap en 'n verwerde kuns wat die Kerk van God bedreig. Watter genade dat die Here self sy Kerk beskerm. En dat Hy dit ook onderhou. Dat Hy sorg vir bedienaars van die Woord. Dat Hy ouderlinge en diakens gee sodat sy Kerk in goeie welstand gehou kan word. Die gemeente moet daarom aan die ampsdraers die verskuldigde eer bewys. Hulle is gawes van God aan sy gemeente. In die dankgebed van die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens dank die gemeente die Here dat Hy tot groter bloei van sy Kerk daarin ampsdraers verorden het, en dat Hy nou aan die gemeente weer manne verleen het van goeie getuïenis wat die gawe van sy Gees besit.

Lieflike gelowige klanke uit die ou tyd toe die gemeente nog bely het: "Christus het **gegee**." (Ef. 4:11-16). Hoe skerp steek die taal nie af by die houding wat nogal dikwels aangetref word by lidmate wat van die ampsdraer maak 'n **amptenaar** van die gemeente, wat bv. die diaken maar keer op keer laat kom en hom net soveel male met leë hande laat teruggaan omdat hulle nie nou geld het nie. Sulke mense doen sonde. Christus onderhou wel sy Kerk, maar Hy doen dit deurmiddel van die lidmate en nie direk uit die hemel nie.

Hy onderhou verder die gemeente deur die verbondsgeslag. In die Kerk van die Here moet daar kinders wees. En die gemeente van die Here moet waak teen daardie pestilensie wat in die donker wandel en in die werk van God ingryp. Die ouers moet ook hulle kinders so opvoed dat hulle geskik sal wees om 'n huwelik eendag aan te gaan.

Dit is seker vir die Kerk 'n bron van krag om te bely dat die Almagtige Seun van God dit vergader, beskerm en onderhou, maar dit lê ook aan elke lidmaat duur verantwoordelikhede op soos ons aangetoon het. En wee ons as ons aan die verantwoordelikheid ons onttrek. Israel wou dit ook doen. Hy wou hom nie laat vergader deur die Here nie en sy huis is vir hom woës gelaat.

As die Kerk hom nie stel onder die tug van Gods Woord nie, dan boet dit sy christelikheid in. Dit word dan 'n eie huis wat geestelike woestheid as sy erfenis ontvang.

Aan die anderkant put die getroue Kerk uit hierdie belydenis krag. Sy krag is dat hy Kerk van God is. Dis dan ook by hom die hoofsaak. Nie hoe oud hy is nie maar of hy die band met die Kerk van God bewaar. Die band wat teruggaan tot by die paradys. Dis die hoofsaak of daardie evangelie wat God in die paradys verkondig het deur hom onvervals verkondig word en of hy in die geloof buig voor daardie evangelie soos Adam daarvoor gebuig het.

(c) Van daardie onsigbare Kerk wat in die sigbare kerke opgesluit lê, bely elke gelowige dat hy lidmaat is en ewig sal bly. Nie dat hy hoop om dit ook eenmaal te wees nie, maar dat hy dit nou alreeds is en dat hy sal volhard om dit te bly. Nie omdat hy so onwankelbaar is nie, maar omdat Gods verkiesing nooit tot niet gemaak kan word nie. Dit uitverkiesing as daad van God sluit vanself in die volharding van die heiliges. En dit alles uit grondelose welbehae van God. Aan Hom daarom die lof vir sy Kerk. Aan Hom ook die lof dat ons lede mag wees van die liggaam van Christus, sy Kerk. Ons sal nie sterf nie, maar lewe. Ons sal die eerkroon dra as ons volhard om na sy Woord te luister. Nou is ons nog aan stryd en versoeking onderworpe. Eenmaal kom die kroon en die wit klere gewas in die bloed van die Lam.

II. Die gemeenskap van die heiliges.

Aan die Kerk skenk God weldade. Die eerste daarvan is die gemeenskap van die heiliges. God het die menslike geslag as 'n eenheid gemaak. Maar die sonde het daardie eenheid dadelik verbreek. Ons hoor dit al by Adam as hy vir God sê: "die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet. (Gen. 4:12). Ons sien dit in al sy verskriklikheid al by Kain en sy geslag. Luister maar na die lied van Lameg. (Gen. 4). Haat en selfsug. En tog aan die ander kant die strewe om uiterlik een te bly. Kain bou sy stad om sy mense bymekaar te hou. Nimrod stig sy ryk en bou stede. Groot stede (Gen. 10:8-12). Straks kom die Babel-toring. En later in die geskiedenis die wêreldryk met sy stad Babel, die sentrum van die vyandskap teen God en sy volk wat sy voltooiing bereik in die groot Babilon, die wêreldstad van die Antichris wat vir ewig ondergaan.

God bou egter ook sy stad. Dis sy Kerk wat Hy noem die heiliges. In daardie stad gee Hy die ware gemeenskap. Gemeenskap in die eerste plek met Christus en deur Hom met God self. Al die gelowiges het deel aan die Here Christus en al sy skatte en gawes. In die Kerk van die Here is daar nie ryk of arm, geleerd of ongeleerd nie, maar voor God is hulle almal een. Daar is geen aanneming van die persoon by die Here nie. Aan almal skenk Hy sy genade in gelyke maat. Die een het nie 'n groter deel aan Christus as die ander een nie. So vergader hulle ook in die sigbare Kerk. En so sit hulle saam aan een nagmaalstafel as broers en susters in die Here.

En so lewe hulle ook. Elkeen het sy besonder gawe van God ontvang. Die een is 'n wakker oog. Die ander een die horende oor en 'n ander een weer die werkende hand of die vaardige voet. Niemand hou sy gawe vir homself, of beny die ander een sy talent nie, maar elkeen dien met sy gawe die naaste, tot opbouing van die liggaam van Christus. So altans behoort dit in die gemeente van die Here te wees. Daar moet die liefde heers en die bereidheid om die broeders te dien. Daar moet elkeen sy talent nie begrawe in diens van homself nie, maar moet dit op rente uitsit in diens van die gemeente. Daar mag haat en afguns en twis nie gehoor word nie. Hoe anders sal ons gemeentelike samelewing nie wees nie, watter besieling sal daar nie van ons J.V.'s

uitgaan as ons volgens hierdie belydenis lewe nie. Nou moet soms mense gesoek word wat gewillig is om as ampsdraers te dien. Die taal van die geloof is nie: "ek het te veel werk," of "my posisie laat my dit nie toe nie," of "ek hou wat ek het vir myself." Maar dit is: "ek verlang om julle een of ander geestelike genadegawe mee te deel." En nie net geestelike genadegawes nie, maar ook stoflike gawes. Die geloof sê nie: "ek is vry", maar: "ek is skuldenaar. Skuldenaar, want wat het ek, wat ek nie ontvang het nie? En as ek dit ontvang het, hoe kan ek dan roem (en handel) asof ek dit nie ontvang het nie"? Verantwoordelikheid vir die gawes en talente wat ons ontvang het, moet gedurigdeur weer geleer word. Hoe min is ons om as rentmeesters van God daardie verantwoordelikheid te aanvaar. Nee, die valse vryheidsbegrip is baie aangenamer. Daarom boei ons nie meer die wêreld en maak ons hom nie jaloers nie. Die wêreld weet wel wat ons in die opsig bely, maar hy sien ook dat daar van die belydenis min teregkom, dat Christene ook maar vir hulleself lewe. Dat die liefde ook maar kwyn. Dat elkeen ook maar jaag na wat syne is. En oor al die dinge spreek hy smaadhede teen die koning van die Kerk wat sulke liefdelose onderdane het. Van hierdie sonde moet die Kerk hom bekeer.

III. Vergewing van die sondes.

Die tweede weldaad wat die Here aan sy Kerk gee, is die vergewing van die sondes. Dis die grootste gawe wat aan 'n skuldige skepsel gegee kan word. En dit is die grootste onderskeidingsteken tussen ons en die wêreld. Ja, daar is in die wêreld baie mense wat haas geen sondebeseft het nie. Daar is baie wat oor die sonde lag en alle wroeging oor die sonde as verouderd beskou. Daar is ook wat die sonde *met* welgevalle dien omdat 'n mens jou nou eenmaal moet uitlewe, "anders word jy sielsiek." Maar daar is ook edeler mense wat die sonde betreur, wat ook stry teen "die kwaad" soos hulle dit noem in belang van die menslike geslag self, mense wat probeer om eerbaar en regverdig te lewe en wat glo dat die kwaad oorwin word en op die duur ook oorwin sal word deur onderwys en beskawing, dat op die end die dier in die mens deur hom getem sal kan word.

Die Kerk van God betreur nie net die sondefeitel nie, maar hy jubel in die vergewing van die sondes, in die vergewing van die sondige aard wat ons aanklewe tot op die sterfbed. God het dit bedek deur die bloed van Christus. Hy het die skuld uit sy boek weggedoen. En nie net dit nie. Hy skenk ons ook uit genade die geregtigheid van Christus sodat ons nooit in die strafgerig sal kom nie. Ons moet wel almal voor die regterstoel van Christus kom. Ons kom egter nie daar as sondaars wat vir ewig uitgewerp word nie, maar as begenadigdes in Christus, verryktes in Christus. Want God vergewe nie soos 'n mens nie, wat na dae en jare weer die saak ophaal nie. By Hom is vergewe vergeet. Hy vergewe ook nie soos die mens wat sê: "ons sal nou nie verder daaroor praat nie, maar bly nou uit my pad." Nee sy vergewing is verryking van die sondaar met die geregtigheid van Christus. Sy vergewing beteken dat ons sy erfgename gemaak word en mede-erfgename van Christus. As Hy vergewe dan sê Hy: "gaan heen in vrede." Die vrede is ons deel deur die geloof. Dit word ons geskenk deur die God van die vrede ter wille van Christus ons vrede. So hoor die gemeente dit ook elke Sondag: "genade en vrede vir julle." Mag die vrede dan ook in en by ons woon dat ons eenmaal ten volle sal beërwe die salige ryk waar enkel vrede oor berge en heuwels sweef, waar Christus die Vors na Gods geregtigheid sal heers oor wat daar leef.

Amen.

SONDAG 22.

DIE WEDEROPSTANDING VAN DIE VLEES EN DIE EWIGE LEWE

Ds. A Duvenage

Lees: 1 Kor. .15.

Sing: Pss. 103:8, 9; 49:4-6; 12 Arts. 5 [Sb. 27:5]; Ps. 84:1, 2.

"Want die mens gaan na sy ewige huis, en die roudraers sal op die straat rondgaan." Met hierdie woorde teken die Prediker die end van die mens se bestaan op aarde. Hoe hoog die jare ook mag geklim, of hoe ryk en magtig die persoon ook mag gewees het, die end is: hy gaan. En wat hy agterlaat, is roudraers. Onder ons heers nog die goeie ou gewoonte dat in sulke tye ook die roukleed aangetrek word. Die mens het daarom behoefte aan troos oor hom (haar) wat heengegaan het. Ook die gemeente van die Here. Dis daarom so mooi dat die kategismus in hierdie afdeling elke keer vra: "watter troos?" "Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou?" "Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?" Die dood kom met sy probleme en droefheid. En die gelowige voel daardie droefheid baie dieper as die ongelowige. Want hy het **beloftes**. "Wie in My glo **het** die ewige lewe," sê Christus. Nou lyk dit asof die kerkhof 'n ander woord spreek as die kerk. Asof die dood tog oppermagtig heers en nie deur Christus oorwin is nie. Asof hy sy prooi gryp en vir ewig hou. Die dood en die graf is altwee stom.

Teenoor die dood en die graf besit ons geen geweer nie. Ons kan alleen maar deur God getroos word. Mense probeer wel om hulleself te troos, maar dit is maar net 'n groot bedrog. Daar is mense wat met die dood dweep. Dit bring rus, sê hulle. Daar vergeet 'n mens tog al die ellende wat jy hier deurgemaak het. Ander weer wil die aakligheid van die dood wegpraat. Dis maar die anderkant van die lewe, sê hulle. En ook die beste kant. Ons het die een kant gehad, nou moet ons nie treur as ons die ander kant kry nie. Ander weer wil die dood verheerlik deur die lewe te verag. Die *lewe* sou dan die grootste ramp wees wat 'n mens kan tref. Daarom moet ons maar bly wees as ons daarvan verlos word. Dis alles maar selfbedrog. Die dood kom na die mens toe met die vraag: "Wat nou?" Op daardie vraag kan alleen die Heilige Skrif antwoord gee en geen mens wat die Skrif nie aan aanvaar nie.

Wat is die antwoord van die Skrif? Die kategismus spreek hier:

1. Oor die toestand van die siel na hierdie lewe;
2. Oor die opstanding van die vlees; en
3. Oor die ewige lewe.

1. Die toestand van die siel na hierdie lewe.

Voordat die kategismus oor die eintlike saak handel — die opstanding van die *vlees*, sê hy eers wat van die siel van die gelowige word na die dood ingetree het. Dit word dadelik opgeneem tot Christus, sy Hoof. Daar is baie vrae wat by ons opkom as ons oor die dood dink of as ons staan by die lyk van 'n afgestorwene waarop die Skrif nie antwoord nie. Die Skrif is 'n praktiese boek en nie bedoel om ons nuuskierigheid tevrede te stel nie. Daarom gee dit vir ons net antwoord op die dinge wat vir ons nodig is om te weet om getroos te kan lewe en sterwe. Die eerste daarvan is dat die siel van die gelowige dadelik tot Christus opgeneem word. Dis genoeg vir ons om te weet. Meer het ons nie nodig om te weet, en wil ons ook nie weet nie. As my siel maar by Christus is na my dood, as die band met Hom selfs deur die dood, die verbreker van bande hier, nie kan gebreek word nie, wat het ek dan nodig om meer te weet?

Dit is die saligheid. Dit is die lewe hier op aarde al — die gemeenskap met Christus.

"Ek lewe, maar nie meer ek nie, maar Christus lewe in my. En wat ek nou lewe, dit lewe ek deur die Seun van God." En as die dood hieraan niks kan verander nie, dan is ek inderdaad getroos. Al is die oorgang van 'n sondige aarde af na die hemel dan ook hoe

groot, dit is tog nie so groot dat die gemeenskap met Christus verbreek word nie. Daar is geen vaevuur nodig waar my siel eers gelouter moet word voordat dit die hemel kan ingaan nie, want die bloed van Christus reinig my van al my sondes.

Daar is verder ook nie so iets soos 'n sieleslaap nie waarin die siel verkeer in 'n toestand van onbewustheid wat nie salig of rampsalig is nie. Die heilige Skrif ken nie so iets nie; intendeel, dit teken die siele as lewend. (Openb. 6:9, 10). As dit die toestand van die siel na die dood was, dan kon die apostel Paulus onmoontlik sê dat die sterwe vir hom wins was. Op aarde was sy lewe **Christus**. Met Hom het hy gemeenskap gehad. Hoe kan dan 'n toestand van onbewustheid meer wees as die omgang met Christus? Ja, selfs **wins** wees?

Daar is dus geen vaevuur of sieleslaap of wat ook al nie. Die siel van Gods kind word dadelik opgeneem tot Christus. Terwyl die familie hier treur en ween geniet hy al die ewige vreugde.

En, let daarop, die siel word opgeneem tot Christus. Dit word nie maar opgeneem in die **hemel** nie. So sê ons meestal. En die hemel is dan veral die plek van rus, en die plek waarheen die afgestorwe dierbares ons voorgegaan het. Vreeslik is wat soms gehoor word by die graf uit die mond van metodistiese sprekers, bv. dat die hemel nou vir die ouers soveel meer werd is omdat die gestorwe kindjie dan daar is. Waar is God dan en Christus?

Nee, die hemel is alleen hemel omdat God, omdat Christus daar is. As God nie daar was, dan sou die hemel geen hemel gewees het nie. Ons troos is daarom dat ons gaan tot God. Dat ten volle vervul daardie sielsverlange waarvan ons in die Psalm sing: "my hart en my vlees jubel uit tot die lewende God." Dat die volle saligheid word wat ons hier op aarde bely: "dit is vir my goed om naby God te wees." Die Heilige Skrif teken dan ook die saligheid van die hemel met die woorde: "en hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees." (Openb. 22:4). Dit is die volkome saligheid.

II. Die opstanding van die vlees.

Die saligheid bestaan egter nie daarin dat ons niks doen nie. Die hemel is nie die kroon op die luiaard se lewe nie. So stel die Mohammedaan vir hom die hemel voor. Dis die plek van niks doen en net geniet. So stel Christene soms ook vir hulle die saligheid voor, 'n voorstelling wat God onteer en die mens onwerdig is.

Die Here het ons tot **diens** geskape en verlos. Ons troos is dan ook nie net dit dat die siel verlos is van die sonde nie. Dis die metodis se troos. Maar ons troos is dat ons met **liggaam** en siel die **eiendom**, die slawe is van Christus. Dat ons God weer kan liefhê met die hele hart, met die hele siel, met die hele verstand en met die hele krag. (Matth. 22:37 v.) En liefde wil dien anders is dit geen liefde nie. Die ouer werk dag en nag aan die toekoms van sy kind omdat hy hom liefhet. Die liefde vir God wil Hom dus dien met liggaam en siel. Met die liggaam selfs eerste.

Ons troos is dus dat ons deur 'n magsdaad van God eenmaal weer die liggaam terugkry wat nou begrawe word. En dat ons dan weer ten volle **mens** sal wees. Die kategismus praat van hierdie selfde vlees van my. Ons moet daarop let dat hy nie sê **dieselfde** liggaam nie, maar dieselfde **vlees**. Dit is tog geen troos vir die gebreklige of verminkte persoon om te bely dat hy dieselfde **liggaam** weer sal ontvang nie. Maar dis sy troos dat hy dieselfde vlees **ontvang**. "Alle vlees is nie dieselfde vlees nie," sê die Skrif, "maar die vlees van mense is anders as die vlees van diere, en die van visse anders as die van voëls." (1 Kor. 15:39.) Ons ontvang dus weer ons mensvlees waaruit die liggaam opgebou was. Maar verheerlik, omdat die verganklikheid nie die onverganklikheid beërwe nie. (1 Kor. 15:50). Die liggaam sal wel nie gelyk wees aan die van die Here Jesus nie, maar tog **gelykvormig** daaraan. 'n Gedaanteverwisseling het ingetree. Wel nie so dat die vlees sy wesenskenmerke verloor het nie, maar net so dat dit verheerlik is, dat die swakhede wat die gevolg van die sonde is, weggeneem is. Meer vra ons nie en

sê ons nie, om nie die oordeel van Gods Woord oor ons te haal nie — "dwase mens". (1 Kor. 15:36.) Vir ons is dit die volmaking van die troos dat hierdie selfde vlees van ons wat deur die sonde so diep verneder is, selfs tot in die graf toe, eenmaal weer opgewek sal word en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word. Die regte eerbied vir God, want ook die liggaam is 'n wonderskone kunswerk van God. En dit is ook heilig, want God het dit verkies as tempel om in te woon. 1 Kor. 6:19.) Die liggaam is vir die Here (vs. 13). En God sal ons opwek deur sy krag (vs. 14). Oorgeestelike mense, die aanhangers van die gevoelsgodsdienste, heg nie veel waarde aan die liggaam en sy opwekking nie. Dis eintlik so 'a teken van geloof as 'n mens geen waarde heg aan die liggaam vir die toekomstige lewe nie. Die metodis is lief om te sê dat kindertjies wat jonk sterwe engeltjies word. Iets wat ons nêrens in die heilige Skrif lees nie. Hulle is ook welsprekend as hulle preek oor die teks: "wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly?" (Matth. 16:26). Dan word die siel gestel teenoor die liggaam as die enigste wat van waarde is, 'n teëstelling wat die Here Jesus glad nie maak nie. Die Here sê hier maar net dieselfde wat ons in Ps. 49 lees dat die lewe meer werd is as al die skatte van die wêreld.

Hierdie oorgeestelikheid wat ongeestelikheid is, vind ons soms ook by gereformeerde lidmate. Hulle praat veragtelik van die "ou liggaam". Volgens hulle kan hy maar ewig in die aarde bly, want hy is die **oorsaak** van die sonde. Hy is die kerker van die siel.

Die Skrif leer ons egter dat die liggaam maar **instrument** is vir die siel om te sondig en nie **oorsaak** van die sonde nie. Dit is die heidense opvatting. Hy glo dat die kwaad in die liggaam deur askese feitlik doodgemaak word. En is dit die grootste weldaad wat die mens te beurt kan val as hy van die liggaam ontslae raak.

Die liggaam is egter nie oorsaak van die kwaad nie, maar die siel van die mens. Deur die sonde is die liggaam onteer en verneder. Hierdie ontering en vernedering is vir die gelowige ook 'n smart. Maar ook daarom is die Evangelie vir hom Evangelie omdat dit vir hom as mens met liggaam en siel verlossing verkondig. Ook die liggaam is lid van Christus. En God sal dit opwek. Hy waak oor die stoflike oorskot wat soos saad in die aarde gesaai word. Watter troos! Mense het met die opstanding gespot. Die dwase het gevra en vra nog: "hoe sal God al die liggames weer kry wat vir eeue al in die aarde lê? Waar sal Hy die liggames kry van die mense wat in die see omgekom het en deur die seediere geëet is?"

So vra dwase mense wat van die almag van God klein dink. Ander weer laat in ongeloof die liggaam verbrand en die as in die wind strooi. Die gelowige laat sy liggaam begrawe. En hy doen dit in die geloof dat sy God daarvoor waak en dit sal opwek in die laaste dag. Dan word die siel weer verenig met die vlees en gaan hy in die ewige vreugde. Daar volg geen nuwe skepping nie, maar alleen 'n herskepping.

III. Die ewige lewe.

En hiermee eindig ons belydenis — **met die ewige lewe**. Nie met die oordeelsdag nie. Die oordeel gaan wel vooraf oor die goddelose, maar die end van Gods weë is die lewe. "Ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien," skryf Johannes in die Openbaringsboek. Daarna hoor hy 'n stem uit die hemel wat sê: "kyk die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God" (Hand. 21:3).

Soos ons reeds opgemerk het, is dit geen nuwe skepping nie, maar 'n **herskepping**. Dit druk die kategismus uit met die woorde: dat, aangesien ek **nou** die beginsel van die ewige vreugde in my hart gevoel, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit." Die lewe hierna is dus nie 'n ander lewe nie, maar dieselfde lewe wat God deur die wedergeboorte hier in ons gewerk het, en wat hom in geloof en bekering openbaar het. Net met die verskil dat dit dan volkome is. Die koringkorrel het gegroei en 'n **koringstoel** geword. Aangaande daardie lewe geld vir elkeen wat die Naam van die Here bely dat hy hom sal reinig soos wat Christus self rein is. Dat hy nie in die sonde bly

lê nie, omdat hy 'n ewige verbond met God het. Ons bly tot aan ons dood toe sondaars, maar nie **dieselfde** sondaars nie. Gelowiges is in Christus ingeplant. Hulle groei in Hom en lewe in alle geregtigheid onder Hom. Hulle stry moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk. En hulle het die belofte dat hulle ook sal oorwin. Daarvoor is God Borg. Sy verkiesing is onberoulik. Deur sy Gees maak Hy ons van harte gewillig om vir Hom te lewe. Die mens wat van die eis van die verbond om hier in 'n nuwe, godsalige lewe te wandel niks wil weet nie, wat maar in die sonde bly lê met 'n beroep op Gods genade, mag hom vlei met die hoop op die ewige lewe, maar dis 'n ydel hoop. Wie daar met God wil wees, moet hier met Hom lewe. Wie hier 'n vreemdeling vir Hom wil wees, sal deur die dood nie vanself 'n vriend van Hom word nie. Soos die boom val so bly hy lê.

Aangaande die nuwe lewe bely ons dat ons dit alreeds in ons hart **gevoel**. Hieruit moet ons nie die gevolgtrekking maak dat die geloof bloot gevoel is nie. Die kategismus verwys maar net na die werk van God in ons. Daarvan bely ons in die **Dordtse Leerreëls** dat die uitverkorenes van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker word as hulle die onfeilbare vrugte daarvan soos in die Woord van God aangewys, bv. die geloof in Christus, kinderlike vrees van God, droefheid tot God oor die sonde, honger en dors na die geregtigheid, in hulleself met 'n geestelike blydskap en heilige genieting waarneem. Hierdie gevoel is dus geen inbeelding nie, maar dis die waarneming van die werk van die Heilige Gees in die hart, wat die toets van Gods Woord kan deurstaan.

'n Ewige vreugde dus wat geen oog gesien, geen oor gehoor en wat in die hart van geen mens opgekom het nie. So groot is die vreugde dat niks op aarde daarmee vergelyk kan word nie. Nie die pragtigste natuurtafereel wat die mens gesien het nie. Nie die mooiste kunstuk wat hy gesien of gehoor of waarvan die kunstenaar gedroom het nie.

En die doel daarvan? Dis nie dat ons nou salig sal wees en vry van sorg nie, maar dis om God ewig daarin te prys. In die hemel dreun dit van die lofsang van die gesaligdes. Lees maar in die Openbaringsboek hoe baie en met watter mag word daar gesing. Ja, hier op aarde sing ons ook. Maar dis meesal so onvolmaak, so lusteloos en sonder siel. Baie huisgesinne sing nie eens meer nie. Ander sing nie eens in die kerk nie. Van die "blye galme" van Ps. 146 merk ons meesal so min. Daar is geen galm, om maar van blye galm te swyg. Dis onfatsoenlik om uit te sing. En om nie te sing, is nog die vernaamste. Mense wat nie vir die Here wil sing nie, is mense wie se harte deur die wêreld verstriek is. Maar aan die onvolmaaktheid kom eenmaal 'n end. Johannes hoor die stem van die gesaligdes soos die dreuning van baie waters, van sterk donderslae. En as ons dit gelowig hoor, dan roep ons dit uit: "Gedugte Heer der Leërskaare, welsalig wie in U paleis, U altyd deur mag loof en prys."

Amen.

SONDAG 23.

DEUR DIE GELOOF GEREGERDIG

Ds. A Duvenage

Lees: Rom. 3:21-4 of Hebr. 11.

Sing: Pss. 32:1, 3; 33:1; 73:10-12.

Ons staan hier by 'n hoogtepunt in die onderwysing van die kategismus. Teenoor die fariseër met sy wetsvervulling om die ewige lewe te beërwe en die Roomse Kerk met sy leer dat die goeie werke 'n deel van ons geregtigheid voor God is, het hulle die leer van die Skrif weer duidelik gestel: deur die geloof alleen. "Aan hom wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken". (Rom. 4:5.) So het die vaders dit in die Skrif gelees. En so het hulle dit aan die kerk verkondig. In die leer het hulle rus en vrede vir die hart gevind. God is God die vrymagtige sowel in die werk van die skepping as in die van die herskepping. En so moet ons Hom ken en bely as die Eerste en die Laaste, die soewereine wat alles werk volgens die raad van sy wil.

Ons handel hier dus oor 'n saak wat van lewensbelang is vir elke mens, wie hy ook mag wees. Dis die alles-beslissende vraag: "hoe staan jy voor God?"

Die kategismus behandel hier:

- I. die nut van die geloof;
- II. hoe die sondeur voor God regverdig is; en
- III. waarom hy alleen deur die geloof regverdig is.

I. Die nut van die geloof.

Nadat die onderwyser nou die inhoud van die geloof aan die hand van die twaalf artikels uiteengesit het, kom hy tot sy toepassing in die volgende twee Sondae. En dis vir baie 'n lastige toepassing. Hy vra so platweg: "maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo?" "Wat gee jou godsdien, jou geloof jou nou? Wat het jy daaraan?"

Dis 'n lastige vraag vir mense wat hulle godsdien Sondagaand saam met hulle klere in die kas toesluit. Die mense wat een mikpunt gehad het in hulle kerklike lewe. En dit is om "aangeneem te word". Daarmee is dit dan klaar. Hulle het vir die kerklike lewe gepromoveer. Van 'n geloofslawe word daar nie veel gesien nie, behalwe miskien 'n bietjie gemoedelikheid in die dag van siekte of dood. Die geloof is 'n saak vir sekere geleenthede. En die nut wat jy daarvan het, is volgens hulle opvatting, dat jy in sulke tye ook nog kan bid om uitredding.

"Wat baat my geloof my?" Dis 'n lewensvraag, broeder en suster. 'n Ou vraag waarop ons die regte antwoord moet gee. Hierdie vraag het Job se vrou vir hom ook gevra: "volhard jy nog in jou vroomheid? Seën God en sterf." (Job 2:9) Hierdie vraag het Israel in die dae van Maleagi ook vir hulleself gevra en verkeerd beantwoord. "Dit is tevergeefs om God te dien," het hulle gesê, "en wat baat dit ons om sy verordening te onderhou en in rouklere voor die aangesig van die HERE van die leëskare te wandel? En nou prys ons die vermeteles gelukkig." (Matth. 3:14, 15.)

Hierdie vraag word baiekeer ook spottend vir die nougesette gelowige gevra. "Wat help al jou vroomheid jou? Wat het julle aan die lewe met al julle strengheid? Julle is te vroom om plesier te vat in die lewe. Julle is te vroom om 'n kans te vat as hy kom. Daarom kom julle nie vorentoe in die lewe nie." Vir die mense is die groot saak in die lewe dat 'n mens nie te **vroom** moet wees nie. Hy moet soos die vlindertjie van blom tot blom gaan. Gryp as dit ryp — dis hoofsaak. En af en toe gaan jy darem ook nog kerk toe.

Maar die gelowige weet ook dat as hy in daardie rigting na die voordeel van die geloof gaan soek, dit absoluut onvoordelig is, om 'n gelowige te wees. Daar geld die Woord van die Here: "As hulle my vervolg het, sal hulle julle ook vervolg." (Joh. 15:20.) Om te glo, beteken om te **offer**. En die offer wat ons bring, is nie dat ons 'n goeie kans om plesier te hê of om 'n slag te slaan nou en dan te laat glip nie, maar die offer wat ons bring is **onself**, is die liefste wat ons het. Die teken van die geloof is nou eenmaal 'n Abraham wat sy land en familiekring verlaat om in die beloofde land alleen 'n kerkhof te besit. Die teken van die geloof is nou eenmaal 'n Isak op die altaar vasgebind, 'n Moses wat weier om die seun van Farao se dogter genoem te word en daardeur sy hele toekoms weggooi, volgens menslike berekening.

Tog het die geloof sy nut. En dit is "dat ek in Christus voor God regverdig is en 'n erfgenaam van die ewige lewe." 'n Gelowige is ryk. Sy rykdom is in die eerste plek dat hy voor God regverdig is. Dit is: dat hy weer in die regte verhouding tot God staan. Hy is nie langer kind van die toorn nie, maar liewe kind. Dit is alles-beslissend. Want met die God, met sy Wil, met sy oordeel het elke mens in laaste instansie te doen. Die end van hierdie bedeling is die groot wit troon vanwaar die Regter van hemel en aarde regverdig vonnis vel. Wat baat dit die mens al sou hy ook die hele wêreld aan hom onderwerp het en hy word deur God vir ewig verdoem? Teen die ewige smart kan die wêreld met al sy genoeglikhede nie eens opgeweeg word nie.

Dit is lewe. En dit is vryheid om voor God regverdig te wees. Iets daarvan ervaar ons in die gewone lewe. Solank ons naam "skoon" is en geen vonnis deur die regter teen ons gevel is nie, lewe ons en voel ons ons ook vry. Maar as daar 'n saak was, en die saak teen ons uitgewys is deur die hof, dan kan ons nie meer so vrymoedig voor die mense beweeg nie. Ons mag dan wel nie in die tronk beland het nie; ons kan nog in die openbaar beweeg, maar in ons binneste is ons gebind. Ons is gebrandmerk. Die vryheid en die lewensvreugde is weg. Maar as ons nie veroordeel is nie, hoe vry voel ons ons dan nie! En hoe aangenaam is die lewe dan nie! Dis maar 'n flou beeld om ons iets te laat besef van die rykdom van Gods kinders. Voor God regverdig. Daar is geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. (Rom. 8:1.)

Maar die gelowige staan nie net as **onderdaan** reg teenoor God nie, hy is ook nog **kind** van God. Die kneg word tot die hoogste ereposisie verhef. Hy kry die beste klee en 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete. (Luk. 15:22.) Die kategismus sê dat ek 'n erfgenaam is van die ewige lewe. Hoe vreeslik is dit op aarde al om onterf te word. Daar is mense wat dit al ervaar het. Ons volk weet ook wat dit beteken dat ons erfenis nie meer aan ons behoort nie. Dis bitter dinge as die siters aan die wilgerbome opgehang word. Hoeveel vreesliker moet dit dan nie wees nie om vir jou toorn as 'n skat te vergader vir die dag van die oordeel. Ons kan dit vir ons, goddank, nie eers indink nie. Die Heilige Skrif sê maar net daarvan dat daar die wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. Deur die geloof kan u jubel: "erfgenaam van die ewige lewe." "Erfgenaam van God en mede-erfgenaam van Christus." (Rom. 8:17). Ons erf koninkryke. Daardie erfenis word vir ons bewaar in die hemele. En vir daardie erfenis word ons in die mag van God soos in 'n vesting bewaar. (1 Petr. 1:4, 5.) Baie dinge kan ons hier ontnem word — die lewe en alles en almal wat ons dierbaar is. Ons kan verag, vervolg en vertrap word. Maar hierdie erfenis kan ons nooit ontnem word nie. Geen mag in die hel of op aarde kan die krag van God oorwin nie. "Regverdiges wees bly. En sing 'n lied daarby." (Ps. 97:7.)

II. Hoe is die sondaar voor God regverdig?

As dit die evangelie is dan wil ons graag meer daarvan hoor. Die kategismus vra verder: "hoe is jy regverdig voor God?" Ja, hoe kan 'n sondaar regverdig wees voor die God wat hart en niere toets en ons gedagtes ken nog voordat daar 'n woord oor ons lippe gekom het? Ja, hoe kan dit gebeur? Ek kan myself regverdig deur my daade en woorde te plooi in my guns. As sondaar verstaan ek die kuns baie goed. Ek verstaan dit ook om my voor die oë van die mense te regverdig deur my anders voor te doen as wat ek is, ter wille

van my posisie of besigheid. Van nature is ek 'n uitnemende toneelspeler. Maar voor God kan ek my nie regverdig sodat Hy ook die oordeel van "regverdig" oor my vel nie. Want wie is die "ek" wat hier bely? Dis nie 'n fatsoenlike fariseër wat aan die woord is nie. Ek, en nie maar "die onbekende of onpersoonlike sondaar" word hier aangeklaag deur my **gewete**. Dus nie deur my vyand wat my allerhande leuens kan toedig omdat hy nydig om my posisie is nie, maar deur myself wat so lief is vir myself dat ek God en die mense sal wil vertrap ter wille van myself, deur my gewete wat **weet** wie ek is en wat ek gedoen het. Ek klaag myself hier voor God aan dat **ek**, en nie ander mense nie, teen **al** sy gebooie **swaar** gesondig het. Dat ek dus alles gedoen het wat God verbied het. Ek het nie maar net my "boesemsondetjies" waarvan ek soms las het nie. So sê ons maar gewoonlik. Ons is nou wel aan enkele gebooie skuldig, maar dis tog so 'n vernedering om die gebooie een na die ander te lees waaraan ons nie skuldig of so skuldig is soos die ander mense nie. Ons kan wel af en toe ook 'n verkeerde woord sê as ons opgewonde is, maar ons drink nie en ons dans nie en ons sal ook nie ander mense onregverdig behandel nie. Ons is wel gedeeltelik skuldig. En dit is ook maar klein sondetjies vergeleke by die wandade van die hoere en die tollenaars, en die Sondagontheiligers op die sportvelde. Hy wat deur die Heilige Gees oortuig is van sonde en van Gods rég speel nie so toneel nie. Hy spaar homself ook nie, maar bely voor God dat sy sondes en ellende groot en swaar is. Hy speel ook nie die noodlotspel wat sê: "ek is nou eenmaal maar 'n arme ou sondaar; ek kan dit tog nie help nie". Maar hy verootmoedig hom voor die Here. Hy kyk nie na ander mense nie, maar hy lees alleen die vlammeskrif van Gods heilige wet: En hy bely soos Dawid: "teen U, U alleen het ek gesondig." Gesondig nie net deur wat ek gedoen het, maar ook deur wat ek **nie gedoen het nie**. Deur my nalatigheid. En dit is nog erger. Ek het my aangematig om uit te maak met wat en met hoeveel Gods reg tevrede kan wees. Ek het Hom nie God laat bly nie, maar my as 'n God oor Hom verhef. My lewe is daarom nie net ontsier deur 'n sondevlekkie hier en daar nie, maar dis so vreeslik vol sonde omdat dit so leeg is aan liefde vir God. Ek het werklik niks in my guns om op te pleit nie. Wel nog meer in my onguns. En nou kom nog die ergste. Ek sê ook wie ek is en wat my neiging is selfs hier waar ek voor die heilige Regter staan. Ek is nog tot alle boosheid geneig. Ek het dus nie net ongelukkig 'n swart rekord nie, maar ek is **sondig**. Ek is 'n sondaar, 'n mens wat by God verbygeloop het asof Hy nie bestaan nie en geen aansprake op my het nie. En ek is ook nog geneig om dit verder te doen. Daar is geen vrees van God voor my oë nie. Ek vind in my die wortels van al die sondes wat maar te bedink is. En as die geleentheid hom voordoen en God weerhou my nie, dan sal die sonde soos 'n bergstroom uit my bars en al die walletjies van fatsoenlikheid en publieke opinie of wat ook al, eenvoudig wegspoel. So leer die Heilige Gees ons om sonde te bely. Wie aan een gebod skuldig is, is skuldig aan die hele wet. Dis iets heeltemal anders as die soetsappigheid wat praat van nou eenmaal 'n arme ou sondaar wat dit nie kan verhelp nie. 'n Mens kan so praat en nie 'n enkele sonde wroeging ondervind nie. 'n Mens kan so praat en jou nog verhef bokant ander sondaars, veral die wat in 'n openbare sonde geval het. Maar wie deur die Gees van God aan homself ontdek is, lê in die stof. Hy kerm in onvermoë tot God. Hy het nie tyd en hy het ook geen begeerte om. ander mense se sondes te tel en te weeg nie. Hy sê soos Paulus dat hy die vernaamste van die sondaars is. (1 Tim. 1:15.)

'n Verskriklike belydenis, broeder en suster. En daarom 'n belydenis wat aanstoot gee. O, die sondaar is wel geneë om heelwat toe te gee, maar so baie darem nie. Die wêreld van ons tyd lag oor so 'n sondebelydenis. Die mense van die liberale rigting sê dat sulke woorde nie eers pas in die mond van 'n heiden nie, of hy moet 'n duiwel wees. As die Heilige Gees ons ook nie oortuig van sonde kan en wil ons ook nie so bely nie.

Hoe kan so 'n sondaar nou regverdig wees voor God? Daarop lui die antwoord: alleen deur 'n daad van God. Uit louter genade skenk en reken God my die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus toe, asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het. So lui die evangelie van die regverdigmaking van die sondaar. Dit is 'n regterlike vonnis wat God oor hom gee. Hy word nie gemaak tot 'n mens wat sonder sonde is nie, soos die metodis beweer, maar hy word regverdig **verklaar**. Hy word

vrygespreek **asof sy onskuld bewys is**, sê Calvyn. Hy bly sy lewe lank nog sonbaar. Hy sal nog dikwels deur die sonde oorval word en as boeteling voor God kruip, maar hy is nogtans in Christus volkome geregverdig en geheilig. Dis die geweldige "nagtans" van die evangelie. 'n Sprong — maar in God se vaderarms en nie in die donker nie.

God reken. Ja, die Here reken vir ons so wonderlik. Maar Hy reken nooit verkeerd nie. In Adam reken Hy ons die skuld toe, hoewel ons lank na hom gebore is. In Christus reken Hy ons die geregtigheid, heiligheid en volkome voldoening toe.

Hierdie woorde slaan terug op die drieledige aanklag wat teen my, die sonbaar, ingebring is. Ek is aangeklae dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het. Daarteenoor word gestel die volkome voldoening van Christus. Hy het betaal vir die oortreding deur sy dood. Die tweede aanklag was dat ek nie een van Gods gebooie gehou het nie. Daarteenoor word gestel die geregtigheid van Christus. Hy het in my plek vir my die wet vervul uit liefde tot God. Dit was sy spys om die wil van sy Vader te doen. Die derde aanklag was my onheiligheid. Ek is nog tot alle boosheid geneig. Daarteenoor word gestel die heiligheid van Christus.

Dit alles word my deel "vir sover ek die weldaad met 'n gelowige hart aanneem." Die aard van die geloof is dat dit **aanneem** wat God belowe en gee. Die geloof sê nie: „my sonde is te groot om vergewe te word nie." Die geloof is wel skugter en ootmoedig voor God, maar dit twyfel nie aan die Here nie. Dit neem aan wat Hy gee soos 'n kind die ouer se woord aanneem. Die geloof laat God God wees — die vrymagtige in die uitdeling van sy genade. "Waar is die roem dan? Dit is uitgesluit. Deur watter wet? Van die werke? Nee, maar deur die wet van die geloof." (Rom. 3:27).

III. Waarom alleen deur die geloof regverdig.

Hierdie geloof is die gawe van God. Daarom leer Gods Woord dat ons alleen deur die geloof geregverdig word en nie **ter wille** van die geloof nie. As die regverdigmaking ter wille van die geloof geskied het, dan was dit nie 'n genadegawe van God nie, maar verdienste van die sonbaar. Dan was die fariseërs reg en die Here Jesus verkeerd. Dan is Rome en Pelagius reg en almal wat vir die sonbaar sê: "jy kan glo as jy maar net wil." En die Skrif is verkeerd wat sê dat dit alleen afhang van God wat barmhartig is. (Rom. 9:16). En dan word ons valse getuie van God bevind omdat ons teen God getuig het dat Hy die goddelose regverdig wat Hy nie doen nie. En dan is verlore almal wat met hierdie hoop op God ontslaap het.

Maar nee, so leer die Skrif dit: Abraham is geregverdig maar nie uit die werke nie. Hy het in God geglo en dit *is* hom tot geregtigheid gereken. (Rom. 4:3.)

God **reken** ons regverdig. En Hy gee ons die geloof waardeur ons sy rekenkunde aanvaar. Ons staan daar met hande oorlaai met Gods gawes. En ons kan alleen sê: "Aan Hom alleen al die eer, nou en tot in ewigheid."

Amen.

SONDAG 24.

Weerlegging van die bedenkinge wat teen die leerstuk van die regverdiging deur die geloof alleen ingebring word.

Ds. A Duvenage

Lees: Joh. 15 of Gal. 3.

Sing: Pss. 1:1, 2; 32:4; 103:8, 9; 72:11.

Die Heilige Skrif eis van ons om altyd bereid te wees om verantwoording te doen aan elkeen wat van ons rekenskap eis omtrent die hoop wat in ons is, met sagmoedigheid en vrees. (1 Petr. 3:15).

Wel, nou in die Sondagsafdeling, word die gereformeerde lidmaat geleer om op die regte manier rekenskap te gee van die hoop dat hy voor Gods regterstoel vrygespreek sal word in die dag van die Here. Die bedenkinge wat teen die leerstuk van die regverdiging van die sondaar soos in die vorige afdeling uiteengesit, word hier beantwoord. Dis gewigtige bedenkinge. Ons het dus hier die Gereformeerde Kerk se "gesprek met Rome". Veral in die laaste tyd is hierdie "gesprek" soos dit genoem word, met Rome weer aan die orde. Dit bedoel dan om die skriftuurlikheid van die beginsels waardeur die hervormers gelei weer voor die aandag van die Roomse Kerk te lê. Om kalm oor-en-weer oor hierdie gewigtige sake te redeneer.

In hierdie afdeling word ons geleer hoe om antwoord te gee in daardie gesprek. Rome leer wel nie dat die goeie werke ons geregtigheid voor God is nie, soos hom soms ten laste gelê word nie, maar hy sê dat die goeie werke 'n **deel** is van ons geregtigheid voor God. Daarom is dit noodsaaklik dat ons goeie werke doen om so die geregtigheid hier van Christus aan te vul. Christus volbring dus 'n deel van die geregtigheid. Hy volbring selfs 'n groot deel, die vernaamste deel, maar ons moet ook 'n deel volbring deur ons goeie werke. Dit kom dus daarop neer dat Christus nie alles is vir ons in die saak van die regverdigmaking maar dat Hy 'n deel is, al is Hy dan ook die vernaamste deel.

Laat ons dan die weerlegging van die besware wat van Roomse kant ingebring is, volg. Die kategismus gee:

- (I) rekenskap van die leer waarom die goeie werke nie ons geregtigheid voor God of 'n deel daarvan kan wees nie. Hy weerlê
- (II) dat die leerstuk soos deur die Hervormers voorgedra
 - (a) in stryd is met die Skrif, en
 - (b) noodlottig is vir die godsalige lewenswandel.

I. Waarom die goeie werke nie ons geregtigheid voor God of 'n deel daarvan kan wees nie.

Voordat die "gesprek" met Rome begin waarin dan met Skrif bewys sal word dat die leerstuk van die regverdigmaking van die sondaar soos deur die Hervormers voorgedra 'n suiwere weergawe is van wat die Skrif daaroor leer, moet eers die vraag onder die oë gesien word na die **moontlikheid** dat goeie werke ons geregtigheid voor God **kan wees** of 'n deel daarvan. Ons ou vaders het hulle nie laat lok na die terrein van die teëstander deur te gaan argumenteer oor die vraag of die goeie werke ons geregtigheid voor God of 'n deel daarvan is nie. Dan sou hulle toegegee het wat volgens hulle oortuiging voor God nie toegegee mag word nie. En dan het hulle in beginsel al die stryd verloor.

Op hierdie versigtige metode van ons vaders in die stryd moet ons let. In hulle bestryding van die dwaalleer van sektes bv. laat lidmate hulle soms so ongemerk oorlok op die terrein van die teëstander. Hulle laat hulle verlei om ook so te argumenteer soos hy. En dan vind hulle uit dat hulle teen hom en sy manier van redenering nie opgewasse

is nie. Dit spreek ook vanself. Dawid kan nie in Saul se wapenrusting veg nie. (1 **Sam.** 17:39.)

Ons ou vaders was dus glad nie bereid om toe te stem dat die goeie werke die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan **is** nie. Vir hulle het dit vasgestaan dat die goeie werke dit nie **kan wees** nie. Hulle **kan dit nie wees nie** omdat ons voor die God regverdig moet wees van wie die Heilige Skrif getuig dat Hy in sy heiliges (d.i. engele) geen vertrouwe stel nie; ja, dat die hemele nie rein is in sy oë nie. Hoeveel minder die afskuwelike en ontaarde, die mens wat onreg drink soos water" (Job 15:15, 16). "Hoe sou 'n mens regverdig wees by God? En hoe sou hy rein wees wat uit 'n vrou gebore is? Kyk, selfs die maan — hy skyn nie helder nie; en die sterre (wat saam met die hemele en die maan vir ons so suiwer en rein lyk) is nie rein in sy oë nie" (Job. 25:4, 5). Dit wil nie sê dat die hemel en die hemelliggame nie suiwer en rein is nie, maar net dat ons ons opvatting oor wat heilig en regverdig is en deur God goedgekeur moet word, nie op God mag oordra nie. Die Here sien baie suiwerder as ons en die eis van sy heilige wet gaan nog baie dieper en verder en hoër as wat ons ooit kan peil.

Vir die Hervormers was die vraag oor die regverdigmaking van die sondaar in eerste en laaste instansie 'n vraag oor God. Wie is Hy en wat behels sy eis? Hulle het dan ook nie verniet in vrg. 60 gevra nie: "hoe is jy regverdig voor God?"

Dit gaan dus nie oor die vraag wat ons oordeel is oor ons daade en gedraglyne nie, maar dit gaan oor die vraag: "Wie is God? Wat eis Hy? Hoe oordeel Hy? Nie net oor ons daade nie, maar ook oor onsmotiewe wat selfs vir ons baiekeer verborge is. Oor ons diepste hart wat ons selfs nie eers kan peil nie."

Die vraag gaan dus oor God, oor wat **Hy** goedkeur, oor wat **Hy** wetsvervulling noem. En daarmee gepaard ook die vraag wat kan voor die God selfs die allerheiligste mens bring wat sy goedkeuring weg **kan dra**? En dan kan die antwoord daarop alleen so lui soos die kategismus dit gee. Die geregtigheid wat voor die strafgerig van God kan bestaan, moet heeltemal volkome wees en in alle dele gelykvormig aan die Wet van God. As iemand 'n oortreding begaan het en hy verskyn voor 'n aardse regter dan bepaal die wet wat hy as voldoening beskou vir die kwaad wat deur die misdaad gepleeg is, en **nie die oortreder nie**. Aan die eis van die goddelike reg soos deur die Wet vasgestel moet die oortreder betaal om vry uit te kan gaan, nie net in sy oë nie, maar **in die oog van die wet en die wetgewer**. Hoeveel te meer geld dit nie in die geval van die sondaar om voor die strafgerig van God vrygespreek te word nie. Nie **hy** sal bepaal wat voldoening is aan die goddelike reg nie, maar God self. En die Here eis 'n **volkome** voldoening wat in **alle** dele en nie net in sommige nie, aan die wet van God gelykvormig sal wees. Soos een stuk kleed volkome pas op 'n ander stuk, so moet die goeie werk die eis van die Wet volkome dek. Dit moet nie net voldoen aan die letter van die Wet nie, maar dit moet voortkom uit 'n hart waarin nooit die geringste lus teen enige gebod van God opgekom het nie, wat altyd van harte alle sonde vyand was en in alle geregtigheid behaag gehad het. Dit moet dus nie onvolkome wees nie, d.w.s. maar net 'n uiterlike voldoening aan die letter van die wet nie, of met 'n halwe hart nie, maar dit moet 'n volkome voldoening wees. Op die gesindheid van die hart, op die motiewe wat ons besiel het toe ons dit gedoen het, moet die heilige Regter ook nie iets kan aanmerk nie. Dit mag ook nie bevlek wees nie. Selfs vir ons wat sondaars is beteken 'n vlek minderwaardig. 'n Persoon wat homself en sy klere nie reinig nie, is vir ons afstotend. Materiaal wat op een of ander manier vuil geword het, koop ons nie. Dis minderwaardig en vir ons ondienstig. Dit pas nie by die maatstaf wat vir 'n beskaafde mens gestel word nie. Hoe sal 'n sondaar dan ooit 'n werk kan verrig wat voor God onbevlek is? Abraham, die vader van die gelowiges het ook sy swak oomblikke waarin hy nie op God vertrou nie as hy vir die Egiptenaar sê dat Sara sy suster is. Dawid die man na Gods hart het sy sonde met Batseba. Die vlekke wat die kleed onbruikbaar maak.

Die grondoorsaak van Rome se dwaling is daarom dat hy dwaal in sy belydenis oor wie God is. En saam met hom is baie gereformeerde mense vandag in dieselfde dwaling begrepe. Mense wat self ook wil uitmaak wat God as volkome voldoening aan die eis van

sy wet moet aanvaar. Mense wat so maklik kan sê dat hulle nou eenmaal maar "ou sondaars" is. M.a.w. God moet met hulle so tevrede wees en nie die eis van volkommenheid aan hulle stel nie.

Ander weer wat so kan praat van die afgestorwene as 'n mens wat so goed gelewe het en niemand kwaad aangedoen het nie. Wat dit aanvoer as bewys dat hy die saligheid **moet** verkry het.

Mense wat nie skroom om die majesteit van God te verminder nie ten einde die verdienstelikheid van die mens, nog erger, van die fariseër in die harte te vermeerder. Ons bly die kategismus dus dankbaar vir die vraag en antwoord. En ons hou ons aan die woord van die Here Jesus: "Wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: ons is onverdienstelike slawe, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen." (Luk. 17:10).

II. (a) Die leerstuk is nie in stryd met die Skrif nie.

Die beginselbeswaar wat die Roomse Kerk teen die Gereformeerde leerstuk oor die regverdigmaking van die sondaar het, is dat dit met die Skrif in stryd is. Die Woord leer duidelik dat daar **loon** vir die gelowige weggelê is. Nie net in die toekomstige lewe nie, maar selfs vir hierdie lewe (1 Tim. 4:8). Vir Abraham sê God: "Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot" (Gen. 15:1).

Onse Here Jesus praat op verskillende plekke van 'n loon in die hemele (Mat. 5:12). En van mense wat hulle loon weg het (Luk. 6:2, 5, 16). Aan hierdie gedagte van loon sou die Hervormers dan geen reg laat geskied deur die voorstelling wat hulle gee van die regverdiging van die sondaar nie. Hulle sou, m.a.w. nie die **hele** Skrif tot reg laat kom nie, terwyl Rome dit doen. En daarom leer dat goeie werke verdienstelik is vir die saligheid.

Dis 'n baie ernstige beskuldiging. Die hele Bybel is Woord van God en moet deur ons eerbiedig so aangeneem word. Wie stukke uit die Bybel gaan skrap om net te neem wat vir hom lief is, doen die werk van 'n ketter. Hy pleeg heiligskenis. Daar word mos ook gesê dat elke ketter sy letter het: Hy het nooit die **hele** Skrif nie. En dis hierdie beskuldiging dat hulle ketters is en soos ketters handel wat hier weerlê word. Die Hervormers het nooit ontken dat God goeie werke beloon nie. Ons wil dit ook nie doen nie al klink die woord loon vir baie Christene ook hoe onskuldig. Die Skrif leer dit en daarom bely ons dit. Maar die Skrif leer ook net so duidelik dat dit 'n genadeloon is en geen verdiende loon nie. Dit vind ons nie maar in 'n enkele uitspraak van die Heilige Skrif hier en daar nie, maar dit is die hele evangelie van genade. So gou as daar sprake is van verdienstelikheid, hoe klein en byna onbeduidend dit ook mag wees, dan is die genade geen genade meer nie. God is alles en sy genade is alles — of niks nie. Die Here deel nie die louere met die mens nie. Hy is soewerein in al sy werk. Rome se belydenis vervals dus nie net die leerstuk oor God soos ons reeds aangetoon het nie, maar dit vervals ook die Evangelie. Dit tas die Bybel aan. Dit vernietig feitlik die Evangelie. En dit terwyl dit voorgee dat dit die Evangelie verdedig teen ketters.

As God vir Abraham sê: "jou loon is baie groot," sê Hy dit dan omdat Abraham uit homself so goed was om die bande met sy geslag te verbreek en God te soek? Of as God betuig: "Ek het my laat vind deur die wat na my nie gesoek het nie," (Jes. 65:1) sluit dit nie alle gedagte aan verdienstelikheid in die toekoms uit nie? Die oorsaak van Rome se dwaling is dan ook dat hy die uitverkiesing verwerp en die halwe Pelagianisme huldig.

As dit die Here behaag om Hom aan ons te gee in die genadeverbond; en met Hom alle gawes deur Christus, aardse en hemelse gawes, wie kan dan nog spreek van verdien? En, ja, nie net wie **kan**, maar wie wil dan nog met homself aangedra kom? Wie wat die heerlijkheid ken van skuldvergewing wil die majesteit van die God van soewereine genade probeer verduister uit vrees dat daar anders nie genoeg lig op hom sal val nie. Dit is fariseïsme op en top. En as God op die gebed uit groot nood verlos het wie wil dan

nie sing: "ek het lief want die Here hoor na my stem uit vrye welbehag?" Vir die mens wat die Skrif liefhet kan op die vraag maar net die een antwoord gegee word. Want hy bely dat hyself niks is en niks het wat hy nie ontvang het nie. Hy kan alleen dank dat God die goeie werke voorberei het en ook hom geskape het om daarin te wandel (Ef. 2:10).

Die saak is maar net dat ons met die loongedagte werksaam sal wees. God het ons so gemaak dat ons daardie aansporing nie kan ontbeer sonder om geestelike skade te ly nie. Al dien 'n kind nie sy ouer ter wille van die loon nie, tog is die gedagte aan die loon vir hom 'n aansporing om hom nog meer in te span. En so is dit ook in ons verhouding tot die Here. Ons dien Hom nie ter wille van die loon nie. Dan sou ons godsdiens 'n slaafse diens wees. Tog het die Here ons so gemaak dat die loon ook vir ons 'n aansporing is om Hom met groter trou te dien en vinniger lief te hê omdat ons ook sy **knegte** is. Ons weet dat daar gevare aan die leer klewe, soos die leer van Rome bewys. Maar juis daarom bely ons op grond van die Skrif dat die beloning nie uit verdienste is nie, maar uit genade. Ons kan dit nie verswyg nie omdat die moontlikheid bestaan dat die sondaar dit kan misbruik of verdraai tot sy verderf. Dan sou ons die evangelie van vrymagtige genade ook moet verswyg omdat daar sondaars is wat sê: "laat ons in die sonde bly sodat die genade meer kan word" (Rom. 6:1).

(b) Noodlottig vir 'n godsalige lewe.

Die Roomse Kerk beweer ook dat die leer noodlottig is vir 'n godsalige lewe. Dit sou dan oorsaak wees dat die mense nie stry teen die sonde nie. Dat hulle sorgeloos en goddeloos word. Hulle vlei hulle dan met 'n valse gerustheid en sê: "as ons uit genade alleen salig word, maak dit tog nie saak hoe ons lewe nie." En so word hulle dan goddeloos. Hulle word onheilige mense wat lasterlike dinge sê en doen. So 'n leer bevorder dan die ryk van satan.

Dis 'n baie ernstige beskuldiging. Die Hervormers sou dan met die leer nie net die gesag van die Skrif aanrand nie, maar hulle sou dan ook teen God wees.

Nou weet ons uit die geskiedenis van die kerk dat so iets moontlik is. Israel word deur God verkies tot sy besondere eiendom. Hy ontvang in die Wet die openbaring van Gods wil. Maar hy misbruik die Wet tot sy eie verderf. Hy hoor nie na die stem van die profete en bekeer hom nie. Sy Wetsoortreding wil hy bedek deur te skuil agter die tempel (Jer. 7:4). En die end is die verwerping van Christus en van die genade van God. So kan ons wys op die kerk van die nuwe testament. Teen watter lelike sondes moet die apostel Paulus bv. nie optree nie! Watter sondes bestraf die Here nie in die gemeentes van Klein-Asië nie! (Openb. 3). So is daar ook Gereformeerde lidmate wat die leer van die soewereine genade misbruik en ontsier. Mense wie se lewenswandel slordig is. Die genade is vir hulle 'n vrybrief om te sondig. Dit is dus gewaagd om die soewereine genade aan sondaars te verkondig. Dit stem ons Rome toe. Die sondaar kan daarvan misbruik maak tot oneer van die Here se Naam. Maar dit is Gods waagstuk en daarom verkondig ons dit ook.

En tog is dit ook weer onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n waaragtige geloof ingeplant is so goddeloos kan lewe. Dis onmoontlik omdat Christus die lewe is. Omdat God wat verkies ook lewendig maak en vrugte laat dra. Ja, uitverkorenes kan ook lank in 'n sondige lewe volhard. Daar is ook die moordenaar wat eers aan die kruis tot bekering kom. Maar dis nie veel nie. Dis uitsonderinge wat die reël bevestig. Die Heilige Skrif getuig van die regverdige dat hy sal groei soos 'n palmboom, dat hy in die grys ouderdom nog vrugte dra en vet en groen is (Ps. 92). En vir sy apostels sê die Here Jesus dat die doel waarom Hy hulle verkies en aangestel het, is dat hulle vrug sal gaan dra (Joh. 15:16). Die apostel Paulus sê dat hy oorvloediger as al die ander gearbei het. "Nogtans," sê hy, "nie ek nie maar die genade van God wat met my is." (1 Kor. 15:10).

Genade genees van die sonde. En dit maak ons vrugbaar op elke lewensterrein. Die genade maak nie werk lui in die koninkryk van God nie. Mense wat van genade lewe,

staak of sloerstaak nie in die diens van hulle Koning nie. Selfs nie eens in hulle daelikse arbeid nie. Lees maar die lewensprogram van die apostel Paulus in 2 Kor. 11. Dis ook sy werksprogram. Calvyn, die man wat so enorm baie geskryf en gewerk het om die suiwer Evangelie weer sy loop te laat hê, is die man wat bely het: deur die geloof alleen. Die waaragtige geloof is 'n **lewende** geloof. Dis 'n werkende geloof wat nooit dat Gods waters maar oor Gods akkers loop nie. Nie by homself en nie in die openbare lewe nie.

Hier is die punt van selfondersoek vir elke lidmaat, vir elke gemeente, vir ons kerk in sy geheel. Dra ons vrugte van dankbaarheid? Watter leiding gee ons in die lewe? Wat kan die mense by ons vind wat hulle nie by hulleself vind nie? Waarin bestaan nou eintlik ons gereformeerdheid? Bestaan dit daarin dat ons roem in die naam en naderhand rus op die naam vir ons saligheid? Daar is Gereformeerde mense wat so verroes. Dan word daar dapper **gepraat** oor ou gewoontes, en ou vaders, maar die vrugte is nêrens te sien nie. Die mense het van die naam 'n mooi ornament gaan maak. En daarmee het hulle dit dood gemaak. Dis tyd dat ons ons weer besin op die vrugte van dankbaarheid; dat elkeen weer vir homself rekenskap sal gee van wat sy belydenis behels dat hy in Christus ingeplant is. Christus is nie dood nie. Maar as by ons die vrugte nie gevind word nie, dan is dit 'n saak om ernstig oor na te dink of die waaragtige geloof aanwesig is en nie miskien maar 'n mondbelydenis nie. Die geloof maak vrugbaar in alle goeie werke tot eer van God wat die Werker daarvan is. Dit is nie maar 'n leuse, 'n ideaal nie, maar dit is maar net 'n harp wat die lof van God verkondig omdat dit deur Hom bespeel word. Dit ken net Een aan wie toekom die lof en die eer tot in ewigheid — God wat ons in Christus verkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees (Ef. 1:4).

Amen.

SONDAG 25.

DIE GENADEMIDDELS

Lees: Jes. 55.

Sing: Pss. 68:2; 118:14; 72:10; 103:6.

1. Die geloof is 'n plantjie in die hart van 'n sondaar. Dit is nie iets wat somaar vanself opkom nie. God het die saadjie van die geloof daar ingelê deur die wedergeboorte.

Dit is 'n gedagte wat ons tot verootmoediging moet stem: uit die mensehart kan niks tot openbaring kom wat vir God welbehaaglik is nie as Hyself dit nie eers daarin gelê het nie. Die geloof is 'n gawe van God. Maar dit is ook 'n gedagte wat ons hoopvol stem: ons geloof is partykeer so swak en so klein, maar dit weet ons, nl. is daardie plantjie ook swak en teer, partykeer geknak en gekneus — dis 'n planting van die Here. Dis sy werk. Hy sal dit nie laat vaar nie.

2. Hierdie plantjie van die geloof ontkiem en groei egter nie somaar vanself nie. Dit word baiekeer deur mense wat die sg. neutrale lewensbeskouing voorstaan, voorgehou dat dit aan die kind en die jongmense self oorgelaat moet word om sy pad te kies, ook tussen die verskillende menings en strominge in die wêreld. As daar dan geywer word vir Christelike skole en universiteite word gesê: 'n mens moet nie godsdien in die keel van ander afdruk nie.

Maar die geloof ontkiem en groei nie somaar vanself nie. Dit is 'n teer plantjie wat onder sorg ontkiem en gekweek en versterk moet word. Die Heilige Gees laat die saadjie van die geloof ontkiem deur die verkondiging van die evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente.

God is magtig om in ons tydelike behoeftes direk te voorsien soos wat Hy die kwartels en die manna beskik het, die vyf brode en twee visse laat vermenigvuldig het. Maar dis nie die gewone weg nie. Die is: wie nie werk nie, sal nie eet nie.

So is dit ook in die geestelike lewe. God is magtig om sonder enige middel die geloof te laat ontkiem en te laat groei. Hy is nie gebonde aan middels nie. God kan die geloof in die hart werk en versterk sonder dat hy of sy die voorreg het om in die kerk te kom en die Woord van God daar te hoor en sakramente te gebruik. Maar God bind ons aan die middels. Dis die normale weg vir die ontwikkeling van die geloofslawe.

In hierdie Sondagsafdeling word gehandel oor die genademiddels, nl. Woord en sakramente, veral die sakramente. Dit gaan hier oor —

- A. Die Woord as genademiddel en
- B. Die sakramente as genademiddels.

A. Die Woord as genademiddel.

Dit is wonderlik om te sien hoedat na 'n droogte die plantegroei meteens toeneem. In so 'n droogte lyk dit baie keer asof daar op sommige plekke niks meer kan groei nie. En tog as dit gereën het, dan is dit nie lank nie of die kaal plekke is toegegroeï. Die saadjies was maar daar, die innerlike groeikrag was daar, net die reën was nie daar nie.

So is dit ook met die saadjie van die geloof wat deur God in die mensehart ingelê is. Dit wag net op die reën van Gods Woord. "Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiers en brood aan die eter, so sal my Woord wees wat uit my mond uitgaan" (Jes. 53:10, 11). Net so noodsaaklik as wat die reën uit die hemel is vir die aarde, net so noodsaaklik is die Woord van die Here vir die mensehart. Dis nodig nie net om die geloof te laat ontkiem nie maar ook om dit aan die lewe te hou, te laat groei en vrugte te laat dra.

Dit is daarom dat die kerk van Christus so 'n verbasende verantwoordelike roeping het in hierdie wêreld. Dit is 'n deur die droogte geteisterde streek waar die sonde alle geestelike lewe laat verkwyn en verdwyn. Die apostel skrywe met nadruk aan Timoteus: "Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk, verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering" (2 Tim. 4:1, 2). Dis die roeping van die Kerk om die Woord van die Here te laat uitgaan deur die verkondiging daarvan, deur huisbesoek, sending, evangelisasie, katekisasie en publikasie, oorstroomend soos die reën uit die hemel. Aan die anderkant is dit weer noodsaakliker vir ons as gelowiges om die Woord van die Here in ons harte te laat werk. Ons moet dit gereeld in ons huise lees en ook nie maar net as 'n gewoonte nie. Ons moet dit van harte en stelselmatig doen, bepeins en bestudeer. Hiervoor is ook hulpmiddels nodig. Om te sê: "ek lees net my Bybel," klink wel vroom, maar dis nie genoeg nie. Die kamerling van Ethiopië het ook net sy Bybel gehad om te lees. Toe Filippus vir hom vra: "Verstaan jy wel wat jy lees, het hy gesê: "Hoe kan ek dit tog as niemand my die weg wys nie" (Hand. 8:31). 'n Mens moet ook ander boeke lees wat vir jou help om die Bybel suiwer te verstaan.

Net so noodsaaklik is dit om gereeld kerk toe te gaan, selfs al is dit ook 'n ouderling wat diens hou. 'n Mens weet nooit wanneer en hoe die Heilige Gees die Woord van die Here wil gebruik om dit in jou hart tuis te bring nie. Om die saadjie van die geloof te laat ontkiem en dit aan te kweek in die harte van ons kinders, daarvoor is nodig dat hulle gereeld in die huis die Woord van God moet leer. Dit kan nie maar alles aan die skool en katekisasie oorgelaat word nie. Bestee ons nie partykeer meer sorg aan die blomtuin of die vrugteboom as aan die geloofsplantjies in die harte van ons kinders nie?

B. Die Sakramente as genademiddels.

(a) Die doel.

Ons verkry kennis deur wat ons sien en hoor. Maar dis tog so: nl. word iets vir jou vertel of beskrywe, dan het jy nie so 'n goeie begrip daarvan nie as wanneer jy dit self gesien het nie. Dit is daarom dat daar in die skool soveel waarde geheg word aan aanskoulike onderwys. Die kinders moet ook sien waarvan hulle hoor. God maak ook gebruik van hierdie metode. Hy bring ook die kennis van sy Woord en van die Evangelie in ons harte deur aanskoulike onderwys. Die evangelie word nie net aan ons verkondig nie. Die inhoud daarvan word ook aan ons getoon deur middel van die sakramente.

(b) Wat is sakramente?

Sakramente is heilig. Daarom word ons geroep om onself te heilig deur selfondersoek as ons dit wil gebruik. Die tafel van die Here is heilig en die kerkraad moet wees soos die gerubs wat waak oor die heiligheid van die Here by sy tafel. Maar nou moet ons onthou: dis nie net die Nagmaal wat heilig is nie. Die doop is net so heilig. Ja en die Woord van God wat verkondig word, is ook heilig. 'n Mens kan tot 'n oordeel eet en drink maar jy kan ook jou kind vir jou tot 'n oordeel laat doop, en jy kan vir jou tot 'n oordeel die Woord van God hoor.

Die sakramente is tekens. Die ongelowiges vra na tekens. Maar as daar nie geloof is nie, sal 'n teken nie help nie, selfs al staan iemand op uit die dood. Hierdie tekens gee die Here egter aan gelowiges, nie om hulle tot geloof te bring nie, maar om die geloof te versterk. Die sakramente is net tekens, niks meer nie. Daar skuil nie 'n soort geheimsinnige krag in die sakramente soos wat die Roomse Kerk leer en bygelowige mense glo nie.

Die sakramente is seëls. 'n Koning plaas sy seël op 'n proklamasie wat hy uitvaardig. Dan is dit eg. Dit waarborg die sekerheid daarvan. Sakramente is die seëls op die Koningswoord van sy evangeliebeloftes. Maar dan moet die Woord eers daar wees. Sonder die Woord is die seël waardeloos. Dit is daarom dat dit in ons Kerkorde ook so

vasgelê word dat die sakramente net in die erediens bedien moet word waar die Woord verkondig word en nie in die huis of in 'n hospitaal nie. In verband met die doop bestaan daar die gedagte — en dis Rooms — dat as 'n kindjie ongedoop sterwe, dit verlore sal gaan. Maar die doop is net 'n seël. Dit maak nie die kindjie 'n kind van die Here nie. Dit beseël maar net wat so 'n kindjie as 'n verbondskind reeds is. Of so 'n kind gedoop is of nie, dit is en bly 'n kind van die Here.

Maar dit wil nie sê dat ons onverskillig moet wees teenoor die sakramente nie want dit is deur God ingestel.

Daarom kan daar g'n willekeur wees nie. Daar mag g'n willekeur wees by die bediening daarvan nie: nie soos wat ons dink dat dit gedoen moet word nie maar soos wat God dit in sy Woord ingestel het. Dit is dan ook een van die merktekens van die suiwere kerk. Daar mag ook g'n willekeur wees wat betref die gebruik daarvan nie. Ons moet dit gebruik anders is ons ongehoorsaam.

(c) Woord en sakramente.

Tussen Woord en sakramente as genademiddels is daar ooreenkoms en verskil.

Die ooreenkoms: albei het dieselfde inhoud, nl. om die waarheid van die evangelie sigbaar in ons harte tuis te bring. Albei het dieselfde doel, nl. om die geloof te versterk. Albei is heilig. Party mense meen dat die Nagmaal heiliger is as die Doop. Albei is deur God ingestel.

Die verskil: die belangrikste is die Woord. Dit is 'n noodsaaklike middel tot saligheid, 'n Mens kan sonder die sakramente salig word maar nie sonder die Woord nie. "Die geloof is uit die gehoor en die gehoor deur die Woord van God" (Rom. 10:17). Daar is mense wat verstoek is van die voorreg om die sakramente te gebruik maar dit doen niks af aan hulle saligheid nie. God werk in hulle harte deur sy Woord en Gees.

Die Woord is 'n middel waardeur die geloof gewerk en versterk word, terwyl die sakramente net dien om dit te versterk. Die bediening van die Woord is vir almal: klein en groot, gelowiges en skyngelowiges, ook vir die wat onder tug is. Sommige meen verkeerdelik dat as iemand onder tug is, mag hy ook nie in die kerk kom nie. Sakramente is nie vir almal bedoel nie. Dis net die voorreg van die gelowiges en ook van die volwasse belydende gelowiges. Sakramente is nie bedoel om die geloof te werk nie maar om die voorhandesynende geloof te versterk.

Net soos wat die reën onontbeerlik is vir die plantegroei, net so ook die Woord vir die hart van die gelowige. Net soos wat dit noodsaaklik is om te eet anders kwyne die liggaam en verswak die kragte, net so noodsaaklik is dit om die Woord van God te lees en die sakramente te gebruik. Nooit kan 'n mens sover kom om te sê: nou het ek nie meer nodig om kerk toe te gaan en sakramente te gebruik nie. Ek lees die Bybel. Die geloof moet voortdurend gevoed en versterk word. As dit 'n aktiewe geloof is, word daar baie van so 'n geloof vereis: in die geloof moet ons ons dagtaak volbring, deur die geloof moet ons stry, onself verloën, goeie werke doen. As die liggaam voortdurende versterk en gevoed moet word, dan ook die siel. Wie sy liggaam verwaarloos en nie sorg vir hulle wat van hom afhanklik is nie, is 'n moordenaar. Wie sy siel en die van sy kinders en huismense verwaarloos is 'n siele-moordenaar.

"Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie. Luister aandagtig na My en eet die goeie en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na my toe. Luister en julle siel sal lewe" (Jes. 55:2, 3).

Amen.

SONDAG 26.

ONS DOOP

Lees: 1 Kor. 10:1-13.

Sing: Pss. 84:6; 115:7, 8; 103:9; 146:8.

Weet u wat die doop beteken? Dit lyk asof dit so 'n eenvoudige vraag is, 'n vraag vir kerkkissasiekinders en nie vir grootmense nie. En tog — ons lewe in 'n tyd van vervlakking op godsdienstige gebied. Dinge wat as vanselfsprekend beskou is in baie gevalle nie meer vanselfsprekend nie. Dit geld ook die doop. Vir baie mense het dit 'n blote formaliteit geword. Dis maar net 'n seremonie wat gepaard gaan met die naamgewing van 'n kind. Maar die vraag is wat beteken dit werklik as 'n kind gedoop word? Dan kan ons handel oor die kwessie van onderdompeling en besprenkeling, kinderdoop en volwassendoop — sake waarvoor die sektes so begaan is.

Maar ons wil nie daarvoor handel nie. Ons wil aan u hierdie persoonlike vraag stel: Wat beteken u doop vir u, vandag? Is dit net iets van u kinderjare of het dit vandag nog vir u betekenis? Hierdie vraag wil ons vir u probeer beantwoord deur te sê: U en my doop is vir ons

- A. 'n Genadeteken en
- B. 'n Ereteken.

A. 'n Genadeteken.

1. Die doop is 'n aanklag:

(a) As 'n kindjie gedoop word, is dit werklik iets moois. Watter heerlike gedagtes om daaraan te dink dat ons ook net so deur ons ouers na die huis van die Here gebring is en ingedra is voor die aangesig van die Here. As 'n kindjie gedoop word, dan is dit asof ons die kindjie saam met die ouers by die doopbeker sien in 'n waas van hemelse lig. Dit is so asof dit nie iets besonders sou gewees het nie as ons daar op daardie oomblik stralende engeleesigte sou sien nie. Dit hoort daarby.

Ja, so idealisties sien ons dit. Maar weet u wat is die werklikheid? Dit, dat die doop 'n geweldige aanklag is. Ja, dat dit 'n verskriklike vernedering is dat u en ek gedoop moes word. Die doopwater spreek van die noodsaaklikheid van reiniging. Daar is onreinheid in die siel wat afgewas moet word. By die doopbak hoor ons nie engelestemme nie maar wanhoopskrete van melaatses wat uitroep: Onrein! Onrein! Wat 'n vernedering moes dit nie vir Jesus gewees het om ook gedoop te word nie. Ons kan verstaan dat Johannes die Doper in opstand gekom het teen die gedagte dat Hy as die sondelose ook gedoop moes word. Maar Jesus het gesê: "Laat dit nou toe, want so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul" (Matt. 3:15).

(b) As ons dink aan die betekenisvolle oomblikke wanneer die doop aan 'n kindjie bedien word, vervul heerlike gedagtes ons harte. Dis gedagtes van piëteit en gewydeheid, so asof ons daar iets van die hemel sien en hoor — ewigheidslig wat afstraal van omhoog op verbondsouers met 'n verbondskindjie. Maar wat is die werklikheid? Daardie doopwater spreek van bloed en van vuur. Dit spreek van die ontsettende erns van die sonde. In die doopwater moet ons bloeddruppels sien. Dis die bloeddruppels van die Lam wat geslag moes word vir die sonde waarin u en ek ontvang en gebore is. Dis die bloeddruppels vir die sonde wat u en ek as volwassene doen. In die doopbak moet ons vuurvlamme sien, vuurvlamme wat uitslaan — die simbool van die Gees van die Here. Die sonde sit diep in die siel van 'n mens. Daar is bloed nodig om dit af te was, niks minder as die bloed van Jesus Christus nie. Maar daar is nog meer nodig. Die Gees van die Here moet die sonde uit 'n mens se siel wegbrand, dit louter en heilig.

Vuurvlamme van die Here! Het u dit in u lewe saamgeneem van die doopbak af?

Vuurvlamme van die Here! Laat u u oortuig van u sonde of weerstaan u die werking van die Gees van die Here in u hart? Vuurvlamme van die Here in ons lewens, ons harte, ons gedagtes, ons woorde! Is dit geheilig? Is dit suiwer? Is dit nie nodig dat ons elke keer weer moet teruggaan na ons doop om weer opnuut van daardie vuurvlamme van die Here te gaan haal en in te dra in ons sondaarlewens nie? Vuurvlamme van die Here — "om deur die Heilige Gees vernuut en geheilig te wees tot lede van Christus, sodat ons hoe langer hoe meer die sondes afsterwe en in 'n Godsalige onberispelike lewe wandel" (Vrg. 70).

2. Die doop as geloofsversekering.

Die doop is 'n geweldige aanklag. Maar dis ook 'n waarborg, 'n ankerpaal waarvandaan jou lewensdrade gespan en aan God en die ewigheid verbind is. Hoe so?

(a) In die tydelike lewe is dit nodig om seker te wees van jou lewensbestaan. 'n Mens moet seker wees van jou inkomste. Daarom word daar soveel gedoen vir bestaansbeveiliging: werkgeleenthede, behuising, lewensversekering, pensioene, ens. Watter kommer en onrus is daar nie, veral in tye van lewensduurte, siekte en werkloosheid in die harte van armes wat nie weet wat more van hulle word nie? Maar nog meer is dit in geestelike opsig nodig dat 'n mens sekerheid moet hê van jou toekoms. Daar is mense wat meer besorgd is oor hulle tydelike bestaan as oor hulle ewige toekoms. 'n Kind van die Here moet besorgd wees oor sy geestelike lewe. Hy en sy moet soek na geloofsekerheid. Partykeer het 'n mens dit en dan weer nie. 'n Mens moet jou altyd afvra: "Is ek 'n kind van die Here? Is ek 'n ware gelowige, 'n uitverkorene?" Partykeer weet ons dit is so, maar dan weer nie. Waarom? Is dit nie omdat ons die gronde van ons geloofsekerheid in onself soek nie? Ons soek dit in eie gevoel, in eie gemoed, in persoonlike ondervinding en belewinge waarop die metodisme soveel nadruk lê. Ons soek dit in die gevoel van berou, in die erns van die gebed. Maar solank as wat ons dit in onself soek, sal dit altyd wisselend bly. Nou is dit die heerlike betekenis van ons doop. Dis 'n objektiewe grond vir ons geloofsekerheid. Dis 'n teken wat God van buite af aan ons gee dat ons genade verkry het.

Dis 'n direk persoonlike saak. Hier word gevra: Hoe word jy in die doop daarop gewys? God het in die doop met u persoonlik te doen. Dis ook nie u wat na die Here toe gegaan het nie. Hy het in die doop na u persoonlik toe gekom. Hy het sy merkteken, die teken van die verbond, die teken van sy eiendom op u gelê. Dis ook 'n ontwyfelbare saak: "dat ek net so seker met sy bloed en Gees gewas 'is' van al my sondes — nie 'sal wees nie'" (Vraag 69).

Daarom, broeder en suster, as daar twyfel in u hart opkom, as dit vir u voel dat u miskien nie 'n kind van die Here is nie, as die drade van u geloofslawe wat u aan God en die ewigheid verbind, miskien verslap het, gaan dan terug na u doop. Dit is die ankerpaal van u geloofslawe. Dit staan stewig vas in die konkreet van God se verbondsbeloftes. Die doop is die teken dat u as 'n sonder van God genade ontvang het.

Maar die doop is ook

B. 'n Ereteken.

1. Die woord sakrament is afkomstig van die Latynse woord "sacramentum". So was die eed genoem waaronder 'n Romeinse soldaat ingelyf is by 'n bepaalde regiment van die Romeinse leër. Net soos wat dit 'n eer was om 'n burger te wees van die groot Romeinse ryk, so was dit ook 'n eer om 'n soldaat te wees in die Romeinse leër.

2. As Jesus Christus die opdrag gee: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees," dan beluister ons daarin sy konings-proklamasie. Dis die bevel van Koning Christus om uit te gaan in die wêreld en stryd(ers) te gaan werf vir die leër van sy koninkryk in hierdie wêreld. So het die apostels dan ook die wêreld ingegaan. Hulle het die evangelie verkondig en

baie het tot bekering gekom en is gedoop. So word vandag ook nog deur die sendingswerk soldate gewerf en ook as volwassenes ingelyf in die leër van onse Here Jesus Christus.

Het u nou al daaraan gedink wat 'n voorreg en 'n eer dit is dat u as 'n verbondskind reeds aan die begin van u lewe ingelyf is in hierdie strydende leër. U is nie eens gewerf nie. Kragtens u geboorte uit gelowige ouers kan u nie iets anders wees nie. U is bestem om te wees 'n stryder(es) vir Jesus Christus in hierdie wêreld. Net die inlywing moes plaasvind. U doop verkondig dit vir u: ek is soldaat vir Jesus Christus en sy koninkryk. Reeds in daardie oomblikke het 'n gemeente vir u gebid "om moedig teen die sonde, die duiwel en sy ganse ryk te stry en te oorwin." Daar is vir u gebid dat God u met die nodige toerusting die wêreld sal instuur. Mag u deur Gods genade sterk staan in die stryd, trou op u pos, waar die Here u ook al geplaas het. U dra u doop as 'n ereteken deur u lewe. Mag dit so wees tot in die ewigheid sodat ook van u sal geld: "En hulle sal sy aangesig sien: en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees" (Openb. 22:4).

3. U doop is 'n ereteken. Dis 'n onderskeidingsteken. Dit onderskei u as begenadigde in hierdie wêreld. Maar dis 'n eer wat groot verpligtinge meebring. Dit lê op u die eis van geestelike hoogsinspanning, volharding en getrouheid tot die dood toe.

Hoeveel verraaiers is daar nie in die leër van ons Here Jesus Christus nie? Dis mense met hierdie pragtige onderskeidingsteken op die voorhoof maar soveel in die hart wat in stryd is daarmee. Dis mense wat in die openbaar saamlewe met die stryd(ers) van Jesus Christus, maar wat in die stille verborgenheid heul met die vyand: hulle speel met die satan en die sonde: hulle bied nie weerstand in die oomblik van versoeking nie.

Hoeveel verlooptes is daar nie uit hierdie leër nie? Dis mense wat afkomstig is van gelowige ouers, uit Christelike huisgesinne. Hulle is gedooptes, maar hulle het geestelik en sedelik verval. 'n Mens kan die doopwater afgee, maar die merkeken van Christus bly daar. Daarvan kan 'n mens jou nie ontdoen nie. Nou is daar soveel van wie die lewe in stryd is met hulle doop. 'n Mens se doop kan ook nog eendag teen jou getuig.

Hoeveel ontroues is daar nie in hierdie leër nie. Dis mense wat flou en traag geword het in die geloofslawe. Hulle verslap en veragter in die genade. 'n Mens se doop moet dien as 'n aansporing tot waaksaamheid, standvastigheid en volharding. 'n Mens se doop verkondig die koms van Jesus Christus in jou lewe. In die doop het Hy na jou toe gekom daar aan die begin van jou lewe. So sal Hy weer na jou toe kom aan die einde van jou lewe.

"Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom in 'n uur dat julle dit nie verwag nie" (Luk. 13:40).

Broeders en susters wat beteken u doop vir u?

Amen.

SONDAG 27.

DIE DOOP GEHANDHAAF

Lees: Kolos. 2.

Sing: Pss. 100:1, 2, 4; 25:6; 105:5; 138:1.

(a) Die doop het vir ons 'n heerlike betekenis, selfs vandag nog as 'n volwassene. Elke keer moet ons weer teruggaan om met hart en siel daaraan vas te gryp as 'n ankerpaal daar aan die begin van ons lewe.

Volgens die doopsformulier is verbondskinders erfgename van die ryk van God. Hulle is in Christus geheilig. As dit ons sou wees wat so van onself en van ons kinders sou praat, sou dit aanmatiging wees. Maar die mond van die Here het dit gespreek. Dis 'n uitgemaakte saak daar aan die begin van ons lewe. Dis nie 'n ideaal nie, iets wat onseker is of ons dit ooit sal bereik nie. Nee, dit is 'n vaste fondament waarop ons lewe gebou is. Dit rus op God se trouverbond.

(b) As dit dan die heerlike betekenis van die doop is, daar aan ons lewensbegin, hoe noodsaaklik is dit dan nie dat ons moet vashou wat ons het nie? Dis noodsaaklik dat ons die heerlike gedagte van ons doop moet handhaaf. Dit wat die kosbaarste in 'n mens se lewe is, word baiekeer die meeste bedreig. So is ook die doop in die loop van die kerkgeskiedenis baiekeer bedreig. Vandag is daar nog 'n stryd oor die doop. Ons dink aan die opvatting van die Roomse Kerk en van die Wederdopers. Vandag word die kinderdoop ook verwerp deur 'n sogenaamde Gereformeerde teoloog soos Karl Barth. Die stryd en die skeuring in die Gereformeerde Kerke in Nederland het ook gegaan oor die opvatting van die doop.

Die gevare waardeur die doop bedreig word, is:

- A. Oorskatting van die betekenis van die doop.
- B. Geringskatting van die betekenis van die doop.
- C. Twyfel oor die kinderdoop.

A. Oorskatting van die betekenis van die doop.

(a) Volgens die Roomse Kerk, en in 'n sekere mate die Lutherse Kerk ook, is daar in die doopwater 'n verborge krag wat inwerk op die siel van die persoon wat gedoop word. Hierdie doopwater bring die wedergeboorte tot stand. Daarom is die doop ook noodsaaklik vir die saligheid. As daar lewensgevaar is, bv. 'n ernstige siekte en so 'n persoon is nog nie gedoop nie, dan moet daar 'n nooddoop plaasvind. As daar nie 'n priester byderhand is nie, kan ook 'n leek of 'n gewone lidmaat die doop bedien. Is dit dan nie 'n Roomse gedagte by sommige lidmate in Protestantse kerke wat daarop aandring dat kindertjies wat siek is by die huis of selfs in die hospitaal gedoop moet word uit vrees dat sulke kindertjies ongedoop sal sterwe?

Ook die Wederdopers heg te veel waarde aan die doopwater. Dit is vir hulle meer as net 'n teken. Volgens hulle moet 'n mens heeltemal in die water ondergedompel word om as 'n nuwe mens daaruit te kom, asof dit die water is wat die sondes afwas. Die water is egter net 'n teken en daarom is 'n klein bietjie water genoeg. Die Wederdopers beroep hulle op die gevalle waar die doop bedien is waar daar baie water was, bv. waar Johannes die Doper gedoop het en waar ons lees dat Filippus en die kamerling van Ethiopië afgeklim het in die water. Op sigself geneem kan 'n mens nog nie daaruit aflei dat die doop by wyse van onderdompeling bedien is nie. Dit staan nie daar dat die dopeling onder die water was nie.

Ons vind die gedagte van onderdompeling in die Skrif maar ook die gedagte van besprenkeling. Ons dink o.a. aan die wassing van die priesters by die tempel en die besprenkeling van die versoendeksel deur die hoëpriester waardeur die reiniging van

sonde verkondig word. Ons dink ook aan die bloed van die paaslam waarmee die deurposte van die Israeliete in Egipte bestryk was. In Eseg. 36:25 sê die Here: "Dan sal Ek skoon water op julle sprinkel, sodat julle rein kan word." In Hebr. 12:24 word die bloed van Jesus genoem die bloed van besprenkeling. In die doop moet ons nie vaskyk teen die doopwater nie. Daarin moet ons sien die bloeddruppels van die Lam van God. Alleen die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sondes. Dit kan nie vervang of verplaas word nie.

B. Die onderskatting van die betekenis van die doop.

(a) Vir baie mense is die doop 'n blote formaliteit, net 'n mooi seremonie wanneer daar 'n naam aan 'n kindjie gegee word. Daar is dan ook mense wat nooit of baie min in die kerk kom, maar as daar 'n kindjie is wat gedoop moet word, dan kom hulle, miskien ook net vir daardie keer. Fatsoenlikheidshalwe moet so 'n kindjie darem gedoop word. In baie gevalle is dit dan ook meer te doen met die uitwendige dinge soos die klere. Partykeer word van die doop so 'n soort partytjie gemaak daar in die huis, so 'n sosiale funksie. Partykeer word die doop ook onnodig uitgestel, ook omdat die inhoud van die doop nie reg verstaan word nie. Dis 'n beseëling dat vir die verbondskind daar 'n ryke erfenis weggelê is. As dit 'n stoflike erfenis sou wees, hoe gou sou sulke ouers nie wees om hulle kind na die gewer daarvan te bring nie?

(b) Teenoor hierdie geringskatting van die betekenis van die doop beklemtoon die kategismus die diep geestelike betekenis van die doop. God wil dat ons dit goed moet verstaan. Daarom laat Hy ons hierdie heerlike waarheid nie net hoor nie, maar sien ook. Die Here wil dit vir ons verseker.

1. Dat ons so sekerlik van ons sondes gewas is as wat ons uitwendig met water gewas word. Hier staan: dat ons gewas is, nie sal word nie. Dis nie nog 'n onsekerheid nie. Dis 'n feit. Dit is reeds so. Ons is reeds gewas deur die bloed van Christus nog voordat ons gedoop is. Die doop beseël net wat reeds plaasgevind het. Ons moet net glo dat dit so is.

2. Verder wil God ons ook deur die doop verseker van die aanneming tot kinders van die Here. Deur die doop wil God aan ons die versekering gee dat ons en ons kinders ook kinders van die Here is. Dit moet vir u 'n teken daarvan wees dat u 'n uitverkorene is.

Waarlik, by God ontbreek dit nie. Hy wil nie hê dat ons verlore sal gaan nie. Daarvan verseker Hy ons te duidelik. As daar gedoopte mense verlore gaan, dan *is* dit hulle skuld. Dis omdat hulle nie wil glo nie, ook nie aan hulle doop nie.

Ons let nou nog verder op

C. Die twyfel oor die kinderdoop.

Die reg van die kinderdoop word deur baie in twyfel getrek. Hulle beweer dat net volwassenes wat tot bewuste geloof en bekering gekom het mag gedoop word.

(a) Hulle verwys na wat hulle noem die doopsbevel: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Matt. 28:19). Hieruit lei hulle af dat die persone wat gedoop moet word volwassenes moet wees, mense wat eers hulle geloof kan bely. Ons sê: Dis nie in die eerste plek 'n doopsbevel nie maar 'n sendingsbevel. Die ou Christelike kerk was dan ook 'n sendingskerk wat die evangelie uitgedra het buitekant die grense van Israel se volksbestaan. Toe is daar ook volwassenes gedoop, maar dit was mense wat as volwassenes die evangelie van Jesus Christus aangeneem het, net soos wat dit vandag ook nog in die sendingkerke gebeur. Maar daardie volwassenes wat die evangelie aangeneem het en gedoop is se kinders is as verbondskinders gedoop. So lees ons in die Nuwe Testament van verskillende huisgesinne wat gedoop is, net soos wat in die Ou Testament Abraham en die wat in sy huis was die besnydenis as teken van die verbond ontvang het.

(b) 'n Ander bedenking is dit: Hulle sê, daar staan: "Hy wat glo en hom laat doop, sal salig word." (Mark. 16:16). Daar moet dus eers bewuste geloof wees. Dan kan die doop volg. Die Wederdopers maak die doop die voorwaarde tot saligheid. Volgens hierdie teks lê die nadruk nie op die doop nie, maar op die geloof. Op die woorde in die eerste deel van die teks volg daar: "maar hy wat nie glo nie (nie hy wat nie gedoop is nie) sal veroordeel word." Afgesien van die feit dat hierdie teks betrekking het op volwasse persone wat tot die geloof in Christus kom, wil ons dit so stel: By God kom dit nie daarop aan hoe groot of hoe sterk die geloof is nie. Die vraag is maar net of daar geloof is, of dit nog maar 'n saadjie is wat onontkiem in die hart lê en of dit reeds ontplooi het, die geloof is daar. As ons ons kinders beskou as kinders van die verbond, dan kan ons kragtens God se verbondsliefde aan Abraham aanneem dat God die saadjie van die geloof in die kinderhart ingelê het. Die geloof is daar al het dit nog nie ontkiem en ontplooi nie.

Die fout by die bestryders van die kinderdoop is dit dat hulle meen dat dit in die doop die mens is wat na God toe kom. Hy moet eers glo en hom bekeer en wys dat hy 'n kind van die Here is. In werklikheid is dit God wat in die doop na die mens toe kom en vir hom verseker: Ek is jou God, jy is my kind. 'n Mens verdien nie jou doop nie. Dis 'n heerlike gawe van God daar aan die begin van die geloofsweg. Daarop is u toekoms gebou. Omdat dit 'n buitengewone verskynsel is as die doop aan 'n volwassene bedien word, is dit baie indrukwekkend en maak dit die belangstelling gaande, beweeg dit baie ook tot tranes. In werklikheid behoort die doop van 'n kind 'n groter indruk op ons te maak. By die doop van 'n kind spreek die vrymag en die genade van God soveel duideliker. Die kind is 'n hulpelose wese wat daar na die Here toe gedra word. Hy kan niks bydra tot sy doop nie, hy kan hom nie laat doop nie. Nee, hier is God alleen groot; Hy doen alles: Hy is alles.

* * * *

Die groot rede waarom die kinderdoop bestry word, is omdat die gedagte van die verbond losgelaat word. Mense word beskou as losse individue langs mekaar. God sien die gelowiges anders. Hy sien sy Kerk op aarde nie soos 'n hoop klippe wat los langs mekaar lê nie. Hy sien sy Kerk as 'n liggaam wat verbind is aan Hom as die Hoof en as lede aan mekaar. Van hierdie lede is sommige volgroeid en ander nie. Kinders van gelowige ouers maak ook deel uit van hierdie liggaam van Christus. Daarom praat ons ook nie van aanname nie, asof 'n mens dan eers lidmaat word nie. Nee, reeds in die doop het God tot die kind gekom om dit vir hom te sê: Jy is my kind. Deur Christus het Ek jou reeds aangeneem. Dis nie die kerkraad wat aanneem nie. God het dit reeds klaar gedoen en met die doop beseël en bekragtig Hy dit. Die heerlike betekenis van die aflê van geloofsbelydenis is dan dit: Dit is 'n antwoord op die doop: ja, Here, ek glo dat U my aangeneem het. Ons gaan dus uit van die standpunt: die gedoopte kind is 'n kind van die Here, 'n lidmaat van die Kerk alhoewel nog 'n onvolwasse lidmaat. In ons kerklike statistiek word daar dan ook nie die onderskeiding gemaak van sieletal en lidmatetal nie, maar dooplidmate en belydende lidmate.

Die doop spreek van die weldade van die verbond wat die Kerk van Christus toekom. Dit word nie net aan volwasse lidmate toegesê nie. Die belofte aan Abraham was: "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte, tot 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou ..." (Gen. 17:7). Petrus verklaar dit in Hand. 2:39 "Want die belofte is vir julle en julle kinders en vir almal wat daar ver is, wat God na Hom toe sal roep." Daar is 'n saamverbondenheid in die sonde: almal is deur Adam die verdoemenis deelagtig. Maar dan is daar kragtens die verbond ook weer 'n saamverbondenheid in die genade, nl. die verlossing deur Jesus Christus. Ook vir kindertjies het Jesus Christus gely en gesterwe. Ook vir kindertjies wat vroeg sterwe, is daar genade. Kosbaar in die oog van die Here is ook hulle dood.

* * * *

Een van die aangrypende gebeurtenisse in die lewe van Jesus op aarde was die oomblik toe moeders hulle kindertjies na Jesus toe gebring het. Liefdevol het Hy sy hande op

hulle gelê, hulle geseën en gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk van God" (Mark. 10:14).

Hoe traag is party ouers nie om hulle kindertjies na Jesus toe te bring nie. In sommige gevalle wag ouers te lank voordat hulle hulle kinders laat doop. Dink sulke ouers nie daaraan dat hulle hulle kinders weghou van die Here en sy seën nie? In baie gevalle verhinder ouers hulle kinders na die Here toe te kom deurdat hulle ontrou is aan hulle doopsbelofte. In sommige gevalle hou hulle hulle kinders weg van die Here af deur hulle verkeerde woorde en slegte voorbeeld.

Die doop roep u, broeder en suster, om na die Here toe te kom en om ons kinders na die Here toe te bring.

Amen.

SONDAG 28.

DIE HEILIGE NAGMAAL

Lees: Luk. 22:1-23.

Sing: Pss. 148:1, 5; 38:1; 100:3, 4; 11:1, 4.

Die Doop en die Nagmaal het albei dieselfde inhoud. Albei verkondig Jesus Christus die gekruisigde en vergiffenis van sondes.

Tog is daar verskil. Die Doop ontvang 'n mens net eenkeer in jou lewe. Die Nagmaal moet jy keer op keer gebruik. Die doop is die sakrament van die wedergeboorte, die versekering van die kant van God: Ek wil vir jou 'n God wees! Jy is my kind. Die Nagmaal is die sakrament van die bekering. Dis elke keer weer 'n verbondsvernuwing, elke keer weer opnuut 'n daad van lewenstoewyding.

In die Doop is die mens passief. God kom na jou toe. In die Nagmaal kom God ook na jou toe, maar in en deur sy koms word jy opgewek tot geloofsaktiwiteit: Doen dit! Neem, eet! Drink almal daaruit! Dink en glo!

Die Nagmaal is 'n stille prediking. Al sou daar aan die Nagmaalstafel niks gesê word nie, wat daar gedoen word, is 'n prediking op sigself. In die Nagmaalsviering lê so 'n ryke simboliek. Ons wil let op:

- A. Die simboliek van die tekens en die handeling by die Nagmaalsviering.
- B. Die geestelike betekenis van die Nagmaal.

A. Die simboliek van die tekens en die handeling by die Nagmaalsviering.

1. Die tekens.

Jesus Christus gebruik by die instelling van die Nagmaal die gewone ongesuurde pasgabrood en pasgawyn. Dit was die bestanddele vir die paasfees waaraan elke Israeliet en ook sy apostels so gewoon was, die tekens wat die gedagtes teruggevoer het na die wondervolle verlossing uit Egipte. Maar nou lê Hy daar so 'n heerlike nuwe betekenis in. Dit wys vorentoe na sy lyde en sterwe en daarmee deurglans Hy die verlossing uit Egipte met die verlossingslig van die kruis. Dit val terug oor die geskiedenis van sy volk in die verlede en vorentoe skyn dit oor sy volk van die toekoms: "Want ook ons paaslam is vir ons geslag" (1 Kor. 5:7).

Die weg waarlangs die brood en die wyn tot ons kom, simboliseer die lydensweg van Christus. Die brood is koring wat gedors, verbrysel, gemaal is en daarna in die hitte van die oond geplaas is. Nou lê dit in die Nagmaalsbord gebreek en bleek. Dit verkondig die liggaam van Christus soos wat dit gemartel, verbrysel en onder die hittestrale van Gods toorn geplaas was. In die brood-stukkies in die Nagmaalsbord sien u die doodskleur van die liggaam van Christus waaruit die lewensbloed weggevloei het.

Maar ook die wyn verkondig die lydensweg van Christus. Dis druiwekorrels wat op die bestemde tyd tot rypheid gekom het, afgesny en gepers is. Nou word dit in 'n bloedrooi stroom uitgegiet. So is ook die bloed van Jesus Christus uitgegiet nadat sy lewe op die bestemde tyd afgesny is waar Hy in die persbak van Gods toorn gewerp is.

Elke keer as ons Nagmaal vier, val die skaduwee van die gekruisigde liggaam op die brood wat gebreek word. Ons sien en hoor hoedat die bloed van Jesus gevloei het as die wyn in die beker ruis.

2. Die handeling.

Ook die handeling daar by die Nagmaalstafel het simboliese betekenis. Daar is die handeling van die bedienaar van die sakrament en die handeling van die gelowiges.

(a) Die handeling van die bedienaar simboliseer wat God gedoen het. Die brood word

gebreek, die wyn ingegooi. Dis die volbragte offer van Christus. Dis klaar. Dan word dit aangebied: Neem, eet! Drink almal daaruit!

Hoe betekenisvol is dit nie? Jesus Christus het ons eerste liefgehad. Hy bied sy liefde en die tekens van sy liefde vir ons aan nog voordat ons daarna vra of selfs al vra ons nie daarna nie. In die sakrament is Hy eerste en nie ons nie. In die Nagmaal gaan dit in die eerste plek om wat Hy gedoen het en nie ons nie.

(b) Op die uitnodiging en aanbieding van die liefde van God, moet daar volg die handeling van die gelowiges. Wat u moet doen is dan: "om met 'n gelowige hart die ganse lyde en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergiffenis van sondes en die ewige lewe te verkry."

Net in die feit dat u opstaan van u sitplek en na die tafel toe gaan, lê 'n ryke betekenis, heilige en pragtige simboliek wat daar nie is as die Nagmaal in die banke bedien word nie. Dis 'n daad van gehoorsaamheid aan die bevel van Christus, dis 'n antwoord op die roepstem van sy ewige sondaarsliefde, dis 'n bewys dat sy lyde en sterwe in hierdie wêreld nie tevergeefs was nie. Daarmee neem u u toevlug na Jesus Christus: u vlug uit u lewe, met sy sonde, sy stryd, sy beproewinge, u vlug vir 'n oomblik uit die wêreld uit na Christus toe, vermoeid, belas, gebreek, baiekeer gebroke, terwyl dit sing in u hart: "en ek vind rus by u altare."

As u dan van die brood en wyn wat aan u gegee word, neem en gebruik, dan is dit 'n persoonlike aanvaarding van die weldade van Christus wat so direk persoonlik na u toe kom. As 'n mens in die bank sit, hoor jy van die lyde en sterwe van Christus, jy sien miskien daarvandaan ook die brood en die wyn, maar dit bly ver van jou af. Maar as u nou opstaan en naderkom, selfs neem en eet en drink, dan is dit of u die fluistering hoor uit die hart van u Heiland en Middelaar: So lief het Ek nie net die wêreld en ander mense gehad nie, maar ook vir jou.

Elke keer as u Nagmaal vier, word die gekruisigde Christus op Golgota as uit die eeue na vore geskuiwe en vlak voor u sielsoog geplaas. Dan word u genooi om nie veraf te bly staan nie, maar om nader te kom na Hom toe om te smaak en te sien en te voel dat die Here vir u goed is en met Thomas te sê: "My Here, en my God"!

B. Die Geestelike betekenis van die Nagmaal.

Die Nagmaal is 'n fees en 'n maaltyd.

1. Langs die pad van ons volksgeskiedenis is daar monumente. Daardeur word ons aan ons volksverlede gebind.

Dis tekens wat ons voortdurend toeroep: Gedenk! Van hierdie monumente, simbole van ons volksverlede, kan ons ons nie losmaak nie. Teenoor hierdie monumente kan ons nie afsydig staan nie. Wie dit doen, vervreem homself van sy volk, sy volksverband en sy volkerfenis. Van tyd tot tyd vergader die volk by sy monumente om fees te vier. Ons word opgeroep om daar tot stilstand te kom, om te dink aan die verlede en om nuwe besieling vir die toekoms te kry.

As Jesus in die nag voordat Hy verraai is die Nagmaal instel, sê Hy: "Doen dit tot my gedagtenis!" Daarmee rig Hy self 'n monument op, die simbool van sy verlossingswerk. Dit wys na agtertoe: tot my gedagtenis; maar ook vorentoe: totdat Ek kom. By hierdie monument moet die volk van die Here van tyd tot tyd stilstaan met die Nagmaalsvieringe. Van hierdie monument kan 'n gelowige hom nie losmaak nie. Teenoor die Nagmaal mag hy nie afsydig staan nie anders word hy 'n vreemdeling teenoor Christus en sy volk.

Ons kom saam by die Nagmaal om fees te vier. Dis 'n gedagtenisfees. Ons dink oor die heerlike verlossingswerk van Christus in die verlede, maar ook aan sy verlossingswerk waarmee Hy besig is in ons lewens op die oomblik en aan sy verlossingswerk in die toekoms wanneer Hy sal kom om dit te voltooi.

2. Maar hierdie fees is ook 'n oorwinningsfees. As ons die Nagmaalsbrood en die Nagmaalswyn sien, dan werp ons 'n blik op die tekens van die dood. Dis sy dood en sy vernedering. En tog is dit ook die tekens van sy oorwinning. Dit klink so teenstrydig. Tog is dit so: sy vernedering was sy verhoging, sy dood was sy oorwinning oor die satan, die sonde, die dood en die hel. Hy sê dit self: "Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word. En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek." Hierby voeg Johannes: "En dit het Hy gesê om aan te dui hoedanige dood Hy sou sterwe" (Joh. 12:31-33).

Die Nagmaal, die gedagtenisfees van sy dood, word die fees van sy oorwinning.

Maar dit is nie net die fees van sy oorwinning nie. Dit word ook vir elke gelowige 'n oorwinningsfees. Is dit dan nie so dat Hy ons maak tot oorwinnaars met Hom nie. Elke keer wanneer u Nagmaal vier, moet dit 'n oorwinning wees oor uself, 'n oorwinning oor u sonde, 'n oorwinning oor die satan. Ja, want daar is soveel wat vir ons wil weghou van die tafel van die Here af. Daar is u sonde en u geloofswakheid, sodat dit vir menige kind van God 'n harde stryd kos om sover te kom om Nagmaal te gebruik. Daar is die satan wat vir u daar graag wil weghou. As hy daarin slaag, is dit 'n oorwinning op Jesus Christus wat gesê het: Ek sal almal na My toe trek. As hy daarin slaag, dan maak dit u swak, want aan die Nagmaalstafel vind u nuwe krag, geestelike krag. Mag elke Nagmaalsviering vir u ook wees 'n oorwinningsfees deur die krag van Jesus Christus.

Maar die Nagmaal is ook 'n maaltyd: "soos brood en wyn hierdie tydelike lewe onderhou, so ook sy gekruisigde liggaam en sy vergote bloed die waaragtige spys en drank is waardeur ons siele tot die ewige lewe gevoed word."

Wanneer 'n mens eet en drink, word die bestanddele van die voedsel deur die liggaam opgeneem. As u die tekens van sy vergote bloed en sy gebroke liggaam inneem, simboliseer dit dat Jesus Christus een met u word, sodat u kan sê: "Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my." As Christus in u lewe, dan dra u reeds die ewige lewe in u om terwyl u nog op die aarde is. Dan is daar reeds ewigheidskrag vir die stryd van hierdie dag. Dan is daar reeds 'n hemelse gesindheid terwyl u nog in hierdie wêreld is. Dan word Christus verheerlik nie net voor Gods troon nie, maar ook hier benede.

'n Maaltyd is die plek van gemeenskap. Veral die aandmaaltyd was die oomblik wanneer die huisgenote na *die* dag van arbeid bymekaar was. Hoe heerlik is dit nie wanneer die huisgenote van die geloof in 'n lewe vol van arbeid, stryd en lewensmoeite vir 'n oomblik hulle mag afsonder om die tafel van die Here. Dan is Hyself daar as die onsigbare Gasheer wat sy weldade vir elkeen persoonlik toereik. Dan is hulle daar om as kinders van dieselfde huis die gemeenskap van die heiliges te belewe. Watter geheiligde en geseënde oomblikke om so saam te wees, voordat hulle dan weer as kinders uit een huis die wêreld en die lewe in gaan!

As ons nou so nagedink het oor die Heilige Nagmaal, sou dit dan nog nodig wees om te vra wat u houding daarteenoor is? Kan u dan nog afsydig staan teenoor so 'n heerlike saak? En tog is dit so, ook in die gemeentes van ons Kerk: alle kerkgangers is nie Nagmaalgangers nie. Daar is elke keer maar net 'n sekere persentasie van die kerkgangers aan die nagmaalstafel. Dan is dit nieteenstaande die feit dat lidmate by die huisbesoek aan die ouderling verklaar het dat hulle nie besware het om Nagmaal te gebruik nie.

Daar is lidmate wat wel ook nog kerk toe kom en selfs ook van die sakrament van die Doop gebruik maak, maar hulle gebruik nie Nagmaal nie. In die opsig handel hulle inkonsekwent. Die sakrament van die Doop is ook net so heilig as die sakrament van die Nagmaal.

Van die mense wat nie gereeld Nagmaal gebruik of glad nie, is daar sommige wat onverskillig staan teenoor die Nagmaal. Hulle is veragters van die Heilige Sakrament. Dan is daar ander wat voel dat hulle lewe nie so is dat hulle aan die tafel van die Here mag gaan nie. Hier is daar darem nog die getuienis van die gewete. Maar pleks van hulle te bekeer, bly hulle dan maar weg. Tot hulle gaan die Woord van die Here uit: "Laat die

goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God want Hy vergeef vermenigvuldiglik" (Jes. 55:7).

Verder is daar diegene — en ons het alle agting vir hulle — wat die vrymoedigheid mis om Nagmaal te gebruik omdat hulle hulleself te onwaardig voel.

Waarom moet ons dan Nagmaal gebruik? Hierop is die antwoord in die eerste plek: Omdat dit die bevel van Christus is. Hy het gesê: Doen dit tot my gedagtenis. Hy wil dit. Daarom is hier nie plek vir willekeur nie. Die vraag is nie: hoe dink ek daaroor of hoe voel ek daaroor nie. Dis nie 'n saak van my gevoel of my wil nie. Dis die wil van Christus, my Koning. Daarom moet ek. Sommige is bang dat hulle hulle sal besondig. Maar as 'n mens ongehoorsaam is aan die bevel van Christus, besondig jy jou dan nie ook nie?

Ook ter wille van uself moet u Nagmaal gebruik. Dis die middel van God waardeur Hy die geloof wil versterk. As 'n mens nie genoeg eet nie, kan hy nie werk nie.

Hoeveel is daar nie wat geestelik ondervoed is omdat hulle nie gebruik maak van die genademiddels nie? Iemand wat ondervoed is, voel dit nie, maar op die langduur blyk dit dat hy lewens- en werkkrag mis. Hoeveel geloofskrag is nie nodig om die Christenroeping in hierdie wêreld te volbring nie. Ja, en waar kom die reserwekrag vandaan in dae van beproewing en van ouderdom as 'n mens nie meer by die Nagmaal kan kom nie. Daar om klink dit ons ook toe: terwyl ons nog die geleentheid het om die Nagmaal te gebruik: "Staan op, eet; anders is die pad vir jou te veel" (1 Kon. 19:7).

Amen.

SONDAG 29.

DIE TEENWOORDIGHEID VAN CHRISTUS IN DIE NAGMAAL

Lees: Joh. 15:1-13.

Sing: Pss. 84:1, 2; 146:8; 100:2, 3; 103:1.

In hierdie Sondagsafdeling kom ons weer terug op die Nagmaal. Ons mag dit vervelig vind. Vir belydenis-katgisante mag dit moeilik wees om die lang antwoorde van die Nagmaalsvrae te leer. Maar ons moet dit besien teen die agtergrond van die omstandighede wat geheers het ten tyde van die opstelling van die kategismus. Dit was in die tyd van die Reformasie of Hervorming toe die opvatting oor die Nagmaal 'n strydpunt was waarop daar volkome duidelikheid moes wees.

Vandag is dit nie meer so 'n strydpunt nie. Tog is dit noodsaaklik dat ons met hart en gedagtes by die Nagmaal moet verwyl. Is ons nie miskien geneig om te vinnig by die Nagmaal verby te gaan nie? Kom die betekenis van die Nagmaal genoeg tot sy reg in ons lewe? Ons het so gewoon geraak aan die gereelde Nagmaalsvieringe. In ons lewe van gejaagdheid kom dit en dit gaan verby. Ons het dit miskien oppervlakkig gevier, en ons dra nie 'n seën met ons saam die lewe in nie. Is dit dan nie nodig dat ons meer moet stilstaan en peins oor die diepe en heerlike verborgenhede wat vir ons in die Nagmaal geopenbaar word nie?

Ons staar op die wonders van Gods almag in die natuur: die magtige oseaan in sy bruisende krag, en die majestueuse bergrotse wat opsteier na omhoog. Daarvan word 'n mens nooit moeg nie. Dit bly vir 'n mens wonderbaar. Dis of die gedagtes onder die besef van God se majesteit nie 'n einde kry nie. Hoeveel te meer moet ons met bewondering aanbidde stand by die Nagmaal wat spreek van die grootste verlossingswonder deur Jesus Christus? As ons in die nabyheid verkeer van die grootsheid van berg en afgrond, van oseaangedruis en donderslag, dan is dit asof die teenwoordigheid van God gewaar kan word. Hier by die Nagmaal belewe die gelowige ook die innige gemeenskap van Jesus Christus. Hy het Homself gegee, nie net eenmaal aan die kruis nie. Hy gee Homself ook aan ons elke keer in die Nagmaal in die heerlike openbaring van sy liefde, sy roede en sy heerlijkheid.

In hierdie Sondagsafdeling gaan dit oor:

- A. Die teenwoordigheid van Christus in die Nagmaal.
- B. Die spreke van Christus deur die Nagmaal.

A. Die teenwoordigheid van Christus in die Nagmaal.

(a) Hoe dit nie is nie.

Volgens die Roomse Kerk is die Nagmaalsbrood en Nagmaalswyn heilig. Dit is dan nie meer gewone brood en wyn nie. Dit is werklik 'n stukkies van die liggaam en 'n bietjie van die bloed van Christus. Hy is mos liggaamlik in die Nagmaal aanwesig. Wie Nagmaal gebruik, kom met Hom liggaamlik in aanraking. Na sy opstanding het Jesus vir Maria gesê: "Moenie My aanraak nie" (Joh. 20:17). Daarmee het Hy die liggaamlike kontak vervang met die geestelike.

Alhoewel dit nie so pertinent gestel word soos in die Roomse Kerk nie, leer die Lutherse Kerk ook maar iets soortgelyks. Dit kom ook maar op dieselfde neer as hulle sê dat die brood en wyn in die liggaam en bloed van Christus verander as 'n mens dit eet en drink. Jesus Christus is teenwoordig in die brood en die wyn, volgens hulle, "soos die vuur die yster deurgloei."

Volgens hierdie opvattinge gebeur daar met elke Nagmaalsviering 'n wonder. Die brood word die liggaam en die wyn verander in die bloed van Christus. Daarom is dit dat net die priesters in die Roomse Kerk Nagmaal gebruik, ook vir die lidmate, of dat die brood en die wyn in die mond van die lidmaat geplaas word, soos wat dit in die Lutherse Kerk

die gebruik is.

(b) Hoe is Christus dan wel in die Nagmaal teenwoordig?

Toe Jesus die Nagmaal ingestel het, het Hy gesê: "Neem, eet; dit is my liggaam." Tog was dit gewone brood en wyn wat hulle gebruik het. As die Nagmaal bedien word, vind daar nie 'n wonder plaas nie. Die brood bly brood en die wyn bly wyn. As ons na 'n portret kyk, sê ons: "Dit is die of daardie". In die Nagmaal sien ons die portret van die Lam wat geslag is.

As 'n mens na iemand se portret kyk, dan is dit asof iets van sy persoonlikheid ook daar teenwoordig is. Tog is dit in werklikheid nie die geval nie. Anders is dit in die Nagmaal. Dis nie maar net die portret wat ons laat dink aan Jesus Christus, die gekruisigde, nie. Nee, Hyself is ook werklik daar teenwoordig in geestelike opsig. Hy is die onsigbare Gasheer by sy tafel. Dis sy Woord wat daar spreek, dis sy Gees wat inwerk in ons harte. Soos Jakob moet ons ook sê: "Waarlik, die Here is op die plek en ek het dit nie geweet nie" (Gen. 28:16). Verstoflik en versinnelik soos wat ons is, mis ons in baie opsigte daardie geestelike aanvoeling. Ons siele is so vergroef dat ons ongevoelig en onvatbaar is vir die geestelike dinge. Dis alleen wanneer die Gees van die Here in die Nagmaals-oomblikke beslag gelê het op ons harte en dit beheers, dat ons dit besef en aanvoel. Dit is die Here. Mag dit dan wees dat as ons Nagmaal gebruik, dit ook gedoen word met meer innerlike ontroering in die gemoed. Ja, met harte wat brandende is soos die van die Emmausgangers wat eers daarna bewus geword het van die heerlike beloning van sy teenwoordigheid.

(c) Die uitwerking van die Nagmaal.

1. Jakob het met sy hart en siel aan die Here vasgehou en gesê: "Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat u my seën." As u werklik Nagmaal gevier het, gaan u ook nie sonder 'n seën daar weg nie. Maar ons moet nie verwag dat dit oombliklik sal wees nie. Dit is nie so dat as ons Nagmaal gevier het, ons ook meteens ander mense is nie. Dis nie so dat daar nou nie meer daardie boesemsonde sal wees waarteen u moet stry nie, nie so dat daardie kruis wat u moet dra nou meteens weg sal wees uit u lewe nie. Nee, die sonde is nog daar, die beproewing en die stryd sal ook daar wees, maar dan is die krag en genade van die Here ook daar. Hierdie seën van die Nagmaal in u lewe kom in baie opsigte eers later. Voedsel en drank versterk geleidelik 'n mens se liggaamskragte. Stil en ongemerk is die seën van die Nagmaal werksaam in u lewe soos die dou en die reën vir tuin en veld, soos die sonlig vir die blom.

2. In die Nagmaal — heilige oomblikke wat dit is — is ons in die teenwoordigheid van Jesus Christus; ons staan voor die diepe geheimenisse van sy ewige sondaarsliefde; ons raak aan die fyn geestelike dinge. Sulke oomblikke wanneer ons as in die Allerheiligste verkeer, kan vir ons tot 'n seën wees. Maar wee my as ek met 'n koue, onverskillige hart dit waag om in te dring in die atmosfeer van die heilige; wee my as ek met my besoodelde hand wil vat aan die heilige dinge in die heilighdom van Gods liefde; wee my as ek dit waag om nader te kom met 'n hart wat nie reg is voor God en mens nie, as dit 'n hart is wat onbedekte sondes herberg of as ek my nie daarvoor mishaag en my soos die tollenaar voor God diep verootmoedig nie.

Ja, dan kan so 'n Nagmaalsmoment vir my 'n vloek inhou. Die Nagmaal is net soos die sonlig en die klammigheid. Dit laat ontkiem, dit laat groei en bot en bloei. Maar dit kan ook laat verrot. Dit is net soos die wind wat reën aanbring, maar ook die vuur aanblaas. Dit is net soos medisyne wat enersyds genesing kan bring, maar dit kan ook die dood veroorsaak. Daar is ook gif in. Ja, die Nagmaal kan vir u 'n bergpunt wees wat vir u baie naby aan die hemel bring, of 'n krans vanwaar u die dieptes kan instort.

Laat ons verder let op:

B. Die spreke van Christus in die Nagmaal.

Ons bely nie net dat ons glo in die teenwoordigheid van Jesus Christus in die Nagmaal nie. Ons glo dat Hy die stille onsigbare Gasheer is by sy tafel. Maar Hy is nie die

swygende Gasheer nie. Hy spreek. In die antwoord op vraag 79 bely ons: Christus spreek so. Hoe spreek Hy?

1. In die eerste plek leer Hy ons. As ons Nagmaal vier, is dit 'n stille beleving, geheiligde oomblikke vir 'n sondaarshart in die teenwoordigheid van Christus. Maar dit is nie net 'n saak van die hart nie. Hy wil nie net ons harte vervul met die teenwoordigheid van sy Gees nie. Hy wil dit ook doen deur sy Woord. In die Nagmaal spreek Hy ook tot ons.

Sy prediking is lering. So was dit in die dae van sy omwandeling op aarde. Sy prediking was nie 'n klomp woorde sonder betekenis nie. Dit was nie gevoelsopsweping soos wanneer mense wat bymekaar was geweldig onder die indruk van die oomblik was, maar dan tog terug gaan met siele wat leeg is. Nee, Hy het diepe waarhede verkondig, vaste spyse was dit vir die siel. Maar Hy het dit gedoen op so 'n eenvoudige wyse — deur gelykenisse. Hy het aangesluit by die bekende, die sigbare en tydelike dinge.

So leer Hy ook nog deur die Nagmaal. Die Nagmaal moet vir ons een groot gelykenis wees: "soos brood en wyn hierdie tydelike lewe onderhou, so ook is sy gekruisigde liggaam en vergote bloed die waaragtige spys en drank waardeur ons siele tot die ewige lewe gevoed word". In die Nagmaal roep Hy ons toe: "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie" (Jes. 55:2). Wat 'n magtige getuigenis wat dwarsweg ingaan teen ons verstoflikte en aardgebonde lewe: Mens dink daaraan: Jy het nie net 'n liggaam wat gevoed moet word nie. Jy het ook 'n siel. Wee jou as jy jou siel laat hongerly. "Wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?" (Mark 8:36).

Uitnodigend klink dit: "Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom sal nooit honger kry nie; en wie in My glo sal nooit dors kry nie" (Joh. 6:35). Dis asof ons in die Nagmaal vir Jesus Christus sien en hoor.

2. Maar in die tweede plek wil Hy vir ons ook in die Nagmaal verseker: Die prediking van Jesus was nie 'n massa-kennis van feite soos die wat 'n mens vir 'n eksamen moet probeer onthou nie, die kop vol en die hart leeg. Nee, sy prediking en lering het die hart geraak. Dit was so direk persoonlik. So spreek Hy deur die Nagmaal ook nog. Hy bring dit tuis in elke hart soos ons dit bely in die antwoord op vraag 79: Hy wil ons "deur hierdie sigbare tekens en pande verseker dat ons net so waarlik sy ware liggaam en bloed deur die werking van die Heilige Gees deelagtig word as wat ons hierdie heilige waartekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang en dat al sy lyde en gehoorsaamheid so sekerlik ons eie is asof ons self in ons eie persoon alles gely en aan God vir ons sondes voldoening gegee het."

Verder wil Hy ons verseker van ons gemeenskap met Hom, nl.: Hy in ons en ons in Hom. Hy in ons: Ja, die tekens van die gebroke brood en die vergote wyn getuig dat Hy een met ons geword het in ons strafwaardigheid voor God. Dis die fluistering uit die Middelaarshart: "dat Ek vir julle — terwyl julle anders die ewige dood moes sterwe — my liggaam aan die kruishout in die dood gee en my bloed vergiet." Maar ook ons in Hom: strafwaardig en onwaardig is ons as ons na die Nagmaal toe gaan, met harte wat nie suiwer en hande wat nie rein is nie, maar in Hom is ons geregverdig — en die wat Hy geregverdig het, die het Hy ook verheerlik. So is dit dan: Hy in ons — onder straf in lydensgebrokenheid gemartel en verbrysel. Maar ons in Hom: geheilig, geregverdig en verheerlik.

Waarlik, in die Nagmaal daal Hy af tot ons waar ons verval, verlate en gebroke lê. Maar in die Nagmaal hef Hy ons op tot Hom, waar Hy, met eer en heerlijkheid gekroon, wil hê dat ons ook moet wees waar Hy is. Watter heerlike oomblikke is dit nie in sy gemeenskap aan die Nagmaalstafel nie? Mag ons in die Nagmaalsmomente van ons lewe belewe sy seënryke teenwoordigheid, die ritselinge van die ewige lewe in die hart.

Amen.

SONDAG 30.

DIE WARE NAGMAALGANGER

Lees: Luk. 18:9-17.

Sing: Pss. 65:3; 25:4; 57:2; 38:1, 15.

Die dinge van Gods Koninkryk is baiekeer moeiliker *om* te verstaan. Partykeer kan 'n mens dit glad nie verstaan nie. U sal dit ook nie verstaan nie want dis geloofswaarhede. U moet dit glo.

In die dinge van Gods koninkryk is daar teenstrydighede, skynbare teenstrydighede. Enersyds is die koninkryk van die hemele volgens die prediking van Jesus soos 'n groot boom waarin voëls van oral nes maak. Jesus sien hoedat mense van oos en van wes aansit in die koninkryk. Dis die gedagte van ruime toeganklikheid. En tog — as iemand vir Hom vra: "Here, is die wat gered word min? — dan praat Hy van 'n nou poort en van baie wat sal probeer om in te gaan en wat nie kan en nie mag ingaan nie (Luk. 13). Die nuwe Jerusalem word geteken as 'n stad met twaalf poorte, na elke windstreek drie poorte. En tog staan daar ook: "En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam."

So vind ons dit ook by die Nagmaal. Die uitnodiging gaan tot almal. Kom almal wat vermoeid en belas is! Tog moet daar 'n keuring plaasvind. In die gelykenis van die bruilof het die slawe opdrag gekry om almal te nooi wat hulle op die kruispaaie kon kry. Ja, hulle moes hulle dwing om te kom. Maar as almal dan in die bruilofsaal is, gaan die keurende oog van die gasheer oor die bruilofsgaste. Dan ontdek hy een wat nie 'n bruilofskleed aan het nie. Die moet daaruit — die duisternis in. As ons aan die Nagmaalstafel sit, gaan die keurende oog van Christus ook oor ons en dan is dit die vraag of ons daar behoort te wees of nie.

Vir wie is die Nagmaal van die Here ingestel? Keur en uitsoek? Ja, dit doen ons graag. Ons wil graag uitsoek wie nou die uitgesoektes in die gemeente is. Dan sou ons sê: "ja, hierdie een en daardie een — dis aangename mense; hierdie en daardie — dis mense van aansien. Maar die en daardie? Wag eers." Die kategismus begin nie by ander mense nie. Dit begin by uself. Dis in die eerste plek 'n saak vir eie gewete. 'n Mens moet maar eers die ander mense laat staan en jou eie hart en lewe ondersoek. 'n Mens moet jouself keur en jou aan selftug onderwerp. Maar nou kan dit wees dat daar mense is van wie die gewete nie meer so gevoelig is nie. Wel, as die eie gewete nie meer werk nie, dan moet die kerklike tug die gewete wees wat in werking tree.

Die Nagmaal is nie 'n oop tafel waarheen enigeen maar mag kom nie. Dit is alleen vir gekeurdes en hierdie keuring vind plaas deur

- A. Selftug en
- B. Kerklike tug.

A. Selftug.

Voordat ons na die tafel van die Here gaan, moet ons onself eers ondersoek.

1. Waarin moet hierdie selfondersoek nie bestaan nie?

Dit moet nie net daarin bestaan dat ek myself afvra of ek nie in vyandskap met ander mense lewe of slegte gevoelens teen ander het nie. 'n Mens kan meen dat jy in vrede lewe met ander en tog kan jy in vyandskap wees met God deur jou sondes.

Hierdie ondersoek moet ook nie die selfondersoek van die fariseër wees nie waar 'n mens soek na jou voortreflikhede en dan tot die slotsom kom: "Ek dank U Here, dat ek nie is soos die en daardie nie."

2. Waarin moet die selfondersoek dan wel bestaan?

(a) In die eerste plek daarin dat 'n mens indaal in die afgronddiepte van eie hart om jou sondes te sien in die lig van Gods aangesig. Dan is dit nie net om sekere bepaalde sondes raak te sien nie. Ja, hoeveel is daar? Hoe sal ons dit ooit alles kan raaksien en opnoem? Daardie bepaalde sondes is maar net die uitpunte bokant die lewensoppervlakte. Dis soos 'n ysberg. Hier en daar steek daar skerp punte. bokant die see-oppervlakte uit. Maar dit is maar die kleinste gedeeltes. Daaronder drywe die verborge massa waarteen menige skip hom te pletter loop. Ons sondes is net die uitpunte van die verborge grootheid waarop u en my lewensskip kan vasloop.

Maar dit gaan nie net oor u sondes nie. Dis nie 'n mens se sonde wat jou uitsluit uit die Koninkryk van God nie. Dis u houding teenoor daardie sonde. Nou sê die kategismus dat die Nagmaal ingestel is vir die wat hulleself vanweë hulle sondes mishaag — en hulle voor God verootmoedig, voeg die Nagmaalsformulier daarby. Aan die Nagmaalstafel is nie plek vir mense wat onverskillig staan teenoor hulle sondes of 'n behae daarin het nie. Dis bedoel vir mense wat vernederd voel daaroor, hulleself daaroor mishaag. Maar selfverwyt en selfbejammering sonder meer is dit ook nie. Dis 'n droefheid wat op die mens gerig is. Kain en Esau het hulleself ook beklaag. Maar Dawid het homself voor God verootmoedig met sy: "Teen U, U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in U oë." Ware berou is droefheid tot God.

(b) Hierdie selfkeuring of selfondersoek moet in die tweede plek daarin bestaan dat daar onder die diepe besef van u sondes tog die vertroue is dat dit om Christus ontwil vergewe is, of soos wat die formulier sê: "dat ons die gewisse belofte van God glo". Laat ons daarop let: Die keurende oog van die Here soek nie na 'n sterk geloof nie. Dit soek net na 'n opregte geloof. Die vraag is nie of ek 'n sterk geloof het nie. Die sterkte lê nie in die geloof nie, maar in die gewisse beloftes van God. Daarom — al is dit dat ons nog geen volkome geloof besit nie, al moet ons daagliks teen die swakheid van ons geloof en die bose luste van ons vlees stry, as die geloof net daar is, hoe swak ook al, dan kan ons kom, ja, dan moet ons na die tafel van die Here toe kom.

(c) Een van die tekens van ware berou is dat 'n mens wil breek met die sonde, dat jy jou lewe wil verbeter. Geloof en lewe gaan saam. As 'n mens glo, waarlik glo, moet jou lewe dit toon. Daarom moet daar 'n ernstige voorneme wees om teen die sonde te stry en om in 'n nuwe lewe van dankbaarheid te wandel.

As hierdie gesindheid nie daar is nie, begewe u u moedswilliglik in 'n groot gevaar wanneer u die heilige dinge van die Here met 'n onheilige hart benader. "Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself." (1 Kor. 11:29.) Maar laat ons dit tog nie misverstaan nie. Geestelik gevoelige mense huiwer om na die tafel van die Here te gaan as hulle aan hierdie woorde dink. Onwaardig hier sien nie op die persoon nie. Almal wat Nagmaalstafel toe gaan, is onwaardig voor die Here. Onwaardig hier het betrekking op die wyse waarop 'n mens Nagmaal vier as jy jouself nie reg gekeur en ondersoek het nie.

Dan is die gevaar daar dat 'n mens jou tot 'n oordeel kan eet en drink. Dit is nie die oordeel, die ewige oordeel nie, maar 'n oordeel. Die Nagmaal kan vir 'n mens tot seën wees, maar dit kan vir jou ook kwaad doen om dit te gebruik. Ja, en nie net vir jouself nie. 'n Mens kan deur jou verkeerde Nagmaalsgebruik die hele gemeente in gevaar bring. Dink maar aan Agan. Daarom is dit so noodsaaklik dat ons onself deeglik moet voorberei voor die Nagmaalsviering. Daarvoor word daar 'n voorbereidingsdiens gehou. Tog is daar baie lidmate wat nie die noodsaaklikheid om die voorbereidingsdienste by te woon, besef nie. Die Nagmaalsdiens sal hulle nie mis nie. Maar hoe kan 'n mens reg Nagmaal vier as daar nie 'n deeglike voorbereiding was nie?

B. Die kerklike tug.

(a) Die ware Nagmaalganger moet by die lig van Gods Woord en eie gewete homself

keur. Hy moet hom aan selftug onderwerp. Ongelukkig is dit nie altyd doeltreffend nie.

Daar is mense wat partykeer nie Nagmaal gebruik nie. Dit is dan nie omdat hulle nie mag nie. Dis omdat hulle nie wil nie. Die wens van Christus, of sterker nog, die bevel van Christus sluit alle eiewilligheid uit. Maar daar is ook mense wat nie Nagmaal mag gebruik nie, en hulle wil dit doen. Dis ook eiewilligheid, net weer op 'n ander wyse. Dis 'n bedroewende feit dat daar mense is wat partykeer die Nagmaal wil gebruik as 'n middel om hulleself te handhaaf: Dit gebeur partykeer dat as iemand afgeraai word om Nagmaal te gebruik, of wanneer die toegang tot die Nagmaal aan hom ontsê word, so iemand op sy reg staan, soos hy meen. Hy wil nou Nagmaal gebruik en hy sal hom nie laat keer nie. Hy wil homself handhaaf.

Dit is treurig dat daar in die Kerk van die Here mense is wat enersyds die sonde en die wêreld wil dien en andersyds nog deur die lewe wil gaan, gedek onder die Naam van Christus. Dis die mense wat volgens vraag 82 "hulle met hul belydenis en hul lewe as ongelowige en goddelose mense gedra." "Watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtheid en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?" (2 Kor. 6:14). Sulke mense mag nie aan die tafel van die Here toegelaat word nie. As die gewete van sulke mense nie meer werk nie, moet die Kerk van Christus as gewete werksaam wees en wel deur die kerklike tug.

(b) Onder tug verstaan ons dit hier in ruime sin: Dis die tug van Gods Woord soos wat dit aan sulke mense voorgehou word in vermaning en verkondiging. Maar ook die tug in eintlike sin wanneer na vrugtelose vermanings sulke mense uiteindelik onder sensuur gesit moet word. Dis 'n ernstige vraag in ons tyd van goddeloosheid en kerkloosheid, in hierdie tyd van geestelike verbastering en sedelike verwildering, of die Christelike Kerk nog wel as die gewete werksaam is nie net deur sy getuienis na buite toe nie, maar ook in eie kring, in die gemeente. Is dit nie te veel die neiging om sulke mense maar aan hulleself oor te laat nie sodat hulle maar doen wat hulle wil en dit lidmate van die Kerk?

(c) Ja, maar wie moet dit nou doen? Wie se plig is dit nou eintlik om ten sulke mense op te tree?

Die antwoord is dadelik gereed: Dis die plig van die kerkraad. Ja, dit is so, maar kan ons daarmee volstaan? Die kategismus sê dis die plig van die Christelike Kerk en die Christelike Kerk is nie net die kerkrade nie. Dis ook die lidmate. Dis dan sekerlik die plig van elke lidmaat, en ook in die eerste plek sy en haar plig om 'n mede-broeder en -suster te vermaan. In die amp van die gelowige kan ons nie ons verpligtings op die kerkraad afskuiwe nie. Hier geld dit ook dat ons nie die Kainshouding kan inneem deur te sê: "Is ek my broer se wagter?"

(d) Die kerkraad is geroepe om te waarsku en as dit nie help nie uiteindelik op te tree deurmiddel van sensuur. Die geval is egter so dat wanneer die kerkraad direk en persoonlik moet handel, is dit al baie ver heen. Die sondes word so gedoen, ja, net so dat dit moeilik is om direk die vinger daarop te lê. Baiekeer weet kerkraadslede daarvan maar hulle mag dit nie sê nie. Maar die sonde het sy loop. Die tyd kom vir die kerkraad om op te tree.

Dis moeilike en verantwoordelike werk. Dis moontlik dat mense wat die sakramente mag gebruik daarvan weggehou word en die wat nie mag nie toegelaat word. Maar hoe moeilik dit ook al is, die kerkraad moet waak oor die tafel van die Here. As dit onheiligh word, kan daar 'n vloek oor so 'n gemeente rus. Is daar nie al gemeentes in ons Kerk waaroor daar 'n vloek rus omdat die kerkraad nie sy plig gedoen het nie? As dit noodsaaklik is dat daar tug in ons huisgesinne moet wees sodat die kinders nie bandeloos word nie, dan is die tug in die huis van die Here, onse Vader, net so noodsaaklik. Hier kan elkeen ook nie maar maak wat hy en sy wil nie.

Maar die tughandeling van die kerkraad moet ook gesteun en gedra word deur die gemeente. Gemeentelêde moet saamwerk met die kerkraad deur sulke persone te besoek, met hulle te praat vir hulle te bid om terug te keer van die sondaarpad. Dan sal die tug ook meer krag hê. Baiekeer gebeur dit dat dit net as 'n saak vir die kerkraad

beskou word of ook wel dat medelidmate die optrede van die kerkraad kragteloos maak deur met so iemand saam te praat en sy kant te kies.

(e) Wat is die doel van die tug?

Dit is nie om van 'n moeilike en slegte lidmaat ontslae te raak nie. Dit moet ook nie gedoen word uit 'n gees van wraaksug nie. Dis ook nie uit die oogpunt van straf soos wat die wêreldlike hof 'n vonnis uitspreek oor 'n oortreder wat hy dan moet uitdien nie. Daarom word so 'n persoon nie vir 'n vooraf vasgestelde tydperk onder tug geplaas nie. Die tug is geestelik. God tugtig sy kind wat Hy liefhet. Die tug moet gedra word deur die liefde van Christus. Die doel is die beswil van 'n sondaar. Dis om hom terug te bring, te bring tot berou en bekering. Dan is daar vergewing.

As die gesindheid van so 'n persoon reg is, as hy en sy waarlik 'n kind van die Here is, sal daar nie 'n gees van verset en van vermakerigheid en van selfhandhawing wees nie. So 'n persoon sal hom en haar verneder onder die kragtige hand van God. Deur Gods genade kom dit dan uiteindelik uit die hart:

"Nou sal ek opstaan, na die woning weer
die Vaderhuis my wank'le voetstap keer.
"My Vader" sal ek sê, van misdaad sku,
my sonde is voor die hemel en voor u."

Dan juig die engele daarbo. Die werk van Jesus Christus op aarde was nie tevergeefs nie.

Amen.

SONDAG 31.

DIE SLEUTELS VAN DIE HEMELRYK

Lees: Jes. 22:15-25.

Sing: Pss. 136:1, 2; 100:1, 3; 105:3; 118:10.

'n Volk kan nie sy land se poorte oopgooi sodat enige immigrant wat wil, maar kan inkom en aanspraak maak op burgerskap nie. As so iemand in 'n land wil inkom, is daar sekere vereistes waaraan voldoen moet word. Dat dit ook so is ten opsigte van die Koninkryk van die hemel, sê Gods Woord baie duidelik. By die vraag: Vir wie is die Nagmaal van die Here ingestel, is die gedagte van keuring baie duidelik op die voorgrond gestel. In hierdie Sondagsafdeling word gehandel oor die sleutels van die hemelryk. Hier word dieselfde gedagte weer beklemtoon. Hier word nou vasgestel hoedat die keuring moet plaasvind en wat die voorwaardes is vir die verkryging van die burgerskap van die hemele.

Volgens Gods Woord is die Koninkryk van die hemele soos 'n stad. Die Kerk van Christus is soos 'n stad wat op 'n berg lê, 'n vesting en 'n ligpunt in die wêreld. Aan die einde word dit die Nuwe Jerusalem. Augustinus het 'n groot werk hieroor geskrywe met die naam van "Die Stad van God". Dit word voorgestel soos 'n stad in die ou tyd met dik mure en swaar poorte met grendels. Dit spreek van begrensing en beveiliging. Teenoor die stad van God, die hemelryk, is daar die ryk van die vors van die duisternis. Hiervandaan word daar voortdurend aanvalle geloods op die stad van God. Die Koninkryk van die hemele moet dus voortdurend in 'n staat van oorlog wees met die satansryk. Dit word altyd bedreig, nie net deur vyande van buite nie, maar baiekeer ook deur "vriende" van binne. So maklik kan daar van buite af vyande probeer insluip deur die poorte, en dit gebeur ook. So baiekeer is daar "vriende" van binnekant af wat as verraaiers van die Kerk en die saak van Christus na buite uitkom. Daar om is dit noodsaaklik dat daar wag gehou word by die poorte.

Nie elkeen wat sê: "Here, Here", sal ingaan nie.. Vir sommige staan op daardie poorte: Toegang verbode. "Gaan weg van My af, julle wat die ongeregtheid werk" (Matt. 7:23). Ander wat daar binne in was moet uitgewerp word, gedeporteerdes uit die Koninkryk van die hemele in die buitenste duisternis. Om uitgesluit te wees, sal al iets verskrikliks wees vir 'n sondaar. Maar om uitgewerp te word nadat jy saam met ander gereken was as behorende tot die Koninkryk van God, sal nog erger wees.

Die Koninkryk van die hemele is 'n stad met poorte. Hierdie poorte is nie in die hemel nie. Dis hier op aarde. Hier op aarde, solank as wat 'n mens nog hier is, moet dit beslis word of daar vir jou toegang is of nie. Die sleutels wat pas op die slot van die deur van sy Koninkryk, het Jesus aan sy Kerk toevertrou as Hy sê: "Voorwaar, Ek sê vir julle, alles wat julle bind op die aarde, sal gebonde wees in die hemel; en alles wat julle ontbind op die aarde, sal ontbonde wees in die hemel (Matt. 18:18). Hierdie sleutels is:

- A. Die verkondiging van die heilige Evangelie, en
- B. Die kerklike tug of uitsluiting uit die Christelike gemeente.

A. Die verkondiging van die Heilige Evangelie.

1. Dis 'n heerlike voorreg om hierdie sleutel te hanteer: om vir ter dood veroordeeldes 'n vrylating te verkondig en vir geboeides opening van die gevangenis; om aan sondaars en sondaresses die versekering te gee "dat al hulle sondes waaragtiglik ter wille van die verdienste van Christus hulle deur God vergewe is"; om die treurendes in Sion te vertroos en te sê: "Hier is julle God"; om vir mede-pelgrimsgangers te wys op die weg na die ewigheid en vir hulle 'n uitsig te laat kry op die heerlike ingang in die ewige Koninkryk van ons Here Jesus Christus!

2. Ja, en dit moet met klem en nadruk gedoen word. Dit moet "verkondig en openlik

betuig word". "O, Sion verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoë berg! O, Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag!" (Jes. 40:9). Verder moet dit "aan almal saam en elkeen afsonderlik" gesê word, in die openbaar deur die prediking, met huisbesoek, met siekebesoek. Dis of ons hierin voel dat dit op velerlei wyse gedoen moet word. 'n Mens kan die evangelie van Jesus Christus nooit te veel hoor nie.

Die deur word oopgesluit: daar is 'n heerlike ingang in die Koninkryk van Jesus Christus, ja, al is u en ek groot sondare voor die Here. Dis nie 'n mens se skuld wat jou diskwalifiseer vir die hemelse burgerskap nie. Groot sondare en sondaresse het al toegang gevind. Die vraag is maar net of ons "die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem." Die vraag is nie of ons kapitaal genoeg het om hierdie hemelse burgerskap te verkry nie. Kapitaalkragtige mense is nie altyd die beste burgers van 'n land nie. By die ingang in die Koninkryk van die hemele is dit juis die vraag of 'n mens bereid is om van alles af te sien waaraan jou hart vashou, om aan te neem wat Jesus Christus vir jou wil gee. Geestelike kapitaliste soos die fariseë word uitgesluit. So 'n armoedige soos die tollenaar kan ingaan.

3. Dis 'n heerlike voorreg om hierdie sleutel te hanteer, om die evangelie te bring as 'n lieflike klank, as 'n vreugdebodskap. Maar dis ook 'n verskriklike opdrag, verskriklik vir die wat dit hoor, maar verskriklik ook vir die wat dit moet bring. Die Woord van God is nie net soos lieflikstrelende musiek nie. Dis ook soos 'n donderslag wat laat sidder. Dis nie net 'n sleutel wat oopsluit en daar kom lig nie. Dis ook 'n sleutel wat toesluit en dit word nag. Verskriklik is dit om vir jou medemense te sê "dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus": om vir 'n medesondaar wat net so 'n sondaar is soos jy te sê: Vir jou is die deur van die Koninkryk van die hemele toe! Ja, verskriklik is dit om dit te sê, nie net vir roekelose onverskillige wêreldmense nie, maar vir kerkmense wat daar in die kerkbanke sit, en ook vir jouself wat op die preekstoel staan.

Besef ons wel wat 'n preek is? Dis nie maar net een van soveel toesprake wat ons hoor of lees, mensewoorde en mensemenings nie. Daar is soveel daarvan dat dit 'n mens koud laat. Nee, dis die sleutel wat vir jou toegang verleen tot of uitsluit uit die hemel; dit verkondig vir 'n mens jou toekoms, jou ewige toekoms. Tog is daar mense wat dit hoor en nie hoor nie. Tog is daar mense wat onbewoë insluimer en oor hulle weerklink die woorde van die dood en die ewigheid.

Die tweede sleutel is—

B. Die sleutel van die kerklike tug.

Hierdie sleutel word gebruik eers nadat die ander een reeds lankal in gebruik was, as die werking van die ander een nie effektief genoeg is nie. Elkeen is geroepe om hom en haarself te plaas onder die tug van Gods Woord. Daar is sondes in u lewe waarvan net u en u God weet. Maar dan moet daar ook wees die onderlinge tug. Die skrywer aan die Hebreërs sê: "Laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor—laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien naderkom. (Hebr. 10:24, 25).

Algemene onderlinge aansporing en vermaning is nodig en heilsaam. Maar dit moet ook direk en persoonlik plaasvind as daar sondes tot openbaring kom in die lewe van medegelowiges. Die vraag is of ons nie te veel geneig is om dit na te laat nie omdat 'n mens bang is jy sal aanstoot gee. Eers in laaste instansie is dit 'n saak van die kerkraad as mense "onder die Christelike naam hulle onchristelik in leer of lewe openbaar". Die pad van die tug is 'n lang pad. Die kerklike tug is die laaste redmiddel. Daarmee moet ook stadig en versigtig gehandel word. God is lankmoedig. Maar as dit in werking gestel word, moet dit met beslistheid gedoen word. Die sleutel van die kerklike tug word nie gou gebruik nie. As dit gebruik word, draai dit stadig in die slot van die deur van Gods Koninkryk. Maar dit draai seker, al meer en meer.

Hierdie sleutel moet nie dadelik gebruik word as iemand in sonde geval het nie. Dit moet gebruik word as daar nie berou is nie en volharding op die pad van sonde. Sommige mense meen dat so iemand sonder meer onder tug geplaas moet word, al is daar ook berou. Kerklike tug is nie straf in dieselfde sin as wêreldlike straf nie. Die owerheid dra die swaard om misdade te straf. Die magistraat en die regter moet straf al is daar berou. Maar die tug is geestelik. As daar berou is en dit word bewys, is dit nie nodig om van die sleutel gebruik te maak nie, of as dit reeds al gebruik is, moet dit weer terugdraai, en oopsluit. Maar eers as daar berou is en dit bewys word. Ja, dit moet bewys word. Daar is mense wat gou is om berou te betoon, maar dan is dit net om die tug vry te spring. Die kerkraad moet eers oortuig wees van die sonde voordat die tug toegepas word. Maar dan moet die kerkraad ook eers weer oortuig wees van die berou voordat die tug opgehef word.

As ons dink aan persone wat onder tug geplaas word, is die eerste die mense wat die sewende gebod oortree het. Maar waarom dink ons dan net aan die een gebod en waarom tree die tug nie ook in werking ten opsigte van die ander gebooe nie? Ons dink o.a. aan die derde gebod: Jy mag die Naam van die Here, jou God nie ydellik gebruik nie. Hoeveel vloekers en lasteraars is daar nie in die Kerk van Christus nie. Daar is die vierde gebod. Hoeveel sabbatskenders is daar nie in die Kerk van die Here nie. In elke gemeente is daar lidmate wat baie min in die kerk gesien word. Is hulle minder skuldig as oortreders van die sewende gebod? Is die sewende gebod dan die grootste gebod van die wet? As die tug toegepas word ten opsigte van een van die gebooe, dan moet dit ook gedoen word met betrekking tot al die ander, nie waar nie?

Maar dit geld nie net mense wat hulle onchristelik in die lewe gedra nie, maar ook in die leer. Volgens die derde gebod moet ons God ook reg bely, d.i. volgens sy Woord. Toe Paulus in Athene gekom het, het hy daar 'n versameling gesien van afgodsbeelde van verskillende gode. Die Stad van God bied nie huisvesting vir ander gode en begrippe van gode nie. Daarin word net die enige ware God en Jesus Christus geken en gedien soos wat Hy Hom in sy Woord geopenbaar het. Leervryheid mag nie toegelaat word in die Kerk van Christus onder die mooi naam van verdraagsaamheid nie. Dis die vyande huisvesting gee binne die poorte van die Stad van God. Handhawing van die belydenisskrifte mag beskou word as strengheid en engheid en onverdraagsaamheid en wat al meer. Maar dit is eenmaal so: Die Kerk van Christus is 'n stad, nie 'n oop terrein nie. Dis 'n stad met mure en poorte. Daar moet wag gehou word. Dis God se stad.

As hierdie sleutel gebruik word, is dit 'n saak van baie groot erns. Elke vermaning is 'n hantering van hierdie sleutel en elke tugaksie is 'n draai van die sleutel in die deur van Gods Koninkryk. Vir so 'n sondaar wat nieteenstaande dit nog volhard, beteken dit dat die deur van Gods Koninkryk stadig maar seker vir hom toegesluit word. God is lankmoedig, maar ook regverdig. Watter verskriklike saak is dit dan nie as die sleutel heeltemal gedraai is en die deur op slot is vir so 'n mens!

Vir 'n kerkraad is dit nie 'n maklike en 'n aangename taak om hierdie sleutel te hanteer nie. In meer as een geval deins 'n kerkraad terug. Maar die vraag is of hierdie sleutel nie in baie opsigte te lank in onbruik lê nie. As 'n sleutel lank ongebruik lê, verroes dit en dan wil dit nie meer werk nie. Dis 'n bevel van Christus en om Christus ontwil moet dit gedoen word. Wanneer iemand onder tug geplaas word, word teveel gedink oor die dinge van mense en te min oor die dinge van God. Kerkrade wil partykeer nie hierdie sleutel gebruik nie uit vrees vir aanstoot of mense wegja van die kerk af. Lidmate wat onder tug geplaas word, sien dit ook net uit die oogpunt van die mense, en dan is daar die gees van verset en opstand en vermakerigheid. Baie sê dan ook: ek laat my nie seermaak nie. Daar is nog ander kerke ook. Dis dan net so jammer dat sulke mense deur ander kerke opgeneem word sonder meer, en die tug kragteloos gemaak word.

In hierdie saak is dit nodig en vir die kerkraad en vir sulke lidmate om nie te dink oor die dinge van die mens nie, maar oor die dinge van God, om die gestalte van Jesus Christus te sien, nie net met 'n blik van sagte medelyde nie, maar soos Johannes op Patmos waar daar 'n swaard uit sy mond uitgaan en vuurvlamme uitblits uit sy oë (Openb. 1:14-16).

Dis nodig om sy stem te hoor, nie net as Hy sê: "Salig is julle," nie, maar ook: "wee julle"! Hy is 'n rots van behoudenis, maar ook 'n klip waarteen 'n sondaar hom in moedswillige volharding te pletter loop!

Gelukkig as dit so mag wees soos wat die antwoord op vraag 85 afsluit: "terwyl hulle weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem word wanneer hulle verbetering beloof en bewys."

Dan moet daar blydschap wees in die gemeente. Dan juig die engele in die hemel.

Amen.

SONDAG 32.

WAAROM MOET ONS GOED LEWE

Lees: Joh. 1:5.

Sing: Pss. 149:1, 2; 19:4; 138:1, 2; 119:11.

Die mens is geneig of om homself te oorskat of die betekenis van sy lewe te onderskat. Wat vermag hy nie vandag al met sy wetenskap en sy uitvindinge nie waar hy land en see en lug beheer! Wat bring hy nie tot stand met sy kuns, tegniek en geld nie. Dit laat hom sê: "Ek is 'n god." Dit het 'n Nederlandse letterkundige gedoen. Dit het die Aga Kahn 'n tyde gelede ook gesê.

Die modernisme oorskat die mens waar dit leer dat hy van nature gaaf en goed is, dat sy vermoëns net volgens ewolusiegang moet ontwikkel, aangespoor deur die voorbeeld van Jesus Christus. Die mens kan homself red. Dit hang net van hom af.

Toe die kategismus opgestel is, was dit in 'n tyd waarin die gedagtes van die goeie werke van die mens op die voorgrond was. Die Roomse Kerk leer dat 'n mens met jou goeie werke die hemel kan verdien. Wat meer is, daar is ook nog oortollige goeie werke wat soos kapitaal in die hemelse bank lê. Daarmee beskik die Roomse Kerk en die word aangebied aan mense wat kom biec en betaal.

Die Skrif stoot die mens van sy hoë troon af: ons redding is sonder enige verdienste van ons kant, alleen uit genade deur Jesus Christus. Die mens word uitgeskakel. God en God alleen deur Jesus Christus is alles.

Maar aan die ander kant is daar weer die uiterste van onderskatting. As die mens uit sy hoogheid neergestort is, sê hy weer in onverskilligheid: as dit dan so is dat 'n mens totaal onbekwaam is om 'n bydrae tot sy saligheid te lewer, waarom dan nog probeer om goed te doen. Jy kan tog nie! As dit so is dat ek glo dat ek salig sal word, dan staan dit mos vas, dan kan ek maar lewe soos ek wil. Al is dit dat daar miskien nie uit onverskilligheid so geredeneer word nie, dan is daar tog by sommige mense die gedagte dat God alles doen en daarom *voel* hy hom onthef van alle verantwoordelikheid en drywe maar so voort op die lewensee sonder om self ook eie kragte in te span.

Die Skrif bring ook tussen hierdie twee uiterstes die /egte balans: aan die een kant moet dit wat die *mens* doen, of waartoe hy in staat is, nie oorskat word nie; aan die ander kant is dit nie sonder enige betekenis en nodeloos nie. Dit is en dit kan nie die weg tot verlossing wees nie, maar dit is die vrug daarvan: die dankbaarheid in woord en daad vir die groot verlossing deur Jesus Christus, onse Here.

Hier word gevra: Waarom moet ons goeie werke doen? As ons dink aan goeie werke, is ons geneig om te dink aan iets ekstra, iets spesiaals, iets uitstaande: 'n goeie daad aan 'n arme of 'n groot bydrae aan die kerk, bo en behalwe die gewone, of 'n groot donasie vir een of ander goeie saak. Maar dit is nie die bedoeling hier nie. Hier het ons maar te doen met die doodgewone lewe van elke dag, maar dan 'n lewe so dat God daarin 'n welgevalle het, 'n lewe volgens sy Woord en Wet. Eintlik moet ons dan ook nie vra: Waarom moet ek goeie werke doen nie, maar waarom moet ek goed lewe? Hierop sê die kategismus: Dit is omdat dit

- A. 'n Deel is van die werk van Christus en omdat
- B. 'n Goeie lewe 'n groot wins meebring.

A. 'n Deel van die werk van Christus.

(a) As ons dink aan die verlossingswerk van Christus vir 'n sondaar, dan dink ons: Hy het ons met sy bloed gekoop; ons behoort aan Hom. Maar dis nie al wat Jesus Christus gedoen het nie. Sy verlossingswerk bestaan nie net in wat Hy aan die kruis gedoen het nie. Dis die bergtop vanwaar die stroom van sy genadewerk ontspring en afvloei onder

na die vlakke toe. Stilweg vloei dit deur die lewens van die gelowiges om te besproei en tot lewe te bring. Ons is so geneig om net die begin van die verlossingswerk van Christus raak te sien. Ons vergeet die stille gang van sy genadewerk deur ons lewe heen. As ons glo in die verlossing van Christus, dan glo ons ook dat Hy besig is om ons "deur sy Gees tot sy ewebeeld te vernuwe, sodat ons met ons ganse lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys en Hy deur ons geprys word."

Van die deugde wat opbloeit uit die lewegewende stroom van Gods genade wat ons lewens deurstroom, is dankbaarheid die vernaamste. Ware dankbaarheid in u lewe is die gevolg, die vrug van die genadewerk van Christus. Ja, so is dit: 'n mens moet ook genade ontvang om waarlik dankbaar te wees. Al behoort 'n mens dankbaar te wees, jy is dit nie altyd nie, nie vanself, nie. Baiekeer sê ons ons is dankbaar, maar dan is dit nie werklik so nie! Baiekeer voel 'n mens ook dankbaar, maar dan is dit ook nog nie so nie. 'n Mens kan miskien dankbaar voel en tog nie dankbaar lewe nie.

Vir wie waarlik glo in Jesus Christus, bestaan daar in werklikheid nie so 'n vraag soos: Waarom moet ek goed lewe nie? Dis vanselfsprekend; dis 'n gevolg van die heerlike verlossingswerk; dis 'n deel van sy genadewerk in u lewe. Jesus Christus skenk ons die verlossing in sy bloed, maar Hy bewerk die hart en beweeg die lewe tot dankbaarheid. Ja, wat het ons om aan God te gee as Hy dit nie eers aan ons gegee het nie, ook 'n dankbare hart en 'n dankbare lewe!

(b) As 'n mens dink aan die verlossingswerk van Christus, is ons baiekeer geneig om te dink aan die hemel en die ewige saligheid, daar waar die verlostes juigend en jubelend staan voor Gods troon. Maar sy verlossingswerk is nie net iets daar in die verre verlede op Golgota nie; dit kan ook nie net vooruitgeskuif word tot in die verre toekoms in die ewigheid nie. Nee, dit moet plaasvind, nou op hierdie oomblik. Dis hier by ons. Dis in ons, nou! So kan ons ook nie hoop om eendag in die ewigheid God te loof en te dank as ons nou hier nie ware dankbaarheid teenoor God betoon nie. Ons moet "met ons ganse lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade bewys." Ja, die hele lewe: die lewe in sy breedte — van die jeug tot die ouderdom, die lewe in sy diepte — met hoof, hart en hand.

(c) "Die lof en die heerlijkheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid" (Openb. 7:12). So sing die verlostes voor Gods troon. So sal u en ek ook sing in die ewigheid. Ons sal sing van die verlossing deur Jesus Christus want dit is groot en wonderbaar.

Maar ons moet dit nou al doen want ons het die verlossing en die versoening van ons sondes deur sy bloed. Ons het dit alreeds. Maar ag, ons sing so min en ons sing so swak. Dit is omdat ons nog nie 'n regte besef het van wat Hy aan ons gedoen het nie. Ons staan nog te ver daarvan af; ons voel tog te lou en koel daarteenoor. Ons is nog soos mense wat in armoede en ellende is wat gehelp kan word, maar hulle wil hulle nie laat help nie; soos mense vir wie vryheid gegee word, maar hulle verkies slawerny. Ons sing so swak en so min omdat ons dankbaarheid so min is.

Maar ons moet nie net sing nie, ons moet ook doen. Wat help dit om te sing: "so smag my siel na U, O God!" en ons harte kleef vas aan die stoflike en die aardse! Wat help dit om te sing: "in sy lof sal 'k my verlustig" en ons verlustig ons aan die sonde!

Ons sing so swak en partykeer doen ons nog swakker. In die kategismus word gehandel oor: ons ellende, ons verlossing en ons dankbaarheid. Daarmee is ons nou besig. Maar ag, hoe ellendig is ons nie in ons dankbaarheid nie?

Op die vraag: Waarom moet ons goed lewe, is die antwoord: Dit is 'n deel, ja, 'n noodsaaklike deel van ons verlossing, dis die genadewerk van Christus in ons harte. Maar ons moet goed lewe omdat—

B. 'n Goeie lewe 'n groot wins meebring.

(a) 'n Mens moet goed lewe, nie in die eerste plek om en ter wille van jouself nie. Dit is wel die neiging: goed doen sodat jy geroem en geprys word. Watter behae skep 'n mens nie daarin om in selfverheerliking te roem en te sê: "dit en dat het ek gedoen". Nee, dit is nie die regte gesindheid nie. 'n Mens moet jouself vergeet en dit doen sodat net God daardeur verheerlik word.

Maar tog sê die kategismus dat dit vir uself ook betekenis het. As 'n mens goed doen of goed lewe, bring dit vir u ook 'n geestelike seën mee. 'n Mens word daardeur innerlik verryk. In die onderhouding van God se gebooe is daar 'n groot loon. Hoe arm en ellendig is daardie mens innerlik wat slordig en lelik lewe. Skoonheid in die lewenswandel getuig ook van reinheid in die siel. Hoe foeter 'n mens lewe, hoe beter dit ook vir jou siel is.

Maar hier word iets meer bepaalds genoem, nl. "dat elkeen by homself van sy geloof uit die vrugte, versekerd kan wees." Dit word nie gesê in 'n gees van selfverheffing nie. Dis ootmoedige dankbaarheid onder die besef dat God besig is om deur sy genade ook in ons lewens te werk: "So het Hy ook aan my gedoen."

Daar kom oomblikke van twyfel in die hart van die kind van God. Twyfelvrae kom op: Is ek wel 'n kind van die Here? Is ek 'n wedergeborene? Hoe weet ek of ek ook 'n uitverkorene is? Ja, as daar nog soveel sonde in my lewe vassit, as ek so swak is in my gehoorsaamheid, as my geloof so flou is, as ek so 'n huigelaar is: anders as wat die mense my voor aansien! Ja, as ek die goeie wil doen, maar daar meer kwaad is as wat daar goed is!

Maar dan is dit vir my tot 'n troos om te weet dat juis die feit dat ek my sonde voel en bekommerd is daaroor, is 'n vrug van die geloof. Juis die feit dat ek vir myself afvra of ek 'n kind van die Here is, juis die feit dat ek tog graag die goeie wil doen, is 'n bewys dat Jesus Christus besig is om sy genadewerk in my lewe voort te sit. Dit weet ons: "Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, sal dit voleindig" (Fillip. 1:6).

Watter heerlike voorreg om dan in u lewe te soek na ligpunte: kinderlike vrees van God, droefheid tot God oor die sonde, honger en dors na die geregtigheid, getrouheid, gehoorsaamheid. Dis vrugte van die geloof wat God deur sy genade in die hart werk. Watter geestelike wins lê daar dan nie vir 'n mens self nie om te doen wat die apostel sê: "Alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is — watter deug en watter lof daar ook mag wees, dit moet julle bedink." (Fil. 4:8).

(b) As 'n mens goed lewe, bring dit nie net vir jouself 'n wins nie. Dit is ook 'n wins vir Christus: "dat deur ons Godsalige wandel ons naaste ook vir Christus gewin kan word."

Om mense te wen vir Christus en sy Koninkryk! Ja, dit is die taak van die Kerk deurmiddel van die prediking, huisbesoek, sending, evangelisasie en barmhartigheidswerk. Maar weet u dat daar in baie gevalle 'n groter aantrekkingskrag in die wêreld uitgaan uit die lewens van ware Christene, stille voorbeelde van Godsgetrouheid en lewenstoewyding. Die wêreld lees nie die Bybel nie; daar is baie wat nie in die kerk kom nie, maar hulle kom in aanraking met die gelowiges. Hulle lees die lewens van die wat die Naam van Christus bely en hulle lees noukeurig. Dis ook nie altyd net die van groot en vername manne op die voorpunte in die openbare lewe nie. Daar gaan baie keer 'n aangrypende getuigenis uit die lewe van stille getroues: miskien 'n afgeleefde ou vader of moeder, 'n stille lyder en lyderes, 'n sorgsame moeder in haar huis uit wie se lewe toewyding straal, of 'n eerlike man, opreg en pligsgetrou en hy is maar 'n arbeider langs die spoor of op die pad. Dit maak nie saak wie ons is nie. Ons kan mekaar en ook ander deur woord en voorbeeld vir Christus en sy Koninkryk wen.

'n Mens kan nie verwag om eendag salig te word as jy hier 'n onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, geldgierige, dronkaard, lasteraar of 'n rower of wat ook al is nie. (Vr. 87) As 'n mens glo aan die verlossingswerk van Christus, dan moet 'n mens dit in sy geheel

sien. Ons moet nie net die beginpunt op Golgota en die eindpunt in die hemel sien nie, maar ook die weg waarlangs Jesus Christus sy verlossingswerk volbring en dit is die weg van bekering, die bewys van ware dankbaarheid. Daarom moet ons lewe goed wees. As 'n mens dit nie doen nie, watter skade doen jy jou nie self aan nie. Deur moedswillige volharding op die pad van die sonde, ag jy jouself die ewige lewe nie werd nie. Maar watter skade veroorsaak 'n mens nie vir Christus en sy saak nie as 'n mens deur jou sondes en verkeerdhede ander afstoot en nie wen nie, of vir die wêreld aanleiding gee om te spot oor jou kerk en jou Christenskap. Dis onherstelbare skade.

Mag die Here gee dat ons lewens die sigbare en sprekende getuienisse is van die genadewerk van Christus in hierdie wêreld.

Amen.

SONDAG 33.

DIE WARE BEKERING

Lees: Matth. 3.

Sing: Pss. 75:1, 2; 133:1, 2; 146:8; 19:7.

Jesus Christus het wonders gedoen. Onder die grootste wonders moet ons ongetwyfeld die opwekking noem van mense wat klaar dood was, ja, wat selfs al vir 'n paar dae in die graf was. Wat 'n wonder as so iemand weer tot die lewe teruggeroep word! Dit het gebeur. Dit sal weer gebeur: Ek glo in die wederopstanding van die vlees.

Maar is daar nie nog 'n groter wonder as dit nie? Ek glo ook in die wederopstanding van die gees. As Jesus hier indaal in die aardse lewe, kom Hy in 'n kerkhof te lande. Hy wandel tussen graftes wat vol doodsbene is en wat die verderf herberg — die harte van mense wat in sondes ontvang en gebore is. Al lewe hulle en al loop hulle, hulle dra die dood in hulle om. Ons hoor Hom, die enigste lewende tussen die dooies as Hy uitroep oor daardie doderyk: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor, en die wat dit gehoor het sal lewe." (Joh. 5:25). Die kategismus noem die bekering die opstanding van die mens. Ons wil dan daarby stilstaan en *let op*:—

- A. Die Grond van die bekering.
- B. Die Wese van die bekering.
- C. Die Vrug van die bekering.

A. Die grond van die bekering.

1. Deur die metodistiese gevoelsgodsdienst word wedergeboorte en bekering met mekaar verwar. Daar word g'n onderskeid tussen die twee gemaak nie. Dan word dit so voorgestel asof dit nou net van die mens afhang of hy hom aan die Here wil oorgee. As ons let op wat gebeur het toe Jesus gestorwe mense tot die lewe teruggeroep het, kom die verskil tussen wedergeboorte en bekering duidelik uit. Jesus Christus roep so iemand terug na die lewe. Maar dan staan hy op deur die opstandingskrag van die lewegewende woord van Christus. So is dit: om tot die lewe terug te roep, is die werk van Christus. Dis die wedergeboorte. Maar dan bly die gestorwene nie in die dood lê nie, ook nie in die sondedood nie. Hy staan op deur die genadekrag van die Here. Dit is God wat in ons werk sowel om te wil as om te werk na sy welbehag. Maar ons is mede-werksaam. Ons moet ons bekeer. Die wedergeboorte is God se werk alleen. Die bekering is ook God se werk in die mens, maar deur die mens. So is dan die wedergeboorte die grond van die bekering. Bekering sonder wedergeboorte, sonder innerlike verandering van die hart, is g'n waaragtige bekering nie.

2. Die vraag is of wedergeboorte en bekering saamval. Wanneer word 'n mens wedergebore? Ja, wie kan dit sê? God se werk in die hart van die mens is onnaspeurlik, veral die wedergeboorte. "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy gebied, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarnatoe hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is." (Joh. 3:8). Of die mense nou almal dieselfde pad van die bekering moet loop, of almal op dieselfde gewelddadige wyse tot bekering moet kom soos Paulus — ja, wie kan aan die Here voorskrywe hoedat Hy in die hart van 'n sondaar moet *werk*? Van Jeremia lees ons dat hy 'n wedergeborene was van sy geboorte af. (Jer. 1:5). Lydia het ag gegee op wat Paulus gesê het en daar het geleidelik 'n verandering in haar hart gekom en in haar lewe. Die stille geleidelike gang van die genadewerk van die Here in 'n mens se lewe, is die gewone weg, veral vir die wat van jongs af in die weg van die verbond opgevoed is. As u dus nie vir u rekenskap kan gee van die dag en die uur van u bekering nie, moet u nie vir u daarvoor verontrus nie. Sommige mense kan dit wel doen. Ander nie. Maar as 'n mens dit nie kan doen nie, wil dit nie sê dat jy 'n verlorene is nie.

God werk nie met almal eners nie.

3. Die noodsaaklikheid van bekering, van verbetering van die lewe word oral in die wêreld gevoel. Hoe word daar dan nie ook pogings in die werk gestel om dit te bevorder nie. Daar is kerke, godsdienstige bewegings, wat sedelike herbewapening verkondig, sosiale instellings waardeur opheffingswerk gedoen word, kultuurorganisasies wat mense wil laat ontwikkel, skole en opvoedingsinrigtings waar daar nadruk gelê word ook op karakter-vorming. Daar word ook goeie werk gedoen deur die verskillende instansies. Maar daar word nie altyd genoegsame rekening gebou met hierdie twee feite nie, nl. dat die mens van nature sondig is, dat die kwaad ingebore is en verder dat die diepste grond van alle lewensverbetering die wedergeboorte is. As met hierdie twee feite nie genoegsaam rekening gehou word nie, is die lewensverbetering in baie opsigte net uitwendig. Skynbekering raak net die oppervlakte van die lewe en is ook nie duursaam nie. Die ware bekering is in die eerste plek innerlik. Dit begin in die hart. Maar hiermee het ons reeds gekom by

B. Die wese van die bekering.

1. Die woord bekering beteken: van rigting verander. As iemand op 'n verkeerde pad te lande gekom het, moet dit eers tot hom deurdring dat hy sy koers kwytkeraak het. As hy dan innerlik daarvan oortuig geraak het, draai hy om en gaan terug. So is dit ook in die geestelike lewe. Bekering is in die eerste plek sinsverandering: die sondaar sien in dat hy op die verkeerde pad is. Dan volg daar rigtingsverandering. Hy erken nie net sy sonde en sien dit in nie. Hy maak ook metterdaad 'n regsomkeer in sy lewe. Die breë en die smal pad is nie twee paaie wat parallel langs mekaar loop nie. Dis twee paaie wat in teenoorgestelde rigtings van mekaar af weggaan. Daarom is daar ook nie 'n tussenpad tussen die twee nie. Dis of die een of die ander. As 'n mens jou bekeer, dan beteken dit dat jy heeltemal moet terugkom. Dis nie so maklik nie. 'n Mens wil maar al vorentoe, al is jy ook op 'n verkeerde pad.

2. Hier word gevra: uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens. (Vrg. 89). Die antwoord is: uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe. In die ware bekering is daar dus 'n negatiewe en 'n positiewe element.

(a) Hierdie negatiewe element word verder verklaar as bestaande in sondedroefheid, sondehaat en sondevlug. (Antwoord op vrg. 89).

Sondedroefheid: As 'n mens sonde gedoen het, moet daar eers droefheid in jou hart wees voordat jy jou sal bekeer. Ja, maar dan ook waaragtige droefheid. Ons kla baie en oor baie dinge in die lewe. Maar Jeremia sê: "Wat klaag 'n mens in sy lewe? Laat elkeen klaag oor sy sondes." (Klaagl. 3:39). Ons vrees dat dit in baie gevalle die minste is waaroor ons ons bekommer. En as ons nog bedroef voel daaroor, wat is die aard van daardie droefheid? Kain was ook bedroef. Hy het selfs in wanhoop uitgeroep: "My sonde is te groot om vergewe te word!" Judas het selfs in wanhoop selfmoord gepleeg toe hy tot ontnugtering gekom het en gesien het dat Jesus as 'n gevangene weggelei word om gehang te word en dit as gevolg van sy toedoen. Dit was droefheid oor die gevolge van die sonde meer as oor die sonde self. Daar is ook baie wat in sonde bly voortlewe: eers as hulle sondes hulle vang, eers as die gevolge daarvan openbaar word, dan is daar skuldbelydenis. Maar is dit, kan dit ware berou wees? Nee, droefheid oor die sonde "is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het." Dis nie omdat ek nou moet swaarkry en ly as gevolg van my sondes nie, maar omdat ek teen U en U alleen gesondig het. Dis droefheid na God. Dit laat 'n mens dan ook na Hom jou toevlug neem en daarom is dit nie wanhoops-droefheid nie.

Sondehaat: Dit moet daar in die tweede plek wees voordat daar ware bekering is. Is dit daar? 'n Mens kan nie en sal nie met jou sonde breek as jy dit nie haat en 'n afkeer daarin het nie. Ons is geneig om die sonde lief te hê, dit te troetel en daaraan vas te hou. Dis vir 'n mens so moeilik om die sonde in jou te haat. Dis makliker om dit in iemand anders te haat. Daar is ons baiekeer skerp in ons veroordeling, maar as dieselfde

sonde in jou lewe is, staan en voel jy anders daarteenoor. As 'n mens die sonde wat in jou is haat, dan moet jy dit as 'n vyand beveg. Doen ons dit? Probeer ons nie om dit te beskerm, goed te praat, weg te steek en te verbloem of te kamoefleer nie. Ons moet die sonde nie net in ander nie maar ook in ons haat. Maar as ons dit in ander haat, moet ons oppas: ons moet nie die sondaar haat nie, maar sy sonde.

Sondevlug: Daar sal nie waaragtige bekering wees voordat 'n mens nie van die sonde af wegvlug nie. As 'n mens werklik die sonde in jou lewe wil bestry, sal jy bid met die erns van jou siel: "Onse Vader, lei my nie in versoeking nie." Dis 'n bede dat die Here tog maar liewer nie die geleentheid daar wil stel waardeur u tot sonde kan kom nie. Elkeen ken sy en haar swakheid en God ken dit ook. Sal u dan nie maar liewer padgee van die plekke af waar die sonde vir u lê en inwag en sy begeerte na u is nie. Sal u dit waag en meen dat u sterk is en sê: Ek weet hoever moet ek gaan? Sal u u oor die afgrond heen meet en sê: "Here, bewaar my"?

(b) In vrg. 90 word die positiewe kant van die bekering, die opstanding van die nuwe mens verklaar:

In die najaar sterf die natuur: herfsblare val af en word deur die geritsel van die wind weggedwarrel. As u en my sondes ook maar soos ou blare kan afval en wegwaai! Die Gees van die Here is soos die wind. Mag dit tog maar deur ons lewens waai en die sondes daaruit wegblaas.

In die voorjaar kom daar ontwaking: Dit spruit uit, dit bloei en dit blom. 'n Mens kan dit aan die lug en aan jouself voel: Dit is lente. Daar is nuwe lewe. Dis 'n tyd van blyheid in die natuur en dit vind weerklank in die hart van die mens. So is dit ook in die geestelike lewe. In die hart van die kind van die Here wat hom en haar bekeer, is daar 'n lentelewe: "Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe."

In vrg. 91 word gevra: "Maar wat is goeie werke?" Die antwoord is: "Net die wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, alleen tot sy eer gedoen word en nie die wat op ons goedgesindheid of op insettinge van mense gegrond is nie." Hier het ons dan

C. Die vrug van die bekering.

1. As twee mense dieselfde doen, is dit nie altyd dieselfde nie. "Deur die geloof het Abel 'n beter offer aan God gebring as Kain. (Hebr. 11:4). Die kunswaarde van 'n skildery word verhoog deur die agtergrond. Dit moet daar ook in 'n mens se lewe wees: 'n agtergrond wat lewensdiepte gee. Dis die geloof wat dit aan 'n mens se lewe gee. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Wat goed is in ons lewens moet besien word met die geloof as die agtergrond waaruit dit na vore kom. Daar is mense wat nie in God en Christus glo nie, baie wat nie kerkmense is nie; ja, selfs is daar wêreldmense wat baie doen wat goed is. Hulle gee baie vir liefdadigheid; hulle is selfs ook eerbare mense. Daar is baie wat aan te pryse is en wat waardeer moet word, baie wat selfs vir ons tot 'n voorbeeld is. Tog word daardie agtergrond gemis. Hierdie deugde bloei me op uit 'n ware geloof nie.

2. Hoe moet 'n mens beoordeel of wat jy doen goed is? Daar is gelukkig nog 'n gewete, en dis nog genade waardeur die sonde in hierdie wêreld tot 'n sekere mate nog gestuit word. Dis 'n rem op die afdraand. Maar dis nie onfeilbaar nie. Sommige se gewetens is ruimer as die van ander. Partykeer werk die gewete ook nie meer soos vroeër nie. 'n Mens kan jou nie daarop verlaat nie. As die remme op die afdraand jou in die steek laat, wat dan?

Dan is daar nog die publieke opinie waarvolgens 'n mens se dade beoordeel word. Maar ag, dit is so wisselvallig soos die weer. Wat mense van u dink, hang in baie gevalle maar weer af van persoonlike belang en belangstelling. Ander mense dink weer anders daaroor.

Die enigste onfeilbare maatstaf is die Woord, die Wet van God. Dis dan nie soos wat ek dink of voel nie; dis nie soos wat ander mense sê nie, maar dis soos wat God sê.

3. Waarvoor word goeie dade gedoen? In die samelewing word daar baie gedoen wat goed is. 'n Mens verbaas jou selfs partykeer oor offervaardigheid en hulpvaardigheid van mense van wie jy dit nie verwag nie. Maar hoe goed en hoe mooi dit ook al mag wees, dis in baie gevalle wierookgeur wat die hemel nooit bereik nie: dit is nie gedoen alleen tot God se eer nie.

Bekeer julle! Bekeer julle! So roep God ons toe uit sy Woord. In die tyd van Johannes die Doper het die fariseërs dit ook gehoor. Maar hulle het gemeen dit is gerig aan die adres van die tollenare en die sondare en aan die heidene. Hulle het nie die bekering nodig nie. Maar dan rig Johannes die Doper hom direk tot hulle en hy sê: Julle addergeslag — dra dan vrugte wat by die bekering pas — die byl lê al teen die wortel van die bome! As die oproep tot bekering by ons kom, is ons nie ook geneig om die adres te verander en aan te stuur nie. Ander het die bekering nodig.

Maar hoe moet ek my bekeer?

Die lewe moet in sy diepte verander word: 'n mens kan jou uitwendig bekeer, baie van die verkeerde lote afsny. Dan is jou lewe uitwendig onbesproke. Dan sê die mense: dis nou goed dat hy of sy 'n ander blaadjie omgeslaan het, maar dan weet ek dat die wortels nog diep in my hart sit. Om dit uit te kry, gaan nie so maklik nie.

Maar die bekering moet ook gaan oor die lewe in sy breedte, oor die hele linie. 'n Mens moet jou bekeer nie net van sommige sondes nie. Daar moet nie een swak plek wees in die frontlinie in die stryd teen die sonde nie.

Maar die bekering moet ook gaan oor die lewe in sy lengte: nie net vandag en more en oormore nie, nie net in die jeug nie, maar ook in die ouderdom. Elke dag en elke leeftyd bring sy eie kwaad, ook sy eie sondes mee. Kan 'n mens sê: Nou is ek bekeerd. Nee, elke dag bring met hom saam die sondes waarteen ek moet stry en daarom ook die voortdurende eis tot bekering, tot op die sterwensdag.

Die eis tot bekering kom 150 keer voor in Gods Woord. Partykeer is dit dreigend: "As julle julle nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom". (Luk. 13:3). Partykeer is dit verwytend: "Nogtans het julle julle tot My nie bekeer nie." (Amos 4:6). 'n Ander keer is dit weer smekend: "Keer terug, o afkerige kinders; Ek sal julle afkerighede genees." (Jer. 3.22).

Wat is ons antwoord daarop?

Mag dit tog maar wees: "Hier is ons, ons kom na U toe, want U is die Here, onse God." (Jer. 3.22).

Amen.

SONDAG 34.

GODS WET EN SY EERSTE EIS: WAARAGTIGHEID IN ONS GODSDIENS

Lees: Deut. 6:1-15.

Sing: Pss. 40:4; 25:2; Skrifber. 38:2; Ps. 19:4.

Goeie werke is danbaarheidsvrugte wat uit 'n gelowige hart, tot Gods eer en volgens die wet van God gedoen moet word. Hulle het 'n eie wetmatigheid, 'n eie doel en 'n eie oorsprong. Kyk net hoe die kategismus alles wat menslik is, alle eiegeregtigheid, alle moderne fariseïsme van eie goeddunke en menslike insettings hier by die wortel afsny. Niks is uit die mens afkomstig nie, want hy versondig alles waarmee hy in aanraking kom of wat uit hom gebore is.

Daarom gaan die leerstuk van die bekering voort in die behandeling van Gods wet. Gedurig moet die roepstem tot bekering weerklink uit die hele wet, want dit is die proefgebod van die gelowige hart; dit kom eis waaragtigheid in ons hele lewe ten opsigte van God en van ons naaste.

Hierdie wet van die Here was eers nie geskryf nie. Dit het eers later by Sinai gebeur. En tog was die wet daar, ongeskrewe verordening van die Here in die hart van Adam en Eva voor die sondeval. Toe was waaragtigheid deel van die menslike wese, omdat hulle vanself binne die wet gewandel het. Na die sondeval het die wet geleidelik verdwyn uit die menslike hart. Dan kom God en skrywe die wet op kliptafels en daardie selfde kliptafels is alreeds 'n veroordeling van die mens. Dit spreek van sy sonde.

Maar ons hoor ook die duidelikste sprake van Gods genade: was daar geen wet nie, dan was daar ook geen sonde nie, geen sondekennis nie. Hierdie wet wat soos 'n dreigende onweer oor ons toesak, gee tog ook 'n daeraad van Jesus Christus. Die Son van geregtigheid het kom skyn in hierdie donker onweersnag van ons ellende, en ons word na Hom gedryf. Die wet laat ons nie los nie. Ons mag nie in ons sondes bly lê nie. Daar kom 'n voortdurende roepstem na ons toe: bekeer jou. Waarlik, dit is genade dat God ons weer kom betrek binne die verbondsverhouding, in sy liefde kom aanneem, ons nie aan onself oorlaat nie, maar van ons kom eis: leef volgens Gods wet.

Die eerste eis is: waaragtigheid in ons godsdien.

Ons waaragtigheid moet eers geopenbaar word teenoor die Naam van God, die enige God, die waaragtige God. Die woorde van die eerste gebod klink vir ons so maklik onderhoubaar: jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Solank as daar maar geen ander gode deur ons gedien word nie, skyn ons heeltemal veilig teenoor die eis van hierdie eerste gebod.

'n Mens mag wel vra of dit nog nodig is om in ons twintigste eeu die eerste gebod te verklaar aan die gemeente van Jesus Christus? Want van die tipiese afgodery, soos wat Israel dit geleer het by heidense volkere en later self beoefen het in beelddiens rondom die goue kalf aan die voet van Sinai, in diens aan Baäl of Astarte, ja, dit ken ons tyd nie meer nie. Gaan ons rond, dan merk ons niks van hierdie vorme van afgodery nie. 'n Mens slaak 'n sug van verligting: nee, daar is geen beelddiens en geen vreemde altare nie. 'n Mens sou juis sê: daar is gebrek aan altare, gebrek aan godsdien. Ons eeu is 'n nugter eeu, 'n verstandelike eeu. 'n Mens kan jou byna nie bedink dat daar sulke tye was toe Gods volk en ander volkere behoefte gehad het om hulle neer te buig voor stomme beelde nie.

Maar, ons nugter eeu het juis weggedoen met die godsdien. Solank as wat daar maar kan gesê word: "vryheid van godsdien, het ons hierdie saak afgehandel. Dit is ons hoogste vryheid: ons kan God dien as ons wil; ons kan enige God dien as ons wil; ons is volkome vry in ons godsdienstige gebruike. Ons verheerlik die vryheid en sommige gevoel al die godsdien as 'n ongeoorloofde band wat die vryheid strem; persoonlike en wetenskaplike vryheid word deur die godsdien aan bande gelê. Ons twintigste eeu wil nie meer hoor van Gods eise nie, van ons, verpligtinge nie. Nee, ons is ons eie wet en

ons eie meesters.

Dink u nou nog dat ons geslag so louterskoon is van alle afgodery? Of sien u hoe dat die groot afgod verrys wat voor Gods aangesig staan, nl. die mens self wat in die plek van Gods Woord sy eie woord stel, sy eie sin en wil? Die geloof in God is ingeboet en in die plek daarvan het gruwelike bygeloof gekom.

Om die waarheid te sê, dit is eintlik aangrypend om te sien hoe ons nugter eeu wat nie van God wil hoor nie, 'n bygelowige geslag geword het. Nog nooit vantevore was daar so 'n warboel van toorgoed, toevlug tot waarsêery, mensgemaakte instrumente en gesogte persone wat die toekoms kan ontleed nie. Die geloof in God het ons verlaat, en die bygeloof het die harte verower wat eintlik 'n verspotte figuur laat slaan, jammerlik en beklagenswaardig.

Ons noem ons afgode nie meer met groot name nie, maar hulle is daar. Hulle staan voor Gods aangesig. Nou juis het die eerste gebod veelmeer werklik geword en die verklaring daarvan vir die gemeente van Christus waarlik noodsaaklik.

Kom nou, broeder en suster, is hulle almal volkome weg uit u eie lewe? Is daar niks van hulle oor, geen vertrouwe op geluk of toeval, geen bygeloof of skepsel-vertroue nie? Kan ons inderdaad sê dat ons God alleen vertrou, van Hom alleen alles wat goed is verwag? Luister dan maar net as ons praat hoe dikwels ons die woorde "toevallig", "geluk", "ongeluk" gebruik, en dan besef u dat ons daarvan nie vry te spreke is nie. Ons taal verrai ons.

Nogeens: is ons gespeen aan alle bygelofies? Kwel geeneen van die belaglike voortekens u nie? Waarlik, ons het dit al so dikwels gesien en gehoor dat daar tog teen gewaarsku moet word. As Israel sy God verlaat, dan sluip die afgodery binne. As Israel staan op die hoogtepunt van sy godsdienstige lewe, dan hoor ons nooit van daardie bygeloofshandeling nie. Dink aan die verskil tussen die regering van Saul en Dawid.

Maar ons het by die daelikse lewe begin, by ons alledaagse doen en late. Hier staan ons skuldig as 'n bygelowige geslag.

Die eerste gebod stel ons in diens van die enige, waaragtige God, die Skepper van hemel en aarde, die voorsienige God, Versorger van al wat lewe, Vader in Jesus Christus. Hy het ons nie nodig nie en die eerste gebod is nie ter wille van God gegee nie, maar ter wille van ons, sy skepsele. Dit gaan om ons wat in 'n besondere betrekking tot God gestel is, nl. in die liefdesbetrekking van Vader tot kind.

God stel nou die eis, die liefdeseis, dat ons die enige ware God reg moet leer ken, Hom alleen moet vertrou, in alle ootmoedigheid en lydsaamheid my aan Hom alleen moet onderwerp, van Hom alleen alles wat goed is moet verwag, Hom van ganser harte moet liefhê, vrees en eer . . .

Hoe sou ons ons kinderlike taak kon saamvat uit hierdie woorde? Ons sê die eis is: ware godsdien van die hart wat aangevuur word deur 'n innige en onverdeelde liefde. Hierdie liefdeseis is so gans anders as wat ons miskien dink. Dis nie slegs 'n gevoelvolle verbintenis nie, maar dis liefde soos wat die Skrif dit ken: dis die liefdesdaad. Liefde wil dien, wil toewy, wil offer. Dis sy hoogste uiting en onderskei die ware liefde van die valse. Jesus Christus het gesê: "Hy wat my liefhet, bewaar my geboorte"; en: "nie die wat sê Here, Here, nie . . . maar die wat doen die wil van my hemelse vader".

Liefde is en bly gehoorsaamheid. Soos Christus sy gemeente liefgehad het en homself daarvoor oorgegee het, in liefde Homself geoffer het, in liefde die volle wet van God gehoorsaam het en die volle beker geleed het.

En as ons hierdie woorde van die kategismus lees waarin die geloofswarmte spreek, waarin heilige oorgawe in Gods diens geëis word, dan sien ons die kindjie in die midde van die dissipels staan, en Jesus het self gesê: as julle nie word soos 'n kind nie, sal julle die koninkryk van God geensins binnegaan nie. Dit is die kinderlike hart wat al die trekke het van onderwerping, die goeie verwagting, die liefde met die hele hart. Dit is die

kinderlike hart wat eenvoudig is en sy liefdesplek vir geen ander wil verruil nie. Dit is die kinderhart wat ook van die gelowige geëis word.

Want as daar 'n ander liefde ontstaan, het ons afgodery. As daar 'n verdeling van die liefde plaasvind, as enigiets of iemand die enige plek in ons hart inneem, Gods. plek, dan pleeg ons afgodery: "Wie vader of moeder bo My liefhet is My nie werd nie."

Die liefde teenoor God eis die hele hart, hele siel, hele verstand en al ons kragte op. Dit is totale onderwerping van ons hele lewe met al sy uitinge aan God. Dit is bruidsliefde, onverdeelde trou. En dit moet bly, dwarsdeur ons lewe, ook in ons moeilike dae. Nooit mag enige gedagte in ons harte opkom om in die allerminste teen Gods wil te handel nie, op enige skepsel ons vertrouwe te stel nie, of iets anders te versin of te hê wat ons liefde verdeel nie.

Dit is die ware godsdiens van die hart. Godsdiens, daardie moeilik verstaanbare woord vir ons geslag. Tog beteken dit niks anders as wat die woord self sê nie: diens van God. Wat het ons nie al daarvan gemaak nie? Luister maar na ons spraakgebruik en u hoor van godsdiensonderrig op ons skole. Hoe kan godsdiens nou onderrig word? Godsdiens is tog 'n uitvloeisel van die liefdesbegeerte om God te dien en hier verkeer ons in die skool van God wat self die liefde wek.

Nog iets: godsdienstige verrigtinge word gewoonlik bepaal en beperk tot die kerk, tot Sondae wanneer ons saamkom in Gods huis. Of, ons hou ook godsdiens wanneer ons tuis om die huistafel saamkom om Gods Woord te lees. En tog: nooit kan 'n mens godsdiens hou nie.

U sien: dit is wat ons daarvan wil maak. Godsdiens beslaan 'n deeltjie van ons lewe, 'n baie klein deeltjie daarby. So af en toe wil ons godsdiens hou: Sondae of in die oomblikke by die huis.

Sodra as ons sê: godsdiens is diens van God, besef ons onmiddellik dat dit ons hoed vir al die verkeerde gebruike. Wanneer ons saamkom in die kerk, is ons besig met erediens en nie met godsdiens nie. Godsdiens is geen geleentheidsdiens nie.

Die eerste gebod kom eis godsdiens. Dis 'n voltydse taak, 'n taak waarvan ons nooit kan ontslae raak nie. Vanaf die geboorte tot aan die graf en tot in ewigheid bly die eis: God dien. Hier is geen rus nie, geen vakansie nie, geen nag of dag nie. Dis my lewenslange roeping, vier-en-twintig uit die vier-en-twintig uur. Of jy eet en of jy drink en of jy enigiets anders doen, met ander woorde: of jy speel en of jy slaap, of jy vakansie hou en of jy op reis is, doen dit alles tot die eer van God. Dit is die eis van die eerste gebod: waaragtigheid in ons godsdiens.

Dan begin dit inderdaad klem in ons lewe. Hierdie eerste gebod is die kardinale gebod. Hy kan maar alleen staan, want al die ander gebooe is dan uitvloeiels van hierdie een; al die ander bepaal nader die eise van die godsdienstige lewe. Slegs die eerste gebod is al genoegsaam om ons te veroordeel.

In diepe en sware verantwoording staan ons voor God. Kan ons spele, ons vermaak, ons tydsvredryf, ons optrede in ons beroepe hierdie waaragtigheidstoets deurstaan? Kan ons van ganser harte dit saam sê: dat ek so dierbaar as my die saligheid van my siel is alles wat onheilig is, vermy en daarvoor vlug?

Dan sal daar seker veel minder vrae wees in hierdie trant: is dit of dat sonde? Mag ek kaartspeel of dobbel of dans? Daar sal ook veel minder geredeneer wees, selfs ter verdediging van sulke praktyke. Want ek dien altyd God; my lewe is godsdiens.

Maar dan weet ons seker ook wat afgodery is: dis alles wat my liefde verdeel; dis alles wat my tyd verdeel; dis oral en altyd wanneer ek dink dat ek hier nie godsdienstig hoef te wees nie. As ek ooit dink dat ek hierin of daarin vry is van my godsdienstige verpligtings, dan is ek daar afgodsdienstig besig, want ek was daar nie in diens van my God nie.

Is dit teveel gesê? Nee, want ek dien op sulke oomblikke òf myself en my eie genot òf ek

dien iets anders as god, as afgod. Dit is baie duidelik: laat die wetenskaplike vir één oomblik sê dat hy nou besig is met wetenskap en nie met godsdiens nie — en onmiddellik is die wetenskap sy afgod. Laat die besigheidsman maar sê dat godsdiens niks met besigheid te doen het nie — en onmiddellik verskyn Mammon. Laat die politikus godsdiens tersystel in die politiek — en dadelik verskyn die gestaltes van Stalin en Hitler in die staatkunde.

En so roep die eerste gebod ons toe: bekeer jou! Dis die wortel waarop die geloofslawe moet stoel en vrugte dra. Laat ons onthou, ons het hier te doen met die eerste van alle gebooie. Dit kom eis liefde en diens, waaragtigheid in albei. Godsdiens moet die drang wees tot erediens; godsdiens moet lei tot heiliging van Gods Naam; godsdiens moet ons drink tot ware sabbatsviering — ja, tot die onderhouding van alle gebooie. As daar iets in ons lewes verkeerd gaan, dan is dit sonde teen daardie gebod, maar veral teen die eerste gebod. Dit skeel by die godsdiens wat nie meer die toets van waaragtigheid kan deurstaan nie.

Waarlik, alleen in Christus Jesus wat geheiligde liefde aan sy gemeente bewys het, kan ons ook van harte bid om geheiligde oorgawe in die diens van God. Die eerste gebod bring ons, dryf ons tot Hom wat sy Vader gedien het in alles, in alles gehoorsaam was tot die dood toe; ja, die dood van die kruis. Deur sy gehoorsaamheid word ook ons geheilig, deur sy kruis wederbaar en verplig tot wederliefde met die hele hart, hele siel, hele verstand en al ons kragte.

Amen

SONDAG 35.

GODS WET EN SY TWEDE EIS: WAARAGTIGHEID IN ONS EREDIENS

Lees: Ps. 115.

Sing: Pss. 122:1; 106:2; 97:4; Skrifber. 26:11.

Die eerste gebod handel oor waaragtigheid in ons godsdiens. Die tweede gebod gaan oor tot die waaragtige verering van God, en ons kategismus gee 'n duidelike uiteensetting deur twee keer daarop te wys dat ook die regte erediens sy eie wetmatigheid het. Die eerste keer staan daar: God mag op geen ander manier vereer word as wat Hy in sy Woord beveel het nie. Die tweede keer gaan dit teen die Roomse standpunt en dan word beweer dat ons nie wyser as God moet wees nie, wat sy Christene nie deur stomme beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord wil laat onderrig.

God stel dus één eis vir die verering van sy Naam: soos God self dit gewil en bepaal het, soos Hy dit in sy Woord ook meegedeel het. Dit sal die altaar wees wat uit klippe gebou is, wat God self gemaak het en waaroor daar geen menslike beitel gegaan het nie. Ons behoort dankbaar te wees oor die feit dat ons Gereformeerdes nog altyd die hoogste prys daarop gestel het dat daar waaragtigheid in ons erediens moet wees en bly, dat ons predikers die stem van God moet laat hoor van ons kansels en nie menslike slimmighede en eiewysheid nie, dat ons sakramente nog die duidelike stempel bly vertoon dat hulle bedien word soos God dit ingestel het, dat ons kerklike lied nog die suiwere vertolking van die Skrif weergee. Mag ons immer erkentlik daarvoor bly teenoor God wat ons vrome voorgeslagte so gelei het om daarvan nie regs of links te wyk nie.

Die kategismus kon maar by die eerste vraag en antwoord volstaan het en geen verdere betoog oor die tweede gebod gevoer het nie. Dan sou dit alles ewe-eens volkome duidelik gewees het. Maar ons weet: menslike eiewilligheid het veral hier die aanval geloods. Dit was 'n aanval teen Gods Woord en sy plek in die kerk, 'n aanval teen die geestelike voedsel van die gemeente van Christus. Heel onskuldig en heel slinks was die eerste aanval ingeklee: dit het gegaan *teen* die Protestantse houding, so is beweer, dat alle beeldhoukuns eintlik belet word. Want staan daar dan nie geskryf dat ons geen beelde mag maak nie? Word alle menslike kuns met die hamer en die beitel dan hier belet?

Dit is tog die verwyf wat selfs vandag nog die Calvinisme gemaak word dat hy die kuns belet, aan bande lê. Veral die Roomse kerk het die vrye teuels gegee aan die kunstenaar en sy produkte ook binne sy kerke gebring as handige middels om die erediens aanskoulik voor te stel. Dit moes 'n atmosfeer van gewydheid bring in sy anders lewenslose en taalvreemde erediens waarvan die gewone mense tog immers niks verstaan nie. Dit was en is nie slegs die Roomse kerk wat hier teenoor die Protestante gestaan het nie, maar dieselfde klag word oorgeneem deur die moderne kerkvreemde mense wat veel waardering vir die kuns het, maar die groot Kunstenaar en Boumeester van die heelal nie dien nie.

Of daarvan hier sprake is in die kategismus en in Gods tweede gebod? Of die beeldhoukuns belet is? Hoe sou so-iets tog tuis wees in 'n kerklike belydenisskrif? Kan dit denkbaar wees dat die Kerk hom sal uitspreek oor alles en nog wat hier waar hy besig is om sy kinders te onderrig oor die weg van godsaligheid?

Wat hier wel gesê word is: die Kerk eis waaragtigheid in alles omdat dit so pas. Laat elkeen hom onthou van die onwaaragtige, naamlik om van God beelde te maak, want dis bedrog, dis laster. Laat elke gelowige gewaarsku wees teen 'n onwaaragtige diens van beelde of 'n onwaaragtige diens van God deur beelde. Geen menslike bymotiewe, geen menslike eiewilligheid mag ooit die Woord van God verdring nie. Die kerk wat beelde as leekboeke toelaat en wat sy erediens sodanig wil verlewendig, verval in afgodery en beelddiens.

'n Vermanende woord rig die kategismus so terloops aan kerke wat sulke beelde toelaat

om God daardeur te dien. Dit is natuurlik veral die Roomse kerk wat hier ter sprake *is*, maar daar is vandag veelmeer rigtinge wat dieselfde weg inslaan. 'n Mens dink veral aan die sogenaamde kinderbybels met plate, prente waarin ook Christus afgebeeld word. Sodanige kerke moet lievers hulself ondersoek en die Woord van God die regte plek gee. Daar waar die lewenswarmte van Gods eie Woord gehoor word en aan gevoel word, sal die begeerte na beelde nie gevind word nie. Hierdie gehunker na beelde word gebore uit die koudheid en afsydigheid van die erediens, uit siele wat nie meer gevoed word nie en daarom netso honger uitstap uit die kerk as wat hulle daar gekom het. Op die woorde "lewende verkondiging van sy Woord" moet alle nadruk val. Nie dat ons dit hoef te verlewendig deur menslike middels, deur alle kunste van spreekgawes en beeldrykheid van taal nie, nie deur veelvuldige handgebaar en liggaamsbewegings nie. Nee, daar waar Gods dienskneg in eenvoud slegs die loutere Woord bring, daar waar Gods stem gehoor word, daar is gemeenskap met God. Daar laat Gods Gees die hart oopgaan om te ontvang, te ontvang en te bewaar.

Dit is slegs Gods Woord wat God self gegee het, wat 'n suiwere beeld van God weergee. O, die armoede wat nagejaag word deur die wat meen om hieraan by te voeg deur kunsbeelde. Hoe kan die Oneindige wat bo alle menslike bevatting is, wat die Eerste en die Laaste is, ooit gebeeldhou of geskilder word?

God is Gees. Dit het God behaag om daardie beeld aan die wêreld te gee in sy heilige Woord. Hy het sy Seun gegee as volkome beeld van die Vader. Die gemeente het dus alles wat nodig is vir die diens van God en enigiets wat daarby gevoeg word, doen of van die enige beeld wat God gegee het. Dit lei weg van die gemeenskap met die enige God; dit verkoud en verarm; dit bring onwaaragtigheid mee wat deur God vervloek is.

Die eerste gebod het geëis: niks in die plek van God nie.

Die tweede gebod eis: niks in die plek van Gods Woord nie.

God eis altyd alles op, soos Christus dit immers saamgevat het: die hele siel, die hele gemoed, die hele verstand en alle kragte. Wat die erediens betref, word geëis dat alles altyd uit 'n enige bron geput moet word. Gods Woord bly daardie enige fontein.

Gewoonlik dink ons dat die prediking oor die tweede gebod hier maar moet eindig. Want die tweede gebod het tóg maar die oog op die Roomse kerk. Ons sien dit altyd so en verwag dan ook al dat die prediker by die behandeling van hierdie gebod besonder die Katolieke te lyf sal gaan. Toe God die wet gegee het, was daar nog geen Katolieke kerk nie.

Ons is totaal verkeerd met hierdie verontskuldigende gedagtes. Dit is omdat ons ons aandag besonder toespits op die eerste sin in die tweede gebod: geen gesnede beeld mag gemaak word nie. Dan redeneer ons so: die Roomse kerk maak beelde en vereer hulle. Die Roomse kerk sondig dus teen die tweede gebod en die gemeente moet vermaan word om ook nie so te sondig nie. Die gemeente moet dus geen Katolieke word nie. En daarmee is dit dan eintlik alles verby. Ons het onself — so tipies Rooms — kwytskeld van al ons oortredinge teen die tweede gebod.

En tog: dit is juis die erediens wat vandag weer in die middelpunt van ons belangstelling kom, juis omdat hier soveel eiewilligheid openbaar word.

Erediens, waaragtige erediens, volgens sy eie wetmatigheid, soos in die Woord van God geëis en soos dit in die tweede gebod gebied word, is die gelowige roeping. Ons grondbeswaar teen die Roomse kerk moet juis wees dat by hulle alles erediens is, alles gaan in erediens op. By ons met 'n Protestantse erfenis, met 'n Godsopenbaring wat reël is en bly, is alles juis godsdiens. Erediens is 'n besondere wyse van God te dien. Daarom pas erediens en godsdiens juis bymekaar. Godsdiens is die eerste vereiste volgens die eerste gebod. Uit godsdiens volg erediens, word daaruit gebore; dit word 'n behoefte van die siel. Vir die godsdienstige wese is erediens nie 'n aanplaksel nie maar die uiting van sy siel in aanbidding, die nalewing van Gods wet in die lewe, is die gehoorsaamheid 'n begeerte van sy hart.

Miskien moet ons dit weer beklemtoon in ons dag. Miskien is ons self skuldig dat ons dit nie meer aanvoel nie. Ons het miskien die eerste twee gebooe omgedraai en die tweede gebod eerste gaan stel en die eerste tweede. Dan neig die protestantisme en ons as Gereformeerdes na die Roomse standpunt.

Waarom durf ons dit beweer? Omdat die nadruk in ons kerklike lewe gelê word op getrouheid in die erediens. Ons hoor slegs, juis omdat ons lidmate vandag die eredienste so swak besoek, so eiewillig maar net één diens op 'n Sondag bywoon, soms net met Nagmaaltye kerk toe kom, of wanneer daar 'n kindjie gedoop moet word: besoek die kerk tog gereeld; kom tog getrou na die Nagmaal; hou tog julle huisgodsdiens getrou. U sal merk dat dit alles net gaan oor die erediens.

Waar hoor u nog die ouderling of predikant ernstig spreek met die kudde van Christus oor die godsdiens van die hart, dit wat tog die wortel is? Is ons nie besig om met die snoeimes bo in die takke van die geloofsboom rond te klouter om hier en daar 'n wilde takkie af te sny nie om dan later Uit te vind dat dit alles nodeloos was; ons moes na die wortels toe? Onse Here Jesus Christus het gesê: die byl lê al teen die wortels van die bome. Hy het gespreek van goeie bome wat goeie vrugte voortbring. As daar godsdiens is, sal die erediens reg wees, sal daar kerkbesoek wees, toegewyde kerkbesoek. Maar as die godsdiens weg is, help dit nie om te sukkel met die erediens nie; dit wil maar nie regkom nie. Dit is juis wat ons vandag vind: die vermaninge baat nie meer nie. Daar word selfs gespeel met die ouderlinge as gesante van God; aan hulle word ydele beloftes gedoen; voor hulle word traagheid bely en verbetering beloof. Maar kom daar iets van?

Dan begin dit klem in ons eie lewens. Ons staan voor God skuldig. Ons het onwaaragtig geword in ons erediens; ons het ons teen Gods Woord gaan stel; ons het die eiewillige pad geloop, die pad van ongehoorsaamheid. As daar ooit 'n tyd was waarin ons onself skuldig verklaar as sondaars teen die tweede gebod, dan is dit nou. As die Roomse kerk skuldig staan voor God as oortreders van die tweede gebod, dan wil dit nog nie sê dat ons onskuldig is nie; intendeel, as die hand in eie boesem gaan, kom hy melaats daaruit.

Gods Woord is die maatstaf. en dit is nie te sê dat ons die Woord nie meer lees of ken nie. Nee, dit is omdat ons nie meer weet wie God is nie. As ons God nie meer reg ken nie, dan sal sy Woord ook nie meer tot ons spreek nie. As ons van God menslik dink, as God nie meer die grote God is, die een en die al nie, dan kan ons maklik sy Woord verwerp.

Ons het aan u Psalm 115 laat voorlees. Daar lees ons van heidense afgode wat 'n mond het, maar nie praat nie, wat ore het, maar nie hoor nie, hande en hulle tas nie. So lyk heidense beelde. Ons maak wel nie meer sulke beelde nie, maar ons het gode wat netso lyk. Dit is ook daarom dat ons hulle netso behandel as die heidene met hulle beelde handel. Dit is die gode van ons menslike verbeelding.

Deur ons dade en optrede, deur ons ongehoorsaamheid aan Gods Woord, deur ons minagting van ouderlinge se vermaninge, deur ons nalating van die eredienste het ons feitelik uitspraak gegee dat God nie meer groot is nie, dat ons God nie meer vrees nie.

Daardeur het ons feitelik gesê: my God het geen oë nie. Hy sien nie wat ek doen nie en weet niks van my eiewilligheid nie. Ook my sondedade is voor Hom wat in die hemel is verborge. En al gaan ek nog af en toe kerktoe, moet niemand kom kyk na my lewe nie. Vir menslike oë is ek nog bevrees, maar my God het oë maar sien gelukkig nie.

'n Ander handel asof God ore het maar nie hoor nie. Die gebedslewe het totaal teruggesak, want wat baat dit tog. Dit is eintlik net kinders wat geleer moet word om te bid, maar volwassenes moet gedurig aangespoor word om te bly bid.

'n Ander handel asof God geen mond het nie, want die Woord van God het nie meer die krag van Gods stem nie. Ons hoor God nie meer spreek in sy Woord nie. Daarom kan ons maar die Woord toemaak en nie meer lees nie. Daarom verflou ons ook by die huisgodsdiens.

En so kan ons maar voortgaan met die afgodsbeelde wat Ps. 115 ons voorhou en u sal by elkeen voel hoe dat ons gekasty word omdat ons van onse God 'n verbeeldings-afgod gemaak het. Ons hoef nog net te noem dat onse God ook al 'n noodgod geword het. Want dit is net tydens rampe van droogte waarin ons volk nog besondere noodsaak sien om in verootmoediging voor God te kom.

Hoor u dan die magtige wekroep in eie hart: bekeer jou? Israel, vertrou op die Here; Hy is hulle hulp en hulle skild. Julle wat die Here vrees, vertrou op die Here; Hy is julle hulp en julle skild.

Dan hoor ons die almagtige God wat in Jesus Christus onse Vader is. Hy is die enigste in lewe en in sterwe. Hy het ons kom besoek in Christus, reddende hande uitgesteek uit loutere erbarming. En onse Christus het na die tempel gegaan soos Hy gewoon was. Hy het die skare gelei na die huis van die Here. Hy het die Nagmaal en die Doop aan ons gegee, sy bloed wat was, sy liggaam wat gebreek is en bloed wat vergiet is om ons tot God te bring. Christus se lewe was 'n Skriflewe. Hoe dikwels het Hy nie gesê dat alles oor hom moet kom, soos wat dit deur die Skrifte bepaal is. En u hoor 'n stem uit die hemel in die gelykenis van die ryk man en die arme Lasarus: hulle het die wet en die profete en as hulle daaraan nie gehoorsaam is nie, sal selfs 'n stem uit die dode nie oortuig nie.

As daardie weerklanke in ons harte gehoor word, sal daar weer gehoorsaamheid wees, sal ons kerke weer vol wees, sal daar 'n geestelike nuwe lewe geopenbaar word.

"Diep in my ingewand
waar liefde en ywer brand,
draag ek u heil'ge wet."
Ps. 40:4.

Amen.

SONDAG 36.

GODS WET EN SY DERDE EIS: WAARAGTIGHEID VOOR GODS AANGESIG

Lees: Jes. 40:1-11.

Sing: Pss. 145:1 en 2; 19:7; 35:4; 72:11.

In sy verklaring van die derde gebod gaan die Heidelbergse Kategismus uit van drie kante: die eerste is die openlike lastering en misbruik van Gods Naam deur onnodig te sweer; die tweede is die verswyging van Gods Naam, hetsy deur toelating dat die Naam misbruik word sonder dat ons ons stem verhef, hetsy dat ons meedoen daaraan dat Gods Naam verswyg word deur daaroor heen te stap sonder dat dit genoem word; die derde is positief, dat Gods Naam eerbiedig moet gebruik word, reg bely en aangeroept moet word en daardeur geprys moet word.

'n Mens kan byna begin deur te vra of dit nog nodig is om in ons eeu aan hierdie sake te herinner, nie omdat ons geslag so danig onskuldig is aan die ydellike gebruik van die heilige Naam van God nie, maar wel omdat ons gedurig moet hoor van ons Christelike volk en die Christelike erfenis wat ons nog na aan die hart lê. Ons behoort ook aan die Westelike volkerekring, en dit word orals en altyd beweer dat die Christelike belydenis die Westerse volkere beskaaf het, en 'n lamp aangesteek het wat hoog gehou word. Die Westerse volkere is dan die handhawers van die Christendom teenoor die bedreiging wat van die Ooste af kom. Wie kan dit ook betwis? Die bedreiging is daar en dit is gemik teen die Naam van God. Dit word ook vroeg en laat genoem sodat ons dit kan indrink en ons offers met bereidwilligheid moet bring vir die komende uitbarsting waarin die Christelike Weste sal moet saamstaan teen die heidense Ooste. Wapens word gesmee, atoombomme gefabriseer. Ons het ons lewens feil en miljoene moet byeengebring word en word versamel. Dit skyn asof alles pluis is, want met die daad word tog getuig dat ons so lief as wat die saligheid van ons siel vir ons is, die bedreiging wil afweer. Die Christendom moet triumfeer.

Moet die heiliging van Gods Naam dan nog desnieteenstaande beklemtoon word, gesien hierdie toestand van sake?

Ja tog, want in die aangesig van die komende worsteling staan ons saam met die Westerse volkere tog so swak, juis op hierdie kardinale punt. Dit skyn asof die handhawers van die Christendom nie meer die Christelike belydenis ken nie, nie meer die Naam van God in waaragtigheid gebruik nie. Ons vertoon nie die aanskyn van 'n magtige fort wat enige aanval kan weerstaan nie, maar veelmeer die weerlose onmag van 'n na buite vallende muur. Ons staan eintlik by 'n puinhoop van geestelike verwoesting waarby ons self ons eie fundamente ondergrawe het deur ons vrysinnigheid, deurdat ons die enige Naam van God nie meer heilig nie, nie meer aanroep nie, nie meer in al ons woorde en werke prys nie.

Ons belydenis aangaande Gods Naam getuig van soveel wat onwaaragtig is. Ons vrysinnigheid het ons al sover gevoer dat ons nie meer 'n persoonlike God ken nie, nie meer van 'n Vader weet nie. God het vir ons geword 'n godheid en 'n godsbegrip, koud en leeg. Hier lê die grond van ons oortreding: geen mens kan aan 'n godsbegrip waaragtige vrees en eerbied bewys nie en niemand het behoefte om 'n verstandsversinsel soos 'n godheid of 'n voorsienigheid aan te roep nie. Die enige Naam van God staan nie meer hoog verhewe bokant die mens nie, maar ons lees en hoor hoe die mens in plaas van aanbidding op eiegeregtige wyse God neertrek uit hemelhoogtes. God moet ondersoek word met die verstand en daarom word van die enige God 'n godheid gemaak. Daarmee is dit dan uit en gedaan met die aanbidding. En dit is dan die Weste wat die Naam van God wil verdedig met sy bloed teen die Ooste.

Die skynbaar mooi slagkreet van die Weste is mos: vryheid van godsdiens en vryheid van aanbidding. En dis alles tog so menslik en onwaaragtig. Want hoe weet ons van God anders as deur sy goddelike Woord? Moet daar dan vryheid wees teenoor Gods Woord? Of lê Gods Woord ons dan aan bande, knellende boeie, sodat dit 'n eis van ons kant af

moet wees: ons wil vryheid?

Laat ons erken dat dit almal onwaaragtighedskenmerke is wat veroordelend ons geslag toeroep: lasteraars van die enige Naam, bekeer julle! Bekeer julle van julle koue godsbegrip, van julle selfgemaakte godheid, tot die enige en waaragtige God; ken Hom, eer Hom, aanbid Hom, bely Hom, roep Hom aan en gee eer aan Hom in al julle woorde en werke.

Dit is daardie waaragtigheid wat hier beproef word. So het God die mens geskep: die mens moes Gods Naam uitroep oor Gods hele skepping. Dit was die koninklike taak van Adam as kroon van Gods skepping. As die skepping 'n groot koor was, dan was Adam die koorleier. Die harmonie van daardie koor is Gods Naam.

Maar die koor het deur die sondeval 'n wanklank laat hoor, 'n skille disharmonie. Sonde is veral oortreding van die derde gebod. Adam moes voor Satan Gods Naam bely het. Maar juis hier het hy gefaal. Hy het Gods Naam verloën. Toe die slang sê: ek sê vir julle, en lasterlik Gods Naam ydellik gebruik het, moes Adam en Eva Gods Naam opgehef het. Maar hulle het geswyg — geswyg en so Gods heilige Naam gelaster. Hulle het deelgeneem aan die ydellike gebruik.

En sindsdien het die lasterstem nog nooit geswyg nie en die mees gruwelike wanklanke word nog steeds gehoor. Vloek en laster is so gruwelik voor God dat God die doodstraf eis in sy Heilige Woord.

Openlike vloek en laster deur Gods Naam oral en altyd te gebruik in ons gesprekke, hoor ons wel nie veelvuldig nie. Dit is ook ru en onbeskaafd volgens ons maatstaf van vandag. Ons beskawing het egter 'n mooi lagie dun vernis oor sekere woorde gesmeer wat tog onmiskenbaar in hulle oorsprong is. Ons noem dit bedekte lastering van Gods Naam. Dit is al die woorde en uitdrukkings wat so om en naby die name van God gebesig word in ons alledaagse gesprekke. Dit hinder ons dan minder en dit klink meer beskaafd. 'n Mens hoef hulle nie vir u te noem nie — u ken hulle wel en gebruik hulle miskien self — in alle geval u hoor hulle daeliks gebruik.

Maar hier word nie alleen op lippetaal nadruk gelê nie, asof ons slegs in ons woorde skuldig kan wees aan misbruik van Gods Naam. Hier word tog gesê dat ons in al ons woorde en werke God moet prys. In al ons woorde en werke moet Gods Naam ook dus nie gelaster word nie. Alle onwaaragtigheid word hier veroordeel.

Dit baat nie om in ons taalgebruik altyd Gods Naam slegs in eerbied te gebruik nie en om onwaaragtiglik ons lewe daarteen te laat vloek nie. Is dit nie ook gruwelike laster teen Gods Naam nie as ons Gods Naam bely maar sy Woord verag? Die gevaar word juis vir die belyder van Gods Naam groter, want ons is deur sy Naam verplig tot 'n toegewyde lewe. Stel u voor 'n Christen wat onchristelik lewe, wat ongehoorsaam is aan die eise van Gods Woord — en wat hom tog heel vroom voordoën. 'n Mens kan God tog nie bedrieg nie. Lewe en belydenis moet uit één stuk wees. Die vroomheid moet nie in die publiek tentoongestel word terwyl die private lewe wegwyk uit die spoor nie. Dan word dit slegs 'n ander en miskien 'n gemener vorm van lastering. Ons belydenis wag dus telkens op verseëling deur 'n voortdurende waaragtige lewe wat gewy is in Gods diens.

So kan ons die Naam van God ook ydellik verswyg wat ewe-eens ons deel laat hê aan verskriklike sondes. Moet tog nie dink dat ons onself onthef van sondes van hierdie aard as ons in die kring van openlike lasteraars met die mond ons stem daarteen verhef, openlik protesteer en lasteraars vra om liever nie die Naam van God so te laster nie. Natuurlik is dit asof vanselfsprekend dat ons daar nie mag swyg nie. Dan laat ons die lastering toe met ons toestemming en verkeer ons in die kring van die spotters en vereenselwig ons ons met die lastertaal.

Maar, verswyging van Gods Naam geskied op soveel ander maniere. Sodra as ons die doodswyg van Gods Naam stel teenoor die eis van belydenis van Gods Naam, sien ons duidelik hoe dat hier 'n sonde tot openbaring kom. Die Christen is geroepe om 'n

vreugde-bode te wees, soos Jesaja, die profeet, in die voorgelese hoofstuk dit van ons eis. Gods Sion moet 'n verkondiger van goeie boodskap wees te midde van die volkslewe, en welke vreugde-roepstem kan heerliker wees as: "Sê vir die stede van Juda: Hier is julle God"? Hier in die lewe, hier by julle, hier in julle sugte, in julle smarte, in julle verlange in die dag van ballingskap.

Die Naam van die Here is 'n toring van sterkte vir die gelowige en wat sou dit nie 'n kwade dag wees nie as daardie naam altyd verswyg moet word. Sou dit voorgestel kon word wat die betekenis sal wees en wat die invloed sal wees as u nooit meer daardie Naam hoor nie? En dan spreek ons nou nie van ons gebede en eredienste nie maar midde in ons daelikse lewe. O, dit sal 'n groot vermissing wees. Sien u, dit is daardie verswyging, doodswyging waarvan ons spreek. En wie daaraan deel het om Gods Naam te verswyg en deel het aan die doodswyging, sondig teen die derde gebod.

Wat moet dit nie beteken vir 'n volk as sy hoogste staatsburger, sy eersteminister, koning, president of leier die Naam van God bely sodat die volk kan hoor dat sy lotgevalle in die hande van die Almagtige is, dat die Here onse God is en dat niks sonder sy heilige wil geskied nie? Maar hoe pynlik is die doodswyging van Gods Naam dan weer as die hoë owerheid nooit daardie Naam bely in hul openbare optrede nie. Voel u dit ook aan as 'n leemte, en as u dit aanvoel, swyg u ook maar saam?

In die gewone lewe word ons eintlik daardeur vandag getref. Ons tydskrifte en koerante is daarvan oorvol en elke Christen moet tot die oortuiging kom dat die doodswyging van Gods Naam 'n afmeting aangeneem het wat ongekend is. Dit moet waarlik vir 'n Christen wat ons land besoek 'n hele tyd neem voordat hy wys sou word uit dit wat geskryf word en dit wat gespreek word dat hier belyders woon van Gods Naam. Uit ons pers sou hy daarvan niks wys word nie. Uit ons alledaagse gesprekke word heel skugter nog so nou en dan die wil van God oor ons lewe bely maar dan ook slegs wanneer bekendes die toehoorders is. Daarbuite in die publiek doen ons maar almal mee om ons belydenis te omsluis met 'n stilte wat pynlik en sondig is. Dit is asof ons bang is om as bekrompe Christen bestempel te word, bang om met die Bybel in die hand in die strate van ons dorpe en stede gesien te word, bang om die onguns van die medemens op ons te haal. Sou dit uit vrees wees om nie uitgeskel te word as fariseërs wat die openlikheid van die hoeke van die strate vir hul pligpleginge uitsoek, of sou dit waarlik die sondige openbaring wees van nie te wil laat weet dat ons Gods Naam bely nie?

Ons het begin by die verswyging waar ons almal deel aan het. Maar ons wil voortgaan en spreek by baie mede-Christene in hul werkkringe. Ons wil net meld van al die neutraliteitsgedagtes waarmee ons tyd behep is. Dit het mode geword: 'n neutrale wetenskap, dit wil sê 'n wetenskap sonder God, sonder die geloofsbeginsel, 'n wetenskap waar die Naam van God verswyg word. Ja, so word dit voorgestel dat die Naam van God afbreuk doen aan die wetenskaplike gehalte want die belydenis van hierdie Naam maak ons bevooroordeeld en dan kan ons nie 'n suiwer standpunt inneem teenoor ons ondersoek nie.

En dit is nie net op hierdie gekeurde terrein waar God uitgeskakel word nie. Dink maar aan ons vakverenigings waar ook die eis kom dat lede van die verskillende bedrywe nie met hulle geloofsoortuigings daarheen moet kom nie, want daar is ander wat nie dieselfde geloof het nie, nie aan dieselfde God glo nie of glad geen God huldig nie. En daarom moet gelowiges maar liever hulleself verloën. U verstaan wel: dis nie die eis van selfverloëning nie, maar hulle moet inderdaad God verloën. En tog: met die stigting van eie vakverenigings waar die Christen hom kan uitleef, waar hy sy God kan bely, word maar swak gevorder. Daar is nie genoeg erns nie. Dit is die teken dat ons al heelwat afgestomp is en al graag meedoen aan die verswyging van die Naam van God.

Ons sou kon spreek van ons neutrale skool waarvoor nog altyd gestry moet word. Ons sou kon noem al die wysheid wat in toesprake geuit is in ons parlement toe aansoek gedoen is vir die verwydering van die gewetenskousule uit die wet insover dit ons eie universiteit betref. Die moderne eis bly: verswyg die Naam van God in die universiteit, in die skool, in ons werk, in ons lewe — totdat ons volk ook 'n vervalte hut word en sy

staanplek nie meer geken word nie.

Hierteenoor mag die gelowige belydenis van die Naam van God nie swyg nie. Ons heerlike roeping en taak is om met 'n hart wat aangesteek is deur vuur uit die kruis van Jesus Christus in al ons woorde en werke God te prys. Hier is die warmte van kindertaal wat aan 'n ganse wêreld sy heerlikste rykdom wil verkondig: die dieptes van goddelike waaragtigheid in die lewe. Die heiliging en eerbiediging van Gods Naam is die uitvloeisel van 'n lewe in Gods diens. Met harte gereinig in die bloed van Christus Jesus, kan dit nie anders nie of ons lewe lê op die altaar van dankbaarheid. En dit is dankbaarheidseis: gebruik die Naam van die Here, gebruik dit met vrees en eerbied, bely dit, roep Hom aan. Hy beklee in die volle lewe die mees eerbare plek, die enige plek. Laat dit gehoor word in ons kerke en skole, in ons politiek en onderwys, in ons werk en werkverenigings, in ons persoonlike lewe en wetenskaplike prestasies. Laat ons volk geken word aan sy belydenis.

U hoor seker nou ook die roepstem tot bekering uit hierdie derde gebod. Want alles rondom ons is Gods skepping waaroor Hy sy Naam uitgeroep het. Alles verkondig sy eer en heerlikheid. Nie die minste nie maar wel die kroon van sy skepping is die mens. Die mens in Christus herbore moet die lof van God verkondig. Ons is deur die doop met 'n nuwe naam begiftig en die Naam van die troue verbondsgod is oor ons besonderlik uitgeroep.

Dit is die swaar verantwoordelikheid wat op ons gelê word: wees getrou aan daardie Naam. Daardie Naam is Gods wese en nie maar sommer 'n noemnaam nie. Daar is ook niks wat God meer liefhet as sy Naam nie. As Hy daardie Naam aan ons gegee het, moet die Naam omhoog gehef word deur ons, sy kinders. In ons gesprekke, in wat ons skryf, in ons daelikse werk en oral waar God ons geplaas het, mag ons veral geen klad werp op daardie Naam nie, maar is ons geroep om met 'n gelowige gemoed dit hoog te hou deur ons eerbied en vrees, sodat daardeur die kenmerkende ook in eie lewe geopenbaar kan word: ons is 'n volk wat die Here vrees.

Amen.

SONDAG 37.

WAARAGTIGHEID IN ONS EDE

Lees: Ps. 24.

Sing: Pss. 15:1, 2; 24:2 en 3; 82:1; 86:6.

Dit skyn asof die kategismus hier ophou om 'n belydenis te wees van die Christelike kerk, asof hy oorgaan om 'n sekere brandende vraagstuk te bespreek en daarvoor sy uitspraak te gee. In vergelyking met die behandeling van die ander gebooie waar gehou word aan die eise en aan dit wat verbied word, word op grond van die derde gebod die saak van die eed behandel. Inderdaad is daar 'n duidelike afwyking. Die saak van die eed is nog maar altyd 'n baie moeilike, juis omdat dit skynbaar so streng verbied word in sowel die Ou as die Nuwe Testament.

Ons dink aan Christus se woord: "sweer hoegenaamd nie, nie by die hemel of aarde of by jou hoof of by Jerusalem nie." Hierdie woorde kan ons verklaar, want ons weet Jesus waarsku hier teen die afwykende neigings van mense wat die eed van sy krag wil beroof. Hulle wil dat hulle eed nie die bindende krag van 'n eed wat in die Naam van God geneem is, moet hê nie. En tog, Jesus waarsku teen hierdie eiewillige eedswering; Hy sal daarvoor besoeking doen.

Maar wat van hierdie woorde: "laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose." U voel dat dit gewigtige taal is wat in alle erns deur ons oordink moet word. Maar ons weet dat die betekenis nie kan wees dat die eed nooit gebruik mag word nie, want inderdaad het Christus self dikwels die eedformule gebruik "voorwaar, voorwaar sê Ek vir julle". Hy het by Homself gesweer as waaragtige God om trou en waarheid te bevestig en het ons hierdie heilige en geregverdigde eedswering beveel.

U sal u wel herinner dat ons die vorige keer gevind het dat God sy Naam wil uitroep oor die ganse skepping. Die derde gebod is die eerbiedige gebruik van daardie Naam soos wat dit Gode welbehaaglik is dat dit uitgeroep moet word. Wie die Naam van God doodswyg op aarde, maak hom skuldig aan ongehoorsaamheid. Ons mag nie Gods Naam links laat lê, maak asof ons dit mag geringskat nie. Dit is juis die hoogste taak dat ons waaragtigheid moet bevestig en in 'n wêreld van ongeregtigheid en leuen die geregtigheid Gods en waarheid moet beklemtoon. Die mens is daartoe deur sy sonde nie meer in staat nie. Net soos die mens nie die satanskop deur eie krag kan vermorsel nie, kan hy ook nie op homself die waaragtigheid laat seëvier nie. Daarom het God Homself teenoor die Satan gestel. God sal self in Christus die satanskop vermorsel en God sal self deur die eerbiedige opheffing van sy Naam alle satanswerk vernietig.

Daarom is die eed geoorloof, nie net geoorloof nie maar gebiedend noodsaaklik. Dit is Gods werk wat die vernietigende werk van Satan nou al verdoem en veroordeel. Dit is Gods eie intrede midde in ons lewe, deurdat Hy sy Naam gee om eerbiedig gebruik te word.

Dan kan ons verstaan waarom die kategismus hier besondere nadruk laat val op daardie grootse voorbeeld van eerbiedige gebruik van Gods Naam in die eed. Waar Gods bruidskerk in 'n sonde-wêreld staan, met leuen rondom hom en ook in eie binneste, waar 'n ganse wêreld in radeloosheid sou wees as God in sy algemene genade nie ook die eed aan 'n wêreld gegee het om waaragtigheid en waarheid te bevestig nie, het God sy reddende hand na ons uitgesteek. Ons moet die eed neem om tot Gods eer en tot heil van ons naaste te getuig. Dit sal die grondslag wees van ons regspleging; dit sal geregtigheid laat seëvier in die loop van die geskiedenis.

Waar die ongelowige dikwels en maklik die eed oor sy mond laat kom, is dit vir die gelowige 'n uiters ernstige en verantwoordelike taak wat so min moontlik moet geskied nl. wanneer die owerheid dit eis of die nood dit vorder. Die gelowige word immers deur elke eed wat daar gevorder word, herinner aan sy verbroke innerlike, aan sy skuld voor God. Die gelowige mag met woord en daad altyd voor die aangesig van sy God staan,

mag altyd in sy woord ja ja en nee nee bevestig, mag bewus wees dat sy woorde altyd deur God gehoor word en daarom moet dit waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid wees nie, maar hy word tog gelykgeskakel met die wêreld. Almal moet die eed neem op las van die owerheid omdat almal skuldig is aan die sonde. En deur die eed word ons herinner dat ons saam met die ganse wêreld skuldig is voor die Here. Nie een mag homself hier minder skuldig ag nie; niemand mag sy skuld verminder nie. Gereformeerdes het dan ook nie gewetensbeswaar teen die neem van die eed nie. Want ons is hier besig om in gehoorsaamheid Gods Naam in te roep om sy Naam te eer en ons naaste se welsyn te soek.

So teken Ps. 24 aan ons die gelowige volk van God wat met beurtsange opgaan na Gods heiligdom. Daar is heilige vrees in hul harte. Want "wie sal klim op die berg van die HERE? En wie sal staan in sy heilige plek?" 'n Mens kan die heilige skugterheid begryp. Daar woon tog die God van geregtigheid en waarheid, die God wat 'n verterende vuur is teen alle ongeregtigheid en onwaarheid. Israel wat weet dat hulleself sondig is, onwaaragtig is deur die sonde, wil voor God skuldbelydend staan.

Dan word geantwoord op die vrae: Die en die mag opklim en daar staan: "die wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie". Hulle is die ware Israel, die godvrugtige volk van die Here; daar is waaragtigheid in hul binneste.

Maar: wie kan dan intree? Wie kan dan hoop om in te gaan? Dan merk u hoe die volk, hierdie feesvierendes, pleit om Gods ontferming. Aan hierdie gestelde eise kan hulle nie uit eie krag voldoen nie. Daarom sê die volk: ons kom nie as vreemdelinge nie. Ons kom as bondelinge, 'n volk wat deur God geken is, 'n volk met wie God sy verbond opgerig het en wat vertroosting in die skaduwee van verbondsvleuels geniet. Dis U werk, Here en dis U genade dat ons vrymoedigheid het om op te klim na Sionshoogtes en daar voor U en in U onmiddellike aanwesigheid te staan.

In Nuwe Testamentiese taal sou dit lui: Met Christus in ons midde wat vir ons gely en gesterf het — met Hom wat ons U volk gemaak het en ons wou aanneem tot Gods kinders — met Hom bid ons om toegang tot U, die allerhoogste Koning. Hy is die weg en die waarheid en die lewe. Hy het alle geregtigheid vir ons volbring en ons valsheid, ook in ons ede, het Hy in ons plek gedra en daarvoor versoening gedoen. Alleen deur Hom kan sy volk beantwoord aan hierdie hoë eise, kan hulle ook by erkenning van die vele sondige kom pleit om vergiffenis. Alleen deur Christus kom die volk se adel weer na vore. Hulle mag nie daar onder op die laagtes van hul sondes bly nie. Hulle moet opgaan na die hoogtes, al is hulle sondig, om hulle voor God te stel en dan sal die heiligende Gees van God hulle reinig, hulle tot berou bring en hulle versekering van vergiffenis skenk. Dan kan hulle weer terugkeer na die laagtes van eie lewe, maar met die vaste wete: Gods Naam moet in geregtigheid bewaar word.

Daarom, broeders en susters, met 'n eed roep ons die Hoogste Naam aan, met 'n bepaalde doel en stel ons ons voor die eindgerig van God.

Dit is nodig dat ons dit breër verduidelik. Ons roep die Allerhoogste Naam aan en daarom mag ons die eed nie willekeurig gebruik nie. Die verskil tussen die regte gebruik en die ydele misbruik moet altyd duidelik wees vir elkeen. Daarom sê ons kategismus: dis nie my keuse wanneer ek dit wil gebruik nie; dit word nie oorgelaat aan my vryheid nie. Dit word vasgelê: wanneer die nood dit vorder of die owerheid dit van my eis, wanneer dit tot eer van God en tot heil van my naaste geskied. Almal het hier dure verpligtinge. Alle willekeur is hier uit die bouse, sowel die van my as die van die owerheid. Ons sou miskien geneig wees om in hierdie sondige wêreld vol van leuen dikwels op 'n dag die eed te gebruik om onself te vrywaar teen die ongeregtigheid, om aan ander te verkondig dat ons die waarheid liefhet. Maar dan sal die eed alledaags word en nie meer Gods heilige doel dien nie. Dan sal Gods Naam geminag word en in plaas van die ongeregtigheid teë te gaan, sal dit juis bevorder word.

Die owerheid staan ook onder 'n dure verpligting. Hy is Gods dienaar en moet volgens

goddelike ordinansies regeer. Sy gesag het hy van God en hy mag dit nie misbruik nie. Die owerheid moet so handel dat sy onderdane hom kan respekteer as 'n van God gegewe dienaar, ons ten goede. Daarom mag die owerheid ons daag voor die aangesig van God, sy sender.

'n Mens wonder of elke owerheid dit altyd besef. Die grondslae van reg en geregtigheid wat 'n volk verhoog, lê nie in die eerste plek by die magistrate en regters wat die wet suiwer moet verklaar en onbevooroordeeld in die regspraak moet wees nie. Dit lê in die vrese Gods. Die owerheid en die regters moet God bely en eers dan kan hy in der waarheid 'n eed vorder van sy onderdane. As die owerheid God nie bely nie, dan is die pilare van reg en waarheid al klaar omgeruk. Dan sal, vroeër of later, die onreg, ontrou, onwaarheid moet seëvier.

Immers, as die owerheid ons voor God daag en Gods straf inroep as ons meened sou pleeg, dan kan dit alleen geld vir mense wat glo, wat glo in Gods straffende geregtigheid, wat weet in die geloof dat God sal waak oor die heiligheid van sy Naam.

Dan moet die vraag opkom: wat dan van 'n ongelowige owerheid? En wat van ongelowiges wat ook die eed moet neem?

Die Kerk se roeping teenoor die ongelowige owerheid is duidelik. Ons moet God gehoorsaam wees, Gods Naam bly bely en handhaaf wat alleen tot Gods eer gedy. Ons is daartoe geroepe omdat Gods deugde van trou en waarheid dit eis.

As die owerheid die ede vermenigvuldig — iets waarvan ons vandag getuies is — dan pas dit gelowiges om daarteen te protesteer ter wille van die eer van Gods Naam. As ons moet sweer ter wille van verkryging van alledaagse benodighede soos brandstof, boerderybenodighede en dan elke maand weer dieselfde prosedure moet volg, dan word die eed ondermyn en van sy krag beroof. Elke owerheid moet dit ook besef en moet tot orde geroep word.

Meer ernstig word dit as die volk God nie meer vrees nie. Dan is die eed vir diesulkes 'n blote hofprosedure. Geen eed kan dan waarheid en geregtigheid laat bevestig nie. Hierdie gevaar van onreg en onwaarheid sal die gelowiges nou al hoe meer benou hoe meer die afval merkbaar word. Dit moet ook maar verwag word. Dan sal die tyd daar wees dat gelowiges, soos die eerste Christene, sal sê dat dit 'n voorreg is om smaadheid te ly ter wille van die Naam van God.

Die doel van die eed word duidelik bepaal: tot eer van God en tot heil van die naaste. Dit is 'n hoë roeping waartoe ons verwerdig word. Dit is nie net as ek onder eed staan nie, maar dit omvat die ganse gelowige lewe. Dit moet 'n waaragtige lewe wees, met waaragtigheid in woord en daad. Ons hele optrede moet trou en waarheid bevestig. Die eed laat dus sy eise val op die hele geloofslewe en gelowiges moet bekend wees in hul omgewing, onder alle mense, dat hulle mense is wat trou en waarheid liefhet. So skyn elke gelowige soos 'n lig van 'n berg af, en ook selfs goddelose kan dit sien en waardeer. Die heil van ons naaste lê God ook deur sy genade in ons hande. Ons naaste is almal wat God op ons pad plaas, vroom of goddeloos, blank of gekleur, ryk of arm, kind of volwassene. Elkeen het reg op geregtigheid.

O, die bitter klag as die reg verdraai word, die innige pyn in die siel wat so griewend is as onreg iemand aangedoen word. Dit is genoeg om 'n onreglydende mensheid in 'n morrende gepeupel te verander. Ons weet hoe regs krenking dikwels al tot bloedvergieting gelei het. Oor hierdie bitter onreg wat volkere dikwels teenoor ander gepleeg het, is al oorloë gevoer, baie oorloë, en ons eie land en volk is daarmee nie onbekend nie. Dis onvergeetlik en 'n mens hoor nog altyd onder die donderende geluid van vuurwapens die verwyttende klag: dis die gevolg van menslike ongeregtheid. As die vertroue en hoop op geregtigheid eenkeer gekrenk is, genees hierdie wond nie gou nie. Miskien is dit daarom dat 'n gekrenkte wêreld vandag nog roep om nuwe ordes, om 'n ander wêreld, omdat die selfsugtigheid hoogty gevier het en die ou ordes nie vertroue kan inboesem nie.

Hierdie gees van opstandigheid is oral merkbaar. Die fout is dat mense die geregtigheid verwag van hierdie aarde, van hierdie sondige mensheid. Geen nuwe ordes of 'n ander wêreld sal dit bring nie. Dit sal maar 'n sugtende wêreld bly onder sy onregslas totdat Gods nuwe wêreld daar is waar geregtigheid sal woon. Die aftakeling waarvan ons almal getuies is, moet slegs des te meer laat verlang na die toekomende, moet des te meer laat beseef dat ons vreemdelinge en bywoners is op hierdie aarde. Dit moet ons laat bid: laat U koninkryk kom.

Hoe ernstig die eed tot nou toe aan ons voorgehou is, die mees ernstige moment kom waar die kategismus sê dat ons God aanroep om as die enigste Kenner van die hart vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer.

Hierdie straf van God is na liggaam en siel, tydelik en ewiglik. Dit is nie om die straf dat ons alleen vrees nie. Dit is ter wille van Gods getuienis deur ons vir die waarheid. Beseef u dat elke woord wat dan gesprek word gewigtig is, voor God gesprek word?

Kom Here, deursoek ons lewe en kyk of daar iets onwaaragtigs deur ons gevoed word, iets waaragtigs verberg word, iets nie met die verhewe eis van geregtigheid ooreenkom nie.

Kom Here, om U heilige Naam ontwil, en kyk of ek my dure beloftes wat voor U aangesig gedoen is, nakom. Nie net my ede as ek in die hof vir die waarheid moet getuig nie, maar ook in U Kerk: toe ek my kind gedoop het, toe ek in die huwelik bevestig is, toe ek belydenis van my geloof afgelê het en bevestigend geantwoord het op die vrae aan my gestel, want toe het ek voor U gestaan. Ook toe ek in my amp bevestig is as predikant, ouderling of diaken. Ek het toe trou beloof.

Wil u dit doen?

Kan u dit doen?

Kyk dan om u heen en kyk wat van al die plegtige beloftes geword het. Aanskou die huweliksverbreking, die kerkloosheid, die opvoeding van ons kinders tuis.

En dan hoor ons: bekeer jou, want die byl lê al teen die wortel van die bome.

Dan kom ons skuldbelydend voor Gods aangesig: "Teen U Naam, o Here, het ons groteliks oortree. Ons het gesondig en sondig nog daeliks. Die Godsvrees is uit ons hart."

Dan dryf ook hierdie gebod ons uit na Jesus Christus. Ons kom pleit op sy geregtigheid wat Hy verwerf het en ons dank Hom van harte wat ons wou aanneem as sy kinders, niesteenstaande ons groot oortredinge, niesteenstaande ons sy Naam onheiligh deur ons optrede, deur ons gedagtes. Ons bede is dan: was ons in die suiwere fontein van die bloed van ons Middelaar.

Amen

SONDAG 38.

GODS WET EN SY VIERDE EIS: WAARAGTIGE SABBATSVIERING

Lees: Joh. 5:1-17.

Sing: Pss. 92:1, 84:6, 122:1 en 26:5.

Die Sabbatsgebod is eintlik die eerste gebod waarmee die mens kennis gemaak het, omdat God na voltooiing van die skepping op die sewende dag gerus het en dit beveel het as sabbat vir die mens. Die heilige sewetal het daarna in elke week en jaar sy verloop gehad. Ons hoor van 'n sabbatjaar en ook van die jubeljaar. Wonderlik genoeg, as Gods volk staan op die laagtepunt van sy geestelike lewe, dan kom dit telkens as die volk die sabbatsgebod oortree. Dit stem tot nadenke, ook vir ons tyd.

Hierdie sabbatdag is gedurende die eeue met veel eiewilligheid van mense behandel. Ons weet van die Fariseërs met hulle reeks bepalinge, soos ook in die voorgelese gedeelte na vore kom. Hierdie Fariseërs het gedink dat ons die sabbat moet hou net omdat dit sabbat is. As 'n mens jou onthou om 'n paar koringare uit te vryf, as jy nie 'n sekere taak juis op die dag verrig nie, dan het jy die sabbat in die ware sin onderhou. Dit gaan dus om die dag. Hierop antwoord Christus en sê dat die sabbat vir die mens gemaak is en nie die mens vir die sabbat nie.

God het nie alleen maar sekere dinge belet op die sabbat nie maar God het bepaalde dinge gebied wat op die dag gedoen moet word. Die doel van die sabbat is bepaald nie dat ons niks moet doen nie want Christus sê tog duidelik: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook." Die verskil is hierin dat God aan die mens 'n bepaalde taak en roeping op hierdie dag gegee het wat sal' strek tot sy eer en verheerliking, waarin God se koningskap heerlik glinster. Dan kan ons Christus se daade en woorde goed verstaan, sy daade van wondergenesing op die sabbat, want daarin word Gods majesteit gesien en sy woorde, want daarin word die hart opgehef om God te aanbid as die voorsienige Vader.

Die eiewilligheid van die mens insake die sabbatsgebod kan dus saamgevat word in hierdie woorde: alle fariseërs vra wat verbied God in die vierde gebod? Die Kerk van die Here moet met die kategismus vra: wat gebied God in die vierde gebod? Maar dan voel u ook tegelykertyd hoe gevaarlik naby ons eie houding ons nou kom. Verstaan ons nog die eise van die sabbatsgebod? Of moet ons bely dat dit miskien die gebod is wat die minste begryp word en daarom die meeste oortree word? 'n Dag van rus, ja, daarvan wil ons graag hoor. Die sabbat is net nog 'n vakansiedag waarop ons vry is van ons daelikse taak. Ons weet mos goed hoe om die Sondag deur te bring: ons koop en verkoop nie — alhoewel dit soms ook gebeur — ons sal darem nie klere maak nie, nie ploeg of saai nie, maar dis ook al. Ons gee nie om om die ganse rusdag op die trein deur te bring na ons Saterdagse huwelike nie. Dis die beste kuierdag; vir baie het dit geword die beste sportdag of 'n dag om in die buitelig deur te bring. Sien u? Sondag het 'n vakansiedag geword en ons mense weet slegs dat daarop gerus moet word.

Maar waarom sou God dan die doodstraf oor die sabbatskender uitgespreek het? Sou so 'n swaar straf die sondige mens dan moes dwing om te rus? Nee, broeders en susters: dit is omdat die diepgeestelike, die Godeverheerlikende arbeid daaruit is.

Belydend moet ons voor God staan dat eiewilligheid ons bekruip en die fariseïsme ons benou. Ons tyd is slegs 'n ander soort fariseïsme toegedaan: by hulle het dit om die dag gegaan; by ons gaan dit om onself. Dit is 'n leliker vorm van fariseïsme wat die dood is vir ons godsdiens, omdat dit eiewilligheid en ondankbaarheid is.

Hoe anders leer Gods Woord ons; hoe anders word ons onderrig in die kategismus. Ons bely hier dat ons slawe is onder en deur die sonde. Ons moet elke dag swoeg in die sweet van ons aangesig. Maar ons is ook koningskinders, vrygemaak in Jesus Christus, duurgekoopte kinders van die allerhoogste Koning. As ons moet rus op hierdie dag van die Here, dan is dit om hierdie weelde van kindskap te gedenk en God daarom te prys. Dan antwoord ons in roemtaal en die hart sing die lof van die Here.

Wie so luister na die verklaring van die vierde gebod vra saam: Here, wat gebied U in die vierde gebod?

En dan hoor ons:

- I. Onderhouding van kerk en skool.
- II. Kerkbesoek.

I. Voortdurende sabbatsviering.

Op 'n ongewone noot begin die kategismus die verklaring van die vierde gebod se eise. Dit skyn asof dit so vergesog is, asof ons afwyk van wat daar geskrywe staan. Die kerkdiens en die skole moet onderhou word — en dit in die eerste plek, selfs voordat die gelowige plig van kerkbesoek gestel word.

Ons het hier weer te doen met die gewone nugtere werklikheid wat ons toespreek dat die wet van die Here ons roep tot bekering. Die wet van God werp sy soeklig oor ons lewe en oortuig ons van skuld voor God. Ons het tog hier te doen met ons dankbaarheidsplig en Gods kerk is Gods eie planting wat onderhou moet word.

Dis nie so swaar om die kategismus te volg as hy begin met onderhouding van kerk en skool nie. Immers Gods sabbat bestaan daarin dat God sy geskapene onderhou in sy voorsienigheid. Na die sesdaagse skepping het God gerus. Maar dit was nie rus in niksdoen nie, maar God onderhou sy geskapene op sy sewende dag en Gods sewende dag duur voort deur die eeue. Daardie onderhouding hou dus nooit meer op nie; tot die voleinding gaan dit voort.

Aan hierdie werk van Gods onderhouding het ook die mens deel. Gewoonlik dink ons dat die Here slegs voorsien in ons tydelike nood en ons vergeet dat daar ook geestelike nood is, veral geestelike nood. As die Kerk van die Here daar nie is nie, sal ons geestelik verhongers, want dit is die taak en roeping van Gods Kerk om in hierdie lewe te verkondig die enigste troos in lewe en in sterwe. Die geestelike verkwikking is tog in Christus Jesus wat gely en gesterf het vir ons sondes en ons wederbaar het tot 'n nuwe lewe. Dit is die blye tyding wat gehoor moet word, dat ons kinders is en daarom erfgenames. Dit is die hoogtepunt van Gods voorsienigheid dat dit verkondig moet word aan alle nasies, en dit is die kerk se opgelegde taak. Laat die lieflike voetstappe van hulle wat die evangelie van vrede verkondig voortgaan.

As ons dit besef, dan weet ons wat dit beteken dat die kerkdiens of die predikamp onderhou moet word, want die kerk is die instrument van Gods Gees om hierdie verkondiging van Gods Woord voort te set. Die eis as deel van ons sabbatsplig is: onderhou die Kerk en maak van hom die middel om in 'n sondige lewe altyd in te gryp met die hemelse roepstem tot bekering. Laat die prediking van die Evangelie die vernaamste taak wees van die kerk en daarmee in verband die hele kerkdiens, naamlik van sending en evangelisasie, van barmhartigheid en 'n lewe in gemeenskap met Christus.

Saam met die kerk kom die skool want hier word die jeug toeberei. Dit is duidelik dat dit nie slegs die teologiese skool is wat hier voorgehou word nie. Die opstellers van die kategismus het goed geweet wat hulle doen. Die predikamp het wel predikers nodig en daarom moet teologiese skole onderhou word. Maar die kerk het ook hoorders nodig en miskien moet veral vandag die nadruk op die hoorders gelê word. As die eenvoudigste dinge uit Gods Woord vir ons gemeente vreemde dinge is, nie verstaan word nie, as die geloofswaarhede so bevatlik moontlik gebring word in die prediking en dit word nie begryp nie, as die eis altyd nog meer gehoor word dat preke nie inslaan nie, dan is dit seker wel tyd om aandag te gee aan die onmoontlike hoorders, want anders is die belangrikste taak van die kerk, nl. die prediking van Gods ewige waarheid, tog 'n ploeg op rotse. Predikers en hoorders — en eers dan kan die kerk sy roeping en taak volbring.

Dit gaan dus hier om ons stoflike gawes vir instandhouding. Die eerste eis kom sê: die

kerk is geen bedelaar en vra geen aalmoese nie. Dis 'n verpligting van die sabbatsgebod wat Gode welbehaaglik is dat Gods gelowiges sy kerk sal onderhou deur hul offers te gee, aan te bring vir die diens van die Here. Dis geen kollekte nie, maar offers. God wil geen gebreke offers nie — sy offers is eerstelinge. Dit is die diere waarop ons trots is, ons pronkdiere. Dan gee ons met die hart omdat ons hart aan sodanige offers gebonde is. Vir die weldade wat die Here gee en bly gee en wat in oorvloed gegee word, mag ons nie gee uit ons gebrek nie, maar met 'n volkome hart. Dan is dit 'n dankbare gemoed wat gee en dankbaarheid meet en weeg nie; vir die onskatbare weldade van die Here kan ons nooit genoeg gee nie omdat geen gawe genoeg en geen offers te groot kan wees nie.

Maar dan besef ons ook dat ons nie meer weet wat offer is nie. En omdat ons dit nie meer weet nie, moet allerhande middels vandag aangewend word vir die onderhoud van die kerkdiens, soos verkopings en kollekte. Dit moet eintlik afgeforseer word.

Maar afgesien hiervan moet die kerkraad kom met ramings en persentasiestelsels. Wie ernstig gaan nadenk hieroor, voel al dadelik dat sulke ramings die gemeente van Christus veroordeel dat hulle skuldig staan teenoor die vierde gebod: die gemeente onderhou nie die kerkdiens nie en daarom is die kerkraad verplig om 'n minimum vas te stel, die minste waarmee die kerkraad kan deurkom. En wonderlik genoeg: ons hou ons aan die minimum en dit val ook voor dat die gemeente selfs bereid is om te protesteer teen die minimum en nie wil gee volgens die raming nie.

Voel u, dit kom gevaarlik naby ons eie lewe, ons wat graag rondom ons heenkyk na ander sabbatsskenders, mense wat Sondags op die sportveld deurbring, mense wat nie kerk toe kom nie — en al die tyd sit ons op die kerkbanke, maar as sabbatskenders, omdat daar by die positiewe eise van die sabbatsgebod staan: kerke en skole moet onderhou word — en dit eerstelik. Kom hierdie skuldbelydenis op in ons harte? Besef ons ons sonde? Dan roep hierdie vierde gebod ons toe: bekeer jou!

Die tweede eis is: dat ek veral op die sabbat met die gemeente van God ywerig moet opkom . . . Hier word gesprek oor die koms na en die deelneming aan die erediens. As ons net op Sondag besig moet wees met die erediens, dan onderhou ons nog nie die vierde gebod nie, daarom staan daar dat ek veral op die rusdag ywerig moet opkom na Gods huis. Hierop word dus veral klem gelê dat ons ons hele lewe moet rig op die diens van God en dit nie net 'n spesifieke Sondagstaak moet maak nie. As ons enigsins sou dink dat ons op Sondag ons werksklere moet uittrek en ons Sondagsklere moet aantrek en so ook met die diens van die Here moet doen, dan sou dit die aanduiding wees dat ons onself moet ondersoek: ons vervul nie ons gelowige taak nie.

Hier staan in kort woorde dat die sabbatsgebod die hele week omvat en dat ons elke dag moet sabbathou. Inderdaad, kerke en skole moet onderhou word — gedurende die week en elke dag — en hier weer: veral op die Sondag, en in die laaste gedeelte van hierdie mooi belydenis: dat ek al die dae van my lewe van my bese werke moet rus.

Daarom: 'n mens kan die sabbatsgebod gedurende die week oortree en ons skend dit juis die meeste op hierdie wyse. As ons dit maar wil besef, sal ons eredienste op Sondae meer druk besoek word. Want dan sal ons Sondae kom rus in die verdienste van Jesus Christus, kom deel in die opstandingsvoorregte wat ons Middelaar ons wou skenk om dan gedurende die week des te naartiger dienstig te wees uit dankbaarheid.

Wat die erediens self betref wat veral op die Sondag deur die gemeente van Christus besoek moet word, word die eis gestel van 'n ywer wat aan die dag gelê moet word. God eis nie dubbelhartigheid of loue slapheid nie. Die liefde wat ons moet openbaar en die gelowige dankbaarheid vir die baie weldade gedoog nie iets minder as naartigheid of ywerigheid nie. Daarmee word alles gesê wat die geestesgesteldheid van die kind van God betref. Liefde tot God eis alles op, ons hele hart, hele siel en al ons kragte. As liefde nie alles gee nie, veroordeel hy en sê: dis liefdeloos. As die liefde die termometer van ons geestelike lewe is, dan eis dit: nie so af en toe nie, maar die verlange na Gods huis moet hoogstaande wees, ywerig en naartig.

As 'n ywerige gemeente saamkom in Gods huis, dan het u 'n totaal ander gemeente te sien as wat dikwels Sondae in die kerk gesien word, want hier gaan nou lewe uit, 'n lewe wat hom in verlange openbaar in die luister na Gods Woord, in die sing van ons Psalms, in die gebed en in die sakramente. So 'n samekoms in Gods kerk is dan waarlik 'n uiting van behoefte en die eerste behoefte is na Gods Woord. So neem gelowiges deel aan die erediens in die kerk.

As gelowiges saamkom, is dit om vier dinge te verrig: Gods Woord te hoor, sakramente te gebruik, saam te bid en aan die armes Christelike liefdegawes te bring. Al hierdie dinge val onder die erediens en ons moet almal hartelik en met vreugde daaraan deelneem.

Die gemeente kom saam om Gods Woord te hoor — dit is die eerste en belangrikste. Tog verdraai ons dit dikwels en hoor ons: om 'n predikant te hoor. Of as 'n ouderling lees, dan hoor ons dat dit leesdiens is — en altyd bly dit godsdien. Hierdie Woord van God kom tot die gemeente om aan hulle te ontsluit die wil van God. En al word dit in swakheid gebring, behaag dit tog die Here om daardeur sy gemeente te laat lei, soos wat 'n herder sy kudde lei. Ons moet dit aanhoor en nie maar net daar kennis van neem nie of dit kritiseer nie, maar om dit te aanvaar, daaronder te buig, ons daaronder te verootmoedig. Want die bedienaar van die Woord is die stem van God tot sy gemeente. Laat elke bedienaar dan die hoë verantwoordelikheid van hierdie roeping beseef.

Hierna volg dat ons ook sakramente moet gebruik as deel van elke erediens. Die gemeente moet dus verwag dat sakramente bedien sal word en dit moet 'n voortdurende behoefte by elke lidmaat wees, want deur die sakramente word die geweldige verbondsbeloftes wat Christus aan sy gemeente beseël het telkens opnuut bevestig. Elke gemeente moet dus nie net 'n Woordhorende gemeente wees nie, maar ook 'n sakramentsgebruikende gemeente. Daartoe moet elke lidmaat ingestel wees en moet ook ons kerke ingerig wees. Dit is 'n gemeente vol behoeftes wat geestelik op die beste wyse gevoed moet word.

Hierby kom nou die openbare gebede wat die stem van die gemeente tot God is. Die hele gemeente roep die Naam van die Here aan deur die bidder, staan nie maar met oë dig en hande gevou nie, maar leef saam met elke bede wat in hul naam voor die Here gebring word. Skuldbelydend, lofseggend en dankend, vir mekaar en aller behoeftes, vir Gods kerk oral in die wêreld en vir alle Christelike arbeid word die aangesig van God gesoek.

En dan word hierdie ryke erediens afgesluit, maar nie sonder dat eers aan die armes gedenk word nie. Aktief word die gemeente voor God gestel as offerende gemeente wat nie maar geldstukkies weggee en hulle van hul gelowige taak afmaak nie, maar wat hier voor die aangesig van God 'n gelowige taak verrig. Gedagtig aan die Groot Barmhartige, Jesus Christus, wat alleen barmhartigheid bewys het aan al sy gunsgenote, word die gemeente as geheel opgeroep in 'n besondere diens, in 'n verantwoordelike werk, om staande voor Gods aangesig te betoon dat ons in die Naam van Christus ook verskuldig is om barmhartig te wees.

So leef dit in die gemeente van Christus; dit leef uit 'n geestelike behoefte, gewek deur Gods Gees. Dis Gods kinders wat saamkom, saamdoen, saam voor God staan. Hier is gemeenskap met mekaar en onderlinge gemeenskap met God.

Die derde eis is dat ek al die dae van my lewe van my bouse werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk en so die ewige sabbat in hierdie lewe moet begin.

As al ons arbeid onder die wyding van die Sondag staan sodat die Sondag nie 'n uitgesonderde dag sal wees nie wat ons bo al die dae op 'n hoë voetstuk plaas en onself ook so heel anders is nie, dan beseef ons die gees waarin hierdie woorde geskryf is. Ons het nie maar ses dae van eie diens, van eie werk in ons eie lewe waarin ons al ons talente en gawes bestee ten bate van ons eie werkkring en dan één besondere dag wat nou weer in die diens van God gestel moet word nie. Nee, die Christelike lewe staan op 'n veel hoër plan wat insluit "al die dae van ons lewe", met ander woorde ons moet al die

dae van ons lewe vul met 'n leefwyse wat inpas by 'n Christelike en Godegewyde orde.

Stel u nou voor dat ons dit nie doen nie, dat ons elke dag met die gewone kommer en sorge voortleef totdat die Sondag kom, en dan word ons eintlik met 'n skok wakker geskud: dis alweer Sondag en vandag moet ek weer anders wees, anders doen, myself en my werk vergeet en nou moet ek weer met Gods werk besig wees. As dit so met ons gesteld is, moet ons weet dat ons nog niks van die eis van die vierde gebod verstaan het nie.

Laat ons dit so stel: die wêreld maak van elke dag, die Sondag inkluis, één stuk deurlopende selfdiens. Die wêreld is konsekwent in sy belydenis, dikwels veelmeer konsekwent as die gelowiges. Die vierde gebod eis van ons die direk teenoorgestelde maar tegelyk konsekwente belydenis: elke dag, die Sondag inkluis, moet één stuk deurlopende godsdiens wees. Daar het u die teëstelling tussen vroom en goddeloos, en dis 'n verskil in belydenis.

"Dat ek al die dae van my bouse werke moet rus" — en dit geskied nie as ek saans tuiskom van my werk af nie, ook nie as ek snags moet rus in die slaap nie; intendeel, hierdie taak lê op my juis wanneer ek in my werk staan en dit lê die stempel van godsdiens op my werk. My arbeid is 'n roeping van die Here waarin Hy juis vir my wou gebruik.

Hierdie dankende en biddende werkslewe in diens van God waarin ek *aan* God ook *verantwoording* verskuldig is, is geen slawebestaan nie. Immers God kom deur sy Gees ook in ons werk in al die dae van ons lewe en geesteswerk is vernuwingswerk. Dit is 'n weelde waaraan Gods kinders deel het. Kan u u die weelde indink: ons staan by die werkbank, in die fabriek, by die ploeg, in die kantoor, voor ons klas — en ons is nie alleen nie maar Gods Gees werk in ons harte om aan ons te verkondig: die Here het 'n welbehag in die werk wat jy hier doen. Dan verhef dit ons harte weer en ons jubel in die Here. Ons word jubelende werkers. En u weet dis darem heel anders as wat dit vandag is. Ons verkry vandag te dikwels verwêreldlikte werkers, morrende werkers, kommunistiese werkers. Dit kom alles slegs deurdat ons slawewerkers is wat slegs daar staan in die sweet van die aangesig en nie meer bewus is dat ons kinders is van die allerhoogste Koning nie. Daarom moet ons al die dae van ons lewe die Heilige Gees in ons harte laat werk.

En nou gaan die geloof die verre toekoms in en spreek van die ewige sabbat wat in hierdie lewe moet begin. Te midde van die onrus en toenemende gejaagdheid wat die inspanning verhoog en die oorspanning laat toeneem, word die gelowige gebring by die verdienste van Jesus Christus aan die kruis. Christus was arbeider by uitnemendheid en het geen rus gehad nie totdat Hy dit uitgeroep het aan die kruis: "dit is volbring." Elke gelowige weet dat die volbragte arbeid vir Gods kinders 'n sabbat beloof. Maar die sabbat moet net in hierdie lewe reeds begin.

Dit begin reeds hier as die gelowige verankerd is in Christus en in sy wederkoms. Dit begin hier as die taal van die geloof nooit een dag swyg nie, maar vroeg en laat Christus bely. Dit begin hier as ons sy woord hoor, sy sakramente gebruik en daarin verneem: kom na My toe, vermoeide en belaste, en Ek sal julle rus gee.

U het seker wel bemerk dat 'n lewe volgens die vierde gebod 'n ander lewe is as die wat ons vandag voer; inderdaad, die sabbat word veelmeer gedurende die week geskend as op die Sondag. Die skending van die sabbat is juis omdat ons in die week so verweg leef van sy geestelike sprake, dat ons eers weer onself moet oorwin om weer oor geestelike dinge te dink as die Sondag nader.

Maar ag, as daar ware geloofslewe is, 'n kloppende hart, 'n verlangende kinderlewe, 'n konsekwente belydenis, dan sal die Christendom weer beantwoord aan die Psalmis se woorde:

'n Palmboom hoog en rustig,
'n seder sterk en skoon

met breë blarekroon
so groei Gods volk, so lustig.
Hul groei deur Gods genade:
hul bloei daar hoog en fris
waar God se voorhof is
in skone lofgewade.

Ps. 92:6.

SONDAG 39.

DIE VYFDE GEBOD

Lees: Efese 6:1-9 en Rom. 13:1-7.

Sing: Ps. 99:1; 10 Gebooië:7 [Sb. 26:7]; Ps. 25:6; Ps. 86:6.

Die Godgewilde gehoorsaamheid aan die deur God gestelde Gesag.

Met die 5de gebod begin die 2de tafel van die wet van die Here. Die wet van die Here is die onfeilbare lewensreël van die dankbare, verlose kind van God wat vra: "Here, wat wil U hê, moet ek doen?"

Die eerste tafel van die wet beskryf ons verhouding tot God en eis dat ons God moet liefhê bo almal. Die 2de tafel wil die verhouding van mense tot mekaar reël en vra dat ons ons naaste moet liefhê soos onself, want hy is ook beeldraer van God en dus gelyk aan onself. Die 1ste tafel van die wet handel oor ons godsdienstige lewe, die 2de tafel oor ons sedelike lewe. Die twee tafels kan nie van mekaar geskei word nie, want die ware sedelikheid groei alleen op die wortel van die ware godsdiens.

Die 5de gebod is 'n gebod met 'n belofte nl. "dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee." Hierdie belofte beteken nie dat elke gehoorsame kind lank sal lewe nie. Die teenoorgestelde gebeur dikwels. Israel is op pad na Kanaän wanneer God sy wet aan sy volk gee. God beloof vir Israel as volk 'n lang volksbestaan as hy gehoorsaam sal wees aan God en nie die grondslae van sy eie volksbestaan sal ondermyn deur die van God gewilde gesag te verwerp nie.

Hierdie belofte het God aan Israel vervul want Israel het vir minstens 1500 jaar 'n onafhanklike bestaan as nasie gehad in Palestina voor sy verstrooiing in die jaar 70 n.C. Die Sjinese volk geniet vandag reeds 'n volksbestaan van meer as 2,000 jaar. Eerbied vir die ouers staan in geen heidense land hoër as juis by die Sjinese nie. By 'n heidense volk is dit 'n vrug van Gods algemene genade.

In geestelike sin is die belofte van toepassing op elke gelowige. In die hemelse Kanaän sal Gods kinders eenmaal nie maar net 'n lang lewe maar 'n ewige lewe geniet op grond van Jesus Christus se volmaakte gehoorsaamheid.

Die 5de gebod vra 'n gelyke eerbetoning vir vader en **moeder**. So hef die wet van die Here die vrou op uit die vernedering waarin sy verkeer het by die heidense volkere. Omdat die moeder gedurig met die kinders omgaan en liggaamlik swakker is as die vader is die kinders geneig om vir die moeder minder ontsag te hê as vir die vader. Dit is sonde. Gods Wet eis van kinders om vader en moeder eweveel te gehoorsaam. In Lev. 19:3 word die moeder selfs eerste genoem.

In hierdie Sondagsafdeling behandel die kategismus die Godgewilde gehoorsaamheid aan die deur God gestelde gesag volgens die 5de gebod.

Ons let in die eerste plek op die gesag, in die 2de plek op die gehoorsaamheid aan die gesag en in die 3de plek op die grense van die gesag.

In die paradys het die mens in opstand gekom teen Gods gesag en sy eie menslike gesag verkies bokant die gesag van God. As gevolg van die sonde het God nog 'n besondere vorm van gesag ingestel, nl. die owerheidsgesag (Rom. 13:1-7). God het die owerheidsgesag ingestel as 'n hulpmiddel en aanvulling van die ouerlike gesag om desnoods deur dwang en straf die gesag in stand te hou. Die ouerlike gesag was egter die eerste en daarom lui die gebod: "Eer jou vader en jou moeder." Die gebod bring ons in die kring van die huisgesin. Die huisgesinne is die lewende selle waaruit al die ander lewenskringe soos die skool, die maatskappy, die kerk en die staat opgebou word. Die kategismus wil die lig van Gods Woord hier laat skyn oor die uitoefening van en gehoorsaamheid aan die gesag in al die genoemde lewenskringe.

As die kategismus vra "Wat wil God in die vyfde gebod hê?" is dit die kernvraag. Alleen

God se gedagtes is bindend vir die mens. Die antwoord op hierdie vraag is: "Dat ek my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou moet bewys en my aan hulle goeie leer en straf met gepaste gehoorsaamheid moet onderwerp en dat ek ook met hulle swakheid en gebreke geduld moet hê aangesien dit God behaag om ons deur hulle hand te regeer."

In hierdie laaste sin word die bron van alle gesag aangetoon. God alleen oefen onbeperkte gesag uit oor sy skepsels. Maar by die uitoefening van sy gesag maak God gebruik van mense. God beklee hulle dan met gesag maar dit bly altyd God se gesag. Daarom sê Paulus in Rom. 13: "Daar is geen mag behalwe van God nie en die wat daar is, is deur God ingestel." Agter die ouers, onderwysers, ampsdraers en owerheid staan God wat gesag uitoefen en gehoorsaamheid eis.

Die oorsprong en bron van alle gesag is in God en hulle wat die oorsprong van die gesag soek in die mens of in die staat besondig hulle teen die eerste gebod en verval in die sonde van afgodery. Die gelowige buig voor menslike gesag omdat hy in die menslike gesag Gods gesag eerbiedig.

Die eerste en vernaamste kring van die gesag vind ons in die huisgesin en hierin openbaar God sy goedheid. God gee as eerste leerskool waar die opstandige mens die heilige kuns van gehoorsaamheid moet leer, die huisgesin waar 'n vriendelike vader en liefdevolle moeder regeer en nie 'n ongevoelige despoot nie.

In die gesin staan ons by die grondslag van die gesag en daarom is die taak van die ouers so verantwoordelik. Vanuit die huisgesin regeer die moeder ook saam die kerk en die staat. Geen koning beskik oor soveel mag oor sy onderdane as waaroor vader en moeder beskik oor hul kinders nie. Die huisgesin is 'n koninkryk in die klein en vader en moeder is 'n koning en koningin by die grasia van God, en die gebod van die Here eis gehoorsaamheid vir hulle en dit moet betoon word in alle eer, liefde en trou.

Behalwe die natuurlik liefde van kinders vir hul ouers verleen God aan die ouers nog 'n meer uitwendige gesag. God stel die ouers aan as ouers oor hul kinders en beklee hulle met gesag oor hul kinders. Ouers sal eenmaal rekenskap moet gee van die uitoefening van hierdie gesag.

As hulle die gesag nie handhaaf nie, staan hulle skuldig voor God. Die vyfde gebod is ook 'n gebod vir ouers en dit waarsku alle ouers om nie ter wille van die sogenoemde majesteit van die kind die gesag te laat ondermyn nie. Ouers moet besef dat hulle deur God in 'n amp gestel is en in Gods naam gesag moet uitoefen. Die kategismus praat van die goeie leer en straf van die ouers. Paulus skryf: "en vaders moenie julle kinders, vertoorn nie maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here." (Efese 6:4). Ouers is partykeer onnodig streng en onredelik teenoor hul kinders omdat hulle vergeet dat hulle self ook kinders was en nie genoeg rekening hou met die mentaliteit van kinders nie.

Ouers moet met goeie leer hul kinders opvoed in die vrese van die Here soos hulle beloof het by die doop. Die vrese van die Here kan nie later vii hulle geleer word deur die predikant of onderwyser nie. Ouers moet hul kinders gedurig onderrig in die Woord van die Here en toesien dat hulle skole besoek waar die Here gevrees word. Ouers moet hul kinders leer om gereeld te bid en te dank. Dink aan die woorde van Deut. 6:7: "En jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."

Ouers moet dit vir hul kinders maklik maak om te gehoorsaam deur vir hulle 'n godsalige voorbeeld te stel. As die ouer die kind na die katkisasie stuur, moet hy self ook na die kerk gaan. As die ouer sy kind wil leer om gereeld te bid, moet die kind die ouer hoor bid en hom sien neerkniel in die gebed. Ouers moet verwag dat hul kinders hulle moet gehoorsaam, moet self die Here gehoorsaam.

Ouers moet hul kinders van kleins af gewoon maak aan dissipline en tug. Die opvatting wat leer dat die kind hom ongehinderd moet uitleef, gaan uit van die gedagte van die

deug van die kind. Dit is 'n ontkenning van die erfsonde wat so duidelik deur die Woord van God geleer word. Ons kinders word in sonde ontvang en gebore en daarom moet die sondige neigings by hulle bestraf word en indien nodig moet straf toegepas word. Die wyse Salomo sê: "wie sy roede terughou, haat sy seun maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging."

(Sprenke 13:24). Straf moet alleen in liefde toegepas word. Ouers mag nie in hul toorn straf toedien en ook nie op kinders skreeu en hulle links en regs klap nie. Straf mag nooit ontaard in wraakneming nie. Met 'n biddende, liefdevolle hart moet ouers hul kinders straf in die naam van die Here. Ouers moet besef dat elke oortreding 'n afsonderlike strafmaat en strafsoort vereis.

Ouers, onderwysers en owerhede wat gesag moet uitoefen en gehoorsaamheid verwag, moet vir hulself afvra: "Gehoorsaam ek self die Woord van God?" Laat ons onthou dat alleen hulle wat God gehoorsaam se gesag op die duur eerbiedig word.

Ons let in die 2de plek op die Godgewilde gehoorsaamheid aan die gesag.

Op die vraag: "wat wil God in die 5de gebod hê?" antwoord die kategismus "dat ek my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou moet bewys en my aan hulle goeie leer en straf met gepaste gehoorsaamheid moet onderwerp en dat ek met hulle swakheid en gebreke geduld moet hê."

Die gepaste gehoorsaamheid moet in alle eer, liefde en trou bewys word. Hier word gesprek van 'n Godgewilde gehoorsaamheid wat vrug is van die wederbarende genade van God. Liefde tot God is die vervulling van die wet, ook van die 5de gebod.

Hier word die gehoorsaamheid van kinders aan hul ouers aan ons voorgestel as voorbeeld vir alle ander gesagsverhoudinge. Net soos die kinders hul ouers gehoorsaam, so moet die leerling sy onderwyser, die werknemer en sy werkgewer, die lidmaat sy kerkraad en die onderdaan sy owerheid gehoorsaam.

Die huisgesin is die oefenskool van die gepaste gehoorsaamheid. Dit is die kweekplek van ontsag vir gesag. In die huisgesin word die deugde van geduld, hulpvaardigheid en verdraagsaamheid aangeleer en beoefen en daarom bied die huisgesin die voorbereiding vir die maatskaplike, kerklike en staatkundige lewe. Geen kosskool of weeshuis of inrigting kan die huisgesin vervang nie.

Kinders moet hul ouers alle eer, liefde en trou bewys. "Eer" word eerste genoem omdat die ouers in 'n amp staan en 'n mens moet eerbied hê vir 'n amp. Paulus skrywe met betrekking tot die kerklike ampsdraers "en bewys hulle in liefde die hoogste agting ter wille van hulle werk" (1 Thess. 5:13). Kinders eer nie hul ouers in die eerste plek omdat die ouers hulle oorlaai met liefde en goedheid nie, maar omdat God die ouers aangestel het as ouers. So het Sem en Jafet hul vader geëer ook toe hy in die sonde van dronkenskap geval het.

Kinders wat van hul ouers spreek as die "ou kêrel" of die "ou vrou" eer hulle nie maar besondig hulle. Die Heilige Skrif sê: "vervloek is hy wat sy vader of sy moeder verag" (Deut. 27:16).

Die eerbied verdiep hom in liefde vir die ouers. Kinders het hul ouers lief ten spyte van hul swakhede en gebreke. Wie is nader aan ons as hulle? Wie sal so gewilliglik alles vir ons opoffer as hulle? Dawid was gewillig om in die plek van sy opstandige seun Absalom te sterf. Ouers doen hulself dikwels te kort om aan hul kinders 'n goeie geleerdheid te kan gee. Die liefde van kinders vir hul ouers behoort die mees natuurlike saak te wees. Kinders wat hul ouers nie liefhet nie, het laer gesink as die heidendom wat soms hul voorouers godsdienstig vereer het.

Kinderliefde word geopenbaar in kindertrou en kinders moet altyd lojaal teenoor hul ouers wees, maar veral word die kindertrou bewys wanneer die ouers oud, sieklik en arm is. Die 5de gebod ken geen leeftydsgrense nie. Selfs al het die kinders naderhand self huisgesinne en dus verpligtinge mag hulle hul ouers nie afskuif op die diakonie of

welsynsorganisasies of hulle voor hul dood begrawe in oue tehuise of inrigtings vir kroniese siekes nie. Met liefde en trou moet hulle versorg word. In die Heilige Skrif is treffende voorbeelde van kindertrou. Rut was getrou aan haar skoonmoeder, Naomi, toe sy geweier het om Naomi alleen te laat teruggaan na haar land. Josef was getrou aan sy afgeleefde vader, Jakob, toe hy hom laat kom het na Egipteland en hom aan Farao gaan voorstel het. Ons het bo alles die voorbeeld van Jesus wat in die derde kruiswoord vir sy moeder gesorg het ook vir die tyd wanneer Hy nie meer by haar sou wees nie.

Hoe baie kinders vergeet nie hul afgeleefde ouers nie sodra hulle vername posisies bekleed en voorspoed geniet? Hoe baie geleerde kinders skaam hulle nie vir hul ongeleerde ouers nie?

Die kategismus vra van kinders gepaste gehoorsaamheid op grond van Gods gebod. Gepaste gehoorsaamheid is gehoorsaamheid om Christus wil, onvoorwaardelike gehoorsaamheid sonder om vrae te stel of beloning te verwag. Paulus skryf: "Kinders julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg." (Efese 6:1). Jesus was sy hemelse Vader gehoorsaam tot in die dood van die kruis.

Kinders moet hulle ook met gepaste gehoorsaamheid onderwerp aan die goeie leer en straf van hul ouers. Ons moet as kinders ag gee op die goeie raad van ons ouers wat meer lewenservaring besit as ons. As ons ouers dit nodig vind om ons te straf moet ons hulle eerbiedig ontsien en ons onderwerp aan hul straf. Die sonde maak straf noodsaaklik en daarom moet die kind wat die Here vrees die straf van sy ouers aanneem en hom daardeur laat louter. Die bewys van liefde is gehoorsaamheid en onderwerping.

Kinders moet ook geduld hê met die swakheid en gebreke van hul ouers en onderdane met die van hul owerheid. Die gesagdraers in gesin, kerk en staat is almal sondige mense met swakhede en gebreke. Dit is soveel makliker om geduld te beoefen as ons onthou dat dit God behaag om ons deur hulle hand te regeer. As God hulle goed genoeg ag hoe kan ons dan ongeduldig met hulle wees. En al is ons ouers partykeer in ons oë te streng of onredelik onthef dit ons nog nie van die plig om hulle te gehoorsaam nie. As Jesus wat volmaak was sy ouers wat onvolmaak en sondig was in alles onderdanig was hoe kan ons dan wat self sondig en onvolmaak is ons onvolmaakte ouers verag en ongeduldig word? Gods Woord is baie skerp teenoor kinders wat hul ouers nie eer nie: "'n Oog wat met die vader spot en die gehoorsaamheid vir die moeder verag — die kraai van die dal sal dit uitpik, en die kuikens van die arend sal dit opeet(Spreuke 30:17), en "Wie sy vader of sy moeder vloek, sy lamp gaan in pikdonker dood." (Spreuke 20:20).

Die 5de gebod staan in die stuk van die dankbaarheid. Jesus vra van ons dat die gehoorsaamheid wat ons beoefen, dankbaarheid sal wees vir die verlossing wat Hy aan ons gee. As kinders moet ons met ons sonde, ook die van ongehoorsaamheid na Jesus gaan. Hy het ook vir hierdie sonde betaal. As ons gehoorsaam is, is dit die heerlike vrug van Gods genade wat Hy in Christus aan ons betoon. Jesus het ook aan ons die volmaakte voorbeeld gestel. Hy was sy ouers en owerheid onderdanig. Hy het aan die keiser gegee wat hom toekom. Kinders, as julle die seën van die Here begeer op al jul ondernemings, bewys dan jul ouers en almal wat God oor julle gestel het alle eer, liefde en trou. Diegene wat in hul kinderdae die heilige kuns van gehoorsaamheid geleer het, sal in hul later lewe deur God geroep word om as gesagdraers op te tree op die verskillende terreine van die lewe.

Onder die invloed van die liberalisme is dit 'n kenmerk van ons tyd om alle gesag te verwerp en Gods bande stukkend te ruk. So 'n vryheid is 'n valse vryheid en dit loop uit op losbandigheid. Dit dra die kieme van verwoesting en ondergang in hom. Vir elke mens is die hoogste vryheid die gehoorsaamheid aan die wil van God. Alleen die wat Jesus Christus vrygemaak het, sal waarlik vry wees.

Ons let ten slotte op die grense van die gesag.

In Rom. 13 skryf Paulus: "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie en die wat daar is, is deur God

ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan."

Met hierdie woorde vermaan Paulus die gelowiges te Rome om hulle aan die heidense owerheid te onderwerp. Ook Jesus het Hom onderwerp aan die gesag van Pilatus. In die menslike gesag moet die goddelike gesag eerbiedig word ook wanneer hierdie gesag die lewe vir ons moeilik maak. Gesag mag egter nie ontaard in tirannie en willekeur nie. Gods Woord ken nie so-iets as onbegrensde gesag nie en ook nie so-iets as om onder alle omstandighede te gehoorsaam nie. Die gelowige kan homself ook verplig voel volgens Gods Woord tot heilige ongehoorsaamheid. Dit geld vir die gesag op alle terreine van die lewe.

Die owerheid moet volgens Gods Woord Christus dien in sy stryd teen die sonde en verder optree tot welsyn van almal oor wie hy gestel is. Die owerheid mag dus nie sy gesag misbruik vir geweld of onreg of vir die bevrediging van sy eie magswellus nie. Dit is die plig van die onderdaan om te protesteer as die owerheid sy gesag misbruik om Christus te weerstaan.

Gesag berus op aanstelling deur God en God stel sy gesagsdraers aan op 'n bepaalde terrein. So is daar ouerlike, kerklike en staatsgesag. Die staat mag nie ingryp in die regte van die ouers of van die kerklike owerheid nie solank hulle die wette van die staat gehoorsaam. Dit is die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Alle gesag wat sy grense oorskry, ontaard in 'n karikatuur van gesag.

In die totalitêre regeringstelsel is die staat oppermagtig en matig vir hom die reg aan om in te gryp in die godsdienst van sy onderdane, om internasionale grense te verskuif soos dit hom pas. Hier is mag reg en die beginsel van soewereiniteit in eie kring word nie eerbiedig nie. Hier is die Here nie meer God nie maar die oppermagtige staat is God. Die bevoegdhede wat die totalitêre staat vir hom toeëien kom alleen aan Christus toe. Hier is die lewensreël nie: "Wat strek tot eer van God nie?" Daarom is dit die plig van die gelowige om 'n heilige protes te laat hoor teen alle gesagsoorskryding.

Alle gesag word begrens deur die woorde van Petrus en Johannes aan die Joodse Raad, nl. dat 'n mens God meer gehoorsaam moet wees as die mense. Dit was heilige ongehoorsaamheid. Die woorde van Jesus geld ook hier: "Wie vader of moeder bo My liefhet is My nie werd nie" (Matt. 10:37a). Geen kind mag dus sy ouers gehoorsaam as hulle hom beveel om te sondig teen Gods gebod en geen onderdaan mag sy owerheid gehoorsaam as hy wette maak wat in stryd is met Gods Wet nie.

Die vyfde gebod moet deur die gelowiges uitgeleef word in hul lewe van dankbaarheid. Jesus se straf aan die kruis was ook 'n straf vir ons opstand en oproer teen God. As ons Jesus Christus ken as ons Borg word ons ingelyf in die groot skaar van diensknegte en diensmaagde van God wat Hom dien met heilige gehoorsaamheid. Die sonde is in sy wese rewolusie teen God en nou bedwing God nog deur die gesag die rewolusiegees. Eenmaal sal die hel die plek wees waar die uiterste chaos en anargie sal heers. Dit is die uiterste konsekwensie van die sonde en die rewolusie. Daar is geen gesag en gehoorsaamheid nie. Op die nuwe aarde daarenteen sal volmaakte gehoorsaamheid gevind word want dan sal die bede van Christus verhoor wees: "Laat U wil geskied soos in die hemel so ook op die aarde."

Ons roeping as gelowiges is om in ons lewe van dankbaarheid hier op aarde onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God en sy Woord te beoefen en die gesag te eerbiedig wat God oor ons gestel het. Daarom pas dit ons om altyd weer te bid:

"Gee ons in Christus nuwe lewe om dit te doen uit dankbaarheid."

Amen.

SONDAG 40.

DIE SESDE GEBOD

Lees: 1 Johannes 3.

Sing: Ps. 119:1; Ps. 133:1, 2; Ps. 7:1; 10 Gebooe:8, 11 [Sb. 26:8, 11].

Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Die 5de gebod eis gehoorsaamheid aan God en aan die gesagsdraers wat God oor die mens gestel het. Die 6de gebod bring ons in die midde van die menslike samelewing en bevat die kerngedagte van die 2de tafel van die wet, nl. dat ons ons naaste moet liefhê soos onself. Hier volg nou vier gebooe wat die verhouding van mens tot mens reël. Hier rig God sy wet soos 'n skild beskermend op oor die lewe, die huwelik, die eiendom en die naam van die mens.

Die 5de gebod het geëis dat die lewe aan gesag onderworpe moet wees, die 6de gebod eis dat die lewe beskerm moet word. Die gesag wat God ingestel het, moet toesien dat die lewe beskerm word.

Die lewe is die mens se kosbaarste besitting en God het die lewe lief. Daarom waak God in die 6de gebod oor die lewe. Onder invloed van die materialisme word die lewe van die mens gering geag. Daarom word duisende lewens geoffer op die altaar van die oorlogsgod. Gods wet egter stel die lewe bokant alle ander dinge. Die lewe van die mens is een van die heerlikste trekke van die beeld van God in die mens.

By behandeling van hierdie Sondagsafdeling wil ons op die volgende let:

1. Wat God nie in die sesde gebod verbied nie;
2. Wat God wel hier verbied, en
3. Wat God hier gebied.

As die 6de gebod sê: "Jy mag nie doodslaan nie" verbied God nie die doodstraf wat deur 'n wettige owerheid voltrek word nie. Gods Woord is nooit met homself in stryd nie. Toe God die Noagietiese- of natuurverbond met Noag opgerig het, het God die doodstraf ingestel toe Hy gesê het: "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur mense vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak" (Gen. 9:6). In dieselfde verband het God ook die owerheid ingestel en aan hom die swaard toevertrou as simbool van gesag. Hierdie magsbevoegdheid dateer uit die tyd van Noag, maar dit geld vir alle volke en tye.

Voor die Sondvloed was die aarde vervul met geweld en daar was geen owerheid wat kon ingryp nie. Na die sondvloed wil God die samelewing op 'n sondige aarde moontlik maak sodat die mensdom homself nie sou verteer en uitmoor nie. Daarom rig God die natuurverbond op met Noag as hoof van die mensheid sodat God sy raadsplan kan verwesenlik en sodat Jesus Christus kan kom om Gods kinders te verlos.

So het God self die doodstraf ingestel vir alle volke en alle tye. Dit was nie slegs bedoel vir die Ou Testament nie. Ook Paulus skryf in Rom. 13 dat die owerheid die swaard dra en die swaard is simbool van die bevoegdheid om met die dood te straf. Ook Jesus het die doodstraf aanvaar wat Pilatus oor Hom uitgespreek het. Eenmaal as God sy plan met die kerk en die wêreld voltooi het, sal Hy self die steierwerk van die natuurverbond afbreek. Dit pas ons egter nie om slimmer te wil wees en om mensliewender te wil wees as God, deur nou al die doodstraf af te skaf nie. As dit gedoen word, is dit 'n teken van sedelike en geestelike agteruitgang.

Die argument dat 'n ter dood veroordeelde nie die geleentheid kry om hom te bekeer nie, gaan nie op nie. God sal al sy uitverkorenes tot bekering lei al is dit dan ook in die kort tydjie tussen die doodvonnis en die voltrekking daarvan. Die moordenaar vergryp hom aan Gods beeld en rand Gods hoogste majesteit aan en daarom mag ons nie die eer van God ondergeskik maak aan die redding van die mens nie.

Solank as wat die mens se sedelike besef reg werk, eis dit die dood van die moordenaar. Kain het self gesê: "My skuld is te groot om vergewe te word" en "elkeen wat my kry sal my doodslaan" (Gen. 4:1, 14).

In die 6de gebod verbied God ook nie 'n regverdige oorlog nie. As die vaderland aangeval word deur imperialistiese aggressors is dit die plig van die owerheid om sy burgers tot die wapens te roep en die vaderland te verdedig. Maar oorloë wat gevoer word om ander nasies te beroof van land en eiendom is sonde teen die 6de en 8ste gebooie. 'n Owerheid wat sy jongmanne laat doodskiet in 'n oorlog ter wille van gebieds- en magsuitbreiding, pleeg massamoord.

In die 6de gebod word ook nie verbied dat 'n mens jou lewe op die altaar kan lê nie wanneer jy as geneesheer of verpleegster diegene behandel en verpleeg wat aan aansteeklike siektes ly. Verder word hier ook nie verbied dat 'n gelowige deur getrouheid aan God en sy Woord as martelaar sterf nie; intendeel, Christus sê aan sy volgelinge: "Wees getrou tot die dood toe en Ek sal jou die kroon van die lewe gee" (Openb. 2:10b).

Laat ons nou in die 2de plek vra: "Wat verbied God wel in hierdie gebod?" In vr. 105 vra die kategismus: Wat eis God in die 6de gebod? En dan is die antwoord: "Dat ek my naaste nie met gedagtes, en ook nie met woorde of enige gebaar en nog minder met die daad, deur myself of deur 'n ander mag onteer, haat, wond of doodmaak nie; maar dat ek alle wraakgierigheid moet aflê; ook myself nie mag wond of moedswillig in enige gevaar begewe nie . . ."

Die gebod: "Jy mag nie doodslaan nie," word uitgebrei tot onteer, haat, wond of doodmaak. Die kategismus rig hier 'n gordel van verdedigingswerke op rondom die kosbare lewe.

Moord was die eerste groot oorwinning van Satan en die sonde na die val. Satan word genoem die mense-moordenaar van die begin af. Moord is dan ook die mees sataniese sonde. Ook nog in ons tyd is moord een van die mees alledaagse sondes. Ons tyd met sy oorloë en atoombomme wat sy duisende slagoffers eis, spot met hierdie ordinansie van die Here: "Jy mag nie doodslaan nie".

Moord kom ook in ons tyd baie voor in die vorm van kindermoord en vrugafdrywing. 'n Vrou wat haar ongebore kind vermoor om 'n skande vry te spring of uit oorwegings van gerief en gemak verkrag haar eie natuur en staan skuldig aan moord selfs al word dit nooit ontdek nie. Hierdie sonde neem skrikwekkende afmetings aan volgens die baie hofsake wat in hierdie verband voorkom. 'n Volk wat hierdie sonde misdryf, is besig met nasionale selfmoord.

Die kategismus noem behalwe moord ook aanverwante sondes. Ons kan ook skuldig wees aan moord selfs al het ons geen letterlike moord gepleeg nie. Die sesde gebod gaan uit van die gedagte dat God aan elke mens 'n staanplek gee in die lewe en dat God wil hê dat die mens op daardie staanplek sy lewe moet ontplooi tot eer van God. Verder het God dit so beskik dat sekere mense naby mekaar hul staanplekke moet hê en soos naastes van mekaar moet lewe en werk.

As ons iemand vermoor, ontnem ons hom die staanplek wat God hom gegee het. Maar ons kan ook so baie doen, sonder om 'n moord te pleeg, wat die rustige ontplooiing van iemand se lewe kan belemmer. Die kategismus noem eerste "onteer". Ons kan ons naaste met 'n hooghartige houding verkleineer of ons kan hom kwes met 'n gebaar van veragting. As ons iemand haat wil ons hom uit die pad hê. Hy moet weg van die plek wat God aan hom gegee het. Haat en afguns gaan dikwels hand in hand saam. So het Saul se afguns op Dawid aanleiding gegee dat hy Dawid wou doodmaak.

Sedelike kwesplekke word toegedien deur skinderpraatjies, skerp woorde, bitsige aanvalle en krenkende gebare. Ons tong kan ook 'n swaard wees en as blikke kon doodmaak sou die wêreld 'n slagveld wees. Deur verwensing en haat word daagliks gesondig teen die 6de gebod. Ons kan geestelik vermoor in ons gedagtes deur verwensing en wraakgedagtes; in woorde deur te vervloek en te beskinder; in die daad

deur 'n houding wat die siel krenk.

Veral word geestelike moord gepleeg binne en buite die huweliksewe deur huweliksontrou en vrye liefde. Hierdie soort moord is wreder as liggaamlike moord wat gewoonlik gou afgehandel is. Wanneer iemand geestelik vermoor word deur teleurgestelde liefde is dit 'n langsame foltering wat siel en liggaam geleidelik laat sterf.

Dit is veral aan die fyner vorms van die sonde soos in hierdie geval: haat, nyd, bespotting en belastering waaraan gelowiges hulle baiekeer skuldig maak. Dit pas ons as gelowiges om hierdie sondes te bely en by Christus krag te soek om hulle te oorwin. Alleen Christus wederbaar ons harte deur die werking van die Heilige Gees sodat ons nie langer skuldig staan aan moord nie maar sodat ons God en ons naaste weer liefhet. Die kategismus wys ons daarop dat ons hierdie genoemde sondes nie self mag doen nie maar ook nie deur 'n ander mag laat doen nie. Toe Dawid vir Uria laat ombring het, was hy net so skuldig aan moord. So kan 'n regering ook deur 'n onwettige besluit sy onskuldige jongmanne laat doodskiet in 'n onwettige en onnodige oorlog.

Volgens Gods gebod word ons verder hier verbied om onself te wond of moedswillig in enige gevaar te begewe. Wat ons nie aan ander mag doen nie mag ons ook nie aan onself doen nie. Selfmoord en verwante sondes is ook sondes wat deur God verbied word in die 6de gebod. Die self moordenaar vergryp hom ook aan die beeld van God net so goed as die moordenaar. 'n Mens mag nie die plek waar God jou geplaas het verlaat sonder dat God jou afgelos het nie. Al is jou omstandighede nog so moeilik moet jy jou roeping vervul. Niemand het die reg om sy eie lewe te neem nie. Selfmoord is dan ook geen sprong tot in die ewige rus nie, maar dit is 'n sprong tot voor die regterstoel van God. Die Heilige Skrif wys ons waarskuwend op die vreeslike uiteinde van Judas. Daar word gewoonlik gevra of alle selfmoordenaars verlore gaan. Hieroor mag ons nie oordeel nie. Die Heilige Skrif ken net een onvergeeflike sonde, nl. die teen die Heilige Gees. Niemand weet wat daar plaasvind tussen die mens en sy God in sy sterwens-oomblikke nie.

Daar is ook sondes wat verwant is aan selfmoord, soos drank- en tabakmisbruik, onsedelike lewe, roekeloosheid en oordrewe deelname aan sport. Diegene wat hul gesondheid ondermyn deur drankmisbruik is besig met 'n stadige selfmoord en ook met geestelike moord op hul gesinne. Alkohol is nooit 'n voedsel nie, altyd 'n vergif. Dit het weinig waarde as medisyne. Alkohol affekteer die verstand en vertraag die mens se reaksies. Daar om is dit een van die vernaamste oorsake van motorongelukke. Hoe baie onskuldige mense word nie vermoor deur persone wat onder die invloed van drank motors roekeloos bestuur nie. Onder die invloed van drank verval mense dikwels in die sondes van moord en onsedelikheid. By dronkenskap raak alle verantwoordelikhedsbesef verlore en daarom volg op dronkenskap dikwels owerspel en moord.

Baie lewens word verwoes deur drank en baie huisgesinne vernietig. Hoe ontsettend ly die vrou en kinders van die dranksugtige nie! Daarom moet jong mans ernstig nadink voordat hulle drank aanraak. Dit kan die begin wees van selfmoord. Ouers moet ernstig nadink voordat hulle drank in hul huise bring. Die skade kan onberekenbaar wees.

So ook moet 'n lewe van onsedelikheid en sinnelus veroordeel word as stadige selfmoord. Ook oordrewe belangstelling in en deelname aan sport kan die gesondheid verwoes en die lewe verknoei. Sport moet altyd 'n middel bly om ons liggame gesond te hou en ons gees te verkwik. Maar sommige mense maak van sport 'n godsdiens en dan offer hulle hul beste liggaamskragte op die altaar van hierdie afgod.

As ons roekelose gevare trotseer, speel ons met die sonde van selfmoord. Mense wat roekeloos hul lewens in gevaar stel ter wille van roem of finansiële voordeel besondig hulle teen die 6de gebod. Die roekelose motorbestuurder speel met sy eie lewe en die lewe van ander mense en hy sal ook deur God nie onskuldig gehou word nie.

Nadat die kategismus ons gewys het op die ontsettende sondes van doodslag en ander verwante sondes, gaan hy verder om ons te wys op die giftige wortel waaruit hierdie sondes voortspruit.

In vraag 106 word gevra: "maar dit lyk tog of hierdie gebod net van doodslaan spreek?" en dan is die antwoord: "Deur doodslag te verbied, leer God ons dat Hy die wortel van die doodslag soos nyd, haat, toorn en wraakgierigheid, haat en dit alles vir 'n doodslag hou."

Hierdie uitspraak van die kategismus is volkome in ooreenstemming met Gods Woord. In 1 Joh. 3:15 lees ons: "Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie." Ook Jesus bedreig die persoon wat sy broer 'n dwaas noem met die ewige straf (Matt. 5:21 en 22).

Gods oordeel gaan nie alleen oor die daad nie maar ook oor die dieperliggende gedagtes. God ken die hart en Hy hou haat en nyd, toorn en wraakgierigheid ook vir doodslag.

As ons die wet van die Here in sy geestelike betekenis leer ken, besef ons dat die wet ook fatsoenlike mense hier van moord aankla. Die wortel van die doodslag is in ons harte en daarom roep die sesde gebod elkeen van ons toe: "jy is die man!"

Wie van ons kan dan ook sê dat daar nog nooit gedagtes van afguns, toorn, haat of wraakgierigheid in sy hart opgekom het nie? Wie van ons het nog nie die son oor sy toorn laat ondergaan nie en wie het nog nie begeer om wraak te neem nie? Selfs in ons Christelike huisgesinne en families tree die afguns en haat soms in verskriklike vorm te voorskyn; selfs in gemeentes van Jesus Christus en op kerklike vergaderings word soms naywer en bitterheid opgemerk. Waarlik van nature is ons geneig om God en ons naaste te haat. As hierdie wortel van doodslag nie uitgroeï tot die afgryslike vrug nie, is dit alleen aan Gods genade te danke.

Ons let ten slotte op die positiewe eis van die gebod. Die kategismus vra: "Maar is dit genoeg dat ons soos tevore gesê is, ons naaste nie dood maak nie?" en dan is die antwoord: "Nee, want terwyl God nyd, haat en toorn verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself en jeens hom geduld, vrede, sagmoedigheid, barmhartigheid en alle vriendelikheid moet bewys, sy skade, soveel as wat in ons vermoë is, moet afkeer en ook aan ons vyande moet goed doen."

Ons is sulke negatiewe Christene en daarom is ons tevrede as ons ons naaste nie haat, nie onteer en nie doodmaak nie. Liefde is die vervulling van die wet, ook van die 6de gebod en liefde is altyd 'n daad. Ons moet ons naaste daadwerklik liefhê om geen ander rede as dat God aan hom 'n staanplek langs ons gee nie. God bring hom op my pad en maak hom tot my naaste. God sê vir my: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" en dit beteken dat ons hom dieselfde geleenthede en voorregte moet gun om homself te kan handhaaf as persoon as wat ons graag vir onself wil hê.

Die positiewe daad van liefde wat die 6de gebod van ons eis, kom tot openbaring in geduld, vrede, sagmoedigheid, barmhartigheid en alle vriendelikheid wat ons jeens ons naaste bewys. Ons moet geduld beoefen jeens ons naaste selfs al is hy 'n moeilike persoon. Geduld is die vorm wat die liefde aanneem wanneer dit verdraagsaamheid beoefen. Ons moet ons naaste verdra soos hy is, met al sy gebreke en op die plek waar God hom gestel het. Die gelowige sal baie kan verdra as hy net in gedagte hou hoe lankmoedig en verdraagsaam God met hom is. Ons moet ook vrede hou met ons naaste. Vrede is die vorm wat die liefde aanneem wanneer dit vergewe. Die gelowige het vrede met God omdat God al sy sondes vergewe ter wille van die verdienste van Christus. Daarom is die gelowige ook gewillig om sy naaste tot sewentig maal sewe te vergewe. Hy glo die woorde van Jesus: "Salig is die vredemakers." Ook sagmoedigheid is 'n Christelike deug wat ons moet beoefen teenoor ons naaste. Jesus het gesê: "Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart.." (Matt. 11:29). Die 6de gebod roep ons ook tot daad van barmhartigheid en dit is die vorm wat die liefde aanneem as dit in aanraking kom met smart en ellende. Die gelowige word geroep tot werke van barmhartigheid. Die gemeente van Christus moet oorfloedig wees in die diens van barmhartigheid. In die gemeente van die Here is daar baie geleenthede om barmhartigheid te betoon aan armes, weduwees en wese, oues van dae en ander lydendes. Ook vriendelikheid moet ons beoefen in die vervulling van die 6de gebod.

Vriendelikheid is die welwillende bejeëning en blymoedige hulpbetoning aan ons naaste. Die Apostel sê: "Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word" (Fil. 4:5). Die wêreld en die kerk is baie arm aan ware vriendelikheid.

Ook moet ons die skade van ons naaste probeer alweer. Ons ken sy belange, ons weet hoe ons hom kan help en sy skade kan afweer. 'n Algemene menseliefde is vaag en sonder sedelike krag, maar God eis dat ons ons naaste moet liefhê, ons naaste met wie ons daaglik te doen kry. Ons kan opkom vir sy eer, ons kan sy voordeel bevorder en sy skade afweer.

Die eis van die 6de gebod is verder dat ons aan ons vyande moet goed doen. Ons vyande kom nie by vergissing op ons lewenspad nie. God bring hulle op ons pad met 'n wyse bedoeling. Daarom moet ons Gods bestel eerbiedig en ons voor God verootmoedig, wanneer ons 'n vyand het. Miskien is 'n groot deel van die vyandskap aan onself te wyte. God sal van die vyand rekenskap vra van sy vyandigheid maar ons moet hom aanvaar en aan hom goeddoen. So het Jesus ons geleer om vir ons vyande te bid en Stefanus, die eerste martelaar, het volgens die voorbeeld van sy Meester ook vir sy vyande gebid: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!" (Hand. 7:60). Wat 'n heerlike vrug van die Christelike liefde! God wil deur ons vyande ons geloof beproef en ons liefde meet.

Positief eis hierdie gebod baie van ons. Ook in die briewe van die Apostels word ons dikwels vermaan om liefde, vriendelikheid, geduld, vrede, lankmoedigheid en verdraagsaamheid te beoefen. Dit is vrugte van die Heilige Gees in die lewe van die verlostes gelowige.

Ons vra miskien: "Wie is tot hierdie dinge in staat?" Gods Woord antwoord: "Ek is tot alle dinge in staat deur Christus wat my krag gee." Christus het ook vir hierdie sondes versoening bewerk. Hy het vrywillig sy kosbare lewe afgelê sodat Hy vir 'n berouvolle moordenaar kon sê: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die Paradys wees" (Luk. 23:43). So wil Christus ook nou nog vir berouvolle sondears wat hul liefdeloosheid, haatdraendheid en onverdraagsaamheid in opregtheid bely, die pad ontsluit na die ewige heerlijkheid. Jesus het sy lewe afgelê maar dit ook weer opgeneem op die 3de dag sodat Hy die vrug van sy sterwe aan sy verlostes kon meedeel. Hy wil in die harte van sy verlostes genadekrag uitstort waardeur alle moord, haat, toorn, wraakgierigheid en selfsug oorwin word. In die lewe van dankbare verlostes moet die heilige beginsel van die liefde altyd kragtiger geopenbaar word. Christus wil die heerskappy van Satan, die mense-moordenaar van die begin af, verbreek en ons deur die werking van sy Heilige Gees verander tot sy ewebeeld. Dan verstaan ons dat die vervulling van die wet is dat ons God sal liefhê bo alles en almal en ons naaste soos onself.

Amen.

SONDAG 41.

DIE SEWENDE GEBOD

Lees: Efese 5:22-33.

Sing: Pss. 128:1; 51:1; 128:2; 128:4.

Die Christelike Huwelik.

By die behandeling van die 2de tafel van die Wet het ons sover gesien dat die menslike lewe, as dit sy doel sal bereik, gebind moet wees aan gesag en dat die lewe beskerm moet word teen doodslag. Nou kom die 7de gebod en wys ons op 'n ander belangrike vereiste, nl. dat die lewe wat God gee en beskerm ook voortgeplant moet word binne die huwelik.

Ons let in die eerste plek op die huwelik as skeppings-ordinansie van God; in die 2de plek op die sondes wat hier verbied word en ten slotte op die positiewe eis wat hierdie gebod aan ons stel.

In sy heerlike skeppingswerk het God ook man en vrou geskape. God het hulle aan mekaar verbind deur die heilige band van die huwelik. God het hulle ook geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde . . ." (Gen. 1:28). En dit beteken dat die mens met sy liggaam hom in die skeppingsdiens van God moet stel om die menslike geslag te bou sodat God sy doel met sy skepping kan verwesenlik.

God het die huwelik ingestel met 'n heerlike en heilige doel, nl. om die menslike geslag te bou sodat Christus uit die menslike geslag sy Kerk kan vergader. Deur die Christelike huwelik moet die Gods ryk voltooi word en die nuwe aarde bevolk word. Langs die weg word die getal van die uitverkorenes vol gemaak en in die huisgesin word die gelowiges toegerus vir hul stryd tot eer van die Here.

Maar deur die huwelik wil God ook die eensaamheid van die mens ophef. Daarom maak God vir hom 'n hulp wat by hom pas. Man en vrou moet mekaar getrou help en bystaan in alle sake wat tot die tydelike en ewige lewe behoort. Kinderlose huwelike mag ons dus nie as 'n mislukking beskou nie. Ook in die kinderlose huwelik het man en vrou 'n heerlike roeping ten opsigte van mekaar en ook ten opsigte van wese.

God het die man eerste geskape en hom gestel as hoof van die vrou. Christus is koning oor sy gemeente en so is die man hoof van die vrou. Christus was altyd in sy gemeente soos een wat dien en so mag die man ook nie soos 'n despoot baasspeel oor sy vrou nie, maar hy moet sy gesag uitoefen deur in liefde Christelike leiding te gee aan sy vrou. Augustinus het reeds gesê omdat die vrou van die man se ribbebeen geneem is, wat naby sy hart is, behoort sy 'n plek te kry aan sy hart en nie by sy voete nie.

God het die huweliksverhouding gegrond op die huweliksliefde. Daarom sê die huweliksformulier: "Bowendien moet u u vrou liefhê soos u eie liggaam soos Christus sy gemeente liefgehad het." Christus was ons groot Hoëpriester wat sy gemeente volmaak lief gehad het en Homself vir haar gegee het, tot in die dood. So moet die man sy vrou ook liefhê met 'n hemelse liefde wat gewillig is om homself te verloën en alles op te offer. Die man moet verder sy vrou verstandig lei en haar onderrig. Hierin is hy as gelowige man gelykvormig aan Christus in sy profetiese amp. Om dit te kan wees, moet hy self 'n leerling en volgeling van Jesus Christus wees.

God alleen het die huwelik uitgedink en ingestel. Die huwelik het sy oorsprong in die hemel en het nie gekom as gevolg van die sonde nie. Nee, dit is een van die skatte wat God gered het uit die puinhoop van die verlore paradys.

Adam en Eva was nie die eerste bruidegom en bruid nie. Nee die eerste huwelik is in die hemel voltrek toe die uitverkore gemeente van God as bruid aan Christus toegesê is. Daarom is die huwelik ook so heilig en daarom skryf Paulus in Efese 5:31, 32 met betrekking tot die Christelike huwelik: "Daarom moet die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees. Hierdie verborgenheid is

groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en op die gemeente." Die aardse huwelik moet dus altyd 'n skaduwee wees van die hemelse. Die aardse huwelik moet beantwoord aan die hemelse model.

Deur die sonde het die heilige huwelik ontaard. In die paradys beskuldig Adam vir Eva as die oorsaak van die sondeval. Later word die monogame huwelik bedreig deur veelwywery. Die huwelik is misbruik vir selfsugtige doeleindes van wellus. Gods ordinansie is egter die monogame huwelik en daarom beskik God dit ook so dat daar in alle tye ongeveer eweveel seuns en dogters gebore word.

Die huwelik is die fondament en bron van die lewe. Daarom probeer Satan om by die bron sy gif in te gooi sodat die hele menslike lewe in gesin, maatskappy, kerk en staat vergiftig kan word. By die huwelik en die gesin wil hy die fundamente ondergrawe sodat die hele gebou van Gods skepping kan ineenstort.

Laat ons nou in die 2de plek let op die sondes wat hier verbied word.

Die moderne mens sê die huwelik is daar ter wille van die mens en nie ter wille van God en sy koninkryk nie. Daarom word die huwelik ook beskou as 'n blote kontrak waarin twee persone hulle verbind om saam te lewe. As die huwelikslewe nie wil vlot nie, word die kontrak eenvoudig beëindig.

God hef in die 7de gebod sy wet soos 'n skild beskermend op oor die huwelik. God sê: "Jy mag nie egbreek nie." Die kategismus verklaar die gebod as volg: "Dat alle onkuisheid deur God vervloek is en dat ons daarom van harte vyande daarvan moet wees." God verbied in hierdie gebod behalwe egbreuk alle onkuise dae, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei.

Die grofste sonde teen hierdie gebod is die sonde van egbreuk, maar hier word ook ingegryp al die verwante sondes wat in wese dieselfde is as egbreuk en ook daar op uitloop.

Die huwelik het God ingestel as die weg waarlangs die lewe in stand gehou moet word. Alle ander weë verwoes die mens. God het die huwelik ingestel en Christus het dit gehandhaaf teenoor alle verbreking van die huwelik toe Hy gesê het: "Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou pleeg egbreuk, en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk" (Matt. 19:9).

Christus erken alleen owerspel as grond vir egbreuk. Vandag word ook ander gronde deur die staat erken as gronde van egskedding soos langdurige kranksinnigheid en lewenslange gevangenisstraf; ook kwaadwillige verlating.

Ons Sinode erken slegs owerspel as grond vir egskedding.

Egskedding op grond van kranksinnigheid of lewenslange gevangenisstraf, of omdat twee mense nie kan klaar kom nie, kan nie op grond van Gods Woord toegelaat word nie. Statistieke toon dat egskeddings die meeste voorkom in huisgesinne met geen kinders of met een of twee kinders. Die groot gesinne is meer bestand teen hierdie sonde.

Onder invloed van die kommunisme is die neiging om die huwelik heeltemal af te skaf. Die kinders moet dan na die geboorte dadelik van die moeder weggeneem word en deur die staat groot gemaak word.

As egbreuk hier die hoofsonde is, dan is die verwante sondes nie minder sondig en onrein nie. Die kategismus waarsku hier teen sondes wat in die huwelikslewe misdryf word en ook teen wat ongetroudes misdryf. Hier moet ons steeds in gedagte hou dat Jesus Christus ook ons liggame vry gekoop het van die mag van die sonde en dat ons as gelowiges na siel en liggaam die tempel is van die Heilige Gees.

Hier word veroordeel die sonde van die vrye liefde. In die huwelik word een man en een vrou die eiendom van mekaar na siel en liggaam. Hier word twee persone tot een vlees op grond van die ware geestelike liefde waar siel aan siel, persoon aan persoon verbind is. Suiwer menslike liefde is in sy diepste wese geestesgemeenskap wat uit

sielsverwantskap gebore word. Dit is 'n band tussen twee siele wat die verborge kragte van die sielelewe tot die rykste openbaring bring. In die vrye liefde word nie die persoon gesoek nie maar alleen die bevrediging van die sondige hartstogte. Hier ontaard die mens tot 'n dier. Die sonde verdierlik die mens. Gelukkig ook van hierdie sonde is bekering moontlik. Maar daar is ook geen ander sonde wat die mens so verhard en so ongevoelig maak nie. Hierdie sonde skroei die gewete toe en stomp die mens se edelste gevoelens af. Daarom waarsku die apostel in 1 Kor. 6:18: "Vlug vir die hoerery". Enige sonde wat 'n mens doen, is buiten die liggaam; maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam.

Maar die onkuisheid waarvan die kategismus spreek, sluit baie meer in. Daar is die ontrouheid in die huwelikslewe van mans en vrouens waarvan niemand weet nie en wat nooit eers in die egskeidingshowe kom nie. In ons tyd is die huweliksnoed ontsettend soos blyk uit die instelling van adviesburo's wat in baie dele van die wêreld ingestel is om gehudes mediese en geestelike advies te gee in verband met huweliksaangeleenthede.

Ook wat hierdie gebod betref, is dit waar dat ons nie onskuldig uitgaan as ons nie die grofste vorm van hierdie sondes misdryf het nie. Die kategismus brandmerk elke huwelik as onsedelik wat nie die liefdesverhouding tussen Christus en sy gemeente vertolk nie. In die teken van onsedelikheid en voortgesette owerspeling staan elke huwelik waar twee liggame saam woon sonder dat twee siele in Christus saamstem. So is dit ook met huwelike waarin bevalligheid of geld die deurslag gegee het en nie geloof en liefde nie. Verder word hier veroordeel as sonde teen die 7de gebod alle huwelike wat verskeur word deur twis en tweedrag en waar die gehoorsaamheid aan Christus nie gevind word nie. In sulke huwelike word die gebede verhinder en die geestelike lewe vernietig. 'n Nederlandse skrywer sê daar is meer huise van ontug as wat gewoonlik vermoed word.

So pas dit ons nie om by die oordenking van die sewende gebod klippe op te tel om na ander te gooi nie. As elkeen maar sy eie huwelikslewe onder die soeklig van Gods Woord plaas, sal hy met skaamte die klippe neersit en God vra om sy genade sodat hy hom in sy huwelikslewe daagliks kan bekeer en sy huwelikslewe kan heilig tot eer van God.

Hierdie beskaamdheid sal nog toeneem en ons wange met skaamte kleur as ons ernstig nadink oor die lig wat Jesus Christus ook oor hierdie gebod ontsteek het toe Hy gesê het: "Julle het gehoor dat daar vir mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreuk nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart al met haar egbreuk gepleeg het" (Matt. 5:27, 28).

Wie moet nie hier sy oë met beskaamdheid neerslaan nie en bid: "O God, wees my sondaar genadig!"

Die kategismus bring die gebod: Jy mag nie egbreuk nie ook voor die gewetes van ongetroudes. Hulle verkeer nog voor die drumpel van hierdie heilige tempel. Hulle moet hulle voorberei vir die heilige en verantwoordelike huweliksroeping en daarom wys die kategismus getroudes en ongetroudes daarop dat alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei hier deur God verbied word. As ons toegee aan hierdie sondes word die tempel van Gods Gees geskend. Die huweliksformulier sê: "Want as iemand die tempel van God skend, sal God hom skend."

Ook ons liggame het Jesus Christus duur gekoop met sy bloed en daarom is dit sy eiendom. Daarom mag ons met ons liggame nie doen wat ons wil nie en ons luste botvier soos ons wil nie. Ons liggaam is tempel van die Heilige Gees en het ewigheidsbetekenis want eenmaal word dit gelykvormig aan die verheerlikte liggaam van Christus.

Ook wat hierdie sondes betref, begin dit in die hart by die gedagte, die begeerte. In die hart is die uitgange van die lewe en as die hart vol onreine begeerte is, is die hele lewe onrein. Salomo sê dan ook bewaar jou hart bo alles wat bewaar moet word. Daarom moet ons oppas vir die sondige prikkels. Deur die kanale van die oog en die oor werk die prikkels in op ons harte. Deur die vensters van die oor en die oog sluip die vyand na

binne om in die skatkamer, nl. ons hart in te breek. Daardie sondige prikkels kom tot ons in onkuise geselskappe, onsedelike prente en bioskoopvertonings, gemengde baaiery en onsedelike kleredrag. Ook dans en ongeoorloofde omgang tussen die twee geslagte is almal voorlopers van die groot sonde van owerspel.

Daarom moet ons seuns en dogters altyd onthou dat hul liggame deur God geskape is en deur Christus gekoop is met sy bloed as 'n tempel waarin sy Heilige Gees wU woon. Dink hieraan wanneer Satan u wil verlei om deur onkuise dae en heimlike sondes die mooi tempel van u liggaam te skend. Moenie deur onkuise gebare, woorde, gedagtes of luste u siel vergiftig en u verbeelding besoedel nie.

Seuns en dogters moet in hul omgang met mekaar eerbied hê vir mekaar se liggame en dit beskou as tempels van die Heilige Gees, heiligdomme van die Here.

Ons jong mense moet ook versigtig wees om nie met sondes te speel wat so maklik aanleiding kan gee tot skending van die liggaam as tempel van Gods Gees nie. Daar is maar een vonkie nodig om 'n groot brand te stig. Ons mag nie met die vuur van ons hartstogte speel nie.

Dogters speel met hierdie vuur wanneer hulle hul onbehoorlik klee. 'n Christen-dogter mag nie haar tempel-liggaam opmaak met allerlei wêreldse skoonheidsmiddels nie of haar klee met kleding wat meer ontbloot as bedek nie. Ongepaste wêreldse kleredrag soos wat gedra word op danspartye en ander plekke van wêreldse vermaak pas nie by 'n liggaam wat tempel is van Gods Gees nie.

So ook moet ons jongmense versigtig wees met wat hulle lees. Suggestiewe leesstof is 'n vergif wat die verbeelding besoedel, sondige begeertes opwek en aanleiding gee tot dae van onkuisheid. Ons gedagtes en begeertes staan ook onder die heerskappy van Gods Wet en sal ook onder die oordeel van die Here kom.

As ons onthou dat ons liggame tempels is van die Heilige Gees sal ons seker nie na die dansaal gaan om daar ons liggaam tot beskikking van elkeen te stel nie. God vertoorn hom verskriklik oor die skending van sy tempel. Die kategismus sê: "Alle onkuisheid is deur God vervloek."

Die vloek van God rus dan ook swaar op hierdie sondes. Baie van diegene wat in inrigtings vir swaksinniges en kranksinniges hulle bevind, is 'n aanklag teen hul ouers wat die tempel van hul liggame nie rein bewaar het nie. Dink aan die smart van baie getroudes, die gevolge van sondes wat hul voor hul huwelik misdryf het. Baie jong mans en meisies is wrakke aan die begin van hul huwelikslewe. Wie sy liggaam en siel besoedel met onreinheid word langamerhand onvatbaar vir heilige invloede. Die Heilige Skrif sê: "geen hoereerder sal die koninkryk van die hemele beërf nie." Hoe sou 'n onreine hom ook tuis voel in die heilige atmosfeer van die hemel?

Ons jongmense moet vlug vir die sondes van onsedelikheid omdat hierdie sondes wat in die jeug begin ons hele lewe kan verkanker. Sondes wat nie deur Gods genade in die jeug oorwin word nie, word gewoonlik glad nie oorwin nie. Laat ons saam met 'n Josef sê: "Hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God?" (Gen. 39:9). God haat alle onkuisheid en daarom moet ons dit ook haat en van harte vyande wees van al sulke sondes. "Salig is die reines van hart want hulle sal God sien."

Ons let ten slotte op die positiewe eis van die 7de gebod. Die kategismus vat die positiewe eis as volg saam: "ons moet kuis en ingetoë lewe in die heilige huwelikstaat of daarbuite" en "omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons altwee suiwer en heilig moet bewaar."

Dit is dus glad nie genoeg as ons nie egbreuk pleeg of dergelike skandelikhede misdryf nie. Baie ongelowige mense se huwelikslewe is ook eerbaar.

Vir gelowiges gaan die saak baie dieper en dit is nl. of Christus in ons huwelik is. Alleen wanneer man en vrou as Christene getroud is en altwee aan Christus behoort en Christus se heerskappy erken in hul huwelikslewe is die huwelik vernuut en geheilig.

Hierdie heiliging van die huwelik is die positiewe eis van die gebod. Dit is wat die kategismus bedoel as hy sê dat ons kuis en ingetoë moet lewe. Ons moet Christus se heerskappy erken en eerbiedig in ons huwelikslewe en ook buite die huwelik en ons moet as jongmense alleen ons huwelik begin met Christus. Elke huwelik wat nie in Christus gesluit word nie, beteken verlies vir die kerk en wins vir die hel.

Daarom mag gelowiges nie onverskillig staan t.o.v. die vraag met wie hulle in die huwelik gaan tree nie! 'n Mens kan nie 'n huwelik in die Here aangaan met 'n ongelowige of met 'n wêreldling nie. Baie redeneer vroom en sê dat hulle die ongelowige sal terugbring na God. Gods Woord sê vir ons: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie" (2 Kor. 6:14).

Volgens Gods Woord moet die huwelik van gelowiges 'n kopie wees van die band tussen Christus en sy gemeente. Hoe sal dit moontlik wees in 'n gemengde huwelik? Alleen wanneer Christus ons huwelik heilig, word ons huwelik 'n kopie van die verhouding tussen Christus en sy gemeente.

Dan besef ons ook dat ons siel en liggaam tempels is van Gods Gees en dat ons hierdie tempels moet heilig hou. As daar by die gehudes liefde is tot God en ware liefde vir mekaar is hulle gewillig om huwelik en liggaam aan God te wy as 'n tempel waarin Christus heerskappy voer en Hy gedien word. Dan woon man en vrou in liefde saam in daardie tempel as dienende priester en priesteres.

Christus het ook die vloek wat as gevolg van die sonde op die huwelikslewe gerus het, gedra en dit tot niet gedoen. Die vloek oor die man het ingehou dat hy in die sweet van sy aangesig sy brood sal eet. Christus het hierdie vloek gedra toe sy sweet in Getsémane soos groot bloeddruppels op die grond geval het. Die vloek oor die vrou het ingehou dat sy in smart kinders sal baar. Christus het ook hierdie barenaarsweë deurleef en deurly toe Hy deur sy doodsmarte aan die kruis vir Hom 'n volk tot die ewige lewe gebaar het.

So het Christus die vloek oor die huwelik weggeneem, die sondes van gelowiges in die huwelik versoen, die huwelik gered en in eer herstel. En daarom wil Christus nie hê dat sy gelowiges die huwelik sal skend en onteer nie, maar dat hulle dit sal diensbaar maak tot die bevordering van sy ryk en die verwesenliking van sy huwelik met sy bruidkerk. Ja, die Christelike huwelik moet nie slegs afskynsel wees van die vereniging tussen Christus en sy gemeente nie; dit moet ook middel wees om die hereniging te bewerkstellig. Eenmaal hou die aardse huwelik op wanneer God sy doel met sy skepping bereik het. Dan vind die huwelik plaas tussen die hemelse bruidegom Christus en sy bruid, sy Kerk van ewigheid af aan hom toegesê maar in die tyd deur Hom vrygekoop en vergader. En ons huwelik moet diensbaar wees aan hierdie groot en heerlike saak, nl. om Christus se huwelik met sy Kerk te verwesenlik.

Hoe ver skiet ons nie te kort nie?. Hoe diep sondig en skuldig staan ons nie hier voor God nie! Laat ons nie in eie krag stry nie maar alleen in die krag van Christus in wie ons meer as oorwinnaars is.

Amen.

SONDAG 42.

DIE AGTSTE GEBOD

Lees: Matt. 6:19-34.

Sing: Pss. 23:1; 50:6; 23:3; 33:10.

Jy mag nie steel nie.

Die 6de gebod eis die beskerming van die lewe, die 7de die voortplanting van die lewe binne die huwelik en die 8ste gebod eis die onderhouding van die lewe. Daarom beskerm God in die 8ste gebod die stoflike besitting van die mens wat hy nodig het vir die onderhouding van sy lewe.

Die liefde tot ons naaste moet hier betoon word deurdat ons sy besitting eerbiedig.

Hierdie gebod verplaas ons gedagtes na die ekonomiese lewe met sy winkels, fabriekke en werkplekke. Hier kry ons te doen met die vraagstukke van arbeid en loon, van inkomste en die besteding van ons inkomste. Met betrekking tot hierdie vraagstuk van die stoflike dinge sê God vir elke mens of hy nou 'n dagloner of 'n kapitalis is: "Jy mag nie steel nie."

Die diens van die Here omspan die hele lewe en daarom is ons gesindheid tot die stoflike dinge van groot betekenis vir ons godsdienstige lewe. Ook in die fabriek, op die mark en in die winkel moet ons God dien, en nie Mammon nie. Daarom het Jesus in nie minder nie as 16 van sy 38 gelykenisse gehandel oor die mens se gesindheid tot geld en die stoflike dinge.

Die mens is na sy geestelike wese verwant aan God en na sy stoflike bestaan is hy verwant aan die aarde. As gevolg van die sonde is die harmonie tussen die mens se geestelike en stoflike lewe versteur en is die mens geneig om sy liggaamlike behoeftes te beklemtoon ten koste van sy geestelike lewe. Daarom verval die mens so maklik in die sonde van stofaanbidding en Mammondiens. En as die stoflike sy geestesbehoefte nie kan bevredig nie, soek hy na altyd meer besittings en word hy 'n gierigaard. As Christus die mens nie red van hierdie sonde nie, word die dors na geld altyd groter sodat die gierigaard niks en niemand ontsien om hierdie hebsug te bevredig nie.

Ons let by die behandeling van hierdie Sondagsafdeling: 1ste op die gedagte van rentmeesterskap wat aan hierdie gebod ten grondslag lê. 2de op die sondes wat hier verbied word, en 3de op wat hier gebied word.

God, as die skepper van die stof, plant, dier en mens, is die volstrekte besitter van alles. As skepper van alles is Hy die absolute besitter en het Hy ook die algehele beskikkingsreg oor alles. In Psalm 50 vertolk die digter hierdie besittingsreg van God so mooi wanneer hy sê: "Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie; want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op duisend berge ... As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid."

God gee in sy liefde ook aan die mens die reg om van die stoflike dinge te besit. Daarom is die Kommunisme in stryd met Gods Woord as dit die privaatbesit wil afskaf. Die mens kan nooit in dieselfde sin as God iets besit nie omdat hy niks in aansyn kan roep nie. Maar God gee tog aan die mens eiendomsreg in die sin dat die mens moet optree as rentmeester van God. Dit beteken dat ons as gelowiges ons werkkrag, ons gesondheid, ons besittings, ons tyd beskou as goeie gawes van God, en ook die geld wat ons verdien met hierdie goeie gawes, is trustfondse van God wat ons as goeie rentmeesters moet gebruik tot verheerliking van God. Die gelowige behoort aan God (Titus 2:14) en daarom is dit vanselfsprekend dat al sy besittings ook aan God behoort. Die hele lewe van die gelowige met al sy liggaamlike, verstandelike, sedelike en geestelike kragte is soveel gawes van God wat aan hom toevertrou is om God daarmee te dien.

Die mens het deur sy sonde Gods skepping met sy stoflike skatte oorgegee aan Satan. En nou bestaan Jesus Christus se verlossingswerk daarin dat Hy ook die stoflike

skepping vrymaak en aan God teruggee. Daarom verwag ons na sy belofte 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarop geregtigheid sal woon.

Maar om hierdie verlossing van die mens en van die stoflike dinge te bewerk, moes Jesus Christus arm word. Daarom skryf Paulus aan die Korinthiërs: "Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word" (2 Kor. 8:9). Jesus was arm aan aardse besittings. Sy wieg was 'n krip en sy graf het aan iemand anders behoort. Veertig dae lank was Hy sonder voedsel en aan die kruis het Hy uitgeroep: "Ek het dors!" Selfs sy kleed is Hom ontnem en Judas het Hom eers besteel en toe nog verkoop vir 30 silwer pennings. Omdat ons Gods skepping aan Satan oorgegee het, moes Hy verkoop word. Maar aan die kruis het Jesus betaal vir ons sonde en so aan Satan sy mag ontnem oor die aardse goedere van God. Daarby was Jesus die getroue rentmeester wat geeneen van Gods gawes misbruik het nie maar alles aangewend het tot verheerliking van God. So het Hy Satan onttoon en Gods skepping vrygemaak en dit aan God teruggegee. Op die nuwe aarde sal die verlore mensheid, onder Jesus Christus as hoof, weer rentmeester wees oor Gods skepping en dit ten volle gebruik tot eer van God.

Maar ook reeds in hierdie lewe maak Jesus sy verlostes in beginsel weer rentmeesters van God en verlos Hy ons van die slawerny van Mammon. Die opvatting van die materialisme dat die mens besitter is en dat hy sy besittings kan verkry en gebruik soos hy wil, is sondig omdat dit God uitskakel as die besitter van alles. Die materialisme lei die mens tot slawerny want almal wie se begeerte in die aarde en in die stoflike wortel en daar eindig word slawe van Mammon.

Christus daarenteen maak die mens vry sodat hy koning bly oor die geld en die stoflike. Hulle wat deur Christus verlos is, behoort aan Hom na siel en liggaam en is so volledig sy eiendom dat hulle besef dat alles wat hulle besit ook van die Here kom en daarom moet dit ook tot sy eer gebruik word.

Om rentmeester te wees, is 'n verantwoordelike roeping. Eenmaal sal God spreek: "Gee rekenskap van jou rentmeesterskap." Die rentmeester besef dat elke pennie hoe eerlik ook al verkry, maar wat nie bestee word tot eer van die Here nie, diefstal is van Gods besitting.

Ons let vervolgens op die sondes wat hier verbied word.

As gelowiges bely ons die beginsel van die rentmeesterskap en ons stem dit ook van harte toe. Maar omdat ons nog so 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid het, val ons ook so dikwels in die sondes wat God hier verbied. Die wet van die Here wil ook hier aan ons ons sondige aard openbaar.

Die sondes wat hier verbied word, kan ons onderskei in sondes met betrekking tot die verwerping, besitting en besteding van ons eiendom.

God gee nie vir die mens 'n besitting wat hom somaar so in die skoot val nie. Die Heilige Skrif sê: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet" (Gen. 3:19). In Spreuke 13:11 lees ons: "Goed wat gou verkry is, word minder; maar hy wat met die hand bymekaar maak, kry altyd meer." Gods weg vir ons, om 'n besitting te verwerf, is die weg van arbeid. Daarom stel die kategismus as eis van hierdie gebod "dat ek getrou moet arbeid". Die sondige weg om 'n besitting te verwerf, is die weg van diefstal en verwante sondes. Hiervan sê die kategismus: "God verbied nie alleen die diefstal en roof wat die owerheid straf nie; maar Hy noem ook diewery alle bouse daade en listige planne waarmee ons dink om die goed van ons naaste onself toe te eien, met geweld of skyn van reg, soos met valse gewig, el, maat, ware, munt, woeker of deur enige middel wat God verbied."

Die kategismus noem hier 'n hele reeks van sondes waardeur die sondige mens hom wil verryk ten koste van sy naaste. Hier word onderskei tussen growwe diefstal wat die owerheid straf en die fyn, geslepe diefstal wat met 'n skyn van reg gepleeg word dat die owerheid nie kan optree en straf nie. God ken die listige planne van die hart wat lei tot

bose daad van diefstal. God se alsiende oog ontdek ook die dienaar wat daar skuil in skynbaar fatsoenlike en eerlike mense. So word weduwees en wese soms verteer deur 'n rente wat niks anders is as woekerwinst nie.

Die owerheid probeer vandag om soveel as moontlik die oneerlikheid in die besigheidswêreld te betuel. Daarom is daar inspekteurs wat toesig hou oor skale, gewigte en mate en inspekteurs wat moet toesien dat die pryskontrole eerbiedig word. Wetgewing kan egter die sondes van diefstal nie uitroeï nie. Alleen God se wederbarende genade oorwin die sonde.

Dienaar is nie alleen die inbrekers, swartmarkhandelaars en woekeraars nie, maar ook elkeen wat sy naaste benadeel of wat sy besitting verkwis of wat in gierigheid maar net altyd bymekaarskraap; ook hulle wat in luiheid en traagheid op ander teer. Ons naaste se goed is syne en ons mag dit nie aanraak nie en of die naaste 'n blanke of 'n naturel of wie ookal is, maak geen verskil nie.

Die sondes van die arbeidswêreld word ook deur hierdie gebod veroordeel. As ons blanke of naturelle-werkers vir 'n hongerloon laat werk sodat hulle nie behoorlike voedsel en behuising kan bekostig nie, pleeg ons diefstal. Ook die werker self staan onder hierdie gebod en hy is ook skuldig aan diefstal as hy sy werktyd verspeel of deelneem aan onwettige stakings.

Die kategismus stop die laaste skuiwergat toe wanneer hy sê: "of deur enige middel wat God verbied." Hier kan ons dink aan die sondes van dobbelary en lotery waardeur mense maklik en vinnig ryk wil word. So probeer die mens in die hande kry wat God in sy voorsienigheid hom onthou. Dit is ook diefstal as ons langs hierdie sondige weë probeer om ons te verryk ten koste van baie ander. Hoe baie dobbelaars het nie eie vrou en kinders of hul werkgewers besteel om maar nog net een keer te waag nie.

Maar ons doen ook sonde as ons ons eiendom op 'n sondige wyse besit. Dit is die geval met die gierigaard. Die kategismus sê God verbied ook alle gierigheid. Die gierigaard glo nie aan die gedagte van rentmeesterskap nie. Hy dank homself vir sy rykdom en hy glo dat hy dit self verdien het deur sy vlytige arbeid. Daarom hou hy krampagtig vas aan sy besittings en is selfs teësin om daarvan vir homself of sy gesin te gebruik. Vir die gierigaard is geld en besitting einddoel op homself. Hy kan niks anders waardeur nie. Die geld is sy god. Hy wat sy goed so sondig besit, is diep te beklag want 'n mens besit iets dan eers werklik as jy dit reg gebruik tot eer van die Here. Die gierigaard besit nie maar word besit. Hy vertoon die teenbeeld van God wat mildelik gee en nooit verwyt nie.

Die gierigaard glo nie aan rentmeesterskap nie en daarom besteel hy die Here. Die dankbare verlore kind van God wat homself as rentmeester beskou oor God se besittings besef dat hy alles van die Here in bruikleen ontvang en dat hy dit so moet besit dat hy dit in die eerste plek bestee in die diens van die Here. As die gelowiges goeie rentmeesters is, sal die werk van die Here op die gebiede van sending, evangelisasie, barmhartigheidswerk en die instandhouding van die kerk nie so dikwels met tekorte te kampe hê nie.

Watter beginsels moet ons bydrae vir kerk en arme beheers? Volgens 1 Kor. 16:2 moet ons gereeld gee en gee ooreenkomstig die seëninge wat ons ontvang het. Laat ons ons offers vir die diens van die Here gee ooreenkomstig ons seëninge en inkomste sodat God nie ons inkomste sal moet maak ooreenkomstig ons offers nie. Volgens 2 Kor. 9:7 moet ons met blymoedigheid gee en nie uit dwang nie. Die Here het 'n blymoedige gewer lief. Verder lê die Heilige Skrif nadruk daarop dat ons ons eerstelinge, dit is ons beste moet gee en nie die oorskiet of die gebrekkige nie. Maleagi sê dat 'n mens die Here beroof as jy nie sorg dat daar spyse in die huis van die Here is nie. Om te gee vir die diens van die Here moet ons as 'n voorreg beskou, 'n voorreg wat ons geestelik verryk en voldoening gee, want "dit is saliger om te gee as om te ontvang". In ten minste 2 gevalle in die Heilige Skrif was bydrae vir kerk en arme die struikelblok waarvoor mense geval het en verpletter is in die dieptes van ewige rampsaligheid. So was dit met Ananias en Saffira (Hand. 5:1-10) en ook met die ryk jong man (Matt. 19:16-30). Hoeveel gelowiges

besondig hulle nie ook nog vandag ten opsigte van hul bydrae vir kerk en arme nie! Wanneer die groot ryke van hierdie aarde lankal verdwyn het, sal die koninkryk van God nog staan waaraan gelowiges as mede-arbeiders van God gebou het met hul stoflike bydrae.

Maar ons kan ook ons besitting sondig bestee wanneer ons dit verkwis. Die verkwister besef ook nie dat hy 'n rentmeester van God is nie. Hy verkwis nie sy eie goedere nie maar kosbare gawes van God en daarom is hy skuldig aan diefstal. Alles wat nie bestee word tot eer van God en tot welsyn van ons naaste nie is verkwisting en dus diefstal. Die sorgelose verkwister wat alles uitgee en nie dink aan sy ou dag en meen dat die kerk of die staat of sy kinders vir hom moet sorg in sy ouderdom oortree die 8ste gebod. Gods Woord sê: "Want dit is nie die kinders wat vir die ouers moet opgaan nie, maar die ouers vir die kinders" (2 Kor. 12:14).

Ons vra ten slotte, "wat gebied God ons in hierdie gebod"? Die kategismus antwoord: "Dat ek die belange van my naaste, waar ek kan en mag, moet bevorder . . ."

As ons nie skuldig is aan die sondes wat die kategismus opgenoem het, soos valse gewig, el, maat, ware, munt of woeker nie, beteken dit nog nie dat die 8ste gebod niks vir ons te sê het nie. Ook hier is liefde die vervulling van die wet en daarom moet ek met daad van liefde die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder. In Fil. 2:4 lees ons: "Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander syne." Dit geld ook vir die stoflike belange van ons naaste. Die leuse van "besigheid is besigheid" of "in besigheid elkeen vir homself" of "in besigheid is dit onmoontlik om eerlik te wees", is sondig en pas nie in die mond van 'n gelowige nie. Ons mag nie net aan eie voordeel dink nie; ons moet ook dink aan die belange van ons naaste en dit daadwerklik bevorder of hy nou my arbeider, my mededinger of selfs my vyand is: Alleen die dankbare verlore kind van God is hiertoe in staat deur Christus wat hom krag gee. Daar kan egter omstandighede kom waar ek my naaste se belange nie kan en mag bevorder nie. Om sy belange te bevorder, mag beteken verloëning van Christus of verraad teenoor my vaderland, en dan mag dit nie.

Verder is die positiewe eis van die gebod: "dat ek met my naaste so moet handel soos ek sou wens dat die mense met my moet handel." Die suiwerste maatstaf vir my optrede teenoor my naaste, ook in finansiële sake, is dat ek altyd vir myself die vraag stel: Hoe sal ek self, onder dieselfde omstandighede, behandel wil wees?" Dit is die Christelike reël van wederkerigheid: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." As ons hierdie reël toepas, sien ons die pad duidelik wat ons moet bewandel.

Ten slotte is die positiewe eis "dat ek getrou moet arbeid sodat ek die behoeftiges kan help." Die 4de en die 8ste gebooië veronderstel die arbeid. Arbeid is 'n seën van die Here. Selfs voor die sondeval moes Adam ook arbeid en so die stoflike skatte van die aarde bemagtig. Na die sondeval bly arbeid nog Gods weg, maar nou gaan die arbeid gepaard met moeite en inspanning, in die sweet van die aangesig. God wil genadiglik die arbeid van die mens op 'n gevloekte aarde nog beloon. Ook ons arbeid is deur Christus geheilig. Hy het self ook in die timmermanswinkel handarbeid verrig en so ons arbeid geheilig. Hy het ook, na 'n nag van vrugtelose geswoeg, die arbeid van sy dissipels geseën op die see van Galilea. Arbeid is 'n seën; werkloosheid en slawerny is 'n vloek. Jesus sê "my Vader werk tot nou en Ek werk ook," en so is die arbeid een van die trekke van Gods beeld. Die doel van ons arbeid moet altyd op God gerig wees. Met ons arbeid mag ons nie onself, eie rykdom en voorspoed soek nie, maar die verheerliking van God. So beskou die kategismus dit ook wanneer hy sê: "sodat ek die behoeftiges kan help". Jesus sê: "Voorwaar, Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen" (Matt. 25:40). Die doel van ons arbeid moet dus wees die verheerliking van God deur daad van barmhartigheid aan die behoeftiges van Jesus Christus. Jesus was self die barmhartige Hoëpriester en ons moet hierin aan Hom gelykvormig word. Alleen Jesus Christus maak ons weer getroue rentmeesters en stel ons in staat om ons naaste lief te hê soos onself, en om God te verheerlik ook met ons stoflike goedere. Amen.

SONDAG 43.

DIE NEGENDE GEBOD

Lees: Jakobus 3.

Sing: Pss. 119:1; 19:4; 4:1; 19:7.

Waarheid en Leuen.

Soos God in die 3de gebod sy heilige Naam beskerm so wil Hy in die 9de gebod die naam en eer van die mens beskerm. In die lewe van die mens is sy eerbare naam sy kosbaarste besitting en as sy lewe tot eer van God en tot heil van sy medemens sal strek, moet sy goeie naam beskerm word. Salomo sê: "'n Naam is verkiesliker as groot rykdom." Die sonde bedreig ook die naam van die mens en daarom wil God in die 9de gebod die mens se naam beskerm teen die listige aanvalle van Satan en sy handlangers. Jesus belowe aan sy verlostes dat Hy op hulle die naam van sy God sal skrywe en ook sy nuwe naam. Reeds in hierdie lewe is die naam van die gelowige sy kosbaarste besitting en daarom moet ons in die lewe van dankbaarheid ons eie naam en die naam van ons naaste beskerm en dit rein bewaar.

Ons let in die eerste plek op die veronderstelling waarvan hierdie gebod uitgaan. God is 'n God van waarheid. Hy is die oorsprong van die waarheid. Hy het die waarheid aan ons bekend gemaak in en deur sy heerlike skeppingswerk wat die stempel van waarheid en egtheid gedra het. Die skepping het Gods deugde, ook sy waarheid vertolk. Die hele skepping van God was 'n ryk van waarheid.

Maar deur die sonde het Satan 'n ander ryk, die ryk van leuen en onwaarheid gestig. Van Satan vermeld die Heilige Skrif die volgende: "Hy was 'n mense-moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaalt praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan" (Joh. 8:44). In die ryk van onwaarheid tree Satan op as die minister van leuenpropaganda. Nou word die mag van die leuen nog betuël deur Gods algemene genade, maar teen die einde van die eeue sal 'n sataniese magsopenbaring plaasvind wanneer God 'n krag van dwaling sal stuur om die leuen te glo. Dan sal die hele menslike samelewing in die teken van die leuen staan.

Die 9de gebod gaan nou uit van die veronderstelling dat hierdie twee ryke van waarheid en leuen in 'n stryd om lewe en dood met mekaar gewikkel is. God het in hierdie stryd sy goddelike waarheid vir die 2de keer geopenbaar deur sy onfeilbare Woord met Jesus Christus, die vleesgeworde Woord as die sentrale inhoud. Jesus het dan ook die stryd aangeknoop teen die mag van die leuen en Hy het gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Joh. 14:6).

Jesus het deur sy verlossingswerk betaal vir die sonde, ook die sonde van die leuen, en deur sy Heilige Gees plant Hy weer die beginsel van die waarheid in die hart van die gelowige. Maar ook die bekeerde kind van God het nog 'n moeitevolle stryd teen die mag van die sonde en daarom moet hy in sy lewe van dankbaarheid gedurig weer hoor: "Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie."

Aan watter een van die twee ryke behoort elkeen van ons? Haal ons as gelowiges rustig asem in die leuen-atmosfeer of walg ons daarvan? Buig ons die knie voor die wêreld met al sy onwaarheid en onegtheid? Bekoor die klatergoud en skyn van die wêreld ons? As dit die geval is, staan ons nie aan die kant van Christus en die waarheid nie.

Ons let in die 2de plek op die sondes wat hier verbied word. Al die sondes wat hier verbied word, is sondes wat deur Satan uit die hel aangesteek word. Satan kan ander verlei tot moord, owerspel en diefstal, maar hy kan hierdie sondes nie self doen nie. Maar wat die leuensonde betref, is hy die aartsleuenaar van die begin af. In die paradys het hy eers die saad van twyfel gesaai in die hart van Eva en toe het hy sy groot leuen vertel: "Julle sal gewis nie sterwe nie" (Gen. 3:4).

So het die leuen in alle tye sy duiwelse rol gespeel en ook vandag is daar geen terrein waar hierdie sonde nie deurgedring het nie. In die pers, oor die radio, in die handelswêreld speel die leuen sy bedrieglike rol. In die persoonlike, maatskaplike, politieke en kerklike lewe rig hierdie sonde sy verwoestingswerk aan.

Dit is asof die menslike taal skynbaar te arm is om hierdie leuen-sondes te beskrywe. Vir geen ander sonde is daar soveel benaminge as vir hierdie sonde nie. Die kategismus noem die volgende sondes wat deur die 9de gebod verbied word: "dat ek teen niemand valse getuienis mag aflê nie, niemand se woorde mag verdraai nie, geen kwaadspreker of lasteraar mag wees nie, niemand ligvaardig en onverhoord mag oordeel of help veroordeel nie; maar alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel moet vermy." Hierdie reeks van sondes sou nog kan aangevul word met benaminge soos valsheid, geveinsdheid, skelmagtigheid, vervalsing, beswadding, bedrog en ander.

Die verskillende sondes word hier met name genoem sodat ons ook deur hierdie gebod ons sondes en sondige aard kan leer ken. Hierdie sondes is die eie werke van die duiwel en sy vernaamste bondgenoot is die tong van die mens. Satan ken die mag van die tong en daarom wil hy hierdie geweldige mag diensbaar maak aan die bevordering van sy leuen-ryk.

Jakobus teken ook in sy brief die mag van die tong. Hy vergelyk die tong by die stang waarmee 'n perd gestuur word en ook by die roer van 'n skip waarmee die stuurman die groot skip stuur waarheen hy wil en dan sê hy: "Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge — kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld van ongeregtigheid." Jakobus kan nie uitgepraat raak oor die verwoestingswerk wat die tong aanrig wanneer dit in diens van Satan staan en uit die hel aangesteek word nie. Dan is die sondes van die tong soos vuurvonke wat oral brand stig en verwoes.

Valse getuienis word eerste genoem. Leuentaal of valse getuienis voor die gereg is die toppunt van die sondes teen die 9de gebod omdat die regter Gods verteenwoordiger is, en omdat daar geen ander plek is waar 'n mens jou naaste se goeie naam so kan beklad en verwoes as voor die regter nie. Hoe baie word nie gesondig voor God deur valse getuienis voor die gereg nie en gewoonlik onder eed. God, die alwetende word ook nog bygeroep om die valse getuienis te bevestig. Ons kan nooit vrystelling kry van die plig om die waarheid te spreek en te bevorder nie. Al beteken dit ons eie nadeel en verlies moet ons die waarheid getuig.

Verder mag ons niemand se woorde verdraai nie. Satan het Gods Woord verdraai en mense verdraai tot vandag toe Gods Woord wanneer hulle hul valse leer wil goed praat of hul sondes 'n skyn van vroomheid wil gee. So sal 'n sondaar sy sondes wil verdedig deur te verwys na die teks: "Beproof alle dinge, behou die goeie" terwyl hy heel gerieflik nalaat om die volgende versie ook te lees: "Onthou julle van elke vorm van kwaad" (1 Thess. 5:21 en 22). So verdraai mense ook mekaar se woorde wanneer hulle een of ander sondige oogmerk wil bereik. Die leuen-sondes ken so baie slinkse streke en listige planne.

Ook kwaadsprek en laster is sondes teen die 9de gebod. Skinderpraatjies is een van die mees algemene sondes van die mens. Jakobus sê: "Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad vol dodelike gif. Daarmee loof ons God en die Vader, daarmee vervloek ons die arme mense wat na die gelykenis van God gemaak is" (Jak. 3:8, 9). Soos die slangtong onophoudelik in beweging bly, altyd gereed is om sy dodelike gif in te spuit, so is die tong van die kwaadspreker, 'n altyd vloeiende bron van gif. Net so versigtig en geslepe soos die slang is ook die kwaadspreker. Eers sal hy sy naaste swartsmeer en dan salwend daaraan toevoeg: "Tog jammer, want hy is verder nie 'n slegte mens nie" of "miskien moes ek dit nie vertel het nie want dit is miskien nie so erg soos wat dit aan my oorvertel is nie". Die tong van die kwaadspreker ken baie kunsies om sy sondige doel te bereik en sy naaste se eer en goeie naam te verwoes.

Duisende slagoffers beswyk aan hierdie dodelike gif. Huisgesinne word verwoes en jong

mense se goeie naam beklad en so word hul toekoms verwoes.

Dit is ook sonde om sonder 'n woord van protes te luister na die praatjies van die kwaadspreker. Party mense dra die duiwel op hul tong en ander gee aan hom 'n plek in hul ore. Dit is ons plig om kwaadsprekers tereg te wys en as hulle nie wil luister nie, moet ons hulle die deur wys want hulle is gevaarlike brandstigters. So 'n handelwyse sal tot eer van God strek en tot heil van ons naaste en miskien sal die kwaadspreker ook tot inkeer kom. Ons hoef nie ons naaste se sondes goed te praat nie. Ons moet hom in liefde teregwys en sy sondes onder sy aandag bring, maar ons mag dit nie met ander bespreek nie.

Ons mag ook nie iemand ligvaardig of onverhoord oordeel of help veroordeel nie. Voordat ons oordeel, moet ons al die omstandighede ken en weet wat die motiewe van 'n persoon was. Hoe haastig oordeel ons nie soms op grond van blote gerugte nie en dan begin verdagmakery wat tot groot skade van ons naaste kan wees.

Die kategismus vat alles saam wanner hy sê: "maar alle lieg en bedrieg as die eie werke van die duiwel moet vermy, tensy ek die sware toorn van God op my wil laai."

God vertoorn Hom verskriklik oor die sondes van die tong waardeur ons naaste se goeie naam, gewoonlik in sy afwesigheid geskend word. Alle lieg en bedrieg, alle ydel woorde en alle woorde wat nie strek tot eer van God en tot heil van ons naaste nie, is sonde. Die Heilige Skrif is skerp in sy veroordeling van hierdie sondes. In Ps. 101:5 lees ons: "Hy wat heimlik van sy naaste kwaad spreek, hom sal ek vernietig" en Jesus sê in Matt. 12:36 "Maar Ek sê vir julle dat elke ydel woord wat die mense praat, daar moet hulle rekenskap van gee in die oordeelsdag."

Ook hierdie gebod leer ons ons sondes en sondige aard ken en wil by ons die begeerte opwek om vergewing en ewige geregtigheid in Christus te soek.

Ons let ten slotte op die positiewe eis van hierdie gebod. Die kategismus vertolk dit as volg: "dat ek in die gereg en alle ander handeling die waarheid moet liefhê, opreg spreek en bely; ook my naaste se eer en goeie naam na my vermoë moet verdedig en bevorder". Die betragting van hierdie liefdeswerke kenmerk die dankbare kinders van God.

Jesus het die sware toorn van God, oor die sondes van leuentaal en bedrog, aan die kruis gedra. Hy is as leuenaar en misleier aangekla en aan die kruis vasgenaël. Vir ons, wat gedurig ons naaste se goeie naam beklad, het Hy 'n goeie naam by sy Vader verwerf sodat ons kinders van God genoem kan word. Maar Jesus het nie alleen vergifnis vir ons verdien nie maar ook lewensvernuwing. Hy is ook ons heiligmaking.

Daarom mag ons nie roem in die vergewing van ons sondes as ons nuwe, geheiligde lewe nie ook gesien word in ons daaglikse bekering nie. Dit sluit ook in die bekering van ons tong. 'n Kind van God kan nie voortgaan om te lieg, te laster en ligvaardig te veroordeel nie. Alleen die genade van Christus kan die mens verlos van die onbedwingbare kwaad van 'n sondige tong. Jakobus sê dan ook: "Maar die tong kan geen mens tem nie" (Hfst. 3:8).

Die 2de tafel van die wet eis liefde tot die naaste. Van hierdie liefde is daar nog geen bewys as ek my naaste nog belieg, belaster of bedrieg nie. Die liefde eis dat ek sy goeie naam moet verdedig en moet opkom vir sy eer net soos vir my eie.

Die eerste positiewe eis van die 9de gebod is dat ek in die gereg en alle ander handeling die waarheid moet liefhê. Hy wat Christus liefhet, het die waarheid ook lief. Die Heilige Skrif sê: "maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles mag opgroei in Hom wat die Hoof is naamlik Christus" (Efese 4:15). Om die waarheid te spreek en uit te lewe, is dit nodig dat ons die waarheid sal bemin. Alleen dan kan ons dit opreg spreek en bely. Altyd en oral moet ons die waarheid opreg spreek en bely. Eers en veral in ons omgang met God wanneer ons sing en bid, wanneer ons belydenis doen van ons geloof, wanneer ons die Nagmaal vier of 'n kindjie laat doop. Selfs in ons allerheiligste verrigtings dring die mag van die leuen in in die vorm van geveinsdheid en

onopregtheid. Ons moet waak teen die sondige geveinsdheid dat ons nie nou met ons mond God loof en prys en aanstonds weer ons naaste veroordeel en belaster nie. Dieselfde mond wat in die kerk so mooi sing en so hartlik bid, is dikwels geneig om die naaste te beswadder. Wat 'n sondige geveinsdheid! Ons hele omgang met ons naaste moet gekenmerk word deur egtheid en opregtheid. Sommige mense lewe 'n skynlewe en is gedurig besig om toneel te speel en hulle anders voor te doen as wat hulle werklik is. So 'n lewe is een stuk leuen en dus diep sondig voor God.

Ek moet ook my naaste se eer en goeie naam na my vermoë verdedig en bevorder. As gelowige moet ek protesteer wanneer my naaste se goeie naam bedreig word deur leuens en laster. Die liefde is bly met die waarheid. As ons liefde nog nie aktief opgetree het om ons naaste te beskerm en sy goeie naam te bevorder, het ons nog nie begin om die 9de gebod te vervul nie.

Hier word geëis absolute eerlikheid tussen man en vrou, ouers en kinders, werkgewers en werknemers. Waarheid in die gesin, die maatskappy, die kerk en die staat.

Die gelowige moet biddend worstel om verlossing van die sondes van die tong. Hierdie verlossing het ons in Christus, maar dan kom die eis dat ons as dankbare verlostes in 'n lewe van daaglikse bekering hierdie sondes sal bely en afsterf. Laat ons elke dag ons ydel woorde en lospraatjies bely en tot God bid: "Here, sit 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe" (Ps. 141:3), terwyl ons die ernstige woorde van Openb. 22:15 in gedagte hou: "Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen".

Amen.

SONDAG 44.

DIE TIENDE GEBOD

Lees: Ps. 139.

Sing: Pss. 119:6; 73:12; 139:12; Tien Gebooie: 10, 11 [Sb. 26:10, 11].

Die verborge lewe van ons hart.

Ons het by die behandeling van die verskillende gebooie gesien dat ons nie tevrede moet wees met uitwendige daade nie, maar dat ons altyd moet vra: "Is daar nie miskien doodslag, owerspel, diefstal of leuens diep in die hart verborge nie?" Hierdie gedagte is so belangrik dat God die laaste gebod bestee aan die verborge lewe van ons hart.

Die 10de gebod is dus feitlik geen nuwe gebod naas die ander gebooie nie maar dit slaan terug op al 9 voorafgaande gebooie. Die 10de gebod omvat die hele wet en die hele lewe en eis die regte gesindheid van die hart by alles wat ons doen. Ook ons begeertes en gedagtes, die dieperliggende roersele van die hart wat aan ons daade ten grondslag lê, moet in ooreenstemming wees met Gods Wet. So verdiep die 10de gebod die betekenis van die ander gebooie en verswaar hul eis.

Die verborge skuilhoeke van ons hart kom ook onder die oordeel van Gods Wet. Ons sondige gedagtes en onheilige begeertes wat nooit tot daade kom nie, maak ons ook skuldig voor God. Ons kan ons ook nie verontskuldig deur te sê dat ons geen beheer het oor ons gedagtes en begeertes nie. Ons is ook daarvoor verantwoordelik want hulle kom uit ons hart soos uit 'n onsuiver fontein. Die 10de gebod leer ons dat ons nie alleen sonde doen nie, maar dat ons in ons diepste wese sondig en bedorwe is. En daarom word ons sondeskuld ontsettend groot wanneer die suiwer lig van die 10de gebod die verborge lewe van ons hart bestraal.

By die behandeling van hierdie Sondagsafdeling let ons: In die **eerste plek** op die eis van die 10de gebod. In die **tweede plek** op ons gebrekkige gehoorsaamheid en **tenslotte** op: Die doel van die prediking van die wet.

Die 10de gebod lui as volg: "Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie."

Die kategismus bepaal hom nie by die letter van die gebod nie, maar gee 'n verklaring volgens die gees van die gebod en verlê die swaartepunt van die begeerte tot ons naaste se besitting na die begeerte teen enige gebod van God.

Op die vraag: "Wat eis die 10de gebod van ons?" antwoord die kategismus: "Dat ook die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God nooit in ons hart mag opkom nie, maar dat ons van alle sondes altyd van ganser harte vyande moet wees en in alle geregtigheid behae moet hê".

Alle begeertes word nie hier verbied nie. In Ps. 27:4 sê die digter: "Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek soek . . ." en Paulus skryf aan die Filippense: "Laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God." (Hfst. 4:6). God eis ook ons hart met al sy begeertes op vir Hom. Sonder begeertes sou die jong man geen ideale gehad het nie en sou die menslike lewe geen ontwikkeling en vordering geken het nie.

Sodra ons begeertes egter indruis teen die wet van God sê die gebod vir ons: "Jy mag nie begeer nie." So het Dawid met sondige begeerlikheid Batseba aangesien en haar vir hom geneem, en so het Agab op sondige wyse Nabot se wingerd begeer. Dit is sonde teen Gods voorsienige bestel as ons begeer wat God in sy wysheid ons onthou. Die kategismus betrek 'n strenge wag by ons hart omdat die sondige daad altyd die ryp vrug is van die sondige begeerte. Selfs die **geringste** lus of gedagte teen enige gebod van God word streng verbied. Ons mag hulle nie toelaat binne die heilgdom van ons hart nie want dan het ons die vyand binnege laat en is die stryd alreeds verloor.

Ons houding teenoor alle sonde moet wees dat ons doelbewus vyandig moet wees teenoor alle sonde. Ons mag nooit neutraal staan teenoor sonde of dit probeer goedpraat of begunstig deur toegeeflikheid nie. Die sonde is ons doodsvyand en daarom moet ons dit haat. Ja **alle** sonde, sowel die wat verborge is as die wat openbaar is; sowel die growwe sondes soos diefstal en moord as die fyner sondes wat meer beskaafd lyk soos danspartye en loterye. Ook ons boesemsonde moet ons nie troetel maar dit haat en uitroei. Hierdie vyandskap teen alle sondes moet **altyd** gehandhaaf word want sonde bly sonde onder alle omstandighede. Ja altyd: in ons kinderjare, in ons lewe as jongelinge en jongedogters en tot in die gryse ouderdom.

Ons moet van **ganser harte** vyande wees van alle sondes. Geen halfhartigheid maar groot erns moet die kenmerk wees van ons stryd teen die sonde. Dit is 'n stryd om lewe en dood en daarom mag ons waaksaamheid nie verslap nie maar moet ons ten bloede toe weerstand bied.

Die positiewe eis van die 10de gebod is dat ons "in alle geregtigheid behae moet hê". In ons versondigde lewe gaan ons begeertes in die verkeerde rigting en daarom kan hulle geen bevrediging vind nie. So straf God die sonde. Ons begeertes moet tot God uitgaan en as ons God nie begeer as hoogste goed, laat Hy ook nie toe dat iets anders sy plek inneem nie. Daarom word die oog nie versadig van sien en die oor nie van hoor nie. Sondige begeerlikheid loop uit op onvergenoegdheid en lewensmoegheid.

Daarom eis die 10de gebod dat ons in alle geregtigheid behae moet hê. Ons moet begeer om na die wil van God in alle goeie werke te lewe. Al ons begeertes en sielskragte moet diensbaar gemaak word aan die koninkryk van God.

Die eis van die 10de gebod kom neer op volstreckte heiligheid, want as ek nie die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God in my hart omdra nie, en as ek in alle geregtigheid behae het, beteken dit dat ek 'n volmaakte mens is. God kan nie met minder as volmaakte heiligheid tevrede wees nie. Daarby moet ons Gods wet hou nie soos slawe nie maar soos kinders wat sê: "Ek sal my verlustig in u insettinge" (Ps. 119:16) en "Hoe lief het ek U wet" (Ps. 119:97).

Ons moet ook met die sondes van die verborge lewe van ons hart na Jesus Christus gaan. Dit was sy spyse om te doen die wil van sy hemelse Vader. Van Jesus Christus het die psalmdigter reeds eeue tevore gesê: "Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen en u wet is binne in my ingewande" (Ps. 40:9). Jesus Christus vernuut ons harte deur sy genade en Hy heilig ook ons begeertes. Hy verlig ons oë en maak ons vry van alle selfmisleiding sodat ons nie langer ons geld afweeg vir wat geen brood is nie en arbei vir wat nie kan versadig nie. So leer ons Jesus Christus ken as die grootste skat wat ons kan begeer. In Hom alleen vind ons begeertes 'n heerlike ruspunt. Hy werk deur sy Heilige Gees in ons hart 'n behae in alle geregtigheid.

Ons let in die 2de plek op die gebrekkige gehoorsaamheid van hulle wat tot God bekeer is. Die kategismus vra: "Maar kan diegene wat tot God bekeer is hierdie geboorte ten volle onderhou?" Die antwoord is: "Nee, maar ook die allerheiligstes het maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid solank as hulle in hierdie lewe is ..."

Hierdie vraag sluit die ongelowiges heeltemal uit. Die onwedergebore mens kan nie en wil ook nie Gods wet hou nie. Maar hoe staan dit met hulle wat die nuwe lewe in Christus deelagtig is en wat tot God bekeer is? Kan hulle Gods wet ten volle onderhou? Die perfeksioniste leer dat die volmaaktheid op aarde reeds bereikbaar is, en dat die mens reeds hier volkome heiligheid kan bereik.

Hierdie opvatting is in stryd met Gods Woord. Die nuwe lewe van Gods kinders volg, soos alle lewe, die weg van groei en ontwikkeling. Daar is pasgebore kinders, jongelinge en ook volwassenes in Jesus Christus. Almal is nie ewe ver gevorder in die geloofslawe en op die weg van heiligmaking nie. Daar is ook sukkelaars in die geestelike lewe maar met al hul swakhede en gebreke is hulle tog kinders van God. Die gemeente van die Here is soos 'n groot leër waarin ons gewone soldate kry maar ook stormtroepe. Daar is ook in die kerk banierdraers en helde van die geloof. Die kategismus praat van aller-

heiligstes en dit veronderstel dat daar ander is wat heiliges is en nog ander wat verder gevorder het op die weg van heiligmaking en ook nog allerheiligstes. Gods Woord sê: "Laat die heilige nog heiliger word" (Openb. 22:11). Paulus stem hierdie waarheid toe wanneer hy sê: "Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag dit na of ek dit ook kan gryp . . ." (Fil. 3:12).

Maar selfs die allerheiligstes soos Abraham, Paulus en Johannes is maar nietige mense met 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid aan Gods wet solank hulle nog in hierdie lewe is. Die sonde laat die botsels van die nuwe lewe so maklik doodryp en dan kwyn die nuwe lewe. Maar na hierdie lewe wanneer die stryd om heiligmaking voltooi is, spring die bloeisel en knoppe van die nuwe lewe oop en staan die kinders van God in volle bloei. So sien God die allerheiligstes, die voorgangers, die ampsdraers, as mense wat nog maar 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid het. Paulus stem dit toe wanneer hy homself noem die grootste van alle sondare.

Die bekeerde kind van God is egter nie tevrede met sy klein beginsel van gehoorsaamheid nie. Hy worstel om te vorder op die weg van heiligmaking. Hy jaag die volmaakte na en probeer om dit te gryp omdat hy weet dat hy deur Christus gegryp is. Daarom het hulle 'n ernstige voorneme om nie alleen na sommige nie maar na al die gebooie van God te lewe. Die gesegde dat 'n mens maar 'n mens is en nie kan help as hy sonde doen nie, is uit die bouse. Die wat tot God bekeer is, is nuwe mense en hulle lei 'n nuwe lewe. Hulle het 'n ernstige voorneme, om met Gods hulp, na al die gebooie van God te lewe.

Wat is dan die verskil tussen die kinders van God en hulle wat in sonde voortlewe? Die verskil is nie dat Gods kinders geen sonde het nie en die onbekeerdes baie sonde het. Nee, hulle is almal groot sondaars. Die verskil lê in die gesindheid van die hart teenoor die sonde en ook teenoor Christus. Die kind van God wil die sonde nie doen nie, maar hy val tog daarin terwyl die goddelose hom verlustig in die sonde en dit wil doen. Die kind van God vlug altyd weer met sy sonde na Jesus Christus, sy Borg en Saligmaker en vind vrede by Hom. Die goddelose gaan Christus verby en het geen behoefte aan Hom nie. Die gesindheid van die wat God bekeer, is dieselfde as die van Petrus wat ten spyte van sy verloëning kon sê: "Here u weet alles, u weet dat ek u liefhet" (Joh. 21:17).

Die kind van God het 'n beginsel van gehoorsaamheid wat vergelyk kan word met die sluimerende lewe in die droë saadkorrel. Dit sal groei en toeneem. Die onbekeerde maak 'n begin om sy lewe te verbeter in sy eie krag en daarom kom daar niks van tereg nie. Die klein beginsel van gehoorsaamheid by Gods kind is Gods werk en daarom sal dit groei en ontplooi. Daarom het Gods kind 'n ernstige voorneme om na al Gods gebooie te lewe. Hierdie voorneme gaan gepaard met gebedsworsteling om gedurig krag te kry van God om na al sy gebooie te lewe. Die nuwe lewe met sy beginsel van gehoorsaamheid is Gods werk en Hy laat nooit vaar die werk van sy hande nie.

As kinders van God word ons geroep om die heiligmaking na te jaag waarsonder niemand die Here sal sien nie. In ons stryd moet ons die geloofsoog gevestig hou op Jesus Christus wat ook ons heiligmaking is, en uit wie krag vir die stryd ons gedurig toevloei.

Wat is ten slotte die doel van die skerp prediking van die Wet? Die kategismus vra: "Waarom laat God die tien gebooie dan so skerp vir ons verkondig as tog niemand dit in hierdie lewe kan onderhou nie?"

Die kategismus noem in sy antwoord op hierdie vraag drie redes waarom die wet gedurig skerp gespreek moet word:

- (1) Om grondiger kennis van ons ellende by ons op te wek;
- (2) Om groter begeerte na die verlossing en die geregtigheid van Christus by ons op te wek, en
- (3) Om groter ywer in die lewe van dankbaarheid by ons te bewerk.

Jesus self het die wet skerp gepreek soos blyk uit die bergpredikasie. Ook Johannes die Doper, Elia en die ander profete het dit gedoen. Ons moet altyd weer opnuut voor die vlekkelose spieël van Gods wet gaan staan, altyd weer voor die heilige vierskaar van die wet verskyn sodat ons ons sondige aard hoe langer hoe meer sal leer ken en sodat ons onself sal oordeel as doemskuldig. 'n Skerpe wetsprediking noem elke sonde by sy naam en sê vir elke skuldige: "Jy is die man!" So bring die prediking van die wet verdieping van die sondebeseft. Dan word die sondes wat ons voorheen gering en selfs verskoonbaar geag het, ontsettend afskuwelik en dan verfoei ons onself voor Gods aangesig.

As ons onself so leer ken, is dit 'n teken dat God deur die prediking van sy wet en die werking van sy Heilige Gees aan ons ontdekkende genade geskenk het. Daarom moet ons nie wanhoop nie want as God eers aan ons ontdekkende genade geskenk het, sal Hy ook deur sy Heilige Gees by ons opwek die behoefte om die vergewing van die sondes en die geregtigheid in Christus te soek. Ons het nie slegs behoefte aan vergewing van sonde nie maar ook aan geregtigheid en nuwe lewe. Ons het Christus nie slegs nodig wanneer ons moet sterwe nie; ons het Hom veral nodig in ons lewe.

Maar die verlossing in Christus vind sy bekroning in die vernuwing van ons lewe. Hierdie vernuwing word verwesenlik in die lewe van dankbaarheid tot eer van God. God verlos ons nie om ons in die hemel te bring nie, maar om sy werk wat deur die sonde verwoes is, te herstel.

Daarom vernuut Hy ons na sy ewebeeld. Die prediking van die wet roep ons tot hierdie lewe van dankbaarheid en gehoorsaamheid. As dankbare verlostes moet ons die beginsel van lewensvernuwing vertoon. Ons is so swak hierin. En daarom wil die prediking van die wet ons op ons knieë bring voor God sodat ons in die gebed kan worstel en smeek om lewensvernuwing. Lewensvernuwing en gebedsworsteling is die twee stukke van die dankbaarheid wat nie geskei kan word nie.

By God is ons uiteindelijke volmaaktheid en heiligheid 'n voldonge feit. Ons het nou slegs die beginsel. Gods Gees arbeid rusteloos voort aan elke gelowige en eenmaal voltooi Gods Gees sy genadewerk in elkeen van Gods kinders. Dan staan Gods wet weer geskrywe op die tafels van ons harte, en dan is dit ons lus en vreugde om Gods wil op volmaakte wyse te volbring.

Amen.

SONDAG 45.

OOR DIE GEBED

Lees: Hand. 9:11.

Sing: Ps. 73:12; Ps. 81:12; Ps. 48:5.

"Want kyk, hy bid." Dit is wat die Here van Saulus van Tarsus sê nadat die Here hom op die pad na Damaskus ontmoet het. Nou eers bid Saulus, niesteenstaande hy soveel jare as toegewyde Fariseër op vaste tye en volgens die voorskrifte deur hom nageleef, gebid het. Al sy vroeëre gebede was nie bid gewees nie. Meer nog, die Skrif sê, dat hy, "die wat die Here aangeroep het," vervolg het (Hand. 9:14 en 21). Daar was dus iets radikaals verkeerd met sy gebede. Die liefde het daarin ontbreek, Christus het ontbreek. Sy godsdienst was eiewillig, sy gebed eiewillig en daarom niks anders as afgodery en beelddienst nie. Staan ons nie soms ook in ons gebedslewe soos Saulus van Tarsus as Fariseër dat selfs ons gebedslewe die karakter van eiewilligheid en beelddienst openbaar nie? Ook vir ons gebedslewe het die Here vereistes gestel en daarom is dit nodig dat ons sal weet hoe ons moet bid. Reeds die dissipels het aan die Here Jesus gevra: "Here leer ons bid".

Eers na die bekering op pad na Damaskus bid Paulus werklik, want hy het Jesus leer ken as sy Redder en hom geheel aan Hom onderwerp in oorgegewendheid. Nou het Paulus Jesus lief, want hy het die liefde van Jesus vir hom, arme sondaar ervaar en ondervind.

So is die gebed dan in die allereerste plek vrug van die liefde van God wat wederliefde in die hart werk. So is die gebed die openbaring van dankbaarheid vir die genade-redding in Jesus Christus. So is die gebed nie 'n las nie, maar 'n lus, nie maar net 'n gebed nie, maar 'n voorreg. Ja, die gebed is die ademtog van die lewe van die kind van die Here, die polsslag van sy geestelike bestaan, die liefdesgemeenskapsoefening met God. Dink maar weer aan Paulus, hoedat, na sy bekering, sy hele lewe 'n gebedslewe geword het en hy steeds aanspoor tot gebed.

Met die psalmdigter steeds te sing:

Maar dis my goed, my saal'ge lot,
as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel
om al sy werke te vertel.

Die hoogste waartoe opgestyg kan word. Die toppunt van die dankbaarheid. Daarom wat na die geloof en die gebod moet volg, die gebed. Hierdie vrug van die wederliefde is noodsaaklik. Allereers omdat God dit van ons eis. Dit is vrug van gehoorsaamheid. 'n Gebod van die Here, maar ook 'n voorreg, 'n vanselfsheid in die lewe van die kind van die Here.

'n Plig, maar wat nie 'n dooie formaliteit of gewoonte mag word nie. Die gevaar dreig steeds dat die ware liefde in die hart ontbreek en dit slegs lippetaal word. Stel hierteenoor die gebede wat in die ewigheid gehoor word. Ons dink hier veral aan die gebede en liedere soos ons dit vind in Openbaring. Met watter besieling word dit daar uitgeroep of uitgejubel! Met watter liefdedrang as dit deur die hemel weerklink: "Heil aan onse God wat op die troon sit en aan die Lam!!

Waarlik bid is dan ook reeds 'n verkeer in die hemel. Die gebed sou ons kan noem die eggo van die stem van die Heilige Gees in ons siel. As ons bid, dan is dit die Heilige Gees wat die snare van ons siel bespeel, om wederliefde aan God toe te bring. Ook ons gebede word in goue komme in die ewigheid aan God gebring (Openb. 5:8).

Om te bid is 'n **daad van gehoorsaamheid**. Die Here sê: "roep my aan, bid sonder ophou". Dit moet 'n daelikse besigheid word, 'n deel van my lewe.

Maar, so hoor ons sê: gestel dat ek nie so voel nie, dan laat ek dit maar liewer staan. As ek geen behoefte het om te bid nie, dan word dit tog maar net lippetaal, net vorm, 'n

ydele klank. Verskriklik om van 'n gelowige sulke taal te hoor, want hierin skuil as agtergrond dat, ek God vergeet het, geen liefde tot hom het nie, geen afhanklikheid van hom gevoel nie, en geen dankbaarheid vir alles wat ek ontvang nie. As ons geestelike lewe kerngesond is, as ons steeds op die hoogtepunte van geloofslawe verkeer, kan ons nog so 'n standpunt inneem, maar so gesond is ons geestelike lewe gewoonlik nie. Geestelik is ons gewoonlik krank. As gevolg van 'n geestelike bloedarmoede ontbreek dikwels die prikkel tot gebed en as ons nou maar sou gaan uitstel totdat die geestelike drang daar is, sou dit 'n lewe sonder gebed word. So 'n standpunt is ook nie geestelik nie, maar uit die duiwel. Dieselfde as dit gebruik word vir die wegbly uit die kerk of die verontagsaming van die nagmaal. Op hierdie wyse word die siel vermoor.

Mag daar dan altyd by ons gevind word gehoorsaamheid aan die eis wat God aan ons stel. Mag daar altyd aanwesig wees gewilligheid, mag daar altyd wees werklike behoefte en verlange sodat ons waarlik met die psalmis sing:

Hoe begeer my siel en hunker van verlange
Om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan
met jubelende lofgesange.

'n Ander gevaar wat die gebedslawe van die kind van die Here bedreig, is die valse skaamte. Dikwels is ons skaam om te laat sien dat ons God vrees en Hom ken in ons lewe. Ons verloën hom in die lewe voor die mense. Ons dade verklaar dat ons Hom nie ken nie. Hom die Koning van alle konings verloën ons voor die mense.

Die Heilige Skrif is baie duidelik op die punt dat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte, sonder ophou daarom bid en daarvoor dank. Lees maar enkele tekste: Matth. 7:7 "Bid en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word." Luk. 11:13: "... hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?" Luk. 18:1 en 7: "En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie ... sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval?" Jak. 4:3: "Julle bid en ontvang nie, omdat julle verkeerd bid ..."

So mooi spreek die kategismus van hartlike sugte.

Sugte uit die hart. Hoe dikwels is dit in teenstelling hiermee net lippetaal? Nie die asemhaling van die siel nie, maar die beweging van die lippe. U sal voel dat hiermee ook aangesluit word by die woorde van die Here Jesus as Hy sê: "Moenie 'n ydel herhaling van woorde gebruik nie." Hiermee word alle vertoning by die gebed belet. Nog sterker die gebruik wat ook wel voorkom om al biddende, ander wat teenwoordig is die les te leer. Ook as gebed word om geleerdheid te vertoon, of om 'n toespraak te hou. Hier moet ons maar steeds die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar in gedagte hou. Ons gebed moet altyd die taal van ons hart wees.

Maar verder moet dit wees "sonder ophou". So roep die apostel ons dit toe in 1 Thess. 5:17. Soos die weduwee by die onregverdigte regter.

Ons gebed moet ook wees om te **dank**. So dikwels ontbreek die dankgebed in ons lewe. Ons doen soos die 9 gereinigde melaatses by wie dankbaarheid ontbreek het. As ons net vra sonder om te dank, dan is ons gebed selfsug en sien ons al die weldade wat God daeliks gee nie raak nie. As ons hart met wederliefde vervul is, kan die offerandes van dank nie ontbreek nie.

Nadat nou gehandel is oor die noodsaaklikheid van die gebed, moet ons verder let op die vereistes van die regte gebed (vr. 117).

Ook wat die gebed betref, is daar 'n skool wat deurloop moet word. Selfs die apostels van die Here moes by Jesus skoolgaan om te kan bid soos die Here dit verlang. Ons vaders het dan ook gepraat van die heerlike kuns van die heilige om reg te bid.

Die hemelse bruidegom roep sy bruid toe: (Hooglied 2:14) ... "laat my u gedaante sien, laat my u stem hoor; want u stem is soet en u gedaante is lieflik."

Hier is geen plek vir willekeur nie. Nee, die stem is soet, as dit is soos Hy ons beveel het dat ons dit moet doen.

Die allereerste vereiste dan is dat ons alleen die enige ware God, wat Hom in sy Woord geopenbaar het van harte moet aanroep. Dit plaas ons al dadelik teenoor alle heidense godsdienste, teenoor Jood, Mohammedaan en moderne. Om te kan bid, moet ons God ken, soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het. Daarom moet daar kennis wees van God en wel kennis uit die Skrifte. Dan vind ons onrustige hart rus in God. Soos die trillende magneetnaald altyd soek na die magnetiese pool, so soek die hart van die Christen na God. Maar ook hier moet weer klem gelê word op die gedagte dat dit van harte moet wees. 'n Gebed sonder aandag is soos 'n liggaam sonder siel. As ons nou 'n oomblikkie sou dink oor ons privaat gebede in ons binnekamer, oor ons tafelgebede, oor ons gebede in die kerk — hoe menige gebed is soos 'n liggaam sonder siel?

'n Verdere vereiste is **selfkennis**. Ons nood en ellende reg en grondig ken. Dit beteken dat ons in die allereerste plek ons diepe afhanklikheid van die Here sal besef en sal bely. Die werklike gevoel van afhanklikheid wek ootmoed en nederigheid, skuldbesef en skuldbelydenis. As ons dan ook in ons en om ons heen kyk, dan kan ons die nood saamvat met die één woord: "**hoogmoed**", en hieruit spruit voort egoïsme. Ons dink gewoonlik in die lewe maar altyd net aan onself en ons eie belange en dan nog meestal stoflike belange. As ons egter meer aan die wêreldnood begin dink, dan verdwyn ons nood heeltemal op die agtergrond. Was daar al 'n tyd wat die wêreld so in nood verkeer het as juis nou? Maar hoe staan die Kerk van die Here hierteenoor? Hoe staan u en ek in ons gebedslewe hierteenoor? Ken ons wel ons eie sielenood, en die geestelike nood van die wêreld. Ons lees die droewige berigte in die koerante en hoor dit oor die radio elke dag en dit skyn asof ons dit alles maar vir heeltemal gewoon aanneem in onbewoënheid, koud en onverskillig. Watter geweldige stroom van goddeloosheid word nie elke dag aanskou nie. Hoe geweldig neem allerlei afwykende rigtinge toe. Is daar by ons wel 'n grondige kennis van die toestande. Wek dit verootmoediging? Voel ook ons wel werklik die pyn van die slae waarmee God in ons tyd slaan? Dit tog moet prikkel om in ootmoed en skuldbelydenis voor die aangesig van die Here te verkeer as bidders en voorbidders, want die wêreld bid nie. Maar vertoon ons nie te veel die gedaante van godsaligheid en loop ons maar saam met die wêreld in sy skynbare vrolike stemming nie. Gedurig moet ook ons maar weer erken en bely dat daar ook by ons tog in werklikheid so min verootmoediging is en so min wederliefde tot God. Hoe meer ons dan ook ons ellende ken en die verlossende liefde van Christus des te meer die behoefte aan skuldbelydenis.

Maar die Skrif leer ons nie alleen dat ons tot God moet bid nie, en dat ons ons nood en ellende reg moet ken nie, maar ook dat daar by ons die vertroue moet wees dat die Here ons gebed wil verhoor. Die kategismus stel dit so sterk, dat ons die vaste grond het dat die Here ons gebed wil verhoor, soos Hy in sy Woord beloof het. Dit gee hoop, dit gee moed, dit gee die vertroue want by my is daar geen grond waarop ek kan pleit nie. As dit van my afgehang het, dan sou ek altyd heen-en-weer geslinger word. Dan sou alle vastheid ontbreek het. Maar ek weet dat om Christus wil Hy dit wil doen, en Hy dit ook sal doen. Christus het dit aan ons gesê: "Al wat julle die Vader sal bid in My Naam sal Hy julle gee."

Nou stel God aan ons die vereiste dat ons sy Woord sal aanvaar. Ons mag daaraan nie twyfel nie. Die Here sê dan ook dat ons Hom maar op die proef kan stel of Hy sy Woord nie ewig gestand doen nie. In Christus is al sy beloftes ja en amen. Christus heilig ons gebede. Hy bring dit na die Vader en Hy is ons Voorspraak. Laat ons dan uit ons lewe uitban alle twyfel aan die verhoring van ons gebede. God kan nie lieg nie. Wie twyfel aan die verhoring van die gebede wat volgens die wil van God is, maak Hom tot 'n leuenaar wat 'n gruwel is om aan te dink. Tog vrees ons dat dikwels ook hierdie vaste grond wat ons het in ons lewe ontbreek. Ook hier die bede slaak: "O, God vergeef my tog my twyfel en ongeloof."

Die Here het nie net aan ons openbaar **dat** ons moet bid nie en hoe ons moet bid nie, maar ook **wat** ons moet bid. Ook hier is daar nie plek vir willekeur nie. Dit bring ons tot die diepste afhanklikheidsgevoel wat so nodig is. Ons moet vir alle liggaamlike en geestelike nooddruf bid. Om dit reg te kan doen, moet ons eers die Woord verstaan wat die Here gesê het: "**sonder My kan jy niks doen nie**". As ons dan gaan leef uit die besef dat ons absoluut afhanklik is van God tot in die allerkleinste dingetjies in ons lewe, sal dit 'n lewe word van bid sonder ophou.

Die apostel Jakobus wys daarop hoedat die mens so geneig is om maar gedurig planne te maak sonder werklik rekening te hou met God. Dit geld maar al te dikwels ook van ons. Lê ons al ons planne aan God biddend voor? Vra ons sy goedkeuring by alles wat ons wil begin en wat ons oorweeg. As ons 'n lewensroeping kies, is dit dan nadat ons die hele saak biddend aan God voorgelê het.

As ons optree, het ons dan sy hulp en bystand ingeroep? Besef ek dat elke stap wat ek doen, elke asemhaling deur God aan my verleen word? Eers as ek my lewe so uit die hand van God ontvang, gaan ek verstaan dat ek nie sonder Hom kan glo, nie sonder Hom kan bid, nie sonder Hom kan stry, nie sonder Hom kan ly, nie sonder Hom kan lewe nie. Dan sal elke dag biddend begin word, want anders is die dag 'n mislukking. Dan word my lewe 'n lewe met God. Uit Hom, deur Hom en tot Hom.

Om alle misverstand uit te skakel, moet ons u daarop wys dat die gebed nie die arbeid uitskakel nie; intendeel die ware Christen se lewe moet gekenmerk word deur bid en werk. Dit is seker wel wenslik by die gebed ook dit te noem, veral waar in ons tyd so dikwels ook onder Christene werkskuheid gevind word. Misbruik word meermale gemaak van die teks in Matth. 6:33: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid ..." Dit word dan so opgeneem of ons nou maar die hande kan vou en in 'n hoekie kan gaan sit en die daelikse arbeid nie hoef te vervul nie. Hierdie persone wil hulle dan as baie vroom voordoen. Luiheid onder die dekmantel van godsdiens. Vergeet word dat die Here sê dat die hand van die vlytige geseën sal word en dat hy wat nie werk nie ook nie sal eet nie. Ons dink hier aan die verhaal wat 'n skrywer meedeel dat 'n bidprosessie vir die gesaaides by 'n land verbygaan wat baie verwaarloos was en 'n boer toe aan die predikant sê: hier moet nie gebid word nie, maar die land het mis nodig. Getroue arbeid is 'n goddelike vereiste, maar daarmee saam gaan dat ons steeds by al ons arbeid in gedagte moet hou dat alles niks baat as die seën van die Here nie op ons werk rus nie. In ons land weet die boer maar alte goed dat as die hand van die Here teruggetrek word, alles vergaan. Maar in hierdie verband dreig die gevaar dat ons God tot 'n help-God wil maak. Ja, gaan beskou dat Hy ons instruksies moet uitvoer soos 'n handlanger die bevel van sy baas, en as God dit dan nie doen nie, dan is ons in Hom teleurgestel.

Die terrein van ons gebed omvat so baie. **Alle nooddruf**. Geen saak is so groot dat dit nie in ons gebed opgeneem kan word nie, en geen kleinigheid so klein dat dit nie in aanmerking kan kom nie. Die stoflike dinge word nie geminag nie en die geestelike nie onbereikbaar nie. De dinge van die tyd is nie te kortstondig nie en die van die ewigheid nie te verreikend nie. 'n Speld wat ek verloor het en die beëindiging van 'n wêreldoorlog alles moet in my gebed sy plek vind. Ons praat so maklik van klein en groot dinge. Maar het u al gevra wat is klein en wat is groot? Was die aanleiding tot wêreldoorloë nie menigmaal klein dingetjies nie, en het daar menigmaal nie groot dinge gebeur waar ons gemeen het maar nou moet God ingryp en dit gaan ongemerk verby?

By die gebed moet ek egter altyd die vraag stel, het ek en kan ek daarvoor bid. Die inhoud van ons gebed word deur God in sy Woord bepaal en wel soos dit hier staan: **nooddruf**. Ons moet bid vir wat ons nodig het en nie het nie. Nou vrees ons dat in ons tyd van die hoë lewensstandaard wat ons self daarstel, ons vir luukse dinge bid en nie vir nooddruf nie. Nie oor wat ons nodig het nie, maar wat ons alles graag wil hê, gaan dit by ons. Weet ons nog wel in ons tyd wat nooddruf beteken? Geestelike nooddruf is wat ons by Paulus vind na sy bekering op pad na Damaskus. Geestelike nooddruf is wat ons vind by Dawid as hy sy ellende uitkerm in Ps. 51. Gevoel ons in ons lewe wel hierdie nooddruf op geestelike gebied? Maar dan die daelikse lewe. Weet ons nog wat nooddruf

in die daelikse lewe beteken?

In die volmaakte gebed wat die Here Jesus aan ons gegee het, word die nooddruf saamgevat en voor die troon van God gebring. Ons het hier wat ons sou kon noem 'n formuliergebed. Nie dat ons altyd so moet bid nie, maar wel dat ons so kan bid. Hierin word dan ook soberheid, maar tewens diepte gevind. Gewoonlik vat ons egter nie hierdie diepte nie, daarom dat ons ook wat dit betref aan die hand van die Skrif die inhoud van die volmaakte gebed moet bestudeer, sodat ons dit steeds meer in sy volle betekenis kan bid. Maar in hierdie verband moet ons ook daarop wys dat dit seker wenslik is dat ons ook meermale van formuliergebede gebruik sal maak. Daar is kringe waarin dit heeltemal ontbreek, terwyl in ons formuliere telkens die gebede voorkom, maar ook nog agter in ons psalmboek gebede vir verskillende geleenthede. Word dit wel deur ons gelees. Gebede uit die bloeitydperk van die kerk van Christus.

Eindelik wil ons u nog net wys op ons gebede in ons gesang en lied. Ontbreek ook hier nie dikwels die regte stemming en gees nie. Die een keer is dit 'n dank- en loflied, dan weer 'n smeek- en klaagsang aan God. Leef ons siel wel in wat ons sing?

Vind ons nog wel tyd om tot God te bid? In ons gejaagde lewe waar ons leef met die klok in die hand. Is daar nog die rustigheid vir ware gebedstemming? Die gebed wat die vernaamste stuk van ons dankbaarheid is, die gebed wat die openbaring van ons wederliefde is, die gebed wat die kragtigste strydmiddel is teen Satan en die sonde moet ons lewe vervul.

Mag dan ook van ons deur God gesê word: **Kyk, hy bid.**

Amen.

SONDAG 46.

ONSE VADER

Lees: Lukas 11:1-13; Matth. 6:5-8; 1 Kon. 18:26-39.

Sing: Pss. 98:1; 86:8; 103:6.

In Lukas 11 word ons meegedeel dat die dissipels die Here Jesus vra nadat Hy gebid het: "Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het." Daarop sê Hy: Wanneer julle bid, sê: Onse Vader, wat in die hemele is ...

As ons hierdie Skrifgedeelte neem in verband met wat ons lees in Matth. 6 vanaf vs. 5 blyk dit dat die Here eers 'n teëstelling maak waardeur die werklike gebed sterker op die voorgrond kom. Voorop word hulle gewaarsku teen die moontlikheid dat die gebed gedoen kan word in 'n gees van **geveinsdheid** en wel om van die mense gesien te word. Die mense wat hulle beroem op die "mooi" bid en op die krag van hulle gebed, is mense wat bid om van die mense gesien te word en so eer en hoogagting van die mense te verwerf. In werklikheid dus persone by wie die **grond en doel** van hulle gebed eie eer en eie naam is. Dit is dus nie **wederliefde** wat die eer van God soek nie, maar eie liefde wat eie grootheid en verheerliking soek. Maar daar is nog 'n verdere waarskuwing waarop die Here hier wys en wel dat andere meen dat die Here hoor op grond van die gebed se **veelheid van woorde**. Dit was wat by die heidene gevind is. Hulle het gemeen dat hul gode alleen sal hoor as hulle baie hard aanhou roep. Ons dink hier onwillekeurig aan die Baälpriesters op die berg Karmel wat lank gebed en geroep het dat Baäl tog moet hoor. God weet wat julle nodig het, ook nog voordat julle bid, tog eis Hy dat gebed sal word as bewys van wederliefde soos Hy dan ook hier die volmaakte gebed gee. In die **aanhef** van die gebed lê Christus dan die grond vir ons gebed neer.

Dink ons wel genoeg daaraan dat ons, tot wie die Here kon sê: **"gaan weg van my julle werkers van ongeregtigheid"** (want dit is ons tog almal van nature), hier die **voorreg** gegee word, as gevolg van die soenverdienste van Christus om tot God te bid en wel in die besondere intieme verhouding soos die Heiland dit hier stel?

Uit hierdie aanhef is dit duidelik dat ons **tot God** spreek. Dit is nie 'n gemymer of gepeins nie; dit is nie 'n spreek tot mense by ons nie, wat helaas meermale wel voorkom. Nooit mag ons beskou dat ons gebed 'n toespraak is tot ander mense waarna God maar sydelings luister nie. Op Karmel waar Elia in die gebed gaan, is dit nie woorde tot die omstanders nie, maar 'n bede tot God. Lees maar weer die roerende gebed in 1 Kon. 18:36 en 37. So kan ons al die gebede nagaan. Ons dink veral aan die gebede van ons Here Jesus Christus ... Steeds moet dit 'n direkte spreek tot God wees, nie met ons self nie en nie 'n spreek in die lug nie, nog minder 'n spreek met die wat saam met ons is. Die sonde is ook oorsaak dat ons in hierdie verband, ook in ons gebed, menigmaal nie werklik tot God bid nie.

Voor die sondeval in die Paradys het Adam en Eva voor God verskyn in die regte sielsgestalte, met heilige lof en dank en bede, maar deur die verwoestende werking van die sonde het die mens dadelik gaan wegkruip in die bos en weggevlug van God af. Deur die genade van God in Christus het daar weer versoening gekom en ook weer die voorreg dat ons tot God mag gaan en tot Hom bid, maar so dikwels neem die sonde die nodige **spanning** uit ons siel weg en is ons gedagtes net met die aardse en tydelike besig sonder dat ons siel opgehef word tot God. Al begin ons ook in die regte stemming, dreig nog altyd dat ons gedagtes gedurende die gebed wegdwaal. Die werklike gebedstemming kom eers wanneer ons sien dat alles ons ontval en dat die dinge waarop ons tog nog maar altyd in die lewe gebou het, verdwyn. Dan word dit 'n roep tot God alleen, want dan besef ons dat daar by Hom alleen uitkoms uit die nood is. Dan miskien nie 'n lang gebed nie, maar 'n waaragtige **sug** van die hart tot die Here. Dan is daar die geestelike spanning wat in die gewone daelikse lewe ontbreek. Dan miskien *net* die woorde: Ag, Here, help my na u barmhartighede.

As dit dan vasstaan dat ons **God alleen** moet aanroep, dan kom vervolgens die vraag

hoe Hy aangeroep moet word.

Hier moet ons aan die hand van die volmaakte gebed wat Jesus ons op die lippe lê daarop let dat die kenmerk, wat hier in die ooglopend is, **eenvoud** is. So dikwels hoor ons by gebede, en dit kom veral voor wanneer daar deur iemand in die openbaar gebid word, dat daar 'n **opeenstapeling** is van die name van die Here. Nou wil ons nie sê dat dit nooit mag gebeur nie, maar tog daarop wys dat by die begin van die gebed dit in die algemeen onvanpas is en selfs hinderlik kan wees. Dat in die gebed opgestyg kan word tot daardie hoogtes van roem en jubel in God wil ons geredelik toegee, maar dat dit menigmaal slegs opeenhoping van name is, wat nie werklik uit die siel kon kom nie en nie tot glorie van God uitgejuig word nie, kan nie ontken word nie. In die gebed wat Jesus ons gee, laat Hy ons so sober en in eenvoud begin: "**Onse Vader**," terwyl aan die einde opgestyg word tot die jubel: "**want aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.**"

Iets wat eweneens afgekeur moet word, is die gebruik van **verkleinwoordjies** wanneer tot God gebid word. Dit is iets wat ook nogal in sekere kringe gevind word. Nêrens in die Woord van die Here sal ons hiervan 'n voorbeeld kry nie. So 'n onbybelse gemeensaamheid hinder en klink selfs vir ons as mense verkeerd.

In die aanhef van die gebed lê ook die **grond** van ons gebed. Laat ons dan kortliks let op die betekenis van elke woord wat ons hier op die lippe gelê word.

Onse Vader, so begin die gebed. Dadelik word hier die egoïsme uitgeskakel. Wel is hierin ingesluit die "my" want saam met die nood van ander gaan die van my. Hierdeur word daarop nadruk gelê dat my gebed **priesterlik** moet wees. Ek staan nie alleen op die wêreld nie. Daar is duisende mede-gelowiges; daar is duisende mede-skepele; daar is die ganse skepping wat deur die sonde van die mens **sug**.

Nou word die gelowiges weer deur Christus in staat gestel om toe te tree tot die troon van genade om as bidders en voorbidders op te tree. Laat ons dan in die allereerste plek by ons bid waak teen **selfsug** wat maar gedurig aanwesig is. In hierdie opsig het ons *tot* voorbeeld nie alleen die volmaakte gebed nie maar ook die optrede van die Here Jesus self. Hy wat nie maar net vir Homself gebid het nie, maar vir die wat Hom lief het en wat die Vader aan Hom gegee het. Hy bid vir die wat Hom kruisig en met Hom spot. Hy bid vir Jerusalem wat Hom uitwerp en bid vir die menigtes wat roep: "Kruis Hom, Kruis Hom!" Hy bid vir die moordenaar aan die kruis.

Die wêreld in wyere sin kan nie bid nie. Ware bidders is so min. Daarom geld vir elke gelowige: "Hef priesterlike hande en pleit as alles rus in donkerheid."

In watter **ontsettende donkerheid** verkeer die wêreld nie. Watter ontsettende spanning heers daar nie deur die eeue heen nie en dan veral namate die einde van alle dinge nader. Dit bly maar oorloë en gerugte van oorloë, honger en pessiëktes, haat en nyd, twis en tweedrag onder die volkere. Die Bose wat die volkere in ongeloof heenvoer. Die wêreld in sy lyde en donkerheid gedompel, kan nie bid nie. **U moet priesterlike hande ophef tot God**. Ook as die mag van die sonde deur ons aanskou word. Ook as die mag van sonde en donkerheid ons bedreig. Hef priesterlike hande na omhoog. So kry ons dat Abraham intree vir Sodom en Gomorra. Nie maar in die verbygaan wat hy bid nie, maar hy **bly smeek** om genade. Hoe eng is ons gebede dikwels as ons dit hieraan toets. Hoe min ons liefde vir die skepele van God en vir sy skepping wat deur ons sonde in die diepte van ellende gestort is. Te min besef ons dat **ons** maar enkel deur Gods genade is soos 'n stuk brandhout wat uit die vuur geruk is.

Dan "**Vader**": Watter voorreg dat ons die Koning van alle konings, die enige en waaragtige God mag ken en mag aanspreek as "Vader".

Om die betekenis hiervan te verstaan, moet ons nader besien wat die inhoud van die enkele benaming is. In ons moderne tyd met sy moderne beskouings en opvoeding het ook die verhouding tussen ouer en kind reeds baie skade gely. Daarom moet ons ook hier let op die regte verhouding, soos dit in die 5de gebod ons gegee word. As daar die

regte verhouding tussen vader en kind bestaan, dan is daar in die eerste plek liefde of wederliefde by die kind tot die vader. Die liefdesverhouding hou in vrymoedigheid van die kind tot sy vader. Hy sal onbeskroomd tot die vader gaan, maar dit beteken nie onbeskaamd nie. Hoewel die kind volle vrymoedigheid het om tot die vader te gaan, sal daar tog altyd die nodige eerbied wees. As die eerbied verdwyn het, dan is daar geen gesag nie en ook geen liefde nie. Ware liefde sluit hoogagting in en gee eerbied. So sal 'n kind met die meeste vrymoedigheid tot sy vader gaan. Hy sal vertroulik met sy vader spreek sonder dat hy onbetaamlik teenoor sy vader sal wees. As die regte verhouding aanwesig is, sal daar ook nie dwang aanwesig wees nie. Dit kry ons waar die kind uitgaan van die gedagte dat hy eintlik die situasie beheers, waar hy die vader as 'n handlanger beskou.

Aan die ander kant weet ons dat die vader steeds die beste belange van die kind wil behartig, dat hy altyd deur liefde gedryf, optree. Hierdie gedagtes moet ons nou oorbring op ons gebedslewe waar Jesus sê dat ons moet bid: "Onse Vader ..."

Ons kan met vrymoedigheid toetree tot die troon van genade, maar dit beteken nog nie dat ons in ons spreke onbeskaamd moet wees nie. Juis die teendeel is van toepassing. Daar moet steeds aanwesig wees die nodige eerbied of kinderlike vrees. Ons kan met volle vertroue gaan maar dit mag nie ontaard in gemeensaamheid nie. Ons vind dit soms dat mense in die gebed die houding inneem asof God hulle mindere is, wat op hulle bevel moet reg staan, soos die handlanger wat net wag op bevel wat hom gegee word. Dan is daar nie meer die eerbied of **nederigheid** nie, maar **selfverheffing**. Dit kom nog die sterkste na vore as die Vader gedwing word. Die **wederliefde** laat immers altyd bid dat die wil van die Vader moet geskied en daarby lê die kind hom neer. So stel die kategismus dan ook hier dat die grond van ons gebed die kinderlike vrees en vertroue is, dat God ons Vader deur Christus geword het. Dit is dus nie ons wat sulke voorbeeldige en goeie kinders is nie, maar God **wat so 'n liefdevolle Vader is**. Hier kan ons dink aan die verlore seun wat die vader verlaat het, maar na die dieptes wat hy deurworstel het soos 'n bedelaar in sy toiings weer terugkom by sy vader, wat dan ook vol ontferming en liefde is en hom as seun verwelkom en klee en voed. By hierdie seun wat homself verlore sien, wat met smeekbedes in skuldbelydenis na die vader kom, kry ons die regte sielsgestalte, terwyl dit heeltemal ontbreek by die oudste seun wat tuis gebly het, maar wat in werklikheid nie as **kind** by sy vader gewoon het nie, by wie die kinderlike vrees en ook die kinderlike vertroue heeltemal ontbreek het. Hy het net van regte geweet en van sy eie waarde. Hy wat net kon spreek van wat hy vir sy vader beteken het. Hy wat net die "ek" geken het en nie die liefde van die vader geken het en nie gewaardeer het nie, wat geen behoefte gehad het om sy geprangde siel aan die vaderhart uit te stort nie.

Is ons nie dikwels soos die oudste seun nie? *Voel* ons wel werklik wat dit vir ons beteken dat ons kinders van God gemaak is. Dat ons soos die verlore seun kan uitroep: **"Ek sal na my vader gaan ... ek sal sê: vader ek het gesondig"**. Laat ons tog in ons hele lewe altyd werklik kinders wees, dan sal God ook steeds vir ons 'n Vader wees.

Dit bring ons dan ook by die ander kant van die woorde se betekenis: Hy, ons Vader.

In die gewone lewe word die kind gedra deur die liefde-arms van die vader. Die kind sal by alle gevare dadelik na die vader snel in die oortuiging en met die vertroue dat die vader hom sal beskerm en help. Hy sal ook nie sy vader laat beledig nie. Vir die eer van sy vader sal hy altyd opkom. Maar hy weet ook dat sy vader besluit en bepaal wat moet en mag en nie mag nie. Geen goeie en pligsgetroue vader gee maar alles wat 'n kind van hom vra nie, omdat die vader in staat is om te oordeel wat goed en wat nadelig is, en die kind nie. Juis in hierdie beslissinge kom die liefde van die vader uit. As hy maar alles aan die kind gee, dan het hy hom nie werklik lief nie. Vaders moet vir hulle kinders kies en bepaal. **Swak vaders bederf hulle kinders.**

Soveel te meer ons hemelse Vader. Hy weet wat goed vir ons is. Hy weet wat tot ons voordeel en wat tot ons nadeel sal strek. As liefdevolle Vader onthou Hy ons die dinge wat ons kwaad sal doen en skenk ons die dinge wat nuttig is vir hierdie en die

toekomende lewe.

Dit beeld die Here Jesus so mooi uit in die gelykenis van die onbeskaamde vriend, waarop dan volg (Luk. 11:13): **"En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom 'n klip gee, of ook 'n vis, en hy sal hom in plaas van 'n vis 'n slang gee, of ook as hy 'n eier vra, hom 'n skerpioen gee? As julle wat sleg is dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader, die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"**

Tegelykertyd lê die Here Jesus ook hier die nadruk op die **vertroue** wat by ons moet wees. Ons moet nie net bid nie, maar ook **verwag**. 'n Kind vra nie net by sy vader iets nie, maar wag ook op die antwoord. Wag ons werklik ook op die antwoord van die hemelse Vader, of bid ons en beskou dat ons nog maar net so ver is as wat ons voor die tyd was. Jesus sê: bid en julle sal ontvang. Soek en julle sal vind, klop en vir julle sal oopgemaak word.

Ons het 'n volkome Vader wat weet wat reg en goed is, ons het 'n getroue Vader wat doen wat Hy sê. Elke ware gebed, wat reg gedoen word, sal Hy verhoor. Ons sê reg gedoen word, want dit moet volgens die wil van die Vader wees. As ons egter soos 'n Bileam van ouds teen die wil van die Here indwing om ons sin te kry, dan mag die tyd kom wat die Here ook aan ons sê dat ons maar kan gaan en hoe verskriklik is dit as dit sover kom. Dan gaan dit soos met die verlore seun aan wie die vader gesê het: goed, as jy dan wil weggaan, neem wat jou toekom, en gaan waar jy wil. Hoe diep droewig was daardie **eie pad** gewees? Ons moet in ons lewe veral ook by die gebed leer om aan die Vaderhand ons pad te bewandel volgens die Vaderraad, en deur op die Vaderhart te rus. Ons moet ook die volle vertroue hê op die Vader, ons moet vir sy eer steeds opkom. Om hierdie vertroue by ons te sterk, voeg die Heiland by die aanspraak van "Onse Vader" nog by: **"wat in die hemele is"**. Dit gee dieselfde gedagte weer as wat ons in Ps. 68 uitsing:

Hy **kan** en **wil** en **sal** in nood,
Selfs as ons sidder vir die dood,
Volkome uitkoms gewee.

Hy kan. Geen mag wat teen Hom bestand is nie. Ons siel word bo die aardse uit verhef. Bo die beperktheid en gedruktheid van hierdie lewe. Ons word verhef bo al die ellende en magte van die aarde en ons sien God almagtig; ons sien sy grootheid.

Watter heerlike pad vir ons onrustige hart, watter heerlike pad met al ons verwagtings, met al ons heilige ideale vir ons toekoms as eenmaal die aarde ons sal ontglip. Wat hier ook al druk en benou, wat ons ook al hier laat roep uit nood en ellende, ons weet dat dit geen noodlot is wat in die lewe heers nie, ons weet dat dit geen aardse magte of bese geeste is wat heerskappy voer in ons lewe nie; ons weet dat ons hemelse Vader alle dinge ons ten goede beskik en dat Hy dit kan.

Ons is so aardsgesind; ons is so aardsveranker. Ons lewe is so stoflik en ons raai maar gedurig wat vir ons goed is, maar my Vader in die hemele kan nie alleen nie, maar **Hy wil** ook alles tot my beswil stuur en reël.

Ek weet nog meer. Ek weet Hy sal alles **tot my heil** laat geskied. Dit alles getuig ek, as ek my gebed begin met die woorde: **onse Vader, wat in die hemele is ...**

Ek weet dat soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees (Ps. 103:13). Ja, tot my klink die trooswoord dat al sal ook 'n moeder haar suigeling vergeet, die Here sal my nie vergeet nie.

Hier dan die ruspunt van my siel by al die storms van die lewe en by al die beproewings in de strydperk. Met my God spring ek oor 'n muur en met Hom stap ek deur 'n vuur.

Hierdie aanspraak laat die goedheid van God, groot voor ons oprys en menslike magte klein wegsink. Hierdie aanspraak laat die almag van God skitter teenoor die magteloosheid van die wêreldmagte: "Onse Vader wat in die hemel is ... " Hoe heerlik

dat ons so kan bid.

Mag ons dan in ons gebedslewe waarlik kinders wees van die hemelse Vader. Mag ons waarlik priesters wees, mag ons waarlik bidders wees, wat as alles rus in donkerheid, die priesterlike hande ophef tot ons Vader met die woorde: Onse Vader, wat in die hemele is

...

Amen.

SONDAG 47.

LAAT U NAAM GEHEILIG WORD

Lees: Ps. 115.

Sing: Ps. 97:6 en 7; Ps. 71:12 en 14; Ps. 72:11.

Ons hele dankbaarheidslewe as kinders van God, word deur ons Here Jesus Christus saamgevat in die bekende woorde in Matth. 27:37-40: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel en met jou hele verstand en met jou hele krag. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede, wat hieraan gelykstaan is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Ons dankbaarheidslewe kom tot openbaring in **wederliefde** tot God en hierdie wederliefde is die vrug, die gevolg, de resultaat van die ewige liefde waarmee God ons liefgehad het. Hierdie liefde van Hom het Hy geopenbaar in ons Here Jesus Christus en word ons deel deur die kragtige werkinge van die Heilige Gees.

Hierdie wederliefde wat in ons gewerk word deur die Heilige Gees laat ons bid. Dit vind ons so treffend uitgebeeld in die Hooglied van Salomo, waarin die ware liefdes-openbaring so sterk tot uiting kom as die Bruid die heerlijkheid van die Bruidegom besing. Daar verklaar sy dat sy krank is van liefde (hoofstuk 5:8). Hierdie suiwere, egte wederliefde stel dan ook die geliefde voor en bo alles en volg die bruidegom blindelings. Hierdie algehele oorgegewe liefde word ons ook so mooi geteken in Jer. 2:2 met die volgende woord: "So spreek die HERE: Ek onthou die geneentheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd, toe jy agter My aangeloop het in die woestyn, in 'n onbesaaide land".

Hier het ons die antwoord van die wederliefde, 'n antwoord nie maar net in woorde nie, maar 'n antwoord in **dade**, 'n antwoord in totale oorgawe en toewyding.

As die liefde of wederliefde eg is, dan kan niks dit keer en niks kan die pad versper nie.

Hierdie liefde laat dan ook die kind van God altyd blymoedig jubel:

Niks sal my van U liefde skei,

Wat ewig vas in Christus bly.

Dit is hierdie wederliefde van die kind van die Here, die antwoord op die ewige liefde van God, wat dring tot die eerste bede van die volmaakte gebed: "Laat U Naam geheilig word."

As die ware, die hooggestemde liefde ontbreek, dan kan hierdie bede ook nie werklik gebid word nie. Dit mag nog wel op die lippe geneem word maar dan spreek die hart nie meer saam nie en is dit dan nog waar of is dit dan huigelry? Nee, alleen die werklike liefde dring ons om die eer van ons God voor en bo alles te stel.

Ons moet daarop let dat dit die **eerste** en ons sou dus ook kan sê die **vernaamste** bede is wat Christus ons op die lippe lê in die volmaakte gebed, waarin daar dan ook 'n opvallende orde gevind word.

Allereers kry ons die heerlike geloofs- en liefdestaal in die aanhef: "Onse Vader, wat in die hemele is ...". Daarna volg die drie bedes waarin God vooropgaan, soos duidelik blyk uit die woordjie: "U". Dan volg die drie bedes met die woordjie "ons", terwyl die gebed eindig in die hooggestemde lofverheffing: "Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlijkheid, tot in ewigheid."

Op hierdie orde wat Christus gestel het, moet gelet word by ons gebedslewe. Veral in ons gebed mag daar geen ordeloosheid of slordigheid gevind word nie, want ons spreek tot God, die Heer van alle Here en Koning van alle konings.

Vervolgens moet dit baie sterk beklemtoon word dat dit 'n **bede** is en nie 'n verklaring of 'n uitroep nie. Ook is dit hier nie 'n betuiging van berusting nie. Nee, ons bid en wel uit

die diepste van ons hart en ons pleit vir die heiliging van die Naam van die Here. Dus heeltemal iets anders as wat ons soms kry by doodsberigte.

Waar dit dan die grootste en innigste begeerte van ons hart en lewe is dat die Naam van die Here geheilig moet word, maar ons elke dag ervaar en ondervind dat ons so ver tekortsiet om dit werklik te doen, bid ons tot God vir:

(a) die regte lewenshouding by onself;

(b) die regte lewensdoel by onself.

Dit gaan by die gebed om die heiliging van die Naam van die Here deur **mense**. Die engele doen dit terwyl die diere dit nie bewus kan doen nie. Verder pas die bede slegs op aarde waar geworstel word met die sonde, die wêreld en Satan, want in die ewigheid, in die nuwe hemel en op die nuwe aarde sal dit 'n vanselfsheid wees, 'n altyddurende taak wat volkome en met vreugde en liefde volbring sal word.

Tereg sê die kategismusmeester voorop dat die inhoud allereers is: gee dat ons U reg ken.

Met hierdie woorde word maar net weergegee wat ons Here Jesus Christus sê in Joh. 17:3: "Dit is die ewige lewe dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." In hierdie hoofstuk gaan dit immers besonder om die heiliging van die Naam van die Here.

Waar Jesus weet dat ons kennis so min is en ons as gevolg daarvan so ver tekortsiet in die liefdesroeping om die Naam van onse God te heilig, daar word hierdie bede ons op die lippe gelê, en waar ons die tekort elke dag by ons vind, daar smee ons dus met die aangehaalde bede, om kennis, regte suiwer kennis, sodat ons die regte lewenshouding kan besit en kan openbaar.

Deur "Naam" word hier saamgevat die hele openbaring van God in die skepping en herskepping. Voorts die gedagte: gee dat ons U in al u werke, waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, **mag heilig, roem en prys**.

Ons wil u nou die vraag stel, of ons wel onself daarin beoefen. Gaan dit by ons wel werklik om die vermeerdering van ons kennis van God. Hoe sien u die skepping? Sien u daarin God, en roem, heilig en prys u Hom op grond van die openbaring van Hom in die skepping? Ons vrees dat ons menigmaal met materialistiese, stoflike oë die skepping bekijk. Net die vraag: wat kan ons uit die skepping haal. Hoeveel geld kan ons maak. Is dit goed vir die of die doel? Vir eie gewin is ons dikwels bereid om selfs die skepping te verwoes. Om God te sien in sy skepping, is die roeping van die kind van God. Sy handewerk bewonder en daarvan sing en jubel. In die wolke en sterre, in die bosse en berge, in die gras en blomme. Maar saam hiermee gaan die vraag: watter gebruik maak ek van die Skrif? Lees en bepeins ek dit wel? Wat lees ons die meeste? Die gereeldste? Is dit die Bybel, of die markberigte en politieke nuus. Watter boeke geniet my belangstelling? Watter werke word in my boekrak gevind? Hoeveel godsdienstige werke staan daar op u rak? Ons vra u, gaan dit 'n bietjie tel en vergelyk dit met die ander getal!

Maar verder, watter gebruik maak u van die kerk? Soek u wel ywerig die bediening van die Woord van God vir uself? Stel u belang in die verklaring van die Skrif. of verkies u ook al net so 'n gemoedlike woordjie? Baie is daar in ons tyd wat nie meer die Bybel wil hoor nie, maar net so 'n paar stukkies en die groot geheel lê ongebruik. Vir hoe baie is die Ou Testament reeds uitgedien? Is ons gereeld in ons kerkbesoek, veral gesien die moderne geriewe van vervoer. Ook hier geld tog dat onbekend, onbeminde maak. Hoe kan ons God werklik liefhê as ons Hom nie reg ken nie?

Ons het gesê dat dit gaan om ons **lewenshouding**.

As die reg is, en as ek Hom reg ken, dan moet my lewe so wees dat Hy deur my handel en wandel, deur my woord en daad, deur my gedagte en werke geheilig word en nie

alleen deur myself nie, maar my optrede moet so wees dat ook ander so optree. Uit my lewenshouding moet dit dan duidelik blyk, en moet gesien word dat God eerste en alles is en ek sy dienskneg of diensmaagd.

Ons vra of dit wel so is in u lewe. Waarvoor bid ons gewoonlik? Tereg sê 'n skrywer (en u sal wel met hom saamstem) vir myself, my vrou, my kinders, my familie, vir gesondheid, vir reën, gesaaides, vir alles ... behalwe vir die eer van sy Naam. Daar is so baie wat by ons swaarder weeg as sy Naam en eer. Noem maar weer op: ons daelikse brood, vreugde, vryheid, voorspoed, gesin, vriende, gesondheid. Om dit sterk te stel: hoeveel van ons is bereid om te bid dat die Here ons krank moet maak of siek moet laat bly as dit tot heiliging van sy Naam kan strek.

Dit bring ons tot die tweede gedagte, nl. ons **lewensdoel**.

Die mens tog is geskape na die beeld van God en met die doel en bestemming om sy Skepper te verheerlik. Deur die sondeval het net die teenoorgestelde gebeur. Die mens het in opstand teen God gekom en soek nie meer die verheerliking van die Skepper nie. Nee, nou soek hy homself en wil alles in sy diens stel, tot selfs God die Here.

Wedergeboorte en bekering bring egter weer die oorspronklike doel terug deurdat die Heilige Gees nou weer in die begenadigde gaan woon en hom lei en sy lewe rig en stuur. Nou leef ek weer op die vaste doel af. Ek gaan weer word wat ek oorspronklik was: dienskneg van God, mens tot eer van God in my lewe.

Die Kategismus gebruik hier besonder treffende woorde om die lewensdoel te beklemtoon. Hy praat van "skik en rig". Die woorde moet in verband met die boogskutter gebring word wat aanlê, korrel, sy pyl op sy vinger laat rus en dit nou so rig en skik dat hy sy doel presies kan tref. Dink maar in ons tyd aan die skut op die skietbaan wat sy visier stel volgens warmte, wind, lugspieëling, afstand ensovoorts, dan die geweer reg vasvat en alles so skik en rig om die kol te tref. Ja, self sy hele liggaam en sy houding, alles moet help om die doel te tref.

By hierdie bede is dit baie duidelik wat die doel vir my lewe is. Dit gaan om die heiliging van die Naam van die Here. Nou bid ek dat ek ook sal doen soos die boogskiet, of soos die man wat skyfskiet, en wel dat ek alles in die werk sal stel om die doel te tref. My gees en liggaam, met die grootste nougesetheid en akkuraatheid, met die grootste oplettheid en onderskeiding. Alles saamspan en alles stel en rig om die hoë doelwit te tref: die eer en verheerliking van God Drie-enig. Leef en werk ons wel so, of is dit dikwels die teenoorgestelde? U weet dat daar meermale van Christene gesê word: "Hulle knyp die kat in die donker." En al is dit nie altyd waar nie, kan dit soms nie ontken word nie. Dan wanneer belydenis en lewe in teësprak met mekaar is, is dit waar. Dan wanneer die lewe nie gerig en geskik word om slegs een doel te tref nie. En hoeveel kwaad word daar nie deur so 'n lewenswandel aan die kerk en koninkryk van God gedoen nie, maar veral hoeveel smaad die Naam van ons hemelse Vader. Waarom word die Christen vandag so dikwels oor een kam geskeer met die ongelowige? Is dit omdat sy lewe geskik en gerig word op die heiliging van die Naam van God, of juis omdat dit nie geskied nie? Hoe dikwels kom dit nie voor nie dat 'n christen se lewe egoïsties, haatlik of bedrieglik is.

Die woorde skik en rig, laat die klem daarop val dat daar vir die regte bidder ook baie **werk** is. Watter geweldige taak, daelikse taak, om altyd my lewe te skik en te rig en wel so dat daardeur die Naam van die Here geheilig word.

Ons neem aan dat u as gelowige wel bid dat God u aktief moet maak. Ons neem aan dat u bid en vurig bid vir die Heilige Gees en ons het die belofte dat die Vader dit sal gee aan elkeen wat Hom daarom bid, maar dan moet ons die Gees ook nie bedroef nie, maar werklik ons lewe skik en rig. Wat doen u as die Naam van u Vader gelaster word? Ons weet dat 'n kind en veral die naturelle dadelik in geweldige verset kom as sy vader gesmaad word. Hoe dikwels word hulle nie blind van woede nie. Maar nou, u en ek? Wat doen ons as ons hemelse Vader se Naam gelaster en gesmaad word?

Daarom, broeder en suster, laat ons uit drang van wederliefde uit die diepte van ons hart bid vir die heiliging van die Naam van die Here, maar tegelyk die gange van onse God naspeur in die pragtige natuur, in die geskiedenis ook van ons volk, in die Bybel, en laat ons die voetstappe van ons Here Jesus Christus navolg op die pad van die heiliging van die Naam van onse Vader. Aktief, altyd aktief.

O God, help my, gee my krag en sterkte, moed en volharding om U Naam te heilig!

Amen.

SONDAG 48.

LAAT U KONINKRYK KOM!

Lees: Ps. 145 of 72.

Sing: Pss. 89:1; 45:14-16; 72:2 en 10.

U is begenadigdes, gelowiges, en as gelowiges in Jesus Christus is u kinders van die koninkryk van God. Koningskinders! U Vader is Koning en u sal sy Koninkryk beërwe. God u Vader oefen egter sy koningskap uit deur sy Seun, Jesus Christus, en die lê u op die lippe die bede: **laat U koninkryk kom.** Ook hierdie bede is die vrug van wederliefde van die kinders van die Vader.

In die bede lê die gedagte opgesluit, waar gebid word dat die koninkryk moet kom, dat dit die plek van 'n ander koninkryk moet inneem en ons weet dat dit die koninkryk van die wêreld is. Satan maak dan ook asof al die koninkryke aan hom behoort. Dink maar net aan die versoeking in die woestyn (Matth. 4:8 en 9). Dit is nie nodig om te wys hoe geweldig die vyandskap teen die Koninkryk van God is nie. Hierdeur kom daar stryd en worsteling wat sy hoogtepunt bereik in die optrede van die Antichris. In die koninkryk van God is u nie alleen kinders nie, maar ook soldate. En waar God sy koningskap deur Jesus Christus uitvoer, daar roep Jesus as ons Owerste Leidsman en Voleinder van die geloof ons op tot stryd. Christus mobiliseer sy magte.

Waar dan die eerste bede gehandel het oor God self, oor die verheerliking van sy Naam, daar sluit die tweede daarby aan, want deur die koms van sy koninkryk geskied ook weer die heiliging van sy Naam. Maar ons kom nou op 'n breër terrein. Uit die paleis van heerlikheid, uit die tent van sy eer gaan ons na die ryk van sy heerlikheid waar Hy sy heerskappy laat uitoefen, en deur wederliefde gedrewe bid nou die onderdaan van die Koning dat sy ryk spoedig in sy volheid mag kom. Dus ook 'n bede waarin daar gebid word vir die spoedige wederkoms van ons Here Jesus Christus wanneer sy Ryk in volkomenheid en alle vyandige magte vernietig sal wees.

In hierdie koninkryk gaan dit in die eerste plek om die heerlikheid van die Koning self, en nou word Hy nie eerste gesien as Vader nie en ons sy kinders nie, maar as Koning en ons onderdane, soldate wat optrek in die leërmagte van onse Koning. Dit plaas ons dan dadelik in die volle lewe met 'n besondere roeping. As soldate moet ons bereid wees om in die stryd te staan en alles op te offer wat van ons gevra word, ja, ons lewe op die altaar lê. Ons mag ons nie uit die leërmagte terugtrek nie. Ek mag nie vir myself 'n veilige skuilplekkie in die Vaderhuis gaan soek nie. Ek mag nie die houding inneem wat die stam van Ruben ingeneem het nie, in die dae van Debora, toe Israel in 'n magtige worsteling met die vyande van die koninkryk gewikkel was, maar Ruben rustig by die skaapkrale bly sit het om te geniet van die geblêr van die skape en die gebulk van die beeste, en om te geniet van die fluitspel van die wagtters as hulle in die aand met die vee huiswaarts keer.

Dit is wat ons maar al te graag wil doen. Hoe maklik draai ons ons uit ons roeping om in die slagordes te staan. O ja, ons praat baie vroom net soos Ruben; ons het baie goeie voornemens, maar verder kom dit nie. Ons bly in eie belang maar doodstil sit, terwyl die leer van Christus in 'n stryd op lewe en dood gewikkel is.

Met hierdie bede word ons, ons kragte, goedere, offers, ons alles opgekommandeer vir die koninkryk van God. In hierdie gebed lê die geheim van die oorwinning op die slagveld. Gedryf deur wederliefde tot God getuig ons:

Ek bied U hart en hande
in willige offerande—
al wat ek is en het ...

'n Bede wat nie maar net voor die een of ander veldslag gebid moet word nie, maar aanhoudend, tot die einde van ons lewe, tot ons doodsmoment toe, tot ons oorplasing in ewige triomf. Ja, ons moet so optree dat ons met die apostel Paulus kan verklaar: "Ek

het die goeie stryd gestry ..."

Hier op aarde bly die kerk 'n strydende kerk vir die koninkryk en elkeen wat hom aan die kerk onttrek, verswak die leërmagte en tree as verraaier op.

Om die inhoud van die bede beter te verstaan en sodoende ook met meer erns te bid moet ons aan die hand van die kategismus let op:

1. dat dit 'n bede is vir myself (regeer my ... onderwerp);
2. 'n bede is vir die kerk (bewaar en vermeerder u kerk);
3. 'n bede vir die vernietiging van die werke van Satan.

Die eerste gedagte dan is dat ek self 'n beter onderdaan van die koninkryk mag word. Vervolgens, waar die ryk deur die kerk hier op aarde gebou word dat die kerk mag groei en bloei en eindelik, waar Satan met sy magte probeer om die vooruitgang van die ryk teë te hou en te vernietig, dat sy poginge en werke vernietig mag word.

As hierdie koninkryk van God dieper wortel in ons harte skiet, as die kerk die koninkryk kragtiger voortplant en as die teëstand van die Bose meer gebreek word, dan, maar ook dan alleen, is al die voorwaardes vervul wat die koms van die ryk in sy volkommenheid waarborg.

Daarvoor bid die kind van die Here met die woorde: "laat U koninkryk kom." Dit begeer hy; dit verlang hy en juig as dit kom en treur as dit wegbly.

Met die bede begin ek dan by myself. Ek weet dat my hemelse Vader gewillige kinders verlang en gewillige onderdane. Mense wat nie soos huurling-soldate optree nie, maar soos burgers wat alles in die stryd werp uit liefde. As ek egter myself ken, dan weet ek maar alte goed hoe ver ek tekortsiet. Hoe dikwels ontbreek daar by my die ywer en liefde vir die ryk, om nie eens te praat van die gesindheid wat menigmaal in my binneste vierkant teen die belange van die koninkryk aanwesig is nie. Ek staan dikwels selfs in die pad van die koninkryk. Dit moet dus by myself eers reg kom. Ek self is so 'n slegte onderdaan. Ek self is dikwels soos 'n verraaier. Ek self is gedurig onwillig en sonder werklike liefde vir die koninkryk. En as ek nou myself so sien, dan neem ek toevlug na my almagtige God om Hom af te bid dat sy koninkryk in my mag deurdring en uitbrei en dit deur die kerk en ten spyte van alle magte van Satan.

Voel u nie ook die behoefte aan liefde of meer liefde vir die ryk nie. Besef u wel die gebrek aan algehele gehoorsaamheid. Bedroef u gesindheid van u eie hart u nie gedurig nie. Sien u wel u aanhoudende onwilligheid raak?

Die kategismus sê so raak: "Regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp."

Watter stryd nog by die begenadigde, by die kind van God. Die sonde se karakter is juis opstand teen God, is juis ongehoorsaamheid aan God, is eie belang, egoïsme, is rewolusionêr. Elkeen wat deur die Gees van God aangegryp word, het nie nog tyd om met die vinger na sy buurman te wys nie, maar worstel met sy eie slegtheid. O, ek sien hoe ver ek tekortsiet in my roeping om die dinge te soek wat bo is en nie wat op die aarde is nie. Ek mag wel bereid wees om 'n bietjie vir die Here te lewe, maar die grootste deel van die lewe eis ek tog geheel en al vir myself en my belange op. Laat ek maar eerlik erken dat dit gewoonweg in die lewe by my gaan om myself, nie die koninkryk van my God nie.

U sal nou wel voel dat die bede nie gebed kan word deur 'n persoon wat vyandig teenoor die koninkryk staan nie, selfs nie deur iemand wat onverskillige houding inneem nie. Daar kan dit nooit die taal van die hart wees nie, nooit uit liefdedrang voortkom nie. Nee, die bede word gepeper uit 'n hart wat die worsteling en stryd tussen die oue en nuwe mens ken en ervaar. Wat elke keer maar weer vind dat as ek die goeie wil die kwaad my bylê. Dus 'n gebed vir die oorwinning van die nuwe mens oor die oue. Dink maar aan dieselfde stryd wat die apostel Paulus ondervind het. Elke keer betrap ek myself dat ek

koning wil wees. Die sondaarmens is maar altyd besig om vir homself 'n Babel te bou, en hiervoor sal hy selfs die middele van die koninkryk van die hemele gebruik. Dit is die klag deur die eeue heen by die kinders van God. Gedurig eiewillig in plaas van vrywillig. Ek bid vir die koms van die ryk en breek dit moedswillig af. Dink ons wel genoeg daaraan dat dit 'n bede is om deur God regeer te word? Deur sy Woord en Gees. Begeer ek dit wel werklik of verkies ek om self aan die stuurwiel te sit, self die leisels in die hande te neem. Laat ons maar 'n paar praktiese voorbeelde noem. Hoe dikwels hoor ons sê: ek gaan kerk toe as ek wil. Ek gee vir die kerk soos ek wil en soveel as wat ek wil en waarvoor ek wil. Maar u weet ook dat dit dikwels voorkom dat as ek nie my sin kry nie, dan probeer ek om die kerk te vermaak deur weg te bly, te boikot en nie bydrae te gee nie en die kerk of sy ampsdraers swart te smeer. Maar u voel tog dat dan die bede op die lippe 'n leuen, huigelary is.

2. Bewaar en vermeerder u kerk.

In ons tyd staan die kerk by baie mense nie meer hoog nie. Dit word nie meer gesien as "ons allermoeder" nie (Galate 4:26). So baie dinge staan ver bo die kerk en die kerk word meer en meer in 'n hoek geskuif. Nie deur die wêreld nie, maar deur die lidmate van die kerk. Iemand het gesê dat die stellings om die kerk so baie is dat ons die kerk nie meer sien nie. Hierin lê daar 'n groot waarheid. Vir die mens is die dinge wat hy self in die lewe roep baie mooier as wat God in die lewe stel. Ons vergeet te veel dat God juis die kerk gegee het om ons geloof te werk en aan die kerk die middels om ook ons geloof te versterk. 'n Instelling van God (Gal. 4:26) vir ons geestelike belange, ons allermoeder. In die kerk het die Here sy Heilige Gees uitgestort, en die bly daar tot in ewigheid. Die kerk is die strydende leërmag vir die koninkryk van God, met 'n roeping op alle terreine en om oral sy lig te laat skyn, om te wees soos 'n stad op 'n berg.

Hier word nou gebid dat God sy kerk sal beskerm teen inwendige en uitwendige gevare. Aan die een kant teen wêreldgelykvormigheid en aan die ander kant teen verdrukking en vervolging. Aan die een kant teen ontrou aan die roeping en aan die ander kant teen verseurdheid, teen insinking en oppervlakkigheid, teen eiegeregtigheid en ongeloof.

Vermeerder U kerk. Ook by die kerk geld dat stilstand die dood is. Die kerk moet sy volheid bereik en dan is dit ook die oomblik van die wederkoms van Christus, ons Koning. Intussen moet die kerk groei en vermeerder. Hier 'n bede dat die kerk mag uitbrei oor die lengte en breedte van die aarde. Mag uitbrei in die diepte van die geestelike lewe. Dat die gelowiges self in genade mag groei en toeneem en met vrymoedigheid die banier van Jesus Christus mag uitdra en vertoon aan diegene wat verval het van die evangelie en losgewikkel is van die geloof. Die lidmate van die kerk het hier 'n dure roeping om getuies te wees van die genade van God en getuienis te gee. Maar dan verder die blye boodskap oor die ganse wêreld te laat weerklink. Sending is die groot taak van die kerk en watter geweldige veld lê daar in ons land braak. Ons bid hier dat ons roepingsbewus draers van die Evangelie in die heidenwêreld sal wees, draers teenoor ons bediendes met wie ons elke dag in aanraking kom, draers na die heidene in ons omgewing, draers na die massas in die reserwes. Suid-Afrika lê hier, nee, God wat ons hier geplaas het, lê op ons 'n grootse taak. Aan duisende moet die Evangelie gebring word. Ja, laat ons onthou dat die ganse aarde eers vol móet word van sy kennis voordat Christus op die wolke terug sal kom. As ons vertraag dan vertraag ons sy koms.

Vir die magtige taak dra ons, nadat ons onself aan God opgedra het, sy kerk op. Ons bid vir "ons aller-moeder" (Gal. 4:26).

3. Vernietig die werke van Satan.

Teenoor die koninkryk van God staan Satan. Teenoor Jerusalem bou hy sy Babel wat hy versier met allerlei sierade om die mens van die ryk van God weg te trek. Teenoor die kerk kry ons die valse kerk, teenoor die ware toegewyde godsdiens die skyn-godsdiens.

So baie word die geroep gehoor: die kerk is te eng, te streng, te bekrompe. Die mens wil 'n terrein wat breed, baie breed is, waar wêreld en kerk kan saamgaan. So wil die mens dit dat die wêreldling hom nie stoot nie en nie stamp nie. Daar is soveel bouse planne wat

beraam word teen die heilige Woord van God. Nie net deur ongelowiges nie. Nie net skrifkritiek nie, maar ons eie optrede skeur dikwels stukke uit die Bybel uit en dan praat ons van ander. Ons lê groot dele van die Bybel eenkant en praat dan nog baie vroom. Ons weier om te buig en skel dan op ander. Laat ons ons nie dikwels gebruik vir bose planne teen die Woord van God nie? Juis omdat ons die mag van die vyand ken, bid ons dat God Satan se mag sal verbreek en vir die volkomenheid van sy ryk waarin God sal wees alles en in almal. So word ons gebed 'n bede vir die wederkoms van Christus. Dit is die eindpunt van die gebed vir die koninkryk waarna ons uitsien en verlang.

Laat U koninkryk kom. Met hierdie bede dra ek myself op aan my God, sy Kerk en die voltooiing (wederkoms) op aan my God, in die volle besef dat God deur my sy kerk bou en deur sy kerk die wederkoms van Christus laat kom en Satan se mag breek, want Christus staan as Veldheer aan die hoof van sy kerk. O, bid dan gedurig: "Laat u koninkryk kom."

Amen.

SONDAG 49.

LAAT U WIL GESKIED

Lees: Matth. 26:36-46.

Sing: Pss. 131:1 en 2; 86:6; Onse Vader: 1 en 2 [Sb. 28:1, 2].

Met hierdie bede het ons gekom tot die laaste van die eerste drietal van die volmaakte gebed, die **Onse Vader**.

In die eerste bede 'n gebed vir die eer en heiliging van die Naam van die Here. In die tweede 'n gebed vir die uitbreiding van Sy koninkryk. In die derde 'n gebed dat die wil van die Here moet geskied.

Alle klem moet gelê word op die feit dat dit 'n **bede** is en nie 'n verklaring waarmee betuig word dat ons berus in 'n noodwendigheid nie. Nee, dit is 'n bede dat ons met eie hart en hand, met handel en wandel die wil van God sal doen. 'n Bede dus dat God wat in ons werk om te wil en te werk na sy welbehag, sal gee dat ons aan sy eise sal voldoen in ons roeping.

Dit blyk duidelik in die woorde: "soos in die hemel net so ook op die aarde." 'n Gebed om gehoorsaamheid, 'n gebed om my lewe in te rig volgens die wil van God.

Hier word nou gespreek van die **wil** van God. Hoe moet ons dit verstaan? Daar kan gespreek word van die verborge wil van God asook van sy geopenbaarde wil. Die bede sien wel op beide, maar laat ons tog onthou dat ons vir ons roeping die wil van God ken uit sy Woord, en vir sover as wat Hy sy wil aan ons in sy Woord geopenbaar het dit genoegsaam is om te weet hoe ons moet lewe. Die groot eis is dan dat ek sy geopenbaarde wil moet **gehoorsaam** en in sy verborge wil moet berus. Wat die laaste betref, bestaan daar al dadelik so 'n groot gevaar. Die mens, selfs die gelowige is so nuuskierig en wil so graag die dinge weet wat nie aan ons geopenbaar is nie. Hoe baie is daar wat tog so graag wil weet wat in die toekoms met hom sal gebeur. Vir die doel word gegryp na voorspellinge, fortuinvertellery, waarsêery, en dergelike dinge. Die toekoms is vir ons verberg wat betref ons lewensloop, en daarvoor kan ons God nooit genoeg dank nie. Ook is dit sy wil dat ons nie in die gebeurtenisse van die toekoms sal in sien nie, maar in algehele vertroue ons hele lewe aan Hom sal toevertrou. Sy woord toon duidelik en verseker ons dat daar geen toeval of geluk of noodlot is nie, maar dat alles van sy Vaderhand ons toebedeel word en wel ons ten goede. Dit is volkome waar dat ons dikwels nie die doel en betekenis daarvan vir ons lewe kan sien en begryp nie. Dit is ook waar dat as dit donker word in ons lewe en die swart wolke saampak ons geneig is om te vra, maar waarom, en waarom ek en waarom nou en so. As ons in swaar siekte verkeer, as die dood 'n dierbare wegruk, as geweldige slae ons ineen laat krimp, dan weet u wel dat dit nie so maklik gaan om in stille berusting voort te gaan nie en om gewillig te aanvaar wat God oor ons laat kom nie. Daar is genade toe nodig om dit werklik te aanvaar as die wil van God.

Maar, geliefdes, hierdie gebed wat Jesus ons op die lippe lê se doel is nie om vir berusting te bid nie. Nie 'n bede om niks te doen nie; inteendeel, dit is 'n gebed om aktiwiteit, om medewerkers van God te wees. Laat hier steeds voor u staan ons Here Jesus Christus waar Hy in Getsemané bid vir die krag om aktief die wil van God, sy Vader, te volbring. So aktief dat Hy die bende wat kom om Hom gevange te neem, tegemoet loop en Homself aanbied en sê: "Hier is Ek." As God dan ook sy wil sonder ons sou uitvoer, dan pas die bede glad nie en kan daar alleen sprake wees van berusting. Maar nou het God sy wil aan ons bekend gemaak en wel met die doel dat ons dit moet volbring en uitvoer, en waar ons nou dadelik ons swakheid en tekortkominge aanvoel, gaan ons na ons hemelse Vader en bid van Hom: "staan my by, help my deur U genade, o God, dat ek U wil gewillig en aktief sal volbring soos die engele in die hemel dit doen."

Hier kom nog by dat ons glad te veel die houding inneem dat ons nie weet wat die wil van God is nie. Niemand van ons tog het nodig om te raai wat God van ons eis nie. Ons

het sy Woord en sy Wet en daarin staan dit duidelik geteken. Waaraan ons gebrek het, is nie aan kennis nie, maar aan gehoorsaamheid, aan onderwerping. Ons wil toegee dat daar omstandighede mag kom waar dit vir ons moeilik gaan om die wil van God te ken, maar tereg sê iemand dat in die meeste gevalle dit "vroom bedrog" is, bv. wanneer ons die Skrif met allerlei argumente probeer ombuig sodat ons in werklikheid verby kan skuif by die wil van God. Die sondige aard in ons bring maar altyd mee dat ons in verzet kom met die wil van God. Daar is gewoonlik ook baie meer **onwil** as wat dit **onmag** is in ons optrede. Daar ontbreek die gees van "gewillig" wees. Laat ons maar 'n voorbeeld noem. As die Here tot ons kom en iemand wat vir ons baie dierbaar is deur die dood wegneem, dan kan ons wel 'n houding van lydelikheid inneem. Ons kan tog niks daarteen doen nie, 'n mens moet maar berus, of ons kan daartoe kom dat ons bereid en gewillig is om **af te gee**, soos Abraham sy seun Isak aan God afgegee het en hom self na die offerberg en altaar geneem het. As die dood kom, praat ons wel van **afgee**, maar is dit nie in baie gevalle 'n saak dat van ons afgeneem word terwyl ons in werklikheid in opstand verkeer nie. Hoe ver is ons dikwels nog van die eis om met lus sy wil te volbring, gewillig soos die engele in die hemel dit doen.

Laat ons tog goed besef dat God ons stel as medewerkers en sy wil deur ons gedoen moet word. Waar ek nou elke dag besef hoe ver ek tekortsiet in my roeping en plig, daar laat Jesus my nou bid: Vader gee my die krag en lus om U wil te doen en wel net so gewillig as die engele in die hemel u wil volbring." Maar laat ons nou ook onself afvra of ons wel bereid is om die konsekwensies van ons gebed te aanvaar. As dit nie die geval is nie, dan is ons gebed 'n leuen. Besef ons wel genoeg dat hierdie bede teen ons self ingaan? Dat ek bid dat nie **my wil** nie maar die van my hemelse Vader, moet geskied. En terwyl ek bid, wil ek tog maar my eie wil deurdryf. Daarom moet ek goed verstaan wat die inhoud is as ek bid: "laat U wil geskied." Ek bid dan dat my egoïsme verbreek moet word, dat my ou mens en eie wil moet ondergaan en verbreek moet word, dat my wil moet verdwyn en die wil van God moet skyn. Maar wat doen die mens nou? Hy gaan 'n kompromis sluit soos Bileam. Sy eie wil wil hy verbind met die van God. Hy gaan skyn vroom dwing om tog sy wil deur te voer.

Om werklik te beantwoord aan ons roeping vestig Jesus nou ons oë op engele. Ons lewe moet die voorbeeld van die engele volg. Ons lewe moet volgens die reëls van die hemel geleef word... Kyk na die engele", sê Jesus. Deurdat ons dit nie doen nie, verarm ons geestelike lewe. Dit word hol en leeg. Ons oë is glad te min op die engele gevestig. Hulle tog is daar en leef en doen die wil van God. Gedienslike geeste wat uitgestuur word in belang van diegene wat die saligheid sal beërwe. Dit is hulle lus en liefde om die wil van God te doen. Nou laat Jesus my bid dat my lewe hulle voorbeeld sal volg. Dit is my roeping of taak elke dag van my lewe. Dit gaan dus oor my daelikse roeping waarin ek die voorbeeld van die engele moet navolg. Soos iemand dit gestel het: die kerk in my daelikse klere, die kerk in die week. Ons kan dit kort weergee deur te stel dat ek altyd en oral my as Christen moet openbaar. Dit moet gewillig geskied. Hoe doen ek my plig en roeping in my huis, skool, kerk, werkplek. Hoe dikwels word my plig ontduik. Hoe dikwels word daar in ons daelikse roeping gesien dat ek 'n ander mens is, 'n mens wat die voorbeeld van die engele volg? Word dit gesien dat ek nie nukkerig, lui, nalatig, selfsugtig of eiewillig is nie? Word daar van u gesê dat 'n mens kan sien dat u 'n Christen is deur die wyse waarop u u werk doen. Klink dit: hy is getrou en vind werklik vreugde in sy werk. Hy doen alles met lus en liefde met volle toewyding. Hy is 'n persoon op wie jy kan reken en staatmaak.

'n Christen moet 'n getrouer werksman wees as 'n ongelowige. 'n Christen mag nie 'n dagdief wees of 'n persoon wat sy werk afskeep of knoeiwerk doen nie. Laat ons onthou dat ons rekenskap sal gee van die wyse waarop ons ons daelikse roeping volbring. As ons bid: "laat U wil geskied", dan moet ons dit ook doen! **"Getrou en gewillig"** soos die engele in die hemel. Daar is u voorbeeld. En kom ons tot die praktyk van die lewe, hoeveel klagte oor nalatigheid, luiheid, ongehoorsaamheid en selfs verzet. Hoeveel murmureer oor hulle werk wat hulle moet doen. U voel dat die bede gedurig op die lippe geneem moet word: "o Here, maak my getrou". Maar ook 'n bede om gewillig te wees.

"Ja, gee my tog die gemoedsgesteldheid, dat ek dit met lus en liefde sal doen."

Hier word egter ook gebid vir ander mense. Gee dat **ons en alle mense** ... 'n Bede dus vir die vernuwing van die hele mensheid. Alle mense is tog op aarde geplaas om die wil van God te doen. Om dit te kan doen, moet hulle herbore word en onder die leiding van die Heilige Gees kom en daarvoor word ook gebid.

So word dit ook 'n bede vir die koms van die nuwe hemel en die nuwe aarde waar volkome gehoorsaamheid gevind sal word en waar dit die verlose mensheid se lus en liefde sal wees om die wil van God te doen. Sal ons wel daar tuis wees as ons kyk na die wyse waarop ons hier in ons roeping optree? Laat ons tog goed verstaan dat hierdie lewe slegs 'n voorbereiding is vir die toekomstige.

Mag ons liefde dan steeds sterker word, ons roepingsbewustheid steeds groter, ons besef van eie swakheid steeds duideliker ons bede om die wil van onse Vader te doen steeds inniger en ons verlange na die dag wanneer ons in volkommenheid ons roeping sal volbring steeds vuriger.

O God, gee my en alle mense tog genade dat ons U wil wat alleen goed is, elke dag en elke oomblik mag doen net so gewillig en getrou as wat die engele in die hemel dit doen. Maak my hiertoe tog as U kind werklik gehoorsaam.

Amen.

SONDAG 50.

ONS DAELIKSE BROOD

Lees: Matth. 6:19-34 of Ps. 104.

Sing: Pss. 128:1 en 3, 136:25, 26, Gebed van die Here: 5 [? Sb. 28:3].

God het die mens geskape na liggaam en siel, sowel vir die tyd as vir die ewigheid, en nou leer Christus ons om vir die behoeftes van altwee te bid. Oor al twee tog gaan die Voorsienigheid van God en oor al twee sy seëninge, en God wil dat ons Hom daarvoor sal bid.

Die bede vir wat ons nodig het, kom eers na die bede vir onse Vader. Eers word gebid vir die heiliging van sy Naam, dan die koms van sy Koninkryk en dat sy wil mag geskied. Eerste, ons liefde vir Hom, ook voor ons eie nooddruf. Maar dadelik daarna lê Christus ons die bede vir die liggaamlike nooddruf op die lippe, 'n bede wat kom uit die hart van die kind van die hemelse Vader van wie hy getuig: "Die HERE is my herder, niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in grasryke weivelde, na waters waar daar rus is, lei Hy my heen. My beker loop oor. " En in Ps. 111 jubel die digter: "Die HERE is genadig en barmhartig, en aan die wat Hom vrees, het Hy spyse gegee."

Watter volheid van liefde in die versorging van die volk van God word ons hier toegesê.

Maar ons weet ook dat die sonde veroorsaak het dat die liefde vir God verdwyn het, dat die sondaarmens nie meer in wederliefde tot God gaan nie, maar slegs aan die aarde en die stoflike verknog is, en dat dit by hom maar altyd gaan om die tydelike en hy hom maar min bekommer oor sy siel en die ewige dinge. Die natuurlike mens dink in die eerste en laaste plek oor homself. Die wêreld roep uit: "laat ons eet en drink en vrolik wees, want more sterwe ons." So dikwels hoor ons die gesegde: "ag wat, 'n mens lewe maar net eenmaal, geniet dus die lewe so veel as wat jy kan. Moenie vra na lewensreëls nie, want dit maak die lewe net swaar."

Ons tyd word in 'n groot mate beheers deur die gees van "brood en spele". Die mens wil 'n brood-regering, 'n broodbetrekking, 'n brood-kerk, ja die vraag, wat betaal die beste, is die deurslaggewende oorweging. En vir watter doel soek die wêreldling dit? Om soveel meer plesier te kan kry. Spele en nogeens spele. As ons 'n berekening kon maak van wat daar weekliks aan spele uitgegee word, sou ons verbaas staan. Daar word lang afstande gereis om net vir 'n rukkiet te staan en kyk. Dit is seker nie nodig om hier 'n lys te gee nie. Die mens wil soveel moontlik uit die lewe haal. Hy wil die lewe geniet.

Maar as ons nou kom tot die Christen, die kind van God, hoe staan dit? Ons vra nou nie na wat hy bely nie, maar na wat hy beleef. Na die praktyk, en dan weet ons dat, alhoewel in sy belydenis God voorop gaan, hy maar altyd moet waak dat ook in sy lewe die tydelike en aardse en verganklike nie voorop sal staan nie. Hy moet altyd wakker loop dat hyself nie weer die middelpunt word nie, en hy sy eie sake en belange gaan stel voor die van die koninkryk van God nie.

Teenoor hierdie uiterste staan daar 'n ander rigting wat alles wil vermy, die hande vou en stil in 'n hoekie gaan sit met die skynbare vrome bewering dat ons maar eers die koninkryk van God moet soek en al die ander dinge sal ons toegewerp word. Onder die vroom skyn word dan luiheid en werkskuheid bedek.

Tussen die twee in staan nou die Christen. Ook na sy bekering het hy mens gebly en 'n mens met 'n roeping soos Adam en Eva in die Paradys reeds voor die sondeval 'n roeping, werk gehad het om te doen. Tewens, as mens het die gelowige voedsel, klere, rus, ontspanning, vreugde, ens. nodig net soos ander mense. Nou dreig twee gevare. Aan die een kant kan die worsteling vir 'n bestaan so swaar word (soos dit die geval is in moeilike tye van werkloosheid en prysloosheid) dat die gelowige deur al die bekommernisse te veel opgaan in die daelike sake en sy God as die Gewer vergeet, of selfs in opstand kom. Aan die ander kant dreig die gevaar as alles so voorspoedig gaan (soos in ons dae) dat die gelowige ook sy afhanklikheidsgevoel van God sal verloor. Dit

het reeds die Spreuke-digter aangevoel en dit so treffend gestel in Spreuke 30:8, 9: "Gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestemd is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: wie is die HERE? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie."

Om ons teen die gevare te bewaar, lê ons Here Jesus Christus nou hierdie bede op die lippe. Jesus sê nie dat ons niks met die aardse dinge te doen het nie; intendeel Hy ruim daarvoor 'n belangrike plek in die volmaakte gebed. Die eerste plek, nadat vir die Naam, koninkryk en wil van God gebid is. Dit is so nodig dat ons juis in ons daelikse lewe ons diepe afhanklikheid van God sal besef en sal uitspreek. Vir al ons benodighede, vir al ons sorge, vir alles wat ons nodig het, mag en moet ons bid. Ons mag vrymoedig na ons Vader gaan. Om Hom in alles te ken en te erken, is juis 'n deel van die ware godsvrug en vroomheid, is onmisbaar in ons dankbaarheidslewe. Daar moet steeds die diepe besef wees dat dit niks help dat ons vroeg opstaan en laat gaan slaap en brood van smart eet as die Here sy seën nie skenk nie (Ps. 127).

Diepe afhanklikheid bring ook mee dat ons nie in bekommernis gaan versink nie, maar die Woord van Christus gelowig gaan aanvaar: "Moenie julle kwel oor julle lewe — wat julle sal eet en wat julle sal drink nie (Matth. 25) en weer in vs. 31: "Daarom moet julle jul nie kwel en sê: wat sal ons eet of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?"

Jesus sê dat as ons bid vir ons stoflike benodighede, bid dan:

"Gee ons vandag ons daaglikse brood". 'n Gebed vir ons liggaamlike versorging, 'n verklaring van diepe afhanklikheid en 'n verklaring dat God die Bron van alles is.

Die bede begin met die woordjie "gee". Dit is 'n bede en nie 'n gebod nie. Hierin lê dan dadelik die gedagte dat ek self niks het nie, maar alles moet ontvang. Dus heeltemal anders as die gees in die wêreld. Daar word steeds maar meer en meer eise gestel en as daaraan nie voldoen word nie, dan kry ons opstand en rewolusie. Dus met geweld gaan neem. In die maatskappy en onder state. Wat is die oorsaak van die meeste oorloë? Gaan dit nie maar altyd om goud en geld en handelsbelange nie? Gee, of ek vat! Lê hieraan nie ook ten grondslag allerlei wanpraktyke nie? Ons kry die geweldige ophoping by een en armoede by 'n ander. Hierteenoor plaas Christus nou sy volgelinge en in plaas van 'n eis lê Hy hul 'n bede op die lippe tot die hemelse Vader. Almal, of hy nou al skatryk of doodarm is, moet die oog na omhoog slaan, na die Gewer en Besitter van alles en wat dit aan ons as rentmeesters toevertrou om in belang van onself en sy koninkryk aangewend te word.

Dit is verder opmerklik dat ek nie net vir myself bid nie, maar vir "**ons**". By die gaan na die hemelse Vader moet alle eiebelang, egoïsme verdwyn. Die liefde bid en die selfsug is verbreek. Hierdie woordjie is die wegwysers vir ryk en arm. Die een bid vir die ander. Nie die houding van Kaïn, dat ek nie my broer se oppasser is nie. Nog minder die gees van die wêreld van: elkeen vir homself. Nee, by ons hemelse Vader pleit ons vir mekaar se belange. Hier verdwyn alle afguns en alle veragting. Ryk en arm is smekelinge vir die liggaamlike node. Deur die gebede aan mekaar verbind en saam aan God, met die begeerte dat elkeen 'n menswaardige bestaan mag geniet.

Gee ons vandag ons daaglikse brood. 'n Bede teen gierigheid en verkwisting; 'n bede teen luiheid en staking, teen nalatigheid en rewolusie, 'n bede vir getroue arbeid en dankbaarheid.

'n Bede vir wat ons **vandag** nodig het en nie vir wat ons more nodig mag kry nie. Nie 'n bede dat ek soveel mag kry dat ek kan wegbêre en gaan sê: "so ja, siel jy het baie goedere en kan lank uitkom en het nie meer nodig om vir die nodige elke dag na omhoog te kyk nie, jy kan nou vir jouself sorg." U weet dat die gees vandag by baie gevind word dat hulle liefs net 'n paar dae wil werk en soveel moontlik vry wil wees vir sport en plesier. Verder, hoe min word daaraan gedink dat ons nie net daeliks die gawes moet ontvang nie, maar ook die gesondheid om dit te kan geniet.

Waar ons bid om elke dag die gawes weer uit die hand van ons Vader te ontvang,

beteken nie dat ons nou maar ons hande kan gaan vou nie. God verbind bid en werk tot een. Dit beteken ook nie dat ons nou maar elke dag moet gaan verkwis wat ons het nie. Ook beteken dit nie dat ons die nodige spaarsaamheid nie aan die dag moet lê nie. God eis wel deeglik dat daar die nodige voorsorg gevind moet word. Dink maar aan Josef in Egipte aan wie die Here geopenbaar het dat in die volop jare die besparing gemaak moet word vir die skraal jare. Dink aan die miere waarheen die Skrif ons wys, wat in die somer byeenbring vir die winter. Ons moet spaar en bewaar, sodat ons ook kan meedeel aan die wat nie het nie. Die sonde van die ryk man van wie ons in die Bybel lees, was ook nie dat hy skure gebou en goedere versamel het nie. Nee, Jesus laat dit duidelik uitkom dat sy sonde was dat hy op daardie dinge sy vertroue gaan stel het, en nie meer op sy God vertrou het nie en sy afhanklikheidsgevoel verdwyn het. Daar was nie meer die besef dat die dinge alles elke dag uit die hand van God kom nie. Tewens is vergeet dat in een oomblik alles kan verdwyn deur 'n brand, aardbewing of iets dergeliks. Hierteenoor moet ons lewe soos Israel in die woestyn, wat net vir elke dag genoeg byeen moes bring en moes glo dat God more weer sal sorg. Hoe gou kan ons alles verloor.

Ons vrees egter dat ons tyd nie mank gaan aan spaarsaamheid nie, maar dat ook onder Christene te veel verkwisting gevind word. Ons bou 'n hoë lewensstandaard op en leef nie met wat ons elke dag het nie, maar in die toekoms en op skuld en paaie. Baie sit vasgebind met laste wat hulle self op hulle haal ter wille van 'n hoë lewe. Daar word op skuld duur meubels gekoop, klere op afbetaling en reeds maande vooruit is die loon of salaris al verbind. So leef die ware gelowige nie. Dit is roekeloosheid en onverskilligheid en verkwisting. Ja, dikwels die toppunt van egoïsme wat hierin openbaar word. Dit gaan net om myself en wat ek graag wil, om kompetisie en spog.

As ek bid om my daelikse brood, dan bid ek ook om gesondheid sodat ek my roeping kan volbring en die nodige om my gesin te versorg mag besit, en om ook die nodige te kan offer vir diegene wat in ellende verkeer, ja, die nodige na die kerk van die Here kan bring vir instandhouding van die kerk en vir die uitbreiding daarvan. God eis van my, uit wat Hy aan my leen, die nodige vir kerk en skool, vir sending en armes.

Jesus leer ons dan bid vir ons noodsaaklike lewensbehoefte waarby ook kom eetlus en dors en honger. En hoewel ons dan bid vir die noodsaaklike, gee Hy ons veel meer. In die algemeen kan ons sê dat vandag geleef word in oorvloed.

By elke ete word daar nou deur die gelowige gebid, en wel dat hy die gawes werklik uit die hand tan sy God met 'n dankbare hart sal ontvang, en dat die gebruik daarvan hom tot seën mag wees, en na elke ete word gedank dat hy bevoorreg was om die gawes te geniet.

Veral moet ons daarop let dat gebid word dat ons ons diepe afhanklikheid van die Here steeds sal gevoel en beleef. Maar ook dat ons alle vertroue vir ons bestaan en versorging van mense sal aftrek en op God alleen sal stel. Hy is die Gewer en alles is onderworpe aan sy seën. , As almal so op aarde sou lewe, hoe anders sou die lewe wees. Ons het egter altyd met die egoïstiese mens te doen. Wat kry ons nou? Die mens sal liewers as daar 'n sogenaamde oorproduksie is die produkte in die see gooi of verbrand of begrawe om die vasgestelde pryspeil te handhaaf, terwyl ander in honger en gebrek lewe, as wat hy 'n verminderde prys sal aanvaar en ook ander in die seën van die Here te laat deel.

Ons bid dus dat God ons lewenskrag, ons lig, ons sterkte, ons hoogvertrek sal wees, Hy, ons rotssteen, ons skild, ons hoop, dat ons al ons vertroue van die mens sal aftrek en op God alleen sal stel. Vervloek is hy wat op 'n mens vertrou.

As daar meer geloof, minder murmurering was, as daar meer ingetoë geleef sou word, as daar getrouer en yweriger gewerk sou word; sou daar veel minder ellende en honger op aarde wees.

Mag die volk van God dan steeds vurig bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood."

Amen.

SONDAG 51.

VERGEEF ONS

Lees: Matth. 18:15-35.

Sing: Pss. 25:3 en 5; 79:5; 103:2.

Die 5de bede is die eerste van die twee wat Christus ons op die lippe lê vir ons sielenood. Ons het twee bedes vir die nood van ons siel en wel die 5de en 6de. Hierdie twee dra ook 'n ander karakter as die vorige vier, wat almal kort smekinge is, terwyl hierdie twee elkeen uit twee dele bestaan. By die 5de "vergeef ons ons skulde" en "soos ons ook ons skuldenaars vergewe" en die 6de "lei ons nie in versoeking nie" en "verlos ons van die Bose". Dit kom omdat ons siel hier met homself besig is.

In die 5de bede kry ons dan by die bede om vergewing 'n belydenis van vergewing. 'n Gebed en die vrug op die verhoring van die gebed.

As ons nou tot die bede self kom, dan is dit duidelik dat as ek om vergewing bid, daarin opgesluit lê die erkenning dat ek skulde het. Maar die gevaar hier is ook alweer dat ek gaan praat van groot en klein sondes. Die mens wil alles relatief maak en self bepaal wat groot en wat klein is. Sy godsdiens word dan ook relatief. Hy gaan praat van meer en minder suiwer, in plaas van waar en vals en vergeet hier dat wie teen één gebod oortree het, die hele wet verbreek het en voor God as wetsverbreker geteken staan. Dit is die maatstaf wat God aanlê. By hom 'n suiwere maatstaf en nie die menslike wat deur die sonde gebuig is nie.

As ek hierdie bede werklik bid, dan moet my sondes swaar op my druk en moet ek werklik bely dat ek groot skulde het.

Maar so kom die vraag nou na vore is dit 'n gebed wat ons gedurig op die lippe van gelowiges sal verwag? Dit lyk tog wel vreemd dat Christus in die volmaakte gebed wat Hy aan geregverdigdes, verlostes, kinders van God gee, nog vir die vergewing van die skulde laat bid. As ek geregverdig is, dan is my skulde tog vergewe, dan is hulle van my af, dan kan hulle nie meer vergewe word nie want hulle is vergewe. Die Heilige Skrif is immers baie duidelik op hierdie punt. Daarin word ons verseker dat Christus met sy enige volkome offerande vir sy volk ook 'n volkome verlossing verwerf het. Lees maar die brief aan die Hebreërs en dit is duidelik dat ons nie te sterk klem kan laat val op die heerlike feit dat Hy eenmaal vir almal aan die kruis gesterf het nie. Al my skulde is betaal, ja, selfs die wat ek nog sal bedryf! Hoe kan ek dan nog vir die vergewing van my skulde bid? Die kategismus bestempel myself as misdadiger en arme sondaar. Is dit wel reg? Hoe moet ek dit dan verstaan dat Christus mv nog daarvoor laat bid! Beteken dit dat ek twyfel aan die vergewing, wat ookal weer sonde is? Glo ek nie in die feit dat ek in Christus geregverdig is nie? En laat ons maar dadelik erken dat dit helaas dikwels 'n feit is dat ons twyfel aan die regverdigmaking vir onself. Dat die toepassing van die heerlike waarheid op onself dikwels ontbreek, en dat ons staan asof ons self nog die vergewing moet verwerf of verdien, en dus nog in ons sondes neerlê. Dit bring ons dan ook by die antwoord op die vrae. Ons sê dat die toepassing so dikwels ontbreek. Laat ons dit maar met 'n paar praktiese voorbeelde verduidelik.

1. As ek op 'n lang reis gaan, dan neem ek 'n kredietbrief saam. Al die geld wat ek nodig het, word inbetaal, maar ek dra dit nie saam met my nie. Elke plek waar ek geld nodig het gaan ek met die kredietbrief en trek 'n deel van die inbetaalde geld. Elke keer word dus weer 'n deel gevra.
2. Ek gaan na 'n verkoping, maar van my word 'n gewaarborgde tjek vereis. Ek het by die bank al die geld inbetaal, maar koop elke keer met 'n deel van die geld.
3. By die elektriese kragentrale is die krag, maar dit moet na my huis gebring word en elke keer moet ek uit aanskakel as ek 'n deel nodig het.
4. In 'n nalatenskap (erfenis) is bates aan my bemaak, uit is wel wettelik my eiendom,

maar ek besit dit nie dadelik nie; dit moet nog aan my oorgedra word.

Dit geld ook van die regverdigmaking deur die verdienste van Christus. Die volkome offer is gebring, maar dit moet my deel word. Dit moet elke keer weer op my toegepas word. Daardeur kry ons die eenaardige toestand dat, al kla my gewete my aan, dat ek swaar en teen al die gebooie van God gesondig het, ek in die geloof jubel dat ek in Christus voor God regverdig is, en weet dat as ek onverwags sou sterwe ek voor God vrygespreek sal word. Eers as ons so glo, kom die dankbaarheidsontploffing en die vrugte van dankbaarheid.

Nou sal u wel voel dat 'n aanhoudende gebed vir die vergewing van ons skulde noodsaaklik bly. Dat Christus sy versoeningswerk vir ons elke keer weer by ons hemelse Vader sal laat geld. Hierom moet ons dan ook altyd weer ons skulde gaan bely. Juis die gedurige belydenis van ons skulde is die pad op ons swak geloof sterk en vas te maak, en vir daardie doel is die bede ons op die lippe gelê. By elke oortreding en by elke insinking is weer verootmoediging nodig om voor God geregverdig te wees. En dit gaan nie so maklik nie. Tereg sê 'n skrywer: wie dit maklik glo, glo dit glad nie, want hy het nog nie die diepte van sy ellende werklik gesien en het nog nie daartoe gekom nie dat hy voel dat hy dit totaal onwaardig is. Nee, eers moet ons daartoe kom dat ons ons as die grootste van alle sondaars sien en besef watter wonder aan ons gaan geskied. Ons weet dat innige Christene tot hulle dood toe eie ellende en sonde bely het, en alleen in die genade van God rus en jubel gevind het.

Skygbaar gaan dit maklik om ons sondes voor God te bely, maar teenoor ons medemens praat ons onself skoon. As ons werklik voor God bely, sal ons ook teenoor ons medemens dit erken. As ons God om vergewing vra, moet ons ook in staat wees om ons medemens om vergewing te vra. As ons elke dag met ons self afrekening hou, dan sien ons elke keer weer hoedat die regte verhouding met God en ons naaste weer verbreek is en daar weer soveel vlekke en smette is wat ons ontsier. Ja, dat selfs aan my beste werke nog soveel swakheid en sondes klewe. Dus elke keer maar weer in ootmoed op die knieë. 'n Skrywer sê so treffend, dat as ons Sondae na die kerk loop met ons kerkboeke in die hande dan lyk ons baie netjies vir die mense, maar voor God stap ons as misdadigers, doodskuldig. Hy sien wat die mense nie sien nie. My vleeslike hoogmoed, onvriendelikheid, nukkerigheid, nalatigheid, verkwisting of gierigheid, die verkoeling van my liefde tot God en my naaste, slordigheid en gemaksug. Ek moet besef dat ek sleg is tot in my lewenswortel. Dat ek onvrugbaar is soos die onvrugbare vyboom, wat wel nie slegte vrugte gedra het nie maar geen vrugte nie. Behalwe my eie skulde dra ek ook dié van kerk, staat, volk en wêreld.

Daar is net een pad en dit is die pad boontoe. Wie hierin volhard, vorder. Hy drink elke dag die seën van versoening in. Hy lewe daardeur naby sy God en Heiland. Hy verkeer by Golgota aan die voet van die kruis waar sy sondes aan die kruis vasgespyker is. En as ons dit nie doen nie, dan swerf ons weg. Dan staan Golgota vir ons in die verte. Dan bly die sondes tussen ons en ons God staan en voel ons nie dat ons kinders van God is nie, maar vreemdelinge. Daarom: "Vader Vergewe! Ek is 'n slegte kind, maar Vader, ek is tog U berouvolle kind." So word die bede 'n voorbereiding vir ons sterwe want dan sterf ons ook die sonde af.

Vervolgens let ons op die belydenis van vergewing: "Soos ons ook ons skuldenaars vergewe." Dit is die vrug van die vergewing van ons skulde deur God. Hier verklaar die gelowige dat hy die bewys van die genade van God in sy lewenspraktyk gevoel en ervaar, want om die naaste te vergewe, is iets wat indruis teen ons eie natuur in. Ek merk dus in my 'n ander gees en wel die gees van Christus wat in my die begeerte werk om my naaste sy misdade vry te skeld. Maar ons moet let op die gees waarin dit moet geskied.

Allereers nie uit minagting nie, deur te gaan sê dat hy is nie werd dat ek my oor hom of wat hy doen, sal druk maak nie. Nie deur die beskouing van: hy weet nie beter nie, so 'n arme sukkelaar. Nie met die gedagte dat hy te laag is om my kwaad te maak nie. Om so te vergewe, is uit die duiwel, want dan swel ons harte nog van hoogmoed en trotsheid.

Ook nie uit onaandoenlikheid nie, met die gedagte dat ek my nie aan hom steur nie, dat dit langs my klere afgly, soos water oor 'n eend se rug. Om so te vergewe, is sonde want ek verag my medemens.

Nog minder vergewe met die gedagte dat ek in elk geval nooit weer sal word soos ek vroeër was nie. Dan word die gemeenskap nie herstel nie, en daar bly 'n mate van wrok in die hart sit wat soos 'n kanker voort vreet.

Stel u voor dat God ons so sou vergewe, dan sou ons die ellendigste van alle mense wees. Nee, ons moet soos God vergewe waar die verlore seun weer kind word, vir wie 'n feesmaal tyd aangerig word en wat in liefde omarm word. Die feit dat ek vergewe, is vrug van die heerlike feit dat God my vergewe.

In die eerste deel bid ek dus dat die verbreekte gemeenskap tussen my en my God herstel word en in die tweede dat die verbreekte gemeenskap tussen my en in naaste herstel word (vgl. Veldkamp).

Op grond of as gevolg van die ewige liefde van God wat aan my bewys word, is daar by my wederliefde wat hom in my houding teenoor my naaste openbaar.

Maar as ons nou na die praktyk van die lewe kom? Hoe ver staan ons dikwels van hierdie ideaal af. Laat ons maar net die hand in eie boesem steek en ons omgewing onder mede-Christene raadpleeg en algou kom ons tot die oortuiging dat die werklike vergewensgesindheid nog maar so bitter min gevind word. Hoeveel bitterheid en haatlikheid selfs onder gelowiges. Kyk maar na u kinders, let maar op die verhouding van man en vrou, op die verhouding in die samelewing. Dan, hoeveel agterklap en hoeveel naywer. Hoe dikwels die poging om iemand op sy swakste voor te stel. Hoeveel twiste duur vir jare aaneen. Maar wie onversoen staan teenoor sy naaste, staan ook onversoend teenoor sy God. By die ware Christen is daar nie plek vir bitterheid nie. Tog, hoe dikwels is daar onwil om te vergewe. Ja. selfs selfbedrog met die gedagte dat ek wel die eerste deel kan bid en dan maar die tweede deel kan weglaat. Ons vergeet "dat in die heiligdom alleen toegelaat word diegene wat nie meer slaaf van die onversoenlikheid is nie."

In die Heilige Skrif het ons voorbeelde genoeg van wat ons nie moet wees nie en van wat ons wel moet wees. Dink maar aan Kain wat in sy haat en toorn bly lewe en weggaan van die aangesig van die Here af weg. Hierteenoor gee ons Here Jesus Christus aan ons die voorbeeld in die bekende gedeelte van die voetwassing. Hy wat hulle Here en Meester is, gaan die voete van die dissipels was en sê dan aan hulle: "Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen." En dan: "As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen."

Is ons werklik bereid om mekaar die voete te was of is ons elke keer gereed om mekaar die kop te was. Ons hoor so dikwels sê: "ek laat nie op my kop trap nie."

Ons is teenoor mekaar verplig om mekaar lief te hê. Ons is verplig om die voorbeeld van Christus na te volg. As iemand teen ons oortree het, dan het hy ook teen God gesondig, en dit gaan dus nie om my reg nie maar om die eer van God. Dis nie aan my wat die wraak toekom nie.

As ek maar net gaan besef dat dit in my roeping nie gaan om my belange nie maar om die van die koninkryk van die hemele. As daar teen die saak van God oortree word, dan mag ek nie swyg nie, maar is geroepe om op te tree. Om te stry tot die einde toe. Ja, bereid wees om selfs my lewe op die altaar te lê. Nooit mag die waarheid en reg geweld aangedoen word nie. Hoe meer ons, soos die ranke uit die wynstok groei, uit Christus lewe en sy krag en gees deur ons vloei, des te meer sal ons ook beantwoord aan ons roeping om ons naaste lief te hê soos ons self, en selfs vir ons vyande te bid en goed te doen aan die wat ons geweld aandoen. Besef ons wel genoeg dat ons bidders moet wees vir diegene wat teen ons kwaad doen? Beleef ons wel 1 Kor. 13, die lied van die liefde? Ons het lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

Is u skulde vir u 'n werklikheid en nie maar net 'n holle klank nie?

Het u u skulde werklik voor God bely in opregtheid?

Kan u ander maklik vergewe, want dit is tog die toetssteen vir uself.

O, mag God u genade gee om na die beantwoording van die vrae en die oordenking van die bede dit uit te jubel:

Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe,
genadiglik die sondes wil vergewe.

Amen.

SONDAG 52.

LEI ONS NIE IN VERSOEKING NIE, MAAR VERLOS ONS VAN DIE BOSE

Sing: Ps. 72:2,141:1, 4, 91:5, 8, 68:9.

Lees: Jakobus 1:1-18.

Waar in die 5de bedes gebid word om die regverdigmaking, daar word in die 6de gebid om die heiligmaking. Eers die verlossing van die sondeskuld en dan die verlossing van die sondemag.

Dit is vooraf nodig dat ons eers 'n nadere verduideliking gee van die betekenis van "versoeking" waarvan hier sprake is. Hierdie woord kom in tweeërlei betekenis voor in die Heilige Skrif. Dit kan beteken: versoeking of beproewing.

Wat beproewing betref, kom dit voor in die sin van siekte, teëslae, tugtiginge, selfs spot en hoon, as gevra word: waar is julle God? In al hierdie gevalle word die geloof gelouter, en al die beproewinge dien tot heiliging van die lewe van die kind van God. Dit bring tot die besef van dieper afhanklikheid van God. So stel die Skrif dit in Rom. 5:3-5. Dit maak ons dus, deur die genade van God beter. Reeds in die Ou Testament lees ons: Eks. 20:20 "God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie en Deut. 13:3 "Die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet, met julle hele hart en met julle hele siel."

Dan kom dit ook voor in die betekenis van "versoeking". God lei dus die mens ook in versoeking, maar dan nie in die sin of betekenis asof Hy hom wil laat sondig nie, maar om in weerwil van die versoeking staande te bly. Versoeking kan ons nie altyd gespaar bly nie, want sonder versoeking is daar geen oefening van die geloof nie, geen spanning van die sedelike veerkrag nie en kry die daad nie sedelike waarde nie. In die sin kan ons sê dat die versoeking 'n bestanddeel is van die Christelike lewe net soos die kruis.

Waar die gelowige weet in watter gevaarlike toestand hy kom as die versoeking op hom neersak, daar bid hy: "lei my nie in versoeking nie, maar as dit dan moet, o, bewaar my dan vir die Bose. Die gevaar is so groot dat ek tot sonde verlei kan word."

Ons moet dus besef en weet dat beproewing onafwendbaar is. Die een drink gedurig uit die beker van smart, terwyl 'n ander maar selde die beker aan die lippe kry. Daar is siekte, teëslae, armoede en soveel ander beproewinge wat die lewe moeilik maak en die geloof op die proef stel. In die dra van die kruis het ons owerste Leidsman en Voleinder van die geloof ons voorgedaan. Maar ook die versoeking word ons nie gespaar nie en ook daarin het Christus ons die voorbeeld gegee hoe gestry moet word. Dink maar aan die versoeking in die woestyn. Juis in die versoeking moet die veerkrag van ons geloof uitkom, en met die versoeking kan en mag ons ons nooit versoen nie.

Beide word so treffend geteken in die bekende boek:

Die Christen se reis na die ewigheid.

Ons bid omdat daar altyd iets aantrekliks in die sonde is. Dit is altyd vir ons bekoorlik, daarom dreig die gevaar altyd dat ons op 'n verkeerde pad sal kom en 'n geestelike neerlaag sal ly en so geestelik verswak word.

Al is ons sondeskuld vergewe, tog is ons daarmee nie klaar nie. Op die weg van heiligmaking dreig die gevare elke oomblik. Die sonde lê voor die deur en die Bose gaan rond soos 'n verskeurende dier en loer elke oomblik. Die sonde lok van binne en van buite. Maar Gode sy dank dat ons nie meer slawe van die sonde is nie en nie meer in diens van die sonde staan nie, maar ons loop tog altyd op die kant van 'n afgrond. Dink maar aan Dawid en sy droewige val. Dink maar aan ons self. Elke oomblik in gevaar. Hoe kan die sonde ons oorweldig en so baie vernietig.

Wie nou uit die diepte van sy hart die bedes uitspreek, het sy houding tot die sonde bepaal en besef dat as hy die sonde gaan opsoek die bedes vals op die lippe geneem

word. Ons staan altyd in vyandskap met die sonde, altyd in 'n toestand van oorlog. Laat ons nie met die Bose spot nie. Sy mag is vreeslik. As die Satan op aarde neergewerp word, roep 'n groot stem uit die hemel: "wee die bewoners op die aarde ... die duiwel het na julle neergedaal met groot woede." Gedurig voel ons sy warm asem.

Aanhoudend staan ons voor die keuse tussen ons Christelike roeping en die sondelus. Is dit nodig om voorbeelde te noem? Dink maar aan die verwoesting deur drankmisbruik en ontugplekke, deur veragting van die Sondag en misbruik van die Naam van die Here.

Die vreeslike is dat die sonde ons beroof van die gemeenskap met God. Dit deurdruk ons Satan gaan glo wat altyd lieg, ook al lyk dit of hy die waarheid praat. Hy tog is die mense-moordenaar van die begin af.

Die Kategismus noem hier ons drie doodsvyande wat nie ophou om ons aan te val nie. Hulle is: die duiwel, die wêreld en ons eie vlees.

1. Die duiwel.

Agter die hele wêreld van versoekinge staan die duiwel. Hy is 'n persoon en ons moet hom sien en herken, ook al kom hy na ons in sy Sondagsklere. Die groot gevaar hier is dat ons hom onderskat en ons eie kragte oorskat. Dink hier maar aan Petrus. Hy het sy eie krag oorskat en Satan onderskat en daardeur so diep gesink. Onthou ook dat hy ons oudste vyand is. Van die Paradys af tree hy op met leuen en geweld. Hy tree ook in die kerk op. Hoe dikwels kry ons daar twis en tweedrag, nie oor beginsels nie, maar oor nietighede, selfs wêreldgelykvormigheid in die kerk en gebrek aan ootmoed. Laat ons tog die woord in ons oor vasbind: die stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug. Besef dat ons elke oomblik omring is van bose geeste, en dan sal ons gedurig bid: "bewaar ons van die bose," want dan sien ons die vyand wat in ons tong, oor, oog, huis is, ja, oral.

2. Die wêreld.

Dit gaan hier oor die sondige wêreld wat in die bose lê. Ook oor ons teenswoordige beskaafde wêreld. By die is daar altyd haat teen Christus. Die wêreld word veral deur die bose gebruik vir die verleiding en dit is so gevaarlik, want ons pelgrimspad gaan deur die wêreld. Treffend het iemand gesê dat dit nie 'n plesierreis, nie 'n vakansiereis en nie 'n handelsreis is nie, maar 'n pelgrimsreis na die ewigheid. Hier dreig weer die groot gevaar van wêreldgelykvormigheid, veral as die wêreld hom so vriendelik en liefdevol aan ons vertoon. Watter reusesukses word hier nie deur die bose behaal nie. Met sy groot glimlag in die kantien, in die danssaal, by die gesinsverbreking deur ontrou, by die maats en vriende. Oral sien ons die hellevlamme uitslaan. Ons noem nog net die gevaar van skynvroomheid. Daar is vandag die poging om die danssaal en die kerk, die kantien en die nagmaalstafel in 'n vriendskaplike verhouding te plaas. Iemand het gesê dat Satan vandag kerkhou. Ons weet dat hy sal gaan sit in die tempel en hom laat aanbid.

3. Ons eie vlees.

Hier skuil die grootste gevaar. Die vyand binne-in ons. Die verraaier binne die poorte wat die deure vir die vyand oopmaak. Satan word van baie dinge beskuldig wat op ons eie adres geplaas moet word: hoogmoed, my verwaandheid, my eie-ek, my sinnelikheid, my bose luste, my haatlikheid en liefdeloosheid, my ongeloof en sorgeloosheid. Maar genoeg.

As ek dan die vyande ken, bid ek vurig: "lei ons nie in versoeking nie ..." Ons staan in die stryd en vra van die Here krag vir die oorwinning. Van die Kerk word dikwels gespreek as die strydende kerk. Dit is nie 'n burgeroorlog nie, maar dis die slagordes van God teen die bose. Ons moenie mekaar in die hare vlieg nie, maar die vyand. Tereg het Totius dit gestel: stry of sterf. Die groot wapen in die stryd is steeds die gebed wat sal bly tot die einde van ons lewe, totdat ons oorgaan in die triomferende kerk, in heerlijkheid om daar ewig te jubel oor die oorwinning deur die krag van God. Maar ook hier op aarde word in die gebed geëindig in lofverheffing van God. Reeds in die bede: "lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose," word gebed teen die

heerlikheid van die bese in, wat trag om die mens met sy bedrieglike heerlikheid te verlei. Teweens bevat die laaste woorde die grond waarop ons gebed rus, waarop die verhooring rus en waarop ons pleitgrond rus.

Sien ons wel die skynheerlikheid van Satan in die regte lig en verhouding? Hy bied u eer aan en gee dit, maar dit bring hoogmoed en verblinding soos by 'n Nebukadnesar en Herodes. Hy bied u mag aan en gee dit, maar lei tot magmisbruik soos ons gedurig kry by wêreldheersers wat hul onderdane vertrap. So sou ons kan voortgaan met opnoem van alles wat Satan aanbied wat so diep teleurstel omdat dit skyn en bedrog is.

Teenoor die skyn van die bese kom die Christen nou met die drievoudige pleitgrond van die heerlikheid van die Here wat bely word, naamlik sy koningskap, krag en heerlikheid. So begin die gebed in die hemel en eindig in die hemel.

By onself is daar geen pleitgronde nie. Maar dit is ook nie nodig nie. Die heerlike eienskappe van God is ons pleitgronde. So spreek ons dit dan uit "want aan U behoort die koninkryk". Dit is die enigste ware koninkryk. God alleen die almagtige Koning, en deur Jesus Christus is Hy my Koning, ja, my Vader:

Hy kan en wil en sal in nood,
Selfs as ons sidder vir die dood,
Volkome uitkoms gewee.

Aan Hom behoort die **krag**. Hy het nie maar net krag nie, maar alle krag. Daar is niks wat teen Hom kan oorwin nie. Niks wat Hy nie kan nie. Die derde pleitgrond wat Christus ons gee is Sy **heerlikheid**. Ons bid nie net om iets te kry nie, maar om daardeur en daarmee Sy Naam te verheerlik. Hierin lê ook die gedagte dat ons God bid om aan ons te onthou alles wat nie sal dien tot die verheerliking van sy Naam nie. Liewer in ellende en smart as in omstandighede waarin dit lekker gaan, maar ek my Vader smaad aandoen. Hy kan en wil en sal ... dit weet ek, dit ervaar ek. Die grond vir die verhooring van my gebed lê in sy beloftes wat ewig vasstaan. Wat God beloof het, doen Hy, en Hy kan want aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid. Die liefde van God is 'n ewige liefde en so word deur die gebed ook oor die grense van die tyd gegaan. Eenmaal in die ewigheid sal dan ook blyk dat al ons gebede verhoor is, ja, ook die waarvan ons dit miskien nie verwag het nie. God gee ons alles wat goed is sodat daardeur nie *ons* nie maar sy heilige Naam ewig geprys sal word.

Ons sluit ons gebed af met die woordjie "amen". Gewoonlik word beskou dat die woordjie eintlik geen betekenis het nie, of dat dit net dien as 'n aankondiging dat dit verby is, d.w.s. dat dit die plek inneem van 'n punt na 'n sin. So hoor ons meermale dat gesê word "toe sê nou amen," met die betekenis van "kry nou klaar".

Aan die einde van ons gebed het die woordjie egter 'n baie ander betekenis. Ook in die Bybel kry ons die woordjie meermale met die betekenis wat ons ook by die gebed daaraan heg. Die Here Jesus sê meermale: "amen, amen", vertaal: "voorwaar, voorwaar ..." Jesus gebruik dit om waarheid te bevestig en sekerheid te gee. Hy gebruik dit by sake waar daar geen twyfel mag en kan bestaan nie. Ook by die gebed het die woordjie die betekenis van "waar en seker".

As ek bid spreek ek nie met mense nie, maar met God. En aan die einde van my gebed sê ek dan aan God "amen". Ek sê dus aan God dat ek Hom glo op sy Woord, 'n Belydenis dat ek nie die minste twyfel aan die verhooring van my gebed nie. Ek getuig dat ek weet dat my gebed deur God nie alleen gehoor is nie maar ook verhoor is. So mooi sê die Kategismus: "want my gebed is veel sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart gevoel dat ek dit van Hom begeer."

Dus nie net bid nie, maar ook vertrou dat ons gebed verhoor is, en wag op die antwoord. Hoe dikwels gebeur dit dat ons wel bid, maar nie op die antwoord wag nie. Hoe dikwels bid ons sonder om te glo dat God sal gee wat ons vra. Dink hier aan wat die apostel Jakobus sê van so 'n gebed. Amen: ek glo dat God dit gehoor het en seker en gewis dit sal verhoor, omdat Hy die Amen is en in Jesus Christus is al Sy beloftes ook "ja en

amen".

Ons sluit af met die bekende Hollandse gedig:

Gij die ons bidden ziet,
Verlangt ook, dat wij niet
Slechts vragen, maar verwachten.
Ons bidden is geen wens
Die opgaat tot 'n mens
Wien 't faalt aan wil of krachten.
Ons amen geeft U eer;
Ons amen vraagt niet meer
Zou God myn bede schenken?
Ons amen stelt gewis
Dat Hy die d'Amen is
Zijn waarheid nooit zal krenken.

Amen.